2019

# AGENDA

## 48ste SINODESITTING

Volg **Jesus** met *waagmoed*

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

(WES-KAAPLAND)







**PROTEKTUM**
**Versma Bellville (Pty)Ltd**
**Insurance Brokers**
**Versekeringsmakelaars**
**FSP NO.** 4943





# PROTEKTUM KERKSKEMA VERSEKERING

- Laer premietariewe.
- Gratis ekstra voordele slegs vir ons kliënte.
- Jarelange ondervinding van kerkversekering en eise.
- Professionele en effektiewe dienste met ondervind-ing, kundigheid en tegniese bekwaamheid.
- Sover moontlik alle administrasie en korresponden-sie namens kliënte te hanteer.
- Persoonlike, een-tot–een ondersteuning, leiding en toegewyde vennootskap.

**Raak vandag deel van Protektum se Kerkskema versekering:**

**Skakel:** 021 974 7300
**Sel:** 08244672220 - sms en ons skakel u terug.
**Epos:** info@protektumsa.co.za

Protektum (Versma Bellville (Pty) Ltd) is 'n geregistreerde finansiële diensverskaffer (FSP: 4943)

**Die volgende dekkings is gratis vir ons kerke ingesluit met die uitneem van dié afdelings:**

**Geboue omvattend:** Toevallige skade R50 000.
**Geboue omvattend:** Bars van geysers, watertenks en pype.
**Geboue omvattend:** Toevallige skade aan masjienerie van swembaddens, boorgate, sprinkelbesproeïngstelsel, elektriese hekke of motorhuisdeure R5 000.
**Diefstal:** Diefstaldekking sonder gewelddadige in- of uitbreek tot maksimum R10 000.
**Getrouheidswaarborg:** Ampsdraers is ingesluit.
**Gemeenregtelike aanspreeklikheid:** Bykomende versekerdes soos ouderlinge, diakens, dienswerkers, katege of vrywilligers wat namens die kerk optree as ampsdraers, is ingesluit.
**Gemeenregtelike aanspreeklikheid:** Professionele aanspreeklikheid en onregmatige ontslag is gedek tot R100 000.
**Gemeenregtelike aanspreeklikheid:** Werkgewersaanspreeklikheid is ingesluit vir R1 000 000.
**Persoonlike ongevalle:** Tydelike algehele ongeskiktheid is gedek vir 'werklike inkomste'.
**Huiseienaars:** Toevallige skade R50 000.

# Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes-Kaapland)

Volg Jesus met waagmoed

**Agenda**
**vir die**
**ag en veertigste vergadering**
**van die Sinode**
**wat gehou word van**
**Maandag 13 Mei 2019 om 13:00**
**tot Vrydag 17 Mei 2019 om 12:00**
**te ATKV Goudini Spa,**
**Rawsonville**

# VERBINTENIS 2003

Ons getuig dat die lewende Here ons hier ontmoet het.
Dit raak ons diep en het ons lewens verander.

- Ons voel bevoorreg dat ons getroue God ons roep om met oorgawe as sy vrygemaakte kinders hier in Afrika te leef.
- Ons aanvaar dat die nood van ons land ook óns verantwoordelikheid is.
- Ons is bly dat ons dit nie alleen hoef te dra nie, maar dat ons saam met ander gelowiges kan hande vat.

Omdat ons in die Opgestane Gekruisigde glo, is ons hoop groter as ons vrese.
Ons gaan dit nie hierby laat nie, al kos dit ook wat.

Daarom verbind ons ons om:

- die God van grenslose genade beter te leer ken;
- ’n kerk van ontferming te wees vir alle gebrokenes;
- armoede te help bestry en mense te help om hulle waardigheid te herontdek;
- ons te beywer vir die omvattende ontwikkeling van mense;
- as NG Kerk-familie te herenig;
- as geloofsgemeenskap met integriteit te lewe en
- as gemeentes mekaar te versorg.

Ons bid dat die Gees van God ons hierin gehoorsaam sal maak.

# VERBINTENIS 2007

God Drie-Enig is aan die werk.
Niemand kan dit keer nie.

Selfs deur óns werk God.
Ons verwonder ons hieroor,
want ons is kleipotte wat maklik breek.
Ons weet nie alles nie.
Ons maak foute.
Ons is dikwels selfgerig en verdeeld.

Maar God lós ons nooit, en stuur ons
om kerk-sáám-met-ander te wees
ons sien die eenheid tussen gelowiges groei;
om kerk-vír-ander te wees
ons is nie daar vir onsself nie;
om kerk-in-Afrika te wees
ons is geseënd om hier te leef; en
om kerk-vir-die-skepping te wees
ons is verantwoordelik vir die omgewing.
Kom ons doen dit!

# MODERAMEN 2015

Omdat ons die evangelie glo, lewe ons met hoop.

# Inhoudsopgawe

**Vorige Verbintenisse** .......... **2**

Inhoudsopgawe .......... 3

Sinode van 2019 .......... 5

Dagprogram .......... 8

Brief aan elke Afgevaardigde .......... 11

Verslag van Taakspan vir die Beplanning van die Sinodesitting .......... 15

Bylaag – Verkiesingsprosedure .......... 17

**A. Verslag van die moderamen** .......... **19**

Bylaag 1 – Kinderontwikkeling .......... 38
Bylaag 2 – Strategie vir Rampbestuur .......... 46
Bylaag 3 – Verslag van STLAS oor Selfdegeslagverbintenisse .......... 59

**B. Verslae van Diensgroepe**

**1. Diensgroep vir Diens van Barmhartigheid** .......... **104**

1.1 Sinodale Taakspan vir Diens van Barmhartigheid (Diaconia) .......... 104
1.2 Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM) .......... 110
1.3 Nasionale Instituut vir Dowes (NID) .......... 112

**2. Diensgroep vir Gemeentebegeleiding** .......... **113**

2.1 Sinodale Taakspan vir Gemeentebegeleiding .......... 113
2.2 Sinodale Taakspan vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking .......... 116
2.3 Sinodale Taakspan vir Vrouebegeleiding .......... 117
2.4 Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding .......... 119
2.5 Sinodale Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening .......... 121

**3. Diensgroep vir Getuienis (KGA)** .......... **127**

3.1 Sinodale Taakspan vir Getuienis .......... 127
3.1.1 Sinodale Taakspan vir Arbeidsbediening .......... 130
3.1.2 Sinodale Taakspan vir Publieke Getuienis .......... 131
3.1.3 Sinodale Taakspan vir Gemeentegetuienis .......... 132
3.1.4 Sinodale Taakspan vir Afrika Ekumene .......... 133
3.2 Sinodale Taakspan vir Ekumene .......... 136
Bylaag 1 – Ringsverteenwoordigers en ander verteenwoordigers .......... 137

**4. Diensgroep vir Toerusting en Navorsing** .......... **138**

4.1 Sinodale Taakspan vir Teologiese Opleiding (Kuratorium) .......... 140
4.2 Sinodale Taakspan vir Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO) en Dissipelvorming .......... 143
4.3 Sinodale Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake (STLAS) .......... 145
4.4 Sinodale Taakspan vir die Seisoen van Menswaardigheid .......... 146
4.5 Sinodale Taakspan vir Teologiese Opleiding (Seminarium) .......... 148
4.6 Hugenote Kollege en Hugenote Bybelinstituut .......... 149
4.7 Sinodale Taakspan vir Gender .......... 151
4.8 Sinodale Taakspan vir Versoening .......... 152
4.9 Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) .......... 154
4.10 Bybelgenootskap van Suid-Afrika .......... 155

**5. Diensgroep vir Ondersteuningsdienste** .......... **158**

5.1 Sinodale Taakspan vir die Argief (STA) .......... 158
5.2 Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD) .......... 160
5.3 Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE) .......... 164
5.4 Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA) .......... 166
Bylaag 1 – Geouditeerde finansiële state .......... 178
Bylaag 2 – Trusteeverslag van die Predikante Pensioenfonds .......... 183

5.5 Sinodale Taakspan vir Kommunikasie (STK) ..... 190
5.6 Sinodale Taakspan vir Regte (Regskommissie) ..... 192
Bylaag 1 – Kerkorde vir missionale kerk ..... 194
Bylaag 2 – Reglemente ..... 204

**C. Beskrywingspunte ..... 276**

**D. Lys van afgevaardigdes ..... 279**

**E. Spiritualiteitsnotas ..... 289**

**F. Oorduitleg ..... 294**

# SINODE VAN 2019

Volg Jesus met waagmoed

## TEMA VIR DIE SINODE

Die moderatuur wys voor elke sinode ’n taakspan aan om die sinode te beplan. Lede van die taakspan het die verantwoordelikheid om te kyk na die prioriteite, die tema, die spiritualiteit, die ritme en die styl van die sinodesitting.

Die taakspan was baie bewus van die opdrag, maar dan ook die potensiaal om ’n hele vergadering te kan manipuleer. Tog is dit ’n noodsaaklikheid om iets so omvangryk soos ’n sinode, te beplan. Om dié rede is daar fyn geluister en voortdurend mense se insette gevra. Ons het die term rol-maal-beweging gebruik om ons proses van inkoop en saamdink te beskryf. Die rol-maal het telkens tussen die taakspan, moderatuur en die Sinodale Koördineringspan plaasgevind.

Tydens een so ’n vergadering van die Sinodale Koördineringspan is gewandel in Matteus 8:18-22.

> [18]*Toe Jesus die menigte mense rondom Hom sien, het Hy opdrag gegee om na die oorkant toe te vertrek.*
> [19]*’n Skrifgeleerde kom toe nader en sê vir Hom: “Meneer, ek sal u volg waar u ook al gaan.”* [20]*Jesus sê vir hom: “Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens ’n rusplek vir sy kop nie.”* [21]*Iemand anders, een van sy dissipels, sê vir Hom: “Here, laat my toe om eers terug te gaan en my pa te begrawe.”* [22]*Maar Jesus antwoord hom: “Volg My, en laat die dooies hulle eie dooies begrawe.”*

’n Teks wat aanvanklik vreemd op die oor val. Jesus is aan die woord en reageer op die selfversekerde aanbod van ’n Skrifgeleerde om Jesus waar ook al te volg en sê dan dat voëls neste en jakkalse gate het, maar die Seun van die mens het nie eens ’n rusplek vir sy kop nie. As een van sy dissipels dan eers prioriteit wil gee aan persoonlike belange deur sy pa te wil begrawe, antwoord Hy dat die dooies hulle eie dooies moet begrawe.

Vanuit die luisterproses word hulle gelei en oortuig om te ontvang wat die Gees vir hulle gee –

> *volgelingskap van Jesus vra dapperheid; dit eis dat gewaag moet word, om uit te tree uit die bekende en die gemaklike en voorkeurposisies; dit dwing elkeen tot broosheid; dit roep op om God te vertrou; dit skep ’n verwagting en hoop en spoor aan tot ’n verbintenis in kreatiwiteit.*

Só word die tema vir die sinode gebore en word dit telkens op verskeie plekke en gesprekke en in prosesse bevestig sodat met vrymoedigheid gesê kan word: "Ons weet die Here het ons gelei."

Die taakspan is daarvan oortuig dat dit die roepstem van die Vader, Seun en Gees is aan elkeen van ons en aan elke gemeente en daarom aan die sinode op hierdie bepaalde moment in ons streek en in ons land – *Volg Jesus met Waagmoed*

## DIE LOGO VIR DIE SINODE

In gesprekke wat volg, word die taakspan gelei na ’n oordenking geskryf deur die bekende teoloog Henri Nouwen. Hy word gefassineer deur die optrede van sweefstokakrobate. Hy skryf van sy uitnodiging en verblyf van ’n week by so ’n bekende groep en sy gesprekke met die leier van die groep. Dié sê dan:

> *... as a flyer, I must have complete trust in my catcher. The public might think that I am the great star of the trapeze, but the real star is my catcher. He has to be there for me with split-second precision and grab me out of the air as I come to him in the long jump. The secret is that the flyer does nothing and the catcher*

> *does everything. I have simply to stretch out my arms and hands and wait for him to catch me. I am not supposed to catch him. It is his task to catch me. A flyer must fly and a catcher must catch, and the flyer must trust with outstretched arms, that the catcher will be there for him. (uit:* Turn My Mourning into Dancing: Finding Hope in the Hard Times*).*

Die kritiese punt vir ’n sweefstokakrobaat is om te weet wanneer om te laat los. Daar is soveel in die spel – tydsberekening, sinkronisering, aanvoeling en die presensie van die ander. Met die los van die swaai ontstaan daar ’n leegte, ’n lugleegte … gevul met onsekerheid, maar ook misterie. Dit vra dapperheid … dit vra dat die onsekerheid omhels word, dit vra *waagmoed* om te los, maar dit is dan juis in hierdie leegte, hierdie splitsekonde-moment wat volg, voordat die een wat vlieg in die hande van die een wat vang land, dat die magiese van die ’sweef’ gebeur.

Voel en hoor jy die vibrasie in alles – dit handel oor *vertroue!?* En vertroue is die verhouding met die onbekende wat nie beheer kan word nie.

Die twee figure in die logo simboliseer die twee akrobate in die moment van die leegte – die een wat sweef en die een wat vang. As dissipels en as kerk van Christus word ons op hierdie dag en datum opgeroep om te waag – om God se roepstem te hoor en die swaai te los; om ons selfversekerdheid en gemaksones te los en die toekoms in te vlieg. Dit is ’n uitnodiging om te midde van die dubbelslagtigheid en onsekerheid van elke dag, te los in vertroue en in die geloof dat daar iets heerliks wag, want God is reeds daar.

## DAGRITMES

Die vyf dae by die sinode gaan die volgende ritme volg:

**Dag 1: Ons staan voor God, ons Vanger en Vangnet.**
Ons kyk in dankbaarheid terug op wat die afgelope vier jaar gebeur het en ons vertrou dat ons in **VERWONDERING** gaan staan oor wat die Here in, deur en ten spyte van ons gedoen het.

**Dag 2: Ons neem ’n eerlike blik op die werklikheid van vandag.**
Ons moet weet in watter konteks ons hier in Suid-Afrika kerk is en moet wees. Die houding wat dit vra is ’n eerlike leegmaak van die self ten einde ons te bring tot **VEROOTMOEDIGING**.

**Dag 3: Ons begin ons draai na die toekoms ten einde te fokus op die pad vorentoe en probeer verstaan waartoe God ons roep.**
In ons broosheid omhels ons ook die onsekerheid van die toekoms met ’n houding van **VERTROUE**.

**Dag 4: Ons wil uitdrukking gee aan ons waagmoed om kreatief kerk te wees wat Jesus in afhanklikheid volg**
Met ’n houding van verwagting tree ons met **VERBEELDING** op.

**Dag 5: Ons los die swaai in waagmoed, want ons weet God is daar.**
Dit is ’n dag van **VERBINTENIS** om vas te maak wat ons gehoor het en ons te verbind om daders daarvan te wees by ons tuiskoms in ons gemeentes en gemeenskappe.

## SESSIE TEMAS

Gemeentes het twee maniere gehad om te sê waaroor hulle by die sinode wou praat. Daar is via e-pos aan elke gemeente ’n kans gegun om terugvoer te gee en by die moderatuurbesoeke het mense kans gekry op aan te dui wat vir hulle belangrik is. Die 16 fokusareas van die Sinode 2015 is ook in ag geneem. Dit het uitgeloop op die volgende temas:

> *Armoede, ekologie, ekonomie en die volhoubaarheid van gemeentes, menswaardigheid, ons politieke landskap, spiritualiteit, selfdegeslagverhoudings, ’n kerk vir die volgende generasie (millennials), evangelisasie, nuwe uitdrukkings van kerkwees en teologiese opleiding.*

Elke tema sal hanteer word deur die Woord saam te lees, ’n inset wat meer toeligting tot die saak gee en tafelgesprekke onder leiding van ’n tafelleier. Tafelleiers sal met hulle selfone kommentaar kan instuur wat tydens die sessie verwerk sal word. Elke bydrae en kommentaar word ernstig geneem ten einde rigting te gee vir ons reis vorentoe.

## VOORBEREIDING EN INGESTELDHEID

Jou voorbereiding is meer as net die deurlees van hierdie agenda en die inhoud daarvan.

- Bid asseblief dat daar 'n gees van afwagting en verwagting by jou en al die afgevaardigdes sal ontstaan.
- Bid dat Jesus se woorde soos Matteus dit vertel ons elkeen sal raak.
- Bid om bereid te wees om jou selfversekerheid en jou ruimte waar jy gemaklik is te verruil vir die lugleegte van onsekerheid en ambivalensie.
- Bid vir die bereidheid om broos te mag wees en nie alles hoef te weet en te beheer nie. Nie een van ons is by die vergadering vir onsself nie. Ons is by die vergadering vir God en vir ons naaste.
- Bid daarom dat ons elkeen as navolgers van Jesus Hom met waagmoed sal volg – bereid om die swaai te los omdat Hy daar is om ons te vang.

Laat ons bymekaarkom en vergader met hande uitgestrek in die verwagting en oortuiging dat daar Iemand is wat ons vasgryp en saam die onseker toekoms ingaan.

Mag dit vir jou 'n verrykende ervaring wees om deel te kan hê aan hierdie vergadering.

**Gielie Loubser**
**Theunis Botha**

*NS: Die gedig van Jehuda Amichai mag jou hierin ondersteun…*

### The place where we are right

From the place where we are right
flowers will never grow
in the spring

The place where we are right
is hard and trampled
like a yard

But doubts and loves
dig up the world
like a mole, a plow
and a whisper will be heard
in the place
where the ruined
house stood

It is our certainties
that crucify
our doubts and our loves
dig up the world
and the flowers can then grow.

**BREË TREKKE VAN DIE DAGPROGRAM**

Volg Jesus met waagmoed

## MAANDAG 13 MEI 2019 - VERWONDERING

| Tyd | Program |
|---|---|
| 08:30 | **Registrasietent open by Ontvangs**<br>• *Foto's van predikante word geneem by Boslapa*<br>• Koffie en beskuit in eettent |
| **12:00** | **Middagete in eettent** |
| 13:00 | **SESSIE 1 – OPENING** *Theunis Botha en Hannes Theron*<br>• **Aankoms ritueel (waardes van die vergadering)**<br>• Opening en konstituering<br>• Verkiesing van moderatuur<br>• **Verhaalvertelling: Wat is op jou hart?**<br>*Sessieleier: Gielie Loubser* |
| **15:30** | **Koffie** |
| 16:00 | **SESSIE 2 – DANKBAARHEID**<br>**2.1 – Sinodekoerant**<br>*('n Terugblik oor die vier jaar as getuienis van die missio Dei)*<br><br>*Sessieleier: Gielie Loubser*<br>Verkiesing van moderatuur gaan voort |
| **18:00** | **Aandete in eettent** |
| 19:00 | **SESSIE 3 – Openingseredиens**<br><br>*Sessieleier: Theunis Botha* |
| 21:00 | **Ringskribas vergader in Goudini-banketsaal**<br>Agendas en riglyne vir ringsbyeenkomste word bespreek en uitgedeel |

## DINSDAG 14 MEI 2019 – VEROOTMOEDIGING

| Tyd | Program |
|---|---|
| 08:00 | **SESSIE 4**<br>**4.1 – Menswaardigheid**<br>**4.2 – Kerk en Ekonomie (Prof Piet Naude)**<br><br>*Sessieleiers: Ankia du Plooÿ en Nelis Janse van Rensburg*<br>Verkiesing van moderatuur gaan voort |
| **10:30** | **Noenbyt** |

| | |
|---|---|
| 11:30 | **SESSIE 5** *(Gemeente wees in 'n tyd soos hierdie)*<br>**5.1 – Ekologie – Wat het ons met die aarde aangevang?**<br>**5.2 – Gemeentewees in 'n tyd soos hierdie**<br><br>*Sessieleiers: Kobus Odendaal, Jaco Botha en Louis vd Riet*<br>Verkiesing van moderatuur gaan voort |
| **14:00** | **Koffie** |
| 14:30 | **SESSIE 6**<br>**6.1 – 5 Kritiese areas wat ons toekoms bepaal**<br>**6.2 – Verantwoordelike rentmeesterskap**<br><br>*Sessieleiers: Braam Hanekom en Bossie Minnaar*<br>Verkiesing van moderatuur gaan voort |
| **17:00** | **Dagrefleksie en ordereëlings** |
| **18:00** | **Aandete** |
| 19:00 | **RINGE**<br>(Vergaderlokale sal tydens die vergadering aangewys word) |
| 20:00 | **Moontlike wegbreek sessie (Slegs indien nodig)** |

## WOENSDAG 15 MEI 2019 – VERTROUE

| **Tyd** | **Program** |
|---|---|
| 08:00 | **SESSIE 7**<br>**7.1 – Spiritualiteit – ingeprop by die Kragbron**<br>**7.2 – Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit**<br>**7.3 – Teologiese opleiding (Sessie 1)**<br><br>*Sessieleiers: Theunis Botha, Frederick Marais en Marius Nel* |
| **10:30** | **Noenbyt** |
| 11:30 | **SESSIE 8**<br>**8.1 – Die waarde van 'n sinodaal-presbiteriale kerkregeringstelsel vir die kerk van die toekoms**<br>**8.2 – Moderamen verslag**<br>**8.3 – Ander orde reëlings**<br><br>*Sessieleiers: Charl Stander en Nelis Janse van Rensburg* |
| **14:00** | **Koffie** |
| 14:30 | **SESSIE 9**<br>**9.1 – Selfdegeslagverhoudings**<br><br>*Sessieleier: Heerden van Niekerk* |
| **17:00** | **Dagrefleksie en ordereëlings** |
| **18:00** | **Aandete** |
| 19:00 | **Tydelike taakspanne** |

| | |
|---|---|
| 20:00 | **SESSIE 10**<br>**10.1 – Selfdegeslagverhoudings - Wegbreek sessie (indien nodig)**<br><br>*Sessieleiers: Heerden van Niekerk* |

## DONDERDAG 16 MEI 2019 – VERBEELDING

| Tyd | Program |
|---|---|
| 08:00 | **SESSIE 11**<br>**11.1 – "Verbeel jou die kerk van die toekoms saam met Jong Volwassenes ..."**<br><br>*Sessieleier: Anriëtte de Ridder* |
| **10:30** | **Noen byt** |
| 11:30 | **SESSIE 12**<br>**12.1 – Rampgebeure: Spirale van hoop**<br>**12.2 – Ekologie – Wat moet ons doen? (Prof. Bob Scholes van WITS)**<br><br>*Sessieleiers: Nioma Venter en Nelis Janse van Rensburg* |
| **14:00** | **Koffie** |
| 14:30 | **SESSIE 13**<br>**13.1 – Vars maniere van kerkwees**<br>**13.2 – Evangelisasie**<br>**13.3 – Teologiese opleiding (Sessie 2)**<br><br>*Sessieleiers: Gustav Meyer, Pieter van der Walt en Gielie Loubser, Frederick Marais* |
| 17:00 | **SESSIE 14**<br>**Dagrefleksie en ordereëlings** |
| 17:30 | **Diensgroepe en taakspanne konstitueer**<br>**Kommissie vir kommissies –** Regskommissie |
| **18:30** | **Braaivleis aandete met ietsie uit die vallei** |
| 20:00 | **Moontlike wegbreek of ander sake** |

## VRYDAG 17 MEI 2019 – VERBINTENIS

| Tyd | Program |
|---|---|
| **07:30** | **Ontbyt** |
| 08:30 | **SESSIE 15**<br>**15.1 – Laaste reëlings** (Tydelike regskommissie, reglemente, onafgehandelde sake)<br><br>*Sessieleier: Nuutverkose moderator* |
| **10:30** | **Teetyd *(Tafels word voorberei vir nagmaal)*** |
| 11:00 | **SESSIE 16**<br>**16.1 – Afsluitings ritueel en Nagmaal** (Verbintenis)<br><br>*Sessieleier: Theunis Botha* |
| **12:00** | **Verdaag** |

**NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA**

**SAAKGELASTIGDE SE KANTOOR:** **PBO: 9300 13251**

NG Kerksentrum
De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

Telefoon: 021 957 7104
Selfoon: 083 270 511
E-pos: bossie@kaapkerk.co.za
Web: https://kaapkerkadmin.co.za


# Brief aan elke Afgevaardigde

Liewe afgevaardigde

Ons hou van **Maandag 13 tot Vrydag 17 Mei 2019** ons sinodesitting by die ATKV se vakansieoord by Goudini. Baie dankie dat jy jouself beskikbaar gestel het om deel te wees van hierdie vergadering. Dit is baie belangrik dat jy goed voorbereid na die vergadering kom. Daarom is dit vir my 'n voorreg om die agenda vir die sinodesitting aan jou te gee. Die agenda kan elektronies by die volgende skakel afgelaai word om te verseker dat u voorbereid na die sinode kom: https://www.kaapkerkadmin.co.za/nuus/.

Vooraf wil graag die volgende inligting onder jou aandag bring:

## 1. Ons soek na die wil en leiding van ons Hoof

'n Sinode is 'n vergadering van gemeentes wat op grond van gedeelde oortuigings en roeping aan mekaar verbonde is en byeenkom om die wil van die Hoof van die kerk te onderskei. Daarom sien ons met groot afwagting uit na die ontmoeting met mekaar en veral met ons Hoof, Jesus Christus.

## 2. Die Agenda

Aangesien ons sinode 'n vergadering van gemeentes is, het die moderamen reeds voor die 2015 sinode tot die oortuiging gekom dat gemeentes inspraak behoort te hê in die vorming van die agenda. In 2018 is 'n omvattende konsultasieproses gevolg waartydens gemeentes temas vir die sinodesitting kon identifiseer. Daar was gesprekke met ringsverteenwoordigers (tussen 28 Mei en 8 Junie 2018). Elke gemeente is ook versoek om vyf vrae waaraan die sinode aandag moet gee voor 1 Augustus 2018 te stuur. Predikante se kommentaar is gevra oor die dienslewering van die sinodale diensgroepe en taakspanne. Die Sinodale Koördineringspan (SKS), die moderatuur en die moderamen het ook insette gelewer. Die moderamen het die moderatuur opdrag gegee om uit die lys van 30 voorstelle die hooftemas vir die sinodesitting te bepaal. Die hooftemas is die volgende:

- armoede
- ekologie,
- ekonomie en die volhoubaarheid van gemeentes
- menswaardigheid
- ons politieke landskap
- spiritualiteit
- selfdegeslagverhoudings
- 'n kerk vir die volgende generasie (millennials)
- evangelisasie
- nuwe uitdrukkings van kerkwees
- teologiese opleiding.

Die moderamen het die volgende leuse vir die sinodesitting aanvaar: "Volg Jesus met waagmoed"

## 3. Formaat

Die Algemene Sinode het alreeds in 2013 besluit dat ons 'n missionale kerk wil wees. Ons neem dit steeds as vertrekpunt vir ons sinodesitting in Mei 2019. Ons wil nou besin wat dit presies vir ons as die Sinode van Wes-Kaapland beteken.

Die moderamen het besluit om by wyse van 'n proses van geloofsonderskeiding die ses bogenoemde temas te hanteer.

- Eerstens beteken dit dat ons doelbewus fokus op die teenwoordigheid van Jesus, Hom saam aanbid en loof, saam luister na sy Woord, saam daaroor bid en saam soek na Sy wil. Hierdie aanpak behels dat ons nie ons liturgie en besluitnemingsprosesse skei nie, maar juis ons aanbidding en musiek betrek in die proses van soeke na die leiding van Jesus vir sy kerk. Dit is dus baie belangrik dat jy jou Bybel sal saambring. Liedboeke is nie nodig nie.

- Tweedens wil ons insette kry van persone wat die omvang van die temas vir ons huidige konteks kan verduidelik. Hier gaan diensgroepe geleentheid gebied word om die werklike prentjie en nood van ons konteks uit te spel.
- Derdens gaan ons fokus op tafelgesprekke. Elke konteks en gemeente verskil en daarom is dit nodig dat ons by mekaar sal leer, luister en ook met die insigte waarmee ons bedien is, saam in geloofsonderskeiding soek na God se wil.

## 4. Wegstuur en getuienisgeleenthede

Die moderamen versoek gemeentes om asseblief op die Sondag voor die sinodesitting (**Sondag 12 Mei 2019**), tydens die erediens vir hulle afgevaardigdes voorbidding te doen en hulle weg te stuur met die opdrag om saam met die ander gemeentes van die sinode met fyn onderskeiding na die Here se wil te soek. Die moderamen versoek gemeentes ook om op die Sondag na afloop van die sinodesitting (**Sondag 19 of 26 Mei 2019**) aan afgevaardigdes geleentheid te bied om tydens die erediens te getuig oor hulle ervaring van die sinodesitting en die ontmoeting van die afgevaardigdes met die Here. Gemeentes word ook versoek om ernstig voorbidding te doen vir die sinodesitting en vir die besinning oor elke onderwerp.

## 5. Voorleggings van diensgroepe

Die meeste van die diensgroepe se voorleggings bevat baie min voorstelle. Slegs die noodsaaklikste voorstelle, wat nodig is om aan diensgroepe nuwe mandate te verleen met die oog op hulle funksionering in die komende vier jaar, is deur diensgroepe in hulle voorleggings opgeneem. Voorstelle sal volgens die normale kerkordelike prosedures ter tafel kom en hanteer word.

## 6. Wysigings aan voorgestelde bepalinge en reglemente

Ons gaan in die groot vergadering die minimum tyd gebruik vir gesprek en debattering oor wysigings aan die reglemente. As jy oor ’n artikel of reglement wil praat, ’n wysiging wil voorstel, ’n amendement wil indien of byvoegings wil maak, moet jy asseblief vooraf met die Sinodale Taakspan vir Regte (Regskommissie) skakel. Jy kan reeds op Maandagoggend 13 Mei (voor die sinodesitting begin) die regskommissie ontmoet en jou voorstelle aan hulle voorlê. Jy kan gerus vooraf met hulle skakel en ’n ontmoeting reël.

## 7. Verkiesing van die Moderatuur

Ons begin direk na die konstituering met die verkiesing van die nuwe moderatuur. Nominasies word skriftelik ingedien op ’n amptelike nominasievorm. Jy kan slegs een nominasie per nominasievorm doen. Persone wat wil onttrek vanaf die lys van genomineerdes, doen dit deur ’n onttrekkingsvorm in te vul wat deur die stemopnemers ingeneem sal word. Lees die riglyne vir die verkiesing van ampsdraers en aanwysing van verteenwoordigers in bylaag 1 van die verslag van die taakspan vir beplanning van die sinodesitting.

## 8. Registreer asseblief betyds

Die sinodesitting begin op Maandag 13 Mei 2019 stiptelik om **13:00**. Jy kan reeds **vanaf 08:30** begin registreer by Goudini se ontvangs. Daar sal ’n groot tent met baie tafels wees. Registrasie is volgens jou van. Soek dus die tafel met jou van se eerste letter ("A tot C", "S" of "V", ensovoorts). Daar is ’n **middagete** tussen 12:00 en 13:00 in die eettent. Probeer dus asseblief om betyds te kom en vroeg klaar te registreer.

## 9. Foto’s

Ons vra vriendelik dat elke predikant sal aanmeld vir die neem van ’n nuwe foto. Dit word gebruik om die Argief se rekords op datum te hou, asook vir die sinode se geslote databasis. Die foto’s word in die **Boslapa** geneem. Dit is die grasdak op die heuwel langs die eettent.

## 10. Sakgeld

Bring gerus genoeg kontant saam. Verskeie instansies het uitstallings waar boeke gekoop kan word. Uitstallers staan in die **Hanepoot**-saal onder die groot saal waar die sinodesitting gehou word. Die Hanepoot-saal is langs die onderdak warmwaterswembad. Goudini het ook ’n winkel wat tydens die etenstye oop sal wees.

## 11. Losies en fasiliteite

Volle losies wat beddegoed en handdoeke insluit, word vir die meeste afgevaardigdes voorsien. Enkele afgevaardigdes uit die ring van Worcester met wie daar gereël word, ry in en uit. Daar is ook ’n aantal wat in ’n karavaan of tent gaan bly. Dit is reeds winter en as jy bang is vir die koue, moet jy asseblief ekstra komberse saambring.

### 12. Klere

Ons trek gemaklik en informeel aan by ons vergaderings. Dit is ’n lekker ent se stap van die slaapplek na die vergadersaal. Gemaklike stapskoene word dus aanbeveel. Jy moet ook asseblief voorsorg tref vir reënweer en koue. Dit kan egter ook lekker warm wees. Pak maar jou swemklere in. Die warmwaterswembaddens sal oop wees.

### 13. Eie ontbyt (as jy wil)

Ter wille van die reuse besparing én die meer effektiewe gebruik van die tyd tot ons beskikking, gaan ons slegs twee etes op ’n dag hê: ’n noenbyt (van pap en eiers tot kaas en vleis) om **10:30** en ’n aandete wat wissel volgens die programtye van tussen **17:00 tot 18:00**. Albei spyskaarte het ’n groot verskeidenheid. Verskillende diëte word dus maklik geakkommodeer. Die wat nie brood eet nie, slaan die brood oor en neem meer slaai. Vegetariërs slaan die vleis oor en neem meer brood en slaai. Afgevaardigdes met **spesifieke allergieë** (neute, seekos, knoffel) of diabetes moet asseblief dringend vooraf met ons skakel ten einde spesiale reëlings vir julle te tref.

Daar is koffie en tee in die kamers. Afgevaardigdes word wel aangeraai om hul voorkeurkoffie of -tee (en selfs biltong en beskuit) saam te bring met die oog op ’n eie koppie koffie of tee voor 08:00 in die oggend of na 21:00 in die aand. En as jy drie etes moet eet, bring maar ’n broodjie of ’n bietjie ontbytgraan saam vir ’n eie ontbyt voor 08:00. Die huisvesting het al die nodige, soos ’n yskas, breekgoed, mikrogolf en ketel. Die kampeerders sorg self vir hulle eie kombuistoerusting.

### 14. Eie water en wyn

Drinkwater in plastiekbotteltjies word soggens op elke tafel in die vergadersaal geplaas. Ekstra water kan in die Goudini-saal se yskaste gekry word. Goudini het nie die logistieke vermoë om glashouers gereeld aan te vul en 750 afgevaardigdes se glase te was en te vervang nie. Met die bewustheid van plastiek se gevolge vir die ekologie, word afgevaardigdes aangemoedig om hul eie waterbottels van die huis af te bring en by hul slaapplek aan te vul en oornag te verkoel.

Ons wil Donderdagaand so ’n bietjie gesellig saamkuier. Ons sal sorg vir ’n wyntafel met bekostigbare wyne uit die omgewing. Afgevaardigdes is welkom om eie drinkgoed saam te bring. Onthou egter die voorbeeld wat Handelinge 2:44 aan ons stel!

### 15. Saamry en roete-aanwysings

Jy moet asseblief met jou mede-afgevaardigdes reël dat julle kan saamry. Ons moet almal saamwerk om die koste van die sinodesitting binne perke te hou. Reiskoste sal daarom net vir **een voertuig per gemeente** betaal word. Gemeentes met meer as vier afgevaardigdes kan met ’n tweede voertuig ry. Reiskoste is R2,50 per kilometer.

Waar ’n gemeente se afgevaardigdes nie saam reis nie, gaan ons die reiskoste vir een voertuig direk aan die gemeente betaal. Die afgevaardigdes sal dan self met die gemeente moet onderhandel vir ’n verdeling van die reiskoste tussen die afgevaardigdes wat elkeen afsonderlik gereis het. Werklike bona fide redes vir meer as een voertuig kan vooraf met die saakgelastigde uitgeklaar word.

### 16. Kragpunte

Die kampplekke en al die huisvesting in Goudini het kragpunte. Bring net jou selfoon se eie laaier en ’n toepaslike muurprop vir die laaier daarvoor. Bring gerus ook ’n multiprop. Jou mede-afgevaardigdes gaan nie gelukkig wees as jy die ketel of mikrogolf se prop annekseer vir jou selfoon nie. Daar is nie ’n kragpunt in die vergadersaal vir elke afgevaardigde nie. Ons reël wel vir ’n paar kragpunte, versprei deur die saal, maar dié wat ’n skootrekenaar moet gebruik en van krag afhanklik is, moet ’n eie verlengkoord en multiprop bring.

### 17. Internet

Daar is beperkte (gratis) internet toegang vir almal. Koop dus asseblief jou databondel by jou eie diensverskaffer. Daar is goeie selfoonontvangs (op sommige plekke). Internettoegang kan ook op individuele vlak direk vanaf die "Always On" uitsender gekoop word.

### 18. Teenwoordigheid

As afgevaardigde word jy daaraan herinner dat jou gemeente jou afgevaardig het vir die volle duur van die sinodesitting én vir al veertien die sessies. Afgevaardigdes kan nie kies watter sessies of dae hulle wil bywoon

nie. As jy nie die volle vergadering kan bywoon nie, is dit beter om jou sekundus te stuur. As jy steeds beplan om sommige etes (veral aandetes) te mis, of om 'n dag korter te bly, word jy dringend versoek om Sanet Gunter (skriba@kaapkerk.co.za) sodanig in te lig. Die etes en slaapplek kos ons sowat R2,6 miljoen. As ons vooraf weet dat daar minder eters en slapers gaan wees, hoef ons nie geld in die water te gooi nie.

### 19. Sale

Die sinodesitting self word in die groot **Goudini-**banketsaal en die **Boland**-konferensiesaal gehou. Die twee sale se skuifdeure word oopgemaak om een groot saal te vorm. Die sale is op die heuwel bo-op die onderdak warmwaterswembad. Die etes word in 'n reuse tent aangebied. Dié tent staan op die parkeerterrein voor die vergadersaal.

Onder die vergadersaal langs die onderdak warmwaterswembad is die **Hanepoot**- en die **Barlinka**-sale. Uitstallers staan in die Hanepoot-saal. Die volgende saal (nog dieper met die gang af) is die **Barlinka**-saal. Van Dinsdag tot Donderdag is dit ook waar Discovery die gesondheidstoetse doen (Sien pt. 21).

### 20. Parkeerplek

Afgevaardigdes word vriendelik versoek om vanaf die huisvesting in Goudini na die vergadersaal te stap. Daar is nie parkeerplek by die vergadersaal nie. Afgevaardigdes wat daagliks ry, sal onder die heuwel by Goudini se ontvangs moet parkeer. Parkering bo by die eettent/vergadersaal is slegs vir spesiale gaste en gestremde of bejaarde afgevaardigdes wat vooraf met Elmien Theron (ngkadmin@kaapkerk.co.za) vir parkeerplek gereël het.

### 21. Discovery

Discovery bied 'n geleentheid aan elke lid van die mediese skema om 'n gesondheidstoets te ondergaan. Basiese dinge, soos bloeddruk, cholesterol, suiker en massa word bepaal. Lede op die Vitality-program kry heelwat punte vir so 'n toets. Besoek Discovery gerus Dinsdag, Woensdag en Donderdag in die **Barlinka**-saal.

### 22. Tik- en drukwerk

Die administrasie (kopieerders, rekenaars, noodhulp) is in die Badsberg-lokaal, direk langs die vergadersaal. Elmien Theron is daar in beheer.

### 23. Telefoonnommer by Goudini Spa

Daar is goeie selfoonontvangs by Goudini. Sorg dus dat jou huismense jou selfoonnommer ken. Dringende boodskappe kan ook aan Goudini se ontvangskantoor gegee word: 023 349 8100.

### 24. Ten Slotte

Ons sien daarna uit om saam met jou sinodesitting te hou. Ek bid daarom dat:

- dat die Here met ons sal praat en gemeenskap sal hou tydens hierdie besondere geleentheid;
- jy werklik Sy Gees se teenwoordigheid sal ervaar en jy 'n ontmoeting met die Lewende God sal hê;
- God vir jou opgewonde sal maak oor wat Sy roeping vir ons kerk is, maar ook vir jou plaaslike gemeente en vir jouself,
- jou familie en geliefdes veilige sal wees vir die week wat jy jouself afsonder in ontmoeting met die Here;
- ons die waagmoed sal ontvang om Jesus te volg.

Mag die genade van Christus, die liefde van God die Vader en die teenwoordigheid van die Heilige Gees met jou wees.

In Christus

**Ds. Francois Herselman**
**Skriba**

# VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN VIR DIE BEPLANNING VAN DIE SINODESITTING

’n Sinode is ’n vergadering van gemeentes wat op grond van gedeelde oortuigings en roeping aan mekaar verbonde is en byeenkom om die wil van die Hoof van die kerk te onderskei. Daarom sien ons met groot afwagting uit na die ontmoeting met mekaar en veral met ons Hoof, Jesus Christus.

## 1. AGENDA

Aangesien ons sinode ’n vergadering van gemeentes is, het die moderamen reeds voor die 2015 sinode tot die oortuiging gekom dat gemeentes inspraak behoort te hê in die opstel van die agenda. In 2018 is ’n omvattende konsultasieproses gevolg waartydens gemeentes temas vir die sinodesitting kon identifiseer. Daar was gesprekke met ringsverteenwoordigers (tussen 28 Mei en 8 Junie 2018). Elke gemeente is ook versoek om vyf vrae waaraan die sinode aandag moet gee, voor 1 Augustus 2018 te stuur. Predikante se kommentaar is gevra oor die dienslewering van die sinodale diensgroepe en taakspanne. Die Sinodale Koördineringspan (SKS), die Moderatuur en die Mode-ramen het ook insette gelewer. Die moderamen het die moderatuur opdrag gegee om uit die lys van 30 voorstelle die hooftemas vir die sinodesitting te bepaal. Die hooftemas is die volgende:

- armoede,
- ekologie,
- ekonomie en die volhoubaarheid van gemeentes,
- menswaardigheid,
- ons politieke landskap,
- spiritualiteit,
- selfdegeslagverhoudings,
- ’n kerk vir die volgende generasie (millennials),
- evangelisasie,
- nuwe uitdrukkings van kerkwees
- teologiese opleiding.

Die moderamen het die volgende leuse vir die sinodesitting aanvaar: "Volg Jesus met waagmoed".

## 2. FORMAAT

Die Algemene Sinode het alreeds in 2013 besluit dat ons ’n missionale kerk wil wees. Ons neem dit steeds as vertrekpunt vir ons sinodesitting in Mei 2019. Ons wil nou besin wat dit presies vir ons as sinode van Wes-Kaapland beteken. Die moderamen het besluit om by wyse van ’n proses van geloofsonderskeiding die bogenoemde temas te hanteer.

2.1 Eerstens beteken dit dat ons doelbewus fokus op die teenwoordigheid van Jesus, Hom saam aanbid en loof, saam luister na sy Woord, saam daaroor bid en saam soek na sy wil. Hierdie aanpak behels dat ons nie ons liturgie en besluitnemingsprosesse skei nie, maar juis ons aanbidding en musiek betrek in die proses van soeke na die leiding van Jesus vir sy kerk. Dit is dus baie belangrik dat jy jou Bybel sal saambring. Liedboeke is nie nodig nie.

2.2 Tweedens wil ons insette kry van persone wat die omvang van die temas vir ons huidige konteks kan verduidelik. Hier gaan diensgroepe geleentheid gebied word om die werklike prentjie en nood van ons konteks uit te spel.

2.3 Derdens gaan ons fokus op tafelgesprekke. Elke konteks en gemeente verskil en daarom is dit nodig dat ons by mekaar sal leer, luister en ook met die insigte waarmee ons bedien is, saam in geloofsonderskeiding soek na God se wil.

## 3. DAGPROGRAM

Die dagprogram word op bladsye 11 tot 13 gegee. Ter wille van die reuse besparing én die meer effektiewe gebruik van die tyd tot ons beskikking, gaan ons slegs twee etes op ’n dag hê:

- ’n noenbyt (van pap en eiers tot kaas en vleis) om **10:30** en
- ’n aandete van **17:30 tot 19:00**.

Die dagprogram is soos volg:

| | |
|---|---|
| **Sessie 1:** | **08:00 tot 10:30 (2½ uur)** |
| Noenbyt: | 10:30 tot 11:30 |
| **Sessie 2:** | **11:30 tot 14:00 (2½ uur)** |
| Koffie: | 14:00 tot 14:30 |
| **Sessie 3:** | **14:30 tot 17:00 (2½ uur)** |
| Aandete: | 17:00 tot 19:00 (Ete vanaf 17:30) |
| **Aandprogram**: | 19:00 tot 21:00 (2 ure) |

Maandag en Vrydag se program lyk ietwat anders. Sien bladsy 8 en 10 vir besonderhede.

## 4. VERKIESING VAN MODERATUUR (Sien Bylaag 1)

**Reglement 2: 8.3** is baie duidelik oor die prosedures en reëls ten opsigte van die verkiesing van die moderatuur:

*8.3.1 Na konstituering en opening word die voorsitter op geslote stemwyse verkies.*

*8.3.2 ’n PSD of ander amptenaar wat as betaalde amptenaar in diens van die sinode staan, is vanweë die moontlikheid van ’n botsing van belange nie as voorsitter van die sinode verkiesbaar nie.*

*8.3.3 ’n Voorsitter mag nie vir meer as twee termyne in dieselfde amp verkies word nie.*

Die verkiesing van die moderatuur geskied dus so gou moontlik na die opening op Maandag 13 Mei 2019. Daar word per geslote stembriefie gestem. Gebruik die amptelike stembriefie (in die sinodetas). Die volgende persone moet gekies word:

- Moderator (Voorsitter)
- Assessor (Ondervoorsitter)
- Aktuarius (Kerkregkundige)
- Skriba (Sekretaris)
- Addisionele lid 1
- Addisionele lid 2

Die sinode kies teen die einde van die vergadering twee nie-predikante. Die moderatuur bestaan dan uit agt lede. Die SKS (Sinodale Koördineringspan) se voorsitter en die saakgelastigde woon ook die moderatuur se vergaderings by.

## 5. VERLOF VIR AFWESIGHEID

Verlof vir afwesigheid moet skriftelik by me. Sanet Gunter (by die administrasietafel) ingedien word. Afgevaardigdes wat vooraf beplan om sekere etes oor te slaan of sommige aande nie in Goudini gaan oorbly nie, moet asseblief vooraf sodanig kennis gee sodat dit betyds aan die ATKV deurgegee kan word. As daar nie vooraf kennis gegee word nie, word die kos vermors en kosbare sinodale fondse word in die water gegooi.

## 6. AANKONDIGINGS

Alle aankondigings moet skriftelik aan me. Sanet Gunter by die administrasietafel gegee word.

## 7. RINGE

Op Dinsdagaand word daar ringsvergaderings gehou. Die skriba van elke ring ontvang 'n riglyn vir die ringsvergadering. Dit is belangrik dat al die afgevaardigdes van die ringe by hulle onderskeie ringsvergaderings sal wees, sodat die ring kan konstitueer. Die plekke waar elke ring vergader, sal tydens die sinodesitting aangekondig word. Tydens die vergadering word die ringsverteenwoordigers vir elke ring, asook taakspanne vir die volgende vier jaar aangewys (sien Bylaag 1 vir riglyne oor die verkiesing van ampsdraers en die aanwys van verteenwoordigers).

## 8. NOTULE

Die notule van die vorige dag word so gou moontlik aan afgevaardigdes voorsien. Spel- en stelfoute moet asseblief duidelik gemerk en voor die middagkoffie (om 14:00) aan die notuletafel (ds. Kobus de Kock) voorsien word. Die notule sal formeel tydens die derde sessie van die dag hanteer word.

## 9. PSD'S, DOSENTE EN BESOEKERS

PSD's (Predikante in Sinodale Diens), dosente van die Kweekskool, VGKSA leraars en lidmate, soos afgevaardig deur van die samewerkende ringe, word die reg van sitting en spreekbeurte verleen, maar hulle mag nie aan formele stemprosesse deelneem nie.

**Reglement 2:9.3**

> *Persone wat 'n vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag aan die besprekings deelneem, maar het nie stemreg nie. Hulle mag ook nie voorstelle maak of sekondeer nie.*

## 10. AFSLUITING

Die moderamen het besluit dat die sinodesitting tot Vrydag 17 Mei om 12:00 duur. Afgevaardigdes wat vroeër ry, staan die kans om hulle reiskoste te verbeur.

## 11. TYDELIKE KOMMISSIES

### 11.1 Tydelike Taakspan vir Publieke Getuienis

Nuwe moderator (sameroeper)
Dr. Braam Hanekom
Ds. Nelis Janse van Rensburg
Dr. Pieter van der Walt
Mev. Ronelda Visser

### 11.2 Tydelike Taakspan vir Algemene Sake en Ekumene

Nuwe moderatuur
Ds. Bossie Minnaar (Saakgelastigde)
Ds. Gielie Loubser (huidige voorsitter SKS)
Ds. Heerden van Niekerk (huidige voorsitter STLAS)

### 11.3 Tydelike Taakspan vir die Notule

Ds. Francois Herselman (sameroeper)
Ds. Kobus de Kock (notuleerder)
Ds. Kobus Swarts (notuleerder)
Ds. Jakes Barnard (notuleerder)
Ds. Martin Goosen (mosies)
Ds. Thys du Toit (mosies)
Ds. Jaco Nel (proefleser)
Ds. Paul Roodt (proefleser)
Ds. Elzanne van der Westhuizen (proefleser)

### 11.4 Tydelike Taakspan vir die Oudiovisuele

Dr. Guillaume Smit (sameroeper)
Ds. Nadine Maletzki (PowerPoint)
Ds. Charl van Rensburg (PowerPoint)

### 11.5 Tydelike Taakspan vir Spiritualiteit

Ds. Theunis Botha (sameroeper)
Ds. Irénée Heyns
Ds. Johan Steenkamp
Ds. Siegfried Louw

Ds. Christo Botha
Ds. Johan Engelbrecht
Ds. Faani Engelbrecht
Ds. Jandré Viljoen

**11.6 Tydelike Taakspan vir Regte**

Ds. Charl Stander (sameroeper – huidige aktuarius)
Dr. Quintus Heine
Ds. Smuts Janse van Rensburg
Ds. Tallie van den Heever
Ds. Charl van Rensburg
Ds. Thys du Toit

**11.7 Tydelike Taakspan vir die samestelling van permanente taakspanne**

Nuwe assessor (sameroeper)
Diensgroepkoördineerders
Nuwe ringskribas van die nuwe ringe

**11.8 Tydelike Taakspan vir die opstel van die verbintenis**

Nuwe moderatuur
Ds. Theunis Botha
Ds. Gielie Loubser
Ds. Leon Venter
Dr. Nadia Marais
Ds. Louis van der Riet

**11.9 Tydelike Taakspan vir Stemtellers**

Ds. Chris Cronje (sameroeper)
Ds. Danie le Roux
Ds. Mias Nortier
Ds. Miga Coetzee
Ds. Stefaans Burden
Lisensiaatstudente

**11.10 Tydelike Diensgroepe**

Huidige dagbesture van diensgroepe

## 12. AANBEVELING

**12.1 Die sinode bekragtig die samestelling van die tydelike taakspanne, asook die ordereëlings van die taakspan in beide die "Brief aan elke afgevaardigde" en die verslag van die Taakspan vir die Beplanning van die Sinodesitting.**

**12.2 Die sinode betuig sy dank en waardering aan die Taakspan vir die Beplanning van die Sinodesitting.**

# BYLAAG 1

# VERKIESING VAN AMPSDRAERS EN AANWYSING VAN VERTEENWOORDIGERS

Die bedoeling van hierdie oorsig is om vir afgevaardigdes 'n beeld te gee van hoe die verkiesing van ampsdraers en aanwysing van verteenwoordigers verloop en wat dit behels.

## 1. MODERATUUR

1.1 Na die konstituering en opening van die sinode, begin die verkiesing van die moderatuur. Hierdie verkiesing vind per stembriefie plaas en verloop soos volg:

- Afgevaardigdes nomineer kandidate op 'n nominasievorm. Slegs een naam mag op die nominasievorm verskyn.
- Die stemtellers vorm 'n nominasielys wat aan die vergadering voorgelê word.
- Persone wat genomineer is, kry geleentheid om hulle name van die nominasielys te onttrek indien hulle nie beskikbaar is nie.
- Afgevaardigdes stem vir een persoon op 'n geslote stembrief.
- Die eerste kandidaat wat 'n volstrekte meerderheid stemme kry, is verkies. ('n Volstrekte meerderheid is meer as die helfte van die aanwesige stemgeregtigdes.)

1.2 Die verkiesing van die moderatuur geskied in die volgende volgorde:

- die moderator (voorsitter)
- die assessor (ondervoorsitter)
- die aktuarius (kerkregkundige)
- die skriba (sekretaris)
- twee addisionele lede
- twee kerkraadslede (nie-predikante)

1.3 Die **eerste ses** lede word aan die **begin** van die sinode verkies. Predikante sowel as kerkraadslede is vir hierdie posisies verkiesbaar. Die **kerkraadslede** word **aan die einde** van die sinodesitting verkies.

1.4 Ten einde geslagsgelykheid te bevorder, het die moderamen aanbeveel dat beide geslagte (minstens drie lede van elk) op die moderatuur verteenwoordig moet word. Dit beteken minstens drie lede van die moderatuur moet vroue wees of minstens drie moet mans wees.

1.5 Slegs afgevaardigdes is verkiesbaar vir die moderatuur.

1.6 'n PSD of ander personeellede wat in diens van die sinode staan, is verkiesbaar tot die moderatuur, maar is nie as voorsitter nie.

## 2. RINGSKOMMISSIES

2.1 Ringskommissies word op die ringsitting wat tydens die sinode gehou word vir die termyn van vier jaar tussen sinodesittings verkies. Hierdie verkiesing geskied per geslote stembrief.

2.2 Die ringskommissie bestaan uit ten minste **vier** permanente lede. Albei geslagte moet in die ringskommissie verteenwoordig wees. Dit beteken daar moet minstens een vrou of een man op die ringskommissie wees. *(Indien dit nie kán realiseer nie, staan dit die ring vry om iemand na die sinode op 'n jaarlikse basis te* ***koöpteer*** *ten einde aan hierdie beginsel te voldoen.)*

2.3 Die ringskommissie word soos volg saamgestel:

- 'n Voorsitter (gemeentepredikant) wat ook namens die ring op die moderamen vir die termyn tussen sinodes dien.
- 'n Ondervoorsitter (gemeentepredikant) wat ook as sekundus optree vir die voorsitter van die ringskommissie op die moderamen vir die termyn tussen sinodes.
- 'n Skriba wat as skriba van die ring sowel as skriba van die ringskommissie dien vir die termyn tussen sinodes.
- 'n Kerkraadslid wat namens die ring op die moderamen dien vir die termyn tussen sinodes.
- Vir elkeen van hierdie lede word 'n sekunduslid aangewys.

## 3. RINGSREGSKOMMISSIE

3.1 Die ringsregskommissie word op die ringsitting wat tydens die sinode gehou word verkies vir die termyn van vier jaar tussen sinodesittings. Hierdie verkiesing geskied per geslote stembrief.
3.2 Die ringsregskommissie word soos volg saamgestel:

- Drie primariuslede plus drie sekunduslede.
- Beide primarius- en sekunduslede kan aangewys word uit persone wat nie op die ringsvergadering tydens die sinodesitting teenwoordig is nie.
- Albei geslagte moet in die ringsregskommissie verteenwoordig wees. Dit beteken daar moet minstens een vrou of een man tussen die ses lede wees.

## 4. DIENSGROEPE

Diensgroepe (behalwe die Diensgroep vir Ondersteuning) word ringsgewys saamgestel. Elke ring benoem 'n primarius- en sekundus-verteenwoordiger vir elke diensgroep.

## 5. SAMESTELLING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIENSGROEPE

5.1 Die samestelling van die dagbesture geskied soos volg:

- voorsitter, ondervoorsitter en skriba
- voorsitters van permanente taakspanne
- PSD's aan die diensgroepe toegewys
- kundige lede kan na die sinode deur die diensgroepe op die dagbestuur gekoöpteer word.

5.2 Geslagsgelykheid. Dagbesture van sinodale diensgroepe word aangemoedig om geslagsgelykheid in hulle samestelling na te streef. Dagbesture van diensgroepe word tydens die sinode verkies. Verkieslik 50%, maar minstens een persoon uit elke geslag moet op die dagbestuur dien. Binne die huidige struktuur van vyf diensgroepe, waaronder 'n aantal taakspanne by elk ressorteer, word klem daarop gelê dat diensgroepe na afloop van 'n sinodesitting geleentheid het om kundige lede te koöpteer. Sodanige koöptering maak dit vir diensgroepe sowel as taakspanne moontlik om gelyke verteenwoordiging tussen vroue en mans na te streef, indien verkiesings tydens 'n sinodesitting nie daaraan gestand kon doen nie. Hierdie reëling geld vir primarii sowel as sekundi.

## 6. PERMANENTE SINODALE TAAKSPANNE

6.1 Die permanente taakspanne word met die hulp van die Tydelike Taakspan vir die Samestelling van die Permanente Taakspanne deur die sinode aangewys. Hierdie taakspanne is:

- Sinodale Taakspan vir die Argief (STA)
- Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD)
- Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE)
- Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA)
- Sinodale Taakspan vir Kommunikasie (STK)
- Regskommissie

6.2 Die permanente sinodale taakspanne konstitueer na afloop van die sinode en wys 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba aan.
6.3 Geslagsgelykheid. Taakspanne word aangemoedig om geslagsgelykheid in hulle samestelling na te streef. Verkieslik 50%, maar minstens een persoon uit elke geslag moet op die dagbestuur dien. Taakspanne beskik oor die bevoegdheid om kundige lede te koöpteer. Sodanige koöptering maak dit vir taakspanne moontlik om gelyke verteenwoordiging tussen vroue en mans na te streef. Dit geld vir primarii sowel as sekundi.
6.4 Die voorsitters van hierdie taakspanne, saam met die saakgelastigde, is die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste.

# A – VERSLAG VAN DIE MODERAMEN VAN DIE SINODE VAN WES-KAAPLAND

## 1. DIE VERSLAG

Die moderamen het aan die moderatuur tydens sy vergadering van Augustus 2018 ’n mandaat gegee om ’n verslag voor te berei vir die vergadering van die Sinode van Wes-Kaapland van die moderamen se werksaamhede oor die afgelope vier jaar. Die moderamen is kerkregtelik gemandateer om namens die sinode op te tree in alle gevalle behalwe om die reglemente en besluite van die sinode te wysig. Die moderamen het geoordeel dat hierdie so ’n gewigtige mandaat is dat dit net logies is dat die moderamen oor die uitvoering van sy mandaat aan die sinode verslag sal doen.

Die moderamen het aan die moderatuur opdrag gegee om ’n verslag voor te berei vir die sinode. Al die lede van die moderamen het wel inspraak gehad in die finalisering van die verslag.

## 2. DIE STRATEGIESE PROSES VAN DIE SINODE

Die strategiese siklus van die sinode werk met die volgende stappe:

- Gemeentes word genooi om voorafgaande aan die sinode hulle verwagte temas wat by die sinode moet dien, bekend te maak. Dit word gekonsolideer en die moderamen onderskei dan die belangrikste sake wat op die agenda van die sinode moet kom. Ander sake kom deur die verslae van die moderamen en die Sinodale Koördineringspan (SKS) en diensgroepe op die agenda. Gemeentes kan ook deur middel van beskrywingspunte sake op die agenda van die sinode plaas.
- Tydens die sinode lei die sinodegangers se onderskeidingsprosse oor die onderskeie temas en voorstelle tot besluite en insigte. Dit word genotuleer en gedokumenteer.
- Die sinodegangers word gevra om aan die einde van die sinode die vergadering te evalueer en terugvoer te gee oor insigte en ervarings.
- Na afloop van die sinode word die gemeentes se temaverwagtinge, die besluiteregister en die evaluasie van die sinodegangers as brondokumente gebruik om te onderskei wat die fokus(se) en werk van die moderamen in die komende termyn behoort te wees.
- Operasionele besluite word gewoonweg deur die onderskeie diensgroepe uitgevoer.

## 3. DIE FUNKSIONERING VAN DIE MODERAMEN

### 3.1 Strategiese proses

Die moderamen het op 23 en 24 Julie 2015 die opvolggesprek oor die fokusse van die sinode by Goudini onderneem. Die bogenoemde brondokumente is benut in ’n geloofsonderskei-ingsproses. Uiteindelik is besluit op 16 fokusareas. Die behoeftes wat die gemeentes uitgespreek het, het uiteindelik hoofsaaklik die agenda van die moderamen bepaal. Die fokusareas is aan die Sinodale Koördineringspan (SKS) oorhandig wat moes verseker dat die werk deur die onderskeie diensgroepe gedoen word. Die moderamen het egter oorsigtelik toegesien dat hierdie fokusareas die aandag kry wat dit verdien.

Die moderamen het ook deur die loop van die termyn besinnings gehou oor die fokusareas en daarby aangevul soos wat omstandighede en nuwe insigte dit vereis het. Die klem was deurgaans op diensbaarheid aan die gemeentes van die sinode.

Die fokusareas van die moderamen dui nie daarop dat hierdie 16 sake belangriker is as die talle ander fokusse, take en rolle van die modertuur en diensgroepe nie. Die diensgroepe het soos altyd net voortgegaan om die ander baie belangrike werk te doen. Die moderamen het egter ’n keuse gemaak om toe te sien dat aan hierdie 16 fokusse spesiale aandag gegee word, aangesien daar uitbreiding van die werk nodig was en dit besondere aandag verdien het binne die konteks waarbinne ons ons tans bevind.

### 3.2 Nuwe sake

Nuwe sake is deur die loop van die termyn deur die moderatuur en die diensgroepe op die tafel van die moderamen geplaas nadat aanvanklike voorbereiding gedoen is. Die moderamen het dan ’n eerste bespreking gedoen, waarna dit ’n verdere opdrag aan die onderskeie diensgroepe of moderatuur gegee het. By die volgende vergadering van die moderamen het die groep dan die moderamen met ’n deeglike verslag bedien, waarna ’n besluit geneem is. Hierdie sikliese benadering het besonder goed gewerk.

Bestuursbesluite is uiteraard geneem na aanbevelings van die onderskeie diensgroepe of die SKS of die moderatuur.

### 3.3 Evaluasie

Die moderatuur het halfpad deur die termyn 'n deeglike evaluasieverslag van die vordering met die fokusareas aan die moderamen voorgelê. 'n Aantal fokusse is aangedui wat verdere werk vereis. Hierdie werk het sedertdien deeglike aandag geniet en groot vordering is daarmee gemaak.

### 3.4 Moderamenvergaderings

Die moderamen het agt keer sedert die sinode van 2015 vergader. Die vergaderings was besondere geleenthede van samesyn en onderskeiding. Die vrymoedige en sterk deelname van die ouderlinge aan die vergaderings was kenmerkend.

Moderamenvergaderings het dinamiese geleenthede geword van ontmoeting met God, leer, onderskeiding, deernis en diepgaande besinning. Die bywoning van vergaderings was uitstekend. Die teenwoordigheid van PSD's en voorsitters van taakspanne het grootliks bygedra tot ingeligde en sinvolle besluitneming.

## 4. DIE MODERATUUR

### 4.1 'n Geloofsgemeenskap

Die moderatuur het jaarliks sedert 2016 aan die begin van die jaar by Volmoed byeengekom vir twee dae van geestelike oriëntering. Die moderatuur het 'n klein gemeenskap van gelowiges geword wat uit die sterk oortuiging geleef het dat Christus die Here is, en in ons teenwoordig is. Die gedeelde verbondenheid aan Christus het hulle verbonden-heid aan mekaar gedefinieer en gemaak dat hulle met liefde en onderlinge begrip gefunksioneer het. Lede van die moderatuur kon gevolglik al hulle aandag aan hulle werk wy sonder om energie te spandeer aan onderlinge spanning of misverstande. Hulle verbintenis tot spanleierskap het verseker dat elke lid verantwoordelikheid aanvaar het en omvangryke bydraes gelewer het.

### 4.2 Verhouding met die moderamen en Sinodale Koördineringspan (SKS)

Die rol van die moderatuur is hoofsaaklik om as dagbestuur van die moderamen te funksioneer. Die moderatuur het daarom veral 'n strategiese funksie. Operasionele sake is deurlopend na die SKS verwys wat bestaan uit verteenwoordigers van die diensgroepe.

Een van die grootste suksesse van die afgelope termyn was die omvattende kultuurverandering wat teweeggebring is deurdat die diensgroepe se werk gekoördineer is. Die groot sukses van die SKS, wat aanvanklik swaargekry het om hulle rol te verstaan, het 'n totale verskil gemaak aan die werkswyse van die sinode. Van hul take was om: werk tussen diensgroepe en taakspanne te verdeel, duplisering uit te skakel, onderlinge hulp te verleen, diensgroepe te help om saam te beplan en saam te werk, sinkronisasie tussen diensgroepe en taak-spanne te bewerkstellig, ander ad hoc-werk af te handel en die silos waarin werksaamhede vir baie lank geskied het, af te takel. Die grootste aanduiding van die sukses van die SKS is die wyse waarop die begrotingsproses van die sinode tans gedoen word. Daar word onder meer deur die diensgroepe aan mekaar toegewings gemaak met die oog op die finansiering van sinodale prioriteite en saam gedink oor befondsingsopsies.

Die sterk leierskap wat van Leon Venter en later Gielie Loubser uitgegaan het as opeenvolgende voorsitters van die SKS, moet vermeld word. Die voorsitters en die leier-PSD's van die diensgroepe het onder hulle leiding 'n wonderlike gemeenskap geword waarin diep gevra is na God se wil en waar verantwoordbaarheid die kultuur geword het.

Die verhouding tussen die moderatuur en SKS is goed bestuur deur deurgaans 'n deeglike onderskeid te handhaaf tussen strategiese en operasionele funksies. Die moderatuur het elke vergadering van die moderamen beplan en na afloop daarvan geëvalueer. Die SKS het op 'n gekoördineerde wyse die verslae van die onderskeie diensgroepe na die moderamen gebring. Die samewerking van die moderatuur en die SKS het baie bygedra tot die gehalte van die werk wat deur beide liggame gedoen is.

### 4.3 Bedankings

Vier lede van die moderatuur het deur die loop van die termyn bedank. Elsje Büchner het kort na die 2015-sinode bedank en is deur die moderamen vervang met Thinus van Zyl. Quintus Heine, Elize Morkel en Thinus van Zyl het baie waardevolle werk gedoen en bydraes gelewer, maar moes met verloop van tyd vanweë persoonlike redes bedank.

Daar sal in die toekoms weer gekyk moet word na die werklas van die aktuarius. Die 226 gemeentes van die sinode stel besondere eise aan 'n aktuarius. Voeg hierby al die vergaderings en ander amptelike verpligtinge en die verantwoordelikhede en werklas van die aktuarius word oneindig groot.

### 4.4 Ooreenkomste met kerkrade van moderatuurslede

Daar is ná aanbevelings deur STFA ooreenkomste aangegaan met die voorsitter en skriba se gemeentes ten opsigte van die uitkoop van tyd met die oog op die werk wat deur hierdie funksionarisse van die moderamen gedoen moet word. Die ondervoorsitter, Frederick Marais, is 'n werknemer van die sinode. Die vorige aktuarius, Quintus Heine, was 'n werknemer van Bybelgenootskap. In hulle gevalle kon daar nie tyd uitgekoop word van hulle onderskeie werkgewers nie.

### 4.5 Lede van die moderatuur

Die lede van die moderatuur aan die einde van die termyn was Frik Bosman (oudl. Paarl), Riana Furniss (oudl. Tulbagh), Melanie Thirion (addisioneel), Charl Stander (aktuarius), Frederick Marais (onder-voorsitter), Nelis Janse van Rensburg (voorsitter), Marié Britz (addisoneel) en Francois Herselman (skriba). Gielie Loubser (voorsitter van die SKS) en Bossie Minnaar (saakgelastigde) het ex officio in 'n adviserende hoedanigheid in die moderatuur gedien.

## 5. FOKUSAREAS

Die moderamen het na die 2015 sinode na 'n diepgaande onderskeidingsproses ooreengekom op die volgende 16 fokusareas.

### 5.1 Spiritualiteit (Sentrum vir Spiritualiteit)

#### 5.1.1 'n Groeiende droom

Die moderamen het in sy onderskeidingsproses na die sinode van 2015 geoordeel dat daar 'n nuwe fokus op spiritualiteit in die kerk nodig is. Daar is later ook begin om herbesinning te doen oor die werk van dr. Andrew Murray. Hy het 'n reuse rol gespeel in die vorming van die spiritualiteit en teologiese denke van die NG Kerk. 'n moderatuurskamer wat in Bellville in 2015 ingerig is, is eers na hom vernoem. Die opdrag om die verdere besinning oor spiritualiteit te lei, is deur die moderamen aan die Diensgroep vir Toerusting toegewys. Daar het ook binne die Diensgroep vir Toerusting gedagtes oor 'n plek van onderskeiding en toerusting begin ontstaan. Intussen is daar in die Hugenote Kollege begin droom oor die moontlikheid van 'n spiritualiteitsentrum in die Samuel Koshuis in Wellington. Dit was immers die plek waar leraars vir die sending opgelei is en waar dr. Andrew Murray se drome vir die kerk beslag gekry het met die opleiding van sendelinge. Dr. Murray se leuse was roeping, gebed en diens. Al dié strome van denke het ineengevloei en die Diensgroep vir Toerusting het aan die werk gespring om 'n nuwe gedeelde droom van 'n spiritualiteitsentrum te bewaarheid.

#### 5.1.2 Teologiese vertrekpunte

Die moderatuur was oortuig dat die ontwikkeling van die sentrum gepaard moet gaan met diepgaande teologiese nadenke op die verlengde van ons eie gereformeerde tradisie. Teologiese dae, konferensies en seminare is reeds gehou om hierdie nadenke te bevorder. 'n Aantal akademiese publikasies het ook ondertussen oor die rol en invloed van dr. Murray verskyn. Verslag is hieroor aan die moderamen gedoen. 'n Teologiese raamwerk vir die spiritualiteitsentrum is vervolgens goedgekeur.

Dit het duidelik geword dat spiritualiteit en rasionaliteit nie op 'n dualistiese wyse teenoor mekaar gestel moet word nie, maar dat daar op 'n geïntegreerde wyse oor spiritualiteit gedink moet word. Daar moet egter ook geen twyfel daaroor wees nie dat die operasionele platform van die kerk uitgebrei word deur die totstandkoming van 'n eie spiritualiteitsentrum. Waar die teologiese opleiding van studente in eksegese en leerstellige teologie aan die universiteit voorheen die operasionele sentrum was, word die epistemologie (kennisleer) van die universiteit hiermee op 'n geïntegreerde wyse uitgebrei met geloofs- en ontmoetingskennis sodat die uitnodiging van die Skrif na 'n volronde lewe in die Triniteit, aanvaar kan word.

#### 5.1.3 Bestuur

Die spiritualiteitsentrum staan onder beheer van 'n bestuursraad wat saamgestel is uit vier verteenwoordigers elk van die NG Kerk Wes-Kaapland en die Hugenote Kollege. Ondertussen is die gebruiksooreenkoms tussen die Kerk en die kollege hersien. Die Kerk sal voortaan verantwoordelik wees vir die toesig oor en instandhouding van die gedeelte van die Samuel-kampus, wat die spiritualiteitsentrum, Clairvaux, en Huis Louise insluit. Dit het ook algaande duidelik geword dat die sentrum uiteindelik deur 'n nuwe entiteit soos 'n niewinsgewende organisasie bestuur sal moet word. Die moderamen sal eersdaags met hierdie reëlings begin.

#### 5.1.4 Deelname van Diensgroepe

Die moderatuur, die bestuur van die sentrum en Diensgroep vir Toerusting het al die diensgroepe van die sinode betrek by die sentrum. Die sentrum bied immers 'n platform vir alles wat ons doen. Elke diensgroep moet dus die sentrum benut om 'n onderbou te verleen aan die onderskeie werksaamhede van die sinode.

#### 5.1.5 Program en Kapelmeester

Die bestuur was gelukkig om die dienste van prof. Elna Mouton as kapelmeester te bekom. Sy is 'n oudstudent van die Hugenote Kollege en het tydens haar studentejare in Huis Samuel gewoon. Sy is ook 'n ouddekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Mouton is aangestel as werknemer van die Diensgroep vir Toerusting om te dien as kapelmeester. Sy woon langs Huis Samuel in Huis Louise. Die sentrum sal onder leiding van die Kapelmeester en die PSD vir Predikantebegeleiding 'n reeks retraites aanbied. Die kapelmeester is ook verantwoordelik om 'n bepaalde ritme by die sentrum in stand te hou. Daar sal byvoorbeeld elke aand 'n nagmaaldiens in die kapel wees.

#### 5.1.6 Historiese wortels en die Argief

Die Argief het 'n groot hoeveelheid van die historiese materiaal oor dr. Andrew Murray ontsluit sodat dit toeganklik is vir navorsing en verdere toeligting tot

die gesprekke oor dr. Murray se bydraes. Die sentrum sal die historiese bronne ten opsigte van die Murray-familie en die Sending Instituut benut as inspirasie vir die verdere ontwikkeling van die sentrum.

### 5.1.7 Navorsing en samewerking met NetACT

Die sentrum ontvang ook navorsers wat in Clairvaux, die historiese woning van die Murray-familie, in groepe saam navorsing doen. Die navorsing van die sentrum sal fokus op die hedendaagse Koninkryksuitdagings in Afrika. Langs hierdie weg herleef die oorspronklike bedoeling van die Sending Instituut, naamlik om die Evangelie in Afrika in te dra.

NetACT (Network for African Congregational Theology) is ’n netwerk van teologiese skole regoor Afrika. As navorsingsvennoot sal NetACT beurse beskikbaar stel sodat navorsers uit hierdie skole saam met navorsers van Suid-Afrikaanse kerke vir periodes by die sentrum navorsing kan doen.

### 5.1.8 Gebruikers

Die sentrum bied drie-, vyf- en agdag retraites aan. Individue, gemeentes en diensgroepe kan hierby inskakel. Daar is ook spesiale retraits wat inskakel by die kerkjaar en die leesroostertekste van die jaar. Gemeentes word nou aangemoedig om gebruik te maak van die sentrum. ’n Aantal van die VBO-kursusse van die Diensgroep vir Toerusting word hier gehou. Daar is ook ruimte vir individue om in die rustige omgewing van die sentrum te kom bly en die ruimte te benut vir persoonlike geloofsontwikkeling.

### 5.1.9 Finansiering

Die kostes van die ontwikkeling van die sentrum is gedelg uit fondse van die Kuratorium wat net vir ’n bepaalde doel benut kon word. Die fondse is ook aan die kerk se eie geboue en terrein te Wellington bestee. Die kapitaal wat “bestee” is, bly dus op die balansstaat van die NG Kerk in Wes-Kaapland.

## 5.2 Familie en Jeug (Bylaag 1)

### 5.2.1 Strategie vir Kinderbediening

Die bediening van die kerk se kinders en jongmense is deur die moderamen uitgewys as ’n prioriteit. Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding het reeds deeglike werk in hierdie verband gedoen. Met die aanstelling van Anriëtte de Ridder as PSD (Familie en Jeug) op 1 April 2016 is die uitdaging deur die moderatuur aan haar gestel om in Augustus 2016 die moderamen te bedien met ’n omvattende strategie vir kinderbediening. Dié versoek, asook haar werk saam met die taakspan en Gielie Loubser, die diensgroepleier, het gelei tot een van die beste verslae wat tot nog toe op die moderamen se agenda geplaas is. Die werk waarmee hierdie taakspan gemeentes se bediening aan kinders ondersteun, is van die hoogste gehalte.

Uit die verslag het dit onder meer geblyk dat geloofsvorming hoofsaaklik op vier maniere plaas, naamlik:

- Kennis – Geloof word gevorm wanneer ons weet wat ons glo.
- Verhoudings – Geloof word gevorm in dissipelskapverhoudings.
- Aksie – Geloof word gevorm wanneer ons dit leef en doen.
- Aanbidding – Geloof word gevorm deur God self.

In hulle strategie fokus die taakspan op:

- die bou van netwerke vir familiebediening, skolebediening, kategese en jong werkendes;
- die skep van toerustingsgeleenthede;
- die ontwikkeling van hulpmiddels;
- die reël van fasiliteringsgeleenthede in gemeentes en ringe.

### 5.2.2 Millenials

Die moderatuur het aan die begin van 2017 die diensgroep uitgedaag om ’n ondersoek te loods na die betrokkenheid van die millenium-generasie by die kerk. ’n Leergemeenskap van jong leraars (millenials) is saamgeroep en hulle het begin navorsing doen oor die onderwerp. Reeds tydens die Maart 2017-vergadering van moderamen het die leergemeenskap die moderamen bedien met ’n uitstekende verslag van hulle aanvanklike navorsing. Hulle verkry terugvoer uit die moderamen en volg hulle verdere aanvullende navorsing op met ’n verslag aan die moderamen in Augustus 2017. Alles dui daarop dat die kerk wonderlike insigte bekom uit hierdie proses. Die moderamen oordeel dat dit van kritiese belang vir die toekoms van die kerk gaan wees.

## 5.3 Vroeëkindontwikkeling (VKO)

Groot treë is sedert die sinode van 2015 gegee om gestalte te gee aan die wens van die sinode dat gemeentes ondersteun sal word in hulle pogings om ’n langtermyn intervensie te maak in die armoedesiklus van ons land.

VKO is tydens die sinode van 2015 geïdentifiseer as die voorkeur intervensie van die sinode. Diaconia het aan die werk gespring en ’n ooreenkoms is aangegaan met Smartstart om as vennoot die uitdaging die hoof te bied. Ds. Leon Venter het as PSD hierin sterk leiding gegee. Na sy bedanking is Nioma Venter as PSD vir Diaconia aangestel. Die diensgroep het voortgegaan om seker te maak dat aan die verwagtinge van die sinode voldoen word.

### 5.3.1 Smartstart

Die visie van Smartstart is om teen 2025 een miljoen 3-4 jariges in bekostigbare speelgroepe in gemeenskappe te organiseer. Daarvoor moet meer as 50 000 vroue in die volgende 10 jaar opgelei word om met 3-4 jariges te werk. Dit is verbeeldingryk en die Smartstart-projek word in vennootskap en same-

werking met alle sektore in die Suid-Afrikaanse samelewing aangepak, naamlik die regering, besighede en kerke.

Smartstart werk op die beginsels van 'n sosiale franchise. Dit bied toegang tot kwaliteit, bekostigbare leergeleenthede vir die armste 40% van 3-4 jarige kinders in Suid-Afrika. Smartstart lei vroue op om mikro-ondernemings te begin deur die aanbied van intellektuele stimulasie in speel-programme vir kinders. Die vroue moet weekliks twee Smartstart speelgroepe aanbied ('n speelgroep het 'n maksimum van 6 kinders) van drie ure elk.

Navorsing het getoon dat intellektuele stimulasie van drie ure per week in hierdie ouderdomsgroep 'n voordelige en standhoudende effek het op die intellektuele ontwikkeling en skoolgereedheid van 3-4 jariges.

- Gemeentes sluit 'n vennootskap met Diaconia as franchisor van Smartstart. Gemeentes werf potensiële Smartstarters in die gemeenskap.
- Gemeentes help ook Smartstarters om hul SmartSpace speelplekke in te rig om te voldoen aan die minimum vereistes van die plaaslike regering en Smartstart.
- Gemeentes ondersteun Smartstarters in hul plaaslike omgewing na goeddunke en vermoë.
- Gemeentes onderhandel met die plaaslike munisipaliteit om 'n stipendium/ subsidie aan die vroue te betaal en deel te maak van die plaaslike CWP-program.

Diaconia organiseer die finale keuring van Smartstarters en gee 'n kurrikulum en program vir die Smartstart-speelgroep. Diaconia gee ook vir vyf dae gratis opleiding en deurlopende kwaliteits-monitering aan Smartstarters.

### 5.3.2 Nal'ibali

'n Ooreenkoms is ook gedurende 2017 met Nal'ibali aangegaan om as vennoot van die sinode se gemeentes te help met die gemeentes se betrokkenheid by die ontwikkeling van kinders. Nal'ibali is 'n nasionale en meertalige inisiatief wat daadwerklik daarop fokus om ongeletterdheid en kritiese taalontwikkeling onder kinders in samewerking met 'n verskeidenheid vennote aan te spreek. Leesgroepe bied nie net 'n waardevolle bydrae tot jong kinders se ontwikkeling nie, maar is ook 'n baie toeganklik en volhoubare platform vir gemeentes om uit te reik na kinders in hul omgewing. Dit is dan veral dié kinders, wat nie andersins by formele stimulering ingeskakel is nie, wat as teikengroepe vir gemeente leesgroepe dien.

### 5.3.3 Aanstelling van Nioma Venter

Nioma Venter het op 1 Maart 2017 as PSD van Diaconia in diens van die sinode getree. Nioma het die VKO inisiatief van die sinode dinamies verder geneem en saam met die personeel van die diensgroep die inisiatief laat groei en ontwikkel. Dit is veral haar rol in die ontwikkeling van vertroue en nuwe verhoudings tussen die NG Kerk in Wes-Kaapland, en spesifiek Diaconia, en Badisa wat 'n groot hoeveelheid nuwe moontlikhede ontsluit het. Nioma het ook 'n sleutelrol gespeel in die ontwikkeling van die Strategie vir Ondersteuning tydens rampgebeure. Met die intrapslag in haar nuwe pos was sy ook direk betrokke by die aanspreek van die nood in Knysna en Plettenberg-baai na die verwoestende brande daar en in die omgewing.

### 5.3.4 Eenstopdiens vir VKO

Na maande se strategiese ontwikkeling en gesprekvoering het 'n nuut gevestigde VKO-eenheid tussen Badisa en Diaconia in Januarie 2019 in volle operasionele werking getree. Gemeentes sal deur hierdie eenheid ondersteuning in die volle spektrum van dienste kan verwag, dit wil sê bewusmaking, vroeë intervensie en statutêre intervensie (geregistreerde sentrums). Die program en dienste sal mettertyd in diepte bemark word in die kerk wanneer alle operasionele ratte in werking is en die eenheid ook 'n identiteit (naam) van sy eie kry. Die eenheid sal veral ook 'n rol speel om gemeentes in 'n meer ontwikkelingsgerigte benadering tot VKO te begelei.

## 5.4 Evangelisasie

Die moderamen oordeel dat evangelisasie een van die wesenlike funksies van die kerk is. Die wyse waarop daar oor evangelisasie gedink word, is inderwaarheid 'n refleksie van die identiteit van 'n kerk. In die missionale beweging moet die evange-lisering van die wêreld as 'n belangrike uitkoms gesien word. Hoewel daar duidelikheid daaroor is dat evangelisasie nie altyd met woorde hoef te geskied nie, is die vraag ook hoe dit wel moet gebeur wanneer woorde tog gevind moet word om die evangelie oor te dra. Daar is tydens verga-derings kennis geneem van die werklikheid dat gelowiges onbeholpe praat oor evangelisasie en nie meer seker is hoe om die funksie te vervul nie. Daar was egter geen onduidelikheid daaroor dat die vorige modelle of programme vir evangelisasie, soos bv EEIII, nie meer toepaslik is nie en nie voldoende uitdrukking gee aan die volle betekenis van die evangelie nie.

Die moderatuur het uiteindelik met toestemming van die moderamen 'n inter-diensgroep taakspan saamgestel om leiding te gee en helderheid te bring oor die kwessie. Die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake, die Kommissie vir Getuienis, die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding en lede van die moderatuur is betrek. Die PSD's Pieter van der Walt, Kobus Odendaal en Gielie Loubser het ook kwaliteit insette gemaak en leiding gegee in die onderskeie gesprekke oor die aangeleentheid.

Die Taakspan het by verskeie geleenthede terugvoer van vordering aan die moderamen gegee. Teologiese insette van ons dosente is ook verkry. Tydens die moderamenvergadering van Augustus 2017 het prof. Marius Nel die vergadering toegespreek oor die kern van die evangelie. Hy het die betekenis van die opstanding van Christus toegelig en bevestig dat die geloof in die opstanding die vroeë geloofsbeweging op gang gebring het. Tydens die moderamenvergadering van Maart 2018 het prof. Louis Jonker baie helder perspektiewe oor die betekenis van die Ou Testament gegee vir die gesprek oor die inhoud van die evangelie. Dr. Nadia Marais het by dieselfde vergadering baie verhelderende perspektiewe oor menslike florering aangebied.

Dit was uit die staanspoor van die proses baie duidelik dat ’n verlossingsleer wat net fokus op die verkryging van die ewige lewe en wat nie rekening hou met die eise van die evangelie vir ’n lewe in die hede nie, ’n verskraling van die evangelie inhou.

Die mees betekenisvolle vordering is gemaak toe die taakspan tot die insig gekom het dat dit die bevrydende Woord (Logos), die omgee (patos) vir mense in hulle onderskeie kontekste en die integriteit (etos) van gelowiges se lewe, in samehang en wisselwerking, is wat ’n appél maak op mense se lewe.

Die taakspan het ’n werkgroep saamgestel met die oog daarop om ’n produk te ontwikkel wat gemeentes en gelowiges sal help om te fokus op evangelisasie as geloofspraktyk. Hierdie werkgroep het in samewerking met Bybel-Media en met die kundige hulp van Nico Simpson van Bybel-Media die ontwikkeling van sodanige produk aangepak. Die NG Kerk Welgemoed het aangebied om die produk in ’n 40-dae formaat te toets. Die program is verder verfyn en word gereedgemaak vir benutting binne die breër kerk.

Die inisiatief kan egter nie beperk word tot die benutting van ’n bepaalde produk nie. Dit is die inhoud en teologie wat in die proses van herbesinning aan die kerk taal gee om die evangelie met ander te deel. Die noodsaaklikheid om aan die kerk se teologiese studente blootstelling aan hierdie teologiese aksente te gee kan nie oorbeklemtoon word nie.

### 5.5 Kommunikasie

Die kwaliteit van ons sinodale kommunikasie is tans op ’n baie hoë standaard. Kommunikasie word gedoen deur middel van VrydagNuus, sosiale media kanale soos Facebook, Twitter en Instagram, asook die sinodale webwerf. Hoewel die aantal intekenare op VrydagNuus gegroei het tot bokant 3 300 intekenare, is daar altyd ruimte vir verbetering. Daar is tans nie ’n manier om te bepaal hoeveel fisiese lesers die nuusbrief het nie, aangesien baie kerkkantore dit via e-pos verder versprei. Hierdie elektroniese nuusbrief verskaf nuus, getuienisse en inligting op so ’n wyse dat die lesers daarvan op hoogte is en kan meeleef met dit wat in die kerk in die Wes-Kaap, maar ook veel wyer, gebeur.

Die Taakspan vir Kommunikasie is uitgedaag om nie net te fokus op die verspreiding van inligting nie, maar om op nuwe maniere by te dra tot die geloofsvorming van lesers. Die vertel van mense se geloofsverhale is onder meer met groot sukses ingespan. Salomi Steenkamp is vanaf 1 April 2017 as ’n kommunikasiebeampte aangestel om die Bestuurder: Kommunikasie, Marieta Visagie, by te staan. Marieta het op 31 Desember 2018 na meer as tien jaar uit diens van die sinode getree. Sy het oor die jare uitsonderlike diens aan die Here binne die kommunikasiekantoor gelewer. Ons vertrou dat ons kommunikasie nog vir lank die stempel sal dra van haar deeglikheid, wye netwerke en fyn aanvoeling vir die beste belang van die koninkryk en die kerk.

Ronelda Visser is as Bestuurder: Kommunikasie aangestel vanaf 1 Januarie 2019. Ronelda is ’n kommunikasiekundige met bewese ervaring in beide die openbare en privaatsektor.

Die kommunikasiebedryf, ook binne kerkverband, bied verskeie uitdagings, soos die konstante ontwikkeling van nuwe kanale en tegnologie, die groei van teikenmarkte en om relevante inligting vinnig aan gehore te verskaf. Kwessies waaraan die Taakspan vir Kommunikasie tans aandag gee is die uitbreiding van kommunikasiemetodes en hoe om tweetaligheid in ons kommunikasie te akkommodeer.

Daar word gekyk na die organisering van ’n kommunikasie indaba met die verskillende diensgroepe om te kyk na kommunikasiedoelwitte en die implementering daarvan, sowel as voortgesette opleiding van personeel en gemeentes.

### 5.6 Menswaardigheid

Die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid het op vele plekke in die sinodale sisteem neerslag gevind, soos byvoorbeeld in die tussen-orde met die VGKSA, die gesprekke oor seksualiteit, die werk van BADISA, Diakonia, CABSA, STLAS, Publieke Getuienis, Teologiese Opleiding aan die US, Communitas en die Beyers Naude Sentrum.

Binne die Diensgroep vir Diaconia het die waardes en vaardighede van die Seisoen van Menswaardigheid byvoorbeeld bygedra tot ’n beweging van eenrigting barmhartigheid na ’n meer bemagtigende en ontwikkelingsgerigte benadering waarin Diaconia gemeentes begelei t.o.v. uitreik na die gemeenskap. Die Taakspan vir die Seisoen van

Menswaardigheid is by die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing gevestig.

## 5.7 Publieke Getuienis

Die spesiale nuwe fokus op publieke getuienis het geblyk van groot waarde te wees vir die sinode. Die Sentrum vir Publieke Getuienis (SPG) is deel van KGA en soos die res van die diensgroep 'n eenheidsbediening met die VGKSA (Kaapland).

Die SPG-taakspan het onder voorsitterskap van Llewellyn MacMaster funksioneer en het nie net stimulerende gesprekke gevoer het nie, maar ook goeie leiding verskaf om die kantoor op koers te hou. Die taakspan bestaan tans uit Braam Hanekom (PSD), Clive Jacobs, Esther Xube, George Rauch, Heerden van Niekerk, Kobus Odendaal, Sipho Mahokoto, Stephen Pedro, Llewellyn MacMaster (voorsitter), Johann Theron, Zanne Horrell, William Ficks, Mathilda Maarman, Nelis Janse van Rensburg (pas aangewys).

### 5.7.1 Dialoog en gemeenskapsforums

Een van die hooffokusse van Publieke Getuienis was om inklusiewe gesprekke op verskillende dorpe oor die toekoms van daardie dorp/stad/streek te voer. Soms was die gesprek tussen die kerkleiers van verskillende kerke en soms tussen kerk, staat, besigheid en gemeenskap (NRO's). Die idee was nie net om konflik en protesaksies teen te werk nie, maar ook om regtig proaktief na die toekoms te kyk.

Die Sentrum vir Publieke Getuienis is oortuig dat inklusiewe dialoog een van die sentrale sleutels tot die toekoms is. Plekke waar die forumgesprekke gehou is, sluit Springbok, Malmesbury, Vredenburg, Porterville, Oudtshoorn, George, Mosselbaai, Swellendam, Riversdal (Hessequa Munisipaliteit), Kleinmond, Hermanus, Atlantis, Belhar, Caledon, Wolseley, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Rustenburg, Citrusdal, Bellville en Bredasdorp in.

Die sentrum was ook direk betrokke in talle gesprekke met owerhede oor die konflik in Hermanus en Kleinmond. Vir 2019 is daar tien dorpe geïdentifiseer waar hierdie gesprekke sal voortgaan.

### 5.7.2 Ad hoc-gesprekke (Courageous Conversations)

'n Aantal gesprekke wat aktuele kwessies van die dag aangespreek het, is ook gefasiliteer. Hierdie kwessies het onder meer ingesluit onderwys, sosiale kohesie, ekonomie, restitusie en Suid-Afrika teen 2030.

Persone wat daaraan deelgeneem het, sluit in: Wim de Villiers, Barney Pityane, Lokhanyo Calata, Piet Naude, Jannie Rossouw, Theuns Eloff, Louise van Rijn, Tony Leon, Franklin Sonn, André Roux en Rachel Jafta.

### 5.7.3 Ekumene en Western Cape Ecumenical Network

Na ernstige oorweging en konsultasie met kerkleiers is daar besluit om die Western Cape Ecumenical Network (WCEN) te stig. Die motivering vir hierdie forum is hoofsaaklik die uitdagings in die Wes-Kaap en die gebrekkige leiding wat daar veral uit die Western Province Council of Churches gekom het.
Tans bestaan die netwerk uit ongeveer 30 kerke, ekumeniese liggame en parakerklike liggame. Die WCEN vergader twee keer per jaar vir twee dae by in Harmonie (buite Franschhoek), maar het ook korter vergaderings deur die loop van die jaar om ad hoc-krisisse te bespreek (soos byvoorbeeld geweld en protes op die Kaapse Vlakte). Dit het ook 'n uitgebreide verslag oor die teologiese begronding van restitusie saamgestel.

### 5.7.4 Hoop en Versoening Trust (HVT)

Die HVT het onder leiding van die volgende trustees funksioneer: Braam Hanekom, Bossie Minnaar, Hannl Cronjé, Sam Dandala, Sean Esterhuizen, Ritz de la Bat en Herman Bailey.

Die hoofdoel van die trust is om aan gemeentes en individue die geleentheid te bied om deel te hê aan die opbou van Suid-Afrika. Daar word veral gefokus op vroeëkindontwikkeling en landelike ontwikkeling.

In vennootskap met gemeentes is projekte ter waarde van nagenoeg R7 miljoen in die termyn voltooi. Dit sluit die bou van twee nuwe crèches, twee nuwe gemeenskapsentrums (Kalkfontein en Walmer), die opgradering van crèches, ontwikkelingsprogramme en landbouprogramme in die Oos-Kaap in.

### 5.7.5 Kommunikasie en media

Die rubriek "Godsdiens Aktueel" word op maandelikse basis vir Die Burger geskryf, maar verskeie artikels wat ook in Rapport en Beeld verskyn het, is geskryf oor onder meer terreur, woede in Suid-Afrika, voorstelle vir 'n nuwe vredesakkoord, brande en protesaksies. Verskeie artikels is ook op versoek van die Instituut vir Toekomsnavorsing (US) vir sommige van hul publikasies geskryf.

### 5.7.6 Ander

Braam Hanekom (PSD) is ook lid van die Electorial Code of Conduct Commission (ECOCC) wat onder voorsitterskap van aartsbiskop Thabo Makgoba nou saam met die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) werk en verkiesings monitor. Verskeie preekbeurte is deur die PSD in verskillende gemeentes waargeneem.

### 5.7.7 Samevatting en die toekoms

Die SPG poog om op 'n verskeidenheid relevante en aktuele kwessies te fokus wat die breë Suid-Afrikaanse samelewing raak. Ons bly positief oor die

toekoms, maar sal oneerlik wees as ons nie sê dat die volgende sake ons bekommer nie:

- klimaatsverandering en die droogte (insluitend die toenemende brande);
- massiewe migrasie van mense met gebrekkige en onvoldoende behuisings-en werkverskaffingsbeleid;
- die skuldlas van die staat;
- verhoging in emosie en bitterheid gepaardgaande met gebrekkige sosiale kohesie.

Die SPG is verder van mening dat die gebrekkige eenheid tussen die NG Kerk en die VG Kerk ons getuienistaak op soveel terreine aan bande lê.

### 5.8 Nuwe geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO)

Die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe (NGGO's) het die afgelope vier jaar drasties 'n ander metodiek begin volg. Met die beskikbaarheid van PSD-kapasiteit in Peter Adams en Philip Botha het die taakspan hande gevat met die Fresh Expression-beweging in Engeland en hoofsaaklik gefokus op opleiding.

Die aanbieding van die MSM-kursus het prioriteit geniet en meer as 80 leraars en geestelike leiers in ons sinodale gebied het dié opleiding ondergaan. Met die beëindiging van die twee 50%-poste het die taakspan begin fokus op die begeleiding van die bestaande inisiatiewe. Dit het geskied deur die aanbied van werkwinkels waar bestaande NGGO's hulle ontstaansgeskiedenis kon deel. Uit die verhale het daar baie wysheid ontwikkel oor die slaggate en hulp vir nuwe NGGO's.

Die begeleiding is opgevolg met persoonlike mentorskap van NGGO's deur die Taakspan. Tans kan ons met dank kennis neem dat die belangstelling van die VG Kerk toegeneem het en dat verskeie leraars uit die VG Kerk ook aangedui het dat hulle verdere opleiding wil ontvang. Die MSM-kursus is ook meer gekontekstualiseer en meer toeganklike opsies van opleiding is ook saam met Fresh Expression SA ontwikkel.

### 5.9 Teologiese Opleiding

#### 5.9.1 Verhouding met die NG Kerk-dosente aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Stellenbosch (US)

Die moderatuur het baie vroeg in die termyn in gesprek getree met die NG Kerk-dosente van die Fakulteit Teologie van die US. Hierdie dosente is lede van die dosenteraad van die NG Kerk, wat 'n sub-taakspan is van die Kuratorium. Laasgenoemde is 'n kommissie van die sinode. Die dosente vervul as akademici, gelegitimeerdes en geordende leraars van die NG Kerk 'n baie belangrike funksie ten aansien van die opleiding en vorming van die toekomstige leraars van die kerk. Hoewel hulle ekumenies werk, verloor hulle nie hulle identiteit as geordendes van die NG Kerk nie. Die dosenteraad is in 'n sin heraktiveer. Die dosente van die NG Kerk het ten spyte van hulle baie vol programme oor die afgelope jare met groot entoesiasme bydraes gelewer tot nadenke binne die kerk en het ook by verskeie moderamenvergaderings waardevolle insette gelewer.

Die dosente van die NG Kerk speel ook 'n groot rol om saam met die Kuratorium en die Diensgroep vir Toerusting te besin oor die akademiese navorsing van studente van die NG Kerk en die behoeftes van die kerk self ten aansien van navorsingsresultate.

#### 5.9.2 Die Ekumeniese Raad van die Universiteit Stellenboch se Fakulteit Teologie

Die geakrediteerde kerke aan die Fakulteit Teologie van die US vorm 'n ekumeniese raad. Die Ekumeniese Raad is die ruimte waar hierdie kerke hulle visie vir teologiese opleiding ontwikkel en saam met die fakulteit besin oor die opleidings- en navorsingsbehoeftes van die onderskeie kerke. Die lidkerke van die Ekumeniese Raad neem ook deel aan die proses van die aanstelling van dosente.

Die volgende kerke is lede van die Ekumeniese Raad: Nederduits Gereformeerde Kerk Wes-Kaapland, die VGKSA (Kaapland), die Presbiteriaanse Kerk, die Angli-kaanse Kerk, die Evangelies Lutherse Kerk van Suid-Afrika en die Volkskerk van Afrika. Die Calvyns Protestantse Kerk is nou ook in gesprek met die fakulteit ten opsigte van 'n moontlike ooreenkoms met die fakulteit.

#### 5.9.3 Hugenote Kollege

Die Hugenote Kollege se versoek aan die Algemene Sinode om 'n vierde opleidingsentrum van die NG Kerk te word, is deur die Algemene Sinode na die Sinode van Wes-Kaapland verwys met die advies dat hulle by die Wes-Kaapse Kuratorium ingelyf moet word. Die moderamen en Kuratorium het vervolgens hiermee voortgegaan, sodat die Hugenote Kollege nou as lid van die Kuratorium funksioneer en amptelik as vierde opleidingsentrum van die NG Kerk. Die toesigfunksie van die Kuratorium van die sinode met betrekking tot teologiese opleiding is hiermee uitgebrei en word met groot erns hanteer. Hugenote Kollege se kursusaanbod is aanvullend tot dié van die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch en stel die Kuratorium in staat om opleidingsmoontlikhede te bied in al die bane van teologiese opleiding van die Algemene Sinode.

#### 5.9.4 Opleiding met die oog op die missionaliteit van die kerk

Die Diensgroep vir Toerusting het besef dat die teologiese opleiding van studente uitgebrei sal moet word met die oog op die toeganklikheid van teologiese opleiding en die wyse waarop die kerk 'n

beweging na die wêreld is. Frederick Marais is verkies as ondervoorsitter van die Algemene Kuratorium van die NG Kerk. In hierdie hoedanigheid het hy 'n deurslaggewende rol gespeel in die ontwikkeling van 'n missionale visie en strategie vir teologiese opleiding.

### 5.9.5 Vyf bane van teologiese opleiding

Die Algemene Sinode het besluit om vyf bane van teologiese opleiding te skep, nl.:

#### 5.9.5.1 Gemeenteleraars

Gelegitimeerde leraars wat in gemeentes georden is met die volle opdrag van gemeentebediening en gemeenteleierskap (ooreenkomstig KO Reglement 11 en 13). Hier word twee bane onderskei, naamlik die van residensiële studente en tweede loopbaan studente. Laasgenoemde studente word nie-residensieel opgelei en word in staat gestel om hulle loopbane voort te sit terwyl hulle dieselfde kursusinhoude as die residensiële studente baas-raak.

#### 5.9.5.2 Standplaasleraars

Leraars wat opleiding ontvang vir 'n spesifieke missionale konteks en gelegitimeer is om daardie spesifieke konteks te bedien (byvoorbeeld leraars vir die Dowe- of Boesmanbediening). Hierdie leraars is nie beroepbaar vir ander kontekste nie.

#### 5.9.5.3 Diensleraars

Gelegitimeerde leraars met 'n spesifieke opdrag ooreenkomstig die terrein van opleiding (byvoorbeeld terreine soos jeug en familie, kerkplanters en gemeenskapswerkers).

Diensleraars is soos gemeenteleraars beroepbaar. Die Algemene Sinode sal in Oktober 2019 finale besluite neem ten opsigte van wysigings aan die Kerkorde om hieraan beslag te gee. Die Algemene Kuratorium het besluit om reeds persone wat kwalifiseer as diensleraars se aansoeke in ontvangs te neem en is besig om hulle voor te berei vir legitimasie in afwagting van die Algemene Sinode in 2019 se toestemming.

#### 5.9.5.4 Bedienaars

Ouderlinge, diakens en lidmate wat goedgekeurde bedieningsopleiding ontvang in 'n spesifieke area van bediening. Bedienaars word deur die ring bevestig en deur gemeenteleraars gementor (ooreenkomstig KO Artikel 4,10 en 16.1).

### 5.9.6 Vordering met die implementering van die vyf bane

Die moderamen van die Algemene Sinode het reeds ver gevorder om die riglyne, vereistes, uitkomste en bevoegdhede ten aansien van die onderskeie bane van opleiding te bepaal. Hierdie proses behoort teen Oktober vanjaar tydens die vergadering van die Algemene Sinode voltooi te word.

Die Kuratorium het ook reeds ver gevorder met die implementering van die opleidingsbane wat reeds finaal goedgekeur is. Daar was reeds in 2018 meer ingeskrewe nie-residensiële studente van die NG Kerk by die Fakulteit Teologie as residensiële NG Kerk studente. Hierdie opsie ontsluit toegang tot teologiese opleiding vir talle mense wat dit net nie finansieel kan bekostig om hulle huidige loopbane te laat vaar ter wille van teologiese opleiding nie.

Die bedienaarskursus in Preek- en Erediensvaardigheid is reeds beskikbaar en word deur die Hugenote Bybel Instituut (HBI) van die Hugenote Kollege bestuur en geadministreer. Dit blyk dat daar groot belangstelling in die gemeentes vir hierdie kursus is. Die bevoegdheid van hierdie bedienaars word ingevolge die Kerkorde deur die ringe hanteer. Oor die volgende twee jaar sal HBI saam met die kuratoria en sinodale taakspanne die ander kursussse vir bedienaars ontwikkel.

Die kursusse vir die standplaas- en diensleraars word deur die Hugenote Kollege ontwikkel, geakkrediteer, geadministreer en gemonitor. Die drumpelvereistes vir toelating tot hierdie kursusse is laer as die normale vereistes van universiteite. Van die kursusse is reeds beskikbaar.

## 5.10 Ringsleierskap

Die besluit van die Sinode 2015 om die voorsitters van ringskommissies vir die duur van die volle termyn tussen sinodes te kies, het baie goeie vrugte afgewerp. Die verdere besluit dat hierdie voorsitters ook die verteenwoordigers van die ringe op die moderamen moet wees, het verder bygedra tot die integrasie van die kerklike werksaamhede en die ontwikkeling van leierskap. Blootstelling aan die totale werksaamhede van die sinode, medeverantwoordelikheid wat deur deelname aan die besluitnemingsprosesse van die moderamen ontstaan, en die gevolglike eienaarskap van die besluite wat geneem is, het beslis die gaping tussen die werksaamhede van die sinode en die van ringe en gemeentes vernou. Kontinuïteit is ook verseker sodat die lede van die moderamen oor die duur van die termyn met vertroue kon deelneem aan prosesse. Afvaardigings na die Algemene Sinode en werksaamhede van die Algemene Sinode het ook hoofsaaklik uit hierdie groep goed-ingeligde leiers gekom.

Die 25 ouderlinge van die moderamen het ook toenemend hulle stempel op die besluite en funksionering van die moderamen afgedruk. Hulle het onder leiding van moderatuurslede die dag voorafgaande aan die vergadering van die moderamen begin byeenkom om oor gemeentesake te rapporteer en besin en voorbereidings te tref vir insette tydens die vergadering van die moderamen. Hierdie inisiatief, aanvanklik onder leiding van Elize Morkel en Frik Bosman, het baie bygedra tot die

betekenisvolle deelname van die ouderlinge aan die besprekings tydens die vergaderings van die moderamen, maar ook tot die leierskap van die ouderlinge in die onderskeie ringe. Hulle het mettertyd die huishoudelike "taal" van die sinode leer ken en die funksionering van die strukture omarm. By talle geleenthede was hulle perspektiewe en bydraes deurslaggewend. Die feit dat hulle blootstelling het aan die dinamika van ander sektore van die samelewing het dikwels bygedra tot praktiese wysheid en visie.
Die sinode is groot dank verskuldig aan ons ouderlinge wat onbaatsugtig en met toewyding hul rol as leiers in die moderamen, ringe en gemeentes opgeneem het. Daar moet nou oorweging gegee word aan die moontlikheid om ringskommissies uit te brei met die onderskeie ouderlingverteenwoordigers wat in die moderamen dien. Dit sal die geledere van 'n ringskomissie versterk met kundigheid, leierskap en kennis van die kerklike sisteem.

### 5.11 Navorsing

Dr. Pieter van der Walt is sedert 1 Augustus 2016 aangestel in die PSD-pos vir Teologiese Navorsing. Onder sy leiding is navorsing van stapel gestuur wat fokus op die missionale uitdagings van gemeentes. Hierdie benadering ten opsigte van navorsing is praktykgerig. In hierdie benadering is gemeentes of kerklike liggame "eienaars" van die navorsingproses om sodoende die navorsing gefokus te hou op die uitdagings soos wat die kerk dit beleef in die praktyk.

Die navorsingkantoor ondersteun taakspanne en diensgroepe in die ontwikkeling van hulle onderskeie strategieë. So het die navorsingskantoor die Sinodale Taakspan Leer en Aktuele Sake ondersteun in die ontwikkeling van 'n gespreksbord vir gesprekke in gemeentes oor selfdegeslagverhoudings. Saam met die Taakspan vir Gemeentebegeleiding is 'n metodiek ontwikkel vir onderskeidende gesprekke in gemeentes oor volhoubare missionaliteit. Praktykgerigte navorsing is ook 'n metode wat kerke kan help om beleid te ontwikkel. In hierdie verband het die navorsingskantoor die Algemene Kuratorium ondersteun in die ontwikkeling van die vyf bane vir teologiese opleiding en die moderamen in die ontwikkeling van 'n voorstel ten opsigte van selfdegeslagverhoudings.

Die navorsingskantoor bring ook Ph.D.-studente wat werk op kerkgerigte navorsingsprojekte twee keer 'n jaar in 'n colloquium byeen om hulle in hulle werk te ondersteun. Daar is tans meer as tien sulke studente wat in verskillende fases van hulle studie is, wat deel is van die colloquium. Die sinode het in 'n ooreenkoms met die Algemene Sinode 25% van die PSD vir Navorsing se tyd teen vergoeding aan die Algemene Sinode beskikbaar gemaak vir die werk van die Algemene Taakspan vir Leer en Aktuele Sake.

### 5.12 Kerkeenheid

#### 5.12.1 Belydenis van Belhar

Die Sinode van Wes-Kaapland het in 2015 besluit om die Algemene Sinode te versoek om dit vir die tien samestellende sinodes moontlik te maak om in hulle individuele kapasiteit belydenisskrifte te aanvaar, aanvullend tot die Drie Formuliere van Eenheid. Die Algemene Sinode van Oktober 2015 het aan hierdie versoek voldoen deur die onderstaande besluit te neem:

> *"BELYDENIS VAN BELHAR (B.5 bl 435, T.3.2 bl 4 – 8 pt 3.1 – 3.7, Notule Dag 5 pt 12) (Goedgekeur met tweederdemeerder-heid)*
>
> *1. Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en erkende ekumeniese belydenisse is nie, deel van (die sinode se) belydenis-grondslag te maak.*
> *2. Die Algemene Sinode besluit om Artikel 35 van die Kerkorde te wysig deur die byvoeging van Artikel 35.7: Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:*
> *35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;*
> *35.7.2 minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;*
> *35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;*
> *35.7.4 Dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en*
> *35.7.5 dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenis-grondslag beskou word nie.*
>
> *3. Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland en ander sinodes wat daarom vra, toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 35.7 die Belydenis van Belhar deel van die sinode se belydenis-grondslag te maak."*

Intussen is daar op grond van teologiese en kerkregtelike redes teen die besluit van die Algemene Sinode geappelleer. Tydens die regsproses oor die kwessie van selfdegeslagverhoudings is egter bevind dat appèlle teen Algemene Sinode besluite nie moontlik is nie.

Die moderamen van die NG Kerk in Wes-Kaapland het intussen ook regsadvies ingewin ten aansien van die regsgeldigheid van die bovermelde besluit van die Algemene Sinode. Die advies het nie die regsgeldigheid van die besluit ondersteun nie. Die moderamen het gevolglik besluit om nie die

geleentheid te benut om die Belydenis van Belhar as 'n vierde belydenisskrif van die NG Kerk in Wes-Kaapland te aanvaar nie.

### 5.12.2 Tussen-orde

Die Algemene Sinodes van die vier kerke van die NG Kerk familie het na die uitslag van die NG Kerk se Artikel 1 proses bekend geword het, van 25-26 Mei 2015 in Pretoria vergader. Die entoesiasme tussen die NG en VG Kerk oor die eenheidsproses wat ontsluit is na die NG Kerk Algemene Sinode se besluit van 2011 om 'n kerkordelike proses te ontsluit om die Belydenis van Belhar te aanvaar, was weg. Op 'n wonderlike manier het die insig egter gekom om desondanks die teleurstelling oor die opname van die Belydenis van Belhar in die belydenisgrondslag van die NG Kerk voort te gaan met die skryf van 'n tussen-orde in terme waarvan die onderskeie gemeentes, ringe en sinodes van die kerke sou kon verenig. Hierdie stap is in die Roetekaart na Eenheid aangedui, maar eers na die kwessie van Belhar bevredigend hanteer is. Die NG Kerk in Wes-Kaapland het aangebied om die proses te organiseer en finansier. Hierdie geleentheid is deur die kerke aangegryp.

Die benoemde vier verteenwoordigers van elk van die onderskeie kerke se Algemene Sinodes het van 15-16 Julie 2015 te Volmoed vergader. Die NG Kerk in Wes-Kaapland en die VGK Kaapland was ook verteenwoordig. Ds. Pieter Langerman van die Presbiteriaanse Kerk is gevra om die gesprekke te fasiliteer. Prof. Leo Koffeman en ds. Evert Overeem is vanuit die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) genooi om kundige insette te kom lewer oor eenheidsprosesse. Beide van hulle het 'n groot rol gespeel in die Samen op Weg-proses wat 40 jaar geduur het en wat gelei het tot die vereniging van kerke en die nuutgestigte PKN. Nico Simpson van Bybel-Media het die groep bygestaan met opsommende kommentaar. Die gesprek te Volmoed was 'n wonderlike suskes. 'n Voorwoord tot 'n tussen-orde het ontstaan na diepgaande dialoog en groeiende begrip vir mekaar.

Die aangewesenes het besluit om 'n groep van twee kerkreg-kenners elk uit die vier deelnemende kerke aan te wys met die oog op die skryf van die kerkorde. Hulle het ook versoek dat dit onder leiding van prof. Koffeman sal geskied. Leepo Modise en DP Carelse van die VGKSA, Tladi Pheko, Sarel Corrie en Andries Hoffman van die NGKA, Wessel Cronje van die RCA en Johann Ernst en Quintus Heine van die NG Kerk het gevolglik van 11-13 Augustus 2015 te Zikomo in die Strand byeengekom en daarin geslaag om 'n tussen-orde te skryf nadat hulle mekaar op 'n persoonlike, asook 'n diepgaande teologiese vlak, gevind het. Prof. Koffeman, wat spesiaal uit Nederland moes terugkeer na Suid-Afrika, het op 'n meesterlike wyse as fasiliteerder opgetree. Ons sal altyd met groot waardering en respek aan hom dink vir die reuse bydrae wat hy gemaak het.

Hierna het die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 2015 die tussen-orde aanvaar en in Die Kerkorde daarvoor voorsiening gemaak. Die VGKSA het dieselfde gedoen tydens sy sinode van 3-9 Oktober 2016 in Benoni. Die NGKA en die RCA se algemene sinodes het besluit om nie die voorgestelde tussen-orde te aanvaar nie.

Die rol wat die Sinode van Wes-Kaapland in hierdie proses gespeel het, is deurslaggewend. Daar is sedertdien gesamentlike vergaderings gehou tussen die moderature van die twee Algemene Sinodes (NG en VG Kerk) en die voorsitters van die strukture van die 17 samestellende sinodes van die twee kerke ten einde die proses van eenwording te internaliseer. Daar is ook 'n gesamentlike beplanning- en inligtingsessie gehou met die aktuari en 'n fasiliteerder van die prosesse uit die ondeskeie sinodes.

Daar is aanduidings van verskeie plaaslike strukture van die twee kerke wat in gesprek is met mekaar oor eenwording in terme van die tussen-orde. Die VG en NG Kerk in Bredasdorp het op 4 Junie 2018 verenig in terme van die tussen-orde. Ons vreugde is groot oor die wonder wat daar gebeur het. Ons wag op die Here om te sien hoe hierdie proses verder verloop.

### 5.12.3 Konvent en eenheid

Die moderatuur van die VGK Kaapland het verteenwoordigers van die NG Kerk in Wes-Kaapland genooi om besoek te bring aan hulle Sinodale Kommissie wat op 3 Augustus 2017 by Hessequa buite Wellington vergader het. Die gesprek van die dag was baie dinamies en hoopgewend. Tydens dieselfde vergadering van die SK het hulle besluit om die NG kerk te nooi om saam met hulle 'n konvent te hou waartydens verder gedink sou word oor die eenheid van die twee kerke en die implementering van die tussen-orde.

Die reëlings van die konvent wat in September 2018 by Hartenbos sou plaasvind, het reeds ver gevorder toe die sinode van die VGK Kaapland tydens sy vergadering van 24-30 Junie 2018 te Fort Hare, Alice soos volg besluit:

> *"Decision 134 – URCSA and DRC Convention: Synod decide that we suspend the convention for church unity with the DRC until our next Synod in 2022. The funds can be used to strengthen our internal unity."*
>
> *"Decision 191 – Meeting with Eastern and Western Cape DRC Synods. The Cape Synod of URCSA should meet the Synods of Eastern and Western Cape to discuss and facilitate the process of reconciliation and truth between these two churches. This should start with presbyteries and local*

*congregations of these two churches. We need to face our past openly with our brothers and sisters to have the unity that Jesus requires of His church."*

Die moderamen van die NG Kerk was baie teleurgesteld oor hierdie verwikkeling, maar is steeds hoopvol dat die prosesse wat deur die tussen-orde moontlik gemaak word, sal voortgaan. Die VGKSA Kaapland sinode het oor die tussen-orde as volg besluit:

*"Decision 113 – Provisional Church Order*
*1. Synod takes note with approval that the General Synod 2016 approved the provisional church order, to enhance church re-unification.*

*2. Synod decides that the procedure prescribed in the Provisional Order must be followed when Congregations, Presby-teries, Joint Legal Entities, or the Synodical Commission want to establish joint activities with the DRC.*

*3. Synod approves the provisional church order to be included in the new church order of the Cape Regional Synod."*

Hoewel die voorsitters van die twee sinodes deur die loop van die termyn gereeld vergader het en 'n goeie verstandhouding gehad het, kon daar slegs enkele kere daarin geslaag word om die twee moderature saam te laat vergader.

Die moderatuur dien nou namens die moderamen die volgende voorstel vir goedkeuring deur die sinode:

**Die Sinode besluit om:**

**1. sy diepe spyt uit te spreek oor die feit dat die NG Kerk se huidige kerkregtelike bedeling dit onmoontlik maak vir die sinode om die Belydenis van Belhar as 'n vierde belydenisskrif te bely.**

**2. die Belydenis van Belhar by hernuwing te onderskryf omdat dit:**

**2.1 sy oortuiging en identiteit verwoord,**

**2.2 gelowiges inspireer om die evangelie te beliggaam in al ons verhoudings.**

**Die Sinode besluit ook om:**

**3. die tussen-orde (van die VG Kerk in Suider-Afrika en die NG Kerk) te benut om dringend die eenheid tussen die NG Kerk in Wes-Kaapland en die VGKSA (Kaapland) te implementeer, deur:**

**3.1 gemeentes aan te moedig om met VGK-gemeentes in gesprek te tree oor eenheid en met behulp van die tussen-orde te verenig;**

**3.4 ringe aan te moedig om, met behulp van die tussen-orde, met hul naasliggende VG Kerk-ringe te verenig;**

**3.5 bestaande verenigde ringe aan te moedig om formeel hulle eenheid te bekragtig in terme van die tussen-orde.**

**4. Die sinode spreek die wens uit om ons verhouding met die VGKSA (Kaapland) te verinnig en versoek die Moderatuur om met die VGKSA (Kaapland) se leierskap in gesprek te tree oor die moontlikheid om op sinodale vlak met die VGKSA (Kaapland) te verenig deur:**

**4.1 die besture en taakspanne van die diensgroepe/bedieninge van die onderskeie kerke se werksaamhede saam te voeg;**

**4.2 die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland en die Sinodale Kommissie van die VGKSA (Kaapland) gesamentlik te laat vergader.**

### 5.13 Ekologie

#### 5.13.1 Natuurrampe

Verskeie natuurrampe waaronder die Suid-Kaap brande (2017) in Knysna, Sedgefield, Karatara en Plettenbergbaai, die omvangryke droogtes in die Wes-Kaap, insluitende Namakwaland, die Klein-Karoo, Karoo en Suid-Kaap, die waterkrisis in Kaapstad en omliggende gebiede van 2018 en die brande by Vermaaklikheid en die Langeberge (Riversdal) en die res van die Suid-Kaap in 2018, het sedert die sinode van 2015 ons gemeentes intens geraak. Die kerk het 'n baie unieke rol wat ons kan en behoort te speel, nié net in ondersteuning tydens 'n ramp nie, maar ook pro-aktief in rentmeesterskap van die skepping.

#### 5.13.2 Hulpverlening (Bylaag 2)

'n Strategie vir Ondersteuning Tydens Rampgebeure is deur Diaconia ontwikkel en op 6-7 Maart 2018 deur die moderamen goedgekeur. Nioma Venter het 'n breë konsultasieproses gelei om te verseker dat die intervensies wat die kerk tydens rampgebeure maak nie opportunisties is met geen betekenisvolle effek nie. Met hierdie strategie het die sinode 'n groot tree gegee om daadwerklik hulp te verleen. Daar bestaan ook 'n rampondersteuningsfonds wat deur die Diensgroep Diaconia bestuur word.

### 5.13.3 Klimaatsverandering

Dit is baie duidelik dat klimaatsverandering in die jare wat kom die kerk sal dwing om beter voorbereid te wees op die impak van die natuur op ons doen en late. Die aarde se bronne word oorbenut. Daar is dwarsdeur die termyn op gereelde basis inligting versprei oor die benutting van hulpbronne. Die Dag Zero veldtog met die oog op die besparing van water is sterk ondersteun.

Op ons YouTube-kanaal, kan die DagZero-belydenis, asook sewe liturgiese watermomente (in datum-volgorde van die sewe Sondae in Lydenstyd) besigtig word.

### 5.13.4 Inter-sinodale hulp

Melding moet gemaak word van die hulp aan ons sinodale gebied wat tydens die bovermelde rampe uit ander sinodale gebiede ontvang is. Dit het duidelik geword dat die sinodes en gemeentes se verbondenheid aan mekaar reg oor Suid-Afrika veel groter is as wat ons almal besef het.

Die Sinode van Wes-Kaapland het ook by verskeie geleenthede hulp verleen aan streke en gemeentes in streke buite ons sinodale gebied waar droogte en veldbrande sy tol geëis het.

## 5.14 Verhouding met die Algemene Sinode

Die moderamen is deeglik bewus van die belangrike funksies van die Algemene Sinode, soos dit uitgespel word in Artikel 43 van die Kerkorde van die NG Kerk. Die verbintenisse wat die tien samestellende sinodes met mekaar het, moet te alle tye met integriteit en respek hanteer word. Die Sinode van Wes-Kaapland is daartoe verbind om hierdie verband van sinodes te honoreer as uitdrukking van die eenheid van die liggaam van Christus. Die moderamen het ook waar moontlik meegewerk aan die uitvoering van die besluite wat deur die Algemene Sinode en die Algemene Sinode Moderamen (ASM) geneem is.

### 5.14.1 Interkerklike verhoudings

Die Sinode van Wes-Kaapland het ook oor die afgelope dekades hard gewerk om die Algemene Sinode se ekumeniese en interkerklike verhoudings te help uitbou. Eenheid tussen die susterskerke van NG Kerk-familie is net soveel die samestellende sinodes se funksie as wat dit die verantwoordelikheid van die Algemene Sinode is.

Die besluit van die Algemene Sinode van 2011 om die Belydenis van Belhar langs 'n kerkordelike weg te aanvaar, was na 'n voorstel van die NG Kerk in Wes-Kaapland geneem. Die teleurstelling van die uitkoms van die kerkregtelike proses (wysiging van Artikel 1) was groot en het verreikende implikasies gehad vir ons plaaslike verhoudings met die VGKSA (Kaapland).

Die NG Kerk in Wes-Kaapland het egter sy bronne tot beskikking van die Algemene Sinodes van die susterskerke gestel om die skryf van 'n tussen-orde (sien pt 5.12) vir die vier kerke moontlik te maak. Ons hulp, wat met dank aanvaar is, het die grondslag gelê van die sukses van die proses wat aanleiding gegee het tot die aanvaarding van 'n tussen-orde deur die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.

Die vereniging van die gemeentes van die NG Kerk en VG Kerk in Bredasdorp is 'n uitstekende voorbeeld van die benutting van die tussen-orde. Die eenheid tussen die twee gemeentes is 'n inspirasie vir die totale kerk in Suider-Afrika.

### 5.14.2 Lidmaatskap van die World Council of Churches

Die Kaapse en Transvaalse sinodes van die NG Kerk was afsonderlik lede van die Wêreld Raad van Kerke (WRK) sedert die ontstaan daarvan in 1948. Na die drama van 21 Maart 1960 te Sharpeville en die daaropvolgende Cottesloe-beraad, was al die NG Kerk se onderskeie sinodes intern diep verdeeld oor verdere deelname aan die Wêreld Raad van Kerke en die SA Raad van Kerke. Toe die Vrystaatse en Natalse sinodes in 1961 dit as voorbehoud stel dat die NG Kerk aan die twee ekumeniese liggame moes onttrek, voordat hulle sal instem tot deelname aan 'n algemene sinode, het die NG Kerk se deelnemende sinodes hul lidmaatskap van die WRK opgesê.

Dit was daarom besonder betekenisvol dat die Algemene Sinode in 2004 weer lid geword het van die SA Raad van Kerke en in 2016 van die Wêreld Raad van Kerke. Die NG Kerk het sedert sy hertoetrede tot beide hierdie ekumeniese liggame betekenisvolle bydraes gelewer en by die werksaamhede daarvan ingeskakel.

### 5.14.3 Christian Unity Commission (CUC)

Die gemeentes van die NG Kerk in Wes-Kaapland kan kennis neem daarvan dat die NG Kerk aan die einde van 2018 amptelike lidmaatskap bekom het van die CUC. Hierdie kommissie het van 11-13 September 2018 sy 50ste bestaansjaar gevier. Die volgende kerke is reeds lede van die kommissie: Anglican Church of Southern Africa, Uniting Presbyterian Church in Southern Africa, the Methodist Church of Southern Africa, the United Congregational Church of Southern Africa en die Evangelical Presbyterian Church in South Africa. 'n Aantal United Churches het al sedert die stigting van die CUC oor die land heen tot stand gekom. Die doel van die kommissie is om organiese eenheid tussen die lidkerke te bevorder en te bereik. Die verdere doel is om daar waar lidkerke nie selfstandig 'n nuwe bediening kan begin nie, 'n gesamentlike bediening (United Church) tot stand gebring word.

#### 5.14.4 Verhouding met kerke in Afrika

Leiers van die susterkerke van die NG Kerk-familie in Afrika het besluit om ’n forum te skep vir die bou van onderlinge verhoudings. Hierdie forum het in 2015 vir die eerste keer vergader en wel in Pretoria. Die eerste vergadering van 2015 is opgevolg met ’n vergadering in Malawi in Augustus 2016. Veertien kerke/sinodes was verteenwoordig. Daar is deeglik besef dat ons nie die pad vorentoe alleen kan loop nie. In ons groot besluite sal ons na mekaar moet luister. Die reuse uitdagings van waardegedrewe leierskap, teologiese opleiding en publieke getuienis en die negatiewe impak van voorspoedsteologie is enkele kritieke sake wat die kerkfamilie in die gesig staar. Dit is saam met die broers en susters van hierdie forum dat die NG Kerk sy identiteit as kerk in Afrika gaan ontdek. Kobus Odendaal verteenwoordig die NG Kerk in Wes-Kaapland in hierdie gesprekke. Sy kennis van die susterskerke in Afrika se omstandighede, behoeftes en bydraes tot die uitbreiding van die koninkryk is omvangryk en haas onvervangbaar. Hy speel ook ’n deurslaggewende rol daarin om dié kerke se verhouding met mekaar te bevorder en in stand te hou. Die kerk is groot dank aan Kobus verskuldig.

### 5.15 Ekumene

’n Sinodale Taakspan vir Ekumene het tot stand gekom met die doel om gemeentes te ondersteun in die ontwikkeling van plaaslike ekumene. Die taakspan staan onder leiding van ds. Richard Holloway.

Die Western Cape Council of Churches het enkele vergaderings gehou wat deur verteenwoordigers van die NG Kerk bygewoon is. Die Western Cape Religious Leaders Forum het ook ’n aantal vergaderings gehou. Beide hierdie organisasies is nie besonder goed georganiseer nie en lewer daarom nie baie betekenisvolle bydraes tot interkerklike verhoudings nie.

Die Western Cape Ecumenical Network wat deur die inisiatief van die PSD vir Publieke Getuienis tot stand gekom het (sien 5.7.3), het ’n baie waardevolle ekumeniese netwerk gebou. Die WCEN het gereeld by in Harmonie buite Franschhoek vergader. Dit is op die plaas La Motte van Hanlie Koegelenberg. Verskeie baie sinvolle en diepgaande gesprekke is gevoer oor byvoorbeeld restitusie en herstellende geregtigheid, die heropbou van die staat, verligting van armoede, rassisme en die kerk se rol om vooroordele af te takel.

Die sinode is ook verteenwoordig op die Western Cape Religious Leaders Forum, ’n inter-religieuse forum vir die godsdienstige leiers in die Wes-Kaap.

Die NG Kerk is in November 2018 as lid van die Church Unification Commission (CUC) toegelaat en ons het die plaaslike beraad vir die viering van die CUC op 16 Maart 2019 te Stellenbosch bygewoon.

### 5.16 Pastoraat

#### 5.16.1 Hospivision, CABSA

Die vennootskap wat in 2016 met Hospivision gesluit is, word steeds in stand gehou. Hospivision reik uit na gemeentes, bied opleiding aan, doen namens plattelandse gemeentes en leraars hospitaalbesoek in Tygerberg en Karl Bremer Hospitale en skakel aktief by die Taakspan Gemeentediakonaat in.

Diaconia saam met CABSA bied steeds die ‘Churches: Channels of Hope’ MIV/VIGS fasiliteringsopleiding aan. Die ideaal is om in elke ring ’n VGK en ’n NGK leraar as fasiliteerder toe te rus. Dit blyk meer en meer ’n uitdaging te wees om belangstellendes hiervoor te werf. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid aan hernude bewusmaking, aangesien die voorkoms van MIV/Vigs nog lank nie aan die afneem is in Suid-Afrika nie en daar steeds grootskaalse onkunde hieroor bestaan.

#### 5.16.2 Die Christelike Afhanklikheidsdiens (CAD)

Die CAD, wat sy ontstaan in die NG Kerk in 1966 gehad het, het op 16 Januarie 2008, in lyn met die nasionale beweging binne die organisasie, as niewinsgewende organisasie geregistreer. Hiermee het die CAD in die Wes-Kaap ophou funksioneer as ’n program van die destydse SKDB. In 2018 is gesprekke met die kerk weer op versoek van die CAD opgeneem en die uitkoms hiervan was ’n Memorandum van Verstandhouding wat met die Diensgroep Diaconia gesluit is. Die CAD dien sedertdien op die Taakspan Gemeentediakonaat en daar word gepoog om groter ondersteuning aan gemeentes te verleen.

## 6. ANDER SAKE

Daar het deur die loop van die termyn ’n aantal sake op die tafel van die moderamen gekom waaroor ons ook graag verslag doen:

### 6.1 Missionaliteit

#### 6.1.1 Artikel 2 van die Kerkorde

Die besluit van die Algemene Sinode van 2011 om missionaliteit as die lewe van die kerk eerder as ’n aspek van die kerk se werk te verstaan, het verreikende implikasies gehad. In 2013 het die Algemene Sinode ’n nuwe Artikel 2 vir die Kerkorde aanvaar wat as volg lui:

> *“Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus.”*

In 2015 gee die Algemene Sinode aan die Algemene Sinode Moderamen (ASM) die opdrag om voort te gaan met die ontwikkeling van ’n strategie vir missionale transformasie. Die ASM het sedertdien onverpoosd hieraan gewerk. Elke aspek van sy werksaamhede is deurskou om te bepaal watter transformatiewe werk gedoen moet word om die sinode te belyn met Artikel 2 van die Kerkorde en die beleidsdokument wat deur die sinode in 2013 aanvaar is.

’n Taakspan is aangewys wat teologies goed nagedink het oor ’n nuwe kerkbegrip in praktyk. Elke terrein van die kerklike lewe word nou verken om te bepaal wat die implikasie van ’n missionale teologie daarvoor is. Daar word onder meer gedink oor die implikasies vir die liturgie van die kerk. ’n Nuwe strategie vir teologiese opleiding is ook ontwikkel en word reeds geïmplementeer (sien 5.9.4). ’n Nuwe Taakspan vir Missionale Diakonaat is ook saamgestel en het aan die werk gespring om die implikasies van ’n missionale teologie vir die diakonaat van die kerk te bedink.

### 6.1.2 ’n Kerkorde vir ’n missionale kerk

Die moderamen van die NG Kerk in Wes-Kaapland het besef dat daar baie hard gewerk sal moet word aan ’n kerkorde vir ’n missionale kerk. Die Algemene Sinode se Algemene Taakspan Regte is toegegooi onder ander formele werk. Die NG Kerk in Wes-Kaapland se kerkregmense was reeds aan die nadink oor die verdere kerkregtelike implikasies van die nuwe Artikel 2 van die Kerkorde. Die moderatuur en moderamen van die Algemene Sinode is ingelig dat daar in die Wes-Kaap verder gedink word oor ’n nuwe kerkorde. Die Wes-Kaapse Taakspan Regte het besluit om op ’n inklusiewe wyse voort te gaan met ’n diepgaande besinning oor ’n kerkorde vir ’n missionale kerk.

Verskeie gesprekke is gereël waarby akademici en verteenwoordigers van ander sinodes betrek is. Daar is ook ’n gesprek in 2017 in Pretoria gehou waarheen verteenwoordigers van al tien die samestellende sinodes genooi is om saam te dink oor die inhoud van ’n kerkorde vir ’n missionale kerk. Gesprek oor en werk aan ’n kerkorde vir ’n missionale kerk gaan steeds voort. Ons vertrou dat ons uiteindelik die hele kerkverband hiermee sal help.

### 6.2 Kerkverband

Die Algemene Sinode besin reeds oor die afgelope jare oor die beste moontlike struktuur vir die Algemene Sinode. Tydens die 2015-sinode van die Algemene Sinode is die samestellende sinodes gevra om kommentaar te lewer op voorstelle vir die verandering van die strukture van die Algemene Sinode. Die komplekse geskiedenis van die vorming van die Algemene Sinode in 1962 moet in ag geneem word in hierdie besinning. Dit was met die aanvaarding van die aanvanklike strukture van die Algemene Sinode duidelik dat die selfstandigheid van die samestellende sinodes ten alle koste beskerm moes word. Die beperkte opdrag van die Algemene Sinode (huidige Artikel 43) bewys dat die verband bestaan ter wille van dié sake wat in die artikel genoem word en nie ter wille van die taak en die rol van die kerk in die algemeen nie. Die werksaamhede van gemeentes, ringe en plaaslike sinodes is nie inbegrepe by die mandaat wat in Artikel 43 van die Kerkorde aan die Algemene Sinode deur sy samestellende sinodes gegee word nie. Dit is egter in belang van die getuienis van die kerk dat die kerk een sal wees, sodat die wêreld sal glo. Daarom word daar deur Artikel 43 aangedui watter werk die eenheid van die kerk versterk en daaraan uitdrukking gee.

Die selfstandigheid van die tien samestellende sinodes word egter veral vasgelê in Artikel 37 van die Kerkorde wat soos volg lui:

> *“Dit staan die samestellende kerke (bedoelende die tien sinodes) vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam ensovoorts uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so ’n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.”*

Hierdie artikel dui op die gebrek aan organiese eenheid tussen die tien samestellende sinodes van die NG Kerk.

Hoewel die huidige gesprek oor die aard van die kerkverband al baie jare gevoer word, is dit onlangs grootliks aangevuur deur twee sake wat die Algemene Sinode verdeel het, naamlik die debat oor die aanvaarding van die Belydenis van Belhar en dié oor selfdegeslagverhoudings. Laasgenoemde het diep verskille ten aansien van ons hermeneutiek en dus die verstaan van die Skrif blootgelê. Dit het aanleiding daartoe gegee dat van die samestellende sinodes selfs ’n verdere verskraling van die eenheid tussen die samestellende sinodes voorgestel het. Ander meen weer dat die Algemene Sinode eerder ’n ekumeniese aard moet verkry, sodat die huidige samestellende sinodes se selfstandigheid nie weer deur besluite van die Algemene Sinode gekompromiteer sal word nie.

Die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland, asook die Algemene Sinode het in verskeie besluite oor die eenheid van die kerk ten aansien van die susterskerke gekies vir organiese eenheid. Dit is gedoen op grond van die oortuiging dat dit strook met die getuienis van die Skrif dat die kerk in sy wese een is en dat daar aan hierdie eenheid struktureel gestalte gegee moet word.

Die moderamen is oortuig dat die eenheid van die kerk nie verder “verskraal” behoort te word nie, maar eerder versterk moet word deur die onderlinge verbondenheid aan mekaar te bevorder, deur gesamentlike openbare getuienis op nasionale en

internasionale vlak, onderlinge hulpverlening en prosesse wat deelname aan besluitneming bevorder.

## 6.3 Multi-kulturaliteit

Die aanvaarding van ’n missionale teologie impliseer noodwendig dat daar ’n openheid vir multi-kulturaliteit in die NG Kerk sal moet wees. Daar is reeds talle voorbeelde van multi-kulturele gemeentes in die sinodale gebied. Blootstelling aan hulle kan baie leersaam wees vir die res van die kerk.

Die moderamen het daarom tydens sy vergadering van Maart 2017 besondere aandag aan hierdie kwessie gegee. Gemeentes met bestaande multi-kulturele bedieninge is genooi om hulle verhale te kom vertel. Niël Steyn, Miga Coetzee en Aubrey Thompson van Echo Youth, René Potgieter en Kirlina Magalie van Beaufort-Wes se Gamkavallei-gemeente, Riaan Britz en Martie Martin van Parowvallei-Wes en Theo Swart en Jenny Sapto van Parowvallei-Oos het aangrypend getuig oor God wat mense se harte verander om in ’n nuwe konteks kerk vir ’n wêreld in nood te wees.

Die volgende insigte is aangeteken:

- een van die heel belangrikste goed wat moet gebeur met ons as geestelike leiers, is die verandering binne onsself;
- van die grootste lesse in die bediening is by vreemdelinge (lees nie NG Kerk-mense) te leer. Dit verander gemeenteleiers se denke;
- die kerk moet wees waar die mense is. Ons moet die menslike behoeftes hoor en as kerk reageer. “There's a heaving, pushing mass called the 'unchurched' who are often sick of the church, but still hungry for God ...”
- terwyl die demografiese verskuiwing veroorsaak dat tradisionele NG Kerk-mense se huise of woonstelle bewoon word deur vreemdelinge, moet die kerk nie migreer nie. “Ons” word dus al minder, maar daar is steeds mense, mense wat ook God se mense is;
- multikultureel beteken “kleurloos” én “klasloos” wanneer jy alle mense begin sien as God se mense – God se mense wat nie noodwendig (ooit) na ons kerkgebou sal kom nie of eers notisie daarvan sal neem nie.
- My nuwe vriende het my gehelp om te verstaan dat die kerk nou na die mense toe moet beweeg en as ons geland het by hulle, dan moet ons daar bly. Lukas 10 “bly in daardie huis… “. Jy moet geen versteekte agenda hê om hulle uiteindelik binne in die kerkgebou in te manipuleer nie.
- Mense is nie dom nie en sal gou agterkom as jy daarmee besig is – en verhoudings ly skade omdat ’n veroordelende gesindheid wat by ons intree rampspoedig is vir hierdie broos verhoudings. Wanneer ’n mens oor grense wil beweeg, is ’n nie-veroordelende gesindheid ononderhandelbaar.
- Ons moet dus beweeg van ’n aantrekkende bediening na ’n verspreide bediening of “mission”. Ons moet onsself laat rondstrooi (scatter).
- Kortliks: Dit is ’n beweging van die kerk na die mense. Die omgeegroepe is die klein vlotjies op ’n groot oseaan waar intieme verhoudings oor kleur- en klasgrense heen gebou kan word en mense tuiskom in ’n geestelike familie. Om oor die grense te beweeg en kleurloos en klasloos te leef, is broos en onafgewerk en onstuimig en rou.
- Dit is “messy”! Ons moet dit aanvaar en selfs omhels. Dit behels die saamkom en saameet van ’n diverse groep mense. So word ons geestelike familie van mekaar. Om klasloos en kleurloos te leef, benodig jy die skuif van pastoraal na missionaal – van instandhouding na missionaal, na diens aan alle mense, na die sien van alle mense as God se mense. Ons het multi-kulturaliteit meer nodig as wat ons dink. Ons is geestelik arm daarsonder.
- Diversiteit is dalk ’n beter woord as multi-kulturaliteit. Om saam te eet is ’n natuurlike vertrekpunt. Jongmense het ’n opregte en natuurlike behoefte om vriende uit ander kulture te hê. Jy moet bereid wees dat mense ook foute maak – ook teenoor jou – en bereid wees om te aanvaar as mense byvoorbeeld by jou steel.
- Gaan dien mense op hulle terme, nie op jou voorwaardes en terme nie. Daar is ’n ongelooflike dors. Multi-kulturaliteit is nie ’n projek nie, dis ’n gawe.
- Multi-kulturaliteit is nie iets wat jy doen nie, dis iets wat jy ontvang.

## 6.4 Leierskapontwikkeling

### 6.4.1 Jong leraars

Die moderatuur het uit die staanspoor besef dat die ontwikkeling van veral jong leiers in die sinode ’n belangrike verantwoordelikheid van die huidige sinodale leiers is. Die moderatuur het daarom in samewerking met die Taakspan vir Predikante-begeleiding aan die begin van 2016 al die leraars onder 35 jaar oud genooi na ’n werkswinkel in Goudini.

Die moderatuur het weer aan die begin van 2016 saam met die Taakspan vir Predikantebegeleiding die leraars onder 35 jaar oud genooi na ’n tweedag byeenkoms in die Kaap. 22 jong leraars, moderatuurslede en lede van die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding het die geleentheid meegemaak. Die fokus is eerstens geplaas op die geskiedenis van die NG Kerk. ’n Begeleide toer deur die Kompanjies-tuine en Groote Kerk in Kaapstad het waardevolle en gewaardeerde perspektiewe gebied op die vroeë geskiedenis van die NG Kerk. Hierna is die groep na Robbeneiland vir ’n begeleide

toer op die eiland en deur die gevangenis. Die gefasiliteerde gesprek daarna onder leiding van Nico Simpson van Bybel-Media was uiters waardevol. Die "afstandelike" kyk vanaf die eiland na Suid-Afrika, en spesifiek die rol van die kerk, was besonder verrykend.

Die gedagte aan 'n aktiewe proses waarin jong leraars die leiding neem om te onderskei watter benadering die kerk wil volg met betrekking tot ons *millennial* lidmate het hier ontstaan.

Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding het onder leiding van. Anriëtte de Ridder in 2018 'n VBO-kursus vir jong leraars te Volmoed aangebied. Die kursus is bygewoon deur 16 leraars en het spesifiek gefokus op hulle eie strategie as jong leraars in die kerk. Geleenthede soos hierdie help die jonger generasie om 'n stem te kry in die kerk wat hoorbaar moet raak binne generasies wat uit groot teologieklasse 'n stem in die kerk gekry het.

#### 6.4.2 Ringsvoorsitters

Die besluit van die sinode in 2015 om die voorsitters van ringskommissies vir die duur van die volle termyn tussen sinodes te kies, het baie goeie vrugte afgewerp. Die verdere besluit dat hierdie voorsitters ook die verteenwoordigers van die ringe op die moderamen moet wees, het verder bygedra tot die integrasie van die kerklike werksaamhede en die ontwikkeling van leierskap. Blootstelling aan die totale werksaamhede van die sinode, mede-verantwoordelikheid wat deur deelname aan die besluitnemingsprosesse van die moderamen ontstaan en die daaropvolgende eienaarskap van die besluite wat geneem is, het beslis die gaping tussen die werksaamhede van die sinode en die van ringe en gemeentes vernou. Kontinuïteit is ook verseker sodat die lede van die moderamen oor die duur van die termyn met vertroue kon deelneem aan prosesse. Afvaardigings na die Algemene Sinode en werksaamhede van die Algemene Sinode het ook hoofsaaklik uit hierdie groep goed-ingeligte leiers gekom.

#### 6.4.3 Kerkraadslede

Die 25 ouderlinge/kerkraadslede van die moderamen het ook toenemend hulle stempel op die besluite en funksionering van die moderamen afgedruk. By talle geleenthede was hulle perspektiewe en bydraes deurslaggewend. Die feit dat hulle blootstelling het aan die dinamika van ander sektore van die samelewing het dikwels bygedra tot praktiese wysheid en visie.

Die sinode is groot dank verskuldig aan ons ouderlinge wat onbaatsugtig en met toewyding hulle rol as leiers in die moderamen, ringe en gemeentes opgeneem het. Daar sal in die toekoms goed gedink moet word oor die ontsluiting van die leierskap van ons lidmate. In 'n missionale kerk is dit waarskynlik die een faktor wat 'n nuwe kerklike beweging aan die gang kan kry.

### 6.5 Klein gemeentes

Tydens die Maart 2017 moderamenvergadering is opnuut kennis geneem van die druk waaronder sommige kleiner gemeentes funksioneer. Wat aanvanklik net 'n navorsingsprojek onder plattelandse gemeentes was, het vinnig uitgebrei om die gedeelde kontekste van klein gemeentes, dus ook die in die stede, te ondersoek. Navorsing is gedoen by al die gemeentes met 'n lidmaattal van onder 150. Die navorsing het 'n inter-diensgroep (Toerusting en Gemeentebegeleiding) inisiatief laat ontstaan om met behulp van Bybel-Media 'n hulpmiddel te ontwikkel wat kerkrade kan help om missionaal volhoubaar te kan funksioneer.

Die resultaat is die volhoubare missionale gemeente bordspel. Die bord help gemeentes om aan die hand van 12 aspekte van gemeentewees verskeie opsies oor die bediening te oorweeg.

### 6.6 Selfdegeslagverhoudings (Bylaag 3)

Die besluite oor selfdegeslagverhoudings van die Algemene Sinode van 2015 en 2016 het baie debat en tweespalt onder lidmate veroorsaak. Sommige leraars het rapporteer dat hulle dit moeilik vind om verder oor die onderwerp te praat. Kerkrade was diep verdeeld. Ander kerkrade was eenstemmig. Sommige was sterk ten gunste van die 2015 besluit en ander sterk ten gunste van die 2016 besluit. Die debat het diep verskille oor die hantering van die Skrif ontbloot. Daar was ook sterk verskille oor die oorsake en omkeerbaarheid van homoseksualiteit. Die betekenis en waarde van die huwelik is ook onder die loep gebring.

Die moderamen het uit die staanspoor aangevoel dat dit nou wys sal wees om weë te vind om gesprek op gang te hou en gelowiges te help om na mekaar te bly luister. Die moderamen het die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (STLAS) versoek om te help met die vorming van standpunte oor die aangeleentheid. 'n Proses is deur die moderatuur ontsluit om die stemme van gay persone te hoor. IAM is gekontak en daar is met hulle ooreengekom oor hulle deelname. STLAS het die proses verder geneem en 'n konferensie gereël waarvan IAM die gespreksleiers was.

STLAS het saam met Bybel-Media gespreks-hulpmiddels ontwikkel ten einde die gesprekke tussen gelowiges oor hierdie verdelende onderwerp op 'n deurtastende, maar respekvolle manier te voer. 'n Aantal gemeentes het standpunte ingeneem en aan die moderatuur en STLAS gestuur. Die onderskeie standpunte was teenoormekaarstaande van aard.

In Augustus 2018 het die moderatuur ’n getuienis geformuleer wat aan gemeentes gestuur is ter wille van die reaksie van gemeentes. STLAS het die terugvoer ontvang en verwerk. STLAS het uit al die getuienisse tot ’n bepaalde slotsom gekom en op die tafel van die moderamen geplaas vir oorweging. Die standpunt maak ruimte vir persone van beide hermeneutiese strome van denke om hulle daarbinne tuis te voel.

Die moderamen het in Maart 2019 ’n besluit geneem ten aansien van selfdegeslagverhoudings wat nou aan die sinode voorgelê word vir goedkeuring. Die moderamen stel voor dat die sinode die volgende voorstel oorweeg en goedkeur:

**1. Die Sinode neem kennis van STLAS se verslag na aanleiding van die moderamen se opdrag aan STLAS, te wete:**

**1.1 om die besinning in gemeentes oor selfdegeslagverbintenisse aan te moedig en te fasiliteer, en**

**1.2 om ’n gefundeerde voorstel oor selfdegeslagverbintenisse via die moderamen aan die sinode voor te lê.**

**2. Die sinode neem kennis dat ’n toenemende aantal gemeentes aan die hand van STLAS se gespreksmateriaal en versoeke, gesprekke oor selfdegeslagverbintenisse begin voer het en dat dit tot groter begrip vir mekaar se standpunte gelei het.**

**3. Die sinode neem verder kennis dat gemeentes, ongeag die posisie wat ingeneem word, daarin slaag om:**

**3.1 met integriteit, openheid, broosheid en respek aan die gesprek deel te neem,**

**3.2 waardering te kry vir die kompleksiteit en sensitiwiteit van die saak,**

**3.3 te besef dat dit uiteindelik oor die lewens en menswaardigheid van medebroers en -susters in Christus gaan.**

**4. Die sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg in hierdie saak tot ’n vasgelooptheid in die gesprek gelei het.**

**5. Die sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in ’n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.**

**6. Die sinode is verbind tot ’n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.**

**7. Die sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:**

**7.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;**

**7.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en**

**7.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.**

**8. Die sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.**

**9. Die sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:**

**9.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,**

**9.2 toegang tot die sakramente,**

**9.3 integriteit van verhoudings, en**

**9.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem**

**9.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie.**

**Prosesvoorstel vir die Algemene Sinode**

**10. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:**

**10.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,**

**10.2 toegang tot die sakramente,**

**10.3 integriteit van verhouding, en**

**10.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag geneem word, ongeag ras, geslag, kla, of seksuele oriëntasie.**

### 6.7 Bestuurs- en administratiewe personeel

Die moderatuur het sedert 2016 ’n jaarlikse afsluitings- of openingsfunksie vir die bestuurs- en administratiewe personeel van die sinode gehou. Hierdie personeel lewer ’n reuse bydrae tot die sukses wat die sinode met die uitvoering van sy

roeping behaal. Tydens hierdie funksies het die moderatuur gepoog om in kort die personeel bewus te maak van die roepingsverstaan en strategiese fokusse van die sinode.

Die personeel van die sinode werk buitengewoon hard en doelgerig om die beste resultate te behaal. Die twee kantore, Bellville en Stellenbosch, se personeel het ook mekaar se werksplekke besoek. Dit het baie bygedra tot onderlinge vertroue en wedersydse respek. Die moderatuur is dankbaar vir die gesindheid, gehalte en toewyding waarmee die personeel hulle onderskeie rolle speel en hulle werk doen.

### 6.8 Streeksbyeenkomste

Die moderatuur het in 2016, 2017 en 2018 streeksbyeenkomste gereël en wel op die volgende plekke: Vanrhynsdorp, Beaufort-Wes, George, Caledon, Paarl en Bellville. Die byeenkomste is baie goed bygewoon. Waardevolle terugvoer is vanuit die streke gekry. Uitstekende geleenthede is gebied om groter strategiese bewegings in die kerk onder die aandag van die leraars en lidmate te bring. Belangrike inligting kon oorgedra word met waardevolle interaksie met gemeenteverteenwoordigers vanoor die hele streek.

### 6.9 Emeriti-tee

Die moderatuur hou jaarliks ’n teedrinkgeleentheid vir emeriti en hulle gades en wel in George en die Strand. Die geleenthede word uitstekend bygewoon deur die afgetredenes. Dit is ook ’n goeie geleentheid vir hulle om met die bestuurder van hulle pensioenfonds, ds. Bossie Minnaar, kontak te maak. Die welwillendheid en waardering van die emeriti het telkens boekdele gespreek van hulle gesindheid, toewyding en sorg vir die kerk.

### 6.10 Eiendom

Die NG Kerk in SA besit ’n groot aantal eiendomme, waarvan talle van groot historiese waarde is – dink maar aan eiendomme soos die Kweekskool in Stellenbosch, die geboue in Wellington wat deur Hugenote Kollege, die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit en Bybel-Media benut word, en die eiendomme in Worcester wat deur Innovation for the Blind en die Nasionale Instituut vir Dowes benut word.

Sommige instansies worstel met die instandhouding van hulle eiendom en beleef kontantvloeiprobleme. Die moderamen het besef dat spesifieke eiendomme verkoop kan word sonder dat dit die werksaamheid van die betrokke instelling of die roeping van die sinode negatief sal beïnvloed. Die moderamen het gevolglik besluit dat die Hugenote Kollege en Innovation for the Blind met ’n proses kan begin om eiendomme te identifiseer wat moontlik verkoop kan word. Die opbrengs kan die betrokke instansies help om hulle primêre taak beter uit te voer.

Die moderamen het finaal besluit om die eiendom in Franschhoek (Erf 579 in Lambrechtsstraat, Franschhoek) per tender te verkoop. Die moderamen is dankbaar vir die R15 miljoen wat so verkry is.

Die moderamen het ook besluit om voort te gaan om met die Munisipaliteit van Oudtshoorn en die Wes-Kaap se Departement van Menslike Nedersettings te onderhandel oor die beskikbaarstelling van die NG Kerk in SA se eiendomme in De Hoop, Oudtshoorn met die oog op die ontwikkeling van ’n agri-dorp.

### 6.11 Argief

Die Argief speel ’n belangrike rol om die geheue van die kerk uit te bou. Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal behels uiteindelik die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie-enig in en deur sy kerk in ’n bepaalde gebied. Dit stel die kerk in staat om sy funksies op ’n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die kerk se argief huisves gevolglik ook die skriftelike en ander getuienisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm.

Die Argief lewer ’n diens aan die algemene sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk én die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. Ses sinodes (Wes-, Oos- en Noord-Kaapland en die Hoëveld, Goudland en Noordelike Sinode) koop ook ’n volledige argiefdiens by die Argief.


Die moderamen het besluit om die pos van ’n hoofargivaris by die Argief te omskep in die van ’n bestuurder vir die Argief. Dr. Andrew Kok is vanaf 1 Desember 2017 die bestuurder by die Argief.

**Voorsitter van moderamen**
**Nelis Janse van Rensburg**

# BYLAAG 1

# GELOOFSVORMING – JEUGSTRATEGIE VERSLAG

# SINODE VAN WES-KAAPLAND




## 1. DIE METAFOOR VAN ’N TAFEL

Geloof is soos ’n groot hout eetkamertafel. Geloofsvorming is ’n proses net soos houtwerk. ’n Houttafel neem tyd, moeite en vaardigheid om te maak, net soos geloof oor ’n leeftyd gevorm word. ’n Tafel wat met liefde gemaak is, kan ’n erfstuk word wat vir jare familie en vriende se bymekaarkom plek word. Só ’n tafel is ’n ruimte waar stories en tradisies gevorm en gedeel word.

> *Het jy al ooit gekyk hoe 'n skrynwerker met hout werk?*
> *Wat het jy gesien?*
> *Geruik?*
> *Gehoor?*
> *Gevoel?*
> *Vertel van 'n tafel in jou hede of verlede wat vir jou betekenis inhou.*

## 2. VIER TAFELPOTE

Soos vier tafelpote, word geloof ook gevorm deur vier aspekte wat geïntegreerd is. Hierdie vier “pote” van geloofsvorming is:
- Kennis
- Verhoudings
- Aksie
- Aanbidding

### 2.1 Kennis

Kennis is nodig vir geloofsvorming. Hierdie kennis sluit in kennis oor God, Jesus en die Heilige Gees. Kennis oor die Bybel en kern geloofswaarhede. Kennis wat nodig is om in ’n verhouding met die Here te leef. Kennis oor die kerk en die gemeenskap van gelowiges.
Maar dit sluit ook in toegepaste kennis (lewenswyshede) oor hoe om as Christen te leef.

### 2.2 Verhoudings

Mense is nie gemaak om alleen te glo nie, maar om saam te glo en mekaar se geloof te versterk. Geloof word gevorm in verhoudings met ander deur dissipelskap, mentorskap, gemeenskap van gelowiges en die kerk. Geloof is hoe jy as Christen in verhouding met jouself en ander leef as gelowige. Geloofsvorming is interaktief en ’n lewenslange vormingsproses.

### 2.3 Aksie

Geloof wat nie oorgaan tot dade nie, is nie werklik geloof nie. Geloof is nie net kognitiewe waarhede of verhoudings nie, maar ook ’n gehoorsame navolgelingskap van Jesus wat jou dade, woorde, houding, keuses, waardes en doelwitte beïnvloed. Ons word geroep om as God se ligdraers in die wêreld te leef, na ander uit te reik en ’n verskil in die wêreld te maak. Geloof en lewe is geïntegreerd.

### 2.4 Aanbidding

Hoe geloof werk is ook ’n misterie en verskil van persoon tot persoon. God stap ’n individuele pad met mense en mense ontmoet God op verskillende plekke en maniere. Mense se verskillende spiritualiteite beïnvloed hoe hulle God beleef en aanbid.

> ***Hoe is jou geloof gevorm?***
> *Kan jy aan mense, plekke of geleenthede dink wat 'n impak gehad het op jou geestelike groei?*
> *Kan jy aan voorbeelde dink van hoe die vier tafelpote in jou lewe gestalte kry?*
> *kennis*
> *verhoudings*
> *aksie*
> *aanbidding*
> *Hoe lyk jou gemeente se vier bene van geloofsvorming?*

## 3. DIE VIER TAFELPOTE VAN GELOOFSVORMING IN DIE KONTEKS VANDAG

Die vier tafelpote van geloofsvorming het egter in vandag se tyd 'n unieke uitdaging en toepassing. Met ander woorde, alhoewel kennis altyd belangrik is, word kennis vandag vir die jonger generasie op 'n ander, nuwe manier gevorm. En so ook verhoudings, aksie en aanbidding.
Hoe lyk hierdie vier tafelpote in jeugbediening vandag? Voltooi die 100 vraag vraelys (aan die einde van die verslag of aanlyn by www.dinkjeug.co.za beskikbaar) en gebruik die volgende gedeelte om dit te bespreek.

### 3.1 Kennis




#### 3.1.1 Kennisvorming vandag

Die kenniskomponent van geloof is nog altyd belangrik. Daar word in baie gemeentes steeds baie moeite gedoen met kategese, leerplanne en kennis-oordrag. Maar hoekom lyk dit dan soms of tieners nie hulle Bybel ken nie? Of dat dit vandag moeiliker is as jare gelede om kennis vas te lê? Is dit moontlik dat kennis in vandag se tyd anders gevorm word?

Navorsing onder 2 930 gelowige, Protestantse Christene in die VSA wys dat:

- 19% jongmense lees die Bybel elke dag, maar 59% jongmense sê dat hulle daagliks oor Bybelse waarhede dink.
- Verder toon die navorsing dat 90% jongmense sê dat hulle 'n begeerte het om deur hulle lewe en dade vir Jesus te eer. (https://tda.lifeway.com/)

Dus is daar 'n groter behoefte om na te dink oor die Bybel (as om dit te lees) en jongmense ag steeds die toegepaste waarhede as belangrik en invloedryk. Hoe help ons jongmense om oor die Bybelse waarhede te dink en hoe help ons hulle om die verband tussen die Bybel en hul eie leefwêreld te maak?

**Vraag 1:**

Dink aan 'n geleentheid waar jy saam met ander kos maak. Hoe doen julle dit?

Kan jy aan 'n geleentheid dink toe jy iets nuut aangeleer het? Vertel.

Hoe help dit ons om nuut te dink oor die manier wat ons kennis deel in geloofsvorming?




*Moderamen navorsing resultate uit vraelyste onder kinders en jongmense (Aug 2017)*

Volgens die navorsing deur die Barna Group (www.barna.org) onder *Christian Millennials* in die VSA het:

- 70% jongmense Bybels (in skrif),
- maar ook 46% die Bybel op hul foon,
- 35% gebruik die internet om die Bybel te lees en 33% jongmense gebruik 'n toepassing (app) om Bybel te lees.

Dit wil dus voorkom of die medium ook verander het. Nog navorsing deur die Barna-groep toon dat jongmense wat na skool in die kerk bly (teenoor jongmense wat die kerk verlaat) meen dat:

- hulle gehelp is om die Bybel toe te pas in hulle lewe (29% teenoor 7%);
- dié wat in die kerk bly, meen dat hulle gehelp is om met behulp van die Bybel Jesus te leer ken en 'n verhouding met Hom te hê (68% teenoor 25%);
- en dat die Bybel hulle help om 'n betekenisvolle lewe te hê (65% teenoor 17%).

Dié navorsingresultate wys dus dat Bybelse kennis opsigself nie geloof vorm nie, maar dat dit wel nut het wanneer die verband tussen geloof (Bybel) en leefwêreld getref word.

#### 3.1.2 Multi-dimensioneel teenoor eenrigting / een-dimensioneel

Die kosmaak metafoor is 'n goeie manier om te verstaan hoe kennis vandag anders as in die verlede

gevorm word. In die verlede is kennis hoofsaaklik deur ’n kenner (of boek) oorgedra. Dit was meestal ’n eenrigting en eendimensionele proses. Dink maar aan ŉ onderwyser wat voor ’n klas staan en hulle leer. Dit was ’n proses waarin die teorie verduidelik is en daarna het die ontvanger dit prakties gaan toegepas.

Vandag werk dit meer soos om te leer fietsry of kook. Dit is ’n multi-dimensionele proses waar kennis op verskeie maniere ingewin word (uit boeke, met behulp van tegnologie, deur te eksperimenteer, vanaf ander mense ensovoorts). Almal neem deel aan kennisoordrag (almal het ’n bydrae en deel hul kennis of ervaring) – dink maar aan ’n familie wat saam kosmaak of ’n internet groep van ouers wat raad met mekaar deel. Die teorie kom nie noodwendig voor die praktyk nie. Praktyk – teorie – praktyk – teorie vorm ’n herhalende siklus.

Dit is belangrik vir gemeentes om dus nuut te dink oor hoe en waar kennis oor geloof gevorm word. Is daar ruimtes waar kinders en tieners self vrae kan vra en waarhede ontdek (eerder as wat dit oorgedra word)? Hoe kan die teorie vermeng word met die praktyk? En hoe kan verskillende bronne, metodes, leerstyle en ruimtes ingespan word sodat kinders en tieners ’n multi-dimensionele leerervaring kan hê wat hul geloof vorm?

Gemeentes kan begin deur verskillende bronne, mense, visuele hulpmiddels in te span en leergeleenthede meer interaktief in te kleur. Hou verskillende leerstyle in gedagte wanneer kategese beplan word (visueel, ouditief, verbaal, interaktief, individueel, aktief, logies ensovoorts).

Dink na oor hoe kan ons jongmense die vaardigheid kan aanleer om te kan verskil, bevraagteken en hul eie opinie vorm. Mentorskap en saam groei (lewenslange dissipelskap) sal voortaan ’n belangrike aspek word van jeugbediening. Kennis sal waardes moet kan vorm (toegepaste kennis) en daarom sal ons al meer interaktief met “kennis” moet omgaan.


> Lys die plekke waar jeug betrek word of bedien word in jou gemeente (byvoorbeeld erediens, kategese, kampe, uitreike, feeste, kleingroepe, ens).
> Merk waar elkeen op die volgende KENNIS kontinuums is en gesels daaroor:
> - Kennis oordrag teenoor Kennis ontdek
> - Teorie voor praktyk teenoor Praktyk vermeng met teorie
> - Boeke kennis teenor Multi-dimensionele kennis vorming

### 3.2 Verhoudings




Verhoudings is nog altyd ’n baie belangrike deel van geloofsvorming en belewenis. Die meeste gelowiges kan getuig van die rol wat ander gelowiges in hulle lewe gespeel het. Ons weet dat verhoudings kern is. Oor die afgelope paar dekades is daar egter veral in jeugbediening klem gelê op verhoudings binne ’n spesifieke ouderdomsgroep. Kategete of jeugwerkers het kinders en tieners meestal apart van volwassenes en ander ouderdomsgroepe kinders bedien. Die positiewe hiervan was dat hulle in hulle eie taal en kultuur deur hulle eie portuur beïnvloed kon word. Hoekom ervaar jongmense egter so min verbintenis met die kerk? Wat het ons gemis?

> **Vraag 2:**
>
> Vertel van 'n piekniek of braai waar verskillende ouderdomme saam gekuier het.
>
> Kan jy aan nog 'n geleentheid dink toe jy só 'n ruimte ervaar het waar verskillende ouderdomme bymekaar was? Vertel.
>
> Hoe help dit ons om nuut te dink oor die rol wat verhoudings speel in geloofsvorming?




*Moderamen navorsing resultate uit vraelyste onder kinders en jongmense (Aug 2017)*

Waaraan moet daar ook nou aandag gegee word wat verhoudinge betref? Het ons dalk in die proses ruimtes waar jong en oud wedersyds bymekaar kan leer, afgeskeep?

Navorsing dui aan dat veral interouderdom verhoudings baie belangrik is vir die ontwikkeling van geloof. Die navorsing deur die Barna-groep (www.barna.com) in die VSA onder jongmense wat aktief in die kerk bly na skool, toon dat hulle verhoudings met gelowiges ’n positiewe impak op hulle lewens het (28% teenoor 11%).

Hiermee saam getuig hulle dat hulle ’n betekenisvolle verhouding gehad het met ’n ouer (volwasse) gelowige (59% teenoor 31%).

Soortgelyke navorsing deur die Life Way Research groep (www.lifewayresearch.com) wys dat jongmense wat gelowige, betrokke volwassenes word, ’n gemiddelde verhouding met vier of meer “significant believing adults” gehad het tussen die ouderdom van 15-19 jaar.

### 3.2.1 Intergenerasioneel

’n Piekniek is ’n toepaslike metafoor vir hoe geloof te midde van verhoudings gevorm word. In die verlede was daar ’n tyd wat die klem daarop geval het dat elke ouderdomsgroep op hulle eie bedien moet word. Nou word die waarde weer opnuut ontdek dat geloof ook tussen ouderdomsgroepe (intergene-rasioneel) wederkerig gevorm word.
Dit beteken dat daar nie net verskillende ouderdomme bymekaar is nie, maar dat hulle mekaar se geloofsreise beïnvloed. Ook is dit belangrik dat dit nie net volwassenes is wat kinders of tieners se geloof vorm nie, maar ook andersom.

Net soos ’n piekniek ’n mens uit jou gemaksone haal en soms heerlike chaos kan veroorsaak, lyk ruimtes waar geloof intergenerasioneel gevorm word ook anders as waaraan ons gewoond is. ’n Piekniek vra dat almal saam op die grond sit, almal die kos deel en almal deelneem aan die gesels en kuier. Ruimtes waar geloof binne verhoudings gevorm word, vra ook dat elkeen gelyk behandel word, almal deelneem en dat elkeen ’n bydrae maak en ewe gemaklik is om deel te neem.


Ons sal nuut moet dink oor ruimtes soos eredienste, kategese en kleingroepe en hoe daar in hierdie ruimtes gekommunikeer word. Daar sal opnuut ruimtes en geleenthede geskep moet word waar geloofgesprekke en deelname bevorder kan word tussen ouderdomsgroepe. Gemeentes sal opnuut moet dink oor hul dissipelskap en familiebediening kernaspekte van gemeentebediening en hul jeugstrategie kan maak.

## 3.3 Aksie




Die kerk se dienswerk in die wêreld is ’n wonderlike getuienis van die Lig van Christus. Die Jakobus brief herinner ons dat geloof sonder dade leeg is. Geloof word juis gevorm waar ons dit beoefen. Maar vir ’n lang tyd is die kerk se dienswerk georganiseer en sentraal gekoördineer in kommissies en bedieninge. Dit het die taak en verantwoordelikheid van elke lidmaat onderspeel en jongmense nie die kans gegun om daagliks hul geloof en dienswerk in te oefen nie. Hoe moet geloofsvorming vandag lyk sodat aksie en dienswerk deel van elkeen se geloofsvormingspad word?

> **Vraag 3:**
>
> Waar en op watter manier het jy die afgelope week ervaar dat Jesus jou gebruik? Vertel.
>
> Hoe help hierdie verhale ons om na te dink oor hoe ons ons geloof leef?




*Moderamen navorsing resultate uit vraelyste onder kinders en jongmense (Aug 2017)*

Navorsing deur die Barna-groep wys dat jongmense wat na skool aktief in die kerk bly: (www.barna.org/millennials)

- het op ’n kort termyn uitreik gegaan (33%)
- het ’n geleentheid gehad om arm persone te bedien (33%)

- het 'n geleentheid gehad om 'n saak te ondersteun (24%).

teenoor jongmense wat die kerk verlaat en wat minder as helfte van die geleenthede gehad het.

76% Protestante gemeentes in die VSA lys uitreike as 'n prioriteit in hul jeugbedieningstrategie. Verder, jongmense wat in die kerk bly na skool:

- weet wat hul gawes en roeping is (45%)
- weet wat hul doel in die lewe is (45%)

teenoor jongmense wat die kerk verlaat en wat drie keer minder vertel dat hulle dit weet.
(Barna Group: You lost me research, 2011)

### 3.3.1 Geïntegreerd

'n Kosblik is 'n toepaslike metafoor van hoe aksie deel uitmaak van geloofsvorming. Kosblikke word oral saamgeneem na die plekke waarheen ons elke dag gaan – skole, studieplekke en werksplekke.

Dit is 'n metafoor van ons alledaagse lewens. Wanneer 'n kosblik se inhoud gedeel word, dui dit op omgee, verhoudingsbou en diensbaarheid tussen mense in ons leefwêreld. Aksie dui op die deel van geloof wat dade, woorde, keuses en houding insluit wat ons leefwêreld beïnvloed. Voorheen het mense dikwels gedink aan Christelike dienswerk as iets wat by die kerk gebeur of korporatief deur die kerk georganiseer word.


Vandag lê ons opnuut weer klem daarop dat ons geloofaksies geïntegreerd moet wees met ons alledaagse lewe. Geloof word gevorm daar waar objektiewe kennis prakties toegepas word en uitvloei in 'n lewe van diensbaarheid.

Gemeentes sal opnuut moet dink oor hoe hulle jeugbediening inrig sodat dienswerk en aksie ingeoefen kan word by die skool, huis en ander ruimtes. Ons sal opnuut moet dink aan ervaring nie as uitvloeisel nie, maar as 'n primêre fokus van geloofsvorming, wat heel week plaasvind en almal betrek.

Diensbaarheid, betrokkenheid en 'n behoefte om 'n verskil te maak, is deel van die kenmerke van die nuwe generasie. Ons sal opnuut moet dink oor die gestuurdheid van kinders en jongmense en hulle moet help om hul roeping en gawes te vind, te verstaan en uit te leef.

> Lys die plekke waar jeug betrek word of bedien word in jou gemeente (byvoorbeeld erediens, kategese, kampe, uitreike, feeste, kleingroepe, ens).
> Merk waar elkeen op die volgende AKSIE kontinuums is en gesels daaroor:
> By die kerk teenoor by die huis en in hul leefwêreld
> 'n Klein beperkte groepie neem deel teenoor almal neem deel aan dienswerk
> Teoretiese opleiding vir dienswerk teenoor praktiese opleiding en ervaring.

### 3.4 Aanbidding




Ons bely dat ons oral God se hand kan sien in die wêreld en Hom oral ontmoet. Ons het egter die afgelope jare baie klem gelê op die kerkgebou, erediens en spesifieke geloofsgewoontes soos Bybellees. Daar is egter 'n groeiende insig dat mense en spiritualiteite verskil en dat mense op allerlei maniere vir God raaksien en aanbid. Hoe kan geloofsvorming ruimte bied vir verskillende tipe jongmense en hulle begelei op hulle eie unieke geloofspad? Watter geloofservarings maak 'n impak op jongmense?

- Kampe word gelys as die vyfde grootste invloed op 'n kind (tot en met 14 jaar) en op 'n jongmens (15-29 jaar) om tot geloof in Jesus te kom.
- 47% van Christen jongmense in Australië getuig dat hul kampervaring 'n direkte invloed op hul geloofsbesluite gehad het (Australian Bureau of Statistics en http://mccrindle.com.au/).

> **Vraag 4:**
>
> Waar en wanneer ervaar jy God?
>
> Hoe beïnvloed die Bybel jou geloof?
> En preke? En mense? En musiek? En die nood van die wêreld? En gehoorsame dade? En die natuur? En stilte? En simboliek?




*Moderamen navorsing resultate uit vraelyste onder kinders en jongmense (Aug 2017)*

Het dit dalk te doen met hoe daar op kampe gewoonlik ruimte gemaak word vir verskillende spiritualiteite?

Die getuienisse van die #imagine fees vertel dat jongmense God op 'n verskeidenheid van plekke en maniere God beleef. Sommige ontmoet God in die musiek, ander in die sprekers se aanbiedings, ander in die gebedstasies. Sommige meen die kleingroepe en werkswinkels help hulle om met God kontak te maak. Nog ander ontmoet Jesus in gesprekke met beraders, leiers of tussen vriende.

### 3.4.1 Verskeidenheid spiritualiteite

'n Feesmaal kan 'n metafoor wees vir aanbidding. As mense 'n feesmaal beskryf, is daar verskillende dinge wat elkeen geniet. Een persoon sal die kos geniet, 'n ander een sal noem dat die kerslig of blomme mooi was, 'n ander sal weer die geselskap geniet en nog 'n ander een sal die musiek waardeer. Sommige sal let op die groep se ervaring en vir ander sal individuele gesprekke belangrik wees. Sommige sal let op die algehele atmosfeer van die geleentheid en ander sal weer spesiale of besonderse oomblikke geniet.

Net so is ons vandag baie bewus daarvan dat kinders en jongmense God op verskillende maniere ervaar. Dit geld natuurlik vir volwassenes ook! Sommige sal groei wanneer hulle meer leer van die Bybel of geloof, ander wil met mense oor hul geloofservarings gesels, ander wil God met musiek aanbid, ander weer met stiltes of simbole. Sommige mense ervaar God in die natuur, ander wil weer diensbaar wees en sien God raak waar mense 'n verskil in die wêreld maak.

Die onderliggende vraag is hoe ontmoet jongmense God? Hoe skep ons vandag eietydse en diverse ruimtes vir jongmense waar hulle God kan beleef? Hoe sal 'n kinder- en tienerbediening lyk wat ruimte maak om kinders en tieners bloot te stel aan verskillende tipe spiritualiteite? Hoe kan ons diverse style van aanbidding en leerstyle aanmoedig? Hoe kan ons 'n verskeidenheid van ruimtes (ook buite die kerkgebou) inspan vir geloofsvorming en in die proses 'n hoër begrip vir diversiteit kweek?

Die vraag wat gemeentes mee kan begin is – hoe kan ons bestaande ruimtes (byvoorbeeld kampe, eredienste, kategese) anders en meer kreatief en divers inrig?

En verder, hoe kan ons #imagine deel maak van ons gemeente/sinode se strategie? Die uitdaging word ook gegee dat elke gemeente 'n vennoot soek (byvoorbeeld 'n ander denominasie of gemeenskap) om saam te bring na #imagine as deel van brugbou en diversiteit (missionaal te dink).

Lys die plekke waar jeug betrek word of bedien word in jou gemeente (byvoorbeeld erediens, kategese, kampe, uitreike, feeste, kleingroepe, ens).
Merk waar elkeen op die volgende AANBIDDING kontinuums is en gesels daaroor:
Eenvormige styl / Diverse style
Beperkte ruimtes / Verskeidenheid ruimtes
Lae kennis oor spiritualiteite / Hoë begrip vir diversiteit

## 4. 100 VRAE VRAELYS

Voltooi die 100 vrae vraelys en evalueer hoe geloofsvorming tans in die gemeente plaasvind.
*Merk watter stellings waar is van julle gemeente se jeugbediening:*

1. Ons werk nie net uit die kategeseboek nie
2. Die kategete word aangemoedig om hul groepe se huise te besoek
3. Ons maak gebruik van stiltes in die kategese
4. Daar is plaaslike uitreike
5. Die kategete bel almal op hul verjaarsdae
6. Ons werk dikwels met ander hulpmiddele behalwe die boekie in die kategese
7. Daar is gereeld getuienisse oor dienslewering in die eredienste
8. Ons doen moeite om mense dinge te laat ervaar
9. Kinders/tieners word aangemoedig en bemagtig om betrokke te wees by die basaar
10. Die kategete het almal in hul groepie op 'n *whatsapp* groep
11. Ons kategete staan nie voor die groep en leer nie
12. Ons hou soms diens of kategese in die natuur
13. Ons maak baie gebruik van die kerkjaar simboliek in die diens
14. Die leier van die kategese het die kategete op 'n *whatsapp* groep
15. Kinders neem ook kollekte op
16. Ons kinders sit nie in rye nie
17. Tieners help ook met die nagmaal
18. Ons jeugbediening sien om na die natuur
19. Ons maak moeite om die sakramente op 'n verskeidenheid maniere te vier
20. Die kategete versorg mekaar geestelik
21. Daar is ook kinders/tieners wat mense binne en buite die gemeente ondersteun
22. Ons sing verskillende tipe liedere in die diens
23. Ons jeugbediening is betrokke by arm mense
24. Ons word met verskillende instrumente begelei
25. Ons het pogings om die ouers te betrek by kategese
26. In die jeugbediening kry elke kind/tiener blootstelling aan nood
27. Ons kategete vertel verhale uit ons eie lewens
28. Die tieners loop met mekaar 'n geestelike pad
29. Ons tieners weet hoe om met ander rasse verhoudings te bou

30. Ons maak tyd vir gebed in die erediens
31. Die tieners gee om vir mekaar in die groep
32. Ons het getuienisse in die diens
33. Ons kinders vertel verhale uit hul eie lewens
34. Ons tieners leer om self na te dink oor oplossings vir die nood
35. Ons fokus nie net op Bybelkennis in die kategese nie
36. Ons het groot groepsgeleenthede waar kinders mekaar beter leer ken
37. Kategete vertel stories waar hulle hul lig laat skyn
38. Ons kategete sit op dieselfde vlak as hul groep
39. Ons het gebedsreise op kampe
40. Ons gebruik soms videogerepe in die kategese
41. Graad 8's tot Graad 11's het gedeelde aanbiddingsgeleenthede
42. Die tieners help met die kinderbediening
43. Ons kategese lyk nie elke week dieselfde nie
44. Ons gebruik visuele hulpmiddels
45. Ons stel belang in die kinders se opinie oor die onderwerp
46. Die kinders/tieners bid vir mekaar
47. Ons help kinders om by die skool diensbaar te wees
48. Kategete word opgelei om die verskillende spiritualiteitstyle te verstaan
49. Kinders het vrymoedigheid om hul eie menings te deel in die kategese
50. Kinders kry kans om moeilike vrae te vra
51. Die kinders/tieners bid vir hul kleingroepleier
52. Ons tieners oefen by die kerk om diensbaar te wees
53. Daar word elke week terugvoer geleentheid gegee oor die toepassing van die vorige week se tema
54. Dit word aan kategete gekommunikeer om nie al die antwoorde te gee nie
55. Daar word ruimte gelaat vir selfontdekking
56. Die kerkraad woon ook soms die jeug geleenthede en kategese by
57. Almal in die gemeente word gedurig aangemoedig om iewers diensbaar te wees
58. Ons kinders sit in 'n kring saam met hul groepleier
59. Die predikant of leier is nie die enigste persoon wat kampe aanbied nie
60. Daar is gebedstasies (kreatiewe gebed) in die eredienste
61. Ons kampe bestaan nie meer uit lesings nie
62. Families is belangrik in die eredienste
63. Ons tieners leer hul gawes ken
64. Verskillende spiritualiteitstyle word in ons gemeente gevier
65. Ons kamp gebruik verskeie metodes om kennis saam te ontdek
66. Families is saam diensbaar by die kerk
67. Daar is gereeld getuienisse oor dienslewering in die eredienste
68. Tieners kry kans om vrae te vra in 'n erediens
69. Die temas van dienste sluit familie-onderwerpe in
70. Ons vier die kerkjaar in die jeugbediening met rituele en kleure
71. Daar is interaksie in die dienste
72. Kategete help kinders met die toepassing van die les
73. Ons kyk video's in die kategese
74. Almal in die gesin neem deel aan huisgodsdiens
75. Die jeugbediening versorg ook ouer mense
76. Ons hoor gereeld dat tieners by die skool betrokke is by liefdadigheid
77. Tieners word gehelp om hulle eie spiritualiteite te leer ken
78. Daar is meer volwassenes wat 'n kind begelei as net sy/haar ouers en die kategeet
79. Ons gebruik simbole in die kategese
80. Ons gebruik ervaringsleer op kampe
81. Huisgodsdiens in ons huise is 'n baie lekker gespreksgeleentheid
82. Mentorskapprosesse word aangemoedig
83. Daar is diensgeleenthede
84. Ons luister na musiek in die kategese
85. Ons gebruik die internet vir kategese
86. Ons nooi kinders saam op gemeente-uitreike
87. Almal in die gemeente weet watter diensprojekte die kerk doen
88. Ons gebruik die natuur om oor God te dink op kampe
89. Kinders/tieners kry ook kans om iets in die kategese aan te bied
90. Ons kinders het aparte dienste
91. Daar is langer en volhoubare uitreike
92. Ons kategese help mense met die kop spiritualiteit
93. Ons kategese help mense met die hand spiritualiteit
94. Ons kategese help mense met die hart spiritualiteit
95. Ons kategese help mense met mistieke spiritualiteit
96. Daar is 'n kinderoomblik in ons eredienste
97. Tieners word aangemoedig en bemagtig om hul eie idees te bring en diensprojekte te beplan
98. Bejaardes is betrokke by die jeugbediening
99. Verhoudings tussen leiers en kinders/tieners behels dieper kommunikasie
100. Kategete neem kinders saam met hulle op diensprojekte of uitreike

Merk watter nommers as WAAR gemerk is, en gee een punt vir elk soos volg:

<u>Kennis:</u>
Vraag nommers 1, 6, 11, 16, 27, 33, 35, 38, 40, 44, 45, 49, 50, 54, 55, 58, 59, 61, 65, 68, 74, 81, 85, 89, 96
Totaal: /25
<u>Verhoudings:</u>
Vraag nommers 2, 5, 10, 14, 20, 25, 28, 31, 36, 41, 42, 46, 51, 56, 62, 66, 69, 71, 75, 78, 82, 86, 90, 98, 99
Totaal: /25

Aksie:
Vraag nommers 4, 7, 9, 15, 17, 18, 21, 23, 26, 29, 34, 37, 47, 52, 53, 57, 63, 67, 72, 76, 83, 87, 91, 97, 100
Totaal: /25
Aanbidding:
Vraag nommers 3, 8, 12, 13, 19, 22, 24, 30, 32, 39, 43, 48, 60, 64, 70, 73, 77, 79, 80, 84, 88, 92, 93, 94, 95
Totaal: /25

Gesels saam oor die jeugbediening:
Watter "tafelpoot" van geloofsvorming is volgens die vraelys die langste? En die kortste?
Stem jul saam?
Kyk na die stellings by die "tafelpoot" wat die kortste is?
Watter van die stellings kan jul oorweeg as idees om te implementeer?
Kyk na die groot prentjie van alles wat gebeur in die gemeente waar kinders, tieners of gesinne betrokke is.

## 5. DIE TOEKOMS: STRATEGIE VIR GELOOFSVORMING

### 5.1 Kennis

- Kategese moet hervorm word na ’n ruimte vir geloofsvorming in plaas van geloofsoordrag.
- Gemeentes sal strategies moet dink oor hoe die jaarbeplanning, kurrikulum, lokale, tye, styl, leiers, en kommunikasie hiertoe kan bydra.
- Die gebruik van kreatiwiteit en aktiwiteite om deelname te bevorder, sal uitgebrei moet word.
- Kategete sal toegerus moet word om gesprekke te fasiliteer wat geloofsvorming begelei in plaas van daarvan dat hulle soos onderwysers geloof/inhoud oordra.
- Daar sal opnuut gekyk moet word na die verskillende ruimtes waar “kennis” gevorm word in die gemeente, maar ook tuis en by die skool, en moontlikhede ondersoek moet word oor hoe dit meer multi-dimensioneel en interaktief ingerig kan word.

### 5.2 Verhoudings

- Gemeentes moet opnuut dink oor waar en hoe ’n verskeidenheid interouderdom verhoudings gevestig kan word.
- Nuwe rolle en geleenthede moet geskep word sodat meer mense bymekaar betrokke kan wees.
- Daar sal nagedink moet word oor hoe die jeugbediening kan oorvleuel met meer gemeenteaktiwiteite of andersom.
- Geleenthede sal geskep moet word waar ouers en kinders/tieners saam geloof kan beoefen, aanbid of saam kan dien.
- Ouertoerusting is van groot belang om ouers te bemagtig om hulle plek te vul ten opsigte van geloofsvorming (betrek hul by die kategese, eredienste en jeuggeleenthede).
- Die kweek van familiegewoontes en ’n huisgeloofpraktyk sal gevestig en uitgebrei moet word.

### 5.3 Aksie

- Gemeentes sal geleenthede moet skep vir elke ouderdomsgroep om diensbaar (ook saam met ander) te wees.
- Kinders en jongmense moet groter blootstelling kry aan nood en diens/uitreikprojekte.
- Gemeentes moet ’n duidelike en daadwerklike verbintenis bevorder tussen kerk en leefwêreld met die gebruik van storievertelling, getuienisse en die viering van lewensfases/oomblikke.

### 5.4 Aanbidding

- Die viering van die kerkjaar kan deur gemeentes gebruik word as ’n manier om ruimte te skep vir verskillende spiritualiteite in die eredienste, tydens huisgeloof en in die kategese.
- Daar moet opnuut gefokus word op die vestiging van geloofsgewoontes by kinders en jongmense, sowel as die res van die gemeente.
- Kampe en uitstappies in die natuur kan ingespan word om ruimte te maak vir diverse spiritualiteits-belewenisse.
- Kreatiewe gebedsruimtes en aanbidding moet ’n belangrike deel vorm van kinder- en jeugbediening.
- Gemeentes moet ondersteun word om ’n verskeidenheid van mediums en hulpmiddels in te span sodat geleenthede geskep kan word waar mense op verskillende maniere God kan ontmoet, byvoorbeeld musiek, kuns, drama, videoclips, stiltes, simboliek, kleure, ervarings-leer, avontuur, ensovoorts.

## 6. VIR MEER NADENKE EN VOORSTELLE

- Besoek gerus www.dinkjeug.co.za
- Laai die toep “onsglo” af of besoek die webwerf www.onsglo.co.za
- Besoek ook gerus www.imaginemovement.co.za

**Anriëtte de Ridder**
**PSD: Jeug- en Familiebediening**

# BYLAAG 2

# ’N STRATEGIE VIR ONDERSTEUNING TYDENS RAMPGEBEURE

## 1. AGTERGROND

Rampgebeure is uniek. Enkele rampe wat die afgelope 50 jaar in die Wes-Kaap uitgespeel het, is die aardbewing in Ceres (1969); die Laingsburg-vloed (1981); die polities-gedrewe menseslagting in Worcester (1996); die meer onlangse Suid-Kaap brande (2017) wat ons gemeentes in Knysna, Sedgefield, Karatara en Plettenbergbaai intens geraak het; die ontvouende droogte in die Wes-Kaap en die waterkrisis van 2018. In Junie 2017 het die Reformed Church in Japan na die Sinode van Wes-Kaapland uitgereik en ondersteuning aangebied ten opsigte van die Suid-Kaap brande. Die uitreik is opgevolg met ’n gesprek oor die rol van gemeentes en die geleentheid om kerk te wees in sulke tye. Die ervaring in Japan in 2011 met een van die grootste aardbewings in die geskiedenis en die tsunami wat daarop gevolg het, help ons baie in die identifisering van rolspelers en fases wat in ag geneem moet word in ’n strategie vir rampondersteuning. In wese gaan die gesprek egter oor die diakonaat van die kerk en die unieke rol wat die kerk speel as vennoot in ’n hele span van rampondersteuning.

’n Blik op ons eie geskiedenis, wys veral die hoop- en versoeningsproses in Worcester as voorbeeld van ’n meer omvattende herstelproses in ’n gemeenskap. Die trauma van ’n terreurdaad op die vooraand van Kersfees 1996 is doelgerig oor jare aangespreek ten einde versoening te bring tussen slagoffers en een van die oortreders, Stefaans Coetzee. Die plaaslike gemeentes het ’n deurslaggewende rol in hierdie proses gespeel. In Japan is daar sewe jaar na die aardbewings van 2011 steeds traumaspanne wat slagoffers besoek om te verseker dat hulle gevestig is en dat hulle nié vergeet is nie. Dit wys daarop dat nadat die ergste puin en onmiddellike nood aangespreek is, daar nog ’n pad van herstel is waarmee ’n gemeenskap gehelp moet word en daarin kan die kerk ’n unieke bydrae maak. Die Wes-Kaap beleef tans die ergste droogte in menseheugenis. Benewens die droogtesiklus waarin ons onsself bevind, is daar ook die groter en meer globale uitdaging van klimaatsverandering. Die Wes-Kaapse Departement van Landbou (Elsenburg) het tussen 2014 en 2016 ’n indringende studie onderneem wat die risiko van klimaatsverandering soos volg uitwys:

- ’n Drastiese afname in reënval
- Toename in ekstreme weerpatrone
- Toename in droogtetoestande
- Versteuring van ekosisteme
- Hoër gemiddelde temperature
- Minder laer temperature
- Toename in storms en vloede
- Verhoogde brandgevaar

Die meeste van hierdie realiteite is veral vanaf Junie 2017 reeds sigbaar in brande, droogte en risiko in die beskikbaarheid van water. Die risiko’s is nie vaag en ver nie, maar hier en ’n werklikheid. Die reënval in Kaapstad het van 1993 tot 2017 van 691.1mm na 158.6mm gedaal. Ons het nuwe peste en plae sien uitbreek (Aviangriep). Hoendervleis maak die grootste bron van proteïene uit vir Suid-Afrikaners en veral vir die armstes in ons land. Verder, as daar nie hoenders is nie, is daar nie eiers nie. As daar nie eiers is nie, is daar nie brood nie en so kan ons die uitkringeffek verder ondersoek. In die teorie van rampstrategie word die effek op armoede juis uitgelig as sekondêre gevolg van rampgebeure waaroor die kerk veral uiters begaan is. Net die afgelope jaar (2017-2018) het 50 000 seisoenwerkers volgens Agri SA hul werk verloor en so word elkeen van hierdie huishoudings onder oorlewingsdruk geplaas. In die soeke na ’n strategie vir rampbestuur, word die kerk ook ’n stem vir die stemloses. Dit is dikwels hulle wat alreeds kwesbaar en hulpeloos is, wat deur rampgebeure onder net nog groter druk kom. Voeg dan hierby die verantwoordelikheid tot rentmeesterskap van die natuur. Die kerk het ’n boodskap om te verkondig ten opsigte van die sorg van die skepping. Die sorg vir die skepping (wat in werklikheid die natuur én ons medemens insluit) begin egter nêrens anders as by onsself nie. Dit is spesifiek die 2017 brande in die Suid-Kaap wat gelei het tot ’n opdrag dat die Sinode van Wes-Kaapland ’n strategie sal ontwikkel om gemeentes te help in tye van rampgebeure. Ons het gemeentes op ’n baie unieke manier sien uitreik en ons het kennis geneem van die erns wat gemeenteleiers gemaak het met ’n proses wat nie net die onmiddellike nood nie, maar ook die trauma dieper en oor ’n langer termyn wou aanspreek.

## 2. OPDRAG

Ontwikkel 'n strategie vir rampondersteuning vir die Sinode van Wes-Kaapland en lê dit voor aan die moderamenvergadering van Maart 2018.

## 3. TEOLOGIESE VERTREKPUNT

### 3.1 'n Missionale vertrekpunt

Daar is geen twyfel dat rampgebeure die kerk oproep tot naasteliefde, noodverligting, onmiddellike versorging en nasorg (herstel) nie. Die vertrekpunt hiervan is ons oortuiging van die missionaliteit van ons roeping. Dit is duidelik dat 'n kerk se betrokkenheid by rampondersteuning in die eerste plek in die teken van diensbaarheid, barmhartigheid, gasvryheid en geregtigheid sal staan. In ander dele van die wêreld wat waarskynlik baie meer intens deur byvoorbeeld natuurrampe uitgedaag word, het die kerk al omvattende verfyning van 'n teologie vir reaksie op rampgebeure ontwikkel. Die twee breë lyne in hierdie teologie wat in die teorie sigbaar raak, het veral te make met:

- Onmiddellike sorg en verligting van nood
- Die kerk as agent vir geregtigheid om diegene wat ly en verlies beleef, te ondersteun totdat daar herstel gekom het.

Breedweg sorteer die kerk se betrokkenheid in rampgebeure onder die diakonaat van die kerk en word 'n teologie vir rampondersteuning binne hierdie dissipline verder ontwikkel. In sover dit Godsvrae ten tye van rampgebeure betref, is die vraag wat mense gewoonlik vra: "Waar was God toe dit gebeur het?"

### 3.2 Waar is God ten tye van die ramp

Hoe reageer ons as gelowiges op hierdie vraag? In ons eie nadenke hieroor die afgelope jaar (2017-2018), bely ons soos volg:

- God is 'n God van liefde. Hy is by ons in ons lyding en Hy kan swaarkry vormend in ons lewens gebruik.
- God gebruik Sy kinders in mekaar se lewens. Waar daar honger en swaarkry is, stuur Hy die kerk om verligting te bring en langs diegene wat swaarkry te sit. Niemand mag alleen voel of wees in swaarkry nie.
- Die ekologiese sorg vir die skepping en vir ons medemens roep ons opnuut tot rentmeesterskap. Hoewel alle rampe nie voorkom kan word nie, behoort ons met groter sorg om te gaan met die skepping en veral met ons natuurlike hulpbronne. Hierdie rentmeesterskap begin by onsself, maar ons raak ook 'n kampvegter vir rentmeesterskap in die gemeenskap.

God is nie ver nie. God is nie blind vir ons swaarkry nie. Ons is Sy gestuurdes. Daarom is God ook waar Sy kinders is, sodat Sy liefde en nabyheid fisies ervaar kan word in die omgee en diensbaarheid van Sy gestuurdes.

In 2017 skryf STLAS 'n een-bladsy teologie op die vraag waar God in tye van nood is. Die konteks van die verklaring is die voortslepende droogte in die Wes-Kaap en ander dele van die land en die druk wat dit veral op die landbou plaas. Dit sou ook in ander situasies kon geld.

### 3.3 Droogte! Waarom?

Ons het geleer om te dink in terme van oorsaak en gevolg. Ons soek oorsake, ons wil verklarings gee. Ons glo daar is altyd 'n rede waarom iets gebeur, en ons wil uitvind wat dit is. Daarom hou ons van verse in die Bybel wat klink of dit reguit lyne trek tussen oorsaak en gevolg. "Wat jy saai, sal jy maai" (Gal 6:7). "Ken Hom in al jou weë en Hy sal jou paaie gelyk maak" (Spr 3:6). Dus: Oorsaak = Gehoorsaamheid aan God; Gevolg = Seëninge van God. Maar nou kom die verskriklike droogte. Diere kry swaar op die plase; boere spuit bloeisels af om bome te red. Die oes is weg; werksgeleenthede is verlore.

Die paaie is nie gelyk nie, hulle is onbegaanbaar. Is dit omdat ons ongehoorsaam was en Hom nie geken het in ons weë nie? Dit mag wees dat die droogte ons weer op ons knieë bring en ons afhanklik maak van God. Dit beteken egter nie daar loop net een logiese lyn vanaf sonde en onrein harte na lyding of straf nie. Asaf, die digter van Psalm 73, sê God is goed vir dié wat rein van hart is. Tog het hy daaraan begin twyfel toe hy sien dit is eintlik die arrogante, goddelose mense wat voorspoed geniet. Hulle het geen kwellings nie; hulle het nie sorge nie; hulle het nie teëspoed nie. Dit terwyl die "trots aan hulle hang soos 'n halssnoer". Sy gevolgtrekking: "Dat ek die kwaad vermy het … het dus niks gehelp nie." Oorsaak en gevolg blyk nie die beste manier te wees om oor God en lyding te dink nie. Die boek Job het later as die profetiese boek ontstaan. Job se vriende sê vir hom, net soos die profete dikwels gedoen het, hy moet sy sonde erken, dan sal dit weer beter met hom gaan. In Job se geval was

dit egter nie so eenvoudig nie. Die boek Job vertel die verhaal van ’n “regverdige” man wat in bitter omstandighede beland en wat homself uiteindelik net weer oorgee aan ’n onmeetlike en selfs onverklaarbare groot God. So, waarom die lyding, waarom die droogte? Ons kan nie vinnige verklarings gee oor God en droogte nie. Ons kan maar soos Asaf in Psalm 73 sê – toe sy gevoel van bitterheid in sy swaarkry bedaar het: “Tog was ek nog altyd by U, want U vat my aan die hand. U lei my met u raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem” (v23). Vinnige verklarings help ons nie. God se nabyheid help ons, en die belofte van ’n toekoms by Hom. Jesus, wat self die groot waarom-vraag aan die kruis gevra het, het gesê ’n mossie sal nie op die grond val sonder die Vader nie (letterlik!). “Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies” (Matt 10:29-31).

## 4. TEORETIESE VERTREKPUNT

### 4.1 Definisie van ’n ramp

In hierdie strategie is ’n ramp enige natuurverwante of mensgemaakte situasie wat trauma in ’n gemeenskap tot gevolg het en wel tot dié mate dat bepaalde behoeftes in die onmiddellike en selfs op die langer termyn nie sonder fisiese hulp en/of pastorale ondersteuning aangespreek kan word nie. ’n Ramp sal tipies:

- ’n groot aantal persone of ’n hele gemeenskap affekteer;
- onverwags gebeur;
- ’n element van gevaar bevat;
- besering en selfs lewensverlies tot gevolg hê;
- lei tot verlies of skade aan persoonlike besittings/eiendom.

Breedweg word daar onderskei tussen natuurrampe (dikwels ‘Acts of God’ genoem) en mensgemaakte rampe. Aardbewings, vloede, weghol-veldbrande (met ’n natuurlike oorsaak), tornado’s en droogte is voorbeelde van wat as natuurrampe gesien word. Sekondêr aan die oorspronklike ramp is iets soos modderstortings. Mensgemaakte rampe het dikwels ’n geweldselement. Terreurdade en gewelddadige onluste is ’n relevante voorbeeld hiervan. Die invloed van die mens op ekologiese verval hoort ook in hierdie kategorie.

| NATUURRAMPE | [1]MENSGEMAAKTE RAMPE |
|---|---|
| Aardbewings | Terreurdade |
| Droogte en vloede | Onluste |
| Weghol-veldbrande | Ekologiese agteruitgang |
| Modderstortings | |
| Tornado’s (stormwind) | |

’n Definisie vir wat as ramp beskou word, is belangrik vir hierdie strategie. Ons skryf nié hier oor die gewone diakonale spiritualiteit van die kerk wat in elk geval altyd sigbaar moet wees nie, maar ’n baie spesifieke plan van aksie wanneer bepaalde gebeure ’n gemeenskap tref. In die Kaapse Skiereiland is ’n ekumeniese rampondersteuningsgroep, RESPOND, wat ’n ramp definieer as enige voorval waar meer as 500 persone in ’n gemeenskap op ’n fisiese wyse geraak word.

### 4.2 Sigbare fases in rampondersteuning

Die aard van ’n ramp en die effek op ’n gemeenskap het ’n natuurlike verloop in fases. Die rolle en verantwoordelikhede in elkeen van die fases is duidelik. Die teorie benader hierdie fases verskillend. In ons eie ervaring in die Suid-Kaap in 2017 het ons ’n skema ontwikkel wat ’n aanduiding gee van fases en ondersteuning wat dienooreenkomstig nodig is en waarvoor die kerk kan voorberei, veral in terme van ondersteuningspanne wat opgelei is vir die taak. Die skema (sien volgende bladsy) help ook om die pas te bepaal waarteen ondersteuning beplan en uitgevoer moet word.

### 4.3 Bespreking van die skema

Die NG Gemeente Knysna word as ’n gevallestudie gebruik vir die bespreking van fase 1 en 2 van die skema.

**Fase 1 – Ontwrigting**

1 In 'n refleksie na afloop van die gesprek met RCJ word kritiese vrae gevra oor die ‘buitengewone positiewe meelewing’ wat daar met gemeenskappe is wat 'n natuurramp beleef het, terwyl daar daagliks soveel mensgemaakte trauma in Suid-Afrika is. Dink byvoorbeeld aan voortslepende geweld teen vroue en kinders, armoede en maatskaplike ongeregtigheid. Dit blyk dat ‘sigbare nood’ en ‘onmiddellike trauma’ mense aangryp en dat die geneigdheid tot projekte en vinnige oplossings die kerk baie makliker in beweging bring.

Die eerste dag of twee was uiters ontwrigtend. Dit is eers net moeilik om vas te stel wat presies aan die gebeur is en hoe mense daardeur geraak word. Mense se veiligheid is heel bo aan die prioriteitslys. Dan begin die donasies van regoor die land letterlik in lorrievragte op Knysna toesak. In die naburige dorp, George, besef kollegas dat daar moeilikheid is en bied onmiddellik hulp aan. Uiteindelik help die Ring van George se koördineringsrol geweldig baie, maar ten spyte daarvan beleef die leraar in Knysna dat hyself toegegooi word deur logistieke uitdagings, terwyl hy eintlik net tussen slagoffers sou wou beweeg om te ondersteun.

**Die leerervaring:**

- Identifiseer die rolle en kry persone in plek om hierdie verantwoordelikhede op te neem.
- Opleiding van ’n sinodale ondersteuningspan word aanbeveel.

| PLEK (WAAR) | TAAK (WAT) | ROLLE (WIE) | BESKRYWING (HOE) | DOELWIT (WAARHEEN) |
|---|---|---|---|---|
| **FASE 1 ONTWRIG-TING** | **Logistiek en Netwerk**<br>• inrig van stoorplek in gemeenskap<br>• ontvangs en sortering van skenkings<br>• administrasie van finansiële skenkings<br>• verspreiding/afset van hulpbronne | • Logistieke koördineerder<br>• Vrywilligers<br>• Fondse administrateur<br>• Pastorale werkers | • Goeie koördinering<br>• Kommunikasie belangrik/identifi-sering van netwerke<br>• Bepaal watter tipe skenkings nou relevant is<br>• Kontrole oor skenkings wat uitgaan<br>• Makro-fokus | • Kry ’n **SISTEEM** in plek wat werk |
| **FASE 2 STABILI-SERING** | **Assessering** | • Vrywilligers vir veldbesoeke | • Individuele fokus (behoeftes verskil meer in hierdie fase) | • Basiese behoeftes is aangespreek<br>• Veiligheid is verseker |
| **FASE 3 HERBOU** | **Pastorale toesig/oorsig**<br>• Lidmaat-gefokus<br>• Gemeenskap<br>**Fisiese heropbou/herstel** | • Pastorale werkers<br>• Ondersteuning -spanne | • Opvolgbesoeke | • Herstel/genesi ng in proses |
| **FASE 4 FLOREER** | **Skoling/Toerusting** van individue/ gemeenskap/ Sinodale ondersteuningspan<br>**Remediërende aksie** in gemeenskap | • Leraars<br>• Lidmate<br>• Pro-aktiewe maatreëls | • Leer uit die ervaring en bepaal opleidings-behoefte | • Floreer (selfs beter as voor die ramp) |

**Fase 2 – Assessering**

Na ’n week het die gemeente ’n ritme gekry en is hulpverlening georganiseerd. Dit raak nou meer krities om behoeftes van slagoffers individueel te assesseer. Agtien gesinne in die gemeente is direk geraak. Elkeen se omstandighede is anders. Die gemeente bepaal hoe en waar hulle kan ondersteun. Daar is steeds baie vrywilligers nodig om donasies wat bly instroom te ontvang, sorteer en versprei.

Die NG Gemeente Plettenbergbaai word as ’n gevallestudie gebruik vir die bespreking van fase 3 en 4 van die skema

**Fase 3 – Herbou**

Die gemeente in Plettenbergbaai het ’n span studente van Potchefstroom gekry om huise in ’n Griekwa-nedersetting te kom herstel. Die geld hiervoor het deels van die Reformed Church in Japan en deels van die rampfonds gekom. Die kontak met die gemeenskap was uiters positief. Op die pastorale vlak is ’n kundige op die gebied van trauma vir ’n tydperk na die gemeenskap gebring en het slagoffers die geleentheid gehad om sessies met hom te hê. Ook sommige van die vrywilligers wat baie direk blootgestel is aan die trauma, het sessies met hom gehad.

**Fase 4 – Floreer**

Na ’n krisis soos hierdie is daar ’n geleentheid om positiewe bydraes tot die gemeenskap te maak wat selfs ’n verbetering is van die aanvanklike situasie. Die gemeente het ’n groot finansiële bydrae deels uit eie fondse en deels uit die rampfonds gemaak om ’n spesifieke vuurbestrydingsvoertuig aan te koop. Waterpype van die brandweer is ook aangevul en verbeter. ’n Aantal maande na die gebeure het ’n paar lidmate die geleentheid gehad om ’n trauma-opleidingsessies by te woon.

In die VGK Gemeente Knysna is ’n bydrae van ’n ander gemeente in die sinodale streek gebruik om informele behuising wat afgebrand het, op te gradeer na duursame Wendy-huisies. Die lewensomstandighede van hierdie gesinne is sodoende dramaties verbeter in die proses. In hierdie fase het kundige lidmate se wysheid baie gehelp om groot waarde tot geaffekteerde gemeenskappe toe te voeg.

### 4.4 Netwerk en ekumeniese samewerking as kritiese sleutel

Die effek van ’n ramp op ’n gemeenskap kan óf wees om die gemeenskap te verdeel óf dit kan tot samehorigheid lei. Die ervaring wat ons in die Suid-Kaap in 2017 gehad het, is dat die brande gemeenskappe baie nader aan mekaar gebring het. Die kritiese sleutel vir ondersteuning is egter die netwerk wat daar tussen verskillende kerke en ook ander nie-regeringsorganisasies én munisipale rampplanne ontstaan het en benut is. Strategies is dit uiters belangrik om:

- te verseker dat almal wat nood het, bereik word;
- daar nie oorvleueling ontstaan nie;
- hulpbronne sinvol benut kan word;
- een sektor nie oorlaai word nie;
- kundigheid gedeel kan word.

Die netwerkfunksie is veral ook belangrik sodat die kerk so gou as moontlik op pastorale versorging kan fokus en nie so vasgevang raak in die logistieke uitdagings van die proses nie.

## 5. SINODALE STRATEGIE

### 5.1 Strategie

Die funksie van sinodale diensgroepe is om gemeentes te ondersteun. Tydens rampgebeure is daar veral sekere areas waarin die Sinodale Diensgroep Diaconia en ander diensgroepe gemeentes spesifiek kan bystaan.

- Mobilisering van ’n opgeleide ondersteuningspan;
- Interne kommunikasie asook ekstern (na die media en breër publiek);
- Skakeling met ekumeniese en ander netwerke wat ondersteuning kan bied;
- Toegang tot noodsaaklike inligting;
- Voorspraak indien nodig op provinsiale en nasionale vlak;
- Administrasie van ’n ramphulpfonds;
- Hulp met strategiese denke en prosesse;
- Mobilisering van ander diensgroepe op bepaalde gebiede.

### 5.2 Uitbreiding

#### 5.2.1 Mobilisering van ’n opgeleide ondersteuningspan

Ervaring in 2017 (Suid-Kaap) het ons geleer dat ’n rampbestuurspan wat van buite die gemeente kan inbeweeg, veral die gemeenteleiers baie kan help.

’n Rampbestuurspan[2] sou ten minste vir die volgende portefeuljes voorsiening kon maak:

- ’n Algemene koördineerder: Hierdie persoon is die hele tyd op die toneel van die rampgebeure en dien as kontakpersoon vir alle navrae.
- ’n Eksterne skakelpersoon: Hierdie persoon is nie op die toneel nie, maar byvoorbeeld in die sinodale kantoor of in ’n ander gemeente in die Ring. Hierdie persoon is deurlopend in kontak met die koördineerder ten einde relevante inligting te ontvang en dit wyer te kommunikeer.
- ’n Logistieke koördineerder: Hierdie persoon reël plaaslik die berging en verspreiding van al die donasies wat ontvang word.

2 Hierdie is 'n voorbeeld van die samestelling van 'n rampbestuurspan wat deur RESPOND gebruik word.

Belangrik: As hierdie span nie geïdentifiseer en in plek is nie, gebeur dit baie maklik dat die plaaslike leraar in een of al hierdie rolle vasgevang raak. Dit is egter uiters belangrik dat die leraar primêr beskikbaar is vir pastorale sorg van mense wat geraak is deur die ramp. Anders gestel: Die rol van die plaaslike leraar is om die geestelike leier en pastor te wees vir sy gemeente en gemeenskap.

### 5.2.2 Interne kommunikasie asook na die media

Sosiale media het groot waarde, maar kan net soveel skade berokken as foutiewe inligting versprei word. Dit kan selfs onrus saai.

Die diensgroep en ons kommunikasiespan by die sinodale kantoor kan betroubare inligting help versprei en ook seker maak die media ontvang korrekte feite.
BAIE BELANGRIK: Gemeentes moet die verantwoordelikheid neem om nood aan te meld of inligting deur te gee.

> Tydens die 2017 Suid-Kaap brande het die diensgroep eers twee dae nadat die krisis uitgebreek het, van die betrokke gemeente se nood verneem. Dit skep die indruk dat die diensgroep onbetrokke is, wat nie die geval was nie.

### 5.2.3 Skakeling met ekumeniese en ander netwerke wat ondersteuning kan bied

In die Kaapse Skiereiland is daar ’n bestaande ekumeniese rampondersteuningsgroep, RESPOND. Diaconia is deel van die netwerk en kan hulpbronne uit hierdie netwerk ontgin, kundigheid deel, kommunikasienetwerke benut en meer effektiewe koördinering verseker. Organisasies, ander sinodes, gemeentes of individue wat donasies wil maak in tye van nood, skakel met Diaconia. Bydraes word vanaf Diaconia na geaffekteerde areas gekanaliseer.

> Tydens die 2017 brande in die Suid-Kaap het die Reformed Church in Japan (RCJ) Diaconia gekontak en is 'n bydrae tot die Rampfonds na 'n Griekwa gemeenskap in Plettenbergbaai gekanaliseer.
>
> Met die 2018 DayZero waterkrisis in die Wes-Kaap het die organisasie Love Thy Neighbour Diaconia gekontak en kon 'n netwerk vir die verspreiding van donasies (water) in die Skiereiland georganiseer word.

### 5.2.4 Toegang tot noodsaaklike inligting

Wanneer gemeentes en gemeenskappe in die middel van noodsituasies is, is die fokus gewoonlik net op die onmiddellike situasies wat hanteer moet word. Sinodale diensgroepe kan ondersteuning bied met relevante inligting waarby die gemeente nie op daardie stadium kan uitkom nie.

> Tydens die Suid-Kaap brande het die Diensgroep Toerusting belangrike inligting oor byvoorbeeld trauma in gemeenskappe nagegaan en leiding begin gee aan plaaslike leraars oor die hantering van sekere situasies.

### 5.2.5 Voorspraak indien nodig op provinsiale en nasionale vlak

Tydens rampgebeure hou die Diensgroep Diaconia ’n oog oor hulp wat op provinsiale en nasionale vlak ontsluit word en kan hierdie inligting deel gemaak word van plaaslike beplanning.

> Tydens die 2018 aanloop tot DayZero hou die plaaslike regering vergaderings met diensorganisasies en verduidelik hulle plan vir watervoorsiening aan die breër gemeenskap, asook aan die mees kwesbare persone. Hierdie inligting word gebruik om ons eie beplanning te fokus en te bepaal waar daar addisionele ondersteuning nodig mag wees.

#### 5.2.6 Administrasie van ’n ramphulpfonds

Deursigtigheid en verantwoordbaarheid is belangrik, veral wanneer die publiek finansiële bydraes tot rampondersteuning maak. Die boekhouding en verslagdoening is net soveel makliker wanneer dit sentraal gedoen word deur kundige personeel van die Diensgroep Ondersteuning en Administrasie. Alle donasies word steeds na die betrokke gemeentes gekanaliseer. Gemeentes kan dan ook hul eie diskressie gebruik in die aanwending van die fondse of as Ring saam daaroor besin.

#### 5.2.7 Hulp met strategiese denke en prosesse

Gemeentes is vasgevang in onmiddellike gebeure. Die waarde van objektiewe insette en ook ondervinding wat uit vorige ervarings gedeel kan word, kan gemeentes help met deurdagte optrede. Daar is lesse geleer wat gedeel kan word met die gemeente.

Tydens die 2017 brande in die Suid-Kaap het gemeenteleiers wat by die Marikana-onrus in 2016 betrokke was kontak gemaak met Diaconia en ervarings gedeel wat weer na gemeentes in die Suid-Kaap deurgegee kon word. Een van hierdie lesse was dat 'n gemeente baie versigtig moet wees om byvoorbeeld 'n kerksaal waar noodvoorraad gestoor word, sonder meer oop te stel vir die publiek. Desentralisering van afsetpunte is meer beheerbaar.

#### 5.2.8 Mobilisering van ander diensgroepe op bepaalde gebiede

Elke diensgroep van die sinode het ’n unieke ondersteuningsrol om te speel tydens rampgebeure. Gemeentebegeleiding spesialiseer veral in pastorale ondersteuning in die aanvanklike fases, maar sien dan ook geleenthede raak om hulpmiddels (produkte) te ontwikkel wat gereed sou kon wees vir volgende gebeurlikhede. Dieselfde geld vir die Diensgroep Toerusting wat deur opleiding die ondersteuningskapasiteit van die sinode bou vir die toekoms. Getuienisbediening maak op verskeie gebiede ’n bydrae, veral ook deur die skep van gemeenskapsnetwerke vir gespreksvoering en byvoorbeeld die ontlonting van konfliksituasies.

Tydens die 2017 onrus in Kleinmond het Publieke Getuienis as deel van die Diensgroep Getuienis 'n belangrike rol gespeel om die konflik in die gemeenskap te ontlont.

## 6. GEMEENTES EN RINGE

### 6.1 Strategie

Elke situasie is uniek. Die veranderlikheid van rampgebeure maak operasionele riglyne moeilik, maar breër lynstrategie kan wel voorgestel word in terme van die volgende fokusse:

- Ondersteuning en samewerking in ringsverband.
- Skakel in by die bestaande plaaslike rampondersteuningplan.
- Fokus op spesialisfunksie: pastoraal, hulpbronne, verhoudings.

### 6.2 Uitbreiding

#### 6.2.1 Ondersteuning en samewerking in ringsverband

Die Suid-Kaap (2017) verhaal illustreer die funksionering van gemeentes en ringe in rampgebeure Gemeentes wat geraak is deur die brande: Knysna, Karatara, Sedgefield, Plettenbergbaai (Suiderkruis en Noorderkruis).

Hierdie gemeentes val in die Ring van Knysna. Die naburige ring is die Ring van George.

Ten tye van die brande het die naburige ring, die Ring van George, toegetree in 'n logistieke ondersteuningsrol.

Die Ring van Knysna is oorval deur skenkings.

Die Ring van George het in samewerking met 'n ekumeniese netwerk in George, berging en verspreiding gekoördineer.

Die kerkkantoor van die NG Moedergemeente in George het 'n finansiële lessenaar geskep wat onder andere as skakel met die Diensgroep Diaconia en die rampondersteuningsfonds van die sinode gedien het.

#### 6.2.2 Skakel in by die bestaande plaaslike rampondersteuningsplan

Dit is baie belangrik dat gemeentes hulself vergewis van die rampbestuurplan waaroor elke plaaslike munisipaliteit beskik. Die gemeente behoort nie tydens rampgebeure op ’n eiland te funksioneer nie.
Die ekumene is ook ’n belangrike netwerk in krisistye. Om goeie ekumeniese verhoudings binne ’n gemeenskap te handhaaf het op die langtermyn die voordeel dat ’n mens in tye van nood reeds in vertrouensverhouding met mekaar leef en daarom met vrymoedigheid hande kan vat.

> Tydens die 2017 brande in Knysna het die gemeente afsetpunte vir donasies wat ontvang is binne die wykstelsels van die plaaslike munisipaliteit benut. Dit het die druk afgehaal van vrywilligers, sodat hulle kon fokus op die sortering van skenkings.

#### 6.2.3 Gemeentes en ringe fokus op spesialisfunksies van die kerk

**Pastoraal**

- Gemeentes word herinner aan spesialis pastorale sorg van die kerk tydens krisistye. Deel hiervan is
- Gebedsondersteuning wat hoop en innerlike krag versterk en omgee kommunikeer.
- Gasvryheid (skep van ruimtes waarbinne mense wat ontwrig is, veilig voel en versorging beleef).
- Versorging (basiese behoeftes van mense wat ontredder is).
- Erkenning van mense se dieper ervarings van verlies, seer en rou.

**Hulpbronne**

- Gemeentes het waardevolle hulpbronne wat in tye van nood beskikbaar gemaak kan word:
- Vrywilligers wat uit die oortuiging van naasteliefde en barmhartigheid beskikbaar is.
- Geboue wat skuiling kan bied en logisties gebruik kan word.
- ’n Kommunikasiestruktuur, hetsy waar groot groepe mense Sondae byeen is waar belangrike boodskappe gekommunikeer kan word, of selfs ’n adreslys (eposse) of SMS-stelsel.

> Tydens die 2017 brande in Plettenbergbaai het die Suiderkruis-gemeente hul kerksaal ingerig as 'n plek van veiligheid en versorging van brandweermanne en -vroue. Die projekleiers hier het in die fynste besonderhede van versorging ingegaan, byvoorbeeld om voorsiening vir asmapompies, rookmaskers, energiedrankies en energiestafies te maak. Die pastorie is oopgestel vir hierdie werkers om te stort tussen skofte. Slaapplek is ingerig sodat werkers tussen skofte kon slaap. Die projekleiers het selfs van die werkers se ouers gebel om hulle gerus te stel en te verseker hulle is veilig.

**Verhoudings**

- Gemeentes is in langtermynverhoudings met mense wat stelselmatig oor tyd aan chroniese trauma blootgestel word. Dink hier aan ’n droogte. Die impak van die ramp groei oor tyd en in momentum. Die gemeente leef saam met mense deur hierdie krisis en moet konstant dink hoe hulle hoopgewend en ondersteunend tydens die ramp met geaffekteerdes omgaan.

## 7. BEDIENINGSTRATEGIE

### 7.1 Strategie

Die plaaslike gemeente fokus te alle tye op die unieke rol van die kerk, naamlik om elke geleentheid te gebruik om God se liefde, nabyheid en sorg sigbaar te maak.

- *Die erediens vorm ’n belangrike deel van die gemeente se strategiese vertrekpunt hiervoor.*
- *Gemeenteleiers speel ’n belangrike rol om samehorigheid binne die gemeenskap te bevorder.*
- *Die gemeente maak omgee en sorg sigbaar.*

### 7.2 Uitbreiding

#### 7.2.1 Die rol en plek van die erediens

Die rol en die plek van die erediens tydens rampgebeure moet nie onderskat word nie. Dit is in die erediens waar ons

- ons geloof bely en alle twyfel besweer;
- ons troos vind in God se nabyheid en in die nabyheid van die geloofsgemeenskap;
- ons versterk word deur getuienis van hoop;
- ons lering ontvang wat nodig is vir emosionele en geestelike genesing;
- ons God saam kan dank en loof vir Sy trou.

In Knysna (2017) het die leraar na 'n kort tydsverloop na die brande vier temas geïdentifiseer wat oor die groot spektrum van ervarings tydens die brand teenwoordig was. Vir elkeen van die temas is 'n lidmaat uitgenooi om hul "storie" te vertel.
***Sondag 1 "Dapperheid en vrees tydens die brand"***
***Sondag 2 "Om in die krisis van jou geliefdes geskei te wees"***
***Sondag 3 "Om alles te verloor ..."***
***Sondag 4 "... om terug te kom na die nag - en my huis staan!"***

**7.2.2 Gemeenteleiers bring ’n gemeenskap byeen**

Rampgebeure wat ’n langer aanloop het (byvoorbeeld voortslepende droogte en werksverlies; waterskaarste en beperkte hulpbronne), takel nie net die moraal van ’n gemeenskap af nie, maar het ook die potensiaal om onrus/opstande in gemeenskappe te skep. Sinodale diensgroepe soos Publieke Getuienis en andere kan gemeenteleiers ondersteun as situasies ingewikkeld raak. Gemeenteleiers kan pro-aktief begin om kohesie in ’n gemeenskap te bevorder deur gespreksforums tussen verskillende rolspelers in die gemeenskap soos die plaaslike koöperasie, ’n maatskaplike werker, iemand van die munisipaliteit en ander kerkleiers in die dorp byeen te roep om byvoorbeeld saam oor die impak van die droogte te dink.

**7.2.3 Die gemeente maak omgee en sorg sigbaar**

Die gemeente ontvang donasies, bepaal behoeftes, organiseer netwerke, besoek diegene wat deur nood geraak is en doen alles wat nodig is om versorging te bied en herstel te verseker.

Die eredienste was nie in die normale formaat aangebied nie, maar in onderhoudstyl. 'n **Kundige op die terrein van trauma-ontlonting** het in onderhoudstyl met die leraar op die stories gereageer terwyl hy lidmate oor die proses van tauma-ervaring ingelig het. Die erediens is afgesluit met 'n kort boodskap wat aansluit by die temas, met die nodige liedere ens. Die fokus van die reeks was *debriefing*. Dis was om doodgewoon langs lidmate en hul emosies te kom staan en hulle stories te hoor. Die teologie van lyding was altyd onderliggend en rigtinggewind teenwoordig, maar nie op die voorgrond nie. Die leraar het na 'n tyd hierdie eredienste opgevolg met 'n reeks oor God se teenwoordigheid in swaarkry en lyding.

## 8. LOGISTIEK EN BESTE PRAKTYKE[3]

Hier volg ’n paar praktiese wenke ten opsigte van die hantering van donasies vir noodondersteuning wanneer mense onverwags ontwrig is, gewoonlik as gevolg van ’n natuurramp. Dan is daar ook wenke vir gemeentes wat ’n langer en meer pro-aktiewe pad wil stap om hulself voor te berei en te posisioneer om diensbaar te wees.

### 8.1 Onmiddellike aksie

**8.1.1 Riglyne vir donasies soos kos en klere**

- Ou en stukkende items troos nie in tye van nood nie – dit laat eerder die ontvanger daarvan minderwaardig voel.
- Oorweeg netjiese verpakking van donasies – ’n swartsak of ’n boks waarvan die boom uitval, is nie wenslik nie.
- Maak seker van die vervaldatum op nie-bederfbare kos.
- Geen stukkende klere nie.
- Geen tweedehandse onderklere nie.
- Geen onpaar skoene nie (donasies van skoene moet gepaar wees en saam verpak by die stoorplek aankom).

3 Bron: RESPOND Manual (Draft 1) aangevul deur ons eie ervaring in die Suid-Kaap.

- Hoëhakskoene vir vroue is nie prakties nie.
- Enige buisies (byvoorbeeld tandepasta), rome, sjampoebottels en soortgelyke items moet vol en geseël wees.
- Elektroniese toestelle wat geskenk word, moet in perfekte werkende toestand wees (mense wat deur rampgebeure is, het nie noodwendig geld om goed nog eers te laat regmaak nie).
- Klereskenkings moet verkieslik binne die seisoen van die rampgebeure val en moet skoon, gewas en netjies opgevou wees.

#### 8.1.2 Inrig van klere- en donasiebank

- Dit is onprakties om veral in die eerste fase van die ramp skenking van meubels te aanvaar. Daar is gewoonlik nie plek om dit te stoor nie. Dit kan wel aanbeveel word om hierdie tipe donasies eers terug te hou deur ’n inventaris van skenkers op te stel wat dan later gekontak word wanneer die gemeenskap gereed is om die tipe items te ontvang.
- Besluit op die lokaal waar donasies gestoor gaan word. Dit moet groot genoeg wees om ’n aantal tafels daar staan te maak, of daar moet genoeg rakke wees én die lokaal moet vir veiligheidsredes gesluit kan word.
- Hou die lokaal netjies. Goeie beheer/toesig is nodig.
- Merk die tafels en sorteer die klere volgens nommer-grootte, mans, vroue, seuns, dogters.
- Rig ’n sorteerarea in waar donasies uitgepak kan word.
- Vrywilligers sal mekaar afwissel. Paas die ‘plan en proses’ (riglyne) oor wat waar gedoen moet word oral aan sodat ’n nuwe vrywilliger maklik sy/haar pad kan vind.

### 8.2 Langer termyn aksie

Die huidige droogte in die Wes-Kaap en bykomende waterskaarste vra vir langer termyn beplanning. Hier is wenke vir gemeentes om hulle met hierdie prosesse te help. Pas die proses/fokus/produkte aan na gelang van die aard van die ramp.

#### 8.2.1 Gemeentes: Waar begin ons

**Organiseer binne die gemeente**

Kry ’n paar mense byeen en gebruik hierdie en ander begeleidende dokumente om ’n gesprek aan die gang te sit. Hierdie gesprek behoort aansluiting te vind by:

- ***Wat bely ons in uitdagende tye:*** Hierdie gesprekke moet ruimte skep vir mense se vrae oor en aan God, gesamentlike gebed, verootmoediging en verklaring van ons afhanklikheid, voorbidding en dies meer. Geloofsgesprekke sal ons help om gefokus en kalm te bly; om vanuit ons geloof en nié vanuit vrees op te tree nie. ‘Fellowship’ is hoopgewend.
- ***Vergewis van betroubare feite:*** Hier sou kontak en skakeling met die plaaslike munisipaliteit en spesifiek die rampbestuurspan van die plaaslike munisipaliteit belangrik wees. Is daar ’n lidmaat wat betrokke is by die plaaslike munisipaliteit of toegang het sodat hierdie inligting beskikbaar kan wees vir die gemeente? Die belastingbetalersvereniging is dikwels ook ’n goeie bron.
- ***Die gespreksgroep moet ook begin dink aan*** ’n ***ondersteuningsplan.*** Identifiseer kwesbare mense of organisasies wat diens lewer aan mense in julle omgewing. Hoe sou die gemeente georganiseer kon word om ondersteuning te bied? Kry byvoorbeeld ’n lys van vrywilligers gereed: mense wat dalk water kan uitry, ens.

**Netwerk**

Probeer ’n netwerk skep saam met buurgemeentes. Bid saam en beplan saam strategie. Skep saam strukture vir hulpverlening as dit daarop neerkom. Doen moeite om uit te vind watter ander inisiatiewe daar in die onmiddellike omgewing van die gemeente is en skakel in/netwerk eerder as om geïsoleerd te werk. Die Diensgroep Diaconia self is deel van ’n netwerk van kerke in die Kaapse Skiereiland met die naam RESPOND. Meld enige krisis (fisiese nood) waarvan julle bewus raak by Diaconia aan en as dit nodig is, kan die hulp van RESPOND ook ingeroep word.

**Donasies/praktiese hulpverlening**

Wees aanvanklik oordeelkundig met vra of insamel van donasies/produkte. Donasies van water sal vir seker nie oorbodig wees nie. Maak egter baie seker van die vraag na ander produkte alvorens daar inisiatief geneem word. Sien Badisa se lys van produkte wat waarskynlik vir sanitasie nodig gaan wees in plekke waar groot groepe mense saam versorg word.

**Berging en verspreiding**

Waak daarteen om verspreiding van donasies oop te stel vir die publiek. Sentraliseer berging/storing en desentraliseer dan die verspreiding daarvan. Ervaring het geleer dat daar onrus/wanorde kan uitbreek as donasies byvoorbeeld in die kerksaal geberg word en mense in groot getalle daarheen kom. Gebruik egter eie oordeel hieroor.

**Hulp aan hospitale, tehuise, ander diensprogramme**

Badisa het ’n baie nuttige lys van produkte saamgestel wat ’n tehuis vir bejaardes nodig mag hê om die uitdagings van watertekort aan te spreek. Indien daar ’n tehuis in die omgewing is waar die gemeente betrokke wil raak, maak eers baie seker wat werklik benodig word. Kontak die bestuur van die tehuis. Dit blyk dat Stad Kaapstad wel fokus op die ondersteuning van hospitale, veral ten opsigte van watervoorsiening. Maak eers seker of daar nie reeds ’n plan in plek is vir byvoorbeeld ’n ouetehuis nie.

**Maak die gemeente se beskikbaarheid doelbewus bekend**

Besluit op ’n noodnommer wat enige lidmaat ter enige tyd kan gebruik om nood aan te meld. Maak die nommer wyd bekend in die gemeente. Moedig lidmate aan om sensitief en bewustelik op die uitkyk vir nood te wees. Byvoorbeeld ’n buurman wat siek is en dalk hulp gaan nodig hê om water by die sogenaamde “Points of Distribution” (PoDs) te gaan haal. Organiseer vroegtydig ’n groepie vrywilligers om te doen wat nodig is wanneer ’n geleentheid voordoen, byvoorbeeld aanry van water, opvolg/besoek van siek lidmate wat dalk alleen woon.

**Ooreenkoms met ander ringe**

Die gemeente het dalk ’n bestaande verhouding of kontak met gemeentes in ander ringe buite die Kaapse Skiereiland. Korrespondeer met hierdie gemeentes en hoor of hulle nie gewillig is om water of ander toepaslike produkte te versamel en te skenk nie. Tref die logistieke reëlings hiervoor onderling. Maak weereens eers seker van behoeftes voordat donasies gevra word.

**Ramphulpfonds**

Vergewis julleself van die Sinode van Wes-Kaapland se ramphulpfonds. Kontak Diaconia om uit te vind hieroor (diaconia@kaapkerk.co.za).

## 9. TOEKOMSAANDUIDERS EN PARAATHEID

Die realiteite van klimaatsverandering het ’n aantal risiko’s onder ons aandag gebring wat help met pro-aktiewe denke. Elkeen van hierdie risiko’s het die potensiaal om ’n onverwagse natuurramp tot gevolg te hê, maar daar is tog ook ’n menslike faktor in die agtergrond van klimaatsverandering. Om oor die risiko’s van klimaatsverandering na te dink, bly egter ’n gespesialiseerde gesprek en die kerk sal kundigheid moet inwin om ons te help om vorentoe te kyk.

[4]Daar is egter ook die gesonde spanning van realiteite (risiko’s) aan die een kant en ons vertroue in God wat ons nooit in die steek laat nie.

- Ons leef in **verootmoediging en afhanklikheid** van God. Ons bid sonder ophou vir Sy ingryping op die korttermyn (byvoorbeeld reën), maar ook op die langer termyn (dat Sy heerskappy sigbaar sal raak in die wêreld). God het dikwels in die verlede juis die klimaat en ander krisisse gebruik om met sy kinders op ’n geloofsreis te gaan. Vandag is dit nie anders nie.
- Ons bid vir **beter bestuur, beplanning en innovasie** en verbind onsself daartoe. Dit geld vir owerhede, landbou, besighede, kerke, skole en huishoudings. Ons bid ook dat die Here vir ons insig en wysheid sal gee hieroor.
- Ons verbind ons tot ’n veel meer **sensitiewe omgang met die natuur**. Rentmeesterskap van die skepping is die tema wat ons, gegee die huidige ekologiese werklikhede, baie sterker moet opneem, daaroor preek, onsself instudeer en tot daadwerklike aksie oorgaan.

## 10. VERDERE ONTWIKKELING VAN RAMPSTRATEGIE

In die verdere ontwikkeling van hierdie rampstrategie sal die volgende aandag moet kry:

- Rampondersteuning moet verder verken word as ’n uitdrukking van die diakonaat van die kerk. Die Reformed Church in Japan het alreeds te kenne gegee dat hulle op formele basis saam met die NGK en VGK aan hierdie ontwikkeling wil werk.

---

4 Die gebedspunte wat hier voorgestel word, was deel van die riglyne wat die Sentrum vir Publieke Getuienis tydens die gebedsdag van 14 Februarie 2018 voorgestel het (Dr Braam Hanekom).

- ’n Landswye werksessie binne die kerk sal van groot waarde wees om die rampstrategie te ontwikkel. Daar is ander dele van die land wat ook deur droogtes, onluste, aardbewings, brande en ander rampe geraak is en die kerk sal met verantwoordelikheid moet leer uit al hierdie ervarings.
- Daar moet vasgestel word watter areas in rampondersteuning verder verfyn moet word vir die kerk spesifiek.
- Die opleiding van ’n rampbestuurspan wat tydens rampgebeure ontplooi kan word, moet oorweeg word.
- Toerusting van leraars en lidmate op die gebied van trauma-ontlonting en hantering sal as deel van die rampondersteuning moet plaasvind.
- ’n Ondersoek na en bewusmaking van plaaslike munisipaliteite se rampbestuurplan sal onder elke gemeente se aandag gebring moet word. Die kerk hoef nie alles te doen nie. Die kerk moet juis by ons kernbesigheid kan bly en netwerk met plaaslike spesialis diensverskaffers.
- Konferensies met die oog op klimaatsverandering, risiko’s en toekomsstudies sal die kerk help met pro-aktiewe aksies.

## 11. BRONNELYS


- **Final Report concerning the response to the Great East Japan Earthquake of March 11, 2011.** Lawrence Spalink (2017)
- RESPOND MANUAL (Draft 1): **Guidelines for churches in times of disaster**
- **Southern Baptist Disaster Relief.** www.emergencyministry.com.au
- **The local church and its engagement with disasters**: http://www.tearfund.org/tilz
- **Why we do what we do: A Theology of Disaster Relief Work** http://former.nevadapresbytery.org


Erkenning aan die insette uit talle gesprekke met fokusgroepe die afgelope jaar asook ’n vraelys na verteenwoordigers uit verskillende streke in ons Sinodale gebied.

## 12. BYLAAG 1 - DIGITALE BRONNE

### 12.1 Suid-Kaap brande

Getuienisse kan gesien word deur na Bybel-Media se YouTube kanaal te gaan: youtube/bybelmedia. Op die kanaal gebruik die soekterm **“Impakstories”**. Die speellys sal oopmaak. Die volgende getuienisse is beskikbaar:

- Omgeeliefde 1 Plettenbergbaai (Mense gee om)
- Omgeeliefde 2 Kranshoek (Ek is Henry Moody)
- Paul Parold Brenton on Sea (Ons is net dankbaar)
- Heide en Wayne Kidd Knysna (Mense wat ander help)

### 12.2 Sorg vir die skepping / Care for creation

Die droogte en waterkrisis in die Wes-Kaap laat ons opnuut ons afhanklikheid van God besef. In moeilike tye het ons ’n behoefte om te bely wat ons glo. Op die Sinode van die Wes-Kaap se YouTube kanaal kan die DagZero-belydenis, asook sewe liturgiese watermomente (in datumvolgorde van die sewe Sondae in Lydenstyd) besigtig word. Gaan na youtube/ngweskaap en gebruik die soekterm **‘Ons bely’**.

## 13. BYLAAG 2 – BADISA KNYSNA TERUGVOER

### 13.1 Lesse geleer uit die brander van 7 Junie 2017

#### 13.1.1 22 Februarie 2018

Die personeel van Badisa Knysna (Maatskaplike program en Tehuis vir Bejaardes) vertel van die lesse wat hulle met die brand geleer het.

#### 13.1.2 Maatskaplike Program

- Die belangrikste les wat ons almal geleer het, is dit nie saak maak hoeveel brandoefenlopies ’n mens doen of lyste maak van goed wat jy sal gryp, in die gegewe oomblik maak niks anders saak as jou en jou familie se veiligheid nie.
- Die hoof rolspelers (munisipaliteit, kerke en ander welsynsorganisasies) moes gouer bymekaarkom om ’n gesamentlike plan van aksie saam te stel. Almal het vir lank sy eie plan probeer uitvoer en sodoende was daar duplisering van dienslewering en het dit die mense wat die diens benodig ook onnodig verwar.
- Dieselfde met die uitdeel van goedere – donasies is uitgedeel nog voor daar assesserings plaasgevind het om vas te stel of mense wel geaffekteer was. Die toestroom van goedere was net so oorweldigend dat organisasies net wou ontslae raak van alles. Met groot dankbaarheid en diepe nederigheid is hierdie goedere

egter ontvang en was Knysna geseënd in hierdie opsig. (Dink dat mens eers moes wag dat als net bietjie kalmeer, want in daai tyd het mense nog rondgeskarrel en was die fokus nie nou om goed te gaan kry nie.)

- Sal ook baie help indien donasies wat gestuur word reeds voor die tyd uitgesorteer kan word, byvoorbeeld skoene bymekaar, kinderklere ensovoorts. Dit is ongelooflik tydrowend om hierdie magdom goedere te sorteer.

### 13.1.3 Tehuis vir Bejaardes

Die tehuis moes die aand van die brande ontruim.

- Loeriehof Tehuis was nie regtig ontwerp om voorsiening te maak vir die skuif van die baie swakkes nie. Die hospitaalbeddens kan nie uit die kamers verwyder word nie en van die inwoners moes gesleep word. Dit vererger die trauma vir die inwoner en die persoon wat probeer help.
- Daar was nie ’n manier om inwoners se families te kontak nie. Behalwe dat die telefoonnetwerke geaffekteer is en af was, was daar nie ’n vinnige noodkontaklys beskikbaar nie.
- Versekering moet op datum wees, net vir ingeval so ’n dag aanbreek.
- Daar was en is geen gemaklike alternatiewe verblyf vir inwoners nie.
- Die gemeenskap moes help om die inwoners te vervoer. Loeriehof het nie genoeg voertuie nie en het min mense daardie aand gehad om te bestuur. Dit is ’n kommer vir die toekoms.
- Daar is nie “nood” voorraad nie. Finansies laat dit nie noodwendig toe nie, maar ’n noodlys vir die tehuis en elke inwoner is ’n moet. Noodsakke is in wording vir alle inwoners.
- Lang termyn het Loeriehof ’n groot verlies aan inkomste gehad. Ons is baie afhanklik van ons plaaslike gemeenskap se finansiële ondersteuning. Die brande het egter mense se vermoë om te gee, sleg geaffekteer.

**Saamgestel deur Alma Botha (Bestuurder: Maatskaplike Dienste van Badisa)**

## BYLAAG 3

# VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE IN VERBAND MET SELFDEGESLAGVERBINTENISSE

## 1. DIE PAD VAN DIE MODERAMEN VAN WES-KAAPLAND SEDERT 2016: DIE AANLOOP TOT HIERDIE VERSLAG

### 1.1 Die moderamen se besluit in Maart 2017

Die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland het enkele maande na afloop van die 2016 Buitengewone Algemene Sinode vergader. In die notule van die moderamen se vergadering van Maart 2017, is die volgende opgeneem:

> *Die moderamen neem kennis van die verklaring wat die moderatuur na afloop van die buitengewone Algemene Sinode van 2016 opgestel het en deur middel van 'Uit die moderatuur' na gemeentes versprei het. Die moderamen moet besin oor die verdere hantering van die aangeleentheid deur die leierskap van die sinode.*
>
> *Die volgende opsies blyk moontlik te wees:*
> *Opsie 1: Volstaan net met die besluit van die Algemene Sinode van 2016.*
>
> *Opsie 2: Neem 'n beginselbesluit wat strydig is met die inhoud van die standpunte van die besluit van die Algemene Sinode van 2016.*
>
> *Opsie 3: Neem 'n standpunt in wat probeer ruimte maak vir die akkommodering van die diversiteit van standpunte in die kerk.*
>
> *Die moderamen het die aangeleentheid bespreek en die volgende opmerkings aangeteken:*
> - *Die geloofwaardigheid van die kerk het 'n geweldige knou gekry met die 2016 besluit.*
> - *Neem tyd en hou die gesprek op gemeentevlak sodat lidmate geloofs-onderskeidend hoor wat die Here sê oor die aangeleentheid.*
> - *'n Vierde opsie sou wees om nou NIKS te sê nie. Laat die saak rus tot by die volgende sinode.*
> - *As ons niks sê nie, sê ons ook iets, en wil ons dit sê?*
> - *Die leierskap van die sinode moet meer eienaarskap van die besluit neem.*
> - *Daar is toegewyde lidmate in ons kerk wat die vrugte van die Gees leef, maar vir wie daar tans nie 'n bestaansruimte in ons kerk is nie.*
> - *Wat sê ons intussen vir ons kinders, vriende en familie wat angstig sit en wag vir die Sinode van Wes-Kaapland om leiding te gee?*
> - *Ons moet onthou hierdie is 'n pastorale situasie en dit kan nie maar net daar gelaat word nie.*
> - *Ons moenie te gou sê ons weet wat reg is nie. Ons weet nie regtig nie. Ons moet bly in die ruimte wat opsie drie vir ons gee en seker maak. Die regte vraag is: wat is die Here aan die doen met geweldige ontwrigting van die 2015 en 2016 besluite?*
> - *Opsie drie vra eintlik dat ons die saak met 'n geloofsonderskeidende hermeu-netiek hanteer.*
> - *Daar is 'n ongemaklikheid met die diversiteit wat by opsie drie voorgestel word. Om agter diversiteit te skuil, is om nie 'n besluit te neem nie.*

Die moderamen het in Maart 2017 die volgende besluit geneem:

> *Die moderamen is deeglik bewus van uiteenlopende standpunte rondom die 2016 besluit van die Buitengewone Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings;*
> *Die moderamen besluit:*
> - *om die proses van voortgesette besinning oor selfdegeslagverhoudings in gemeentes en ringe aan te moedig en te fasiliteer sodat ingeligte besluitneming uiteindelik moontlik is;*
> - *om in ooreenstemming met die 2016 besluit nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees hulle nie oortuig het nie;*
> - *om aan gemeentes en kerkrade wat deur die Gees gelei voel om nie onderskeid te maak tussen hetero- en homoseksuele lidmate en ampsdraers nie, die ruimte daarvoor te laat;*
> - *die moderatuur moet die moderamen teen Maart 2018 dien met 'n gefundeerde voorstel in verband met selfdegeslag-verhoudings wat via die moderamen na die volgende sinodesitting kan gaan.*

## 1.2 STLAS fasiliteer ’n proses van voortgesette besinning

### 1.2.1 STLAS se besoek aan die Ring van Beaufort

Die STLAS dagbestuur en kundige lede het die Ring van Beaufort op hulle versoek in Mei 2017 besoek en ’n werkswinkel gehou om saam te besin oor dringende vrae rondom die Bybel, die kerk en selfdegeslagverhoudinge.

Die gesprek is gevoer tussen teoloë, lidmate en predikante. Daar is onder andere heelwat gepraat oor vrae wat ontstaan wanneer ons Bybelinterpretasie ernstig opneem: “Sit die ingewikkelde debat oor die tekste nie mense heeltemal af nie?” En: “Indien Bybeluitleg so ingewikkeld is, hoe kan die Bybel vir iemand sonder teologiese opleiding nog ’n geloofsboek wees wat help met die lewe?”

Tydens die gesprek het die oortuiging na vore gekom dat mense sonder formele teologiese opleiding nie ontmagtig hoef te voel of bang hoef te wees om die Bybel te lees nie. Terselfdertyd moet die dominee ’n Bybel-fasiliteerder wees wat saam met mense die Bybel hanteer vir die lewe. Die uitdaging is om ruimtes in gemeentes te skep waar mense die opwinding ervaar van Bybellees en waar hulle vaardighede ontwikkel wat help om die Bybel op ’n ryker en dieper manier te verstaan en God beter te leer ken. Daar is soveel meer in die Bybel as wat ons op die oog af raaksien. Dit is ’n avontuur om die Bybel te lees. Dit is opwindend om meer te wete te kom oor God in die Bybel. Natuurlik gaan ons nie altyd oor alles saamstem nie, maar ons is almal soekers na die waarheid en het mekaar nodig op die pad van geloofsonderskeiding.

In ons geloofsonderskeiding moet ons bedag wees daarop om nie te gou te sê ons het nou presies die stem van die Gees gehoor of ons besit die waarheid nie. Ons moet gedagtes en besluite toets. Filippense 1 praat van onderskeiding wat in liefde gedoen word. Hierdie onderskeiding word nooit alleen gedoen of saam met mense wat almal soos jy dink nie. Die Gees is aan die gemeente gegee. Vra dus: “Hoe ervaar die kwesbares die besluit?” Ons moet ook in gedagte hou dat die Heilige Gees die Gees van Christus is. Hoe sien ons Christus in ons besluit? Ons moet ook nooit dink ons het nou die finale standpunt nie. Die Gees lei ons oor tyd.

Daar is ook nagedink oor die teologiese invalshoek wat ons volg in die gesprek oor homoseksualiteit. Ons het dit oorweeg om die gesprek te begin by “die genade van die nulpunt”. Dit is immers so dat ons God nie kan beïndruk met ons goeie lewens nie. Juis die Etiopiër, die ontmande, is gedoop. En juis babas word in die kerk gedoop, van die vroegste tye af, al weet ons nie hoe hulle gaan uitdraai nie – ook nie hoe hulle seksueel gaan uitdraai nie. Die interpretasie van spesifieke Bybeltekste is nie onbelangrik nie. Maar ons het dit oorweeg om die etiese gesprek oor selfdegeslagverbintenisse te begin by die verlossing. By die genade van die nulpunt is ons almal vreemdelinge wat verwelkom en ingesluit word.

Ons het ook gepraat oor geloof en wetenskap. Die twee staan nie teenoor mekaar nie. Té dikwels word die Bybel opgestel teenoor die wetenskap. Maar wat as die navorsing in die genetika reg is dat daar ’n hele spektrum ten opsigte van mense se seksualiteit bestaan, en nié slegs en uitsluitlik man en net vrou nie? Wat as daar ’n werklikheid is van ’n hele “spektrum van menslike seksuele kenmerke”? Staan Genesis 1 en 2 by voorbaat téénoor so ’n siening opgestel? Hierdie is vrae wat ons nie net onder die mat kan invee nie.

Die gesprek het ook gegaan oor seks in die Bybel. Praat ons ooit oor seks in die kerk? Oor Hooglied, wat seksuele genieting plaas binne die raamwerk van verlange, getrouheid en wederkerigheid, en beslis buite enige promiskuïteit? Hoe kan ons oor seksualiteit op só ’n wyse praat in die kerk dat dit lewe-gewend is? Hoe bevry ons die gesprek oor seksualiteit uit ’n vervelige besinning? Hoe kry ons verbeeldingrykheid in die gesprek? Hoe kom skoonheid ter sprake? En eerlikheid?

### 1.2.2 Dieper gesprek: Die gespreksbord en terugvoerblad en die IAM werkswinkel

STLAS het die opdrag gekry om gesprekvoering in gemeentes en ringe te bevorder. STLAS het die opdrag as baie belangrik beskou en het dit opwindend gevind om met die oog hierop eksperimentele materiaal te ontwikkel: ’n “gespreksbord” en ’n “terugvoerblad”.

Hierdie instrumente is ontwerp volgens terugvoer wat die Algemene Sinode se Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake (ATLAS) ontvang het in die eerste Kerkspieël Predikantepaneel opname van 2017. Hierdie opname het getoon dat predikante vra vir (enersyds) sinodale ondersteuning in die vorm van toeganklike en gebalanseerde inligting oor moeilike etiese kwessies, en (andersyds) hulp om gesprek te fasiliteer in die gemeente op só ’n wyse dat die gesprek nie onmiddellik soos telkens in die verlede polariseer en in onoplosbare konflik beland nie.

Die doel van die *gespreksbord* is om lidmate te help om binne ’n veilige ruimte in klein groepe in gemeentes ondersoekend om te gaan met teologies-etiese, Skrifbeskoulike en praktykgerigte kwessies wat betref die onderwerp van selfdegeslagverhoudings.

Die *terugvoerblad* is ontwikkel as ’n instrument wat die gesprek ter wille van ’n beter greep op die gesprek oorhoofs “karteer” in terme van laasgenoemde kwessies. Die terugvoerblad help

gemeentes om ’n beter greep te kry op die kompleksiteit van die gesprek en taal te kry vir die verskillende posisies wat gelowiges in die gesprek inneem.

In kort is die twee instrumente ontplooi ter wille van die bevordering van onderskeidende gesprekvoering op gemeentelike vlak. Die *terugvoerblad* karteer die gesprek soos volg:

**Teologies-etiese standpunte**

Skepping en seksualiteit (God die Vader)

- *Verbied/Verdra:* Mense in die kerk moet homoseksualiteit verduur en dus gay mense as deel van die kerk toelaat. Gay mense moet nie as leiers in die kerk optree nie.
- *Akkommodeer:* Selfdegeslagaangetrokkenheid kom nie van die Here af nie. God is egter genadig. Daarom moet ons ook genadig wees en gay mense in die kerk akkommodeer. Ons moet ’n “wees lief vir die sondaar, maar haat die sonde”-benadering volg.
- *Goedkeur/Vier:* Homoseksualiteit is ook ’n natuurlike vorm van seksualiteit. Gay mense moet gevier word. Liefde is liefde!
- *Bevorder en Seën:* Gay mense is na God se beeld geskep. Die doel van seksualiteit is om liefde te leef en verhoudings te dien. Binne sulke verhoudings ervaar ons God se genade en straal dit uit.

Sonde en versoening (God die Seun)

- *Verbied/Verdra:* Daar kan ’n onderskeid getref word tussen seksuele oriëntasie en seksuele dade. Jesus verwelkom sondaars, maar veroordeel sonde. Gay dade sowel as homofobie moet veroordeel word.
- *Akkommodeer:* Selfdegeslagverhoudings is ’n werklikheid en moet erken word. Dit bly egter steeds ongehoorsaam aan God se wil. Waar dit wel bestaan moet dit binne vaste verhoudings van liefde en trou uitgeleef word.
- *Goedkeur/Vier:* Gay mense moet versoen word met die mooiheid van hulle seksuele oriëntasie. God het hulle reeds as deel van Sy skepping aanvaar.
- *Bevorder en Seën:* Sonde word gemeet aan hoe ons saamleef, en nie aan ons seksuele oriëntasie nie. Selfdegeslagverhoudings kan ’n teken van genade in ’n wêreld van sonde wees.

Verlossing en heiligmaking (God die Heilige Gees)

- *Verbied/Verdra:* Vir gay mense om te floreer moet hulle selibaat leef (geen seksuele dade beoefen nie). Selibaatheid is ’n morele keuse. Dit is ’n sinvolle opsie om met seksualiteit om te gaan. Dit sal skuldgevoelens onder gay mense verhoed.
- *Akkommodeer:* Vir gay mense om te floreer hoef slegs hulle menswaardigheid erken te word. Vaste verbintenisse van liefde en trou is beter as promiskuïteit. Dit is egter nie ’n alternatief vir die huwelik nie.
- *Goedkeur/Vier:* Vir gay mense om te floreer moet hulle seksualiteit gelykwaardig aan heteroseksualiteit hanteer word. Dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe moet vir alle persone geld, ongeag seksuele oriëntasie.
- *Bevorder en Seën:* Vir gay mense om te floreer moet hulle seksualiteit deur die kerk geseën word. Wanneer selfdegeslagverhoudings van liefde en trou bevestig word, kan mense floreer.

**Skrifhantering**

Interpretasie van tekste

- Die Bybel is baie duidelik daaroor dat seksualiteit slegs binne die huwelik tussen een man en een vrou uitgeleef kan word.
- Die Bybel is van deurslaggewende belang vir ’n morele leefwyse, maar moet nie met ’n swart-of-wit benadering gelees word nie.
- Die belydenis dat die Bybel die Woord van God is, staan nie teenoor verantwoordelike Skrifinterpretasie nie. Die wêreld agter en in die teks, moet in ag geneem word.
- Dit is onhoudbaar om enige van die sogenaamde “gay-tekste” toe te pas op ’n toegewyde gay Christen wat die besef kom van sy of haar alternatiewe seksuele identiteit en oriëntasie.

**Praktiese implementering**

Predikante

- Homoseksuele persone mag nie predikante wees nie.
- Homoseksuele gelegitimeerdes mag slegs predikante wees indien hulle selibaat leef.
- Burgerlike verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag, wat deur liefde en trou gekenmerk word, moet erken word. Mense in sulke verbintenisse mag predikante wees.
- Mense van dieselfde geslag, mag trou en predikante wees.

Besluitneming

- Kerkrade het nie die vryheid om hieroor te besluit nie.
- Gemeentes moet met in agneming van plaaslike omstandighede die sinode se leiding volg.
- Gemeentes wat ’n bepaalde standpunt hieroor ingeneem het, is nie onder dwang om hulle standpunt te wysig nie.
- Kerkrade het die reg om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.

STLAS het die twee instrumente in Maart 2018 aan die moderamen bekendgestel en die moderamen het die volgende besluit geneem:

> *Die moderamen is steeds deeglik bewus van uiteenlopende standpunte rondom die 2016 besluit van die Buitengewone Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings.*

*Die moderamen besluit om die proses van voortgesette besinning oor selfdegeslag-verhoudings in gemeentes en ringe met die oog op ingeligte besluitneming op die volgende wyses verder te voer:*

- *Gemeentes word aangemoedig om die gespreksbord wat deur STLAS en Bybel-Media ontwikkel is te gebruik om die gesprek oor selfdegeslagverhou-dings dieper te voer in 'n veilige ruimte.*
- *Gemeentes word versoek om aan die hand van die terugvoerblad te onderskei waar hulle hul in hierdie gesprek bevind.*
- *Gemeentes word versoek om hierdie terugvoer aan STLAS deur te gee.*
- *Moderamenlede koördineer boge-noemde prosesse in hul gemeentes volgens hulle eie beste oordeel.*
- *Gemeentes wat daarvoor gereed is, reël in samewerking met STLAS 'n gesprek met medegelowiges van IAM en gee terugvoer.*
- *STLAS verwerk al bogenoemde terugvoer en stel 'n verslag saam.*
- *STLAS dien die moderamen by die volgende vergadering in die lig van hierdie terugvoer met 'n gefundeerde voorstel in verband met selfdegeslag-verhoudings wat via die moderamen na die volgende sinodesitting kan gaan."*

In besluite van die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland van Maart 2017 en Maart 2018 blyk dit dat dit vir die moderamen om minstens twee sake gaan. Enersyds gaan dit oor voortgesette teologies-etiese onderskeiding in gemeentes oor die kwessie van selfdegeslagverbintenisse, dit wil sê oor deelname aan gesprek en die ontwikkeling van insig. Andersyds gaan dit oor goeie teologies-etiese onderskeiding en leidinggewing op sinodale vlak.

Hoewel heelwat waardevolle werk op die stadium reeds op die wyse gedoen is en baie in die proses geleer is, het dit ook geblyk dat die sinodale leierskap in hierdie stadium moes kennis neem dat daar in vele ringe en gemeentes 'n gebrek aan energie vir die gesprek rondom selfdegslag-verbintenisse bestaan het. Heelwat predikante en ringe het versoek dat gemeentes weens 'n vasgelooptheid na afloop van die 2015 en 2016 besluite liewer "op hul eie tyd en wyse" verder oor die kwessie wil besin. Een ring het dit soos volg gestel: "Ons is bemoedig en dankbaar dat gemeentes bemagtig word om die saak van selfdegeslagverhoudinge beter te kan fasiliteer en te verstaan deur toerusting en inligting wat verskaf word vir die taak. Die ring versoek egter die moderamen dat die saak soos ander sensitiewe sake by gemeentes gelaat word om op eie tyd te implementeer deur met hulle gemeentelede op hul eie reis daarmee te gaan."

'n Belangrike insig wat STLAS in hierdie proses met die gespreksbord, terugvoerblaaie en ander gesprekke deur middel van 'n steekproef verkry het, was dat daar in gemeentes 'n groeiende aanvaarding is vir mense met 'n homoseksuele oriëntasie. Dit het duidelik geblyk uit die terugvoer rondom die teologies-etiese lyne. Heelwat mense vind dit egter nie maklik om by die Bybeltekste wat na homoseksualiteit verwys verby te kom nie. Die resultaat van die terugvoerblad was oorwegend in die teologies-etiese lyn van die goedkeuring of viering en bevordering of seën van homoseksuele oriëntasie en selfdegeslagverbintenisse. Die terugvoer ten opsigte van Skrifbeskouing het 'n spanning getoon tussen hoe predikante waarneem dat hul gemeentes enersyds dink oor mense wat in selfdegeslagverhoudings leef en wat hulle andersyds dink die Bybel daaroor sê.

Ander terugvoer wat ons van ringe en via ringsbesoeke ontvang het, bevestig hierdie punt. Predikante wat selfdegeslagverbintenisse aanvaar, slaag nie daarin om bevredigend aan hulle lidmate te verduidelik hoe hulle die Bybel in die proses hanteer nie. Een van die formulerings wat in hierdie verband uitstaan, is die volgende: "Wanneer predikante, hermeneuties gesien (ook wat ander sake betref) buite die 'ou, veilige ruimte' beweeg, vind hulle op 'n harde manier uit dat gemeentes die afgelope jare nie saamgeneem is ten opsigte van Skrifbeskouing en Skrifberoep in die etiek nie. Hierdie situasie bring 'n diep spanning in gemeentes en stel swaar emosionele eise."

Die terugvoer ten opsigte van besluitneming was dat kerkrade die reg wil hê om hul eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël. Hieroor bestaan baie sterk konsensus. Die kerkverband moet dus 'n aanneemlike raamwerk met integriteit bied, maar kerkrade wil self verdere onderskeiding doen, diskresie uitoefen en besluite neem.

STLAS het hierdie terugvoer met die moderamen gedeel by hul vergadering in Augustus 2018. Daar is ook gerapporteer dat die gespreksbord nou só ontwikkel is, dat dit 'n gespreksruimte skep wat mags-ewewig verhoog en angs verlaag – faktore wat meermale in normale vergaderings ontbreek. Die terugvoer van deelnemers is deurgegee, wat getuig dat hulle deur middel van die gespreksbord 'n aanvoeling ontwikkel het van hoeveel meer kompleks die saak is as wat hulle voorheen gedink het. Deelnemers het ook getuig van groter begrip vir die moeilike gesprek in die sinode en in die ekumene en van 'n besef dat hulle self nóg verder sal moet bid en besin.

STLAS het meer as een keer gerapporteer oor 'n ontmoeting tussen 40 gemeenteleiers van die Sinode van Wes-Kaapland en verteenwoordigers van IAM (Inclusive and Affirming Ministries). Hierdie

ontmoeting het plaasgevind by die Kweekskool te Stellenbosch in Julie 2017 en het as tema gehad "Seksualiteit en Spiritualiteit".

Heelwat blywende lesse is tydens die ontmoeting met IAM geleer, waarvan een van die belangrikste was dat ons die gewoonte moet aankweek om in kwessies soos hierdie te praat "vanuit die plek waar ons self is". Heteroseksuele mense kan nie praat oor gay mense se liggame as hulle nie bereid is om vanuit hulle eie liggaamlikheid en seksuele broosheid te praat nie. Heelwat van ons leiers het in die opname wat STLAS na afloop van die ontmoeting gedoen het, getuig dat hulle baie onkundig is as dit kom by die temas van gender en seksualiteit. Ons kan nie verskillende terme goed onderskei nie. Ons "het nie taal" nie. Ons is onbeholpe in die gesprek. Ons het gedink dit is eenvoudig, maar was onbewus van die kompleksiteit. Ons het blinde kolle. Ons leef in ontkenning oor ons eie "hang-ups". Dit was opvallend hoeveel ongemak die byeenbring van seksualiteit en spiritualiteit in dieselfde gespreksruimte veroorsaak het. Om "die ander" in die oë te kyk, was vir vele deelnemers 'n hoogtepunt – om nie "oor mekaar" te praat nie, maar "met mekaar". Ons het ontdek ons gay broers en susters wil nie jammer gekry word nie, maar as volledig gelyk erken, verwelkom en gevier word. Ons was onder die indruk van hoe genadig en geduldig ons by hierdie ontmoetingsgeleentheid ontvang is. Die mense van IAM het ons in ons onkunde, vooroordele, onbeholpenheid en bevoorregte posisies tegemoetgekom. Hulle was eerlik. Hulle was bereid om met hul liggame te waag om ons te ontmoet. Hulle het hulself kwesbaar gemaak. Daar was die konfronterende ontdekking dat ons van ons gay broers en susters verwag om hulle stories oor seksualiteit met ons te deel en dat ons eintlik al gewoond geraak het daaraan, terwyl ons wat heteroseksueel is met 'n mond vol tande gesit het toe ons gevra is om aan so 'n gesprek deel te neem. Die behoefte aan helende gesprekke in die kerk rondom hierdie kwessie het sterk na vore getree: Ontwikkel nuwe taal; kry meer blootstelling aan die 'ander' en deel stories; voer die moeilike gesprekke; skep daarvoor veilige ruimtes; wees saam met die gay gemeenskap in ruimtes van aanbidding; help gemeentes om hierdie gespekke te kan voer.

Leiers van die Sinode van Wes-Kaapland is diep geraak deur die ontmoeting met IAM en die nawerking daarvan.

**1.2.3 Die moderatuur lewer 'n getuienis: Moderamenvergadering Augustus 2018**

STLAS het in Augustus 2018 aan die moderamen terugvoer gegee oor die inligting wat beskikbaar was in verband met die gesprek oor selfdegeslagverbintenisse in ons sinodale gebied. Die moderatuur het intussen self ook verder gepraat oor die saak en het besluit om tydens hierdie vergadering hul oortuiging te deel in die vorm van 'n getuienis. Die moderatuur het beklemtoon dat hulle nie-veroordelend wil wees teenoor medegelowiges wat in selfdegeslagverbintenisse van liefde en trou leef en die diskresie van kerkrade ten opsigte van die reëling van praktyke in hul kontekste wil erken.

'n Belangrike nota in die getuienis van die moderatuur, iets wat nie dikwels in die breër gesprek gehoor word nie, is dat hulle na "homoseksualiteit" verwys, ten volle bewus daarvan dat seksualiteit en geslagtelikheid véél komplekser en méér divers is as die binêre onderskeid tussen homoseksuele en heteroseksuele mense. Verder word die woord "gay" gebruik om na mans sowel as vroue met 'n ander seksuele oriëntasie as heteroseksualiteit te verwys.

Die moderatuur het verder onderstreep dat die kerk se roeping om te getuig van Christus se Koningsheerskappy veel belangriker en dringender is as debatte en argumente wat ons onderling verdeel. Christus verwag nie van ons om oor alles saam te stem nie, maar wel om verdraagsaam te wees jeens mekaar. Eweneens verwag Christus nie van ons om mekaar met besluite te marginaliseer nie, maar om gemarginaliseerdes in die binnekring te verwelkom. Die getuienis van die kerk hang saam met hóé gelowiges hulle onderlinge verskille hanteer (1 Kor 8). Gemeentes wat onderling verskil in etiese oordeelsvorming, asook gemeentes wat van mekaar verskil, is aangemoedig om vrymoedig teenoor mekaar te getuig oor hulle unieke reis in die soeke na die leiding en wysheid van die lewende God. Die stelling is gemaak dat om medegelowiges wat van ons verskil, verdag te maak en te etiketteer, ons getuienis en die evangelie se geloofwaardigheid ondergrawe.

Die moderatuur het vooraf verskeie gesprekke hieroor met lede van STLAS gevoer. Tydens die gesprekke het die aanvoeling gegroei dat dit baie belangrik is om juis te midde van die intensiteit van hierdie gesprek te beklemtoon dat die eenheid van die kerk gewortel is in ons vereniging met Christus wat die Here is. Die moderatuur het dit soos volg uitgespel:

> *Dit is vir ons belangrik om hierdie oortuiging te bely, juis in 'n tyd waar mense neig om te sê elk het maar sy of haar eie waarheid. Ons glo dat ons as gelowiges almal deel in die verbond wat die Drie-enige God met ons gemaak het. Ons enigste troos in lewe en dood is dat ons aan Jesus Christus behoort (Heidelbergse Kategismus, Sondag 1). Hieraan hou ons vas. Dit bied aan ons geborgenheid. Dit plaas ons ook in 'n diep verbondenheid met mekaar. Die geskiedenis het ons geleer dat hierdie eenheid en verbondenheid in Christus nie noodwendig lei tot eenheid in etiese standpunte nie. Ons het egter die keuse of ons wil toelaat dat ons verskille in etiese oordeel lei tot vervreemding*

*van mekaar. Ons kies om dit nié toe te laat nie. Ons kies om daarvan uit te gaan dat ons mag verskil van mekaar wat betref etiese gevolgtrekkings, terwyl ons gedeelde belydenis dat Jesus Christus die Here is, ons bymekaar hou in gesprek mét mekaar. Ons gaan uit van die vertroue dat ons as volgelinge van Christus goeie weë sal vind indien ons saam aanhou soek. In ons gesprekke tot dusver oor selfdegeslag-verbintenisse het ons dan ook bewus geword van hoe belangrik dit is om ruimte daarvoor toe te laat dat hierdie onderskeiding in voortdurende gesprek binne pastorale ruimtes, dit wil sê binne verhoudinge, in gemeentes, gevoer word. Dit is wél die taak van die sinodale leierskap om toe te sien dat predikante, kerkrade en gemeentes bemagtig word om hierdie gesprekke op teologies diepgaande en ingeligte wyse te kan voer, en dat hulle aangemoedig en gelei word om moeilike kwessies nie te vermy nie, maar weldeurdag te hanteer."*

Die moderatuur het soos volg getuig:

*Ons beskou seksuele oriëntasie as 'n goeie gawe uit God se hand wat ons met dankbaarheid mag ontvang en met sorg moet koester. Gay mense moet vrede kan hê met hulle seksuele oriëntasie as 'n gawe van God. Hulle seksualiteit is nét so deel van God se skepping as dié van heteroseksuele mense.*

*Sonde word gemeet aan hoe ons leef, en nie aan ons seksuele oriëntasie nie. Sonde is onder andere wanneer 'n daad of 'n aksie iemand anders benadeel, skade aandoen, seermaak, uitbuit, misbruik en dus menswaardigheid aantas. Daarom moet seksualiteit in hetero- en homoseksuele verhoudings op 'n verantwoordelike wyse uitgeleef word.*

*Vir homoseksuele mense om te floreer soos heteroseksuele mense, moet hulle seksualiteit gelykwaardig aan heterosek-sualiteit beskou word. Dieselfde standaarde en waardes met betrekking tot leer en lewe moet vir alle persone geld, ongeag seksuele oriëntasie.*

*Alle liefdesverhoudings waarbinne seksuele aktiwiteit ter sprake is, ongeag oriëntasie, moet binne die ruimte van permanente verbintenisse geskied, sodat daar ruimte is vir trou aan God en aan mekaar en sodat promiskuïteit teengewerk word.*

### 1.2.4 Nog 'n getuienis by die moderamen-vergadering van Augustus 2018

*In respons op hierdie getuienis van die moderatuur, is onder andere die volgende getuienis tydens die vergadering van die moderamen in Augustus 2018 gehoor. STLAS het by hul jaarvergadering in September 2018 gevra dat hierdie getuienis saam met dié van die moderatuur gevoeg word in die dokumente vir gesprek oor selfdegeslag-verhoudinge en geplaas word op die sinode se webblad vir die kommentaar van gemeentes.*

*Hierdie getuienis het gelui dat die Bybel alleen normatief is in die Algemene Sinode 2016 se besluit oor selfdegeslagverhoudinge. Terwyl die gedragswetenskappe nie geïgnoreer kan word nie, en terwyl ons met pastorale sensitiwiteit oor selfdegeslag-verhoudinge praat omdat dit nie net om 'n saak gaan nie, maar oor mense, bly die belangrike dat ons ons in ons siening van selfdegeslagverhoudinge uiteindelik en bo alles deur die Bybel as Woord van God sal laat lei. Vir ons as gereformeerde Christene en -kerk is die Bybel alleen immers normatief (Sola Scriptura).*

*Volgens hierdie getuienis is dit juis op hierdie punt waar Christene oor selfdegeslag-verhoudinge direk teenoor mekaar staan. Christene lees die Bybel met verskillende brille. Trouens, daar bestaan aan die een kant by sommige die mening dat die Bybel oor hierdie aangeleentheid nie so duidelik praat nie en dat die enkele verwysings in die Bybel na selfdegeslagverhoudinge nie in ons konteks en kultuur van toepassing is nie. Hierdie benadering is deur 'n voortdurende verkondiging van 'n hermeneutiek van twyfel en suspisie versterk. Daarteenoor is talle verantwoordelike teoloë wat vir hul goeie eksegese en Skrifuitleg bekend is, dit eens dat die Bybel tog nie in onduidelike taal oor selfdege-slagverhoudinge met ons praat nie, en dat die beginsels soos in die Skrif aan ons voorgehou (in die Ou én Nuwe Testament), steeds op ons as Nuwe Testamentiese Christene in 2018 van toepassing is. Die Algemene Sinode het met sy besluite in 2016 gepoog om op grond van die Woord en in lyn met ons belydenisskrifte en die kerklike tradisie, verantwoordelike besluite te neem. Dit val egter op dat teenstanders van die besluite 'n karikatuur maak van die besluite deur dit as 'n "rooi kaart" teenoor mense met 'n gay oriëntasie voor te stel. Daardeur word die 2016 besluite as nie-menswaardig, ongenadig en onchristelik voorgehou. Dit word voorgestel as 'n "julle is nie welkom in die NG Kerk nie!" Wie egter die besluite self lees en nie net staatmaak op mediaberigte en gesprekvoering in die media en op sosiale media nie, sal eerlik moet erken dat die besluite van die Algemene Sinode nie hierdie negatiewe en moedswillige beoordeling*

*verdien nie. Daarom sal elkeen in die NG Kerk wat verder aan die gesprek oor selfdegeslag-verhoudinge wil deelneem, ten minste die moeite moet doen om die besluite wat geneem is tydens die Algemene Sinode 2016 se vergadering, deeglik te bestudeer. Hierdie besluite is geneem na drie dae se deeglike gesprekvoering en besinning aan die hand van die Skrif en talle beskrywingspunte en beswaarskrifte (letterlik honderde bladsye van talle gemeentes en individue) wat voor die vergadering gedien het. Wie die volledige besluit van 2016 lees, sal sien dat die besluite nie net op 'n verantwoordelike wyse met die Skrif wil omgaan nie, maar dit ook op 'n pastoraal sensitiewe manier doen. Die 2016 besluite wil beslis nie in die eerste plek 'n woord teen gays uitspreek nie, maar wil kies vír 'n huwelik tussen een man en een vrou, en téén buitehuwelikse seks, en téén alle perversiteit. Die besluit sê ondubbelsinnig vir persone met 'n gay oriëntasie dat hulle welkom is in die kerk, en doen 'n beroep op alle lidmate om mekaar in liefde te aanvaar, en stel dit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde ten opsigte van leer en lewe geld vir die legitimasie van almal, ongeag seksuele oriëntasie, dit wil sê hetero-, homo- en enige ander seksuele oriëntasie. Die besluite van 2016 is ook alles behalwe 'n koue en genadelose standpunt. Die kerk se "nee" vir gay-praktyke en lewenswyse beteken nie dat die kerk hard en sonder genade optree nie. Dieselfde NG Kerk verkondig met die grootste oorgawe die boodskap van genade en 'n nuwe lewe en heiligmaking in Christus Jesus. Die genade in Jesus Christus is wonderbaarlik groter en sterker as ons sondige natuur. Die genade in Jesus Christus wil ons verander en nuut maak en nuut laat lewe. Goddank! – die genade wil die sondige natuur waarmee ons gebore is tem en beheer. Dit is waarom soveel Christene met 'n gay oriëntasie kan getuig dat hulle in Christus 'n nuwe lewe gevind het, 'n lewe van oorwinning deur selibaat te lewe. Die getuienis van gay georiënteerde Christene wat selibaat leef se getuienis word dikwels óf geïgnoreer óf as 'n drogredenasie afgemaak. Wie egter in die evangelie van genade glo, moet ook glo dat die genade aan ons geskenk word om ons nuut en vry te maak, en 'n lewe van oorwinning in Jesus Christus te laat leef. Dít is die evangelie wat die NG Kerk met vrymoedigheid moet bly verkondig, hoe vreemd hierdie evangelie ook al vir die wêreld mag klink.*

### 1.2.5 ATLAS se poging om 'n gespreksmatige raamwerk vir etiese onderskeiding in die kerk te ontwikkel

Hierdie getuienisse is by die vergadering van die moderamen in Augustus 2018 voorafgegaan deur 'n verslag van STLAS, waarin die moderamen ingelig is oor die gesprek wat in ATLAS (Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake) gevoer word oor gereformeerde etiese onderskeiding in die kerk. Die oortuiging het begin groei in ATLAS dat ons nie regtig wen deur in sinodes te stem oor aanbevelings met argumente ten opsigte van etiese kwessies nie, maar dat ons eerder moet werk aan meganismes vir onderskeidende gesprek in spesifieke pastorale ruimtes. Hierdie meganismes moet teologies-etiese leiding insluit, maar ook reëlings oor hoe ons verskille met mekaar hanteer. ATLAS het die aanvoeling dat gemeentes oor kwessies rondom byvoorbeeld seksuele oriëntasie nog lank met mekaar gaan verskil. Ons kan kies om 'n benadering te volg waar ons al ons verskille na 'n punt dryf en 'n wen-en-verloor situasie bereik. Ons kan egter ook kies om meganismes te ontwikkel wat ons help om aan te hou praat met mekaar terwyl ons toegelaat word om te verskil van mekaar. ATLAS gaan in hierdie benadering daarvan uit dat ons eenheid gewortel is in ons gedeelde geloof dat Jesus Christus die Here is. Die geskiedenis het ons egter geleer dat eenheid in Christus nie noodwendig lei tot eenderse etiese standpunte nie. Ons het die keuse of ons wil toelaat dat ons verskille in etiese oordeel ons vervreem van mekaar. Die uitgangspunt is dat ons mag verskil van mekaar wat betref etiese gevolgtrekkings, terwyl ons gedeelde belydenis dat Jesus Christus die Here is, ons juis bymekaar hou in gesprek mét mekaar. ATLAS gaan uit van die vertroue dat ons as volgelinge van Christus goeie weë sal vind indien ons saam aanhou soek.

STLAS het die aanvoeling met die moderamen gedeel dat hierdie gesprek wat in ATLAS gevoer word, ons kan help. Die oortuiging het begin groei dat 'n goeie skuif in benadering ten opsigte van etiese onderskeiding in die kerk onder andere die volgende elemente bevat:

- Eerder as om standpunte te formuleer, word getuig oor perspektiewe;
- Eerder as om besluite te neem, word oortuigings geformuleer;
- Eerder as om te veg vir eie standpunte, word voorveronderstellings op die tafel geplaas;
- Eerder as om vir elke situasie 'n antwoord te gee, gaan sit ons met elke mens in 'n pastorale ruimte;
- Eerder as om geleerde antwoorde in 'n ontologiese denkraamwerk 'van bo af' te bied, help ons die gewone leser om in 'n dinamiese proses en konkrete situasie self ook te kan onderskei.

Indien ons nie begin met die vraag 'Wat is waarheid?' nie, maar met 'Wie is waarheid?' en 'Vir

wie is die waarheid?', sal ons mekaar kan bemagtig om self binne die verhoudings waarin ons staan in gemeentes, ringe en die sinode, gesprek te voer en besluite te neem.

STLAS het dus na die moderatuur gekom vanuit 'n spesifieke hoek, naamlik die belang by die poging van Leer en Aktuele Sake om gereformeerde etiese oordeelsvorming só te beoefen dat dit 'n groter gemeenskaplike en minder verdelende karakter verkry. STLAS vind hoop daarin dat ons eenheid lê in ons verhouding met die Drie-enige God en in die verbond wat daar tussen ons en God en ons met mekaar is. Ons glo dat Jesus Christus die Waarheid is. Dít is vir ons belangrik om te bely, juis in 'n tyd waar mense neig om te sê elk het maar sy of haar eie waarheid. Ons bely volgens HK Sondag 1 dat ons enigste troos in lewe en in dood is dat ons aan Jesus Christus behoort. Juis dít bied aan ons geborgenheid in 'n tyd soos hierdie, en nié 'n gedeelde spesifieke verstaan van wat sonde is en nié is nie.

### 1.2.6 Kerkrade gebruik hul diskresie en formuleer oortuigings

STLAS het gewys op die verskeidenheid van kerkraadstandpunte oor selfdegeslagverhoudings. Die bedoeling van die ondersoek na gemeentes se denke en hul standpunte is nie om 'n telling te probeer hou van 'n oorvereenvoudigde "vir-of-teen", wat 'n stemming in die sinode moet vooruituitloop nie, maar om te probeer peil waar ons as kerk ons tans in die teologiese onderskeidingsproses bevind. Juis omdat STLAS 'n dieper, gespreksmatige benadering wil volg en *gepaste materiaal en ondersteuning met die oog daarop wil ontwikkel*, is dit van waarde om te weet wat die stand van die gesprek in gemeentes is.

Verskeie gemeentes het sedert 2015-2016 op hul eie besin oor selfdegeslagverbintenisse en oortuigings geformuleer. Volledige voorbeelde hiervan is vir die moderamen beskikbaar gemaak. Hierdie oortuigings is later ook ingesluit in die *Dokumente vir gesprek oor selfdegslagverbintenisse*, wat op die sinode se webblad vir kommentaar geplaas is. Dit kan volledig by die onderstaande skakel gevind word: https://kaapkerk.co.za/wp-content/uploads/2018/10/Dokumente-vir-Gesprek-oor-Selfdegeslagverbintenisse-FINAAL-20190123.pdf.

Daar was gemeentes wat ná die 2015 besluit verklarings teen die besluit gemaak het. Hierdie verklarings kom meestal neer op uitsprake dat die gemeente gehoorsaam wil bly aan God en sy Woord. Een kerkraadsverklaring lui byvoorbeeld dat hulle afkeur van burgerlike selfdegeslagverbintenisse en seksuele verhoudings buite die huwelik as teen God se wil nie beteken dat hulle liefdeloos wil wees nie, maar wel dat hulle die Woord van God gehoorsaam. Hulle wil 'n "Bybelse standpunt oor selfdegeslagverhoudings handhaaf".

Nog 'n kerkraadsverklaring lui dat die kerkraad die Skrif in geheel en verantwoordelik wil uitlê vir vandag binne literêre en historiese konteks, maar dat hulle tans nie oor die nodige kennis beskik om finale besluite te neem nie en hulle dus skaar by die 2007 besluit van die Algemene Sinode.

Daar was ook kerkrade wat ná die besluit van die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 hulself beroep het op die punt in die 2016 besluit dat standpunte nie op gelowiges en gemeentes afgedwing word waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie. Hierdie kerkrade wil ruimte maak vir selfdegeslagverbintenisse binne trou aan God en aan mekaar.

STLAS en die moderatuur het hulleself goed probeer vergewis van die vertrekpunte en beredeneringe wat gebruik word in die onderskeie kerkrade se verklarings en besluite. Hierdie kerkrade het selfstandig navorsing gedoen en sommige het werklik diepgaande gesprekke gevoer. Hulle dokumente is beskou as 'n belangrike bron vir die onderskeidingsproses van die sinodale leierskap.

Hier volg enkele opsommende voorbeelde uit die kerkraadsbesluite wat aanvanklik in die *Dokumente vir gesprek oor selfdegeslagverbintenisse* ingesluit is:

> *(1) Ons wil gehoorsaam bly aan God en sy Woord, dit in geheel en verantwoordelik wil uitlê vir vandag binne literêre en historiese konteks, maar ons beskik tans nie oor die nodige kennis om finale besluite te neem nie en skaar ons dus by die 2007 besluit van die Algemene Sinode dat alle mense, ongeag seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk aanvaar word. Die huwelik is 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en gesonde, gelukkige gesinne of families is vir ons belangrik. Volgens die liefdesgebod verwelkom ons mense van alle seksuele oriëntasie, maar ons kan nie burgerlike verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag voltrek nie en ook nie 'n leraar of kerkraadslede wat in sulke verbintenisse is, in die amp bevestig nie.*
>
> *(2) Ons bevestig dat lidmate met 'n homoseksuele oriëntasie op grond van hulle doop en geloof in Christus volwaardige lede van die liggaam van Christus is, met konsekwente toegang tot die volle lewe van die gemeente, insluitende die sakramente, al die ampte, bedieninge en fasiliteite. Ons verklaar ook dat ons niemand veroordeel of kritiseer wat nie soos ons dink of doen nie, maar*

*ruimte laat vir mekaar om op elkeen se unieke wyse by te dra tot hul roeping as gemeente.*

*(3) Die besluit ten gunste van selfdegeslag-verbintenisse is gewortel in 'n liberale teologie, wat die ervarings en emosies van mense deurslaggewend maak in plaas van duidelike Skrifopdragte, en waarin bloot die algemene tydsgees gevolg word.*

*(4) Alle liefdesverhoudings waarbinne seksuele aktiwiteit ter sprake is, ongeag oriëntasie, moet binne die ruimte van permanente verbintenisse geskied, sodat daar nie sprake is van losbandigheid nie, maar slegs van trou aan God en aan mekaar.*

*Een gemeente het besluit om te doleer:*
*"Die kerkraad besluit om haarself duidelik, vanuit haar vorige standpuntinnames en diepste oortuigings te posisioneer.*

*Die kerkraad betreur die hantering van die Algemene Sinode 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudings en distansieër haar van die Algemene Sinode 2016 se besluit oor selfdegslagverhoudings. Die kerkraad besluit daarom, vanuit haar hartseer en betreuring, om te doleer (treur). Hiermee bedoel die kerkraad die volgende:*

*Die kerkraad treur ómdat sy oortuig is daarvan dat die goeie nuus van die evangelie vir alle mense beskore is. God se genade kan slegs ontvang word, aangesien dit nie op grond van ras, gender of seksualiteit geskenk kan word nie. As begenadigdes treur ons omdat die kerk in die naam van hierdie evangelie genadeloos handel met mense.*

*Die kerkraad treur óór die hantering van kerklike besluite en kerklike gesprekke oor selfdegeslagverhoudings, en erken ons eie aandadigheid daaraan. As begenadigdes treur ons oor kerklik-geregverdigde diskriminasie wat bykomende kriteria of voorwaardes aan gay lidmate stel vir insluiting by sekere ampte van die kerk.*

*Die kerkraad treur sáám met gay lidmate, familielede en vriende van gay persone, en alle mense wat pyn en geweld aangedoen is en aangedoen word.*

*Die kerkraad bedoel met dolering dat sy haar betreuring oor kerklike sake op 'n kerklike wyse en by wyse van kerklike taal uitspreek.*

*Die kerkraad bedoel met dolering nié afskeiding of afstigting nie, en verwerp enige aantygings wat haar besluit om te doleer met skeurmakery sou verwar.*

*Die kerkraad koester die eenheid van die kerk en bly verbind tot die hereniging van die NG Kerk-familie.*

*Die kerkraad keur die verklaring sowel as beleid goed, en versoek die leraars van die gemeente om praktiese uitvoering te gee aan die treurende gemoedstoestand van die gemeente.*

*Die kerkraad versoek die Sinode van Wes-Kaapland (NG Kerk in SA) om:*
*'n Gravamen op te stel wat na die volgende sinodesitting van die Algemene Sinode gestuur word, waarin daar beswaar aange-teken word teen die ASM se hantering van die AS-besluit oor selfdegeslag-verhoudings in 2015; asook die regstegniese hantering van gravamina en appèlle teen die AS 2015-besluit by die afgelope AS (van 2016).*

*'n Alternatiewe besluit te neem teen enige vorm van diskriminasie tussen mense op grond van hulle seksuele oriëntasie; en om hierdie besluit aan die Algemene Sinode deur te stuur sodat AS 2016 se besluit oor selfdegeslagverhoudings vervang kan word.*

*Die kerkraad besluit om 'n hoopvolle houding in te neem wat betref sinodale besluite oor selfdegeslagverhoudings. Die kerkraad spreek haar hoop uit dat die Algemene Sinode 'n weg sal vind om álle mense te omarm soos wat God álle mense omarm."*

STLAS het gesuggereer dat 'n weg vorentoe gevolg word wat gebruik maak van dít wat ons leer uit gemeentes se hantering van die gesprek om selfdegeslagverhoudings om 'n goeie proses van teologies-etiese onderskeiding in die kerk te bevorder. Ons het in die uitvoering van ons opdrag opnuut daarvan bewus geword dat die Gees besig is om met gemeentes te werk. Gemeentes word die een of ander tyd gekonfronteer met dringende vrae oor hoe om gay lidmate in die praktyk te hanteer, soos byvoorbeeld wanneer:

- die versoek kom om 'n kind van 'n gay paar te doop;
- 'n gay paar vra dat hul verbintenis geseën of bevestig word;
- iemand wat in 'n selfdegeslagverbintenis leef, moontlik in die amp bevestig moet word.

STLAS het die oortuiging gedeel dat gemeentes wat reeds waardevolle onderskeidingswerk gedoen het in hierdie verband, juis omdat hulle gevoel het dat die Gees hulle anders lei, die kerkverband baie kan help. In die lig hiervan kan dit goed wees om dít wat uit hierdie gemeentes na vore kom, wat betref die proses en die formuleringe, self te ondersoek en te beskryf, en hierdie kennis aan te wend om ander

gemeentes wat die behoefte het om beleid te formuleer, te bemagtig. Hierdie weg is voorgestel omdat ons ’n uitweg soek uit ’n situasie waar ons ’n wen-en-verloor situasie bereik en waar een groep ’n ander in die kerk aan bande lê.

### 1.3 Die moderamen se opdrag in Augustus 2018

Die moderamen het op 29 Augustus 2018 die getuienis van die moderatuur in verband met selfdegeslagverbintenisse bespreek. Die moderamen het STLAS versoek om die getuienis – vergesel van ’n gereformeerde Skrifbeskouing, ’n beskouing oor diversiteit en ’n teologiese begronding van die getuienis – na afloop van hul jaarvergadering aan gemeentes te versprei met die oog op kommentaar. Die moderamen het STLAS verder versoek om hierdie kommentaar te verwerk en in ’n verslag aan die moderamen in Maart 2019 voor te lê. Die moderamen het voorsien dat ’n finale voorstel aan die sinode van 2019 deur die moderamen se vergadering van Maart 2019 gefinaliseer sal word.

Hiermee die volledige besluit van die Moderamen in Augustus 2019:

*Die Moderamen*
*bespreek die getuienis van die moderatuur;*
*gee ’n mandaat aan STLAS om ná die gesprek die getuienis af te rond;*
*versoek STLAS om die getuienis aan die gemeentes van die sinode te versprei vir kommentaar teen einde September 2018.*

*Die getuienis moet vergesel word van:*
*’n Gereformeerde Skrifbeskouing;*
*’n beskouing oor diversiteit;*
*’n teologiese begronding van die getuienis.*
*versoek STLAS om die kommentaar te verwerk en in ’n verslag aan die moderamen in Maart 2019 voor te lê;*
*voorsien dat ’n finale voorstel aan die sinode van 2019 deur die moderamen se vergadering van Maart 2019 gefinaliseer sal word.*

### 1.4 STLAS se uitvoering van die moderamen se opdrag

#### 1.4.1 STLAS Jaarvergadering in September 2018

Tydens STLAS se jaarvergadering in September 2018 is indringend aan hierdie opdrag van die moderamen aandag gegee. Die volgende notas is tydens ’n ronde van oop gesprek by die jaarvergadering gemaak en is van belang vir die proses vorentoe:

*Straight mense is op ’n ander manier teenwoordig in hierdie gesprek as gay mense.*

*Vir my as gay persoon gaan dit oor dat ek nie ’n lewe kan hê indien my seksuele oriëntasie nie aanvaar word nie.*

*Sou ons gesprek en ons strategie verskil indien ons volgens die prioriteit van die Koninkryk sou begin by die vraag: ‘Wie is die mense wat swaarkry?’ Sou dit anders wees indien ons begin by hulle wat ly, in ’n kas gedruk word, uitgesluit word?*

*Die vraag is nie ‘Hoe is ons gemaklik met ander wat ingesluit word?’ nie, maar ‘Hoe sal die ander bevry word?’ Indien laasgenoemde vraag die belangrikste is, beteken dit dat ons ’n taal van belydenis moet ontwikkel, wat die belydenis insluit dat ons nie regtig verstaan nie.*

*Dit sou ons baie kon help om te praat van ’n hermeneutiek van diversiteit. Dít staan teenoor ’n besluitnemingshermeneutiek. ’n Hermeneutiek van diversiteit gaan om ’n ander manier van besinning as om bloot die uitkoms van die volgende stemming op die sinode in gedagte te hou. Dit gaan om ’n gespreksmatige hermeneutiek, waar jy as deelnemer aan die gesprek in die eerste plek moet verantwoord waar jy self staan, en hoe dit gekom het dat jy daar staan. So kom jy met jou eie liggaam in die gesprek, praat jy vanuit jou eie liggaamlikheid en word jy broos in die gesprek. Dan word dit ’n egte gesprek. Jy praat nie meer uit ’n posisie van mag oor ander (brose) mense nie.*

*In ’n hermeneutiek van diversiteit luister ons na verskillende stemme. Die gesprek raak juis vermoeiend as dit bloot gaan oor standpunte, en nie oor mense nie. Dit is byvoorbeeld nie vermoeiend om met ’n gay persoon en sy/haar ouers in ’n pastorale ruimte gesprek te voer nie. Waarom nie?*

*Ons moet onthou dat ’n stilswye rondom seksualiteit nie net gay mense seermaak nie, maar ook ander. Ons moet in die kerk praat oor seks.*

*Ons sal ook moet praat oor die huwelik. Ons sê die huwelik is heilig, ons gebruik dus sakramentele taal. Luther se werk oor die huwelik, en oor die interpretasie van byvoorbeeld Efesiërs 5, is hier baie belangrik.*

*Om te praat van jou verklaring as ’n “getuienis” werk baie goed. Dit beteken daar kan voortgaande gesprek wees. Jy getuig van jou standpunt, maar laat ruimte vir gesprek.*

*Wie het outoriteit om oor selfdegeslag-verbintenisse in die kerk te praat? Bemagtig die stemme van hulle wat swaarkry. Vra hulle wat hulle nodig het. Laat toe dat hulle stemme gehoor word.*

*Ons het, teologies en hermeneuties gesien, 'n uitdaging in ons kerk. Gemeentes op grondvlak moet blootgestel word aan goeie teologie en gehelp word om te kan besin en te kan oordeel.*

*Die Bybelse model van etiese besinning is van 'n gespreksmatige aard. Ook binne die Bybel is sprake van nuwe interpretasie van vroeëre sieninge binne nuwe omstandighede.*

*In plaas van om met elke volgende sinode in die visier te werk na 'n soort "eindpunt" van 'n stemmery, behoort ons die klem te plaas op gesprekvoering, op hoe ons met mekaar omgaan, op hoe ons mekaar innooi in die gesprek met mekaar en in gesamentlike geloofsonderskeiding.*

STLAS het:

- met dankbaarheid kennis geneem van die getuienis en gepaardgaande verantwoording van die moderatuur oor selfdegeslagverbintenisse;
- vir Louis Jonker versoek om 'n kort dokument oor gespreksmatige hermeneutiek te skryf;
- besluit om die getuienis van Smuts van Rensburg, wat by die moderamen gelewer is in respons op dié van die moderatuur, ook deel van die gespreksdokumente vir die webblad te maak;
- vir Louis van der Riet, 'n gay proponent en doktorale student, intussen bevestig as leraar, versoek om ook 'n getuienis te skryf;
- besluit dat hierdie getuienisse, asook die dokumente soos deur die moderamen se opdrag bepaal, aan gemeentes versprei word vir hul kommentaar.

### 1.4.2 'n Gespreksmatige verstaan van die Bybel

Louis Jonker het die volgende uiteensetting vir STLAS geskryf oor 'n gespreksmatige verstaan van die Bybel:

*Die indruk word dikwels geskep dat die Bybel 'n objektiewe punt is waarteen al ons sienings oor God en die wêreld "gemeet" kan word. Die veronderstelling is dan dat ons net diep genoeg, en lank genoeg, moet grawe in die Bybel, dan sal ons by "die waarheid" uitkom. Hierdie verstaan van "waarheid" het 'n lang geskiedenis – 'n geskiedenis waaraan die NG Kerk ook vir baie lank blootgestel was. Dit word dikwels gemotiveer vanuit die oortuiging dat die Heilige Gees alles in die Bybel meganies geïnspireer het, en dat interpreteerders van die Bybel dan ook maar net onder leiding van die Heilige Gees daardie geïnspireerde waarhede uit die Bybel moet uithaal.*

*So 'n verstaan druis egter lynreg in teen die manier waarop die Bybel tot stand gekom het. Ons is bewus daarvan dat die Bybel oor 'n lang periode – selfs meer as 1000 jaar! – tot stand gekom het, en dat dit dus oor eeue heen gegroei het. Dit het gebeur te midde van menslike omstandighede, kultuur, oortuigings, en geskiedenisgebeure. Die Bybel het dus nie op 'n goeie dag uit die hemel geval nie, maar is die produk van die veranderinge wat oor eeue heen in die omstandighede van gelowige mense plaasgevind het. Deur dit te sê, beteken nie dat ons die inspirasie deur die Gees ontken nie – inteendeel! Maar, binne die gerefor-meerde tradisie werk ons nie met 'n "meganiese" inspirasieteorie nie, maar met 'n "organiese" verstaan van die inspirasie deur die Gees. Daarmee bely ons dat die Bybelskrywers, wat volledig ingebed was in hul menslike omstandighede, deur God se Gees gelei is om dinge op 'n bepaalde manier uit te druk, om bepaalde oortuigings te hê, om God op 'n bepaalde manier te verstaan, en om op 'n bepaalde manier oor God te praat. So 'n organiese verstaan van die inspirasie deur die Gees laat dus ook ruimte dat God Godself telkens in nuwe lewensomstandighede nuut kon openbaar. Daarom sou die nadenke oor God ook altyd weer verder ontwikkel, omdat God telkens weer nuut in nuwe omstandighede is.*

*Hierdie verstaan van die organiese inspirasie van die Bybel oor eeue heen laat ons dus ook besef dat latere tekste met vroeëre tekste in gesprek kon tree. Of anders gestel, nuwe interpretasies het nooit losgestaan van die oorgelewerde tradisies nie. So kom die Bybel algaande op 'n gespreksmatige manier tot stand: in gesprek met die oorgelewerde en gesaghebbende tradisies, maar terselfdertyd in gesprek met die nuwe lewensomstandighede in veranderende en veranderde kontekste. Ons sou dus kon sê dat interpretasie nie eers begin toe die Bybel volledig klaar geskryf is nie, maar interpretasie vind reeds binne-in die Bybel plaas. Jonger tekste interpreteer ouer tekste vir nuwe omstandighede. Die Bybel is dus gespreksmatig opgebou. Daarom stem nie alle stemme wat ons in die Bybel hoor, noodwendig ooreen of met mekaar saam nie. Een goeie voorbeeld is die redelike eng verstaan wat in Ou Israel ontwikkel het dat Jahweh, die God van Israel, se genade eintlik net vir hulleself bedoel is. Hierdie sienings word byvoorbeeld uitgedruk in dele soos die Uittogtradisie, in dele van Deuteronomium, in Esra/Nehemia, ensovoorts. Maar, dan is daar ander tekste/stemme wat weer daarteen reageer deur aan te dui dat die Here se genade vir almal bedoel is, en dat hy selfs*

*vreemdelinge insluit. ’n Boek soos Jona beklemtoon daarom dat die Here se genade selfs tot in Nineve strek – selfs ten bate van die diere van daardie stad! En die boek Rut beklemtoon dat die voormoeder van Koning Dawid iemand uit ’n vreemde nasie, Moab, was. En Kronieke beklemtoon dat “die hele Israel” ook die nasies in die noorde en oorkant die Jordaan insluit, en dat ’n mens inklusief oor God se volk moet dink. (Terloops, in die Hebreeuse Bybel is Kronieke die laaste boek. Dalk is dit juis baie betekenisvol?)*

*Die wonderlike is dat – toe die Bybelse geskrifte algaande oor eeue heen gegroei het om die kanoniese Bybel te word – al hierdie stemme in die Bybel ingesluit is. Onder leiding van God se Gees het die kanonwording ’n gespreksmatige karakter aangeneem. Die Bybel is nie die selektiewe produk waarin net sekere standpunte verteenwoordig word, met uitsluiting van ander standpunte nie. Die Bybel is eerder die produk van mense wat oor eeue heen met die Godsvraag geworstel het, wat in hul konkrete omstandighede gewonder het wat die regte dinge is om te doen, en watter etiese besluite reg of verkeerd sou wees. Die Bybel kom nie met ’n register waarin ons maar net kan naslaan waar ons meganies die reëls vir ’n bepaalde situasie kan gaan aflees nie. Iemand het eenkeer gesê, “the Bible is a bunch of texts in restless conversation with one another!” En in hierdie gesprek hoor ons die gelowige nadenke oor God, oor eeue heen, in konstant-veranderende wêrelde.*

*Hierdie siening oor die Bybel – dat dit gespreksmatig ontwikkel het en gekanoniseer is – is natuurlik tegelyk bevrydend en uiters gevaarlik. Dis gevaarlik, omdat elkeen mos nou maar in die Bybel daardie tekste kan uitsoek wat jou standpunt pas, en siedaar, onder leiding van die Gees (so meen jy!) het jy mos die waarheid ontdek! Maar, iemand wat die teendeel wil bewys, sou uiteraard presies dieselfde kon doen. Daarom is ’n verantwoordelike hermeneutiek (oftewel, uitlegmetode) noodsaaklik. ’n Letterlike verstaan van die Bybel, asof dit ’n goudmyn is waarin ons maar net diep genoeg moet grawe om by die goudklonte van waarheid uit te kom, kan selfs gevaarlik wees (soos ons al met hartseer in die geskiedenis van Bybelinterpretasie in die NG Kerk ontdek het).*

*Maar, die Bybel as gespreksmatige geloofs-dokument is tegelyk bevrydend. Ons as moderne lesers en interpreteerders wat – soos die gelowige vaders en moeders wat ons vooruitgegaan het – ook worstel met die Godsvraag in ons tyd, het die voorreg om in te luister op die gesprekke wat die Bybel vir ons vanuit die verlede bring. Ons ontdek dus, as moderne lesers, dat ons noodwendig ingetrek word in die gesprek wat die Bybel vir ons aanbied. Ons besef dan dat die waarheid nie geleë is in een of ander vers, of een of ander interpretasie nie, maar in die gesprek self. Die waarheid lê dus in die pad wat ons met die Bybel stap, die verstaansraamwerk wat ons toelaat dat die Bybel by ons en in ons ontwikkel, en die oortuiging dat ons op pad is saam met ander gelowiges. Ons verstaan dus nie net in gesprek met ons vaders en moeders wat ons voorafgegaan het in die geloof nie, maar ook tesame met die broers en susters wat nóú saam met ons die pad voor die aangesig van God bewandel. En ons verstaan ook, soos die Bybelskrywers van ouds, met die insigte en kennis wat ons eie wêreld (deur middel van die natuurweten-skappe, literatuur, kuns, ensovoorts) ons bied. Om dus te luister na medegelowiges en die wêreld rondom ons, en om daardeur algaande tot veranderde insigte gelei te word, is nie ’n nuwe manier van verstaan nie. Dis inderdaad die manier wat oor eeue heen gestrek het, en waardeur die Bybel gespreksmatig tot stand gekom het.*

*’n Verantwoordelike hermeneutiek sal dus in gesprek tree met die gesaghebbende Skrif wat aan ons oorgelewer is (dus, ’n historiese hermeneutiek), maar vanuit daardie gesprek ook in gesprek tree met ons eie kontekste waarin ons smag na helderheid, wysheid en insig voor die aangesig van God (dus, ’n kontekstuele hermeneutiek).*

**1.4.3 ’n Gay stem**

Louis van der Riet, wat deur STLAS by hul jaarvergadering gekoöpteer is om die gesprek oor ras en versoening in STLAS te lei, het op versoek van STLAS sy getuienis (’n Gay stem) geskryf:

*Die gesprek oor homoseksualiteit en selfdegeslagverhoudings het die afgelope jare vir baie lidmate van die NG Kerk wat nie self openlik identifiseer met ’n ander seksuele oriëntasie as heteroseksualiteit nie, baie besig gehou. Daar is min positiewe getuienisse, veral ván en déúr gay mense (verwysend na alle seksuele oriëntasies behalwe heteroseksualiteit), in hierdie tyd gewees. In die lig hiervan, lewer ek graag hierdie getuienis as beide ’n openlike gay persoon, en as ’n leraar in die NG Kerk. Ek dink die kombinasie van hierdie twee feite dra gewig wat ek glo eiesoortige teologiese verheldering kan bied vir toekomstige besluitneming. Verder dink ek dit sal teologies naïef en misleidend wees om die verdeeldheid in die kerk hieroor te probeer oplos deur alle standpunte, veral van*

*heteroseksuele lidmate, te akkommodeer. Hierdie is dus 'n poging om besliste, waagmoedige teologiese lyne te trek, minstens vir die lidmate vir wie hierdie gesprek die diepste raak (alhoewel ek nie namens gay mense praat nie, is my getuienis gevorm deur die feit dat ek gay is).*

*Gegewe hierdie vertrekpunt, glo ek dit is nodig dat die twee besluite van die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland saam met mense van verskillende seksuele oriëntasies uitgevoer behoort te word (voortgesette teologies-etiese onderskeiding in gemeentes wat neerkom op deelname aan gesprek en die ontwikkeling van insig, en teologies-etiese onderskeiding en leidinggewing op sinodale vlak).*

*Daar word wyd genotuleer dat daar by die sinodesitting van 1986 vir die eerste keer gesprek gevoer is oor homoseksualiteit. In die meer as dertig jaar se gesprekvoering sedertdien is daar net enkele verwysings na, en erkenning vir, nuwe insigte wat ontstaan het deur gay mense se eie stemme te laat hoor (teenoor heteroseksuele mense se stemme). Alhoewel daar in hierdie tyd mét, en sáám met, en óór, en námens gay mense gesprek gevoer is en na teologiese verheldering gesoek is, is daar nog nie genoegsaam ruimte gegee vir gay mense se eie getuienis in hierdie besluite nie. Dit wil nie sê dat gay mense eiesoortige behoeftes of begeertes het wat verskil van enige menslike seksualiteit nie. Tog is dit gay lidmate wie die gevolge dra van hoe heteroseksuele mense gesprek voer oor gay mense. Hierdie ervaring kan net verstaan word deur na gay stemme self te luister.*

*Die kerk betree tans nuwe terrein met die ordening van 'n openlike gay persoon in die amp van leraar. Vir my is hierdie feit enersyds besonders, en andersyds bloot die basiese uitvoering van die evangelie se oproep tot insluiting en menswaardigheid.*

*Dit is nie besonders omdat die amp van leraar meer belangrik of 'n besondere amp is bo ander ampte is nie. Die ordening van gay leraars is wel 'n keerpunt, aangesien hierdie bevestiging dit moontlik maak dat al die take van 'n leraar beliggaam kan word deur iemand wie nie heteroseksueel is nie. Dit hou dus 'n besonderse geleentheid in om ander lidmate en ampsdraers te bedien wie self nie heteroseksueel is nie. Dit kan verder as besonders beskou word, want dit gee gestalte aan beide 2015 en 2016 se besluit dat "enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk". Daar is 'n oop (kas) deur, waar daar nog nooit was nie. Dit is die vrug van generasies se wroeging, minstens in die NG Kerk, om erkenning te gee aan 'n verskeidenheid van uitdrukkings van menslike seksualiteit. Dit is besonders, want dit is 'n getuienis dat ons glo in die menswaardigheid van alle mense, die insluiting van elkeen en almal by die liggaam van Christus.*

*"Menswaardigheid", Menslike Seksualiteit, Huwelik*
*Ek glo ook daar is 'n profetiese getuienis in hierdie aksie. Ek glo dit sal die onvolhoubare en niksseggende omgaan met die begrip van menswaardigheid wat voorgehou word in die 2016 besluit oor selfdegeslagverhoudings uitwys. Geen paartjie kan op 'n menswaardige manier verbied word van 'n verhouding wat aan al die etiese riglyne van 'n huwelik voldoen, bloot omdat hul van dieselfde geslag is nie. So 'n beskouing van seks, seksualiteit, die huwelik, en van menswaardigheid, maak nie staat op die Bybel as 'n gespreksmatige geloofsdokument nie.*

*My hoop is dat gay leraars die kerk kan help om 'n regmatige plek vir die teologies-etiese hantering van menslike seksualiteit te gee. Dit wil sê dat ons oor selfdegeslagverhoudings praat binne die raamwerk van menslike seksualiteit, wat van toepassing is op alle mense.*

*Om die huwelik eksklusief te maak vir heteroseksuele paartjies verleen aan die huwelik 'n status wat teologies vreemd is, en verhef hierdie "gawe" om 'n ander doel te dien as wat in 2013 besluit is:*
*'n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone ... om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in 'n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit 'n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sover as moontlik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as 'n wettige huwelik.*

*Dit is boonop oneerlik om die eksplisiete selibaat-vereiste weg te neem vir legitimasie en ordening (2007), maar implisiet vir gay mense 'n verhoudingslewe te verbied. Miskien help gay leraars ons ook om die teologiese begronding van verhoudings en die huwelik te herontdek deur verantwoordbare en verantwoordelike teologie te oefen oor menslike verhoudings. Ten spyte van die*

*beskerming, die omarming, die viering, die bevestiging, die ondersteuning en die gemeenskaplikheid van huwelike tussen een man en een vrou, eindig baie van hierdie huwelike steeds in gebrokenheid. Om bloot selfdegeslagverhoudings as "realiteit" te "erken" (luidens 2016 se besluit) is niksseggend, en veronderstel dat gay paartjies nie dieselfde ruimte verdien of nodig het nie. Gay lidmate trou reeds buite die kerk, en ontbloot daarmee die kortsigtigheid van hierdie eksklusiewe huweliksbeskouing. Gay mense se seksualiteit is 'n geskenk vir die kerk en twee mense wat hulself opoffer vir mekaar in liefde, hulself vir mekaar gee in liefde, word 'n teken van hoop vir die wêreld.*

*Daarom kan ons nie bloot volstaan met liefde is liefde wanneer dit as 'n etiese ewig-geldende waarheid voorgehou word nie. So 'n hermeneutiek kyk die konteks mis, en help ons nie om ander skadelike teologie wat ook met ewige waarhede werk uit te wys nie. 'n Mens kan self hier praat van 'n pastorale kortpad wat geneem word. Liefde is liefde beklemtoon wel dat daar nie juis enige praktyke is wat eie is aan gaywees nie. Daar is nie iets soos 'n gay lewenswyse nie.*

*Alle teologie weeg nie ewe swaar nie en is nie ewe akademies verantwoordbaar nie. Alhoewel daar voorgehou word dat die moderamen "nie standpunte op gelowiges en gemeentes afdwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie," kán en moet ons teologiese lyne in die sand trek. Dit impliseer nie 'n verandering aan ons historiese hermeneutiek (gesaghebbende Skrif) nie, maar eerder aan hoe (en met wie) ons in gesprek tree met ons konteks.*

*Hermeneutiek*
*Wat hierdie bevestiging dus ook teologies besonders maak is dat dit 'n hermeneutiese eerlikheid vereis. 'n Hermeneutiek van die Skrif wat liggaamlikheid – wat gender, geslag, ras, of liggaamlike ontwikkelingsverskille ('gestremdhede') insluit – hanteer asof dit niksseggend, onbelangrik of teologies irrelevant is, loop dieselfde gevaar om hierdie ingebore uitdrukkings van liggaamlikheid te misken, onderdruk, uit te sluit en sonder menswaardigheid te hanteer. Dat mans, byvoorbeeld, op dieselfde manier oor geslag en gender kan praat as vroue, is bloot oneerlik. Om nie die invloed van ons eie liggaamlikheid as 'n vormende deel van ons Skrifgebruik en konteks te erken nie, is oneerlik. Deur die uniekheid en verskeidenheid van ons liggaamlikheid te ontken, is om mag te gee aan die hermeneutiek van dominante groepe wat histories as normatief beskou is (wit/mans/heteroseksueel/liggaamlik bevoeg ensovoorts). Om die liggaamlikheid van ons menswees en ons teologie te omarm, is om God weer nuut in nuwe omstandighede te ontdek.*

*(Skuld)belydenis*
*Waar ons dus in ons voortdurende gesprek tussen teks en konteks, onder leiding van die Gees, tot nuwe insig kom kan ons nie anders as om stil te staan en te bely nie. Verootmoediging, skuld-belydenis, en wenslike selfondersoek en berou oor ons teologiese en etiese foute van die verlede is noodsaaklik. Dit is nodig vir genesing van die vir wie dit skade aangedoen het en dit is nodig om werklik die omvang van ons teologiese foutlyne raak te sien. Ons almal sit met 'n stuk onkunde, vooroordele, onbeholpenheid en bevoorregting wat veroorsaak dat ons ander van God se genade weerhou, bloot omdat ons nie kan toelaat dat ons voorkeure ontmasker word nie. Geloofsbelydenis vereis skuldbelydenis. Dit is ook nie goedkoop vergiffenis nie. Dit vra dat indien daar om verskoning gevra is vir die skending van menswaardigheid, soos in 2016 se besluit, dit nie kan los staan van 'n verantwoordelikheid om beter te luister na gay mense nie.*

*Om gesonde seksualiteit toe te sluit in 'n kas is nie net kortsigtig en hartseer nie, dit weerhou gelowiges daarvan om ooit met integriteit lief te hê en genade te verkondig deur verhoudings.*

*Gay mense hoef nie langer te luister na die selfbevrediging van hulle wat kies om te maak soos dié wie Jesus vermaan nie: "julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en julle verhinder dié wat wel wil ingaan" (Matt 23:13b). Die kas/graf is leeg."*

#### 1.4.4 Gemeentes reageer op die dokumente vir gesprek oor selfdegeslag-verhoudinge

Verskeie dokumente is saamgevoeg in die stuk, *Dokumente vir gesprek oor Selfdegeslagverhoudinge.* Dit is op die sinode se webblad vir kommentaar deur kerkrade geplaas. Die gespreksdokumente bestaan uit verskeie skrywes wat sedert die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 in die uitvoering van die moderamen se opdrag deur STLAS versamel is.

- Historiese aanloop, asook volledige 2015 en 2016 besluite: 'n Historiese oorsig van die gesprek oor selfdegeslagverhoudings binne die NG Kerk sedert 1986 word gegee.
- Besluite van die moderamen van Wes-Kaapland en die werk van STLAS: die moderamen van

Wes-Kaapland se besluite sedert 2016 word bespreek.

- Melding word ook van STLAS se werksaamhede in hierdie tydperk gemaak. Die gespreksbord en terugvoerblad word bespreek.
- Verklarings van Kerkrade oor selfdegeslag-verhoudings: 11 Kerkrade se verklarings na afloop van die sinodesittings van 2015 en 2016 word voorgehou. Die verklarings bevat uiteenlopende sieninge en standpunte.
- Twee getuienisse: Twee uiteenlopende getuie-nisse oor selfdegeslagverhoudings word voorgehou. Die eerste getuienis (Getuienis A) is sterk ten gunste van die 2016 besluit en fokus veral op wat as die "normatiewe aard" van die Skrif beskryf word. Die tweede getuienis (Getuienis B) beskou seksuele oriëntasie as 'n gawe uit God se hand en lewer aan die hand van verskeie teologiese hermeneutiese en etiese insigte 'n pleidooi vir 'n inklusiewe kerkge-meenskap waarin almal welkom is.
- Opsomming van die NG Kerk se amptelike Skrifbeskouing: 'n Opsomming van die NG Kerk se amptelike Skrifbeskouing word aangebied. Van die kwessies wat bespreek word sluit in: "Wat bedoel ons as ons praat van God se Woord?"; "Wat verstaan ons onder die inspirasie van die Skrif?"; "Hoe gemaak met die groot gaping tussen ons en die Skrif?" en "Hoe gebruik ons die Bybel vir Etiek?"
- 'n Begeleidende brief is deur die voorsitter van STLAS aan alle predikante en voorsitters van kerke van die Sinode van Wes-Kaapland gerig.

  *"…U word hiermee nederig versoek om asseblief hierdie brief en meegaande dokument op die sinode se webwerf noukeurig te lees en daarmee te handel. Hierdie skrywe handel oor die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (STLAS) se opdrag van die moderamen om die gesprek oor selfdegeslagverhoudings tydens die 2019 sinodesitting op 'n verantwoordelike en inklusiewe wyse op die tafel te plaas.*

  *Die NG Kerk is soos vele kerke wêreldwyd in 'n gesprek oor selfdegeslagverhoudings. Dit is één van die mees uitdagende teologiese gesprekke waarin ons generasie betrokke sal wees. Ons weet ook teen hierdie tyd dat die gesprek in baie gevalle uitgeloop het op diep verskille en selfs kerkskeuring.*

  *In navrae wat STLAS gedoen het, is dit bevestig dat ook in ons sinodale gebied daar uiteenlopende menings oor hierdie saak is. Daar is gemeentes wat sterk standpunt inneem ten gunste van die 2015 besluit van die Algemene Sinode en ander wat die 2016 besluit ondersteun. Dan is daar ook gemeentes wat vanweë die sensitiewe aard van die gesprek en interne verskille hieroor, verkies om nie nou hierdie gesprek in die gemeente oop te maak nie. Hierdie verskillende standpunte en posisies bestaan nie net tussen lidmate nie, maar ook tussen gemeentes.*

  *In aanloop na die 2019 sinode besef die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland dat daar tydens die vergadering van die sinode hieroor gepraat móét word. Dit sou nie verantwoordelik wees om maar net niks te sê nie en uitgelewer te wees aan uitsprake en besluit op algemene sinodale vlak of in die sosiale media.*

  *Die moderamen is verder oortuig daarvan dat 'n gesprek hieroor op die sinode nie 'n verdelende uitkoms mag hê nie. Ons glo dat die krag van ons getuienis in ons verdraagsaamheid en aanvaarding van mekaar lê en nie daarin dat ons oor alles moet saamstem nie. Enige iets wat ons doen wat ons onderlinge verbondenheid en eenheid ondergrawe, is vernietigend vir ons getuienis as volgelinge van Jesus Christus.*

  *Gevolglik het die moderamen STLAS versoek om die sinode te bedien met 'n inligtingstuk oor die hantering van diversiteit. Die vraag waaroor dit gaan is: hoe lyk en funksioneer 'n geloofsge-meenskap waar daar ruimte en verdraagsaamheid is vir mense met uiteenlopende standpunte?*

  *STLAS is dit eens dat ons nie wil deelneem aan gesprekke of debatte waarin enige iemand of standpunt verdag gemaak word nie. 'n Beter weg sou wees dat ons mekaar aanmoedig om in nederigheid teenoor mekaar te getuig oor die insig waartoe die Gees ons gebring het.*

  *Laat ons aan mekaar ruimte en respek gee in ons gesamentlike soeke na die wil van die Here. Laat ons begrip toon vir mekaar se uiteenlopende kontekste en mekaar die ruimte gun om met wysheid en integriteit binne spesifieke kontekste te handel.*

  *STLAS het die afgelope tyd as taakspan en individueel blootstelling gehad aan 'n verskeidenheid gesprekke in talle gemeentes en op verskillende forums. Ons het onbevange probeer luister na almal se menings in 'n poging om so ingelig as moontlik te wees. Hierdie blootstelling en insigte vind neerslag in uiteenlopende standpunte en getuienisse en is 'n opsom-ming van die teologiese, hermeneutiese en etiese uitgangspunte wat in ons sinodale gebied leef. STLAS het dié standpunte/ getuienisse in 'n dokument saamgestel en dit*

*op die webwerf van die Sinode van Wes-Kaapland geplaas. Ons stel dit bekend, nie om mense te oortuig nie, maar omdat ons glo dat dit die gesprek sal stimuleer.*

*STLAS versoek dat u van hierdie standpunte/getuienisse kennis neem en aan die hand daarvan ook hierdie gesprek in u kerkraad of gemeente voer. Indien u gemeente reeds 'n standpunt/getuienis geformuleer het, maar dit nie in die dokument op die webwerf opgeneem is nie, versoek ons u om u standpunt/ getuienis na dr. Pieter van der Walt, PSD: Teologiese Navorsing, (pietervdw@sun.ac.za) te stuur. STLAS sal graag u bydrae op die webwerf byvoeg.*

*STLAS is ook bewus van gemeentes wat doelbewus gekies het om tans nie 'n standpunt in te neem nie, maar besluit het om intern oor selfdegeslagverbintenisse te bly praat. Indien dit u besluit is, versoek ons dat u STLAS ook oor u posisie inlig.*

*U sal merk dat die standpunte/getuienisse in die dokument op die webwerf anoniem geplaas is. STLAS oordeel dat vir 'n onbevange lees van die dokument die bydraes op hierdie wyse aangebied word.*

*STLAS sal u terugvoer graag teen 1 Februarie 2019 wil ontvang om dit te verpak met die oog op die sinode sodat ons 'n eerlike refleksie kan kry oor die diverse standpunte in die sinodale gebied. Dit sal ons help om as sinode te getuig en te sê: ons dwing nie standpunte op gelowiges en gemeentes af waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie..."*

STLAS wil langs die weg van hierdie verslag die 27 gemeentes wat teen 1 Februarie gereageer het opreg bedank. In daardie stadium het ons dus byna 40 gemeentes se standpunte of oortuigings ontvang. Daar het ook intussen meer gemeentes gereageer en ons beoog om alle gemeentelike bydraes wat ons ontvang op die webblad plaas.

Reeds met die eerste stel verklarings wat in die gespreksdokument vervat is, is dit opvallend dat gemeentes – ongeag die posisie wat ingeneem word – poog om met eerlikheid, broosheid en nederigheid aan die gesprek deel te neem, dat hulle die kompleksiteit van die saak nie geringskat nie, en besef dat dit uiteindelik oor die lewens van medebroers en -susters in Christus gaan. Hierdie gesindheid is ook, oor die algemeen, in die terugvoer van die 27 gemeentes op die gespreksdokumente waar te neem. Ook hierdie terugvoer bevat uiteenlopende sieninge en standpunte.

Alhoewel daar wel melding van die 2016 besluit gemaak word, is dit opmerklik dat die meeste gemeentes se terugvoer hoofsaaklik na die 2015 besluit verwys.

Met die lees van die terugvoer word daar gesien dat byna dieselfde hoeveelheid gemeentes aangedui het dat hul vir en teen die 2015 besluit is, soos wat ook die geval was met die verklarings wat in die gespreksdokument ingesluit is. Interessant egter is die feit dat die aantal gemeentes wat tans nié 'n besliste standpunt ingeneem het nie, aansienlik toegeneem het (as 'n persentasie van die totaal), sodat hul nou die meerderheid uitmaak.

Onder die eerste groep word daar deurgaans verklaar dat in hul gemeente, alle mense, ongeag seksuele oriëntasie, welkom is, toegang tot al die ampte het en in burgerlike verbintenisse bevestig kan word. Daar word erken dat nie almal in die gemeente hierdie siening huldig nie en dat daar in sommige gevalle steeds onsekerheid heers oor hoe die Skrif verstaan moet word, maar dat daar nogtans gekies word om, soos een gemeente dit stel, alle mense "te omarm en lief te hê, soos ons uit Jesus se voorbeeld leer". Vir meeste van hierdie gemeentes, wat hulself as "inklusief, verwelkomend en bevestigend" beskryf, was die 2016 besluit 'n groot teleurstelling.

Onder die tweede groep is die algemene gevoel dat vanweë sekere uitsprake in die Skrif, die 2015 besluit nie aanvaar kan word nie. Vir dié gemeentes wys die "Woord van God enige seksuele omgang buite die ruimte van die huwelik as sonde af", en sou dit dus nie moontlik wees om 'n persoon in 'n selfdegeslagsverbintenis as predikant te beroep, of om 'n burgerlike verbintenis te bevestig nie. In ten minste een geval word daar genoem dat die gemeente se leraars nie dieselfde siening as die kerkraad huldig nie, en dat dit ook só deur die kerkraad aanvaar word (sonder dat die geloofsintegriteit van die leraars bevraagteken word). Een gemeente noem ook dat alhoewel die kerkraad standpunt teen die 2015 besluit ingeneem het, vrywillige kleingroepbesprekings aangebied gaan word met die oogmerk "om biblisistiese en fundamentalistiese uitgangspunte uit te daag, sonder om mense in 'n rigting te druk".

Onder die derde groep, wat die grootste persentasie uitmaak, word hoofsaaklik twee redes gegee waarom gemeentes nie tans 'n besliste standpunt oor selfdegeslagsverbintenisse inneem nie. Die eerste rede is dat die formele gespreksproses nog nie afgehandel is nie en dat die gemeente steeds sáám op reis oor die saak is. Die tweede rede is dat hulle doelbewus besluit het om nie enige standpunt in te neem nie en selfs alle formele besluitnemingsprosesse oor die saak gestaak het weens wat as die "sensitiewe" en "verdelende" aard van die gesprek beskryf word. Een van hierdie gemeentes

noem dat hulle eerder wil fokus "op dit wat hul saambind, as dit waaroor hul verskil".

STLAS wil beklemtoon dat gemeentes se volledige terugvoerverslae geraadpleeg moet word, soos dit gevind word op die sinode se webblad. Gemeentes se sieninge en standpunte kan nie tot enkele plasings op grafieke gereduseer word nie. Dit is juis bemoedigend om te sien hoe breedvoerig en genuanseerd die meeste gemeentes se terugvoer is.

## 2. STLAS SE AANBEVELING WAT VIA DIE MODERATUUR NA DIE SINODE VAN WES-KAAPLAND GAAN IN MEI 2019

### 2.1 Die STLAS vergadering op 14 Februarie 2019

STLAS het op 14 Februarie 2019 die terugvoer van gemeentes op die stuk *Dokumente vir gesprek oor Selfdegeslagverbintenisse* bespreek, met die doel om via die moderamen daaroor verslag te doen aan die sinode ten einde 'n weg vorentoe te vind.

Die volgende persone was teenwoordig by die vergadering:
Heerden van Niekerk (Bellville, Voorsitter); Pieter van der Walt (Skriba); Nadia Marais (Lid van Dagbestuur); Andries Cilliers (Durbanville, het intussen verskuif na Drieankerbaai); Herman Burger (Beaufort); Nico Burger (Kuilsrivier); Danie Goosen (Mosselbaai); Nicol Smit (Namakwaland); Lambert Jacobs (Stellenbosch); Bennie J van Rensburg (Swartland); Jan Marais (Oudtshoorn); Erik Basson (Vredenburg/Wesland); Louis Jonker (adviserende lid); Tinus van Zyl (adviserende lid); Elna Mouton (adviserende lid); Eugene Malan (besoeker); Louis van der Riet (gekoöpteer in 2018 vir ras en versoening); Nina Müller-van Velden (gekoöpteer in 2018 vir reproduktiewe gesondheid); Anneleh Fourie (gekoöpteer in 2019 vir menswaardigheid); Marnus Havenga (assistent vir PSD navorsing).

#### 2.1.1 'n Taal van belydenis

STLAS het die terugvoer van gemeentes bespreek in die lig van die aanloop tot die vergadering, soos hierbo uiteengesit. Die behoefte om gay mense self se stemme te hoor in die gesprek, dit wil sê om nie óór mense te praat en namens hulle te probeer dink nie, het sterk na vore gekom tydens STLAS se gesprek. Die vraag is gestel of daar al genoegsaam ruimte gegee is vir gay mense se *eie* getuienis in die besluite van sinodes. Dit is immers gay lidmate wie die gevolge dra van hoe heteroseksuele mense gesprek voer *oor* gay mense.

Die gewaarwording dat STLAS-lede die *debat óór die saak van homoseksualiteit* dikwels as verlammend en verdelend ervaar, is reeds by die vorige vergadering ondervind. Hierteenoor word *pastorale gesprekke mét mense* in die geloofsgemeenskap wat regstreeks geraak word deur nie-heteroseksuele oriëntasie as lewegewend ervaar.

Soveel mense het seergekry en is uitgesluit tydens die lang jare waarin sinodes reeds die saak probeer "oplos". 'n Deel van die verleentheid is dat ons nie regtig weet hóé nie. Die gebeure rondom die 2015 en 2016 sinodesittings het diep hartseer en skade veroorsaak. Ons sal ons onbeholpenheid, onkunde en onvermoë om sinvol met die kompleksiteit van die situasie om te gaan, moet erken.

Ons is ook nie goed met skuldbelydenis teenoor gay mense wat in die verlede diskriminasie ervaar het. Die 2016 besluit lui byvoorbeeld "dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel dat met respek en liefde teenoor alle mense opgetree moet word"; dat ons "die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie" erken en onsself opnuut verbind tot "die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense"; dat alle lidmate en ampsdraers opgeroep word "om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar" en dat "onvoorwaardelik vergiffenis" aangebied word "waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie". Maar is die ervaring van sulke formuleringe nie juis dikwels plastiek nie?

STLAS besef hoe noodsaaklik dit is om te besin oor die teologie, die taal en die praktyk van skuldbelydenis.

#### 2.1.2 'n Raamwerk vir STLAS se verslag aan die sinode

Ons navorsing oor die landskap van die huidige gesprek in gemeentes toon dat 'n gespreksmatige benadering gegroei het, wat lei tot groter begrip vir mekaar. Dit is bemoedigend om te sien hoe breedvoerig en genuanseerd die meeste gemeentes se terugvoer is.

Die verskille ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg is, wat hierdie saak betref, oorbekend. Ons moet waarskynlik aanvaar dat daar nie gou eenstemmigheid in hierdie opsig gaan kom nie. Ons moet maniere vind om mense te verseker dat dit nie die einde van eenheid is wanneer ons oor Skrifhantering en Skrifuitleg verskil nie. Ons hoef nie oor alles saam te stem nie. In die vroeë kerk het gelowiges ook nie oor alles saamgestem nie, maar hulle het dekade na dekade aanhou praat en onderskei. Die eenheid van die kerk lê in Jesus Christus, die Hoof van die kerk. 'n Diepe luister na mekaar, respek en begrip vir mekaar se benaderings en integriteit is noodsaaklik wanneer dit kom by Skrifhantering en hermeneutiek.

'n Nota moet bygevoeg word, naamlik dat STLAS nie geïsoleerd aan die kwessie van selfdegeslag-

verhoudings wil aandag gee nie, maar ook aan ras en versoening, menswaardigheid, gender, reproduktiewe gesondheid, liggaamlikheid, seksualiteit, ekonomiese geregtigheid en ander. Ons is oortuig dat hierdie sake met mekaar verband hou en dat dit kan help om die verbande meer doelbewus te soek en te verwoord. Dit is ook nie so dat gelowiges hulle, wat die kwessies rondom al hierdie temas betref, slegs in een van twee kampe bevind nie. Die werklikheid is meer kompleks en geskakeerd.

STLAS is oortuig dat ons in die gesprek oor selfdegeslagverhoudings, sowel as in die etiese kwessies hierbo genoem, asook ander, van deurslaggewende belang is om te dink vanuit ons vereniging met en geworteldheid in Christus.

STLAS is oortuig dat ons in die toekoms 'n gespreksruimte sal moet skep vir 'n gesonde gesprek oor liggaamlikheid en seksualiteit. Die gesprek oor selfdegeslagverbintenisse behoort eintlik binne die ruimte van 'n groter gesprek oor ons almal se (brose) liggaamlikheid gevoer te word, asook binne die ruimte van 'n groter gesprek oor ons menslike (brose) seksualiteit.

Ons sal ook weer moet besin oor die implikasies daarvan as ons sê dat die huwelik nie 'n sakrament is nie, maar 'n verbond tussen twee mense.

STLAS is oortuig dat dit belangrik is om verder inklusief en gespreksmatig met die vrae om te gaan in gemeentes. Daar is heelwat konstruktiewe winspunte wat reeds in die gesprek na vore gekom het. Ons hoef nie onmiddellik na konsensus te streef nie. Gemeentes kan aangemoedig en ondersteun word om self te praat en hul eie besluite te neem, selfs al neem die sinode bepaalde besluite wat binne die sinode se verantwoordelikheid lê.

## 2.2 Die basis van STLAS se verslag

### 2.2.1 Gewortel in Christus: "Bly in My soos Ek in julle"

Tydens die onlangse openingskonferensie van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) in Wellington is daar binne die ritme van daaglikse kapeldienste opnuut nagedink oor wat dit beteken om in Christus gewortel te wees – 'n tema wat tot die hart van die bediening en lewe van Murray behoort het en in die meeste van sy boeke bespreek word.

In aansluiting by Murray se skrywes oor die tema, het Johannes 15 'n sentrale rol gedurende die konferensie gespeel. In die eerste kapeldiens wat Elna Mouton in haar hoedanigheid as kapelmeester gelei het, dui sy daarop dat Christus se versoek om in Hom te bly (Johannes 15:4), as 'n uitnodiging tot 'n "lewe van aanvaarding, liefde en volgelingskap" gesien kan word. Volgens Mouton is dit die Heilige Gees wat ons, deur die genade van God, aan Christus bind en sodoende by die bron van alle "lewe, liefde en lig" inent; 'n gebeurtenis wat ons diepste wese aanraak en ons ganse lewe rig.

In Marius Nel se bydrae oor Johannes 15, wat hy aangebied het binne die konteks van 'n breër refleksie oor die aard en omvang van die goeie nuus van die Evangelie, voer hy aan dat ons met Christus verenig word omdat Christus Homself aan óns bind; omdat Hy die inisiatief in liefde neem en "kies om in ons te bly". Volgens Nel het hierdie intieme band met die lewende Christus, wat die gevolg van God se genade is, 'n radikale invloed op alle aspekte van ons menswees. Dit word veral duidelik wanneer Johannes 15 in samehang met ander perikope (dus stereoskopies, soos Nel dit stel) bestudeer word.

Vir Nel is dit dan interessant om te sien in watter mate hierdie idee van die gelowige se gewortelheid in Christus nie net in die Johannese literatuur nie, maar regdeur die Nuwe Testament, in verskillende literêre kontekste, figureer – iets wat Elna Mouton en ander ook herhaaldelik tydens die konferensie uitwys. In een kapeldiens val die klem byvoorbeeld op die skrywer van die Efesiërs-brief wat aanvoer dat ons, in Christus, "verkies, verlos en verseël" is (1:3-14), en op menige ander geleenthede word daar na Paulus se voortdurende gebruik van die *en Christō*-formule (47 keer om presies te wees) melding gemaak. Paulus skryf byvoorbeeld dat iemand wat in Christus is, 'n "nuwe skepsel" is (2 Kor. 5:17), en dat alle gelowiges, Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou, as één in Christus geag moet word (Gal 3:28). Deur ons doop, skryf hy, is alle gelowiges "met Christus verenig" en het ons nou sáám "deel van Christus geword" (Gal. 3:27). Uit die Bybeltekste blyk dit dus dat die gelowiges se vereniging met Christus, die gekruisigde en opgestane Here, die diepste waarheid omtrent die persoon se lewe en identiteit is.

Met bogenoemde Bybeltekste en Andrew Murray se eie skrywes as grondslag, is verskeie verdere bydraes oor dié tema by die konferensie gelewer. Een van hierdie bydraes deur Coenie Burger het gefokus op Johannes Calvyn (en die gereformeerde tradisie) se siening en verstaan van die gelowige se vereniging met Christus. Burger lei sy gedeelte in deur te noem dat alhoewel dit dikwels in die geskiedenis misken of selfs ontken is, die vereniging met Christus van kardinale belang vir Calvyn is. Sommige Calvyn-interpreteerders, soos Karl Barth, sou selfs so ver gaan om dit as een van die kerngedagtes in sy teologie te ag; 'n siening wat deur al hoe meer teoloë vandag aanvaar word.

Burger wys dat Calvyn se verwysings na die gelowige se vereniging met Christus hoofsaaklik in Boek III en IV van sy Institusie en in sy Bybelkommentare te vinde is. Reeds in die openingsreëls van Boek III, wat dikwels as die belangrikste volume in sy Institusie beskryf word, sê hy byvoorbeeld dat ons, as gelowiges, in Christus

"ingelyf word" en "met Hom beklee word", sodat ons met Hom kan "saamgroei" (3.1.1). Later skryf hy oor die "inwoning van Christus in ons harte", en verwys selfs, op verbasende wyse, na 'n "mistieke eenwording" (*mystica unio*) tussen die gelowige en Christus (3.11.10). Deur in Christus "deel te hê", voer hy aan, "ontvang ons 'n tweevoudige genade (*duplex gratia*), naamlik dat ons deur die onskuld met God versoen word en nou 'n genadige Vader as Regter in die hemel het" en dat "ons deur sy Gees geheilig is" (3.11.1). Vir Calvyn, in aansluiting by Paulus, vind beide regverdiging én heiligmaking dus in Christus, deur die werk van die Gees, plaas. Dit is op grond van wat Calvyn as die "misterie" van die vereniging met Christus sien, dat ons met God versoen word en ons gevorm word om te wees wie ons geskape en geroepe is om te wees. Vir Calvyn, soos Dirkie Smit sou sê, het God ons immers nie mens gemaak sodat ons Christene kan word nie, maar Christene sodat ons waarlik mens kan word.

Burger gaan voort om talle soortgelyke gedeeltes aan te haal, ook uit Calvyn se Bybelkommentare, waar hy byvoorbeeld skryf dat die evangelie so ontwerp is dat ons in Christus "ingeplant kan word" (sien sy Kommentaar op 1 Kor. 1:9) en dat dit die "doel van die menslike lewe is om met God verenig te word" (sien sy Kommentaar op Hab. 2:4). Burger maak verder ook verwysing na Calvyn se nagmaalsteologie, wat sentraal tot sy siening van gelowiges se vereniging met Christus staan. In Boek IV van sy Institusie voer Calvyn aan dat een van die wyses waarop die Gees ons met die lewendige Christus verenig die nagmaalstafel is, waarna alle gedooptes genooi word om sáám deur Hom gevoed te word (4.17.1).

Vir Calvyn beteken die feit dat ons met Christus, deur die Gees, by die nagmaalstafel verenig word, dat ons ook, ten diepste, met mekaar verenig moet wees. Omdat ons één met Christus gemaak word, moet die geloofsgemeenskap, as Christus se sigbare liggaam, ook één by die nagmaalstafel word. Volgens Calvyn mag niemand wat in Christus is, uitgesluit of te na gekom word nie; almal moet inderdaad in liefde en genade ingesluit word. Hy skryf dat aangesien Christus "net een liggaam het waarin Hy ons almal deelgenote maak, moet ons noodwendig almal saam deur so 'n deelagtigheid (in sy liggaam) een liggaam word". Gelowiges, beklemtoon hy, "moet in so 'n groot geestes-eensgesindheid aan mekaar verbind en verbonde wees dat daar geen tweedrag of skeiding onder hul voorkom nie". Volgens hom het ons 'n "pragtige voordeel uit die sakrament gehaal, as hierdie gedagte in ons gemoedere afgedruk en ingegrif is dat ons geeneen van ons broers [of susters] leed kan aandoen, verag, verstoot, geweld kan aandoen of op enige manier aanstoot kan gee sonder om tegelyk met Christus onenig te wees nie; dat ons Christus nie kan liefhê sonder om Hom in ons broers [en susters] lief te hê nie; dat ons net so besorg moet wees oor ons broers [en susters] se liggame as oor ons s'n omdat hulle ledemate van ons liggaam is; soos geen deel van ons liggaam deur 'n gevoel van pyn geraak word sonder dat dit oor al die ander dele daarvan versprei nie, so moet ons nie toelaat dat 'n medebroer [of -suster] deur enige kwaad getref word sonder dat ons uit medelye vir hom of haar ontroer word nie" (4.17.38).

In Calvyn se nagmaalsteologie word dit dus duidelik dat ons vereniging met Christus, deur die Gees, ook implikasie vir die gemeenskap van gelowiges en ons lewe in die wêreld inhou. Soos wat ons, deur God se genade, aan Christus gebind word en in Hom geregverdig en geheilig word, word ons geroep en gevorm om soos Hy te leef. Om 'n dissipel van Christus te wees, spruit gevolglik uit ons gewortelheid in Christus en die liefde van God, soos wat beide Elna Mouton en Marius Nel in hulle bogenoemde refleksies op Johannes 15 aanvoer.

Na afloop van die openingskonferensie van die AMSS, glo ons dat dié idee van die gelowige se vereniging met Christus – soos voorgehou in die Skrif en in die teologie van byvoorbeeld Andrew Murray en, belangrik, Johannes Calvyn – 'n belangrike lens bied om na die kwessie van selfdegeslagsverbintenisse te kyk. Ons het nodig om 'n Christelike, en inderdaad Bybelse, antropologie te ontwikkel, waar die eerste en finale woord wat oor alle gelowiges, ongeag seksuele oriëntasie, gespreek word sê dat hulle met hulle volle, beliggaamde menswees in Christus gewortel is; of soos die Heidelbergse Kategismus dit stel, dat hul met "liggaam en siel, in lewe en in sterwe" aan Christus behoort. In Christus, déúr wie en vír wie ons geskape is, word elke gelowige, deur die Heilige Gees, opgeneem in en deelgemaak van God se trinitariese lewe, wat gekenmerk word deur aanvaarding, danksegging, vryheid, liefde en genade.

### 2.2.2 Die genade van Christus

Heelwat van ons predikante en sinodale leiers het in hul studentedae lesings van Flip Theron bygewoon en was diep onder die indruk van die teologiese diepgang daarvan. Dit is gepas om die teologiese lyne wat Theron by ons ingeskerp het te herbesoek, terwyl ons vra wat die implikasies daarvan vir 'n teologies-etiese gesprek oor seksuele oriëntasie en selfdegeslagverbintenisse is.

Een van die eerste oortuigings wat Theron in sy proefskrif stel oor die "ekklesia as kosmies-eskatologiese teken", is dat die gemeente deur die Heilige Gees deel gemaak is van die liggaam van die Christus. Die *Creator Spiritus*, wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie tot stand bring (Rom. 4:17), skakel die kerk in by die heil. Hierdie "heil" bestaan daarin dat die werklikheid weer "heel" gemaak word, soos saamgevat in die bekende Ou Testamentiese woord *sjalom*, 'n begrip "tot aan die

rand gevul met inhoud", wat ook die natuur en dierewêreld insluit. Die *sjalom* van die skepping is daar waar alles goed is, ongeskonde, wel, heel. Dit is 'n toestand wat heers waar die relasie tussen God en mens, mens en medemens, mens en natuur in ooreenstemming is met die Skepper se bedoeling. Dit is waar vrede bewerkstellig word deur die Vredevors, in Wie die verbrokkelde werklikheid weer 'n integrasiepunt vind wanneer God die volheid van die tye reël met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig (Ef. 1:10). En dit neem gestalte aan in die kerk.

"Heil", "lewendmaking", "wedergeboorte", "nuwe skepping" (almal skeppingskategorieë) is verlossing uit die sonde – en nie uit die skepping nie. Die Bybelse teenstelling is nie tussen natuur en genade nie, maar tussen sonde en genade. Die konkrete sondige mens, daardie natuurlike mens wat die dinge van die Gees van God nie aanneem nie (1 Kor. 2:14), word gered. Die sonde is nie 'n substansie wat as 't ware van die skepping afgeskraap kan word en dan is alles weer in orde nie, maar eerder die (doelbewuste) totaal afvallige rigting van die goeie skepping (Bavinck). God se "herskepping" kom nie op uit die skepping nie, maar oorkom die skepping. God beklee die verganklike met onverganklikheid, die sterflike met onsterflikheid (1 Kor. 15:33).

Dit beteken nie dat ons hier en nou volmaak word nie. Theron noem die kerk juis 'n *teken* van die eskatologiese ryk. Dit is om te voorkom dat kerk en koninkryk geïdentifiseer word. Ons bly mense. Wat hier deurbreek, is net iets van die koninkryk (Heyns). Die gemeente het nog nie gearriveer nie. Die gemeente is slégs 'n teken van die koninkryk. Maar al het die gemeente nog nie gearriveer nie en al is 'n *theologia gloriae* onmoontlik, tref jy in die kerk realiteite aan wat met niks in die wêreld vergelyk kan word nie. Jy sien dit waar die kerk probeer om van hierdie wêreld 'n leefbaarder, vriendeliker, veiliger plek te maak, waar die Gees besig is om te midde van die winter van hierdie wêreld lentebloeisels te laat uitbot, tekens wat verkondig: "God se somer kom!"

Hierdie tekenkarakter van die kerk word ook bevestig in die bestaan van die kerk. Die verskeurdheid wat pas by die "ou mensheid" (Kol. 3:9) maak binne die gemeente plek vir die "nuwe mensheid" wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper, waar dit nie van belang is of iemand Griek of Jood is, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie, maar waar Christus alles is en in almal. Die gemeente relativeer die ganse werklikheid en alle vorme van eksistensie. Skeppingsverskeidenheid, verskil in ras, maatskaplike status en geslag verloor hulle deurslaggewende betekenis, want "in Christus Jesus is julle almal één" (Gal. 3:29). Die gemeente ontmitologiseer die hede as die laaste werklikheid. Hierin is die gemeente 'n "durende anachronisme", 'n "eksemplariese vreemdeling", "te vroeg vir die hemel en te laat vir die aarde" (Noordmans) en dus nooit 'n "plesierboot met driedubbel fluweel vir kultureel hoogstaande mense" nie, maar 'n "noodgetimmerde, 'n ark van behoudenis".

God kies nét mense wat dit nie verdien nie. God kies diegene wat deur die wêreld verwerp word. God kies die goddeloses – die tollenaars en die sondaars. God kies die ellendiges – die blindes en die bedelaars. God kies mense sonder enige kwalifikasies en prestasies. Hieroor kla die Skrifgeleerdes en Fariseërs. Hulle gee voorkeur aan verdienste en sou verkies dat God meer kieskeurig sou wees. Maar daarmee sluit hulle hulself uit die koninkryk van God uit.

Die natuurlike mens het nou maar eenmaal bloed in sy are en dit bepaal sy bestaan grondiger as die bloed van Jesus Christus wat vir hom gevloei het (Noordmans). Maar die genade maak ons gelyk met die grond, en as ons eers gelyk is met die grond, is ons ook gelyk met mekaar. Die kerk is die plek waar die Gees ons saam oorrompel deur genade. Die kerk bestaan uit mense wat met die grond gelykgemaak is.

Wie niks meer het om oor te roem voor God nie, het ook niks meer om oor te roem teenoor sy medemens (medegelowige) nie. Daarom is die belydenis van die "gemeenskap van die heiliges" onlosmaaklik verbonde met die belydenis van "die vergewing van sondes". Weiering van die gemeenskap van die heiliges is dus "verraad van die evangelie". Die verskriklike moontlikheid bestaan dat 'n persoon wat uit 'n kerk uitstap omdat 'n persoon van 'n ander bevolkingsgroep teenwoordig is, uitstap uit God se genade.

Bereidheid tot die gemeenskap van gelowiges impliseer jou bereidheid om gemeenskap met die ander in sy andersheid te beoefen. Die *sola gratia* vrywaar ons van steriele uniformiteit. Hoe dan ook anders indien die eenheid van die kerk 'n "analogie, parallel, weerspieëling, gelykenis van die Trinitariese geheimenis" moet wees?

Die eenheid van die kerk staan teenoor die verskeurdheid van die wêreld. In die wêreld dreig die "natuurlike" verskille altyd weer om verabsoluteer te word.

Deur die "een doop" en die aanvaarding van die "een geloof" en die deelname in die "beker van danksegging" en die "een brood" word die gemeente egter ingelyf in die "een liggaam".

Tydens die Bloemfontein Lentekonferensie in September 2018, het Nadia Marais gewys op 'n "enorme kraak in ons geloofslandskap – wat

dwarsdeur talle besluite van die NG Kerk loop, en oor talle debatte strek". Dit het volgens haar daarmee te doen dat ons, ten spyte van die werk van teoloë soos Johan Heyns, Willie Jonker, Jaap Durand en Flip Theron, begin dink en glo het dat 'n kerk die byeenkoms is van mense met dieselfde velkleur, kultuur en taal (en seksualiteit). Sy het gevra of ons nie steeds werk met die foutiewe aanname dat diverse mense ten diepste onversoenbaar is nie. En of ons nie steeds die leerstellige fout begaan om langs die weg van 'n natuurlike teologie oor God te dink en te praat uit ander bronne as die geopenbaarde waarheid in Christus, die evangelie, die Skrifte nie. Gryp ons nie gou in moeilike debate terug na skeppingsordeninge nie: wit en swart, man en vrou, gay en straight, jonk en oud?

Hierdie waarskuwing sny diep tot in die hart van ons denke oor verlossing, kerkwees en etiese oordeelsvorming. Ons mag nie in ons besinning oor God se wil vir ons lewe begin by hoe dinge vir ons van nature voorkom nie.

### 2.2.3 Sonde en liggaamlikheid

Ons glo dat niemand op grond van hulle dade gered word nie, maar dat almal slegs deur genade gered word. Die versoening in Christus is die basis waarop mense in die kerk ingesluit word. Dit is immers vanuit die Skrif duidelik dat alle mense, selfs die geloofshelde, sondaars is. Daarom sou Luther sê ons is *simul iustus et paccator* – tegelyk sondaar en regverdige. Daar is niemand wat kan sê dat hulle sonder sonde is nie en niemand dra groter skuld as enigiemand anders nie. Die verhale van die Skrif maak dit duidelik dat mense die genade van God nodig het. Ook die geloofshelde is begenadigde sondaars.

Daar word soms gesê dat die kerk se standpunt oor sonde baie meer geloofwaardig sou wees indien materialisme, rassisme, die vernieling van die skepping, gierigheid, die gebrek aan eenheid in die kerk en onreg in sy baie vorme óók onder die vergrootglas kom, en nie net sondes van seksuele aard nie.

God is 'n God van bevryding en op 'n besondere manier die God van diegene wat in nood verkeer, wat arm en verontreg is. Hierdie bevryding sluit minderheidsgroepe in wat onderdruk word as gevolg van byvoorbeeld seksuele oriëntasie, geslag of gender. Hierdie bevryding is vir ons almal. Daarom staan ons ook die onderdrukking van mense teen. God belowe vrylating vir die gevangenes en vryheid vir dié wat opgesluit is. God toon genade en vertroos die wat treur. God gee eer in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydskap in plaas van hartseer. Ons mag nie die genade van mense weerhou nie.

Indien mense die ruimte verbeur om hulle lewe so in te rig dat hulle met integriteit hulle seksualiteit kan uitleef, word hierdie ingrypende en diepgaande Goddelike verlossing vir hulle verberg. Vanuit 'n verlossingsperspektief behoort daar vir homoseksuele persone dieselfde troos as vir heteroseksuele persone te wees. Indien heteroseksueles in die praktyk gesien word as gelyktydig geregverdig en sondaar, maar gay mense net as sondaars gebrandmerk word, verbeur hulle die troos van die verlossing.

Dit is van groot betekenis dat ons primêre identiteit as Christene nie geleë is in ons seksuele identiteit nie, maar in die identiteit wat ons met ons doop ontvang. Die doop is 'n teken en seël van ons verlossing. Ons primêre identiteit is dié van kind van God, ook al gaan ons gebuk onder die mag van sonde. Ons is kinders van God, want ons is gedoop.

Die Protestantse Kerk in Nederland moedig tans gesprek in gemeentes aan oor die onderwerp "Ons en ons liggaam". Toeganklike gespreksdokumente word gesirkuleer en is beskikbaar op hul webtuiste. Verskillende bydraes het betrekking op die onderwerp van liggaamlikheid, seksualiteit, sonde en heelheid, en is van hulp vir ons besinning.

Die Bybel ken geen minagting vir die liggaam, soos ons in die Griekse filosofie van die Nuwe Testamentiese tyd aantref nie. Die heil waarvan die Bybel praat, het nie te doen met 'n onsterflike siel wat bo die liggaamlike verhewe is, en slegs tydelik met die aardse, stoflike besmet is, om deur die dood bevry te word nie. Juis die menswording van God openbaar aan ons dat dit nie die geval is nie. Ons liggaamlike lewe op aarde is 'n gawe van God en word deur God hoog geag. Ons moet dus enige versoeking weerstaan om terug te keer na die klassieke "liggaamsvyandigheid" van die kerk. Ons moet eerder die beeld van die tweede skeppingsverhaal voor oë te hou, waar God die mens uit die stof vorm en die lewensasem in sy neus blaas (Gen. 2:7).

Ons moet dus wegdoen met die beeld van die "breë weg" wat verband hou met sinnelikheid, asof alles wat met plesier te doen het en verband hou met liggaamlike sensasies "laer" en "vleeslik" is.

Die hoofstroom van die Christendom het geskapenheid en dus liggaamlikheid as God-bedoelde werklikheid nooit losgelaat nie. Die materiële, fisieke lewe is positiewe skepping van God. Die kerk het wel deur die loop van eeue dikwels 'n negatiewe lewensbeskouing ten opsigte van die liggaam bevorder, waarvan in die verlengde onder andere lê: onvriendelikheid teenoor seks, begeerte, gevoel, genot, sport en vroue. Die bevryding van die liggaam uit hierdie negatiewe geskiedenis moet verwelkom word.

Seksuele kontak is die mees intense vorm van aanraking. Die grense tussen “ek” en “jy” word vloeiend. In seks gee jy nie ’n stukkie van jouself nie, maar jy kom as ’t ware self daarin mee. Dit maak jou in seks uiters kwesbaar. Daarom, terwyl ons die Bybelse viering van die seksuele baie hoog waardeer, moet ons terselfdertyd vashou aan die groot verantwoordelikheid wat met seksualiteit saamgaan. Seks is wonderlik en kan die gevoel van diepe aanvaarding meebring, maar seks kan ook ekstreem verwond en beskadig.

Ons Christelike onderskeiding moet hiermee rekening hou. Seksualiteit het altyd te doen met “speel met heilige vuur”. Juis omdat dit gaan om ontgrensing, ekstase, jouself laat gaan, om ’n spel van mag en onmag, lê die risiko’s op die loer. Waar is byvoorbeeld die moment dat ontgrensing afgly na grensoorskryding? Of dat die wellustige blik van die ander omslaan in ’n vernederende, pornografiese blik?

Seksualiteit hoort by die vitale kern en die lewenslus van ons liggaamlike bestaan. Die plesier, genot, speelsheid en skaamtelose vertroue van seksuele omgang hoort by die goeie van die skepping. Die Bybelse boek, Hooglied, loop oor van die verrukkinge, verlange, fantasering en genieting van seks en van die liggaam van die geliefde. Menslike liefde wat tot uitdrukking kom in seksuele beminding is selfs die mooiste Bybelse verbeelding vir die liefde tussen God en mense. In die verloop van die Bybelse verhaal word dit egter duidelik dat seks nie bloot die paradys is nie. Dit word ook ’n bron van konflik en ’n instrument van mag en lis.

Hoewel die Bybel dus goed weet van outentieke seksuele liefde, is dit duidelik dat die bestemming van die mens, anders wat in ’n kultuur van liggaamsverheerliking gedink word, nié hierin lê nie. Die bestemming van die mens lê in die lewe en die gemeenskap van Christus met sy mense, oftewel die verbond, wat gerig is op ware *shalom*.

Dit geld ook ten opsigte van liggaamlike skoonheid. Dink maar aan hoe ons mediese moontlikhede toegeneem het as dit kom by die “korreksie” van liggaamlike “foute”. Skoonheid is nou verweef met seksualiteit. Dawid was so opgewonde oor Batseba se skoonheid dat hy haar wou “besit” (2 Sam. 11). Ons sal egter begenadigde mense wees as ons bevry word daarvan om mekaar as objekte te sien, as die beeld van skoonheid wyk voor die kwesbare en verganklike liggaam self, en as dáárin ware skoonheid gevind word. Ons sal begenadig wees, want dan alleen sal weer ruimte kom vir gemeenskap van liggaam en siel, van mens en medemens.

Die vraag is dus hoe ’n goeie, mooi lewe sal lyk van ’n gemeenskap van mense wat weet van die heil in Christus, juis in die hedendaagse liggaamskultuur. Verwag ons dalk in ’n tyd van soveel obsessie met liggaamlikheid en seksualiteit te veel van seks – meer as wat seks kan dra? Asof seks perfek moet wees en die eintlike bron van geluk en totale lewensvervulling? Word daar so hoog opgegee oor “seksuele prestasie”, en seksuele bevrediging so dwangmatig nagejaag, dat faalangs die slaapkamer binnesluip en egte kommunikasie en diepe, intieme gemeenskap bedreig? Watter invloed het die mite wat gaandeweg ontstaan het dat *meer* seks beter is? Hoeveel druk kom op jongmense om gou en dikwels te eksperimenteer?

Waarteen is die boodskap van Gods woord, van egte bevryding, dus gekant? Nie teen ’n spesifieke seksuele oriëntasie nie, maar teen die uitleef van seksualiteit op só ’n wyse dat egte lewensruimte en vryheid bedreig word en die ander (en dikwels ekself) geskaad word.

’n Seksuele verhouding mag dus byvoorbeeld nie gekenmerk word deur die drang om die ander te besit nie. Verlange of begeerte wat ingestel is op toe-eiening en wat slegs op sigself gerig is, is verlange wat siek geword het. Die nuwe gemeenskap waarin Jesus ons nooi, word gekenmerk deur aandag vir die ander en ware gasvryheid. In goeie seks gaan begeerte saam met eerbied vir die ander, vir sy of haar behoeftes en grense, net soos vir die eie liggaam.

In die nuwe gemeenskap met Jesus word onverbiddelik verset aangeteken teen alle vorme van psigiese geweld, misbruik en manipulasie wat die doel, die praktyke en die belewing van seks perverteer. As juis in die kerk vroue, meisies en seuns misbruik word en hul behoefte aan troos en nabyheid gemanipuleer word deur voorgangers en ampsdraers, vloek dit teen alles waarvoor die evangelie en die Christelike gemeente staan.

### 2.2.4 Regverdiging en geregtigheid

Die goeie nuus wat Jesus verkondig, is die aanbreek van ’n nuwe koninkryk. Die lewe in hierdie koninkryk het te doen met ons almal se afhanklikheid van God, ons deernis vir ander, barmhartigheid, reinheid van hart, honger en dors na geregtigheid en die maak van vrede.

Ons is ’n verbondsgemeenskap wat Jesus Christus volg in sy deernis en versorging van mense, veral ook diegene wat deur die gemeenskap gemarginaliseer word. Ons het as sodanig die verantwoordelikheid om as ’n pastorale gemeenskap, na die voorbeeld van Christus, sorg en deernis te bied aan alle mense en aan gelowiges ruimtes te bied om Hom saam te aanbid en te dien. Die Bybel vra van ons om te honger en dors na geregtigheid vir alle mense. God se genade geniet voorrang bo alle menslike voorkeure en oorwegings wanneer dit kom by ons bediening aan mense en sorg vir mekaar.

Gereformeerde teoloë het in die laaste jare heelwat besin oor die verband tussen *regverdiging* en *geregtigheid*. Die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke het in 2017 hulle vereenselwiging met die Lutherane en Katolieke se *Joint declaration on the doctrine of Justification.* Dit is gedoen met 'n assosiasiedokument waarin die eie gereformeerde posisie duidelik gestel is. 'n Punt wat baie sterk gemaak word in hierdie assosiasie-dokument is dat ons as gereformeerdes nie wil fouteer na die kant van ongeregtigheid nie. As ons glo in die regverdiging deur die geloof alleen het dit alles ook te make met lewensheiliging en met 'n soek na werklike praktiese geregtigheid.

Die insig dat die regverdiging deur die geloof alleen plaasvind boor tot in die hart van die heilsopvatting van die kerk. Die historiese teenkanting teen die solus-uitsprake is gedra deur die vermoede dat die heil daardeur gereduseer word, ten koste van die heiliging van die lewe. Hierteenoor moet opgemerk word dat die solus-uitsprake nie die heil wou kompartementaliseer nie, maar die een, ongedeelde heil vanuit die verskillende perspektiewe op die heil wou 'na-sê' tot in die kern daarvan as die genadewerk van die drie-enige God aan ons, in ons en deur ons. In die geval van die regverdiging moet dié oordeel oor ons vanuit die gawe-karakter van die geloof verstaan word. 'Geloof' beteken hier die verbondenheid aan, die eenheid met Christus in Sy sterwe en opstanding deur die werk van Sy Gees en in die aangryping van Sy woord. Teologies gestel, beteken dit dat die regverdiging nie 'n analitiese oordeel is nie, maar 'n sintetiese oordeel waarin die verdienste van Christus, Sy gehoorsaamheid aan ons toegereken word asof dit ons eie is. Ons geloof is nie die grond van ons saligheid nie, maar die middel waarmee ons Christus en al Sy weldade omhels. Dit beteken dat ons geloof nie in terme van verdienste, as meriete ter sprake kan kom nie. 'Alleen deur die geloof' beteken 'uit die genade alleen'.

Hiermee in gedagte, stel die Gereformeerdes dit pertinent dat die verskeidenheid van teologiese taalgebruik 'n 'veelstemmigheid' tot gevolg het wat nie as hindernis met die oog op geloofseenheid verstaan moet word nie. Juis die *Joint Declaration* stel dit onomwonde. Die leer van die regverdiging is 'n kernaspek van die Christelike geloof. Dit is 'n onontbeerlike kriterium vir die leer en lewenspraktyk van die kerk.

Histories gesproke is die vraag na die verhouding tussen regverdiging en heiliging die vraag by uitnemendheid waar die verskil tussen die Rooms-Katolieke Kerk en die Gereformeerdes na vore gekom het. Indien heiliging die grond van die regverdiging sou wees, sou die karakter van die regverdiging as Gods daad uit vrye guns alleen ernstig in die gedrang kom. Rome was van oordeel dat die Protestantse verstaan sou uitloop op die onderwaardering en selfs verontagsaming van die lewensheiliging. Hierteenoor bevestig die belydenisskrifte juis die onlosmaaklike samehang tussen regverdiging en heiliging, só dat die regverdiging uitloop op die heiliging en nie uit die heiliging ontstaan nie. Daarom word in die assosiasiedokument opgemerk:

> *We appreciate the recognition in the Joint Declaration that we are powerless to save ourselves, incapable to turn to God on our own, and that the freedom we know is not freedom for salvation. Our response to Gods grace is itself the effect of God's grace wordking in us. What Christ has accom-plished by his saving obedience (extra nos) is made known and applied in us (in nobis) by the Spirit esspecially through God's word and the sacraments of baptism and the Lord's Supper. No one can respond to God's call apart from God's prior work of grace.*

Die verhouding tussen evangelie en wet is ook hier ter sprake. In navolging van Paulus se verkondiging van die regverdiging, wys gereformeerdes die menslike vervulling van die wet as alternatiewe weg tot saligheid radikaal af. Hierdie siening word konsekwent in die nadenke oor die plek en aard van goeie werke volgehou. Die bekende Gereformeerde opvatting oor die drievoudige gebruik van die wet, vind in 'n sekere sin sy swaartepunt in die derde gebruik van die wet *(tertium usus legis)* en wel as reël van dankbaarheid. Só gesien, is wet en evangelie beide gawes van God se genade en vind hulle samehang juis hierin. Die blywende betekenis van die wet het tot gevolg dat 'n lewe uit die regverdigende genade, hoe langer hoe meer die karakter van gehoorsaamheid aanneem in liefde en goeie werke sonder dat dié misverstaan word as die grond van ons redding. Hiermee is die vraag na die plek en aard van goeie werk aan die orde en word in belydenistaal geantwoord met 'n sitaat uit die Tweede Helvitiese Konfessie

> *... good works are not done in order to earn eternal life, or for ostentation, or for gain. Rather they are " ... for the glory of God, to adorn our calling, to show gratitude to God, and for the profit of the neighbour.*

Teenoor Rome wat meen dat mens kan uitval uit die genade (met die gevolg dat daar in hierdie lewe geen absolute sekerheid van die heil kan wees nie) leer die Gereformeerdes dat die genadegawes wat God skenk, nooit weer deur Hom teruggetrek word nie (Rom 11:29) In die genadige uitverkiesing van God, wat in die tyd realiseer in die gawe van die geloof in Christus, deur die prediking van die Woord in die greep van die Gees, word vaste grond onder ons voete ingeskuif. Só is die uitverkiesings-prediking troosprediking wat die sekerheid van die heil uitwys as gegrond in Gods genadedaad, ten

diepste gegrond in God se ewige trou. ’n Opmerking in die dokument in die verband, is ontroerend.

> *For the Reformed, assurance of salvation is particularly linked to the doctrine of election. Divine election is solely grounded in God’s electing grace. In the doctine of election we recognize God who chose us in Christ before the foundation of the world (Eph 1:4). We have nothing that we have not received. Even our capacity tot respond to God is God’s gift tot us. So also is our perseverance in faith. These insights evoke humility and gratitude in believers and provide assurance of salvation. God’s calling and God’s promises are sure. In Christ God has promised our salvation, and the objective reality of Gods promise, which cannot be considered untrust-worthy, grounds our assurance of salvation”.*

In die gereformeerde siening hang regverdiging en geregtigheid wesenlik saam, omdat beide groei uit die trinitariese rykdom van God se heerlikheid. Sy koninkryk word in een asem met Sy geregtigheid (die geregtigheid van die koninkryk) genoem. Dit is veelbetekenend dat die Griekse woord ‘*dikaiosuné* gebruik word om na beide hierdie sake te verwys. Dit beteken dat geregtigheid nie bloot ’n sosiaal-etiese addendum by die regverdigingsteologie is nie, maar ’n teologiese perspektief verteenwoordig waarin daar aandag gevra word vir die konkreetheid en kontekstualiteit van die heil; overgeset synde, regverdigingsteologie as abstrakte teorie verloor die binding aan die komende ryk van God en mitsdien aan die *telos* van die geloof in die heiliging van die lewe *coram Deo.* Hierdie boodskap wat alreeds gedra word deur die Ou Testamentiese profete “dat die reg moet aanrol soos watergolwe”, kom in die persoon en prediking van Jesus op baie sterk na vore. Die bergrede wemel van verwysings na geregtigheid en vrede wat die sigbare konkretisering van die komende ryk van God is. Wie soek na die ryk, kan dit nie anders doen as met ’n honger en dors na geregtigheid nie.

Hierdie gedagtegang van die gereformeerdes word aangebied as verrykende korrektief op dit wat in die *Joint Declaration* nie prominent genoeg na vore kom nie. Die aksent is onontbeerlik in die lig van die regverdigingsleer soos wat gereformeerdes dit verstaan. Dit word ook gedra deur ’n ander oortuiging wat vir die gereformeerdes swaar weeg, naamlik die soewereiniteit van God; God se seggenskap oor elke duimbreedte van die werklikheid. In die soeke na geregtigheid en vrede, kry die diens aan God publieke karakter, ook – of dalk juis – as dit in die vorm van weerstand teen onreg na vore kom.

In hierdie verband roep die gereformeerdes in hul assosiasiedokument die Belydenis van Belhar as kroongetuie, waarin daar ronduit gesê word: In Christus is God geopenbaar

> *“as die Een wat geregtigheid en ware vrede tussen mense wil bring … Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so ’n ideologie te weerstaan nie”.*

### 2.3 Voortgaande onderskeidende gesprek in gemeentes

#### 2.3.1 Onthou wie God is en luister na mekaar

ATLAS noem in September 2018 aan die Algemeen Sinodale Moderamen (ASM) dat gereformeerde etiese onderskeiding nie direk begin met die vraag na “reg” en “verkeerd” en, soos soms gebeur, by die soek van teksverse om ons eie gelyk te bewys nie. Wanneer ons oor ’n moeilike etiese kwessie praat, moet ons eerder begin by die twee vrae wat vir Calvyn so belangrik was, naamlik: “Wie is die lewende God vir ons?”, en “Wie is ons as mense oor wie dit in hierdie kwessie gaan?” Voeg hierby: “Wat sou die Gees se werking hier wees?”, en: “Hoe praat ons as naastes, ewe-mense en gelowiges mét mekaar oor die saak?” Voeg ook by: “Hoe verander dít wat ons in ons besinning oor die vorige vrae ontdek die maniere waarop ons as gelowiges eties dink, praat en optree?”

Nie net die regte vrae is belangrik nie, maar ook wie in die vertrek is. Wie sit rondom die tafel wanneer ons besin oor ’n etiese kwessie? ’n Diep luister na die verskillende genres van die Skrif moet gepaard gaan met ’n diep luister na verskillende stemme in die gemeenskap, die stemme van mense wat werklik betrokke is by die kwessie waaroor dit gaan, en die stemme van mense wat wetenskaplike navorsing doen in verskillende velde wat die kwessie betref. Dit alles vorm deel van die etiese onderskeidingsproses.

Wie is die lewende God? Volgens ’n pragtige opsomming van Daniel Migliori, is God *“die Drie-enige wat as die ware Lewende God aan mense bekend gemaak word as Self-ontledigende, ander-waarderende en gemeenskap-stigtende liefde”.*

Migliori gebruik hierdie formulering wanneer hy skryf oor die drie-enige God in sy bekende sistematies teologiese standaardwerk, *Faith seeking Understanding*. Dít is hoe ons God leer ken in die verhale van die Bybel. God is Vader, Seun en Heilige Gees. God is aktief teenwoordig in sy skepping. God reik getrou, liefdevol, genadig, vermanend, regverdig, vergewend, verlossend, genesend, vernuwend, dienend en versorgend uit na mense en leef met hulle. God ontmoet en help mense om God as Vader, Seun en Gees te leer ken, soos hulle in diep persoonlike verhouding in en met mekaar leef en in liefde na mense uitreik. Hierdie God is die enigste Bron en Gewer van alle lewe en sy doel met en wil vir sy skepping en sy mense was van die begin af en is nog steeds ten spyte van

gebrokenheid en vervallenheid vanweë sonde net goed. God die Vader, Seun en Heilige Gees is ryk in barmhartigheid en het mense hartstogtelik lief. As Vader is God *vir* mense, as Seun is God *met* mense en as Gees is God *in* mense teenwoordig. God se Gees wat van Vader en Seun uitgaan en Wie saam met Vader en Seun aanbid en verheerlik word, deel God se goedheid, genade en seën aan mense op talle innige, bewustelike, onbewustelike en gemeenskaplike maniere mee. God se Gees is God se Tolk, Trooster en Bevryder wat aan mense uit oorvloed van God se heerlikheid, krag tot innerlike sterkte en tuiskoms in God se onmeetlike ruimte van liefde, genade en vrede, bemiddel en laat deel. God wat vir Jesus uit dood opgewek het, laat sy Gees in mense woon om hulle uit 'n doodsbestaan op te wek tot nuwe lewe in Christus deur sy Gees wat in mense woon.

As dít is hoe ons God ken, watter verskil maak dit in ons gesprek oor etiek? Watter implikasies het dit vir ons lewens in die wêreld en met mekaar?

Dirkie Smit noem die volgende oor ons etiese oordeelsvorming:

> *Tussen die moraal, die opvattinge oor sedelikheid, oor reg en verkeerd, goed en kwaad, van die Godsvolk in die tye van – sê nou maar – Moses en Dawid en Salomo en Amos en Paulus en Jakobus, gaap meermale afgronde. Die Bybelse geskrifte is die neerslag van talle eeue, van uiteenlopende sosiale en kulturele om-standighede. Lesers wat hierdie verskille nie insien en respekteer nie, respekteer inderdaad nie die Bybel vir wat die Bybel is nie. Wie gladweg tussen al hierdie verskeidenheid van opvattings en op-tredes, harmonie, orde, eenheid aanbring, doen dit vanuit hulle leserspers-pektief. Hulle konstrueer die eenheid. Hulle bring die eenheid van buite aan in die veelvoud.*

Volgens Smit is elke lees van die "teks" van die Bybel alreeds deur "die situasie", dit wil sê die hoorders en hulle ondervindinge, hulle keuses, hulle oortuigings, gestempel. Elke beroep op "die Bybel" of "die Bybelse boodskap" of "die evangelie" of "die Woord van God" sluit alreeds 'n konstruk in, keuses, 'n greep, 'n rangskikking, die aanbring van same-hang, in die veelvoud van gegewens wat "die Bybel" uitmaak. Omgekeerd is elke lees van "die situasie" deur gelowiges alreeds deur "die teks", dit wil sê die Bybel en sy boodskap, sy inhoud, sy strekking, sy skopus, gestempel. Wie as teoloë, of as Christene, sê "situasie" of "konteks", sê implisiet alreeds ook "Bybel", want hulle "lees", "interpreteer", "ervaar", "verwoord", "konstrueer" hulle situasie as mense wat deur die Bybel gevorm is en deur die bril van die Bybel kyk, soos Calvyn trouens al gesê het."

'n Skrifberoep in die etiek is dus, volgens Dirkie Smit, nie eenvoudig nie. "Om Skrifgegewens te benut in 'n etiese argument, op 'n aanvaarbare, oortuigende, sinvolle manier, is 'n veel ingewikkelder proses as wat baie mense – insluitend heelwat Bybelweten-skaplikes! – skynbaar meen dat dit is, te wete 'n blote "lees" van die Bybelse gegewens en dan 'n "benutting" of "toepassing" daarvan in die etiek. Die vraag is: wat daarvan? Wat moet met hierdie gegewens gedoen word? En hoekom? Hoe moet dit ingebed word in 'n uiters ingewikkelde argument oor 'n teenswoordige morele vraagstuk?

Etiese onderskeiding gebeur nie in 'n vakuum nie. Dit gebeur altyd in konkrete situasies en dit is gerig op die begeleiding van mense voor God se aangesig. Ons kan dus, soos Calvyn sê, nie net oor God praat nie, maar moet ook nadink oor ons eie aard as mense en oor ons lewe voor God. Sonder 'n ootmoedige ontdekking van die mens se diepste aard, doel, sin en vermoë op aarde kan etiese onderskeiding hoogstens interessante spekulatiewe filosofie wees.

Die volgende vraag behoort daarom ook bedink te word wanneer ons eties onderskei: Wie en wat is die mens oor wie die etiese onderskeiding gaan?

Mense se bedoeling en roeping op aarde is om beelddraers van God te wees, om deel te neem aan God se unieke gemeenskapslewe en konkreet uitdrukking te gee aan God se liefdevolle aard. Mense se persoonlike en gemeenskaplike lewenskwaliteit en potensiaal word egter op talle maniere diepgrypend verniel, verwond en vernietig deur die werklikheid en gevolge van sondige gebrokenheid waarin hulle hulself bevind en waaruit hulle hulself nie kan bevry nie. Gelukkig bly mense, ten spyte van die sonde voor God se aangesig, in God se durende teenwoordigheid vir God kosbaar, gelykwaardig en elkeen persoonlik en almal gesamentlik in 'n veelvuldigheid van maniere steeds beelddraers van God. Mense kan dus voor God hulle nooit teenoor mekaar verhef, mekaar veronreg of mekaar verag nie, want elkeen en almal leef, beweeg en bestaan alleen maar danksy goedheid, genade en guns van God. Daarom het mense ook die opgawe en die verantwoordelikheid om mekaar te beskerm, te vermaan, te vergewe, te aanvaar en te vertrou soos wat Christus self aan ons gedoen het en die Gees steeds met ons doen. Mense ontdek en ondervind dat hulle deel het aan die ewige lewe wanneer die Gees van God hulle help om die enigste ware God as Vader te leer ken, en ook vir Jesus Christus, wat deur die Vader gestuur is om God se innige nabyheid en regering te praktiseer en te verkondig. Die werking van die Gees alleen bring die besef en bewussyn van ware vryheid, lewe en liefde in mense te weeg. Mense vind die diepste sin van die lewe en van menswees wanneer hulle hoe langer hoe meer tuiskom in hierdie gesindheid van Jesus Christus en in die lewe vanuit geloof, hoop en liefde wat Christus gedemonstreer het en waarin

Christus hulle deur sy Gees opgeneem en ingelyf het. Mense wat lewe deur Gees van Christus laat hulle lewenswandel en gedrag bepaal tot gehoorsaamheid aan God alleen deur die Gees wat inspreek in hulle gemoed, denke, gesindhede en handelinge. Mense vind en beleef alleenlik troos, vrede en vreugde in die lewe en in verhoudings met ewe-mense wanneer hulle ondervind en weet dat hulle nie aan hulleself nie, maar aan God Drie-enig behoort, wat hulle aangeneem het tot sy kinders en erfgename.

Is dit wie God is? En wie mense is? As dit is wat die Skrifte verkondig, hou dit verreikende implikasies in vir ons etiese besinning en onderskeiding.

Wanneer ons in ons etiese onderskeiding verder gaan, en ook luister na ander stemme, soos dié uit die wetenskap en ook dié van mense wat direk geraak word deur selfdegslag aangetrokkenheid, kom daar 'n belangrike deel van die volle verhaal na vore waarin die Bybel, soos Smit dit duidelik stel, "nie kan of wil help nie".

Dit blyk dat daar twee vrae is wat Christene se gedrag bepaal, maar nié met 'n beroep op die Bybel beantwoord word nie.

Eerstens: Word mense so gebore of is dit aangeleer? Diegene wat pastoraal is, sê dit is aangebore en diegene wat daarteen is, sê dit is deel van die sondige natuur.

Tweedens: Kan homofilie genees word, is dit veranderbaar? Diegene wat pastoraal is, sê dit is onomkeerbaar en diegene wat daarteen is, sê wetenskaplike ondersoeke het die teendeel bewys.

Met die Bybel alleen kan niemand etiek beoefen nie, sê Smit. Wie ook al dink dat hulle dit doen, mislei hulleself. Daar is talle ander faktore wat 'n beslissende invloed uitoefen op ons standpunte en optredes. Christelike etiek is dus meer as Bybelse etiek. Ons kan nie tekste of voorskrifte reglynig oordra na ons lewenssituasies nie. Jy kan nie Skrifgegewens neem en bloot "toepas" of "benut" nie. As jy sover gekom het om te sê wat 'n Bybelteks sê, het jy daarmee nog nie veel vir ons etiek vandag gesê nie. Om ons slegs met die Bybelteks self besig te hou sonder om te luister na kontekstuele stemme, laat ons oor aan die keuse tussen die kontekstuele etieke van verskillende Bybelboeke. Dit kom neer op 'n "willekeur". Gebrekkige situasie-analises word gemaak. Die situasie word nie regtig ernstig opgeneem nie; dit word nie werklik gelees nie. Dan word ons bydrae "bloedarmoedig, skraal, ontstellend en wêreldvreemd". Wie oor etiek wil praat, moet die situasie werklik kan lees.

Die belangrikste is uiteindelik die vraag hoe die Bybel ons etos stempel. Hoe beïnvloed ons lees en interpretasie van die Bybel die wyse waarop ons ons oortuigings aangaande reg of verkeerd, goed of kwaad, uitleef? Hoe stempel die Bybel ons waardes en optrede?

Om hierdie rede kies ons juis vir 'n gespreksmatige model van etiese besinning.

**2.3.2 Begin op 'n lewegewende plek**

Een van die lede van STLAS se verwoording van die huidige situasie vat 'n sterk sentiment in baie gemeentes goed saam:

> *"Die NG Kerk bely dat ons 'n kerk van die reformasie is, wat staan op die pilare van die reformasie. Een van die pilare van die reformasie is dat ons in die eerste plek na die Bybel luister in ons soeke na antwoorde op geloofsvrae. Ons eksegese van die Bybel moet met hermeneutiese verantwoordelikheid geskied, dit moet onder andere verskillende kontekste verreken, dit moet luister na die bevin-dinge van ander moderne weten-skappe en so meer. Maar selfs 'n diepgaande en nederige worsteling met die nou bekende klassieke Bybeltekste wat oor homoseksualiteit (of selfdegeslagverhoudinge) praat (Gen. 19:5, Rig. 19:22, Lev. 18:22 en 20:13, Rom. 1:24–7, 1 Kor. 6:9 en 1 Tim. 1:10), het tot gevolg dat gelowige bybellesers, eksegete en teoloë by direk teenoorgestelde gevolgtrekkings uitkom wat mekaar lynreg weerspreek.*
>
> *Aan die een kant van die spektrum is daar diegene wat sê dat – hoe jy ookal na die tekste kyk – dit konsekwent afwysend praat oor die beoefening van homoseksualiteit. En dit sluit Ou- en Nuwe Testamentiese tekste in, wat oor 'n tydperk van eeue in verskillende taal- en kultuurkontekste ontstaan het.*
>
> *Aan die ander kant vind jy diegene wat sê dat die betrokke Bybeltekste nie praat van selfdegeslagverhoudinge soos wat ons dit vandag ken nie, en daarom nie toepaslik is daarop nie.*
>
> *My eie eerlike gevolgtrekking is dat die Bybel nêrens positief praat oor die beoefening van homoseksualiteit nie.*
>
> *En om aan te voer dat daar eenvoudig geen enkele voorbeelde van selfdegeslagverhoudinge in die Bybel se tyd sou wees wat enigsins vergelykbaar is met hedendaagse gay verhoudinge waarin mense in liefde en trou saamleef nie, is gewoon nie verdedigbaar nie. Dit is goed gedokumenteer dat daar in die tyd wat die Bybel geskryf is, wel ook gay verhoudinge van wedersydse instemming voorgekom het waar nie een van die persone in die verhouding onder dwang was of uitgebuit is nie. Daar is heelwat*

*literatuur oor homoseksualiteit in die antieke Griekse en Romeinse beskawings wat daarop dui dat selfdegeslagverhoudinge tussen sosiale eweknieë glad nie onbekend was nie, hoewel die literatuur aandui dat die meerderheid sodanige verhoudinge waarskynlik wel tussen mense van ongelyke sosiale status was.*

*Daarom is dit myns insiens nie korrek om aan te voer dat die bogenoemde Bybeltekste altyd net verwys na pederastie (ouer mans met seuns) / heteroseksuele persone wat homoseksueel verkeer (wat dan "teen natuurlik" sou wees) / verhoudinge waar daar groot status- en magsverskille tussen die persone was nie (byvoorbeeld vryburgers met slawe). My standpunt is dat die betrokke Bybeltekste eksegeties en hermeneuties geforseer moet word om uiteindelik te sê dat die Bybel glad nie praat oor gay verhoudings soos ons dit vandag ken nie.*

*En juis dit veroorsaak myns insiens die dooie punt in die gesprek:*
*Christene is hieroor teenoor mekaar opgestel asof in loopgrawe oor die uitleg van hierdie tekste, en beide standpunte is diep ingegrawe. En die gesprek raak 'n stryd oor die interpretasie van die Bybel, waar die saak van mense in selfdegeslagverhoudinge eintlik op die agtergrond geskuif word, en waar die eintlike "saak op die tafel" die saak van die hantering van die Bybel word.*

*Die pogings om mekaar te oortuig lei net tot verharding in gesindhede waar opponente hulself dieper ingrawe, elk met sy eie standpunt. Daarmee word diegene wat bly sê dat die betrokke Bybeltekste nie positief praat oor selfdegeslagverhoudinge nie, soms beskuldig van fundamentalisme of biblisisme (mense wat die Bybel "letterlik" opneem sonder om die konteks waarin dit geskryf is in ag te neem), of dat hulle nie hermeneutiek (hoe om die Bybel korrek van toepassing te maak op ons moderne konteks) begryp nie, en hulle kry gereeld 'n lesing daaroor dat die Bybel nie "'n tydlose absolute waarheid is wat uit die lug geval het nie".*

*Daarteenoor word diegene wat probeer aantoon dat die betrokke Bybeltekste nie van toepassing gemaak kan word op moderne selfdegeslagverhoudinge nie, weer soms daarvan beskuldig dat hulle die eksegese van die tekste forseer om by hul (vooraf-ingeneemde) standpunt te pas, dat hulle by byna al die tekste die meer voor-die-hand-liggende verstaan van die teks ignoreer om elke keer voorkeur te gee aan die meer–onwaarskynlike verstaan van die teks, en dat hulle met hierdie tipe eksegese 'n deur oopmaak waar die Bybel sy outoriteit en normatiewe karakter verloor.*

*En intussen word gay Christene gyselaar gehou in 'n hermeneutiese stryd oor die gebruik van die Bybel.*

*Hierdie skrywe is betekenisvol omdat dit 'n vasgelooptheid in die gesprek in die kerk baie goed beskryf en 'n ander basis vir die gesprek voorstel, naamlik die basis wat hierbo teologies-eties uiteengesit is.*

*Die kerk is nie 'n versameling van volmaakte mense nie, maar van broos mense, waar almal, sonder uitsondering, die littekens van gebrokenheid met hulle saamdra. Die kerk moet 'n lewensmoont-likheid oopmaak vir alle mense wat die liefde en genade van die Here Jesus Christus nodig het en dors is daarna in hulle lewens. Ook vir gay mense. En daarom moet ons ons beywer daarvoor om ons naaste se lewe nie misrabel te maak met ons besluite, houding en uitsprake nie. Ons moet – in navolging van Jesus - ons naaste help om ten volle te kan lewe. Die Almagtige maak altyd weer 'n nuwe pad oop wat vir vasgeloopte mense 'n uitweg skep, wat nuwe lewensmoontlikhede oopmaak.*

*Die hoogtepunt hiervan is as God Homself in die plek van die gebroke mens stel deur die kruisiging van sy Seun, Jesus Christus. In hierdie (absoluut beslissende) daad gee God Homself ten einde ons vasgeloopt-heid in ons verhoudinge met Hom en mekaar finaal op te los. God bring self die volledige versoening, en maak daardeur gebroke mense weer aanvaarbaar vir Hom en vir mekaar. En deur sy liefde, finaal verpersoonlik in Jesus Christus, red God nie net gebroke mense nie, Hy roep ons ook op om Hom hierin na te volg deur ons medemense, selfs ons vyande, aan te raak met selfopofferende liefde (Matt. 5:43). Juis hierin lê die wese van dissipelskap – om te leef soos wat Jesus ons kom leer het deur sy voorbeeld en deur sy woorde.*

*… Jesaja 58:7 sê dat die "vas" wat die Here wil hê, is "...dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie". In hierdie opsig voel ek dat ons (as hetero-seksuele Christene) gay mense vir dekades lank hoofsaaklik aan hul lot oorgelaat het, terwyl daar in die kerk 'n eksegetiese stryd woed oor die interpretasie van die Bybeltekste wat handel oor homoseksualiteit.*

*Voeg hierby die toenemende getuienis van die mediese en menswetenskappe dat 'n homoseksuele oriëntasie beslis nie 'n keuse*

*is wat die betrokke persoon uitoefen nie, maar deur baie ander faktore beïnvloed word – moontlik selfs ook geneties bepaald is. Dat alle mense die ervaring het dat hulle met hulle seksuele oriëntasie gebore is, dat dit nie 'n bewustelike keuse is wat hulle later gemaak het nie. (As jy hetero-seksueel is, op watter stadium het jy bewustelik gekies om so te wees?) Dan is dit bloot nie reg om vir 'n gay persoon te sê dat hy of sy "sonde doen", en dus net moet "ophou sondig" nie. Daartoe kom nog die oorweldigende getuienis dat seksuele oriëntasie in die meeste gevalle nie "veranderbaar" is deur berading / behandeling nie.*

*'n Lewe in navolging van Jesus Christus begin nie by die vraag "wat is reg of verkeerd" nie. Dit begin by die vraag "hoe moet ons Jesus navolg deur selfopofferende liefde in hierdie situasie toe te pas".*

*Die implikasies hiervan is dat die navolging van Jesus met selfopofferende liefde die belangrikste hermeneutiese beginsel word, waarteen alle ander eksegeties / hermeneutiese resultate getoets word. Waar daar twyfel bestaan, waar daar grys areas is – ook in die etiek - moet die liefde die swaarste weeg.*

*Is dit nie wat Paulus in 1 Kor. 13:13 bedoel as hy sê: "En die grootste hiervan is die liefde" nie?*

*… Waar daar liefde is, en deernis ... daar is God die Heer!*

Tot sover die uiteensetting van die werk en besinning van STLAS in opdrag van die moderamen sedert die 2016 besluit van die Algemene Sinode.

Vervolgens word – ter wille van volledigheid – die pad van die NG Kerk met selfdegeslagverhoudings vanaf 1986 tot en met 2015 en 2016 opgesom:

## 3. DIE NG KERK SE PAD MET SELFDEGESLAGVERHOUDINGS TOT 2015 EN 2016

### 3.1 Die 1999 sinode van Wes-Kaapland

Die Sinode van Wes-Kaapland het in 1999 'n verslag bespreek oor *Die Pastoraat aan Homoseksuele Lidmate*. Die bedoeling hiermee was om weg te stuur van die kompleksiteit van die etiese vrae en die kontroversie rondom die eksegese van Bybeltekste oor homoseksualiteit en 'n aanduiding te gee van hoedat die kerk homoseksuele mense se menswaardigheid en geskapenheid na die beeld van God kan erken. Hierdie verslag het 'n nuwe dinamika in die NG Kerk se pad met homoseksualiteit teweeggebring. Daar is egter steeds besef dat 'n mens hieroor nie kan praat los van 'n etiese beoordeling nie. Dit is immers oënskynlik duidelik dat die Bybel nie gunstig verwys na homoseksuele gedrag nie. Die sinode het dus gevra dat daar verder met studie voortgegaan moet word. Gesprek in gemeentes hieroor is ook aangemoedig.

Die pastorale aanslag van die Sinode van Wes-Kaapland se verslag van 1999 het ten minste die vraag laat ontstaan of die 1986 standpunt van die kerk oor homoseksualiteit in die lig van die menswaardigheid van alle mense nog steeds volgehou kon word. Die 1986-besluit het seksuele verhoudings van dieselfde geslag op Bybelse gronde ondubbelsinnig afgewys as in stryd met die wil van God.

### 3.2 Komplekse vrae: Die Algemene Sinode van 2002

Die Algemene Sinode van 2002 het besluit om nie langer te bly staan by die streng afwysende beleidstandpunt van 1986 nie. Die indeks vir die beskrywing van psigiatriese afwykings (DSM) het intussen homoseksualiteit uit hulle lys van psigies afwykende gedragsverskynsels verwyder. Die sinode van 2002 het besluit om nie weg te deins van komplekse vrae nie. Is homoseksualiteit aangebore of aangeleer? Is "rehabilitasie" moontlik? Praat die Bybeltekste oor homoseksuele mense wat in 'n permanente verhouding van liefde en trou staan, of slegs oor promiskue gedrag? Die sinode van 2002 het erken dat 'n "nuwe oop situasie" ontstaan het en dat verdere studie noodsaaklik was.

### 3.3 Verdere navorsing en gesprek: Die Leer en Aktuele Sake werkswinkel in die Paarl en die Algemene Sinode van 2004

Die twee taakspanne vir Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk Wes-Kaap en die VGK Kaapland, het gedurende Maart 2004 'n werkswinkel in die Paarl gehou, waar daar intens oor die hele saak gepraat is. Die samestelling van die groep was so inklusief as moontlik. Die verskillende Bybeltekste is bespreek. Psigiatriese en sielkundige kennis is ingewin. Die slotsom van die werkswinkel was onder andere dat homoseksualiteit nie 'n afwyking is nie, maar 'n alternatiewe oriëntasie. Dit was egter in daardie stadium duidelik dat die wetenskap nie vir ons onomstootlik die oorsprong van homoseksualiteit aantoon nie. Sommige navorsing ondersteun die teorie van genetiese oorsprong, terwyl ander navorsing die sosiologiese konteks van mense in ag neem. Dit het geblyk dat dit alles afhang van watter navorsing aangehaal word wat die antwoord is op die vraag of homoseksualiteit aangebore of aangeleer word en of homoseksuele persone verander kan word of nie. Vir sommige was die feit dat van die "rehabilitasie" van homoseksueles gepraat word alreeds 'n voorop-gestelde negatiewe vertrekpunt en persepsie. Vir ander was

die feit dat aan rehabilitasie getwyfel word 'n mosie van wantroue in die krag van God.

Dit is gedokumenteer dat hierdie gesprek die uitdaging onderstreep het om mekaar se regsinnige bedoelinge in ons omgang met die Skrif te aanvaar. Daarsonder is 'n sinvolle gesprek in die kerk baie moeilik. Oor-en-weer beskuldigings van misbruik of minagting van die Bybel vertroebel die gesprek.

Aan die einde van die werkswinkel is die volgende standpunte geformuleer om deurgestuur te word na AKLAS as 'n bydrae oor die saak vir voorbereiding van die Algemene Sinode wat in 2004 sou sit:

> *1. Dit is die kerk se roeping om die Evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die kerk se taak om alle sonde en sondige praktyke, op seksuele en ander gebiede, konsekwent en met oortuiging aan te spreek, met die doel om die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus tuis te bring.*
> *2. Dit is vir ons duidelik dat die Bybel die homoseksuele dade waaroor daar gepraat word as opstand teen God beskryf, en as sodanig as sonde beoordeel.*
> *3. Daar is by ons verskil van mening of hierdie uitsprake in die Bybel van toepassing is op homoseksuele mense wat in 'n permanente verhouding van liefde en trou staan. Ons onderneem dus om met hierdie gesprek en navorsing voort te gaan ten einde die kerk in die verdere verloop van die proses op die mees verantwoordelike manier te dien.*
> *4. Dit is vir ons duidelik dat daar binne ons kerk, maar ook wêreldwyd binne die Christelike gemeenskap, uiteenlopende standpunte oor homoseksualiteit is. Die verskil in uitleg en toepassing van die Bybel in hierdie verband wys dit. Die kompleksiteit van die saak word ook deur die bio-psigo-sosiale bevindinge en standpunte in die onderskeie wetenskaplike dissiplines onderstreep.*
> *5. Dit is ons Bybelse oortuiging dat ons alle mense se getuienis oor hul geloof en toewyding as Christene, sowel as hulle seksuele oriëntasie, ernstig sal opneem en hulle integriteit onvoorwaardelik sal aanvaar.*
> *6. Dit is die roeping van die kerk om sonder vooroordeel, bewus van ons gebrokenheid, ons lidmate op te roep en te begelei om met liefde en deernis voor God met mekaar om te gaan, om sodoende integriteit te verleen aan ons Christelike getuienis.*

Die formulering van die Paarl werkswinkel is na AKLAS geneem vir voorbereiding van die verslag aan die Algemene Sinode van Oktober 2004. Dit het as 'n bydrae gedien in die formulering van die 2004 besluite.

Die Algemene Sinode van 2004 het 'n nuwe amptelike besluit oor homoseksualiteit geneem:
Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en behoort op grond van hulle geloof alleen as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar te word.

Die sinode was oortuig dat hulle hiermee die sterk afwysende 1986-besluit vervang het.

### 3.4 'n Verslag met twee bylae: Die Algemene Sinode van 2007

Die Algemene Sinode van 2004 het 'n taakspan aangewys wat by die volgende sinode verdere voorstelle moes maak. Hierdie taakspan was uiteenlopend saamgestel. Die lede van die taakspan het deurlopend in mekaar se teenwoordigheid onder die leiding van 'n fasiliteerder gesprek gevoer. Die taakspan het onder andere kennis geneem van twee ander Suid-Afrikaanse kerke wat in daardie stadium erns gemaak het met hierdie gesprek, naamlik die Metodiste Kerk en die Verenigde Presbiteriaanse Kerk. Albei hierdie kerke het gekies om 'n gespreksbenadering te volg in plaas daarvan om die sake waaroor daar ernstige meningsverskil bestaan, op die spits te dryf. Gespreksdokumente waarin die verskillende aspekte van die problematiek uiteengesit word, is so wyd as moontlik in die twee kerke beskikbaar gestel met die oog daarop om met die verloop van tyd 'n groter mate van konsensus te ontwikkel.

Die taakspan het ook kennis geneem van kerklike debatte oor homoseksualiteit op ekumeniese vlak. Die taakspan was sterk onder die indruk daarvan dat die saak wêreldwyd uiters kompleks en kontensieus is, met die potensiaal om verwydering en skeuring binne kerke en kerkverbande te veroorsaak.

Die verslag van die Taakspan vir Homoseksualiteit het uiteindelik by die 2007 sinode geland met twee uitvoerige bylae waarin twee verskillende standpunte beredeneer was. Die een bylaag het gepleit vir die volle aanvaarding van homoseksuele persone, in alle opsigte en op dieselfde basis as heteroseksuele persone. Die ander bylaag het gemeen dat homoseksuele persone wel kan verander en dat selfdegeslagverhoudings, veral waar dit seks aangaan, nie goedgekeur kan word nie.

#### 3.4.1 Bylaag 1: Homoseksuele gedrag binne vaste verhoudings van liefde en trou is Christelik-eties aanvaarbaar

Die eerste bylaag het geargumenteer dat homoseksuele gedrag binne vaste verhoudings van liefde en trou Christelik-eties aanvaarbaar is. Die volgende oortuigings is gestel: (i) Die Skrifgegewens oor homoseksualiteit moet nie verstaan word as 'n afkeur van homoseksualiteit nie, maar eerder as 'n bepaalde ongesonde en afbrekende vorm van

seksuele gedrag; (ii) Vaste verhoudings tussen persone van dieselfde geslag is Christelik-eties aanvaarbaar as dit gerig is op die vorming van 'n vaste verbintenis van liefde en trou; (iii) Lewensverbintenisse tussen persone van dieselfde geslag behoort dieselfde legitimiteit as die huwelik te geniet; (iv) Homoseksuele persone in nie-promiskue, vaste verhoudings van liefde en trou kan tot die besondere ampte in die kerk toegelaat word; (v) 'n Bybels-gefundeerde pastorale model moet daarop gerig wees om homoseksuele persone te begelei om ook volgens 'n Christelik-etiese verantwoordelike leefstyl te leef; (vi) Die menswetenskappe (die mediese wetenskap, die psigiatrie, sielkunde ensovoorts) ondersteun toenemend die gevolgtrekking dat mense se seksualiteit nie 'n doelbewuste keuse is nie, maar die gevolg is van 'n komplekse ontwikkelingsproses; (vii) Seksuele oriëntasie kan nie terapeuties verander word nie, hoewel dit in sommige gevalle moontlik is om die seksuele gedrag van 'n persoon, anders as sy/haar seksuele oriëntasie, kunsmatig te manipuleer; (viii) Die kerk word vanuit verbondenheid aan die boodskap van die evangelie geroep om die kulturele en sosiale vooroordele teen homoseksualiteit as sonde uit te wys; (ix) Die kerk word verder geroep om die Godgegewe menswaardigheid van alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, te erken.

Die opstellers van hierdie bylaag het versoek dat daar ruimte gelaat word vir plaaslike gemeentes om op 'n verantwoordelike wyse om te gaan met die verskille oor homoseksualiteit. Hulle was onder die indruk van die wêreldwye verskille oor die hantering van homoseksualiteit binne die kerk wat dikwels dreig om kerkskeuring te veroorsaak. Hulle het beklemtoon dat die identiteit van 'n geloofsgemeenskap egter nie afhang van hulle keuse ten opsigte van homoseksualiteit nie, maar gegrond is in Christus.

Oor die beoordeling van Bybelse gegewens is volgens die eerste bylaag soos volg gedink:

*Skrifgebruik:* Die Bybel word binne die gereformeerde tradisie beskou as die Woord van God wat as basisdokument van ons geloof en lewe dien. Die Bybel help ons dus met die verstaan van etiese kwessies. Binne die gereformeerde tradisie was dit nog altyd belangrik om in ag te neem dat die Bybel deur mense tot stand gekom het. Dit is dus nodig om sensitief te wees vir die literêre konteks van Bybeltekste. Wanneer dit kom by die totaliteit van die Bybel en die literêre konteks daarvan is dit belangrik om, soos Calvyn meen, te onderskei tussen hoofsake van die leer en die middelmatige sake wat nie die eenheid van die kerk in gedrang moet bring nie. Die meeste gereformeerde teoloë is dit ook eens dat Jesus Christus as die middelpunt beskou word wanneer die Bybel as geheel of dele daarvan gelees word. Dit is dus belangrik dat Christus ook die middelpunt is wanneer etiese sake ter sprake is en nie individuele wetsbeslissings wat in die Bybel opgeteken is nie. Die dubbele liefdesgebod behoort dus eerder as sentrale maatstaf ingespan word, ook in sake soos homoseksualiteit. Verder moet daar ook met groot erns omgegaan word met die konteks van die Bybel en die leefwêreld van die moderne leser. Tussen die tyd van die Bybelskrywers en die moderne leser het baie tyd verloop en nuwe wetenskaplike kennis voordurend ontwikkel. Die wetenskap het Gereformeerdes deurgaans gehelp om op 'n verantwoordelike manier met die Bybel om te gaan en dit behoort nie anders te wees wanneer dit kom by etiese sake soos homoseksualiteit nie. Die kerk het immers met kwessies soos slawerny, die posisie van die vrou, en sekere ander kulturele en seremoniële gebruike en voorskrifte bewys dat daar 'n bepaalde bewussyn en onderskeidingsvermoë van verantwoordelike Skrifgebruik nodig is.

*Breër Bybelse Verbande:* Siende dat Jesus beskou word as die middelpunt van die verstaan van die Bybel as geheel of onderdele daarvan, is dit ook belangrik om die bedieningspatroon van Jesus in ag te neem. Jesus maak geen direkte uitsprake oor homoseksualiteit nie. Jesus word ook telkens in sy bediening opgemerk by die gemarginaliseerdes van die samelewing. Hy word gereeld uitgebeeld as iemand wat tafelgemeenskap deel met tollenaars en sondaars. Vir Jesus is die dubbele liefdesgebod eerder die beslissende norm waarvolgens mense teenoor mekaar moet optree. Dit verander dus die wettiese godsdiens na 'n persoonlike verhoudingsteologie van liefde tussen God en die mens (en tussen mense onderling). Hierdie liefdesgebod is ook verbreed om alle mense, sonder uitsondering, in te sluit. Daar is dus geen voorskrifte van kwaliteite of verdienste wat in ag geneem moet word nie. Vir die homoseksuele naaste beteken dit dus dat hy/sy ongeag sy/haar seksuele oriëntasie ingesluit word binne die liefde van Christus binne die Christelike geloofsgemeenskap. Die bedienings-patroon wat gesien word in die Nuwe Testamentiese kerk is dan ook een wat deurgaans bewus is daarvan dat alle mense ingesluit word. Daar word in verskeie tekste verwys na die insluitende bedieningspatroon (Hand. 2; Hand. 8; Hand. 10:28; Gal. 3:28). Hierdie tekste verwys dalk nie direk na homoseksualiteit nie, maar bied 'n denkraamwerk waarop die Christelike leefwyse gebou kan word. Enige menslike kwaliteit (anders as ongeloof), ook nie seksuele oriëntasie van 'n persoon, mag gebruik word om enige persoon te weerhou om 'n lidmaat te wees of om toegang tot die besondere ampte te verkry nie.

*Die verwysing na spesifieke tekste:* Die Bybeltekste wat oor die algemeen gebruik word wanneer dit kom by die Bybelse verstaan van homoseksualiteit, sluit die volgende tekste in: Gen. 1:27-28, Gen. 2:18-25, Gen. 19:1-29, Lev. 18:22 en 20:13, Rom. 1:18-32, 1 Kor. 6:9 en 1 Tim. 1:10. Daar is egter nie altyd

konsensus oor die interpretasie van hierdie tekste nie, veral in die lig van die toepaslikheid en beoordeling van homoseksualiteit in die hedendaagse konteks. Sommige meen dit verwys na homoseksueel as sodanig en dat die Bybel dus 'n duidelike negatiewe oordeel daaroor uitspreek, terwyl ander meen dat dit eerder verwys na spesifieke, perverse vorme van homoseksualiteit (verkragting, tempelprostitusie, afgodery en pedofilie) en dat hierdie tekste dus nie na homoseksualiteit as sodanig beskou kan word nie.

Noukeurige ontleding van Gen. 1:27-28 toon aan dat dit eerder gaan oor die skepping van die man en vrou in vs 27 en nie in die eerste plek oor die seksualiteit van die mens nie. Beide man en vrou is na die beeld van God geskape – die vrou is dus nie 'n minderwaardige wese nie. Vs 28, volgens navorsing, toon dat daar nie noodwendig 'n opdrag tot voortplanting of vermeerdering is nie, maar eerder dui op die toesegging van seën aan die mensdom. Indien dit as 'n opdrag beskou was, sou mense wat nooit trou nie, soos Paulus en Jesus, 'n ewig geldende ordening van God oortree. Dit sou ook die gebruik van voorbehoedmiddels, selfs in die huwelik, teen die wil van God bestempel. Daar word verder ook geensins na homoseksualiteit of heteroseksualiteit in hierdie gedeelte verwys nie en moet dus as twyfelagtig beskou word in die argument teen homoseksualiteit.

Die klem in Gen. 2:18-25 lê nie op die onderskeid tussen man en vrou nie, maar eerder op hulle gemeenskaplike menswees. Seksualiteit word in hierdie gedeelte as 'n gawe uit God se hand gesien wat bedoel is om die ellende van die mens te besweer deur die moontlikheid van intieme kameraadskap met 'n medemens te bied. Kameraadskap en wedersydse aangetrokkenheid is moontlik juis omdat hulle deel het aan 'n gemeenskaplike menswees. Hoewel daar in hierdie gedeelte onderskeid getref word tussen man en vrou as 'n veronderstelling van heteroseksualiteit, kan dit nie noodwendig as die algemeen aanvaarde norm gebruik word wat in alle situasies geld nie.

Die verhaal in Gen. 19:1-29 het nie te doen met homoseksualiteit as sodanig nie, maar eerder met die poging tot verkragting deur mans van die stad Sodom. Dit word bevestig deur die verwante verhaal in *Rigters 19* waar 'n groep mans dit nie regkry om seksuele verkeer met 'n Leviet te hê nie en dan sy byvrou op so 'n erge wyse verkrag dat sy daarvan sterf. Dit gaan dus in beide hierdie verhale oor die gruwelike skending van die oud-Oosterse gasreg wat vereis dat vreemdelinge met gasvryheid ontvang moes word. Dis verder opmerklik dat daar in die verwysings na Sodom in die res van die Bybel geen melding gemaak word van vermeende homoseksualiteit van die inwoners van die stad as oorsaak van die verwoesting daarvan nie (Eseg. 16:49-50; Jes. 1:10-17; Luk. 10:10-13; Jud. vs 7; 2 Pet 2:7).

Sommige uitleggers van Lev. 18:22 en *Lev. 20:13* wys daarop dat hierdie twee gedeeltes waarskynlik nie oor homoseksualiteit as sodanig handel nie, maar oor bepaalde tipe homoseksuele dade. Sommige meen dat die twee verse verband hou met kultiese tempelprostitusie wat algemeen in die Kanaänitiese vrugbaarheidsrituele beoefen is. Bevestiging hiervoor word gevind in die betekenis van die term *tô'evâ* wat in kultiese kontekste dui op iets wat in rituele sin uiters ongewens is omdat dit verband hou met afgodiese godsdienstige praktyke. Die term het slegs in nie-kultiese kontekste die oordragtelike betekenis van iets wat moreel of in die algemeen ongewens is.

Dieselfde term *tô'evâ* word ook in Deut. 23:18 gebruik, waar dit ook gaan oor die verbod op (homo- én heteroseksuele) tempelprostitusie. Volgens hierdie interpretasie is die saak wat in die twee Levitikus tekste afgewys word, dus nie seksuele verkeer as sodanig nie, maar seksuele verkeer in die kultiese samekoms met die oog daarop om God te manipuleer om vrugbaarheid aan die individu en die gemeenskap te skenk. Die bedoeling sou dan wees om te sê dat sulke seksuele dade, of dit nou homoseksueel of heteroseksueel is, nie tuishoort in die erediens van Israel nie.

Daar is uitleggers van Rom. 1:26-27 wat meen dat Paulus waarskynlik nie na homoseksualiteit as sodanig verwys nie, maar dat die konteks van hierdie verse waarskynlik verwys na 'n skerp veroordeling van die destydse nie-Joodse heidendom wat deur Paulus uitgebeeld word as goddeloos, ongeregtig, en as dienaars van afgode. Daar is dus 'n doelbewuste keuse teen God gemaak. Ná die veroordeling daarvan in vs 24-25, volg 'n veroordeling van algemene losbandigheid in die heidense wêreld, en daarna 'n veroordeling van spesifiek homoseksuele losbandigheid. Wat dus hier veroordeel word, is nie homoseksualiteit as sodanig nie, maar eerder die wellus van losbandigheid in die algemeen, ook in heteroseksualiteit. Mense wat hierdie soort seksuele gedrag uitgeoefen het, was dus bloot nie in ooreenstemming met die sosiale kodes en norme van die destydse Joodse same-lewing nie.

Wat 1 Kor. 6:9 en 1 Tim 1:10 betref, was daar 'n era toe aanvaar is dat die Griekse terme *malakoi* en *arsenokoitai* in dié teksgedeeltes te doen het met homoseksualiteit in die algemeen en onderskeidelik dui op die passiewe en die aktiewe partye in 'n homoseksuele verhouding. Ook in die NAV word dit as 'n algemene verwysing na homoseksualiteit geïnterpreteer en vertaal as "mense wat homoseksualiteit beoefen". Daar is vandag al meer uitleggers wat meen dat die twee terme waarskynlik nie na homoseksuele optrede in die algemeen

verwys nie, maar dat dit onderskeidelik betrekking het op mans of seuns wat hulleself seksueel laat misbruik, onder andere as manlike prostitute en persone wat jong seuns seksueel misbruik. Daar is ook persone wat meen dat die twee terme hoegenaamd niks met homoseksualiteit te doen het nie, maar as algemene terme vir seksuele losbandigheid verstaan moet word.

Hierdie bylaag het geargumenteer dat dit problematies is dat die huwelik beskou word as ’n verbintenis tussen een man en een vrou, met die logiese volgende verwagting dat kinders verwek sal word. Die probleem is die beeld van ’n gesin wat die hoeksteen geword het van die samelewing. Die bylaag het gepleit vir ’n sensitiwiteit daarvoor dat die huwelik nie altyd ’n “paradys-verskynsel” is nie, maar een wat beïnvloed word deur menslike gebrokenheid, juis in huwelike wat patriargaal, poligamies en hiërargies van aard is. Die tradisionele huwelik is ook nie die enigste vorm van ’n gesinsamestelling nie. Daar bestaan ook enkelouergesinne en gesinne van mense in selfdegeslagverhoudings. Mense in selfdegeslag-verhoudings geniet ook burgerlike en wetlike erkenning in die samelewing. Daar behoort dus ook ’n verruiming te wees in die verstaan van gesinstrukture en huwelike. Mense in selfdegeslag-verhoudings in die kerk het ook ’n behoefte om openlik in die kerk en samelewing aanvaar te word om sodanig saam te groei as gelowiges. Verpligte selibaatskap weerspreek die Christelike verstaan dat seks meer is as net die verwekking van kinders. Die kerk laat nie ruimte vir mense om buite die raamwerk van heteroseksuele verhoudings te leef nie, terwyl mense in homoseksuele verhoudings, met die uitsondering van die verwekking van kinders, aan al die tradisionele aspekte van die huwelik kan voldoen. Kinderlose egpare bewys dat die verwekking van kinders nie afbreek maak aan die huwelik nie. Die gereformeerde teologie oor seksualiteit kan van toepassing gemaak word op alle mense. Verhoudings behoort iets te wys van ’n verbintenis van liefde en trou tussen mense en moet beskou word as heilig omdat dit die verbondsliefde van God reflekteer. Mense is nie alleenlik geskape vir die verwekking van kinders nie, maar ook vir wedersydse aanvulling en kameraadskap. Mense in homoseksuele verhoudings geniet ook verlossing, net soos mense in heteroseksuele verhoudings. Die werk van die Heilige Gees, volgens Efesiërs 5, word die basis vir ’n oproep tot die heilige uitleef van verhouding, ongeag seksuele oriëntasie.

Hierdie bylaag het verder daarop gewys dat homoseksualiteit eers as ’n siekte, ’n perversie en ’n afwyking beskou is voordat dit later op grond van navorsing as ’n normale variasie op menslike seksualiteit beskou is. Die oorsprong van homoseksualiteit kan ’n kombinasie van faktore insluit, byvoorbeeld biologiese, psigiese of sosiale faktore. Die oorgrote meerderheid van kenners is dit egter eens dat, ongeag hierdie faktore, seksuele oriëntasie reeds vroeg, selfs voor geboorte, bepaal word. Sommige geleerdes meen dat homoseksualiteit aangeleerde gedrag is wat op ’n keuse berus en dus omkeerbaar is deur middel van verskeie terapieë. Daar is ook geleerdes wat hierdie perspektief afwys en veronderstel dat homoseksualiteit nie afgeleer kan word nie. Hierdie geleerdes verwys dan ook na die gebrekkige resultate van die “genesingsterapieë” wat ook negatiewe gevolge kan inhou. Gevalle waar verandering wel moontlik is, is gewoonlik waar persone op ’n seksualiteitskontinuum nie geklassifiseer kan word as uitsluitlik homoseksueel nie, maar iewers op ’n spektrum tussen homoseksualiteit en heteroseksualiteit.

Ten opsigte van sieninge in verband met God se skeppingsorde, het hierdie bylaag geargumenteer, kan ’n homo- en hetero-onderskeiding vanuit die herskeppingsdaad van Christus nie absoluut gehandhaaf word nie. Dit word eerder gerelativeer binne die eenheid in Christus. In Christus is almal een (Gal. 3:26-29).

Wanneer dit kom by sonde, is dit belangrik om te besef dat homoseksuele Christene, sowel as heteroseksuele Christene, promiskuïteit verwerp. Beide het ’n behoefte aan blywende en getroue verhoudinge wat kan lei tot lewensvervulling.

Daar was redelike eenstemmigheid in die groter taakspan dat homoseksuele persone nie op grond van hul seksuele oriëntasie as sodanig uit kerklike ampte uitgesluit behoort te word nie. Die menings het egter uiteengeloop waar dit kom by persone wat in ’n verhouding van liefde en trou met ’n lewensmaat van dieselfde geslag staan. Hierdie bylaag het geredeneer dat toelating tot die besondere ampte berus op ’n persoon se geloof in Jesus Christus, sy/haar roeping, die toepaslike gawes van die Heilige Gees, en op die hoë sedelike lewenspeil van die persoon. Hierdie selfde norme behoort te geld wanneer die geskiktheid van sowel ’n homoseksuele as ’n heteroseksuele lidmaat vir een van die besondere ampte oorweeg word. Dit is ook belangrik om te onthou dat daar volgens die gereformeerde ampsbeskouing geen prinsipiële verskil tussen die amp van gelowige en die besondere ampte is nie. Dit beteken dat daar geen hiërargie tussen ampsdraers en ook nie tussen lidmate en ampsdraers bestaan nie. Die norme wat vir lidmate geld, geld vir ampsdraers en andersom.

Die eerste bylaag het verder gemaan tot versigtigheid en sensitiwiteit wat betref die teologie wat gebruik word in die pastorale sorg aan homoseksuele persone. Daar is ’n gevaarlike teologie wat dikwels voorkom in pastorale sorg wat duisende gay lidmate van die kerk vervreem. Dominees verwys naamlik gay lidmate na onmenslike vorme van terapie soos aversie- en skokterapie. Dit is eerder belangrik om ’n ruimte te

skep waar homoseksuele persone hulle verhale kan deel. Die doel van pastorale sorg sluit immers in dat daar 'n gesonde pastorale konteks geskep word waar die gay persoon ook beskou word as onvoorwaardelike beelddraer van God. Alle persone moet die barmhartigheid van die Here kan ervaar binne die veilige ruimte van 'n gemeente. Gay persone – net soos heteroseksuele persone - moet begelei word tot groter emosionele en geestelike volwassenheid en heelheid. Respekvolle begeleiding moet gebied word aan almal met die oog op die integrasie van seksualiteit binne die hele menswees en 'n verantwoordelike lewensstyl. Sensitiwiteit, opregtheid en die vermoë om goed te luister is kardinaal, juis ook waar dit kom by gay persone, ouers van gay kinders, kinders van gay ouers en mense wat "uit die kas" wil kom. Daar moet 'n ruimte geskep word om aanvanklike emosies te kan deel, waar daar nie skuldgevoelens hoef te wees nie, waar 'n beter verstaan van homoseksualiteit verkry word, waar aanvaarding en liefde tasbaar is, waar daar met vryheid en eerlikheid gedeel kan word oor die ervaring, en waar ingeligte argumente tot verantwoordelike lewenswyses sal lei. Bemoediging, onvoorwaardelike aanvaarding en liefde moet binne hierdie ruimte teenwoordig wees.

Die eerste bylaag het riglyne geformuleer vir die hantering van homoseksualiteit in gemeentes: (i) Skep 'n veilige ruimte binne die geloofsgemeenskap waar mense van alle seksuele oriëntasies ingesluit word, selfs al het hulle verskillende standpunte, en maak die ruimte neutraal en vertroulik. (ii) Bou vertrouensverhoudings tussen medegelowiges wat deelneem deur almal hul verhale te laat deel. (iii) Raak helder oor die meningsverskille wat bestaan.

### 3.4.2 Bylaag 2: Homoseksuele gedrag is nie Bybels regverdigbaar nie

Die tweede bylaag het geargumenteer dat homoseksuele gedrag nie Bybels regverdigbaar is nie. Volgens die opstellers van hierdie bylaag blyk dit dat die Bybelskrywers wel kennis gedra het van permanente gay verhoudings tussen mans sowel as vroue. Dit is met hierdie bewussyn dat die opstellers Bybelgedeeltes oor homoseksualiteit lees. Paulus was waarskynlik bewus van sulke verhoudings. Nogtans volg hy, soos die meeste Christene van sy tyd, die Ou Testamentiese en Joodse tradisie in sy afkeur van homoseksuele gedrag, ook in permanente verhoudings. 1 Kor. 6:9 en 1 Tim. 1:10 sê onomwonde dit is verkeerd as mans bymekaar slaap. In ag genome dat daar nie 'n woord vir "homoseksualiteit" in Paulus se tyd was nie, beskryf hy dit soos hy dit in die Levitikus tekste ken. Die afkeur van homoseksualiteit in Rom. 1 word gedoen omdat dit teen God se skeppingsbedoeling is. Homoseksuele gedrag as sodanig word dus, volgens Paulus se siening, afgewys. Uit die perspektief van Jesus se bediening blyk dit dat Jesus die persone wat eenkant toe gestoot is in die samelewing met 'n inklusiewe benadering hanteer het, maar nooit hulle sonde goedgekeur het nie (Joh. 8; Luk. 19). Hoewel die Joodse tradisie teen homoseksuele gedrag was, en die Skrifgeleerdes die tradisie gevolg het, kritiseer Jesus nie die Joodse tradisie oor die kwessie nie. Die logiese afleiding is dus dat Jesus volstaan het by die tradisionele wetsvoorskrifte oor homoseksualiteit.

In Gen. 1-3 word nie na homoseksuele dade verwys nie. Menslike seksualiteit kom egter hier aan die orde. Gen. *1:27* stel dit uitdruklik dat God die mens as man en vrou geskep het. Die gebruik van die uitdrukking "man en vrou" dui op sigself nie op die potensiaal van menslike vrugbaarheid nie, maar eerder dat geslagtelikheid tot die wese van menswees behoort. Daar is net twee maniere om mens te wees, man en vrou. Alhoewel die opdrag tot voortplanting eers in vers 28 gegee word, en dan as opdrag naas die opdrag om oor die aarde te heers, is voortplanting deel van die Goddelike bedoeling vir die mensheid. Die heteroseksuele man-vrou verhouding word hier as die model geteken wat binne God se wil is. Binne die huwelikstrukstuur word seksualiteit nie net toegelaat nie, maar ook aangemoedig. Nêrens in Gen. 1-3 word daar egter enigsins ruimte gelaat vir 'n seksuele verhouding tussen twee persone van dieselfde geslag nie.

> *[Gen 2:23] does not so much as acknowledge the possibility of same-sex relationships, let alone endorse them … There can be no doubt that, for better or worse, the story affirms normative heterosexuality" (John Collins).*

Lev. 18:22 lui dat 'n man nie met 'n manspersoon mag gemeenskap hê soos 'n man met 'n vrou het nie; dit is 'n gruwel. Lev. 20:13 bevat uiters sterk uitsprake teen homoseksuele verkeer tussen mans. Hier word nie net na kultiese gebruike in heidense godsdienste verwys nie, maar wel ook na homoseksuele gedrag in die algemeen. Die voorafgaande Lev. 18:21 sê wel dat jy nie een van jou kinders mag wy aan Molek en so die Naam van jou God ontheilig nie, waaruit die afleiding soms gemaak word dat homoseksuele gedrag hier nie as sodanig afgewys word nie, maar net homoseksuele gedrag as deel van die Molek- (of 'n derglike) kultus. Dié argument is, volgens die opstellers van hierdie tweede bylaag, egter nie 'n geldige argument nie, want dit sou beteken dat die ander 29 etiese riglyne in Lev. 18, soos dat jy nie met jou suster mag geslagsgemeenskap hê nie en dat jy met geen dier mag geslagsgemeenskap hê nie, nie van toepassing is op gelowiges wat nie aan die Molek-kultus blootgestel is nie. Wat Lev. 18 wel wil sê, is dat jy moet wegbly van die Melek-kultus, anders sal die kultus jou lei tot 'n reeks seksuele oortredings wat vir Israel verbode was, waaronder homoseksuele verkeer. Daar is dus 'n verwysing na die Molek-kultus as 'n slegte voorbeeld, maar daarvan kan nie afgelei word dat seksuele gemeenskap tussen kinders en ouers, broers en susters, oupas en kleindogters, of tussen mense van die dieselfde

geslag in orde is – solank dit net nie ’n Molek-kultus konnotasie het nie. Hierdie argument word bevestig deur ’n waarskuwing in Lev. 19:29 dat ’n dogter nie toegelaat moes word om ’n prostituut te word nie, ’n teks wat waarskynlik tereg in verband met kultiese prostitusie gebring kan word. Hiermee word sekerlik nie bedoel dat ouers hulle dogter wel kon toelaat om ’n prostituut te wees, solank sy net nie ’n prostituut in die Molek-tempel sou wees nie. Daar is niks in Lev. 18:22 of 20:13 of die nabye konteks wat daarop dui dat net die kultiese praktyke van die Kanaäniete in dié tekste ter sprake kom nie. Selfs sommige geleerdes wat self positief staan teenoor selfdegeslagverhoudings van liefde en trou, erken dat seksuele verkeer tussen mans in Lev. 20:13 eenvoudig ’n seksuele taboe is. Die opstellers van hierdie bylaag het redeneer dat vaste seksuele verhoudings tussen mans nie heeltemal onbekend was in die Ou Nabye Ooste nie. In die *Gilgameš-epos* is die verhouding tussen Gilgameš en Enkidu as baie intiem beskryf. In die lig hiervan is dit opmerklik dat geen soortgelyke verhoudings in die Ou Testament beskryf word nie. Die Ou Testament ken wel intieme en liefdevolle vriendskapverhoudings, soos Dawid en Jonathan se vriendskap, maar daar is hoegenaamd geen aanduiding dat dit ’n homoseksuele verhouding was nie. Die Ou Testament vind dit nie eens nodig om lesers gerus te stel dat die vriendskap geensins homoseksueel van aard is nie. Waarskynlik omdat dit so ’n onmoontlike, ondenkbare verbintenis was. Moet die totale afwesigheid van soortgelyke verhoudings in die Ou Testament nie aan die deurwerking van die beskouinge wat ten grondslag van die verbod in *Lev 18:22* en *20:13* lê, toegeskryf word nie? Ook in die Joodse tradisie na Christus? Hoewel die Joodse tradisie bewus was van homoseksuele verbintenisse, en hoewel daar onder meer vrysinnige Joodse geleerdes sterk pleidooie is dat gay persone volle burgerregte moet geniet, is daar nie invloedryke Joodse Ou Testamentiese geleerdes wat beweer dat die Tenach, die Joodse Ou Testament, homoseksuele gedrag goedpraat nie. Die groot meerderheid van Joodse geleerdes, ongeag hulle eie standpunt oor selfdegeslag-verhoudings, is oortuig dat die skrywers van die Ou Testament nie enige subtiele simpatie met ’n homoseksuele leefstyl gehad het nie.

Wat die Nuwe Testament betref, wys die opstellers van hierdie bylaag daarop dat baie lesers van die Nuwe Testament oortuig is van twee belangrike eienskappe van Jesus se bediening. Jesus was eerstens dikwels in konflik met die Skrifgeleerdes oor die uitleg van die Wet van Moses. Baie lesers vertolk dít as ’n minder streng toepassing van die Wet. Jesus het tweedens veral uitgereik na randfigure wat deur die Joodse gemeenskap verwerp is, soos byvoorbeeld Samaritane, tollenaars en melaatses. In die lig hiervan word Jesus se uitreik na randfigure soms so verstaan dat Hy homoseksuele gedrag sou goedgekeur het. So interpreteer hulle Matt. 19:11: “Daar is mense wat nie kan trou nie omdat hulle van geboorte af so is, ander is deur mense so gemaak, en ander het self so gekies ter wille van die koninkryk van die hemel. Wie dit kan doen, laat hy dit doen.” Jesus se woorde, “ander het self so gekies” word soms geïnterpreteer as ’n sanksionering van mense wat ’n gay lewenstyl kies. Maar Jesus het soms die Wet strenger toegepas, byvoorbeeld in Matt. 5:31: “Daar is gesê: ’Elkeen wat van sy vrou skei, moes aan haar ’n skeibrief gee. Maar Ek sê vir julle: ‘Elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg ...’” In hierdie geval het Jesus, omdat mans die Wet misbruik het, die Wet se toepassing strenger gemaak. Wat betref Jesus se opmerking “ander het self so gekies” (Matt 19:11) as ’n toegewing aan gay mense om self hulle lewenstyl te kies, is die probleem dat Jesus hier nie van gay mense praat nie. In die Grieks word die woord *eunougoi* gebruik, dus word hier van mans gepraat wat nie seksuele omgang kon hê nie omdat hulle so gebore is, of omdat hulle gekastreer is, of diegene wat “ter wille van die koninkryk” vir ’n selibate lewenstyl gekies het. So ’n lewenstyl, sê Jesus, is “nie vir almal moontlik nie, net vir die aan wie dit gegee is”. Selfs al sou ’n mens die frase “omdat hulle van geboorte af so is” verstaan as ’n beskrywing van homoseksuele oriëntasie, sou die woorde beslis nie neerkom op die sanksionering van homoseksuele gedrag nie. Inteendeel, Jesus neem aan dat “diegene wat van geboorte so is”, wat dit ook al beteken, selibaat sal bly. In die Joodse kultuur is selibaatskap gering geag, en ongetroudes is dikwels bejammer. Hierteenoor sê Jesus egter ongetroude selibaatskap is ’n legitieme opsie. Hyself, en later Paulus, was selibaat.

Waarom is hierdie Bybelgedeeltes vir die opstellers van hierdie bylaag van belang, hier is dan geen verwysing na homoseksualiteit nie? Die Bybelgedeeltes is belangrik omdat hulle demonstreer hoe Jesus die Ou Testamentiese tradisie in die beoordeling van homoseksuele gedrag voortsit. Jesus se houding teenoor die Joodse wet weerlê die populêre opvatting waarvolgens die genadige en liefdevolle Jesus die harde Joodse wet opgehef het – die wet waarin homoseksuele dade verbied word.

Bylaag twee wys verder ook bepaalde argumente waarvolgens Paulus nié teen homoseksuele verhoudings was nie, af. Die eerste is dat al die homoseksuele verhoudings waarvan Paulus geweet het verwronge en perverse verhoudings was, soos “pederastie”, waar heteroseksuele mans, byvoorbeeld sommige soldate omdat hulle lang tye weg van hulle vrouens was, seuns misbruik het. As dit so was dat mense in die tyd van Paulus net bewus was van verwronge homoseksuele verhoudings, sou dit beteken dat al Paulus se skynbaar negatiewe kritiek teen homoseksuele gedrag eintlik gerig was op hierdie verwronge homoseksuele gedrag deur heteroseksuele mense – en dit sou beteken dat

Paulus eintlik nie enige kritiek sou gehad het teen gelyke dieselfde geslagsverhoudings in liefde en trou nie. Klassieke historici het egter, volgens bylaag twee, sedert die ontstaan van hierdie argument oortuigend aangetoon dat in beide die Griekse sowel as in die Romeinse kultuur permanente homoseksuele verhoudings nie alleen bekend was nie, maar met 'n redelike mate van verdraagsaamheid aanvaar is. Wanneer Paulus dus na homoseksuele verhoudings verwys, moes hy wel bewus gewees het van sulke stabiele verhoudings. Daar is klassieke historici wat meen dat die beskouing van homoseksuele gedrag in die antieke tyd nie so verskriklik anders was as ons eie situasie nie.

> *I have been considering the thesis of … Halperin and others that homosexuality is a modern category and that the Greeks did not have it. It is true that they did not have the word. And it is true that there are differences over what kinds of homosexual activity are or are not approved and why. But the speech of Aristophanes in the Symposium seems strong evidence that … it was reasonable to portray males' desire for males as psychically deep … there clearly was taken to be a class of males who had a life-long predilection for males … Greek homosexuality seems very close to our own category in fundamental ways (Thorp).*
> *Female homosexual practices took many forms, from almost violent nymphomania to bisexuality to homosexual marriage. It is possible that there was no female parallel to pederasty … From what we can tell from the available evidence, the most prevalent form of female homosexual practice involved mutually consenting women of roughly equal age (Smith).*
>
> *It is often assumed that same-gender relationships followed a stereotypical pattern and set of protocols in ancient society: in classical Greece this would take the form of pedagogical pederasty associating a man (usually before the age of marriage) and a freeborn boy, while in Rome, a merely physical relationship between an adult citizen and a young slave. The texts, however, reveal a much wider diversity of relationships in terms of both age and status ... Greek homosexual activity, despite popular misconceptions, was not restricted to man-boy pairs (Hubbard).*

Die 1983-vertaling van 1 Kor. 6:9-11 en 1 Tim. 1:10 gebruik die term "mense wat homoseksualiteit beoefen" en wys sulke gedrag summier af. Tog is daar uitleggers wat nie die uitsprake in dié twee tekste as duidelike uitsprake teen homoseksuele dade beskou nie. Hulle meen *arsenokoitai* beteken nie noodwendig "mans wat bymekaar slaap" nie, maar dat dit ook kan verwys na "mans wat rondslaap", dus losbandig leef. Die sleutelwoord *arsenokoitai* is egter 'n samestelling van *arsen* ("manlik") en *koité* ("bed" of "slaap"), soos in Luk. 11:7 of spesifiek "huweliksbed" in Heb.13:4, of selfs "ontug" in Rom. 13:13. Die voor die hand liggende vertaling is dus "mans wat bymekaar slaap" – mans wat homoseksuele seks beoefen. Die woord *arsenokoitai* is nie 'n nuutskepping van Paulus nie. Die woord was alreeds in Paulus se tyd gebruik deur Griekssprekende Jode om na homoseksuele persone te verwys. Ons weet dit omdat dit presies die woorde is waarmee Griekse vertalers die Hebreeus van Lev. 18:22 en Lev. 20:13 in Grieks vertaal het, die bekende Ou Testamentiese afwysinge van homoseksuele gedrag. Wanneer die Septuagint hier praat oor gedrag wat ongetwyfeld homoseksueel was, in Lev. 18:22 en Lev. 20:13, word die *arsen* (manlik) en *koitén* (slaap) gebruik. *Arsenokotai* beteken dus nie "mans wat rondslaap (by vroue)" nie. *Arsenokotai* verwys na mans wat bymekaar slaap, en met mekaar gemeenskap het. En dit is dieselfde woord, *arsenokotai,* wat in 1 Kor. 6:9 ("egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen"), en in 1 Tim. 1:10 ("ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen") gebruik word. Dit is dus duidelik dat *arsenokotai* nie bloot verwys na "losbandige mense" nie, maar wel na "mense wat homseksualiteit beoefen". Dít is die gedrag wat in hierdie twee briewe van Paulus verwerp word.

Selfs geleerdes wat wel pleit vir die erkenning van homoseksuele pare in verhoudings van liefde en trou as 'n geldige Christelike alternatief, betwis volgens bylaag twee nie dat Paulus met *arsenokoitai* (e nook *malakoi*) verwys na mans wat homoseksuele dade beoefen nie.

Wat Rom.1:26-27 betref, redeneer die opstellers van bylaag twee dat die argument waarvolgens Paulus hom nie hier teen homoseksule gedrag uitspreek nie, maar wel teen seksuele gedrag wat "teen hulle natuur" is, dat so 'n interpretasie nie reg kan wees nie, want Paulus maak in dieselfde paragraaf duidelik wat, na sy mening, 'n verkeerde, teen-natuurlike optrede is: "Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit". Met ander woorde, die argument dat Rom. 1 Christene oproep om te erken of hulle hetero- of homoseksueel is, en dat hulle dan hulle "natuur" moet volg deur hetero- of homoseksueel op te tree, word afgewys.

Hierdie bylaag gaan ook in op die argument wat dikwels gehoor word dat ons nie moet vra na die uitsprake van enkele tekste in die Bybel nie, maar na die gang van die Bybel. As ons dit doen, word geargumenteer, sal ons sien dat die Bybel slegs in ses of meer tekste homoseksuele gedrag afwys. Dit wys vir ons eerstens dat homoseksuele praktyke nie 'n groot en 'n ernstige saak vir die Bybelskrywers was nie, en tweedens dat as ons die enkele uitsprake lees teen die agtergrond van die groot

Bybelse boodskap dat God vir die sondige en swakke mense omgee en dat die gelowiges vir mekaar moet omgee, moet ons die gevolgtrekking maak dat homoseksuele gedrag nie ’n belangrike saak vir die Bybel was nie, en dus moet die reg of verkeerd daarvan ook nie vir ons ’n groot en belangrike saak wees nie. Wat ons eintlik behoort te doen is om eerder te kies vir die saak van die liefde en in die lig daarvan kan ons dan nie anders nie as om te sê dat ons eerder die homoseksuele persone so moet aanvaar soos hulle hulleself uitleef en nie enige liefdelose voorskrifte, gebaseer op enkele tekste, moet gee nie. So ’n argument verloor egter volgens bylaag twee uit die oog hoe ’n mens die etiese boodskap van ’n dokument of bundel dokumente soos die Bybel lees. In die lees van die bundel dokumente moet ons nie net lees wat daar geskryf staan nie, maar ook dit wat nie daar staan nie, maar wat tussen skrywers en eerste lesers as vanselfsprekend aanvaar is. Dit is veral die insigte van die kennissosiologie wat duidelik gemaak het dat by die lees van antieke dokumente dit noodsaaklik is om die gedeelde wêreldbeeld van die skrywers en eerste lesers in ag te neem, hulle uitgangspunte en hulle lewens- en wêreldbeskouinge, dit wat vir hulle vanselfsprekend was. Dit is duidelik dat vir die Bybelskrywers en eerste lesers dit vanselfsprekend was dat seksuele verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag verkeerd was. God het man en vrou gemaak om bymekaar te pas. Van ander verbintenisse het die mense van die Bybel wel geweet, maar dit is duidelik dat hulle oortuig was dat dit teen die Here se wil was. Die latere Bybelskrywers het Genesis net op een manier verstaan, naamlik dat dit God se wil was dat man en vrou ’n seksuele verbintenis sou hê. Net so ook die hele buite-Bybelse Joodse tradisie. Dit was vir die Bybelskrywers en eerste lesers ’n vanselfsprekende uitleg van Gen. 1-3. Dit was die gedeelde wêreldbeeld waarbinne die kommunikasie tussen Bybelskrywers en eerste lesers plaasgevind het. Juis omdat dit vir beide Bybelskrywers en eerste lesers so vanselfsprekend was, vind ons geen debat daaroor in die Bybel nie, ook nie eens in die Joodse rabbynse literatuur nie, wat wel ’n ruim plek vir alternatiewe opinies afgestaan het. Dit was vir skrywers van die Bybel vanselfsprekend dat dieselfde geslag seksuele verhoudings deur die Bybelse tradisie afgekeur moet word. Daaroor was daar konsensus tussen skrywers en eerste lesers. Daarom word daar nie in die Bybel ’n debat gevoer of homoseksuele gedrag en verhoudings reg is nie. Dit word aanvaar dat seksuele verbintenisse tussen mense van dieselfde geslagverkeerd is. Die kwessie word dus nie eens beredeneer word nie. Dit word gewoon aanvaar as ’n aanvaarde standpunt. Die feit dat daar ’n relatief min tekste oor homoseksuele gedrag in Bybel geskryf word, is dus nie ’n aanduiding dat die Bybel hieroor onseker was nie. Juis die teenoorgestelde: omdat dit deel was van ’n gedeelde wêreldbeeld van beide skrywers en lesers, omdat dit iets was waaroor daar eenstemmigheid was, was dit nie nodig om baie hieroor te skryf nie.

Dit alles dui volgens die opstellers van hierdie bylaag daarop dat dit verkeerd is om te meen dat die standpunt van Bybelskrywers slegs op die sogenaamde “ses homoseksualiteittekste” gegrond word. Die ses tekste verteenwoordig ’n hele Bybelse (en ook ’n nie-Bybelse Joodse) tradisie wat seksuele verhoudings van dieselfde geslag eenstemmig afgewys het.

Die opstellers van die tweede bylaag het ook gepraat oor die kommunikasie aan gay lidmate wat in ’n vaste homoseksuele verhouding staan. Hulle het die volgende gesê: (i) In ’n gesprek met gay lidmate is dit van groot belang dat twee sake duidelik en eerlik gekommunikeer word: a) Wat die kerk se riglyn oor homoseksuele gedrag is, naamlik dat permanente homoseksuele verbintenisse en huwelike nie naas die huwelik of as ’n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie, maar b) dat die kerk die integriteit aanvaar van lidmate wat hierin van die kerk se amptelike standpunt verskil en dat dit die NG Kerk se begeerte is om die lidmate wat van sy amptelike standpunt verskil, binne die gemeenskap van die gelowiges te integreer. (ii) Sonder om voorskriftelik te wil wees, meen ons dat in ’n situasie soos die volgende die leraar en kerkraad soos volg sou kon optree (elke situasie het sy eie dinamiek, wat gerespekteer moet word). (iii) Die leraar besoek die nuwe intrekkers, twee gay persone. Gedurende die eerste besoek word die kerk se afwysing van homoseksuele gedrag in ’n gespreksituasie gekommunikeer. Die ideaal sou wees dat die twee persone die kerk se standpunt aanvaar, maar indien dit nie die geval is nie, sal die leraar met respek na die reaksie luister, ook wanneer die antwoord negatief is. Die leraar sal die persone verseker dat, ten spyte van die ernstige verskille tussen hulle en die kerk se standpunt, dit die begeerte van die kerk is om hulle nie te vervreem nie, maar binne die gemeenskap van die gelowiges te integreer. Die leraar sal verneem hoe die nuwe lidmate meen dit kan geskied, en self sy/haar eie voorstelle maak, byvoorbeeld gemeentelike aktiwiteite of huisgroepe waarby die persone kan inskakel. (iv) Aan die kerkraad sal die leraar verslag doen van sy/haar besoek, en van die reaksie van die gay persone. Die kerkraad sal aangemoedig word om die persone in die gemeente te integreer en seker te maak dat hierdie lidmate nie die belewing van die gemeenskap van die heiliges en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk ontsê word nie. Intussen sal die leraar met die nuwe lidmate kontak hou.

Besoeke sal plaasvind binne die raamwerk van die vermaning om die kerklike riglyn na te volg, sonder dat dit by elke kontakgeleentheid herhaal sal word. As die gay lidmate presies weet wat die kerk se standpunt is, is dit nie nodig om die vermaning telkens te herhaal nie. (v) Die vraag ontstaan: Indien

die gay lidmate oor 'n lang tydperk nie die vermaning gehoorsaam nie – moet daar tugstappe teen hulle geneem word? Elke situasie het sy eie dinamiek, maar ons meen die volgende optrede sou aanbeveel kan word: (a) Die vermanende gesprek is alreeds 'n vorm van tug. Ons meen dat met hierdie vorm van tug voortgegaan moet word en dat die gay lidmate nie voor 'n ultimatum gestel moet word om aan die kerk se amptelike riglyn te konformeer nie. Die redes hiervoor is velerlei: Hoewel die kerk 'n duidelike standpunt oor die saak het, is ons bewus daarvan dat sommige lidmate sterk hiervan verskil – dus moet hulle standpunt gerespekteer word; Die kerk moet wag op innerlike oortuiging in die persone wat vermaan is, en in hierdie saak enige dwang om te konformeer, vermy; Daar is in die kerk teoloë en predikante wat verkondig dat gay verhoudings in liefde en trou 'n Christelike alternatief is en wat toegelaat word om dit te doen. Dit beteken dat daar oor hierdie saak nie 'n leerdwang uitgeoefen kan word nie. (b) Wat die gebruik van die nagmaal betref (in gevalle waar gay persone in homoseksuele verhouings leef), moet dieselfde riglyn gevolg word: die gay lidmate moet vermaan word, maar die finale besluit of hulle nagmaal gebruik, moet aan hulleself oorgelaat word. (vi) Die gay lidmate moet versoek word om die standpunt van die kerk te respekteer, al sou hulle nie daarmee saamstem nie. (vii) Vir solank die gay lidmate van dieselfde geslag in 'n seksuele verhouding staan, sal hulle nie tot die ampte gekies kan word nie. Hulle sal wel geleentheid kry tot dienswerk in die gemeente.

### 3.4.3 Die 2007 besluit van die Algemene Sinode: homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen ...

Die bespreking van hierdie verslag met die twee uiteenlopende bylae by die Algemene Sinode van 2007 het uiteindelik gelei tot die aanvaarding van voorstelle wat ooreengekom is deur die moderators van die samestellende sinodes en van die Algemene Sinode tydens 'n spesiale werksessie:

> *Die Algemene Sinode besluit soos volg:*
> *Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.*
>
> *Ons aanvaar die liefde van Christus as die basis waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.*
>
> *Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word ver-staan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.*
>
> *Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.*
>
> *Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterk-ste veroordeel word.*
>
> *Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.*
>
> *Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.*
>
> *Die Algemene Sinode erken die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.*

Die besluit van 2007 het dit dus duidelik gestel dat slegs homoseksuele persone wat 'n lewenstyl sonder 'n seksuele verhouding volg, gelegitimeer sal word.

### 3.5 Die vraag van gay studente wat geroepe voel om predikant te word: Die Algemene Sinode van 2013

Daar het mettertyd via die Kuratorium van die NG Kerk in Suid-Afrika druk gekom op die Algemene Sinode om verder te onderskei. Die Kuratorium het natuurlik direk in verhouding gestaan met gay studente wat geroepe voel om predikant te word en die pad van teologiese studie geloop het.

Ook in ander kerke in Suid-Afrika is gedurende hierdie tyd hieroor dieselfde spanning beleef. Dit het daartoe gelei dat die Algemene Sinode van 2013 die saak nie kon systap nie en die kerk se standpunt van 2007 is op die agenda van die sinode in Port Elizabeth geplaas.

Die 2013 Sinode het die volgende prosesvoorstel aanvaar:

> *"Die Algemene Sinode*
> *1. bevestig dat die besluit van 2007 oor homoseksualiteit geneem is na 'n deeglike eksegetiese en teologiese studie.*
> *2. gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit 'n studie te doen oor die status van selfde-*

*geslagverhoudings in die lig van die Skrif en gereformeerde tradisie*
*3. besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie.*
*4. verbind hom ook in die hantering van die saak aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid."*

Die 2013 Sinode het dus verdere studie gevra oor die status van selfdegeslagverhoudings, en besluit dat dieselfde etiese standaarde sal geld vir beide homoseksuele en heteroseksuele studente met die oog op legitimasie. Die Seisoen van Menswaardigheid moes hierin bepalend wees.

### 3.6 Die Algemene Sinode van 2015

Die Algemene Sinode van 2015 het die saak weer gedebatteer en later tydens hul vergadering 'n oop, gefasiliteerde gesprek gevoer.

Die sinode van 2015 het die gelykwaardigheid van alle mense, ongeag seksuele oriëntasie, weer bevestig. Die sinode het ook besluit dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk. Die sinode het ook besluit om – in die lig van die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie – erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou. Daar is voorsiening gemaak dat hierdie verbintenisse bevestig kan word deur predikante wat hulle weg daarvoor oopsien.

Die vorige besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes slegs predikante mag word indien hulle sonder 'n seksuele verhouding leef, is dus by die sinode van 2015 opgehef.

Die Algemene Sinode van 2015 het, in meer besonderhede, soos volg besluit:

*Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.*

*Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.*

*Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.*

*Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*

*Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.*

*Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.*

*Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.*

*Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Artikel 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dit wil sê die beste huidige menswetenskaplike bevindings.*

*Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl. 172 punt 7.4 ontvang het.*

*Die Algemene Sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.*

Die Algemene Sinode van 2015 het die besef uitgespreek dat hierdie besluit tot spanning in

gemeentes sou lei en het die reg van kerkrade bevestig om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël. Lidmate, gemeentes en kerkvergaderings is versoek om die verskille in ’n gees van Christelike liefde te hanteer en nie op te hou met ’n selfstandige soeke na hoe die boodskap van die Bybel hieroor toegepas moet word nie.

Die Sinode van Namibië het gevra dat die erkenning van die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag nie op hulle afdwingbaar moet wees nie, aangesien dit in stryd is met die landswette van Namibië.

### 3.7 Die Buitengewone Algemene Sinode van 2016

Die 2015 besluit het buitengewoon baie reaksie ontlok in gemeentes en in die openbare media. Kommentaar uit die kerk het meer as 600 bladsye beslaan. Daar was ook ’n reeks appèlle. Die ASM het besluit om ’n Buitengewone Algemene Sinode te hou om besware, appèlle, gravamina en ander voorleggings te hanteer. Hierdie sinodesitting het plaasgevind in Pretoria vroeg in November 2016.

Die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 het “herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as ’n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap (dade) buite so ’n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie, maar erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.” (punt 4.4 van die besluit)
Die sinode het gevra dat gemeentes, wat bykans almal lidmate het met diep verskillende oortuigings oor selfdegeslagverhoudings, saam soekend sal bly in ’n gees van luister en sensitiwiteit, en dat medegelowiges se opregtheid nie in twyfel getrek word nie.

Gemeentes wat ’n bepaalde standpunt hieroor ingeneem het, is ook nie onder dwang geplaas om hulle standpunt te wysig nie.
Die volledige besluit van die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 lui soos volg:

> *Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.*
>
> *Die Algemene Sinode*
> *2.1. herbevestig hul verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.*
>
> *“1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as ’n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.*
>
> *2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir ’n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam ge-lees behoort te word.”*
> *(Vgl.: Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91)*
>
> *2.2. wys die Algemene Sinode daarop dat die amptelike besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt van die Algemene Sinode is.*
>
> *Die Algemene Sinode bely*
> *3.1. dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in ’n stukkende wêreld.*
> *3.2. dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in ’n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.*
> *3.3. dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal ’n opregte begeerte is om God se wil te soek.*
> *3.4. dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.*
>
> *Die Algemene Sinode*
> *4.1. beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel dat met respek en liefde teenoor alle mense opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onsself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.*
> *4.2. roep alle lidmate en ampsdraers op om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar.*
> *4.3. vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met ’n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie*
> *4.4. herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as ’n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap buite so ’n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie*

*4.5. erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.*
*4.6. bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.*
*4.7. is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensuurde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.*
*4.8 bevestig dat Kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.*
*4.9 besluit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie.*

## 4. ADDENDUM: OPSOMMING VAN DIE NG KERK SE AMPTELIKE SKRIFBESKOUING

### 4.1 Inleidend: Algemene Sinodebesluite oor die Skrif sedert 1986

Die Nederlandse Geloofsbelydenis bely dat die Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Ons mag niks met die Goddelike Woord gelykstel nie, *want dié waarheid is bo alles* … (NGB Artikel 7).

Prof. Willie Jonker herinner in sy boek, *Die Woord as Opdrag*, dat die Bybel allermins "iets van die verlede" is. In elke eeu en in nuwe situasies is dit aktueel. Wie ernstig met die Bybel omgaan, kan nie uitgelees en uitgeluister raak nie. Dit is ons altyd voor; dit bly boeiend en verrassend.

Tog is daar verskille oor betekenis en toepassing. In 1985 skryf die Algemene Jeugkommissie bekommerd aan die Algemene Sinodale leiers dat teenstrydige uitsprake van teoloë onrus in die kerk bring en die jeug verlam. Die sinode het toe 'n proses van besinning oor die Skrif aan die gang gesit.

Die duidelikste formulering van die Algemene sinode kan gevind word in die verklaring, *Skrifgebruik en Skrifgesag.* Dit was in 2004. Hierdie verklaring is by 'n latere sinode in 2011 'n "eenvoudige en prinsipiële samevatting" van die NG Kerk se Skrifbeskouing genoem. Dit moes saamgelees word met die goedgekeurde dokumente van 1986, 1990 en 2002.

Ons sal in hierdie reeks die verklaring, *Skrifgebruik en Skrifgesag,* as vertrekpunt neem en gereeld verwys na die verslae van 1986, 1990 en 2002. Ter wille van 'n kort oorsig: Die verslag van 1986 stel die tradisioneel gereformeerde standpunt. Kerkleiers, Susterskerk-teoloë en dosente van die drie Teologiese Fakulteite het daaraan saamgewerk. Die sinode het dit aanvaar as "riglyn vir ampsdraers en lidmate".

Die verslag van 1990 is opgestel as aanvullend tot die 1986 verslag. Dit fokus op die hantering en uitleg van die Skrif en is aanvaar as "riglyn by die Skrifberoep in etiese sake".

Die verslag van 2002 verduidelik die verhouding tussen die "menslike" en "Goddelike" in die totstandkoming en gebruik van die Skrif. Aspekte soos historiese konteks, literatuursoort en die leiding van die Gees word verduidelik. Sewe oortuigings is gestel:

- *Wie die gesag van die Woord aanvaar, offer nie die Goddelike gawe van sy of haar denkvermoë op nie.*
- *Die Skrif is nie 'n bron van eksakte natuurwetenskaplike en historiese informasie nie, maar bring ons by die kennis wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus.*
- *Die hart van die boodskap van die Skrif en sake wat meer op die rand lê, kan nie van mekaar losgemaak word nie, maar ons moet die verskil in ag neem.*
- *Die gesag van elke onderdeel van die Skrif funksioneer binne die geheel van die Skrif.*
- *Die Skrif vertolk die geskiedenis wat God met die mense gemaak het en ons kom deur middel hiervan, toegerus deur die Gees, wat die eintlike Tolk is, met God in aanraking.*
- *Die gesag van die Skrif berus in die boodskap van Christus en nie in die kerk se keuse om dit as kanon te aanvaar nie. Die gesag van die Skrif hang saam met die beloftes van God, wat berus op wat God gedoen het op Goeie Vrydag en Paassondag.*

Die behoefte het steeds bestaan dat die kerk se Skrifbeskouing só verwoord sal word dat dit nie misverstand wek nie. Die Taakspan het verdere kommentaar ontvang en het toe 'n raamwerk opgestel waarbinne vanuit 'n gereformeerde verstaan verder besin kon word. Die grense van hierdie raamwerk is in 5 punte verwoord, wat deur die sinode van 2004 goedgekeur is om vir bespreking aan Ringe en gemeentes deur te gee. In kort kom die 5 punte neer op die volgende:

- *Die Bybel is die Woord van God en het daarom gesag oor ons hele lewe. Dit is betroubaar, duidelik en voldoende.*
- *Ons denkvermoë word nie uitgeskakel wanneer ons die Bybel lees nie.*

- *Die kerk soek onder leiding van die Heilige Gees as geloofsgemeenskap na dit wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie soeke geskied nie sonder verantwoordelike Skrifinterpretasie nie.*
- *Die kerk mag in elke tyd anders oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg.*
- *Ons is daartoe verbind om in gesprek te bly met mekaar en met ander, as deel van die kerk van alle eeue, om die dinge te onderskei waarop dit aankom (Fil. 1:9-10).*

Wie op soek is na die Skrifbeskouing van die NG Kerk, vind in hierdie dokumente die beleid.

Dit beteken nie dat verdere gesprek oor die Skrif oorbodig is nie. Die sinode van 2013 het byvoorbeeld 'n hele klomp leerstellige en etiese sake op die agenda gehad en toe gevra dat Atlas Bybelstudiemateriaal ontwikkel met praktiese voorbeelde wat verduidelik hoe ons die Skrif gebruik. Die Algemene Sinode het sinodes, ringe en gemeentes aangemoedig om te praat oor Atlas se stuk, *Ons Christelike Geloof en die Wetenskap*, en om benaderings met mekaar te toets. Die gesprek oor praktiese toepassing gaan dus voort.

In die temas wat in hierdie opsomming bespreek word, is die uitgangspunt dat die Lewende God self met die mense sy liefde kommunikeer. Ons lees die woorde van die Bybel luisterend; ons ontvang en ondersoek dit; ons neem dit in met noulettende beskeidenheid. Ons lees en luister met die verwagting dat God se Woord tot ons kom.

### 4.1.1 Wat bedoel ons as ons praat van God se "Woord"?

In 'n preek oor Ef. 6:18-20 sê Willie Jonker een van die dinge waarvoor Paulus altyd weer bid en waarvoor hy sy gemeentes ook vra om te bid, is die voortgang van die *Woord*. Maar wat bedoel ons as ons praat van God se Woord? Waarom sou prof. Jonker in dieselfde preek waarsku teen die moontlikheid dat 'n mens met die Bybel in die hand tog nie God se Woord spreek nie? Is daar dan 'n verskil tussen die woorde van die Bybel en die Woord?

Die Algemene Sinode het sedert 1986 doelbewus die kerk se siening van die Skrif duidelik onder woorde gebring. In die dokumente wat die Sinode sedertdien goedgekeur het, word verduidelik wat bedoel word wanneer ons praat van Gods "Woord".

Die beleidstuk, *Skrifgebruik en Skrifgesag*, verbind die term "Woord" dadelik met die eienskappe van "gesag", "betroubaarheid", "duidelikheid" en "genoegsaamheid". Die Bybel het *gesag* oor ons hele lewe omdat dit aan ons meedeel dat ons aan die Here behoort en ons roep om God te vertrou en te gehoorsaam. Die Bybel is *betroubaar* omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is. Die Bybel is *duidelik* omdat ons hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor. Die Bybel is *voldoende*, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam. Daarom is die Bybel "die waarheid bo alles" (NGB Artikel 7).

Die leiding van die Heilige Gees is, soos duidelik gestel in die Algemene Sinode se riglyn, *Skrifberoep in etiese sake*, onontbeerlik vir ons omgang met die Skrif. Ons ontdek nie die wil van God deur bloot sekere beginsels rasioneel te hanteer nie. Ons moet nou wel die betekenis van die Skrif met redelike insig onderskei, maar in die eerste plek moet ons bid dat ons oë oopgemaak sal word (Fil. 1:10; Rom. 12:2). Ons beskik nie oor die waarheid van God se Woord nie, die waarheid van God se Woord beskik oor ons.

Die sinode het in 2002 onderskei tussen die gesag *van* die Bybel en gesag *volgens* die Bybel. *Volgens* die Bybel beskik alleen God oor gesag. Niks en niemand anders mag goddelik vereer word nie. Daarom het die Reformasie die gesag *van* die Bybel baie hoog geag, maar die goddelike verering van die Bybel as boek (bibliolatrie) veroordeel.

Die gesag *van* die Bybel werk só dat die Heilige Gees deur die boodskap van die Bybel op ons beslag lê. Anders gestel: die Lewende Here maak deur sy Gees van tekste en geskrifte gebruik om die mens aan te spreek en op te roep tot vertroue. In hierdie proses vra die Gees nie van ons om op oneerlike wyse ons verstand op te offer nie. Die Gees skakel ons intuïsie, emosie en verbeelding in. Die Gees gebruik die Woord om ons te oorreed om God lief te hê. Nie met die dwang van 'n tiran nie, maar met die "sagte geweld" van die Gees.

Hierdie werk doen die Gees deur die Bybel as geheel. *Sola Scriptura* (die Skrif alleen) beteken ook *tota Scriptura* (die hele Skrif). Elke onderdeel moet in die lig van die geheel verstaan word, en die geheel moet in die lig van die onderdele verstaan word. As die Gees deur 'n enkele teks met ons praat, is dit in die lig van die Bybel as geheel.

Die bedoeling van die Bybel is ook nie om aan ons foutlose informasie te verskaf nie. Natuurlik vind ons ook informasie in die Bybel, maar die funksie van die woorde van die Bybel in die algemeen en God se Woord in die besonder, is nie om informasie deur te gee nie. Dit is om dinge te doen. As twee mense deur middel van woorde hul liefde teenoor mekaar verklaar, is dit nie om interessante informasie vir mekaar te gee nie. Die Reformatore het daarom graag na God se Woord as *belofte* verwys. God "gee ons sy Woord". Geloof is om God "op sy Woord te neem".

#### 4.1.2 Wat is dan die gesag van die belydenisskrifte?

Die belydenisskrifte dra 'n kerklike gesag in onderskeiding van die Skrif wat tot ons kom met 'n Goddelike gesag. Die belydenisskrifte is daarom in beginsel oop om hersien te word *in die lig van die Skrif*. Die belydenisskrifte verwoord hoe die kerk die Skrif verstaan het by groot kruispunte in die geskiedenis. Die Skrif bly egter die enigste norm vir die belydenis van die kerk.

#### 4.1.3 Wat verstaan ons onder die "inspirasie" van die Skrif?

In 2 Tim. 3:16 is die hele Skrif "deur God geïnspireer" en volgens 2 Petr. 1:21 is geen profesie in die Skrif ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar het mense die Woord wat van God kom, verkondig "deur die Heilige Gees meegevoer". Volgens die 1953 vertalings van hierdie tekste is die hele Skrif "deur God ingegee" en is die mense "deur die Heilige Gees gedrywe".

Maar wat beteken hierdie woorde? Dit is tog duidelik dat die Bybelskrywers nie opgehou het om mense te wees. Daar is selfs menslike "foute" in die Bybel. Die mosterdsaad is byvoorbeeld nie die kleinste van alle saad soos geskrywe staan in Mark. 4:31 nie. Die heelal is ook veel groter en anders as die drie-verdieping prentjie wat volgens die gangbare siening van die tyd in Eksodus 20:4 geteken word.

Die Algemene Sinode was sedert 1986 opnuut bewus van spanning in die kerk oor die vraag na die rol van onderskeidelik die "goddelike" en die "menslike" in die Bybel. Die formulering, *God se Woord in mensewoorde*, het sommige laat vrees dat 'n klem op die menslike karakter die gesag van die Bybel as Woord wat van God kom mag ondermyn.

Die sinode van 2004 wou verheldering bring: Niks mag met die Goddelike Woord gelykgestel word nie, *want dié waarheid is bo alles* (NGB Art 7). Dit beteken egter nie dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee nie.

Hoe werk die "inspirasie" van die Woord dan? Daar is in die verlede op verskillende maniere hieroor gedink. Volgens die *meganiese* inspirasieleer het God letterlik gedikteer en is menslikheid in die skryfproses uitgeskakel. Volgens die *organiese* leer het die Gees mense gebruik en gelei net soos hulle is, met hulle eie karakter, temperament, agtergrond en skryfstyl. Sommige sien inspirasie as die *intuïsie* van 'n godsdienstige genie wat saamval met ander vorme van begaafdheid. Volgens die *dinamiese* siening van inspirasie, speel die Heilige Gees 'n deurslaggewende rol sonder om die persoonlike individualiteit, verstand en omstandighede van die menslike getuie uit te skakel.

Die probleem met al hierdie opvattings is dat hulle 'n eenvormige siening van inspirasie voorstaan. Vanuit die Bybel self kry ons die indruk dat inspirasie op veelvormige wyse geskied. Die rol van die menslike bemiddeling is nie altyd dieselfde nie en kan wissel van heel passief tot heel aktief. Wanneer die profeet verklaar dat die Woord van die Here tot hom gekom het (Jer. 1:2) het die inspirasie 'n ander vorm aangeneem as by die medikus, Lukas, wat historiese navorsing doen (Luk. 1:1-4). Die boek Spreuke leer ons dat dit die Here is wat wysheid gee (Spreuke 2:6), maar maak nie aanspraak op 'n direkte openbaring van God nie. Paulus hou in Gal 1:11 vol dat hy die evangelie "nie van 'n mens ontvang het nie, maar in 'n openbaring van Jesus Christus", maar elders erken hy dat hy geen bevel van die Here het nie, maar dat sy "eie mening" gee, hoewel "deur die genade van die Here betroubaar" (1 Kor. 7:25). Dit is die moeite werd om op te let dat in die twee tekste wat aan die begin genoem is die "Skrifte" nie ons huidige Bybel is nie, maar eerder die Thorah en die profete, soos Israel dit in Jesus se tyd geken het. 2 Tim. 3:16 en 2 Pet. 1:21 gee vir ons die aanduiding dat die Lewende Here deur sy Gees ook en inderdaad van tekste en geskrifte (wat op verskillende wyses ontstaan het) gebruik maak om die mens aan te spreek en op te roep tot vertroue.

Die diepste geheimenis van die inspirasie sal ons nooit deurgrond nie. Die formulering, "Woord van die lewende God in mensewoorde", is 'n poging om die geheimenisvolle verhouding tussen aspekte soos historiese konteks, literatuursoort, die bedoeling van die teks self en die leiding van die Gees onder woorde te bring. 'n Mens kan sê "God se Woord wat in en deur mense se woorde hoorbaar word", is vergelykbaar met die geheimenis van die lewende Woord wat in die menslike vlees en bloed van die timmerman van Nasaret se Seun sigbaar word.

Die gesag van die Bybel lê nie in historiese feitelikheid of wetenskaplike presisie nie. God gee veel eerder vir ons in die Bybel "God se Woord" deur sy beloftes aan ons toe te sê. Hierdie Woord is egter juis gesaghebbend omdat dit nie as't ware "bo die werklikheid sweef" nie, maar juis konkreet geword het in 'n spesifieke tyd en konteks. Daarom kan dit ook vandag konkreet met ons praat.

Uiteindelik kan ons wat die Skrif betref "woorde" en "Woord" nie van mekaar losmaak nie. Deur die "inwendige getuienis van die Heilige Gees" (Calvyn) word ons van die waarheid en krag van die Woord oortuig en daarom kan ons bely dat die Bybel God se geïnspireerde Woord is.

#### 4.1.4 Die verhouding tussen kern- en randsake in die Skrif

Die Bybel is aan ons gegee "om ons wys te maak tot saligheid, sodat die mens van God volkome kan wees, volmaak toegerus vir elke goeie werk" (2 Tim.

3:16, 1953 vertaling). Die doel van die Bybel is dus nie om akkurate informasie oor die breë spektrum van kennis te verskaf nie, maar om die Lewende God se beoordeling en redding van die wêreld te vertel en te verkondig. Die Algemene Sinode beklemtoon daarom deurgaans dat die Bybel ’n “religieuse skopus of doel” het. Daarmee word nie ontken dat álles wat in die Skrif verkondig word betroubaar is nie. Die onderskeid tussen “skopus” en “periferie” beteken eerder dat alles wat in die Skrif verkondig word in verband gebring moet word met die doel waarvoor die Skrif aan ons gegee is. Daar is ’n samehang tussen die tekste van die Bybel, wat te make het met die getuienis en bekendmaking van God se liefde.

Ons hoef met ander woorde nie elke teksgedeelte in die Bybel volgens moderne rasionaliteit as waar of vals te beoordeel nie. Elke teks, elke berig, verhaal, gedig of, brief in die Bybel beantwoord aan die bedoeling van God daarmee. Die Lewende God Self gee deur sy Gees, die eintlike Outeur en Begeleier, betekenis aan die Skrifteks wanneer gelowige mense dit lees en ontvang.

As daar dus onderskei word tussen die *hart* van die boodskap van die Skrif en sake wat meer op die *rand* lê, is dit nié om dit van mekaar los te maak nie. Hart en rand kom saam as God se Woord na ons toe. Die onderskeid maak wel duidelik dat die gesag van die Skrif nie setel in geïsoleerde Skrifgedeeltes op hulle eie, los van die geheel nie.

Die kortste samevatting van die geheel van God se Woord is *Triniteit*. Ons leer ken God in die geheel van die Bybel as onskeibare Vader, Seun en Gees. ’n Mens sou kon sê die Ou Testament handel veral oor God die Vader as Skepper en Verbondsgod, die Evangelies oor God die Seun as Versoener en Verlosser, en Handelinge en die Briewe oor God die Heilige Gees as Tolk en Trooster. Elk van die dele kan egter slegs verstaan word in die lig van die geheel. En die geheel kan slegs verstaan word in die lig van die dele.

Die God van die Bybel is nie ’n afstandelike en onkenbare Godheid waaroor filosowe spekuleer nie. God is betrokke. God spreek ons aan. God luister. Die God van die Bybel as geheel is die God van Abraham, Isak en Jakob wat in die Persoon van Jesus van Nasaret en deur sy Gees tot mense kom en ons in ons menslikheid ontmoet.

Dit help om te bly by die eenvoudige stelreël van die Reformasie dat die Skrif sy eie uitlegger is. Die gesag van die Bybel word bepaal deur die Bybel self en ten diepste deur die Drie-enige God self. Ons mag dus nie alles op *biblisistiese* wyse in die Skrif gelykmaak en Skrifwoorde willekeurig en selektief, direk en sonder vertolking op mense van die hede van toepassing maak nie. Ons mag ook nie die Skrif by voorbaat aan ons eie eie moderne verstaan onderwerp nie.

Indien die doel van die Skrif is om “ons wys te maak tot saligheid”, word ons verhoed om op vernuftige wyses na geheime leringe en kreatiewe insigte oor God daarin te soek. God se doel met die Woord wat tot ons kom, is om God nuut te verstaan en ons verbeelding te transformeer in die lig van die spesiale gebeure van Jesus Christus. Ons tref hierdie verhaal aan in die “hart” of die “skopus” van die Skrif. Hierdie Woord bring ons tot nuwe ingesteldhede, nuwe gewaarwordinge, nuwe houdings en nuwe maniere om onsself, ander en die wêreld te sien en te waardeer. Soms keer dit die maniere waarop ons hieroor gedink het onderstebo. Dit is belangrik om in die geloofsgemeenskap in gesprek te bly met mekaar oor die hart van die Skrif. Die 2004 verslag van die Algemene Sinode het daarop gewys dat sommige die nodige vernuwing van byvoorbeeld ons siening van die vrou in dieselfde mandjie gooi as afwykende sienings, soos dat Jesus se kruis geen heilsbetekenis het nie en dat Hy nie opgestaan het nie. Wat ons nodig het, is verantwoordelike interpretasie wat in afhanklikheid van die Gees steeds erns maak met die hart van die Skrif as geheel.

#### 4.1.5 Hoe gemaak met die groot “gaping” tussen ons en die Skrif?

Ons hoor onder leiding van die Heilige Gees en in gemeenskap met mekaar die Skrif as God se lewende Woord. Hierdie oortuiging is helder verwoord deur die Algemene Sinode, onder andere in *Skrifgebruik en Skrifgesag (2004)*.

Dit beteken dat ons die Skrif as die Lewende God se Woord aan ons adres hoor, ontvang en daarmee omgaan in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar in die verwagting dat ons in en deur die lees en interpretasie van die Skrif die openbaring van God Self en van God se wil vir die lewe ontdek. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van verantwoordelike interpretasie van die Skrif. Ons moet in ag neem dat die Bybel ’n historiese karakter het. Dit het in spesifieke tydperke ontstaan. Daarom die voortdurende soeke na die beste metodes vir Skrifuitleg.

Dit wil nie sê dat slegs teologies geskoolde mense die Bybel se boodskap kan hoor nie. Die hele gemeente bid vir die leiding van die Heilige Gees en vir begrip en fyn aanvoeling om te kan onderskei waarop dit aankom (Fil. 1:10; Rom. 12:2). As “boek van die kerk” kan die Bybel alleen verstaan word binne die konteks van die geloofsgemeenskap. God het sy Gees nie net aan teoloë gegee nie, maar aan die kerk. Die kerk kan oordeel of hulle in die uitleg van die Bybel die Gees van die Gekruisigde en Opgestane Here hoor. ’n Lewe van afhanklikheid, gebed en bereidheid om te luister is onontbeerlik vir

die bestudering van die Bybel. Kerk en teologie het mekaar nodig en moet in gesprek bly met mekaar.

Teoloë moet die kerk onder andere deur navorsing oor die "wêreld agter die teks" help met die vertolking van die Bybelse boodskap. Ons moet onthou dat God, soos Willie Jonker dit stel in *Die Woord as Opdrag*, dit goedgedink het om in die loop van die geskiedenis aan ons bekend te word. Die Bybelse boodskap was altyd gerig aan 'n bepaalde adres: aan mense van vlees en bloed wat God se Woord vir hulle eie situasie verstaan. Alle gedeeltes van die Bybel het 'n duidelike tydsbetrokke karakter.

Daar is wel 'n groot verskil tussen tydsbetrokkenheid en tydsgebondenheid. Die Bybelboodskap is nie tydsgebonde nie. Die Sinode sê in *Skrifberoep in etiese sake (1990)* die teks is "nie opgesluit binne die konteks van destyds" nie. Die teks het wel konkreet geword in spesifieke kontekste van destyds en "sweef" dus nie "bo die werklikheid" nie. Maar die boodskap daarvan geld ook in ander tye. Ons word steeds aangespreek wanneer God deur die woorde van die apostels en die profete met ons praat.

Dit sou ook soos volg gestel kon word: Die Bybel is nie net eenkeer deur die Heilige Gees geïnspireer nie. Die Bybel bly die boek van die Heilige Gees wat nog steeds en voortdurend, waar en wanneer dit die Gees behaag, deur die Bybelwoord só tot ons spreek dat ons soos profete en apostels óók kan sê dat die Woord van die Here tot ons gekom het (Jonker).

Baie vind dit vandag moeilik om die gesag van die Bybel vir die lewe in die 21ste eeu te aanvaar. Die afstand in tyd is vir hulle net té groot en die wêrelde waarin die Bybelboeke ontstaan het is net té vreemd. Ons kan egter in gedagte hou dat mense uit verskillende tye en kulture nie totale vreemdeling vir mekaar is nie. Ons herken mekaar oor tydperke en kulture heen as medemense. Die eendersheid van mense is veel meer opvallend as hulle andersheid; ons deel in dieselfde sonde, skuld, nood en dood. Die Bybelboodskap bly aktueel vir elke tyd.

Ons moet wel rekening hou met goeie uitlegkundige reëls. Dit is nie goeie Skrifhantering om op die klank af 'n willekeurige beroep op Skriftekste te doen om jou standpunte te bewys sonder om die geheel van die Skrif en die agtergrond van die tyd en situasie waarin dit geskryf staan in ag te neem nie. Mense wat die Skrif so hanteer, maak in elk geval gewoonlik selektiewe keuses en ignoreer die res van die Bybel. Hulle gee voor dat hulle na die Skrif alleen wil luister, maar heers eintlik self oor die Skrif. Daarom verklaar die Sinode van 2002 "dat ons met God in aanraking kom deur middel van die geskiedenis wat Hy met die mense gemaak het soos deur die Skrif vertolk."

Die heel kortste samevatting van hierdie geskiedenis is die Triniteit. God daal neer tot by ons en binne ons. Alles in die Skrif draai om hierdie geskiedenis. As dit nie so was nie sou die Bybel meer verse as net ses aan koning Omri afgestaan het (1 Kon. 16:23-28). Omri was menslik gesproke een van die belangrikste konings. Israel is geken as "die land van Omri". Dit gaan egter vir die Bybelboodskap nie in die eerste plek om wat mense in die geskiedenis gedoen het of wat ons moet doen nie, maar om wat God vir ons doen.

Die Skrif is getuienis "oor die groot dinge wat God gedoen het" (Hand 2:11). Omdat ons God so ken, kan ons leef met 'n hoopvolle verwagting.

*4.1.6 Hoe gebruik ons die Bybel vir etiek?*

Die Algemene Sinode het in 1986 'n duidelike gemeenskaplike Skrifbeskouing aanvaar. Dosente van die drie teologiese fakulteite is vooraf geraadpleeg en die verslag is met instemming aanvaar. Dieselfde sinode het egter gevra dat verder gedink moet word oor "die Skrifberoep in etiese sake". 'n Gemeenskaplike Skrifbeskouing lei naamlik nie vanselfsprekend tot 'n gemeenskaplike Skrifuitleg nie. Lidmate van dieselfde kerk het toenemend oor morele kwessies totaal verskillende standpunte ingeneem. En dít skynbaar met 'n beroep op dieselfde Bybel.

Die sinode het nie 'n kortpad probeer soek uit hierdie vasgelooptheid nie, maar 'n raamwerk ontwikkel waarbinne verbeeldingryk en gelowig met etiese probleme omgegaan kon word: Lees tekste binne hul breër verband en in die lig van die sentrale boodskap in die Bybel; onderskei tussen algemene en kultuurspesifieke norme in die Skrif; plaas die eietydse vraagstuk in die lig van die algemene motiewe van die Bybelboodskap; maak seker of die Skrif self 'n bepaalde norm as algemeen geldend beskou; hou aan met die onderskeiding al is dit nie eenvoudig nie; Bid om die leiding van die Gees.

Hierdie raamwerk veronderstel dat wie God se wil uit die Skrif wil verneem, moet nie net 'n beroep op die Skrif doen nie, maar 'n "verantwoorde beroep". Die verstaan van die Bybel moet met ander woorde ten volle rekening hou met wat die hele Bybel wil sê. Tekste moet verstaan word in die lig van die verband waarin dit staan in die Bybel as geheel. Interpretasie geskied teen die agtergrond van die sentrale boodskap van die verlossing in Christus en die koms van God se koninkryk. Tekste kan dus nie "op die klank af" na willekeur aangehaal word om eie standpunte te ondersteun nie.

Die Reformatore was eintlik reeds goed bewus hiervan. Hulle kon byvoorbeeld onderskei tussen morele, seremoniële en burgerlike wette in die Ou Testament en kon genuanseerd dink oor wat wél en wat nié meer op ons van toepassing is nie. Ons is byvoorbeeld nie meer verplig om diere te offer of om

presiese tiendes te gee nie, maar ons is wel verplig om onsself tot 'n lewende offer aan God te wy en ook na ons vermoë by te dra vir die verkondiging van die evangelie en die instandhouding van die erediens.

Daar is 'n verskil tussen God se algemene gebod en die konkrete, tydsgebonde toepassing daarvan. Ons moet hierdie verskil eerbiedig. Die gebooie van die Skrif het blywende betekenis vir die kerk van alle tye. Maar ons moet kan raaksien wanneer wetgewing byvoorbeeld kultuurspesifiek was. In Bybelse tye het die mense geleef in voor-industriële kulture. Verhoudinge was toe baie anders as wat dit vandag is in tegnies-gevorderde kulture. Hoe meer gekompliseerd die kultuur word waarin die kerk leef, hoe minder reglynig kan die "Skrifberoep in etiese sake" ook gedoen word. Daar is baie dinge in ons leefwêreld waaroor die Skrif nie 'n duidelike uitspraak lewer nie. Soms het kwessies in ons tyd vorme en afmetinge aangeneem wat nie binne die visier van die Bybelskrywers geval het nie. Oorlog is 'n goeie voorbeeld. Ook die moderne ekonomiese problematiek, die wetenskap, politiek, staat, huwelik en gesin.

Die Skrif was oorspronklik gerig aan mense in 'n ander kulturele situasie as ons. Gehoorsaamheid aan die Skrif beteken nie dat ons vanuit ons eie tyd moet terugkeer na die kultuurfase van die mense in die tyd van die Bybel nie. Dit beteken wel dat ons ons deur die Skrif laat leer wat die wil van God vir die lewe in alle kulturele fases is.

Die Bybel bevat dus nie 'n voorskrif oor elke moontlike saak wat in ons moderne wêreld mag opduik nie. Die Bybel bied wel leidende motiewe, algemene gesigspunte, teologiese koördinate, vaste bakens in die see waaraan ons onsself kan oriënteer.

Onder hierdie algemene riglyne is daar die dubbelgebod van die liefde en die Tien Gebooie met die verdieping daarvan in die Bergrede. Daar is die normatiewe gesigspunte wat gegee is met die skepping, en daar is die lig wat val vanuit die herskepping in Christus, met die eis van selfverloëning en kruisdra. Daar is die apostoliese vermaninge en die beskrywing van die vrug van die Gees. So kan 'n mens voortgaan. Die totale boodskap van die Skrif het 'n sedelike kant met normatiewe betekenis. Al vind ons nie voorskrifte oor elke moontlike moderne saak nie, word ons tog wel op 'n ryke wyse ingelig oor die wil van God vir ons hele lewe. Ons moet ook in die geloofsgemeenskap onderskeidend luister na die insette van kundiges en wetenskaplik-geskooldes uit verskillende dissiplines, sodat dit presies duidelik kan wees waaroor 'n vraagstelling gaan.

Hoe ingewikkeld ons probleme ook al is – wanneer ons, soos die Sinode van 2011 oortuig was, in gesprek met mekaar daaroor bly en bid dat ons liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling om die dinge te onderskei waarop dit werklik aankom (Fil. 1:9-10), sal ons in die lig van die Skrif die rigting kan peil waarin ons die oplossing moet soek.

## B1 – SINODALE DIENSGROEP VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID (SKDB)

DIACONIA
Gee van jouself

**Bestaande uit die taakspanne:**
**Diens van barmhartigheid (Diaconia), Badisa, Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM) en Nasionale instituut vir Dowes (NID)**

## 1.1 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID

---

### 1. INLEIDING

Die Sinodale Diensgroep vir Diens van Barmhartigheid funksioneer as ’n eenheidsbediening met die VGK onder die naam ‘Diensgroep Diaconia’ (Reglement 35b). Met barmhartigheid en geregtigheid as hoekstene van hierdie diensgroep se werksaamhede, is Diaconia ideaal geposisioneer om ’n belangrike rol te speel in die missionale transformasieprosesse van die kerk. Die uitdaging is nou, nog meer as ooit tevore, om van goed geformuleerde teologiese standpunte oor barmhartigheid en geregtigheid te beweeg na ’n besliste *praxis* (teorie plus praktyk) wat sistemies en volhoubare transformasie meebring. Dieselfde geld vir aktes van oprigting en reglementêre bepalings wat die kerk se betrokkenheid by ’n verskeidenheid van dienste aandui, maar waar verhoudings in praktyk uitmekaar gedryf het, selfs tot die punt van fragmentasie en stagnasie.

Daar is geen twyfel dat die volle omvang van sosiale nood en onrusbarende ekonomiese werklikhede in ons Suid-Afrikaanse konteks die kerk binne alle verbande met die grootste erns oproep tot daadwerklike missionale betrokkenheid nie. Sedert 2015 ontvang die moderamen deurlopend verslag van omstandighede in ons land wat verder bydra tot hierdie sosiale nood en dit blyk duidelik dat daar nuut gedink moet word oor die aard van barmhartigheid en kerklike betrokkenheid. Die voortslepende droogte, kritiese waterskaarste en verwoestende brande is voorbeelde van kontekste wat die kerk in ootmoed op ons knieë en geloofsonderskeidend, innoverend voor die tekenbord het oor die gestaltes van barmhartigheid wat ingeneem moet en kan word. Met betrekking tot nie-regeringsorganisasies waar die meeste van die kerk se vennootskappe (bv. Badisa, NID, GHBM) funksioneer, raak die stryd om hulpbronne al hoe feller. Daarmee saam ontstaan die vraag of en hoe die kerk ’n instaatstellende rol kan speel om oorlewing van hierdie spesialiteitsdienste te help verseker. Dit het duidelik geword dat ’n beweging in die rigting van konsolidasie noodsaaklik is. ’n Verdigting van verhoudings van waaruit die kerk binne verband met alle betrokke diensorganisasies hoop kan bring in die lewens van stukkende mense en stukkende gemeenskappe. Hierdie gebrokenheid begin by onsself: die kerk maak foute en sal sekerlik nog baie foute maak, maar barmhartigheid sluit ook genade vir onsself in en die vrymoedige oortuiging om weer te probeer, tot God se eer.

Dit blyk dat die vestiging van ’n voltydse PSD-pos sedert 2014 wenslik is, veral ten opsigte van die uitvoering van spesifieke opdragte wat die fokus op vroeëkindontwikkeling as sistemiese intervensie in armoede en ongelykheid behels. Hierdie fokus het in werklikheid ’n beste-praktyk eksperiment geraak met veel wyer impak in die rol wat die diensgroep in die groter sisteem speel.

### 2. OPDRAG

#### 2.1 Reglementêre taak en opdrag

Die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid werk binne die eenheidsbediening as Diensgroep Diaconia vanuit die teologiese beginsel *Missio Dei* en is verbind daartoe om missionale diakonaat in gemeentes en ringe te bevorder. Hierdie proses sluit die ontwikkeling van strategie, wat samewerking met en ondersteuning van Badisa bevorder, in.

### 2.2 Opdrag ten opsigte van sinodale fokusarea

Die diensgroep het ’n opdrag om ’n strategie te ontwikkel en operasioneel te implementeer ten opsigte van vroeëkindontwikkeling as sistemiese intervensie in armoede en ongelykheid.

### 2.3 Spesifieke opdragte aan die diensgroep

Die diensgroep het ’n opdrag:

- om nood- en ramphulp te koördineer;
- om die netwerke vir hospitaalpastoraat sowel as pastorale terapie te ontwikkel;
- ten opsigte van eiendomsbestuur van SKDB-eiendomme;
- ten opsigte van die bestuur van bepaalde testamentêre bemakings en reserwefondse.

## 3. WERKSAAMHEDE

Die dagbestuur van Diaconia bestaan uit ds. D de Wet (Voorsitter), ds. G Haupt (VGK), ds. F Gerber (Voorsitter: SKDB), ds. S Esterhuizen (PSD: VGK), ds. N Venter (PSD: NGK), ds. X Mhobo, ds. C Crowley (VGK), ds. P Oktober (VGK), ds. A O’Kennedy (NGK), ds. L Büchner (NGK), ds. C Peterson (VGK) en me. C Quickfall (Badisa). Die dagbestuur het twee taakspanne, te wete die Taakspan Gemeentediakonaat en die Taakspan MIV/Vigs.

### 3.1 Belyning van werksaamhede met Badisa

Daar is reeds vir ’n aantal jare behoefte aan meer effektiewe belyning en sinergie van gemeentediakonaat en die professionele maatskaplike dienste van Badisa. Hoewel hierdie samewerking reglementêr voorgeskryf is, het die praktyk oor jare eerder op verwydering gedui. Dié behoefte aan nouer samewerking leef trouens regdeur die kerk waar daar verbande bestaan met kerklike maatskaplike diensorganisasies en is nie uniek in die Wes-Kaap nie. Die nood in ons land roep die hardste na hierdie verdigting van verhoudings, wat meer effektiewe betrokkenheid kan verseker.

Aan die hand van die onderstaande model is goeie en meetbare vordering gemaak om van fragmentasie en stagnasie te beweeg na optimalisering en integrasie. Anders gestel: die gemeente en Badisa is verlengstukke van mekaar om meer effektiewe gestaltes van barmhartigheid in die uitlewing van ons missionale roeping te bewerkstellig en daar kan verslag gedoen word van hierdie vordering.

OPTIMALISERING

FRAGMENTASIE — INTEGRASIE

STAGNERING

#### 3.1.1 ’n Eenstop-diens vir vroeëkindontwikkeling

Badisa lewer die volle spektrum van kinderbeskermingsdienste, wat onder andere vroeëkindontwikkeling (VKO) insluit. Veral bewusmaking en vroeë intervensieprogramme, asook die registrasie en regulering van VKO-sentrums val binne Badisa se omvang van dienslewering. Gelyklopend met Badisa se program georiënteerde benadering tot VKO het Diaconia in 2016 met ’n gemeente-georiënteerde inisiatief begin. Die diensgroep het in vennootskap met SmartStart ’n sosiale konsessiemodel gevolg waaroor later meer volledig verslag gedoen sal word. Die diensgroep het ook ander vennootskappe gesluit, waaronder met Abax Investment, die DG Murray Trust, die Louis 57 Foundation, die Do More Foundation, Cape Town Embrace en Nal’ibali. Sekere van hierdie vennootskappe het bygedra tot programontwikkeling en ander tot finansieringsmoontlikhede waarby gemeentes kan baat by die implementering van programme.


In 2017 het gesprekke begin om VKO-dienslewering tussen Diaconia en Badisa te belyn. Die model wat aanvanklik vir hierdie gesprekke gebruik is, is die Nasionale Departement van Maatskaplike Dienste se ‘Integrated Social Delivery Model’ (ISDM) wat vier vlakke van intervensie onderskei, naamlik bewusmaking, vroeë intervensie, statutêre intervensie en herintegrasie. Dit het spoedig geblyk dat Badisa se afhanklikheid van staatsfinansiering oor tyd tot gevolg gehad het dat statutêre intervensie voorkeur geniet in hul aanbod ten opsigte van kinderbeskermingsdienste, aangesien hierdie dienste deur die staat geprioritiseer word. Dit word beskou as een van die redes vir die gevoel van verwydering met gemeentes. Dit moet ook in gedagte gehou word dat statutêre werk hoogs vertroulik en professioneel gespesialiseerd is. Raakvlakke bestaan egter op die eerste twee vlakke van intervensie, naamlik bewusmaking en vroeë intervensie en dit is hier waar die potensiaal tot groter sinergie lê.

In September 2018 doen Diaconia by die moderamen verslag oor vordering wat gemaak is in die vestiging van 'n eenstopdiens vir VKO tussen Diaconia en Badisa. In Januarie 2019 stel die nuutgevestigde eenheid 'n projekbestuurder aan. Die nuutgevestigde eenheid funksioneer onder strategiese leiding (opdrag) van 'n gedeelde bestuurspan tussen Badisa en Diaconia. Die kerk kapitaliseer op die organisatoriese sterkte van Badisa en plaas funksionele bestuur onder die Direkteur: Maatskaplike Dienste van Badisa. Die ontwikkeling van die produkaanbod is onderweg en word binnekort bekendgestel, alhoewel dit in die praktyk reeds op verskeie plekke funksionerend is.

### 3.1.2 Gemeenskapsprosesse

Om gemeente-diakonale en professionele maatskaplike dienste in gemeenskappe in lyn te bring vereis 'n verskeidenheid van barmhartigheidsfokusse. Dit help om die areas van Badisa se dienslewering te identifiseer en dan aansluiting van gemeentediakonaat en andersom deur hierdie lens te beskou. Neem in ag dat die 724 036 (2018 statistiek) kliënte wat deur Badisa bereik word, integraal deel vorm van die gemeenskappe waar ons gemeentes geplaas is en funksioneer:

Kinder- en Gesinsorgdienste en Bejaardesorg is die pilare van Badisa se diensaanbod. Dwarsleggende kwessies wat beide van hierdie fokusse kan beïnvloed, is gestremdesorg en middelafhanklikheid. 'n Ontleding van die uitdagings wat gemeentes beleef, toon sterk aansluiting by elkeen van hierdie areas. Wanneer daar risiko's ontstaan binne Badisa-programme (byvoorbeeld volhoubaarheid, finansiële druk, bestuursuitdagings) het dit 'n onmiddellike en direkte effek op die funksionering van gemeentes in dieselfde gemeenskap. Die teendeel is ook waar: wanneer gemeentes uitgedaag word binne enige van hierdie areas en Badisa kan hulle dalk vanweë kapasiteit of werksverdeling nie onmiddellik help nie, veroorsaak dit spanning en het dit 'n onmiddellike effek op die gemeente se diakonale betrokkenheid. Ander realiteite soos werkloosheid, armoede, geweld, misdaad en siekte is vanuit beide Badisa en die gemeente se perspektief veranker in al hierdie bedieningsareas.




Verskeie fasiliteringsprosesse is in die verslagperiode gedoen om gemeentes en Badisa se gesamentlike kapasiteit te help ontsluit, gesamentlike visie te bevorder en kollektiewe pogings tot probleemoplossing te vind. Die een groot uitdaging bly om missionaal oor 'n gemeenskap te dink en te waak teen 'n verbruikersmentaliteit waar die gemeente of Badisa in betrokke gemeenskappe na mekaar kyk as 'n verskaffer, eerder as 'n missionale vennoot.

## 3.2 Die volhoubaarheid van Badisa se dienslewering

Aangesien Badisa die kerk se voorkeuragent vir maatskaplike dienslewering is, raak uitdagings wat in Badisa beleef word, die kerk ook direk. Badisa het reeds in 2013 'n strategiese herposisioneringsproses (Program Arend) inisieer, wat sedert 2018 verdiep het met die volgende onderliggende beginsels:

- Progressiewe vordering vanaf oorlewing na florering, met die fokus op verhoging van die organisasie se impak op die samelewing. Daar word deurlopend fokus geplaas op die dienslewering-/strategiese vennootskapstatus van Badisa, wat al gaandeweg ons bedingingsmag en met primêre rolspelers positief beïnvloed (*engaging from a position of strength)*
- Verstewig en moderniseer die organisasie, gebaseer op ons sterkpunte, byvoorbeeld professionele kundigheid, verspreiding van dienste in veral die Wes-Kaap (organisasie se voetspoor), aanpasbaarheid, kwaliteit dienslewering, sowel as goeie bestuurspraktyke.
- Ondersoek en kapitaliseer op die mag van betekenisvolle vennootskappe: ekstern met die kerk, staat en besighede, en intern horisontaal (tussen die verskillende Badisa programme en vertikaal- die Bestuurspan verhouding met programme en fokus op instaatstelling).

- Versterk/moderniseer die Badisa diensaanbod vir relevansie en toepaslikheid, aangesien volhoubaarheid essensieel afhanklik is hiervan. So byvoorbeeld word ’n bejaardesorgstrategie tans ontwerp om voorsiening te maak vir veranderende behoeftes van hierdie kliëntegroep.
- Konsolidering van die verskillende dienste van die Badisa groep met die oog daarop om die huidige fokus op hoofsaaklik statutêre dienste uit te brei na bewusmaking en vroeë intervensie.
- Skep van ’n instaatstellende omgewing (middele en vermoëns) waarbinne menslike hulpbronne (personeel, beheerrade, vrywilligers) kan floreer, soos byvoorbeeld, geteikende opleiding, talentbestuur, Inligting, Kommunikasie en Tegnologie (*ICT).*
- Prestasiebestuur, sodat realistiese doelwitte stelselmatig oor tyd gestel, geïmplementeer, gemoniteer en aangepas kan word.
- Deurlopende opdatering, aanpassing en konsolidering van beleid, praktyke en sisteme om goeie bestuurspraktyke te optimaliseer: retensie van professionele personeel deur middel van ’n diensaanbod wat meer bied as slegs kompeterende salarisse; modernisering en bemarking van die organisasie om kundige beheerraadslede, vrywilligers en donateurs te lok; interne en eksterne kommunikasiesisteme om die Badisa *franchise* uit te bou, ens.

Finansiële volhoubaarheid van die organisasie is voortdurend onder druk. Die Suid-Afrikaanse makro-ekonomiese aanwysers en gevolglike druk op die fiskus lei noodwendig tot aangepaste finansieringsprioriteite van die staat. Tans bestaan 28% van Badisa se inkomste uit staatsubsidie. Die tabel hieronder dui inkomstebronne aan. Die volledige realiteit impliseer innovering en kreatiwiteit wat betref Badisa se inkomstestrome, byvoorbeeld sosiale innovasie, ontginning van strategiese finansieringsvennootskappe, kreatiewe aanwending (en heel waarskynlik konsolidering) van hulpbronne.

| Losies en Huur | Staatsubsidie | Donasies, bemakings en fonds-insamelings | Spesiale program-inkomste | Beleggings-inkomste | Ander | Bydraes NGK en VGK |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 47% | 28% | 16% | 3% | 3% | 2% | 1% |

### 3.3 “Elke kind in Suid-Afrika is óns kind”: VKO as fokusarea van die sinode

Die diensgroep het in 2015 begin met die fokus op vroeëkindontwikkelingsisteme en om vennootskappe in plek te stel wat gemeentes sal help om op ’n konstruktiewe en kollektiewe wyse by armoedeverligting in Suid-Afrika betrokke te raak. Die VKO-eenheid met Badisa en die talle vennootskappe wat reeds genoem is, is uitvloeisels van hierdie proses. Afgesien van strategie en sisteme vir die sinode self, beklemtoon die diensgroep die belangrikheid van kollektiewe aksie in ons land en moedig VKO-betrokkenheid in lyn met die momentum en algemene benadering tot sosiale bewegings aan. Dit beteken onder andere dat daar nie noodwendig net een VKO-resep is wat vir almal hoef te werk nie, maar dat toegang tot VKO-programme van goeie gehalte, bekostigbaarheid en volboubaarheid as beginselriglyn van uiterste belang is. Dit is ook belangrik om sistematies te werk in terme van hoë risiko gebiede en te verseker dat ons prioriteitsgewys eerste by die grootste nood moet uitkom.

Om gemeentes te help, het die diensgroep wel verskeie vennootskappe gevestig waartoe gemeentes toegang het indien hulle daarvan gebruik wil maak.

#### 3.3.1 Die vennootskap met SmartStart

Ten opsigte van Diaconia se aanvanklike ooreenkoms (sonder Badisa) met SmartStart is noemenswaardige vordering gemaak.

Die tabel hieronder dui die vordering aan:

| | |
|---|---|
| Aantal speelgroepe gevestig teen Junie 2019 | 262 |
| Aantal kinders ingeskakel wat voorheen geen toegang tot VKO-programme gehad het nie | 1 811 |
| Aantal gemeentes/gemeenskappe direk betrokke | 14 |

Regdeur die SmartStart-netwerk ervaar konsessiehouers uitdagings rondom geaktiveerde groepe wat na ’n sekere periode die netwerk verlaat. Hierdie retensiesyfer word deur verskillende faktore bepaal. Diaconia se huidige statistiek dui daarop dat 57% van die groepe wat begin praktiseer het, steeds aktief is. Faktore wat in Diaconia se geval positief hiertoe bydra, is aktiewe gemeentebetrokkenheid en -ondersteuning asook vestigingstoelaes *(stipends)* totdat praktisyns by die staatgesubsidieerde werkprogramme kan inskakel. Die toewyding van en persoonlike kontak met klubbegeleiers wat op hulle beurt weer sterk ondersteun en gelei word

deur die SmartStart-span speel 'n rol, so ook die ondersteuning van plaaslike leraars en vrywilligers op gemeentevlak. Ons leer deurentyd lesse en maak aanpassings om hierdie prestasie voortdurend te verbeter.

Afgesien van die implementering van die model kan die ontwikkeling van 'n bedieningstrategie in ooreenstemming met die SmartStart-model as unieke kerklike toevoeging dien. Met die oog op hierdie ontwikkeling is die diensgroep verteenwoordig by 'n gesamentlike navorsingsgroep van die Universiteit van Stellenbosch en Common Good, wat in 2018 navorsing gedoen het oor die eerste 1 000 dae. Soortgelyke navorsingsprojekte word in 2019 onderneem.

Dit is met die ontwikkeling van 'n bedieningstrategie dat vroeëkindontwikkeling as uitdrukking van barmhartigheid 'n platform bied waarop 'n nuwe benadering tot missionaliteit ontdek kan word. VKO-projekte spreek eerstens 'n behoefte vir kwaliteit voorskoolse ontwikkelingsgeleenthede aan, maar het dan ook die potensiaal om toegang tot 'n gemeenskap, nuwe verhoudings en selfs nuwe geloofsgemeenskappe te bied. Die impak van uitreik en gemeenskapsontwikkeling kan nie alleenlik gemeet word teen die aantal speelgroepe en kinders wat bereik word nie. Die speelgroepfasiliteerders, die ouers en talle ander netwerke rondom hierdie groepe word bereik deur die kerk se betrokkenheid by kinders. Waar gemeentes die moontlikhede van hierdie missionale geleenthede aktief begin ontgin het, word ook die grootste sukses ten opsigte van die implementering van die model gevind! Dit bewys dat die kerk as deel van 'n groter sosiale dienstenetwerk 'n uiters waardevolle en unieke bydrae kan lewer tot die florering van individue, gemeenskappe en 'n beter Suid-Afrika vir almal.

Diaconia het sedert 2016 jaarliks een miljoen rand bygedra tot die vestiging van SmartStart-groepe. Hierdie geld is meestal beskikbaar gemaak as toelaes vir fasiliteerders wat opgelei is en aktief groepe bedryf. SmartStart-groepe is geskoei op 'n model van volhoubaarheid en daarom moet hulle ouerfooie hef. Die inskakeling van hierdie groepe by CWP (Community Works Program) ten einde toegang tot 'n maandelikse toelaag te ontvang, is 'n groot prioriteit. Dié groepe is mikro-besighede en Diaconia se aanvanklike toelaag het mense die geleentheid gegee om 'n besigheid, wat nou as sodanig funksioneer, te help vestig.

### 3.3.2 Die vennootskap met Nal'ibali

Een van die suksesverhale van vennootskappe met die oog op gemeenskapstransformasie en VKO, is die vennootskap wat Diaconia met Nal'ibali gevestig het. Die vennootskap het verkennend in 2017 begin, maar momentum in 2018/2019 gekry toe die DG Murray Trust bygedra het tot 'n toegewyde Nal'ibali spanlid om direk in Diaconia se span te werk. Die tabel hieronder doen verslag oor die omvang van die vennootskap:

| Werklike getal leesgroepe op 31/01/2019 | Geprojekteerde getal leesgroepe op 01/06/2019 | Getal gemeentes / gemeenskappe betrokke op 31/01/2019 | Werklike getal kinders aktief ingeskakel by leesgroepe op 31/01/2019 | Geprojekteerde getal kinders ingeskakel by leesgroepe op 01/06/2019 | Geprojekteerde getal gemeentes / gemeenskappe betrokke op 01/06/2019 |
|---|---|---|---|---|---|
| 159 | 239 | 21 | 1 914 | 2 714 | 28 |

Proporsioneel was Diaconia een van die mees effektiewe vennootskappe in Nal'ibali se 2018-verslag, tot die mate dat Nal'ibali pas 'n spesiale ondersoekspan saamgestel het om die potensiaal van 'n geloofsgebaseerde benaderingsmodel te ondersoek.

In vennootskap met Abax Investments het Diaconia R250 000 as saaigeld beskikbaar gemaak vir die vestiging en instandhouding van leesgroepe in gemeenskappe. Hierdie geld word in geheel as bedieningsgeld aan gemeentes beskikbaar gemaak, wat dit dan op hulle beurt tot uitbreiding van leesgroepe gebruik.

## 3.4 Strategie vir rampondersteuning

Voortslepende droogtetoestande, kritieke waterskaarste en verwoestende brande het ons land en ons sinodale gebied die afgelope vier jaar geteister. Na die Suid-Kaap brande in 2017 gee die moderamen opdrag dat die diensgroep 'n strategie ontwikkel vir gemeentediakonaat tydens rampe. 'n Teologies gefundeerde, teoreties onderlegde en praktykgerigte strategie is geskryf (aangeheg as bylaag). Die daaropvolgende Dag Zero-toestand in die Kaapse Metropool en die impak en realiteite van die droogte het daartoe bygedra dat hierdie strategie steeds verfyn word in bedieningsplanne en protokol wat gemeentes tydens rampgebeure kan volg.

In 2018 het die diensgroep een miljoen rand beskikbaar gemaak en gemeentes uitgedaag om, met 'n bydrae van R20 000 uit hierdie fonds, omgee-uitreike in hul plaaslike gemeenskap te onderneem. In hierdie geval was dit nie geld wat finansiële uitdagings die hoof kon bied nie, maar 'n diep delf in die boodskap van hoop self om met

kreatiwiteit en verbeelding die spreekwoordelike vissies en broodjies te vermeerder in betekenisvolle aksies van ondersteuning en bemoediging. Die getuienisse van 40 gemeentes (waarvan agt VGK gemeentes is) se omgee-uitreike is uiters bemoedigend.

Intussen het die diensgroep ’n aktiewe vennootskap met die ekumeniese rampondersteuningsgroep RESPOND gesluit en kon gemeentes as deel van hierdie netwerk uitreik na onder andere Wupperthal, Vrygrond en Khayelitsha. Ander verhoudings wat melding verdien, is die Reformed Church in Japan (RCJ) se uitreik na Diaconia sedert die 2017 brande, gedurende die waterkrisis en tydens die droogte. Bydraes wat van RCJ ontvang is, het ’n Griekwa-nedersetting in Plettenbergbaai help herbou, gehelp met die opsit van watertenks in Fraserburg en Ysterplaat en bygedra tot ondersteuning aan Wupperthal.

### 3.5 Taakspan Gemeentediakonaat

Die taakspan dien as ’n netwerk-van-netwerke om dienste en ondersteuning aan gemeentes te lewer tydens die ontwikkeling van hul eie diakonale aktiwiteite.

### 3.6 HospiVision

Die diensgroep het ’n ooreenkoms met HospiVision waarvolgens R450 000 per jaar beskikbaar gemaak word vir die daarstelling van pastorale dienste in Tygerberg Hospitaal, Karl Bremer Hospitaal en toegang tot Rooi Kruis Kinderhospitaal. HospiVision het ’n verskeidenheid pastorale kursusse waarvoor gemeentes kan inskryf en ontvang ook teologiese studente vir praktiese opleiding. Dit is belangrik dat plattelandse gemeentes kennis neem van HospiVision, aangesien hospitaalbesoeke versoek kan word as dit nie prakties moontlik is vir die leraar om by sy of haar lidmate en/of hul gesinne besoek af te lê tydens hospitalisasie in een van die genoemde hospitale nie. Die diensgroep gee ook erkenning en spreek waardering uit vir die rol wat Weltevrede Akkommodasie speel in die huisvesting van lidmate wat hospitale in die stedelike omgewing moet besoek. Die diensgroep het in 2018 die vergoeding van een van die Xhosa-sprekende pastorale werkers in Tygerberg Hospitaal oorgeneem nadat ’n gemeente nie meer daarvoor kon instaan nie.

### 3.7 MyHulp

Die webblad www.myhulp.co.za is ’n databasis van diensverskaffers en hulpbronne tot beskikking van gemeentes met die oog op die pastorale versorging en geestesgesondheid van persone. Die databasis word gereeld opdateer en het ook ’n interaktiewe opsie waar ’n individu kan vra om na gepaste dienste verwys te word.

### 3.8 Christelike Afhanklikheidsdiens (CAD)

Die diensgroep het in 2018 ’n ooreenkoms met die CAD aangegaan en soortgelyke gesprekke met die CAB van die VGK begin om nasorggroepe vir gerehabiliteerde persone en hul gesinne meer toeganklik vir gemeentes te maak. Die CAD is gretig om die verhouding met die kerk, waar die organisasie in 1966 inderdaad ook sy oorsprong het, te verdiep. Die CAD het in Januarie 2008 in lyn met die nasionale organisasie van die CAD as nie-winsgewende organisasie geregistreer. Dit het aanvanklik ’n wegbeweeg van die kerk tot gevolg gehad, maar hierdie vervreemding is herstel met die ooreenkoms wat in 2018 gesluit is.

### 3.9 Taakspan MIV/Vigs

Die diensgroep het ’n ooreenkoms met CABSA en vorm ’n taakspan wat die ‘Churches, Channels of Hope’ en ander opleidingsgeleenthede vir kerkleiers en lidmate moontlik maak. Die taakspan funksioneer as netwerk vir die NGK, die VGK en die Calvynse Protestantse Kerk. Die taakspan is uiters besorgd oor die skynbare afname in belangstelling in toerusting rondom hierdie steeds baie relevante bedieningsveld.

## 4 FONDSE

Van die sinodale aandeel wat die diensgroep ontvang, word vyftig present aangewend vir die werksaamhede van Badisa. Die diensgroep bestuur ’n hele aantal diskresionêre en nie-diskresionêre bemakings en reserwefondse. Diskresionêre fondse is belyn met die huidige fokus op VKO, missionale inisiatiewe, die ondersteuning van Badisa se ontwikkelende bejaardesorgbeleid, kliniese pastorale dienste en ondersteuning tydens rampgebeure. ’n Instandhoudingsfonds word aangewend vir die instandhouding van die kantore van sewe Badisa maatskaplike werkprogramme. Nie-diskresionêre fondse soos die PJJS Lategan-fonds word per bepalings en in die vorm van beurse jaarliks beskikbaar gemaak en geadministreer.

**Voorsitter: Ds. Dawid de Wet**

## 5 AANBEVELINGS

**5.1 Die sinode keur die vestiging van ’n eenstop-diens vir vroeëkindontwikkeling tussen Diaconia en Badisa goed en bevestig dat dit ’n beste-praktykmodel bied vir gedeelde visie met die oog op gemeentediakonaat.**

**5.2 Die sinode versoek die diensgroep om voort te gaan met die ontwikkeling van prakties-teologiese bedieningstrategie en navorsing wat vroeëkindontwikkeling as ’n uitdrukking van barmhartigheid met gemeenskapsontwikkeling en missionale transformasie as uitkoms sal bevorder.**

**5.3 Die sinode versoek die diensgroep om voort te gaan met fasiliteringsprosesse wat sal bydra tot simbiotiese verhoudings en betekenisvolle samewerking tussen gemeentes en Badisa programme in gemeenskappe.**

**5.4 Die sinode herbevestig dat Badisa, as deel van die kerk se diakonaat, die voertuig is vir professionele maatskaplike dienste en as sodanig in gemeentes bemark sal word.**

**5.5 Die sinode doen ’n beroep op gemeentes om vanuit ’n nuwe missionale bewustheid uit te reik na kerklike instansies en institute, asook alle Badisa programme in hul gemeenskappe, ten einde die verhoudings waarbinne die kerk werk, te versterk.**

**5.6 Die sinode versoek die diensgroep om die strategie vir rampondersteuning verder te ontwikkel in ’n bedieningstrategie en protokol wat gemeentes sal help in hul betrokkenheid tydens rampgebeure.**

---

# 1.2 – VERSLAG VAN DIE GOEIE HOOP BEHUISINGSMAATSKAPPY

---

## 1. INLEIDEND

Die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM) is deur die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (SKDB) op 14 Augustus 1944 gestig en deur die sinode goedgekeur. Die doelstelling van die maatskappy was en is steeds, aldus ons Akte van Oprigting, om tehuise vir sorgbehoewendes (insluitend wonings of woonstelle) en/of enige ander aard van woon- of verblyfplek in stede/dorpe te verkry, op te rig of te verskaf en in stand te hou. Hierdie doelstelling is met die oog op alle sorgbehoewendes, insluitend bejaardes, jeugdiges, siekes, verswaktes, gestremdes, verwaarloosdes, laagbesoldigdes en in die algemeen, mense in nood. Die doelwit wat die maatskappy nastreef, is om bogenoemde persone se belange in die gemeenskap te ondersteun. Histories is die maatskappy gestig met die doel om boulenings teen ’n laer rentekoers van die Departement van Behuising te bekom. Dié roete is gevolg aangesien die staat nie boulenings aan kerke wou toestaan nie, maar wel aan ’n maatskappy sonder winsoogmerk binne die kerkstruktuur.

Die GHBM is dus ’n Geregistreerde Organisasie sonder Winsoogmerk (Artikel 21-Maatskappy) met eie lede en direksie. Die maatskappy verskaf tans hoofsaaklik fasiliteite aan programme van Badisa.

## 2. TERUGSKOUEND OOR DIE AFGELOPE VIER JAAR

Gedurende die afgelope vier jaar is daar verskeie ontwikkelings by bestaande inrigtings gedoen, asook gewone verbeteringe aan bestaande geboue en fasiliteite.

Die volgende nuwe projekte, in samewerking met die beheerrade, is voltooi:

2.1 **Overberg Tehuis** (Riviersonderend): Vier nuwe eenslaapkamer woonstelle is met eie fondse aangebou.

2.2 **Huis Lettie Theron** (Hermanus): Vier motorhuise, asook ’n stoor is aangebou.

2.3 **Chrismar Villas** (Chrismar Bellville): Elf nuwe leningooreenkoms woonstelle is aangebou. Die projek bestaan uit nege tweeslaapkamer eenhede asook twee eenslaapkamer eenhede (agt eenhede met motorhuise en drie met afdakke).

2.4 **Huis Wittekruin** (Vredenburg): Omskepping van ’n binnehof na ’n sitkamer vir gaste/inwoners.

2.5 **Huis Matzikama** (Vanrhynsdorp): Vergroting van ses tweebed siekeboegkamers na driebed kamers.

2.6 **Plumstead Rusoord** (Plumstead): Die ontwikkeling bestaan uit 16 leningsooreenkoms woonstelle op die grond van Plumstead Rusoord. Die projek bestaan uit drie drieslaapkamer woonstelle, twaalf tweeslaapkamer woonstelle en een eenslaapkamer woonstel.

2.7 **Huis Mimosa** (De Doorns): Aanbou van ’n afdeling vir persone met demensie. Die projek bestaan uit twee dubbelkamers, vier enkelkamers en ’n ontspanningsarea.

2.8 **Fynbos Park** (Kleinmond): Hierdie is ’n nuwe projek wat op die ou karavaanpark se grond ontwikkel is. Fase 1 bestaan uit vier tweeslaapkamer huise en ’n woonstelblok met vyf woonstelle. Twee is bedsitters en drie is eenslaapkamer woonstelle.

2.9 **Alta du Toit Nasorg** (Bellville): Opgradering van fasiliteite teen etlike miljoene rand, deur ’n welwillende sakeman geborg, vind tans plaas.

## 3. HUIDIGE STAND VAN SAKE

### 3.1 Inrigtings

Tans is daar 52 inrigtings wat in die naam van die GHBM geregistreer is. Dit bestaan uit die volgende:
- 43 tehuise
- 4 kinderhuise
- 2 nasorgsentrums
- 1 dienssentrum, behuisingsprojek vir bejaardes / siekeboeg
- 2 maatskaplike kantore.

Die vervangingswaarde (versekeringswaarde) het van R2 242 709 671 (2014) tot R2 909 045 977 (2018) toegeneem. Die GHBM is tans in sy 75ste bestaansjaar en die fasiliteite wat onder sy sorg funksioneer, bied huisvesting aan 4 920 kliënte.

### 3.2 Uitdagings

Sedert die sinodesitting van 2015 is die maatskappy deur ’n herstruktureringsproses. In die proses, wat nou sy finale fase betree, is die direksie met verskeie uitdagings gekonfronteer. Die vernaamste hiervan was:
- wisseling in leierskap van direksie
- finansiële volhoubaarheid
- herdefiniëring van die vennootskap met NG Kerk in SA, SKDB, Badisa en Diaconia
- herformulering van die Akte van Oprigting
- kapasiteit in terme van personeel

### 3.3 Sake wat tans aandag geniet

Die direksie ondersoek tans die moontlikheid om die Akte van Oprigting te wysig.

### 3.4 Werkswyse

Ten einde meer doelgerig en effektief te funksioneer, is die volgende taakspanne saamgestel:
- **Taakspan vir Personeel**: Hanteer alle personeel aangeleenthede.
- **Taakspan vir Finansies**: Bestuur inkomste- en uitgawebegroting en verwante sake.
- **Taakspan vir Eiendomme**: Bestuur die eiendomsportefeulje.
- **Regstaakspan**: Hanteer alle wetlike aspekte wat die bedryf van GHBM raak.

Die taakspanne lewer by die kwartaallikse vergadering van die GHBM verslag van die werksaamhede wat in reses plaasgevind het. Met die oog op kontinuïteit en effektiwiteit sal alle direksielede voortaan deur middel van ’n induksie program voorberei word vir die spesifieke rol/taak wat hy/sy binne die direksie opneem.

## 4. TOEKOMSVERWAGTING

Soos met die oprigting van die GHBM in 1944 is die maatskappy steeds gemotiveer en daartoe verbind om mense in nood te help deur die daarstelling en instandhouding van doelmatige infrastruktuur in die vorm van huisvesting vir diegene in nood.

Aangesien die staat se rol as primêre finansieringsbron sedert 1994 drasties verander het, word die GHBM tans uitgedaag om op kreatiewe wyse deur middel van nuwe vennootskappe en netwerke die nodige fondse te vind om steeds ’n verskil te maak in die lewe van diesulkes. Ons glo dat die Hemelse Vader steeds mense roep, hulle met gawes seën en passievol vul om deel te word van Sy barmhartigheidsbeweging in dié wêreld.

**Voorsitter: Frankie Gerber**

# 1.3 – VERSLAG VAN DIE NASIONALE INSTITUUT VIR DOWES

NID

## 1. INLEIDING

Die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) deel graag met u en die Sinode van Wes-Kaapland sekere aspekte van gebeure by die NID die afgelope paar jaar. Die NID moes ’n oorgangsbestuur van ons eertydse HUB (Deon de Villiers) wat einde 2017 afgetree het. Hy het diep spore vir 17 jaar in die Dowe gemeenskap getrap. Sy naam was en is sinoniem met die Dowes. 2016 was ook die oorgang na ’n nuwe voorsitter. Dit was nie ’n maklike oorgang om te bestuur nie. Vir die direksie was dit ’n besonderse uitdaging om hierdie oorgang te bestuur. Dit het uiteraard ’n nuwe denkrigting en strategie vir die NID beteken – veral in die lig van ’n baie vinnig veranderende omgewing. Die NID het geen wesenlike konstante inkomstevloei nie en is maar van jaar tot jaar vir inkomste afhanklik van skenkings. Vandaar dus dat die Here vir ons ’n nuwe HUB met bewese sakekennis gegee het asook ’n ouditeur as voorsitter. Dit het die NID in staat gestel om die jaar 2018 te gebruik om ons besigheidsmodel in diepte te ondersoek en kritiese besluite te kon neem en soortgelyke besluite wat nog vorentoe op ons pad lê.

## 2. BESLUITE

Van die vernaamste besluite wat ons einde 2018 en in 2019 moes neem, is as volg:

1. Die verkleining van ons direksie van 11 na 7 lede wat dit meer prakties maak, asook makliker om kworums te hê op vergaderings, ens.
2. Die herskryf van ons grondwet (MOI) om dit te moderniseer, makliker leesbaar te maak, meer buigsaam te maak, ens.
3. Die sluit van kleiner besigheidseenhede op ons Worcester-kampus.
4. Die verhoging in befondsing van navorsing sodat die NID in ware wese ’n Nasionale Instituut kan wees.
5. ’n Wesenlike stap nader aan ’n ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch oor heelwat aangeleenthede, soos onder andere fondsinsameling en navorsing.
6. Om gasheer te wees vir die Minister van Onderwys en ander hooggeplaastes vroeër hierdie maand ter viering van die beoogde nasionale 12de taal, tewete Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT). NID sal vorentoe die SAGT huisves.
7. Die beter en meer finansieel voordelige benutting van geboue op die Worcester kampus.
8. ’n Nuwe opleidingsmodel in samewerking met korporatiewe Suid-Afrika meestal weg van die Worcester-kampus.
9. ’n Konkrete poging om navorsing te doen om statistiek oor Dowes in Suider-Afrika te bekom ten einde ons doelwitgehoor beter te kan bepaal.
10. Die saam beleef vorentoe van ’n ander soort verhouding met die NG Kerk – vanaf voogdyskap in 1881 na vennootskap in 2020.

## 3. BESTUURSPAN

Die NID is baie bevoorreg om ’n uiters bekwame bestuurspan onder leiding van Cobus van Deventer te hê en ’n direksie met besonderse vermoëns te kan gebruik.

Ons probeer die bestuurspan betrek by strategiese besluite met die gevolg dat ons tans ’n hegte eenheid vorm. Mede-inwoners op die kampus te Worcester, soos die De La Bat Skool, Deafnet en die Gemeente vir Dowes, deel met ons hulle hoogte- en laagtepunte. So het 2018 verbygegaan met twee sterftes op kampus, asook ’n brand in een van die koshuise. Alhoewel onafhanklik uit regsoogpunt, deel ons met mekaar ons afhanklikheid. Die 2019 en 2020 jare gaan bykomende uitdagings in dié verband stel.

Die NID is ’n besondere gemeenskap en almal wat betrokke is, is werklik bevoorreg om deel hiervan te wees. Mag dit vorentoe selfs meer besonders en uniek raak. Baie hartlik dank aan die NG Kerk vir hulle ondersteuning in die proses in die verlede en die gesindheid waarop ons almal kan staatmaak vorentoe.

In Sy wonderlike Naam

**HA van der Merwe**
**Voorsitter van die Direksie**

# B2 – VERSLAG VAN DIE DIENSGROEP VIR GEMEENTEBEGELEIDING

COMMUNITAS
IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

**Bestaande uit die Taakspanne: Gemeentebegeleiding, Nuwe geloofsgemeenskapsontwikkeling, Vrouebediening, Predikantebegeleiding en Jeug-en-Familie.**

## 2.1 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR GEMEENTEBEGELEIDING

### 1. INLEIDING

Die taakspan is 'n eenheidstaakspan tussen die VG en NG Kerk en het die opdrag om prosesbegeleiding vir gemeentes en die sinode te verrig. Die taakspan bestaan tans uit: Christo Benade (Voorsitter), Moses Baartman, Louis Smith, Andrew Esterhuizen, Stephen Pedro, Johan Kotze, Brian Handel, Lindi Claassen, Bossie Muller, Gielie Loubser (PSD) en Mathilda du Pisanie (Notulehouer).

### 2. OPDRAG

Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding bely dat dit die drie-enige God is wat gemeentes roep, versamel, vernuwe en stuur. Daarom is ons bestaansdoel om gemeentes en gemeenteleiers te bemagtig en te begelei om geloofsonderskeidend te ontdek waar die drie-enige God binne en buite die gemeente werksaam is, om raak te sien hoe God se nuwe wêreld deurbreek in die transformasie van mense en gemeenskappe en om saam met gemeenteleiers en gemeentes te leer hoe om geïntegreerd by God se werk in Sy koninkryk aan te sluit (Esegiël 47:1-12).


### 3. WERKSAAMHEDE

Om 'n gemeente te begelei tot missionaliteit is nie alleen 'n teologiese denkskuif nie, maar ook 'n ontdekking van die *Missio Dei* in hulle konteks. Daar is die afgelope dekade baie gewerk aan die teologie van missionaliteit. Die verslag oor die missionale aard van die kerk wat by die 2003 Algemene Sinode aanvaar is, het 'n groot bydrae gemaak om gemeentes te oortuig van ons roeping om missionaal te leef. Dit was daarom vir die taakspan moontlik om die afgelope vier jaar meer te fokus op praktiese begeleiding wat gemeentes help om die *Mission Dei* in hulle leefwêreld te ontdek.


Prosesse waarop ons aanvanklik gefokus het en nuut ontwerp het, is om goeie analises van gemeentes te kan doen. Die hulpmiddels help gemeentes om analises van hulle konteks te maak, asook evaluerings van die bediening na binne.

Nuwe aanlynmetodieke wat baie vinniger gedoen kan word, is ontwerp en beskikbaar gemaak vir gemeentes. Verder is meer indieptemetodieke, naamlik fokus groepe en onderhoude ontwikkel en is gemeentes daarmee begelei. Die doel van die analises was om 'n beter begrip te kry van 'n gemeente se omgewing oftewel gemeenskap asook die heersende kultuur van die gemeente.


Die taakspan het ook verskeie metodieke ontwerp om 'n gemeente te help om haarself te evalueer.




Gemeentes beleef dit baie negatief as daar evaluerings van buite gedoen word, maar self-evalueringmetodieke is meer aanvaarbaar. Ons het gebruik gemaak van 'n sosioloog, prof. De Wet Schutte, om ons te help om ook nuwe evalueringsmetodieke te doen.



Onder prof. Schutte se leiding het ons met 'n dendrogram metodiek die begrip "missionale gemeente" uitgepak tot op sy mees basiese onderafdelings. Dit is omgesit in 'n vraelys wat vir kerkrade help om baie spesifieke terreine van missionaliteit te identifiseer en moontlike ontwikkelingsareas en sterkpunte te identifiseer.




Die grootste uitdaging van kerkrade bly egter die implementering van besluite. Die taakspan het hande gevat met ander taakspanne en 'n bordspel ontwikkel waarin die gemeentebediening bespreek kan word aan die hand van 12 afdelings. Elke afdeling het verskillende opsies wat alles kerkordelik getoets is en daarom wel moontlik is in 'n gemeente. Kerkrade beleef die bordspel as baie konkreet, asook verbeeldingryk aangesien dit die leiers laat gesels oor opsies wat nog nooit by hulle bekend was nie.

Alhoewel die metodieke beter en meer konkreet raak, is die belewing steeds dat daar 'n gaping is tussen die beplanning en die implementering. Die oorsaak daarvan is velerlei, maar een rede is dat ons 'n kerkbestuursisteem het waar die eienaarskap hoofsaaklik lê by die betaalde amptenare van die kerk. Dit het die gevolg dat leraars soms primêr die verantwoordelikheid kry om te implementeer. Dit veroorsaak onder-ontwikkelde leierskap as gevolg van kerkraadslede wat nie toegerus en bemagtig word nie.

Daarmee saam begin verskeie gemeentes wegdoen met die wyksisteem aangesien dit met 'n verstaan van die werklikheid werk. Die algemene tydsgees is dat mense eerder werk met vrye assosiasie. Die verbrokkeling van die wyksisteem het die gevolg dat kerkrade se vakatures meer en meer raak. Dit motiveer kerkrade om met 'n verkleinde kerkraad of 'n bedieningsgeoriënteerde kerkraad te werk. Die gevaar ontstaan dat kerkraadslede bloot funksionarisse raak van spesifieke kommissies, terreine of bedieninge. Die ouderlingamp word daarom gereduseer tot 'n koördineerder van bedieninge en verloor die geestelike leiding en onderskeidingsfunksies. Die amp van diaken is hoofsaaklik in stand gehou deur 'n kollekteerfunksie. Met die praktyk wat al hoe meer skuif na elektroniese fondsoorplasings asook lidmate wat hulle bydraes na die eredienste bring, het die diakenamp se funksie ook verander. In verskeie gemeentes is daar dus nie meer 'n duidelike onderskeid tussen ouderlinge en diakens nie. Die taakspan is daarom oortuig dat die her-ontdekking, asook die nuwe kontekstualisering van die amp van ouderling en diaken van kritiese belang is vir die kerk.

## 4. PRIORITEITE

Die werksaamhede van die taakspan het die volgende fokusse gehad:

### 4.1 Begeleiding

#### 4.1.1 Visie-gemotiveerde begeleiding

Die primêre taak van die taakspan is prosesbegeleiding. Die taakspan was die afgelope vier jaar by 117 gemeentes betrokke. Verskeie gemeentes het die behoefte uitgespreek om die visie wat vroeg in die millennium ontvang is, te herbesoek. Dit is opvallend dat in al die gevalle die gemeentes nie 'n nuwe visie ontvang het nie, maar dat daar nuwe insig gekom het in die bestaande visie en dat die gemeentes 'n verdieping beleef het en die visie al hoe meer 'n roeping geword het.

#### 4.1.2 Beroepsgemotiveerde begeleiding

Dit is duidelik dat al hoe meer gemeentes 'n behoefte het aan begeleiding ten opsigte van beroepingsprosesse. Die ouderdomsverspreiding van leraars bepaal dat 'n groot aantal dominees nou emeriteer. In verskeie gevalle was die leraar vir meer as 30 jaar in die gemeente en moet die gemeente deur die ervaring van verlies begelei word. In sulke gevalle is die beskikbaarheid van brugleraars 'n ideale begeleidingsaanbod, aangesien die brugleraar as begeleier 'n paar maande tussen die mense kan gaan bly en indieptebegeleiding doen.

#### 4.1.3 Finansiële druk gemotiveerde begeleiding

Verskeie begeleidingversoeke het ook gekom weens die finansiële druk op die gemeente. Die ouderdomsverspreiding van die leraarkorps maak dat die oorgrote meerderheid op topskaal is in vergeleke met 20 jaar gelede toe daar 'n meer normale verspreiding van ouderdomme was en 'n kleiner hoeveelheid gemeentes leraars op topskaal moes betaal het. Dit het ook 'n invloed op die sinode as daar breedweg na al die gemeentes as een industrie gekyk word. Toe die ouderdomsverspreiding meer normaal was, kon kleiner gemeentes ook leraars beroep wat op laer skale was. Daarmee saam moet die industrie ook die situasie van leraars wat nie skuif nie, maar lank in

een gemeente bly in ag neem. Die knellende droogte wat in sommige gebiede al langer as vier jaar duur, asook krimpende lidmaatgetalle is bydraende faktore tot die finansiële druk van gemeentes.

### 4.2 Dorpsbesoeke

Bogenoemde faktore het tot gevolg dat gemeentes verskillende modelle van kerkwees moet ondersoek. Die behoefte het ontstaan dat daar in ’n dorp of gebied saam gesels moet word oor die bediening. Dit het tot gevolg gehad dat daar dorpsbesoeke gebring is deur al die PSD’s wat begeleiding by gemeentes doen. Die holistiese aanbod van hulp van die sinodale amptenare het ’n nuwe dinamika tot die gesprek bygedra. Die terugvoer wat ontvang is, is ook dat gemeentes wat selfs buurgemeentes van mekaar is nie noodwendig met mekaar in gesprek is oor die sinkronisasie van bedieninge nie.

### 4.3 Mediasie

Aangesien daar verskeie versoeke ontvang word wat konflikverwant is, het die taakspan 18 begeleiers opgelei as bemiddelaars by die organisasie Mediation in Motion. Dié persone het akkreditasie ontvang om formele prosesse te medieer en die bemiddelaars het sedertdien verskeie konflik-situasies ontlont. Dit het ook duidelik geword dat die meeste leraars onkundig is om klagtes van seksuele teistering in die gemeente te hanteer. Die probleem wat al hoe meer na die oppervlak kom, is by die Taakspan vir Vrouebediening hanteer. Daar is tans ’n proses in wording om die weg van mediasie te gebruik om hierdie uitdaging aan te spreek.

### 4.4 Brugleraars

Aangesien die aanbod van brugleraars hoofsaaklik fokus op die begeleiding van ’n gemeente wat in ’n oorgangstyd is, het die verantwoordelikheid van hierdie bediening geskuif van die Taakspan Predikantebegeleiding na Gemeentebegeleiding. Die kursus bestaan uit twee modules en word elke jaar twee keer aangebied. Die afgelope jare is daar toenemende belangstelling. Daar het ook ’n tendens ontstaan dat leraars wat steeds in die bediening is die kursus bywoon, aangesien daar gefokus word op die missionale teologie, maar wat baie praktykgerig is met begeleidingsmetodieke. Leraars se getuienis is dat dit hulle stimuleer en hulle roeping vir die bediening herbevestig.

### 4.5 Internskappe

Die aanbod van internskappe aan gemeentes is in 2015 deur die Kuratorium na die moderamen geneem. Die eerste interns is in 2016 by gemeentes bevestig. Die aanbod aan ’n gemeente is om ’n student wat korter as twee jaar afgestudeer het by die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Stellenbosch in ’n tweejaar-termynbepaalde pos te beroep met die finansiële ondersteuning van die sinode. ’n Internskapskaal is beding waarvan die gemeente verantwoordelik was vir behuising, asook een derde van die totale koste van indiensneming (uitgesluit behuising). Sedertdien is 20 studente beroep in die internskapprogram. Terugskouend blyk die benaming "intern" proble-maties te wees, aangesien die term gebruik word vir persone wat nog nie die volle opleiding vir hulle beroep ontvang het nie. Die interns wat aangestel is, is egter volledig opgelei en gelegitimeer. Dit het in sommige gevalle die nadelige gevolg dat die interns as minderwaardig hanteer is. Die bediening het ook die afgelope jaar geskuif na die Taakspan Predikantebegeleiding aangesien dit meer op die persoon as die gemeente fokus.

### 4.6 Kulturele blootstelling

Die taakspan is die afgelope twee jaar instrumenteel in die vestiging van tweelinggemeentes met gemeentes in die sinodale streek wat nie natuurlike blootstelling aan gemeentes uit ander kultuurgroepe het nie. Daar is hande gevat met die Great Commission Partnership of Churches en tien gemeentes is met mekaar verbind onder streng waardes en beginsels. Die tweelingskap het al wonderlike gevolge gehad, maar die uitdagings bly dat die meer welgestelde kerke by noodverligting betrokke raak en dat die finansieel armer gemeentes in ’n afhanklikheidskultuur verval. Die riglyne is daarom: As jy nie jouself saam met jou gawes kan gee nie, moenie gee nie, asook as jy nie kan teruggee (blootstelling, vriendskap en ervaring) nie, moenie ontvang nie.

### 4.7 VBO kursusse

Die taakspan het die afgelope vier jaar verskeie VBO kursusse aangebied. Seker een van die belangrikste kursusse was ’n nuwe benadering tot uitreike. Soveel negatiwiteit het ontstaan as gevolg van Westerse kerke se uitreikbesoeke aan kerke wat armer en minder blootgestel is. Die klassieke "haves to the have nots". Die VBO kursus het gemeentes gehelp met ’n ander konsep, naamlik "inreike" sodat gemeentes hulself anders posisioneer en ander gemeentes besoek vanuit ’n gesindheid van nederigheid en leerbaarheid.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die sinode versoek die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing om saam met die Taakspan vir Gemeentebegeleiding navorsing te doen oor die Bybelse betekenis en ontwikkeling van die amp van ouderling en diaken en die kontekstualisering daarvan vir die tyd waarin ons leef om sodoende ’n toerustingsprogram te ontwerp waarmee gemeentes bedien kan word.**

# 2.2 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN GEMEENTEONTWIKKELING EN KERKLIKE SAMEWERKING / NGGO

## 1. RAAD/TAAKSPAN VAN GKS/NGGO

Die span bestaan uit ds. Gustav Meyer, ds. Stephen Pedro (VGK, PSD Getuienis/kundige lid) wat in Mei in die taakspan opgeneem is in die plek van Evangelis Johan Wagenstroom), ds. Johannes Wiesse (VGK), ds. Glenda Fredericks (VGK), ds. Lucas Plaatjie (VGK), ds. Johny Hartney (VGK), ds. Phillip Botha, dr. Ryk van Velden, ds. Deon Koegelenberg, ds. Johan Els, ds. Siyabulela Potwana (VGK), Evangelis Arthur Rengqu (V K), ds. Ronnie Noemdoe (VGK) en me. Hester du Toit (Finansies). Me. Sharon Naude by Communitas hanteer die administratiewe gedeelte van NGGO. Vir enige navrae, kontak Sharon by 021 808 3381 of epos snaude@sun.ac.za.

## 2. NUWE GELOOFSGEMEENSKAP-ONTWIKKELING (NGGO) MANDAAT

In terme van ons mandaat fokus die NGGO veral op twee aspekte:

### 2.1 Visionering

As NGK en VGK leiers bevorder ons die saak van NGGO. Ons taak is om leiers en gemeentes te dien en te ondersteun en om hulle te help sien waar geleenthede vir nuwe NGGO's is, veral onder mense wat nie gelowig of kerkloos is. NGGO help met die integrering van gelowig wees binne alle kontekste:

- Aanbidding en gesprek oor geloof spontaan binne die konteks van elke dag se gebeure;
- Inklusiewe gasvrye en hulpgewende geloofsgemeenskap midde alledaagse werksaamhede.

### 2.2 Ondersteuning/Opleiding

Ons help gemeentes om nuwe NGGO's te begin - veral wat die proses betref. Ds. Phillip Botha en die Fresh Expressions groep se nuwe verkorte kursus van ses weke wat gegrond is op die MSM kursus help hier. Bestaande/ontluikende NGGO's het ons ook in hierdie verband ondersteun. Lede van die taakspan is verantwoordelik vir een van die ondergenoemde NGGO's se ondersteuning:

- Omdraaistraat – De Doorns
- Burgundy Connect – Bothasig
- Laminin – Bothasig
- Graanendal – Bergsig
- Sitari – Helderberg
- Bellville Community Fellowship (NG Bellville Vallei, ds. Swarts)
- La Rochelle Fellowship – LA Rochelle NG
- Stellenbosch Internasionale Studente – Stellenbosch / NG Helderberg
- Bottelary – NG Sonstraal
- Brackenfell Gemeenskapskerk – Vredelust
- Tippingpoint – Ring van Brackenfell
- Saam eet – Maandae (ds. Steyn - Tableview)
- Khayelitsha Fresh VGK (ds. Botwana)
- Ligstraat (Bellville Wes – ds. Willie Badenhorst)
- Coffee Corner – ds. Theo Swart

Die gedagte is om in 2019 die stories van al hierdie ontwikkelings in te samel en beskikbaar te hê sodat gemeentes gehelp kan word met die vestiging van nuwe NGGO's.

## 3. WERKSAAMHEDE

### 3.1 Beplanning/Raadsvergaderings

Die volgende datums is gebruik vir beplanning en spanbou:

- 27 Julie 2017 / Belhar
- 17 November 2017 / Bellville
- 9 Februarie 2018 / Bellville
- 13 April 2018 / Belhar
- 15 Junie 2018 / Bellville
- 3 Augustus 2018 / Belhar

### 3.2 Werkswinkels

Om gemeentes blootstelling te gee aan die gawe van die NGGO proses en hulle te help om 'n kopskuif te maak in terme van hul eie begrip van hulle missionaliteit in die wêreld is die volgende werkswinkels gehou:

- 27 Oktober by NG Bergsig
- 20 April by NG Bergsig.

### 3.3 Gesprek met ds. Pieter Grove (VGK-Sarepta)

Die gesprek is gebore uit 'n behoefte by raadslede van die NG Kerk en VG Kerk om te kyk hoe ons meer belangstelling vir die saak van die NGGO by meer leiers en lidmate van VGK gemeentes kan bewerkstellig. Ek kon die afspraak/gesprek namens die raad met ds. Grove hê. Hester du Toit het my vergesel. Ons is uitgenooi om 'n werkswinkel by VGK Sarepta aan te bied. Dit het plaasgevind op 8 Junie. Die tema – "Wat behels missionale kerkwees in 2018?" Sprekers was ds. Grove, ds. Pedro en ds. Botha. Dit het aan die lig gekom tydens die geleentheid dat ons ook in die toekoms werkswinkels sal moet inrig om sekere teologiese kwessies rakende missionale kerkwees aan te spreek. Tog is dit die deurlopende gevoel by mense wat die werkswinkels sover bygewoon het dat ons

nooit die praktiese werk wat NGGO behels, mag verwaarloos nie. Dit sal deel moet uitmaak van die werkswinkels. Ons het nog elke keer tydens 'n werkswinkel een of twee persone geleentheid gegee om die stories te kom vertel van hoe hulle dit op grondvlak beleef as hulle besig raak met NGGO in hulle kontekste. Uit hierdie gesprek kon ons vir die eerste keer in November 2018 'n werkswinkel hou wat veral die VGK lidmate inlig oor NGGO.

### 3.4 "Coaching" Kursus Begeleiding/begeleierskursus

31 Oktober – 2 November by Communitas op Stellenbosch. Dit word gereël in samewerking met Fresh Expressions SA. Carl Eichert was die aanbieder. Die kursus bemagtig leiers van nuwe NGGO's.

### 3.5 Fresh Expressions

Hierdie is 'n belangrike praktiese hulpmiddel/kursus wat persone help om 'n NGGO te begin. Omdat ds. Phillip Botha deel van die raadspan is, rapporteer ek net oorsigtelik dat die MSM kursusse aangebied het in Mitchells Plein, in die Weskus/Strandfontein omgewing en by die Ring van Oudtshoorn. Dis belangrik dat ons leiers en lidmate blootstelling aan die kursus kry sodat hulle so gehelp word om te verstaan en insig te kry ten opsigte van NGGO. Hulle ontwikkel tans 'n inleidende kursus wat gaan oor missionale kerkwees. Ons wil dit tydens die sinode bekendstel.

### 3.6 Pionierskool

Dr. Ryk van Velden rapporteer dat agt studente die eerste Pionierskool kursus voltooi het. Hulle kan as pioniers aangewend word in hul omgewing of by die gemeentes deur wie hulle ondersteun word om te help met NGGO. Dr. van Velden sal nou begin fokus op bemarking van hierdie kursus, nie slegs in die Wes-Kaap nie, maar ook in die res van die land. In 2019 is daar vier studente.

### 3.7 Werkswinkelfondse

Ons wil graag die vraag beantwoord: Waar is befondsing beskikbaar in die NG Kerk en VG Kerk vir inisiatiewe wat met die ontluiking van moontlike NGGO verband hou? Ons het 'n eerste werkswinkel gehou in Junie 2018. Daar sal opvolggesprekke moet wees waar daar gekyk moet word na beleid en kriteria wanneer dit kom by die aanwending van fondse in beide die NG Kerk en VG Kerk. Hoe kan ons ook byvoorbeeld die fondse versterk sodat gemeentes deurlopend gehelp kan word?

---

## 2.3 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR VROUEBEDIENING

VROUEBEDIENING
WES-KAAPLAND

---

## 1. INLEIDING

Die taakspan bestaan uit Riana Furniss (Voorsitter), Mariette Steyn, Marelise Krige, Sanet van Rooyen, Theresea Pieterse, Gielie Loubser en Ankia du Plooÿ (Uitvoerende Beampte).

## 2. OPDRAG

Die Taakspan Vrouebediening fokus op die begeleiding van vrouelidmate op hulle geloofsreis.

## 3. WERKSAAMHEDE

### 3.1 Geloofsreis: Vroue met Vlerke

Ons reis graag saam met gemeentes met die Vroue met Vlerke geloofsreis as padkaart.

- Op hierdie reis probeer ons om saam met ander vroue God se stem te hoor.
- Ons herinner mekaar daaraan dat die reis belangriker is as die bestemming en dat die Gees nooit klaar is met ons nie.
- Op die reis leer ons al hoe meer om mekaar in te nooi en veilige ruimtes te skep.
- Ons ontwikkel en ontwerp ook 'n proses waarin drielinggroepe verder kan ontwikkel in gemeentes.

### 3.2 Roadshows

Die STV het die afgelope vier jaar met vrouelidmate regdeur ons sinodale streek byeengekom om te dink en te droom oor hoe ons in ons verskillende kontekste veilige ruimtes kan skep en mekaar kan bemagtig om te floreer.

### 3.3 Besoek individuele gemeentes

Die STV besoek gemeentes om hulle te begelei in moontlikhede oor hoe ’n vrouebediening in hulle konteks daar kan uitsien. Ons reis saam met hierdie gemeentes oor ’n tydperk en neem preekgeleenthede waar waartydens gemeentes ook uitgedaag word oor hulle denke ten opsigte van vroue in bedieninge.

### 3.4 Kommunikasiestrategie

Ons werk meestal met ’n afgeplatte struktuur by die vrouebediening en moes daarom ander maniere van kommunikasie ondersoek. Ons het ’n Facebook-blad (@vroueweskaap) en tans ’n aktiewe webtuiste (www.vroueweskaap.co.za). Ons stuur ook maandeliks ’n e-nuusbrief uit waarmee ons kommunikeer. Ons nooi gemeentes en vrouelidmate uit om deel van ons virtuele gemeenskap te word. Ons gee ook steeds drie keer per jaar die Interaksie uit.




### 3.5 Ontwikkel en ontwerp van materiaal

Ons ontwikkel materiaal wat vrouelidmate op hulle geloofsreis kan help, byvirbeeld Bybelstudieriglyne, groot- en kleingroep materiaal vir byeenkomste, skrywes deur vroulike teoloë oor verskillende temas ensovoorts. Daar is ook toenemend ’n behoefte in gemeentes om weer met ’n vrouebediening te begin en vir hierdie doel het ons ’n beginnerspakket ontwerp. Die taakspan gee ook aan Ankia du Plooÿ opdrag om kerkgerigte navorsing te doen ten opsigte van die vesting van veilige ruimtes.



### 3.6 Gesprekke met verskillende vroue-groeperinge

Van 2016 is daar toenemend ’n behoefte onder verskillende vrouegroeperings in die kerk om meer met mekaar in gesprek te tree en saam te werk. Hierdie gesprekke loop uit op ’n Vroue in Bedieninge Konferensie in 2017. By hierdie konferensie stel die vroue ’n boodskap saam waarin ons ons verbind tot:

- voortgesette gesprek met mekaar binne al die groeperings van vroue in die kerk;
- die insluiting van mans by die gesprek oor geslagsgelykheid;
- die aanspreek van seksuele en geslags-gebaseerde geweld; en
- bereidheid om te dien waar God ons roep.

Uit hierdie gesprekke en samekomste word uiteindelik ’n Gender Taakspan gestig waarby die Vrouebediening ook betrokke is.

### 3.7 Stem teen onreg en misbruik

Ons poog om met verskillende groepe hande te vat om saam ’n duidelike en helder stem te wees teen onreg en geweld teen weerloses. Ons ondersteun #Thursdays in Black en nooi gemeentes uit om saam met ons op Donderdae swart te dra vir verdere bewusmaking.

## 4. PRIORITEITE

4.1 Die STV help gemeentes om veilige ruimtes te skep vir weerloses sodat almal in die kerk en in ons gemeenskappe kan floreer.

4.2 Ons wil graag vroue oor generasies en ander grense heen met mekaar verenig.

4.3 Ons doen dit deur stereotipes af te breek en vroue te motiveer om by mekaar te leer, genesing te ontvang en geestelik te groei.

4.4 Ons ondersteun vroue om hul plek as gelyke vennote met ander in te neem, omdat ons glo dat alle mense met gelyke respek en waardigheid behandel behoort te word.

4.5 Ons glo dat ons geroep is om ’n stem te wees teen misbruik van weerloses en geslagsgebaseerde geweld.

# 2.4 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR PREDIKANTEBEGELEIDING

## 1. SAMESTELLING

### 1.1 Taakspanlede;

Daniël de Wet (Voorsitter), Theo Swart, Derrick Lambrechts, Andrew Esterhuizen, Theunis Botha (PSD)

## 2. WERKSAAMHEDE

### 2.1 Groot 'gemeente'



Synde die grootste streeksinode te wees in die NG Kerk is dit dan die realiteit dat die sinode met 226 ge-meentes aan 420 predikante standplase bied om hul roeping as bedienaars van die Goddelike Woord (VDM) uit te leef. Vroue en manne wat in hul gebrokenheid met erns, toegewydheid, doelgerigtheid en gehoorsaamheid dag na dag niks anders kan of wil as om mee te doen aan die beweging van God in en deur die wêreld nie.

### 2.2 Kwesbaar en beroepbaar

Ook dominees is onderworpe aan die gang van die lewe. Hulle word siek, word oud en sterf ook. Hulle emeriteer of bedank uit die bediening. Hulle is deurentyd beroepbaar en verwissel van tyd tot tyd van standplaas. So het 108 leraars gedurende die reses diens binne die sinode beëindig vanweë bogenoemde redes. Die anderkant is egter ewe waar! Dit is nie net 'n donker prentjie nie. In dieselfde periode het 98 dominees weer toegetree tot die predikantekorps van die Sinode van Wes-Kaapland. Daar is 'n relatiewe balans tussen kom en gaan vir die huidige en daar kan met dankbaarheid getuig word dat die meeste gemeentes in die sinode tans bedien word deur 'n leraar. Dit is egter nie 'n vanselfsprekende werklikheid nie.

Die werklikheid is dat die leraarkorps van die sinode ouer word. 'n Groot persentasie bevind hulle in die ouderdomsgroep 55-65 wat beteken dat 'n groot aantal predikante oor die volgende tien jaar sal emeriteer. Die studentegetalle wat afstudeer en gelegitimeer word, is klein en hierdie is die realiteit wat in die oog gehou moet word.

### 2.3 Jong en nuwe energie

Ewe belangrik en bemoedigend is die meer as dertig jong predikante (0-3 jaar in bediening) wat ingeskakel is by die verpligte VBO-program vir jong predikante in die sinode. Die kreatiewe, energieke en visionêre bydrae wat hulle lewer, is inspirerend en bevestig opnuut dat die kerk aan die Here behoort. Voeg daarby die inisiatief van nuwe bane wat voorsien word in die opleiding en bevestiging van tweedeloopbaan-kandidate, ouderlinge, jeugwerkers en diensleraars. Dit bevestig dat die kerk verbeeldingryk omgaan met die hede en die toekoms en dat die wingerde en die oeslande vol arbeiders sal wees. God voorsien!

### 2.4 Oud en nuut

Gedurende die reses het dr. Pierre Goosen, PSD met opdrag Predikantebegeleiding, geëmeriteer en is ds. Theunis Botha beroep om by hom oor te neem as PSD sedert Junie 2017.

### 2.5 Transformerende bedienaars




Sedert die vorige sinode kan hier gerapporteer word dat die Predikante Begeleidingsentrum wat aangebied word deur Predikantebegeleiding by Communitas steeds waardevolle, meetbare diens lewer aan predikante. Meer as 150 predikante is sedert 2012 ontvang by die Sentrum. Tydens 'n Sentrum word hulle begelei aan die hand van agt bekwaamhede, soos emosionele selfbestuur, kommunikasie en konflikhantering, leierskap, denk-vermoë, afrigting en mentorskap, besluitneming, beplanning en implementering. 'n Dertigtal predikantebegeleiers help om die spieël op te hang vir deelnemers by die sentrum. Wat waargeneem word, is 'n kompleks van verwante kennis, vaardighede, houdings en gewoontes. Dit is nie net waarneembaar en meetbaar nie, maar kan ook ontwikkel word. Na alles gaan dit nie maar net of predikante al hulle take kan verrig nie, maar hoe neem hulle ander mee en nog verder – op watter wyse word hul omgewing getransformeer en verander, en meegeneem en opgeneem in God drie-enig se beweging.

Predikante wat die Sentrum bywoon word na afloop daarvan vir 'n jaar verbind aan 'n mentor wat saamreis met die betrokke predikant en sy/haar ontwikkelingsplan. Elke deelnemer word verder ten volle gesubsidieer om geloofsreise by te woon by die Sentrum vir Geloofsvorming. Hierdie vlagskipprojek wil predikante ondersteun in hulle selfontwikkeling, maar ook hulle reis saam met Jesus Christus. Op

dié wyse word gesonde, gelukkige predikante vir hulle gemeentes verseker. Kerkrade word hierby betrek met gesprekke, verslae en die sluit van verbintenisse om hulle leraar se hand te vat en verantwoordbaar te maak.

### 2.6 'n Veranderende standplaas

Ons is in die afgelope reses deur 'n uitmergelende droogte wat baie verliese, besorgdheid, onsekerheid en angs meegebring het. Hiermee saam het die ekonomie verlangsaam en het die politieke terrein die ruimte geword van retoriek wat by tye by baie lidmate 'n hopeloosheid en selfs uitsigloosheid meegebring het. Gemeentes kom al meer onder finansiële druk en uiteraard het dit ook 'n impak op die predikante. Binne die mure van studeerkamers en kantore moet predikante met die trauma van lidmate se lief en leed deel, en telkens vertroos en verbind en kalmeer.

Dan kom die hoogs verdelende kwessies soos die debat rondom selfdegeslagverhoudings en die belydenis van Belhar op predikante se tafels en staan hulle ongeag van hul oortuiging tussen lidmate en dié se misnoeë met sinodale besluite en die instituut. As predikante nie by wyse van spreke 'ingeprop' is by hul Bron van waaruit hulle krag moet ontvang nie, emigreer hulle na binne, verklein hul horison en vervlak hulle bediening tot uitbranding toe.

Daarom is daar 'n hernieude oortuiging dat spiritualiteit van veral predikante opnuut aandag en versorging moet ontvang. Hulle moet self kan onderskei of hulle besig is met die dinge van die Here of met die Here van die dinge.

Die PSD Predikantebegeleiding is daarom versoek om ten nouste met die Andrew Murray Sentrum, asook die Sentrum vir Geloofsontwikkeling hieroor te skakel in die ontwikkeling en aanbied van geleenthede waar predikante God se stem kan hoor alvorens hulle kan praat, ruimte gegee word om God se helende krag en liefde te omhels alvorens hulle na ander gaan om heling te verkondig en liefde te gee.

### 2.7 'n Gemeente het 'n dominee en 'n dominee het 'n gemeente

Die begeleiding aan dominees kan nie losgemaak word van die begeleiding aan gemeentes nie. Dit is uit die aard van die saak 'n hegte verband en daarom funksioneer hierdie twee bedieninge binne die Diensgroep Gemeentebegeleiding in tandem met mekaar. Op hul gesamentlike agenda is sake soos die hele internprogram-inisiatief om jong predikante so gou as moontlik opgeneem te laat word binne die kerk in termynbepaalde kontrakte, asook die induksieprogram wat help om nuwe dominees in gemeentes wat hulle beroep het te ondersteun om as't ware 'gebore' te word in hul nuwe werkomgewing en gemeente. In situasies waar verhoudinge tussen predikant en kerkraad of gemeente of kollegas stram is, tree hulle dikwels saam op met intervensie, proses- en pastorale begeleiding in die bede om uitkomste te verseker.

### 2.8 Mandaat

Predikantebegeleiding het geen intensie om van buite in te meng in die persoonlike ruimte van predikante in hulle verhoudings met self, hul gesinne en hulle kollegas, hulle bedieningstyl en verhoudinge in die gemeente nie. Die mandaat waarmee opgetree word, is die uitnodiging aan die PSD en sy taakspan om betrokke te raak. Selfs dan word 'n terrein betree wat hanteer word met onbevooroordeelde begrip en sensitiwiteit en word nie geskroom om binne 'n netwerk van professies in spanverband 'n professionele diens te lewer nie.

## 3. AANBOD

Die spyskaart waarvan voortgaande ondersteuning aan predikante gebied word, word ook verder aangevul met:

- Retraites – predikante se wandel met God word versorg en versterk. Hier is daar 'n groeiende behoefte. Stilte, afsondering en luister ... luister! Dit is 'n hoë prioriteit omdat daar 'n groeiende behoefte is.
- Pelgrimstap – nie in Spanje nie, maar hier aan die suidpunt deur die rûens en die Overberg tot by die mees suiderlike punt van Afrika … 'n hoopvolle stap wat in sarsies gedoen kan word.
- Belynde VBO kursusse om 'n gefokusde bediening te verseker
- Momente van verposing – die gesubsidieerde hulp en aanbod van venues om vir 'n paar dae weg te breek
- Pastorale versorging aan predikante en soms hul gesinne

Na alles word vanuit hierdie taakspan vertroue gebied in die vertroue dat dit vertrou word.

# 2.5 – VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN VIR KINDER-, JEUG- EN FAMILIEBEDIENING

## 1. TAAKSPANLEDE

Christi Thirion (voorsitter – Kenridge), Anriëtte de Ridder (PSD), Johan Botes (Gordonsbaai), Bianca Botha (Kaapstad), Sulet Brümmer (Suiderstrand), Jana Dickason (La Rochelle), Faani Engelbrecht (Goodwoodpark), Luané McLachlen (Brackenfell-Proteahoogte), Gert Nothnagel (Harold), Annelet Slazus (Wellington-Oos), Elzanne van der Westhuizen (Stellenbosch Welgelegen), Maryke Fourie (admin koördineerder Jeugkantoor)


## 1. INLEIDING

Ds. Anriëtte de Ridder is vanaf 1 April 2016 aangestel as Predikant in Sinodale Diens met opdrag Jeug- en Familiebediening. Die taakspan het vyf fokusareas, naamlik navorsing en strategie, toerusting, netwerke, fasilitering in gemeentes en hulpmiddel-ontwikkeling. Verdere projekte, soos #imagine, studentebediening en Kix-kinderbediening val ook onder die Taakspan se verantwoordelikhede.

## 2. NAVORSING EN STRATEGIE

Verskeie geleenthede is die afgelope vier jaar gereël waar predikante en jeugwerkers toegerus is en kennis gedeel is. Al die uitkomste is in artikelvorm op die webwerf www.dinkjeug.co.za geplaas sodat die gesprekke ook wyer kan uitkring. Die geloofsvormingstrategie word deur middel van die tafelmetafoor verduidelik.

Die vier pote is: kennis, verhoudings, aksie en aanbidding. Die volledige geloofsvormingboekie, vraelys en videogreep kan afgelaai word by www.dinkjeug.co.za.




## 3. TOERUSTING

Verskeie toerustingsgeleenthede is die afgelope vier jaar gereël waar predikante en jeugwerkers toegerus is en ervaring gedeel is. Al die uitkomste is in artikelvorm op die webwerf www.dinkjeug.co.za geplaas sodat die gesprekke ook wyer kan uitkring.

### 3.1 VBO geleenthede

Van die temas van dié geleenthede was onder meer inter-generasionele jeugbediening, kategese, ouerskap, berading, uitreike, bediening aan millennials. 17 VBO geleenthede is deur meer as 200 persone bygewoon sedert 2016.

### 3.2 Kinderkonferensie: 11-12 September 2018

KiX het in samewerking met die Taakspan Jeug- en Familiebediening ’n twee-daglange kinder-bedieningskonferensie met die tema "Toegerus vir die Toekoms" aangebied. Dit is deur 150 kursusgangers bygewoon en hulle het veral die verskeidenheid praktiese werkswinkels geniet.

### 3.3 Energie gesprekke

Hierdie een-dag geleenthede is gereël om netwerke te vorm en gesprekke oor jeugstrategie en teologie aan te moedig. Sommige van hierdie gesprekke het uitgeloop op netwerke soos die Familie Netwerk. Byna 100 persone het al ’n gesprek bygewoon. Daar was nege gesprekke sedert 2016.

Al die uitkomste is in artikelvorm op die webwerf www.dinkjeug.co.za geplaas sodat die gesprekke ook wyer kan uitkring. Temas van die gesprekke was onder andere kategese, familie-eredienste, familiebediening, skolebediening, jong werkendes en belydenisklas, -kamp en -aflegging.

## 4. NETWERKE

### 4.1 Die Familie Netwerk

Die Familie Netwerk is gestig om voortdurende denke en praktykgerigte idees te genereer. Die Familie Netwerk bestaan uit 30 predikante wat agt keer per jaar bymekaarkom vir ’n gesprek oor verskillende aspekte van inter-generasionele familiebediening. Temas wat al behandel is, sluit onder andere in familie-eredienste, kinderoom-blikke, huisgeloofpraktyke, dooptoerusting en familiekampe.

## 4.2 Die Jong Volwassene Leer Gemeenskap (JVLG)

Jong Volwasse Leer Gemeenskap
VAN DIE WES-KAAP

### 4.2.1 Die ontstaan van die JVLG

Hierdie leergemeenskap het einde 2017 ontstaan in opdrag van die Sinode van Wes-Kaapland om navorsing te doen oor die sogenaamde millennial generasie (wat tans jong volwassenes is), met die doel om ’n strategie vir die sinode voor te stel. Die groep bestaan uit 15 predikante en jeugwerkers wat meestal self in hierdie ouderdomsgroep val en werk. Die JVLG het ook produkte ontwikkel wat gemeentes kan help om gesprekke te voer en strategies hieroor te dink.

### 4.2.2 Verslag aan die moderamen

Die hooflyne van die verslag aan die moderamen was: Die groep het die volgende gewaarwording gemaak uit die navorsingsresultate, stories en leeswerk wat hulle versamel het. Daar is in elke gemeenskap ’n groot groep jongmense wat in die kerk grootgeword het. Van hulle is daar ongeveer 60% wat nie meer kerk bywoon of aktief hulle geloof beoefen nie. Hierdie syfer wissel in elke konteks. Die drie groot redes hiervoor is:

- Hulle (die meerderheid) vind gemeenskap elders – kerk/geloof is dus nie ’n prioriteit nie.
- Hulle (’n groterige groep) kan nie die kerk/geloof/ Bybel aan hulle werk en roeping verbind nie en dit raak dus irrelevant in hulle leefwêreld.
- Hulle (die minderheid) het seergekry in die kerk en verwerp dus geloof/die kerk of as gevolg van rasionele redes beskou hulleself as ongelowig of hulle het by ’n ander geloof aangesluit.

Uit die groep wat steeds aktiewe Christene is en kerk bywoon, is daar ook drie groepe geïdentifiseer:

- Daar is ’n groep wat nie meer in die NG Kerk tuiskom nie, maar wel in ’n ander denominasie ’n heenkome gevind het. Hiervoor is verskeie redes geïdentifiseer.
- Daar is aktiewe lidmate wat wel in die NG Kerk bly en deelneem aan aktiwiteite. Hulle het egter verskeie behoeftes wat aangespreek moet word sodat hulle ruimte het om te groei, te aanbid en te dien.
- Daar is ’n groep lidmate wat passief en onbetrokke is. Hiervoor is daar ook verskeie redes.

Dit is dus belangrik om nie oor hierdie ouderdomsgroep te veralgemeen nie. Daar is wel duidelike tendense wat die kerk kan help besin, naamlik:

- "Kerk" buite die geboue sal herontdek moet word.
- Spiritualiteit en soeke na betekenis is ’n hoë prioriteit.
- Egte gemeenskap is deurgaans ’n behoefte.
- Werk, roepingsbewustheid, die soeke na wysheid en die behoefte om ’n verskil te maak is ’n duidelike tendens.

### 4.2.3 Die Jong Volwasse Leer Gemeenskap (JVLG) se netwerk vir gemeentes

In 2019 het 16 gemeentes in ons sinode deel geword van ’n netwerk vir gemeentes onder leiding van die JVLG. Twee ander sinodes, Natal en Oos-Kaap, het ook deel geword van die netwerk met onderskeidelik ses en vyf gemeentes wat deelneem. Hulle word begelei om navorsing te doen in hulle eie gemeentekonteks en met verbeelding nuwe vorme van kerkwees te beproef. Ons sien uit daarna om aan die einde van die jaar meer te leer uit hulle ervaring.

### 4.2.4 Agt vrae

Daar is agt fokusareas deur die JVLG geïdentifiseer vir wanneer daar gedink word oor bediening aan, deur en saam met jong volwassenes. Hierdie agt vrae kan gemeentes help om nie net te besin oor dié generasie nie, maar ook om met verbeelding te dink oor hoe die kerk in die toekoms gestalte gaan vind.

- Gemeenskap: Hoe kan ons ruimtes skep waar egte gemeenskap ervaar kan word?
- Wysheid: Hoe kan ons aansluit by hierdie generasie se soeke na wysheid?
- Roeping: Hoe kan ons saam met jong volwassenes ons roeping verhelder om prakties ’n verskil te maak?
- Integriteit: Hoe kan ons in wedersydse verantwoordbare verhoudings tree en met opregtheid en deursigtigheid as kerk leef?
- Spiritualiteit: Hoe kan ons vars ritmes en ruimtes skep om ook buite die kerkgebou ons spiritualiteit te beoefen?
- Diversiteit: Hoe kan ons kerkdiversiteit omarm en vier en intensioneel ruimte maak hiervoor?
- Leierskap: Hoe kan ons na jong stemme luister en die energie van nuwe leiers ontgin, bemagtig en ondersteun?
- Broosheid: Hoe kan ons by die jonger generasie leer om met egtheid, broosheid en respek ruimte te skep vir mense wat verskillende vorme van trauma ervaar?

## 4.3 Netwerk vir Jeugwerkers en Jeugleraars

’n Retraite word jaarliks gehou vir jeugwerkers en leraars wat voltyds jeugbediening doen. Hierdie netwerk neem ook saam met die taakspan verantwoordelikheid vir nadenke rondom die opleiding van diensleraars vir jeug en bedienaars vir

jeug, asook die ondersteuning van mense in hierdie beroepe.

## 5. FASILITERING

### 5.1 Fasilitering in gemeentes


Gemeentes ervaar al hoe meer druk op hulle eie jeugbedieningsprogram en kategese weens verskeie redes, soos besige programme, ouer onbetrokkenheid en ’n veranderende kultuur. Gemeentes en ringe word deur die taakspan en PSD begelei om ’n nuwe jeugbedieningstrategie te ontwikkel wat relevant is in die huidige konteks. Talle gesprekke is gefasiliteer met gemeentes se jeugkommissies, predikante of kategetegroepe. Kategete-opleiding, ouertoerusting en familie-byeenkomste is ook aangebied.

### 5.2 Ringverteenwoordigers vir Jeug

Elke ring het ’n jeugverteenwoordiger aangewys en dié groep word jaarliks een of twee maal toegerus om hulle ring te begelei ten opsigte van jeugbediening. Hierdie ringverteenwoordigers ontvang hulpmiddels en die nuutste inligting oor kategese, #imagine, geloofsvorming, familiebediening en vele meer, wat hulle weer kan deurgee aan die gemeentes in hulle ring. Hulle word ook aangemoedig om ringkollegas en vrywilligers op te lei of sulke geleenthede in samewerking met die Taakspan te reël.

## 6. HULPMIDDELS EN KOMMUNIKASIE

### 6.1 Dinkjeug




www.dinkjeug.co.za is ’n elektroniese platform wat geskep is om predikante, jeugwerkers, jeugleiers en ouers te help met jeugbediening.


Op hierdie webtuiste word daar hulpmiddels, insigte oor jeugbediening, artikels, idees, nuus en teologiese stemme oor jeugwerk gedeel. Beide die webtuiste en Facebookblad word baie besoek. Dinkjeug is ook op Pinterest.

### 6.2 Die elektroniese toep "Ons Glo"




Die taakspan het hierdie dissipelskap hulpmiddel geskryf wat deur kleingroepe, gesinne, kategesegroepe of individue gebruik kan word. Die materiaal is beskikbaar op die webtuiste www.onsglo.co.za en die toep kan ook gratis afgelaai word.

### 6.3 Huisgeloofhulpmiddels




Verskeie huisgeloofhulpmiddels is ontwerp en word versprei:

- die "Huisgeloof Skatkaart" wat gesinne help om te "Wandel deur die Woord" beskikbaar by http://dinkjeug.ngkerk.net/2017/09/12/huis-geloof-speletjies/

- die "Glo en Gesels Speletjie" wat gesinne, kategesegroepe en ander help om geloofsgesprekke te hê by http://dinkjeug.ngkerk.net/2019/03/12/glo-en-gesels-speletjie/

- Huisgeloofreeks: Die eerste twee van ’n reeks van vier boekies is in samewerking met die Kategese Taakspan en Bybel-Media uitgegee. Dit kan gebruik word as toerusting, ’n erediens-

reeks of kleingroepmateriaal. Bestel dit by Bybelmedia.







### 6.4 Hulpmiddels vir fasilitering

- Die geloofsvormingaanbieding en videogreep
- Die 100-vraag vraelys
- Die geloofsvormingboekie
- Kategete-opleiding oor onderwerpe soos geloofvormingstrategie, tipes spiritualiteit, kategeseraamwerk, kreatiwiteit, aanbiedingsvaardighede ens.
- Die "millennial" poskaarte, plakkers, kleingroep gesprekke ens.

Al hierdie hulpmiddels is op Dinkjeug beskikbaar. Skakel gerus die Jeugkantoor vir enige navrae hieroor.

## 7. #IMAGINE

### 7.1 #imagine se visie word ’n werklikheid

In 2013 is daar saam gedroom om ’n landswye jeug-tot-jeug inisiatief te loods, in ’n eietydse idioom, wat die jongmense van Suid-Afrika sal beïnvloed en soos ’n golf na elke gemeente en gemeenskap in die land sal spoel. Die visie is gebore om op een naweek in ’n jaar ’n reuse tienersaamtrek op verskillende plekke dwarsoor die land te hou. Die Sinode van Wes-Kaapland het dadelik aangebied om die suidelike byeenkoms te ontvang en gemeentes in ons sinodale streek aan te moedig om daaraan deel te neem:

- om tieners ’n ruimte te gee vir ’n ontmoeting met Jesus en geestelike groei;
- om blootstelling te kry aan Christelike tieners uit ander rasse, kulture, kerke en dorpe;
- om ’n droom by jongmense te kweek dat God hulle wil gebruik om Suid-Afrika positief te beïnvloed; en
- om jongmense toe te rus om in gemeentes en skole diensbaar te wees.

### 7.2 #imagine se nasionale spoor

Die afgelope vier jaar het die fees uitgebrei van twee na vier plekke in Suid-Afrika, naamlik Bredasdorp (Suid), Bothaville (Sentraal), Bela-Bela (Noord) en Jeffreysbaai (Oos).

- **#imagine** is as NPO geregistreer en ’n voltydse bestuurder en administratiewe persoon is aangestel op nasionale vlak.
- **#imagine kidz** vakansieprogramme vir kinders is toegevoeg en word nou jaarliks landswyd aangebied in verskeie gemeenskappe met #imagine tieners as leiers.
- **#imagine** ignite is toegevoeg en word nou jaarliks aangebied om jeugwerkers en -leiers toe te rus.
- **Re#imagine** geleenthede het ontstaan omdat gemeenskappe hulle eie plaaslike opvolg #imagine geleenthede wou reël. Dit gebeur reg deur die jaar in verskeie gemeenskappe. ’n Voorbeeld is die **re#imagine** geleentheid wat deur tieners uit Khayelitsha en NGK Welgemoed beplan is en aangebied is in Khayelitsha.
- Die **re#imagine Matriekfees** word jaarliks in Desember in Heroldsbaai en Noordhoek aangebied.

### 7.3 Teologiese inhoud




Die taakspan en PSD het ’n direkte rol te speel by skep van kreatiewe inhoud van elke jaar se fees.
Die teologiese uitgangspunt is om telkens te fokus op ’n ander aspek van ons identiteit en Christus en roeping as dissipels. Die temas was as volg:

- 2014 – Die verhaal van Petrus help tieners om na te dink oor Jesus wat teenwoordig is in verskillende tipe lewenservaringe en die #imagine droom te deel.
- 2015 – Die vier vriende van die verlamde man laat tieners nadink oor vriendskap en hulle verantwoordelikheid om ander aan Jesus voor te stel.
- 2016 – Die verhaal van die Samaritaanse vrou herinner tieners dat Jesus ons raaksien, genees en terugstuur na ons eie tuisdorpe (die #imagine groet "Sawubona, I see you" is hier gebore sowel

as die # wat 'n brug na ander mense simboliseer).
- 2017 – Paulus se bekeringsverhaal gee geleentheid vir tieners om te gesels oor hulle eie kruispaaie en gehoorsaamheid om hul eie kruis te dra (die twee kruise wat die hashtag # vorm was hier 'n sentrale simbool).
- 2018 – Saggeus se verhaal help tieners om hulle eie uitdagings te deel asook om hul identiteit in Christus te vind (imagine = image+in).
- 2019 – Die verhaal van Timoteus bied aan tieners die geleentheid om oor mentorskap te gesels en hoe om 'n verskil te maak in Suid-Afrikaanse gemeenskappe.

### 7.4 Tendense wat ons raaksien

Heelparty NG gemeentes het gemeentes van ander denominasies (soms ook uit ander gemeenskappe) saamgebring en verhoudings is so versterk.

- Die navorsing wat tydens #imagine gedoen word, wys dat baie jonger tieners 'n geloofsoorgawe maak, terwyl ouer tieners meestal geloofsgroei ervaar. Die meeste getuig egter ook dat die fees hulle help om 'n roeping te kry vir hulle eie lewe en 'n droom vir Suid-Afrika. Vertroue tussen kultuurgroepe word ook versterk.
- Die werkswinkels is daarop gefokus om tieners te bemagtig en toe te rus om in hulle gemeenskap, skool of kerk diensbaar te wees.




- Die #imagine Bybelstudieboekie, grootgroep-aanbiedings en ander hulpmiddels soos #imagine CD, bladmusiek, videogrepe ensovoorts gee leiers praktiese hulpmiddels om die energie na die tyd op te volg.
- Die interaktiewe gebedstasies ("encounter stations") bly 'n hoogtepunt vir tieners en gemeentes word aangemoedig om hierdie formaat vir gebed by die jeug te beproef.

Volgende jaar se #imagine datum is **27-29 Maart 2020.**

### 7.5 Syfers vir die 2018 Suidefees te Bredasdorp

- 1 667 totale bywoning (1 223 tieners, 175 groepleiers, 169 vrywilligers).
- Meer as 400 tieners is geborg.
- 535 gemeentes het dit bygewoon uit meer as 40 denominasies en 89 dorpe.

## 8. STUDENTEBEDIENING

Die studentebedieningsfonds word aangewend om drie gemeentes in studentebediening te ondersteun, naamlik Stellenbosch Moedergemeente, Wellington Moedergemeente en Kenridge Gemeente (Tygerbergbediening). Dié gemeentes bied eerstejaarskampe aan, hou eredienste waarin daar 'n studentefokus is en vorm kleingroepe vir studente. Jaarlikse uitreike, belangegroepe, diensprojekte en koshuisgeleenthede maak ook deel uit van hierdie bedieninge aan en deur studente.

## 9. KIX KINDERBEDIENING


KWARTAAL 2 2019 KWARTAALBLAD KiX.KOM SONSTRAALTJIES vir JESUS Nr. 47

KIX NA KENIA

Wat het 'n trampolien en 'n bobbejaanskedel met KIX te doen? Riviersonderend reis na Kenia!

Riviersonderend se uitstalling vir "Kix na Kenia": kollektebussies, palmbome, die groot 5, Maasai-poppies, vissies uit handjies en hutte uit margarienbakkies.

Die lang man agter, Ray Porter, het in Tanzanië skoolgegaan. Die ouer egpaar voor, John en Myra Jones, is in Kenia getroud en het jare daar gewoon. Myra kom oorspronklik van Skotland. Sy het gaan Wiskunde gee in Kenia. John het lewende hawe teen ongewenste wilde diere beskerm.

Maasai-springer... met 'n bietjie hulp van die trampolien!

Hierdie bobbejaan is geskiet nadat iemand met 'n wildplaas John se hulp ontbied het, omdat die bobbejaan klein impalabokkies gevang het.

**Nuus uit Kenia!**

Die Reformed Church of East Africa (RCEA) se Kinderweek van 17-25 Desember 2018 was baie geseënd. Dit was hul heel eerste keer. Die kinders was baie opgewonde om in die gemeenskap uit te reik. Hulle het besoek afgelê by hospitale, haweloses, bejaardes en weeskinders. Verder het hulle ook aanbiedings in hul eie gemeentes gedoen. God het die kinders gebruik om Sy koninkryk te bou en baie mense se harte aan te raak!

Wil jou Kix-groep nie ook iemand in jou omgewing gaan besoek nie...?

KiX (voorheen die NG Kerk se kinderkrans) ontwikkel gratis kinderbedieningsmateriaal vir KiX-groepe in gemeentes, skole, nasorgsentrums en bewaarskole. Dit is vir alle gemeentes, persone en instansies landswyd beskikbaar. Ons werk ook saam met sekere kinderbondgroepe van die VG Kerk.

KiX-groepe word jaarliks aangemoedig om 'n getuienisprojek te ondersteun deur geld in te samel en kinders meer daarvan te vertel. Die afgelope vier jaar is die volgende projekte ondersteun:

- 2016 – OtjiekosProjek ondersteun MES, asook plaaslike hawelose bedienings
- 2017 – KiX Koester Kinders ondersteun kleuterskole in Malawi
- 2018 – Jesus vir Japan ondersteun Missie Japan se kinderbediening
- 2019 – KiX na Kenia ondersteun die Reformed Church of East Africa se kinderbediening

Al die ontmoetings word vanaf vanjaar ook in Engels vertaal. Dit kan in gedrukte vorm by die Jeugkantoor bestel word (jeug@sun.ac.za) en is ook gratis aanlyn beskikbaar by www.kixkinders.co.za.

## 10. VCSV

Die Verenigende Christen-Studentevereniging van SA The Uniting Christian (NPO number: 034-309-NPO) Posbus 25, Stellenbosch 7599.
Telefoonnommer: 021 887 0212, Faks 086 758 5789. Ryneveldstraat 32, Stellenbosch 7600.
e-pos: info@vcsv.co.za
webtuiste: www.vcsv.co.za

Ek, John Matthews, is die nuwe uitvoerende hoof van die VCSV van Suid-Afrika. Dit is vir my belangrik dat die verhouding tussen die VCSV en die NG Kerk gesond sal wees en vir my is dit belangrik dat u verteenwoordig word op die provinsiale raad van die Wes-Kaap. Ek sien uit na ons samewerking in die toekoms.

## 11. TAIZÉ KOM KAAP TOE!




Die bekende Taizé geloofgemeenskap in Frankryk bied weeklikse retraites vir jongmense aan en meer as 50 000 mense woon dit jaarliks in die klein dorpie by. Die groot nuus is dat Taizé egter in 2019 Kaap toe kom! 25-29 September 2019 bied hul 'n ekumeniese byeenkoms vir jong volwassenes in Rondebosch aan waar hulle ongeveer 8000 deelnemers verwag. Dié byeenkoms word genoem "Die Pelgrimstog van Vertroue" en die doel is om egte gemeenskap en vertroue onder jong mense te bou en om hul hoop in Christus te versterk.

'n Deel van die program is gesamentlike, multitalige aanbidding, 'n verskil te maak in die wêreld. Jongmense gaan tuisgaan in die huise van gemeentelede van verskillende plaaslike gemeentes in die Kaapse Skiereiland en 'n hele aantal NG gemeentes het al aangebied om hierdie jongmense te ontvang. Die taakspan moedig elke ring aan om vier of meer jongmense ouer as 18 jaar te stuur na hierdie geleentheid. Nabygeleë gemeentes (45 minute of minder se ry) word ook gevra om aan te bied om 'n groep jongmense te ontvang en by gemeentelede te laat tuisgaan.

Vir meer inligting besoek http://www.taize.fr/en of kontak die Jeugkantoor deur 'n epos te stuur aan jeug@sun.ac.za.

## 11. KONTAKBESONDERHEDE EN SKAKELS

Webtuistes:
www.dinkjeug.co.za
www.kixkinders.co.za
www.onsglo.co.za
www.imaginemovement.co.za

Facebook bladsye:
dinkjeug
kix kinderbediening
imagine
Re-imagine Matriekfees

Jeugkantoor:
Maryke Fourie
Tel: 021 808 9050
Epos: jeug@sun.ac.za

PSD vir Jeug:
Ds. Anriëtte de Ridder
anriette@sun.ac.za

**Ds. Christi Thirion (Taakspan voorsitter)**
**Ds. Anriëtte de Ridder (PSD Jeug en Familiebediening)**

# B3 – VERSLAG VAN DIE DIENSGROEP VIR GETUIENIS (GETUIENISAKSIE)

**Bestaande uit die taakspanne:**
**Arbeidsbediening, Publieke Getuienis,**
**Getuienis deur gemeentes en Ekumene**

# 3.1 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR GETUIENIS

## 1. INLEIDING

Ons onderskryf onderstaande perspektief op God se betrokkenheid by ons en ons saamlewe in die wêreld:

> *"Die kerk se roeping tot diens en getuienis vloei voort uit die wese van die drie-enige God. Die diepste wese van God word gekenmerk deur verbond, uitreik, selfopenbaring, wederkerigheid, verhouding – God is liefde en deernis Deus caritas est – immer soekend na gemeenskap. Die handelinge van God, soos geopenbaar in die skepping, die Skrif en die geskiedenis, word bestempel deur God se liefde vir die wêreld. God rig 'n uitnodiging tot mense om toe te tree tot 'n nuwe wêreld – 'n Trinitêre ruimte, waarin die drie-enige God van gemeenskap sy genade en sorg betoon en alles nuut- en heelmaak (Missio Trinitatis Dei)."*
>
> *"Die sending van diens en getuienis is 'n uitdrukking van die drie-enige God se liefde en deernis, waarin die omvattende heil (shalom) na alle mense en die hele skepping gebring word."*
>
> *Uit die 2011 VDDG publikasie: Ons roeping tot diens en getuienis in eenheid*

Getuienisaksie ondersteun gemeentes, bedieninge en vennootskappe as gestuurdes van Jesus om regverdige, helende, getuigende en versorgende geloofsgemeenskappe te wees. Ons prioriteite is:
Evangelisasie – Ekologie – Eenheid

### 1.1 Eenheidsbediening en verantwoording

Getuienisaksie is sedert 1991 'n verenigde bediening van die NGK-familie in die Kaapstreek. Getuienisaksie doen gereeld verslag van sy werksaamhede aan die drie konstituerende kerke (VGK Kaapland, NGKSA en RCA).

Die uitgangspunt is dat Getuienisaksie so duidelik as moontlik gestruktureer is en funksioneer as een bediening van een verenigde NG Kerk. Daarom sê ons duidelik: Getuienisaksie se identiteit was en is nie die van samewerking nie, dit is 'n eenheidsbediening in lewe en getuienis.

Getuienisaksie spreek sy diepe hartseer en teleurstelling uit teenoor lidkerke, maar in die besonder teenoor die NG Kerk Wes-Kaap oor die onvermoë en onwilligheid om oor soveel jare aan eenheid met die VGK en ander lede van die kerkfamilie gestalte te gee. Hierdie voorlegging neem verslae en voorleggings in ag wat by die volgende kerkvergaderings gedien het sedert die NGK sinode van Wes-Kaapland 2015: VGKSA Kaapland sinode 2018, VGK SK vergaderings 2015, 2016 en 2017; NG Kerk moderamenvergaderings 2015 tot 2018 en Getuienisaksie Jaarvergaderings 2015 tot 2018.

### 1.2 Bestuur en personeel

Die Dagbestuur van Getuienisaksie bestaan uit:
Jan Grobbelaar (voorsitter), Llewellyn MacMaster (mede-voorsitter), Eddie Orsmond, Kobus Odendaal, Braam Hanekom, Andre Botha, Clive Jacobs, Angelique Esau, Robert Knobel en Carin Brink.

BYLAAG 1: Ringsverteenwoordigers en ander verteenwoordigers.

Die kantoorpersoneel by Getuienisaksie is die volgende:
Kobus Odendaal (bestuurder), Braam Hanekom, Carin Brink, Stephen Pedro, Mickey Bouwer (sekretaresse), Danelle Jordaan (sekretaresse), Louise Bruiners (sekretaresse) en Lene November (Arbeidsbediening-administrasie).

### 1.3 Ernstige struikelblokke en uitdagings vir Getuienisaksie

In die afgelope vier jaar het ons bediening terdeë bewus geraak van ernstige struikelblokke en uitdagings wat die werk van Getuienisaksie aan bande lê. Die volgende word genoem:
1.3.1 Die gebrekkige vordering met eenheid tussen die VGK en NGK. Getuienisaksie is vir meer as twee dekades reeds 'n eenheidsbediening wat die rykheid van eenheid ervaar, maar wat werk in gemeentes en sinodes waar daar min belangstelling is om eenheid deur te voer.
1.3.2 Die hoë persentasie (meer as 50%) van gemeentes in die VGK Kaapland is vakant en die bestaande leraars is oorlaai met meerdere

pligte. Dit geld veral vir buite-stedelike gemeentes en ringe. Dit bring mee dat leraars min tyd het vir werkswinkels en skolingsgeleenthede.

1.3.3 Die bedieningsbehoeftes van Xhosa-sprekende gemeentes in die eertydse Transkei en Ciskei is nog ernstiger as enige ander deel van die sinodale streek van die VGK Kaapland. Sinodale bedieninge sal dringend moet mobiliseer en saamstaan om die gemeentes te ondersteun. Dit bly vir Getuienisaksie ’n reuse uitdaging.

1.3.4 Op algemene sinodevlak het die VDDG (Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis) tot stand gekom. Die VDDG is gekonstitueer met goedkeuring van al vier binnelandse lede van die NGK-familie (2006). In die VDDG is die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) van die VGK en NGK-familie, die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB) van die NGK, die ASKDD van die VGKSA, die Kommissie vir die Arbeid van die Kerk van die NGKA, asook die Kommissie vir Evangelisasie van die RCA verenig in Diens en Getuienis. Ongelukkig het Getuienisaksie geen verteenwoordiging by die VDDG nie en is daar geen aanduiding dat dit funksioneer nie.

1.3.5 Die gaping tussen gemeentes en Getuienisaksie as sinodale bediening bly vir ons ’n ernstige uitdaging wat deurentyd aandag geniet.

## 2. WERKSAAMHEDE VAN GETUIENISAKSIE IN DIE RESES

### 2.1 Jaarvergaderings

Getuienisaksie as bediening, sy bestuur en medewerkers hou jaarliks ’n algemene vergadering. By die geleentheid word verslag gedoen van alle werksaamhede, gefokus op brandpunte, behoeftes, uitdagings en geleenthede waarby Getuienisaksie deurlopend betrokke is. Dit blyk onder andere uit Getuienisaksie JV se fokusse en die gepaardgaande konferensies van 2007-2018. Ons fokus was agtereenvolgens missiologies-teologies op die volgende:

- 2007: Diversiteit in eenheid en vennootskap met mekaar en met ander;
- 2008: Getuienisaksie ontwikkel vennootskappe en fokus op Diens en Getuienis;
- 2009: Diversiteit en kultuur as uitdaging in ons getuienistaak;
- 2010: Diens en Getuienis (Geskiedenis, Konseptualisering, Bybelse gronde, Praktyk);
- 2011: Ons verskeidenheid bedieninge, in vennootskappe, multikultureel, naby en ver;
- 2012: Sáám in die Here se sending;
- 2013: In die Here se sending – fokus ons reg?;
- 2014: Sáám in die Here se sending – multikulturele gemeentewees;
- 2015: Die evangelie van Jesus vir die wêreld (Evangelisasie in ons tyd);
- 2016: Celebrating our heritage – Embracing the future;
- 2017: Die Belydenis van Belhar gee lig vanuit die evangelie: Geregtigheid, Versoening & Eenheid. Ons rol in gebroke gemeenskappe (klem op bendes). Hoe kan die Tussenorde ons help na eenheid?;
- 2018: Saam getuies te midde van reuse uitdagings
- Daar was deurentyd wye belangstelling en baie goeie deelname van NGK- en VGK predikante.

### 2.2 Die samestelling en byeenbring van gemeentebesonderhede (Jaarboek) van die VGK Kaapland.

Die VGK het tot onlangs nie ’n jaarboek van gemeentes gepubliseer nie. ’n Groot behoefte bestaan vir ’n boekie met betroubare inligting van gemeentes en leraars in die sinodale streek. Getuienisaksie het vanaf 2017 die taak opgeneem en ’n boekie saamgestel wat vrylik beskikbaar gestel word vir bedieninge en gemeentes en wat deurlopend bygewerk word.

### 2.3 Steun aan ’n VGK Kaapland werkswinkel vir bedieninge op 24 Oktober 2017 by SA Gestig, Belhar.

Die Integrated Ministry-model (IM-model) van die VGKSA is na ’n lang pad van besinning in 2005 deur die Algemene Sinode van die VGKSA as bedieningsmodel aanvaar. In 2006 het die Sinode van Wes-Kaapland besluit om die IM-model in ons gebied te implementeer. Die IM-model bestaan uit die drie kernbedieninge (*core ministries: Proclamation & Worship; Congregational Ministry;* en *Witness & Service*) en ses ondersteuningsbedieninge. Noue samewerking, koördinering en ’n gerigte fokus word as ideaal gestel. Die werkswinkel het ’n betekenisvolle bydrae gelewer tot nouer samewerking tussen bedieninge van die VGK Kaapland.

### 2.4 Steun aan ander VGK-bedieninge en NetACT

Getuienisaksie sien dit as sy breë verantwoordelikheid om ondersteuning te bied en hulpbronne te deel met ander bedieninge. Ons het ondersteuning gebied aan Gemeentelike Bediening met die ondersoek na vakante gemeentes en die begeleiding van gemeentes na missionale gerigtheid. Vir die ses maande van Junie tot November 2017 is die dienste van ds. Moses Baartman van Garies deeltyds gekoop om die werk in verskeie ringe te doen. Dienste is ook aan die Bediening: Publikasie beskikbaar gestel vir die oprigting van ’n webblad en die opstel van Facebook en Twitter vir die VGK Kaapland. Getuienisaksie ondersteun ook aktief die werk van NetACT (netwerk van teologiese skole in Afrika).

### 2.5 Reformed Family Forum (netwerk van ons susterkerke in Afrika)

Die kerke in Afrika met historiese verbintenis met die NGK in Suid-Afrika het ontdek dat hulle inderdaad deel is van ’n wonderlike familie, dat hulle susterkerke is, onlosmaaklik verbind deur ’n gedeelde geskiedenis, ’n gemeenskaplike belydenis-identiteit en ’n gesamentlike roeping.

Die meeste van die jonger kerke, die sogenaamde dogterkerke, het in die 1960’s en 70’s selfbestuur ontvang. Die proses om van ’moeder’ en ’dogter’ na ’susters’ as gelyke vennote te beweeg, was nie altyd maklik nie. Tog, ten spyte van spanning by tye, het ons verbondenheid bly staan.

Nadat hulle selfstandig geword het, het die individuele kerke in die familie verskeie maniere gesoek om hulle eenheid uit te druk. Van 1960 tot die middel van die 1970’s is die eenheid van die familie deur middel van ’n Federale Raad van NG kerke gestruktureer, maar dié liggaam is uiteindelik ontbind weens die ondersteuning van die NG-Kerk vir apartheid en hul oorheersing binne die raad. Verskeie bilaterale en multilaterale vennootskaps-ooreenkomste is sedertdien gevorm. Hulpverlening en personeelondersteuning is gegee, maar vir ’n goeie dertig jaar is daar nie byeengekom nie. Dit was dus ’n vrolike familiehereniging in 2004 in Stellenbosch, toe verteenwoordigers van die meeste susterkerke ’n konferensie oor "Mission in Africa" kon bywoon. Hulle het mekaar herontdek en geluister na mekaar se stories. Hierdie waardevolle konferensie is gevolg deur ’n konferensie in Johannesburg in 2009 oor "Vennootskappe", gereël deur die VDDG (Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis) van die susterkerke in Suid-Afrika.

In 2015, op inisiatief van Gideon van der Watt (Sekretaris van Vennote in Getuienis van die NGK Vrystaat), Kobus Gerber (Algemene Sekretaris van die NGK), met die ondersteuning van Kobus Odendaal en Jurgens Hendricks (NetACT), is ’n byeenkoms gereël vir die algemene sekretarisse van ons susterkerke by die Justo Mwale Universiteit in Lusaka. Die vergadering is aangebied deur die Reformed Church of Zambië en is deur die meeste susterkerke bygewoon.

In 2016 het ’n opvolgvergadering by Sengabaai aan die Malawi-meer plaasgevind. Hierdie vergadering is aangebied deur die Kerk van Sentraal-Afrika Presbiteriaan (CCAP), Nkhoma-sinode. Op hierdie vergadering is die *Reformed Family Forum* (*Encontro da Familia Reformada*) gestig, bestaande uit kerke met historiese bande met die Nederduits Gereformeerde Kerk. Aanvanklik woon slegs die algemene sekretarisse van die onderskeie kerke dit by, maar daar word beoog om ander leiers later te betrek.

Oor die jare, veral nadat hulle selfstandig geword het, het die kerke wonderbaarlik gegroei. Die *Reformed Church of Zambia* (RCZ), die *Church of Central Africa Presbyterian* (CCAP) Nkhoma-sinode en die *Universal Reformed Christian Church* (NKST) in Nigerië het eksponensieel gegroei. Daar is ook verhale van deursettingsvermoë ten spyte van ondenkbare swaarkry as gevolg van geweld, burgeroorloë, armoede en sosiale onreg in baie van ons Suider-Afrikaanse lande. Aanvalle deur fundamentalistiese Islamitiese groepe in Nigerië en Kenia, sowel as ernstige droogtes het ’n groot impak op die kerke in hierdie gebiede gehad. Ons het mekaar nodig om die uitdagings van ons vasteland saam aan te spreek.

Die *Reformed Family Forum* bestaan uit:

- *Reformed Church of Zambia (RCZ)*
- *Church of Central Africa Presbyterian (CCAP) Nkhoma Synod, Malawi*
- *Universal Reformed Christian Church (NKST) in Nigeria*
- *Dutch Reformed Church in Africa (South Africa)*
- *Reformed Church in Zimbabwe*
- *Church of Central Africa Presbyterian (CCAP)-Harare (Zimbabwe)*
- *Swaziland Reformed Church Swaziland*
- *Dutch Reformed Church (South Africa)*
- *Dutch Reformed Church in Botswana*
- *Uniting Reformed Church of Southern Africa (South Africa and Namibia)*
- *Igreja Reformada em Mozambique*
- *Reformed Church in Eastern Africa (Kenya).*

Nuwe susters in die familie is:

- Die *Evangelical Reformed Church of Angola* (*Igreja Evangélica Reformada de Angola* of *IERA*);
- Die *Lesotho Evangelical Church in Southern Africa (LECSA),* gestig deur die *Paris Mission Society*, het ’n noue historiese verband met die NG kerkfamilie.

Meer inligting is beskikbaar in die boek wat saamgestel is deur Gideon van der Watt and Mariëtte Odendaal genaamd *A Family of Reformed Churches in Africa, Remarkable stories of God’s Grace*, gepubliseer deur CLF, Wellington, in 2017.

### 2.6 Zikomo vakansie-woonstelle in die Strand

Daar is 10 selfsorgwoonstelle beskikbaar. Die oorspronklike doel was om vakansie-akkommodasie aan sendelinge te verskaf. Aangesien die sendelinge dit vir beperkte tye gebruik, is dit ook beskikbaar vir die publiek teen bekostigbare tariewe.

### 2.7 Kommunikasie

Getuienisaksie koop die tyd in van ’n buite-konsultant, Mariëtte Odendaal, om die kommunikasie en bemarking van die bediening te

doen. Sy is verantwoordelik vir die publikasie van Getuie/Witness twee keer per jaar, sy publiseer nuus van die bediening en van gemeentes daagliks op Facebook en Twitter en weekliks op VrydagNuus, elektroniese blad van die Sinode van Wes-Kaapland. Sy is ook verantwoordelik vir die bou en instandhouding van ons webblad. Sy lewer ook kommunikasiedienste aan Arbeidsbediening, NetACT en die *Reformed Family Forum.*

## 3. TAAKSPANNE

### 3.1 Taakspan: Arbeidsbediening (Kaapstreek)

Bestuurder: Carin Brink
Taakspanvoorsitter: dr. E Orsmond
Ander lede: ds. R van Wyk (ondervoorsitter), ds. S Pedro, ds. F Meyer, ds. B Handel, ds. G Rauch, dr. K Odendaal, mnr. J Reitz, me. M Bouwer, mnr. I Mostert en ds. M Damon.

Arbeidsbediening fokus op die bedienings-uitdagings in die konteks van arbeid en ekonomie. As gevolg van die veranderende ekonomiese klimaat en daarmee gepaardgaande verwagtings moes Arbeidsbediening aanpassings maak en ook ander maniere van bediening vind. Daar het bykomend 'n groter fokus op die bemagtiging en toerusting van werknemers en werkgewers gekom en dit het ons bedieningsfokus verbreed.

#### 3.1.1 Bediening aan die vissersgemeenskap

Deur die bediening aan die vissersgemeenskap word die holistiese behoeftes van die gemeenskap (geestelik, emosioneel en maatskaplik) aangespreek. Bo en behalwe die ondersteunings-groep wat gestig is vir dwelmverslaafdes, is daar ook vennootskappe in die gemeenskap gevestig waardeur die evangelie verkondig word. Projekte in die gemeenskappe van Houtbaai en Kalkbaai skep platforms waar daar met individue oor die evangelie gepraat kan word.
Verskillende fokusse:

- Jeugaktiwiteite, Bybelstudies, uitreike binne die gemeenskap en beradingsdienste het deurlopend plaasgevind. Deur persoonlike kontak is daar baie geleentheid vir berading en word mense geestelik en maatskaplik begelei.
- 30-40 persone elke Sondag by Kalkbaai Gemeenskapskerk – uitreikboodskappe vir minderbevoorregte persone (geestelike versorging) – uitreike na die kerkdiens uitdeel van kospakkies (skenkings) en berading wat dan daaruit voortvloei vir gesinsprobleme, afhanklikheid, gesinsgeweld, ens. is van die sake waarin daar met hulle 'n pad gestap word, in samewerking met maatskaplike werkers van die gebied).
- Weens die viskwotas en gepaardgaande werkloosheid is begin met programme vir vroue binne die vissersgemeenskap. "First Thousand Days" se konsep gebruik die eerste 1 000 dae om vir vroue ouerskapsvaardighede en sosiale vaardighede aan te leer. Hulle het 'n baie goeie program wat die mammas kan toerus om hulle kinders se ontwikkeling op allerlei maniere te stimuleer, byvoorbeeld hul groot- en klein motoriese hand-oog-koördinasie, balans, ens. Hulle gebruik die Embrace-programinligting om aktiwiteite met mammas te doen. Kontak word ook met plaaslike klinieke gemaak, sodat klinieke die mammas na BIBLIA kan verwys om deel te raak van hierdie opwindende program.
- As gevolg van die oorsake van geweld, werkloosheid en aggressie is beradingsdienste 'n noodsaaklike diens vir persone in die vissersgemeenskappe. Deur persoonlike kontak is daar baie geleentheid vir berading en word mense geestelik en maatskaplik begelei.
- Bybelstudiegroepe vir die jeug, uitreikprogramme en dienste op 'n Sondag, verspreiding van Bybels, dissipelskapklasse en interkerklike skakeling (waar lede van die gemeenskap elke maand bymekaarkom om saam vir die gemeenskap te bid) is ook geïmplementeer.

#### 3.1.2 Bediening in die werksplek (Handel en Nywerheid)

- ***BrightStar-program***: Dit is 'n persoonlike- en leierskapsontwikkelingsprogram wat ten doel het om vaardighede te help ontwikkel sodat mense 'n gebalanseerde en betekenisvolle lewe kan leef. Die kategete van die VGK, plaasarbeiders en besighede is van die teikengroepe vir hierdie suksesvolle en relevante program. In 2018/2019 boekjaar is daar:
  - 92 kategete van VGK Elsiesrivier, VGK Uitsig en VGK Belhar-Oos (gesamentlik), VGK Durbanville en VGK Sarepta met die program toegerus.
  - Op 'n plaas, De Eiken, in die Ceres-distrik is twee kursusse vir 45 plaasarbeiders aangebied.
  - In George en omgewing word die program reeds binne besighede aangebied.
  - Brandvlei Gevangenis in Worcester (25 jeugdiges)

- ***First Light on BrightStar***: Dis 'n inleiding tot die BrightStar-lewensvaardigheidsprogram en is hoofsaaklik gefokus op kinders tot 13 jaar, ongeletterde persone en persone vir wie die BrightStar-program onbekostigbaar is. Die program is op De Eiken plaas, Ceres, vir die plaasarbeiders se kinders aangebied en ook in Khayelitsha by 'n plaaslike gemeente.

- **Opleiding van plaaslike aksies**: Opleidingsgeleenthede word deurlopend geskep en aksies word besoek om hulle te help om goeie bestuurspraktyke te vestig.

- Die opening van bedieningspunte in die Wes- en Suid-Kaap is deurlopend.
- Verdere ontwikkeling vind in die Kaap Namakwa-streek plaas. Die metode vir toepassing is: "Kom ons Gesels en maak ’n Verskil" ("Let’s Talk and make a Difference"). Die interaktiewe toerustingsprogram fokus op die individue se geestelike welstand, die persoon se helpende vennote en sy of haar vaardighede om te oorleef. Kontak met VGK- en NGK-gemeentes binne die Namakwaland-streek en samewerking met ander vennote wat ook reeds in sekere dorpe werksaam is.

- **Beradingsessies** waar daar holisties na die werkgewers en werknemers se behoeftes omgesien word. Die bediening van die evangelie in alle plekke van werk**,** asook die ondersteuning van gelowiges in die wêreld van werk.

- **Opleiding:** Evangelisasieprogram: Die Lukas 10 transformasiekursus word gebruik om gemeente -lede toe te rus om evangelisasie te kan doen en daardeur ook by Arbeidsbediening betrokke te raak. Hierdie is ’n gemeentefokus wat reeds aktief is in George by NGK Outeniqualand.

- ***RESCUE*** **Projek** wat in die volgende boekjaar infasseer word. Die SAPD is reeds ontvanklik vir die *RESCUE* Projek wat fokus op die verligting van stres en trauma binne hul beroep.

### 3.1.3 Bediening aan Transnet

- Die bediening van die evangelie aan treinpendelaars (van Bellville tot in Vishoek, sowel as Khayelitsha en Nyanga) deur geestelike werkers. ’n Tweede werker bedien die kaartjiekantore en kondukteure van verskeie stasies op ’n weeklikse basis (Stikland, Kaapstad, Kuilsrivier en Stellenbosch se lyne).
- Motivering, mentorskap en evangelisasie aan ses skole (Nyanga, Gugulethu, Khayelitsha en Cross Roads). ’n Totaal van 420 kinders is betrek en die skole is ontvanklik vir Arbeidsbediening.
- *First Light on BrightStar*-program word ook geïmplementeer by ’n primêre skool in Khayelitsha - 20 kinders het die kursus bygewoon en is begelei met die maak van keuses.
- Bediening by Pollsmoor-gevangenis deurlopend.

### 3.1.4 Bediening aan die Seelui (Biblia Hawesending)

- 90% van voedselprodukte wat ons gebruik, kom vanaf skepe en daarom is die bediening aan seelui, holisties, van onskatbare waarde.
- Besoeke aan buitelandse skepe nie net om die evangelie met hulle te deel nie, maar ook om na hul emosionele en maatskaplike welstand om te sien. Dit sluit in die verspreiding van Bybels, hospitaalbesoeke, berading en mentorskap gesprekke en die bymekaarkom van seelui en vissers in die *Missions to Seafarers*-gebou. Hierdie is ’n wonderlike platform vir persoonlike gesprekke.
- Noue samewerking met ITF, ’n internasionale organisasie wat mensehandel direk aanspreek, verseker dat die werknemers (vissers en seelui) nie uitgebuit word op die skepe nie. Plaaslik lewer die werkers ’n ongelooflike diens aan seemanne wat uitgebuit word en wat aan mishandeling blootgestel word.
- Vennootskappe met ander werkplek bedieninge en rolspelers is onlosmaaklik deel van hierdie bediening.

## 3.2 Taakspan: Publieke Getuienis (Sentrum vir Publieke Getuienis)

### 3.2.1 Dank aan Taakspan

Groot dank aan die SPG Taakspan wat onder voorsitterskap van Llewellyn MacMaster nie net stimulerende gesprekke gevoer het nie, maar ook goeie leiding verskaf het om die kantoor op koers te hou.

Die taakspan bestaan tans uit: Braam Hanekom, Clive Jacobs, Esther Xube, George Rauch, Heerden van Niekerk, Kobus Odendaal, Sipho Mahokoto, Stephen Pedro, Llewellyn MacMaster, Johann Theron, Zanne Horrell, William Ficks, Mathilda Maarman en Nelis Janse van Rensburg (pas verkies).

### 3.2.2 Dialoog en gemeenskapsforums

Een van die hooffokusse van Publieke Getuienis is om inklusiewe gesprekke op verskillende dorpe oor die toekoms van daardie dorp/stad /streek te voer. Soms was die gesprek tussen die kerkleiers van verskillende kerke en soms tussen kerk, staat, besigheid en gemeenskap (NRO’s). Die idee was nie net om konflik en protesaksies teen te werk nie, maar ook om regtig proaktief na die toekoms te kyk. Een van die kernwaardes van Publieke Getuienis is dat inklusiewe dialoog een van die sentrale sleutels tot die toekoms is. Plekke waar die forums gefasiliteer is, sluit onder andere in Springbok, Malmesbury , Vredenburg, Porterville, Oudtshoorn, George, Mosselbaai, Swellendam, Riversdal (Hessequa Munisipaliteit), Kleinmond, Hermanus, Belhar, Caledon, Wolseley, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Rustenburg, Citrusdal, Bellville, Bredasdorp en Atlantis. Ons was ook direk betrokke in talle gesprekke met owerhede oor die konflik in Hermanus en Kleinmond. Vir 2019 is daar 10 dorpe geïdentifiseer waar die gesprekke voort sal gaan.

### 3.2.3 Ad hoc gesprekke (Courageous Conversations)

’n Aantal gesprekke wat aktuele kwessies van die dag aangespreek het, is ook gefasiliteer. Hierdie

kwessies het ingesluit, maar was nie beperk tot onderwys, sosiale kohesie, ekonomie, restitusie, Suid-Afrika teen 2030 nie. Persone wat daaraan deelgeneem het, sluit in: Wim de Villiers, Barney Pityane, Lokhanyo Calata, Piet Naude, Jannie Rossouw, Theuns Eloff, Louise van Rijn, Tony Leon, Franklin Sonn, Andre Roux en Rachel Jafta.

### 3.2.4 Ekumene en die Western Cape Ecumenical Network

Na ernstige oorweging en konsultasie met kerkleiers is daar besluit om die *Western Cape Ecumenical Network* (WCEN) te stig. Die motivering vir hierdie forum is hoofsaaklik die uitdagings in die Wes-Kaap en die gebrekkige leiding wat daar uit veral die WPCC gekom het.

Tans bestaan dit uit ongeveer 30 kerke, ekumeniese liggame en parakerklike liggame. Die WCEN vergader twee keer per jaar vir twee dae by in Harmonie (buite Franschhoek), maar het ook korter vergaderings deur die loop van die jaar om ad-hoc krisisse te bespreek (soos byvoorbeeld geweld en protes op die Kaapse Vlakte). Dit het ook 'n uitgebreide verslag oor die teologiese begronding van restitusie saamgestel.

### 3.2.5 Hoop en Versoening Trust

Die HVT het onder leiding van die volgende trustees funksioneer: Braam Hanekom, Bossie Minnaar, Hannl Cronjé, Sam Dandala, Sean Esterhuizen, Ritz de la Bat en Herman Bailey.

Die hoofdoel van die trust is om gemeentes en individue die geleentheid te gee om deel te hê aan die opbou van Suid Afrika. Daar word veral gefokus op vroeëkindontwikkeling en landelike ontwikkeling. In vennootskap met gemeentes is projekte ter waarde van nagenoeg R7 000 000.00 in die termyn voltooi. Dit sluit die bou van twee nuwe crèches, twee nuwe gemeenskapsentrums (Kalkfontein en Walmer), die opgradering van crèches, ontwikkelingsprogramme en landbouprogramme in die Oos-Kaap in.

### 3.2.6 Kommunikasie en media

Die rubriek "Godsdiens Aktueel" word op 'n maandelikse basis vir Die Burger geskryf, maar verskeie artikels oor onder meer terreur, woede in Suid-Afrika, voorstelle vir 'n nuwe vredesakkoord, brande en protesaksies het ook in Rapport en Beeld verskyn. Verskeie artikels is ook op versoek van die Instituut vir Toekomsnavorsing (US) vir van hul publikasies geskryf.

### 3.2.7 Ander

Dr. Hanekom (PSD) is ook lid van die *Electorial Code of Conduct Commission* wat onder voorsitterskap van Aartsbiskop Thabo Makgoba nou saam met die OVK werk en verkiesings monitor. Verskeie preekbeurte is deur die PSD in verskillende gemeentes waargeneem.

### 3.2.8 Samevatting en die toekoms

Die SPG sal steeds poog om op 'n verskeidenheid relevante en aktuele kwessies te fokus wat die breë Suid-Afrikaanse samelewing raak. Ons bly positief oor die toekoms, maar sal oneerlik wees as ons nie sê dat die volgende sake ons nie bekommer nie:

- klimaatsverandering en die droogte (insluitend kie toenemende brande);
- massiewe migrasie van mense met gebrekkige en onvoldoende behuisings- en werkverskaffingsbeleid;
- die skuldlas van die staat;
- verhoging in emosie en bitterheid gepaardgaande met gebrekkige sosiale kohesie;

Die SPG is verder van mening dat die gebrekkige eenheid tussen die NGK en VGK ons getuienistaak op soveel terreine aan bande lê. Mag ons biddend saam die pad loop.

## 3.3 Taakspan vir Gemeentegetuienis

Bestuurder: Stephen Pedro. 'n Nuwe PSD is in Mei 2018 aangestel en werk met die leiding van die lede van die kernbediening: Gemeentelike Bediening van die VGK waarvan ds. Moses Baartman die voorsitter is, met verteenwoordiging van Communitas en Getuienisaksie.

### 3.3.1 Aanstelling van VGK PSD. Samewerking met Gemeentelike Bediening en Communitas.

Getuienisaksie in vennootskap met Communitas en VGK-Gemeentelike Bediening het die aanstelling van 'n VGK PSD gedoen. 'n Oop werwingsproses is gevolg en die posbeskrywing en fokusareas is as volg gestel:

- Ondersteun gemeentes in die ontwikkeling van hulle missionêre karakter en roeping;
- Ontwikkel evangelisasieprogramme - en materiaal saam met, en vir gemeentes ten opsigte van kerklos en vervreemde lidmate, ongelowiges en aanhangers van ander gods-dienste;
- Ondersteun gemeentes in die ontwikkeling van multi-kulturele geloofsgemeenskappe, met interkulturele kundigheid en vaardighede;
- Ondersteuning aan verbandsevangeliebedieninge soos Straatwerk en ander;
- Begelei gemeentes ten opsigte van hul evangelisasie-werksaamhede in samewerking met die Diensgroep: Gemeentebegeleiding;
- Neem aktief deel aan die Eko-projekspan;
- Bou en uitbou van vennootskappe en netwerke;
- Deelname aan projekte in breëre kerkverband;
- NGGO (GKS).

Stephen is deur VGK Sarepta Gemeente beroep en voltyds toegewy aan sinodale diens. Hy is in diens van Getuienisaksie en Communitas, maar lewer diens aan Gemeentelike Bediening van die VGK

Kaapland. Hy het ’n span kundiges en begeleiers by sy werk betrek.

#### 3.3.2 Ondersteuning aan ons gemeentes in die Oos-Kaap

Ds Vuyani Minya van Zwelitsha is in April 2016 vir drie jaar deeltyds aangestel om die werk van die Getuienisaksie in die Oos-Kaap te organiseer. Hy is ondersteun deur ’n bestuurspan onder die voorsitterskap van ds. Barnabas Ngqozela van Port Elizabeth. Die ander lede is L.Titimani, H.Tromp,T. Irion, Boyce Masele en Joseph Ntlatywa. Die span staan voor groot uitdagings en dit sal tyd neem voordat ’n beduidende impak gemaak kan word. ’n Aantal werkswinkels is reeds in verskillende ringe aangebied. Die fokus is om ’n leerkultuur te vestig met werkswinkels wat die huidige uitdagings aanspreek, leraars te ondersteun in hul uitdaging om baie vakante gemeentes te bedien en om die gebruik van Bybel-kursusse soos NBI aan te moedig om leierskap te ontwikkel. Algemene struikelblokke is die volgende:

- Interne konflikte in verskeie gemeentes;
- Baie gemeentes is net op oorlewing ingestel. Lidmate verlaat die landelike gebiede vir die stad om werk te soek en dra nie iets by tot die plaaslike gemeente nie;
- Die groot aantal vakante gemeentes wys die tekortkominge uit met die huidige bedieningsmodel waar die leraar alleen mag doop en nagmaal bedien;
- Jeugbetrokkenheid ontbreek binne baie gemeentes;
- Leraars het nie tyd om werkswinkels by te woon nie;

### 3.4 Taakspan vir Afrika ekumene

Bestuurder: Kobus Odendaal
Voorsitter: Robert Knobel

#### 3.4.1 Fokus van Taakspan

Die Taakspan fokus op die versterking van die verhoudinge met ons susterkerke binne die NGK-familie in Afrika. In Zimbabwe is dit die *Reformed Church in Zimbabwe* (RCZ) en *Church in Central Africa Presbyterian* (CCAP) Harare, die CCAP Nkhoma Malawi, *Igreja Reformada em Mozambique* (IRM) Mphatso, IRM Tumbine in Mosambiek, NKST Nigerië en *Reformed Church in East Africa* (RCEA) Kenia. Daar is ook kontakte en verbindings, in mindere mate, met ander kerkgroepe in Afrika suid van die Sahara (bv. Geopende Deure in Suid-Soedan). Die doel is om hierdie kerke in hul getuienis en diens te ondersteun, binne hul spesifieke konteks. Alhoewel ons baie minder gesekondeerde personeel by ons susterkerke oorhet, is daar nog verskeie projekte wat ons as deel van ons vennootskapsooreenkomste ondersteun.

Ons sien ook van ons susterkerke wat na mekaar toe uitreik bv. die CCAP Nkhoma wat die IRM Mphatso met werkwinkels vir hulle pastors ondersteun. Groete-boodskappe is tydens sinodesittings van ons susterkerke in Zimbabwe, Malawi en Mosambiek oorgedra. Kerkleiers van die NGK en VGK is per geleentheid saamgenooi om sinodes te besoek.

Uitreike deur gemeentes in Suid-Afrika na ons susterkerke in Suider-Afrika is baie belangrik om ons familiebande te versterk. Dit het die afgelope tyd afgeneem. Pogings word aangewend om gemeentes aan te moedig om uit te reik. ’n Toer met ’n aantal leraars van die VGK en NGK is in 2014 na Malawi en Mosambiek onderneem wat waardevolle blootstelling vir hulle gebied het.

Die uitbreiding van Hefsiba Teologiese Kollege by Vila Ulónguè in Mosambiek na Milange en Mocuba in Noordoos-Mosambiek het groot uitdagings gebring. Ons gesekondeerde personeellid vir die afgelope drie jaar, Ivan Stevens, het in 2017 bedank en gaan nie vervang word nie. Korttermyn-dosente word gestuur en plaaslike dosente se verdere opleiding word gesteun.

Die ekonomiese en sekuriteitsituasie in die Benue-staat in Nigerië het nog verder versleg en het ’n ernstige uitwerking op die lede van ons susterkerk, die NKST. Die skaarsheid van hulpbronne vuur die konflik tussen die Fulani en Tiv-mense verder aan.

’n Hele aantal lidmate van die kerk is in die onrus doodgemaak en kerkgeboue is vernietig. Die vorige sekretaris-generaal, ds. Peter Azuana, het ons in 2017 besoek en groete aan die SK van die VGK Kaapland oorgedra. Intussen het hulle nuwe leiers gekies en die behoefte is dringend dat ons leiers van die VGK die NKST in Nigerië sal besoek om bande met die kerk daar te verstewig.

Samewerking met NetACT (netwerk van teologiese skole in Sub-Sahara Afrika). As stigterslid van NetACT, met die Fakulteit Teologie op Stellenbosch, speel Getuienisaksie steeds ’n aktiewe rol in die bevordering van teologiese onderwys in Afrika. Daar word aktief gewerk aan toepaslike teologiese publikasies oor brandende kwessies soos MIV, vroue in die kerk en oor ontwikkeling. Daar is ook ’n groot projek geloods om ’n internetgebaseerde teologiese biblioteek vir skole daar te stel.

#### 3.4.2 Eko-projekspan

Voorsitter: David Botha
Lede: Jan Odendal, Diek van der Zel, Susan van Zyl en Kobus Odendaal

Die doel van die span is om lidmate aan te moedig om aardversorgers is wees. Hulle fokus op vier areas:

- Om relevante inligting aan die kerke te versprei oor die ekologiese uitdagings wat die lewe bedreig. Weekliks word inligting oor die ekologie

op die verskillende mediaplatforms versprei; onder andere in VrydagNuus.

- Om ekologies sensitiewe waardes aan te moedig sodat lidmate/gemeentes hulle gedrag positief sal verander ten opsigte van die ekologie. Daar word ook beoog om ’n kursus vir predikante aan te bied oor ekologie.
- Om met ander netwerke saam te werk. Ander vennote is SAFCEI (*Southern African Faith Communities’ Environment Institute)* en Arocha.
- Om ’n spiritualiteit te ontwikkel wat ’n eko-vriendelike lewenstyl bevorder en onderhou.

Die projekspan het intussen ontbind en ’n nuwe span en inisiatiewe moet aangepak word.

## 4. ONS VENNOTE

### 4.1 Straatwerk

Hulle fokusarea is diens en getuienis aan haweloses, vroue vasgevang in prostitusie en hoë risiko kinders, asook mense wat die naglewe van Kaapstad besoek in die middestad van Kaapstad, Groenpunt en Seepunt. MES doen soortgelyke werk in die Bellville-middestad, met ’n spesiale fokus op die 30 000 Somaliërs, hoofsaaklik Moslems, wat daar saamgetrek is. Hierdie bedieninge ontvang graag besoeke van gemeentegroepe en rus ook plaaslike gemeentes toe om soortgelyke uitreike en bedieninge plaaslik te begin.

### 4.2 Simcha bediening aan ons Joodse bure

Die bediening fokus op die bring van die evangelie aan Jode en deur die opbou en uitbou van die Messiaans-Joodse gemeente, Beit Ariel, in Kaapstad en omgewing. Joodse Christene uit verskillende kerkagtergronde in ’n oop gemeente met ’n Joodse liturgie bring ’n kollektiewe en individuele getuienis dat Jesus ook vir Jode die Messias en Here is. Eredienste, huisgroepe, huisbesoeke en skoling van Christene is die bedieningsmetodes.

### 4.3 Sokhanya-Bybelskoling

Die Sokhanya-bediening is reeds vir 23 jaar in Khayelitsha gesetel onder leiding van Danie van Zyl en het gefokus om kerkleiers van onafhanklike kerkverbande basiese teologiese opleiding te gee. Van 2017 is dit by die Nehemia Bybelsinstituut van BybelMedia ingelyf en word vanaf Wellington bedryf. Jerry Siseko is die bestuurder. Saam met die NBI-kursusse verskaf dit waardevolle leermateriaal vir die opleiding van leiers in gemeentes.

### 4.4 Sport en Spel

Hierdie vriendskapsevangelisasiemetode is veral tydens die 2010 Sokker Wêreldbeker toernooi in Suid-Afrika ontwikkel en gevestig. Getuienisaksie ondersteun hierdie unieke uitreikmetode wat die evangelie van Christus op ’n nie-bedreigende manier deur middel van sokker na jongmense uitdra. Bybelse beginsels word vanuit die sport, sokker, geleer. Dit vind plaas onder leiding van Ben Marais. Die bediening is baie gewillig om plaaslike gemeentes toe te rus om hierdie metode in hul eie konteks toe te pas.

### 4.5 Hugenote Kollege, Wellington

Hulle bied kursusse aan en ontwikkel leermateriaal wat baie nuttig binne die NGK en VGK gebruik kan word.

### 4.6 Hope Prison Ministry

Hierdie bediening (in verskeie tronke in die Wes-Kaap onder leiding van Jonathan Clayton) poog om gevangenes insig te laat kry oor die impak van hul dade op die slagoffers, hul eie gesinne en die gemeenskap. Hulle poog ook om versoening tussen die partye te bereik.

### 4.7 Betrokkenheid en finansiële steun aan die VGK Msingsa en die VGK Makhathini, KwaZuluNatal

Vir baie jare is Getuienisaksie betrokke by die ondersteuning van die VGKSA-gemeentes van Msinga en Makhathini in KwaZulu-Natal ten opsigte van die werkers se salarisse en die vestiging van vennootskappe tussen hulle en verskeie NGK - en VGK-gemeentes in die Wes-Kaap.

### 4.8 Veritas Kollege

Veritas Kollege is ’n bediening wat gemeentelike leierskapsopleiding bied. Hulle kursusse word wêreldwyd gebruik en in Malawi en Mosambiek werk ons nou saam met hulle in die opleiding van plaaslike leiers.

### 4.9 CAVA

’n Christelike media-bediening in Harare, Zimbabwe: Vir die afgelope vyftig jaar het CAVA deur middel van oudio-, video- en die gedrukte media die evangelie wyd in Suider-Afrika versprei. Die politieke en ekonomiese situasie in Zimbabwe het intussen dramaties verander en die verkope van Christelike boeke het drasties afgeneem. Die belangstelling in die Nehemia Bybel Instituut (NBI) kursusse vir kerkleiers toon egter groei en daarom fokus CAVA nou in totaal daarop. Die personeel is verminder, maar nuwe inisiatiewe is aangepak om die bediening uit te brei. Ds. Gerard Breytenbach het aan die einde van Desember 2018 as bestuurder afgetree en Christine Chanza, die finansiële bestuurder, het die oorhoofse bestuur oorgeneem. Mnr. Alwyn Francis, ’n afgetrede koerantredakteur, is ’n raadslid van CAVA en sien toe dat alles reg verloop. Mnr. Webstar Gwanzura is nog in beheer van die NBI-kursusse en doen uitstekende werk. Daar word voorsien dat ’n addisionele bemarker vir NBI aangestel sal word. Die meer gewilde CAVA-boekies sal nog beskikbaar wees, veral om

addisionele leesstof vir die NBI-studente te bied. CAVA bly dus voortbestaan en volgehoue ondersteuning is van groot belang vir die nuwe inisiatiewe wat aangepak word.

### 4.10 NetACT

Soos genoem is NetACT ’n netwerk van teologiese skole in sub-Sahara Afrika wat ten doel het om teologiese skole by te staan om hul standaard van opleiding te verhoog. Getuienisaksie werk op verskeie terreine met NetACT saam.

### 4.11 CLF (Christelike Lektuur Fonds)

Getuienisaksie werk nou saam met CLF in die ontwikkeling en verspreiding van toepaslike skolingsmateriaal. Gemeentes word aangemoedig om die materiaal wat oor verskeie relevante onderwerpe gaan, te gebruik.

### 4.12 Member Care Southern Africa

Vir die afgelope twintig jaar lewer Member Care waardevolle ondersteunende dienste aan sendelinge, ook vanuit Afrika, wat oral in Afrika diens lewer. Maar ook aan diegene wat terugkeer en weer inskakel in die samelewing. Marina Prins is die bekwame uitvoerende beampte.

## 5. ADMINISTRASIE EN FINANSIES

Die bediening funksioneer met die finansiële ondersteuning van die sinodes van die VGK Kaapland en die NGK Wes-Kaap, donasies van individue en instellings en die inkomste uit ons reserwefondse. Streng finansiële bestuur word toegepas en rekenkundige dienste word deur die NGK Wes-Kaap gelewer.

## 6. IN MEMORIAM

In 2015 het Johan Botha afgetree as bestuurder van Getuienisaksie. Daarna het hy aktief betrokke gebly by Arbeidsbediening op nasionale vlak. Hy het ook ’n groot rol begin speel as oorgangsleraar by die plaaslike RCA Gemeente in Ravendale. In Oktober 2016, na ’n besoek aan die Laeveld, het hy malaria opgedoen en gesterf. Ons eer sy nagedagtenis.
Mag die werksaamhede van die sinode geseënd wees.

**Verslag opgestel deur Kobus Odendaal namens die Dagbestuur van Getuienisaksie.**

## 7 AANBEVELINGS

**7.1 Die sinode neem met dank en waardering kennis van die werksaamhede van Getuienisaksie en sy onderskeie taakspanne.**

**7.2 Die sinode word versoek om met nuwe ywer inisiatief te neem rondom kerkeenheid op plaaslike en sinodale vlak.**

**7.3 Die sinode spreek sy medelye uit met ons susterkerk, die NKST in Nigerië, met die lewensverlies van hul lidmate en die groot skade wat deur die konflik gely word.**

**7.4 Die sinode verwelkom die pogings van die Departement van Omgewingsake om gevaarlike plastiek artikels soos strooitjies en oorstokkies deur wetgewing te verban.**

**7.5 Die sinode versoek egter die Departement van Omgewingsake om verder te gaan en alle ligte plastiekwinkelsakke te verbied. Die sinode gee opdrag aan die Taakspan Publieke Getuienis om met ekumeniese vennote in gesprek te tree sodat daar saam druk op die staat uitgeoefen kan word om ’n verbod deur te voer.**

# 3.2 – VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN VIR EKUMENE

## 1. INLEIDING

Reeds by die moderamen vergadering van 25-26 Augustus 2015 met die opstel van die 16 fokusareas van die sinode van Wes-Kaapland het die vergadering groot kommer uitgespreek oor die sosio-ekonomiese en maatskaplike toestande in Suid-Afrika. Die tendens onder baie lidmate van die NG Kerk, asook gemeentes in geheel is om individualisties te reageer en na binne te keer. Dit is die mening van die NG Kerk in die Wes-Kaap dat die kerk van Christus geroep is om in hierdie land waar ons is, ’n verskil te maak. Hierdie roeping word in die besonder aan die NG kerkfamilie gerig as die kerkdenominasie wat geografies verteenwoordig is in elke duimbreedte van die land. As gevolg van die verlede van Apartheid en die bagasie van die NG Kerk word die taak bemoeilik. Juis daarom is dit nodig dat die NG Kerk in die uitvoering van hierdie roeping, hande sal vat met die ander kerke in Suid-Afrika. By hierdie vergadering van die moderamen is dan ook besluit dat ekumene en ekumeniese verhoudinge ’n fokusarea sal wees. Die daaropvolgende moderamen vergadering van 8 – 9 Maart 2016 is dan ook in sy geheel met die tema van ekumene aangebied. By hierdie vergadering was die sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, biskop Malutsi Mpolwana, as gas teenwoordig. In ons interaksie met hom en ander kerke is dit duidelik dat die Here dit ook op hul harte lê dat kerke gesamentlik ’n antwoord bied vir die land se probleme.

## 2. OPDRAG

2.1 Deur verteenwoordigende bywoning van ekumeniese forums, verhoudinge te bou op provinsiale vlak en inspraak te hê met besluite.
2.2 Om ’n basismodel op te stel wat gemeentes bemagtig om op plaaslike vlak ekumeniese verhoudinge te skep.

## 3. WERKSAAMHEDE

Die taakspan het twee keer vergader om werkswyse te bepaal.

### 3.1 Ekumeniese forums

#### 3.1.1 Western Cape Religious Leaders Forum

Dit is ’n forum waar alle geloofsgroepe verteenwoordig is. Die NG Kerk in die Wes-Kaap was by 11 vergaderings van hierdie forum teenwoordig waar etiese sake rondom die omgewing en sosiale probleme bespreek is.

#### 3.1.2 Die Western Cape Ecumenical Network

Dit is ’n netwerk wat poog om al die Christelike kerke in die Wes-Kaap te verteenwoordig. Die Taakspan vir Publieke Getuienis speel ’n leidende rol in die werksaamhede van hierdie netwerk. Die sinode was by ses vergaderings verteenwoordig.

#### 3.1.3 Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in die Wes-Kaap

Hierdie forum het net een keer in 2017 vergader waar die dokument, "The South Africa We Pray For" bespreek is.

#### 3.1.4 Jewish Council

Die sinode is ook verteenwoordig by ’n ontmoeting met die Joodse Raad in 2018

### 3.2 Plaaslike Ekumene

By die moderamenvergadering van Augustus 2016 is ’n verkorte weergawe van die "The South Africa We Pray For" dokument voorgelê as ’n basisdokument om op plaaslike vlak ekumeniese samewerking te bewerkstellig.

## 4. PRIORITEITE

Die Taakspan het dit steeds ten doel om die uitstekende verhoudinge wat reeds op die breër kerklike vlak heers af te bring na gemeenskappe op plaaslike vlak. Die sinode is dankbaar vir talle plekke waar reeds gemeenskapforums, broederkringe en ander ekumeniese byeenkomste is.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die sinode moedig gemeentes aan om ekumeniese bande op plaaslike vlak te smee en hulle van "The South Africa We Pray For" dokument te vergewis.**

# BYLAAG 1

## RINGSVERTEENWOORDIGERS EN ANDER VERTEENWOORDIGERS

**NGK Ringsverteenwoordigers:**

| | |
|---|---|
| Beaufort-Wes | Ds. Albertus van Zyl |
| Bellville | Ds. Kobus Swarts |
| Brackenfell | Ds. Danie Murray |
| Caledon | Ds. Michiel de Kock |
| Clanwilliam | Ds. Jan Fourie |
| Durbanville | Ds. Johann Theron |
| George | Ds. Floors Meyer |
| | Ds. Gert Nothnagel |
| Kaap die Goeie Hoop | Ds. Fourie Truter |
| Knysna | Ds. Charl du Plessis |
| Kuilsrivier | Ds. Chris Barnardo |
| Mosselbaai | Ds. Robert Knobel |
| Namakwaland | Ds. Aldo Liebenberg |
| Oudtshoorn | Ds. André Orffer |
| Paarl | Ds. Eddie Orsmond |
| Piketberg | Ds. Clifford James |
| Riversdal | Ds. Lourens van Vuuren |
| Somerset-Wes | Ds. Danie Moller |
| Stellenbosch | Ds. Jurie Goosen |
| Swartland | Ds. Jan Grobbelaar |
| Swellendam | Ds. Kenny Pritchard |
| Tulbagh | Ds. Chris Eksteen |
| Tygerberg | Ds. André Reyneke |
| Vredenburg | Ds. Kobus de Kock |
| Worcester | Ds. Johan Nieuwenhuizen |
| Wynberg | Dr. Danie Nel |

**VGK Ringsverteenwoordigers:**

| | |
|---|---|
| Aliwal Noord | Sr. Kholeka Ngqameni |
| Amandelboom | Ds. Fabian Kotze |
| Cala | Oudl. Monica Kanzi |
| Caledon | Br. Johan Wagenstroom |
| Carnavon | Ds. Deon Scharneck |
| Clanwilliam | Ds. Pedro Oktober |
| Colesberg | Ds. Dries vd Merwe |
| Ebenezer | Ds. Johannes Wiese |
| George | Ds. Bonga Mbenenge |
| Graaff-Reinet | Ds. Clive Jacobs |
| Kraaifontein | Ds. Dawid van Huffel |
| Monti | Ds. Bulelani Vete |
| Mthatha | Br. Siyavuya Makawula |
| Port Elizabeth | Ds. Tommy Fredericks |
| Porterville | Ds. Francis Samson |
| | Ds. Kobus Frantz |
| Rietvlei | Br. Derick Radebe |
| SA Gestig | Dr. Llewellyn MacMaster |
| Sarepta | Ds. Jannie Booysen |
| Steinkopf | Ds. Jaques Jacobs |
| | Ds. Quinton Minaar |
| Stellenbosch | Ds. Danny Bock |
| Tulbagh | Ds. Andre Pekeur |
| Uitenhage | Ds. MP Mannasse |
| Visrivier | Br. Luvoyo Mpalala |
| Wellington | Ds. Jan Hendricks |
| Worcester | Ds. J Willemse |
| Wynberg | |
| Zoar | Ds. André Boezak |
| Zuurbraak | Ds. Eugene Vaas |
| Bybelgenootskap | Ds. Joseph Ntlatywa |
| | Ds. J Willemse |
| RCA | Br. Chris Vegotine |
| | Br. Kesevan Thilakalal |

# B4 – VERSLAG VAN DIE DIENSGROEP VAN TOERUSTING EN NAVORSING

**Bestaande uit die volgende taakspanne:**
**Teologiese opleiding (Kweekskool), Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO) en Dissipelvorming, Leerstellige en Aktuele sake (STLAS), Seisoen vir menswaardigheid, Teologiese opleiding (Seminarium), Hugenote Kollege wat insluit die Hugenote Bybelinstituut, Gender, Versoening en Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit. Bybelgenootskap van Suid Afrika**

## 1. INLEIDING

Die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing het 'n uitdagende termyn agter die rug. Die sinergie wat daar tussen die taakspanne ontwikkel het in die diensgroep, het positief ingewerk op die dienslewering van die taakspanne. In diens van die missionale transformasie van die kerk, sien ons dit as ons taak om innoverende werk te lewer. Ons kon daarom op velerlei vlakke innoverende deurbrake maak en hopelik so gemeentes bemagtig as missionale gemeenskappe.

In die verslag is daar veral twee deurslaggewende beleidstukke wat die werk van die Diensgroep se taakomskrywing en selfverstaan direk raak. Die *Navorsingstrategie vir Missionale Transformasie* en die *Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling* is soos twee kante van 'n munt wat navorsing en opleiding missionaal rig in ons dienslewering aan gemeentes. Dit het ons as diensgroep in staat gestel om soos 'n sg "research and development" eenheid vir die sinode te funksioneer. Met hierdie raamwerke in plek kon die diensgroep se taakspanne meer gefokus diens lewer aan gemeentes in ons missionale transformasie.

Ons is terdeë bewus van die uitdagings wat gemeentes in die gesig staar, en hoop dat die werk van die diensgroep gemeentes met hierdie uitdagings sal ondersteun. Ons is bevoorreg om in die leierskap van hierdie Diensgroep te kon dien en wil graag vir die personeel en die taakspanvoorsitters van die Diensgroep bedank vir die voorreg.

**Ds. Marié Britz (Voorsitter: Diensgroep vir Toerusting en Navorsing)**
**Dr. Frederick Marais (Diensgroepkoördineerder)**

## 2. PERSONEEL EN KANTORE

Die Diensgroep beskik oor die dienste van die volgende Predikante in Sinodale Diens (PSD's):

- Dr. Pieter van der Walt (PSD Teologiese Navorsing)
- Dr. Edie Orsmond (PSD Seminarium)
- Dr. Frederick Marais (PSD Kerklike opleiding: 60%)
- Prof. Elna Mouton (Kapelmeester Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit: Twee jaar kontrak aanstelling)


Die volgende administratiewe ondersteuningspersoneel lewer diens aan die Diensgroep:

- Me. Wilma le Roux (VBO)
- Me. Amanda van Niekerk (Kuratorium)
- Me. Derine Piek (Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit) (Vanaf 1 April 2019)

Die kantore van die Diensgroep is in die geboue van die Kweekskool op Stellenbosch, terwyl die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington is. Al die personeel word jaarliks geëvalueer volgens die voorskrifte van die Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge.

## 3. DIENSGROEP EN BESTUUR

### 3.1 Opdrag




Die opdrag van die Diensgroep is om kerklike opleiding en kerkgerigte navorsing te koördineer. Kerklike opleiding sluit die vyf bane van teologiese opleiding in soos bepaal deur die Algemene Kuratorium se beleid vir Teologiese Opleiding. Die navorsing van die Diensgroep is daarop gefokus om die moderamen se fokusareas te ondersteun. Die diensgroep strewe daarna om toerusting en navorsing in wedersydse sinergie met mekaar te bring om die kerk te ondersteun in missionale transformasie. Die onderstaande diagram stippel die stasies van die proses uit.

Die navorsingstrategie stel die Diensgroep in staat om sinergie met die ander diensgroepe te ontwikkel in hulle begeleiding van gemeentes. Wanneer nodig, maak die strategie ook voorsiening dat daar beleidsbesluite ontwikkel kan word vir goedkeuring deur die onderskeie kerklike liggame.

### 3.2 Navorsingskantoor

Die Kantoor vir Teologiese Navorsing lei praktykgerigte navorsingsprojekte. Hierdie projekte word ontwikkel volgens die prioriteite van die sinode. Navorsing is nie 'n doel op sy eie nie. Dit word doelbewus gedoen in samehang met die funksies van ontwerp, opleiding en begeleiding. Só word navorsers in die akademie en leiers in die bediening met mekaar verbind. Sáám soek hulle na 'n beter verstaan, geloofsonderskeiding, beplanning en implementering. Ons werkswyse is om diverse spanne saam te stel, wat missionaal-gerig, innoverend en probleem-oplossend werk. Ons betrek teoloë en ander kundigheid en benut empiriese- en nagraadse studies. Ons werk ook waar moontlik saam met ander diensgroepe en taakspanne.

Die taak van die PSD vir Teologiese Navorsing is om in alle navorsingsprojekte deurlopend vennootskap en sinergie te bou tussen akademiese begeleiers, kerklike opdraggewers, navorsers en navorsingspanne. Met die oog hierop word gebruik gemaak van die "navorsingstrategie vir missionale transformasie" wat onder die leiding van ons diensgroepkoördineerder, Frederick Marais, ontwikkel is en wat onlangs in samewerking met teoloë van ander universiteite gepubliseer is in Verbum et Ecclesia.

Die Navorsingskantoor werk, wat empiriese navorsing betref, ten nouste saam met die Eenheid van Innovasie en Transformasie (Ekklesia). Die eenheid verkry etiese klaring by die Universiteit van Stellenbosch vir projekte, wat gehalte waarborg. 'n Samewerkende gesindheid heers in die NG Dosenteraad en ook wyer in die Fakulteit Teologie. Ons het die hoogste waardering hiervoor. Ons het mekaar nodig en ons leer baie van mekaar.

Een van die dinge wat die beste ervaar word in hierdie manier van werk is die prosesse wat afspeel binne die geledere van die kerklike opdraggewers tot die navorsing sélf, wanneer hulle in werklike interaksie tree met die navorsing.

Die Navorsingskantoor het – sedert sy ontstaan in Augustus 2016 – diensgroepe, taakspanne, asook sinodale leiers bygestaan met navorsing- en ontwikkeling. Voorbeelde hiervan is die Volhoubare Missionale Kerkwees Gespreksbord, die Evangelisasie Toerustingsprogram en die Seksualiteit Gespreksbord. Sommige projekte beweeg vinnig en ander weer stadiger. 'n Goeie voorbeeld van een wat stadiger beweeg, is die projek oor die kommunikasie van 'n hermeneutiese lees van die Bybel. Hierdie projek word die afgelope twee jaar reeds met deelname van studente, predikante en dosente onderneem. Ons sien uit na die uitkomste hiervan.

Die Navorsingskantoor beplan, in samewerking met die drie teologiese dissipline groepe by die Fakulteit Teologie, 'n reeks publikasies met die titel, Stellenbosch Teologiese Refleksies. Die huidige bundel, waarin teoloë van die NG Dosenteraad vertel van ontwikkelinge in hul vakgebiede, is die eerste in hierdie reeks. Teoloë en predikante gaan saam reflekteer oor onderwerpe wat die kerk op grondvlak raak en hulle gaan bundels publiseer ter ondersteuning van gemeentes. Hierdie projek vind plaas binne ons etos van werk téén die sogenaamde "silos" in van kerklike praktyk, enersyds, en teologie of teorie, andersyds.

Ons is steeds besig om belyning na te streef tussen nagraadse navorsingswerk en kerklike navorsingsvrae. Doktorale en post-doktorale studies oor relevante vrae binne die prioriteitsareas van die sinode word nie net befonds nie, maar ook prakties betrek in ontwikkelingsprosesse. Ons is bevoorreg om 'n sterk beursfonds te hê, want mense voor ons het die visie gehad om geld na te laat vir teologiese studie. Voorgraadse studente van die NG Kerk sowel as VGKSA word hierdeur gehelp. Maar danksy hulle versiendheid bestaan die moontlikheid ook om Magister en Doktorale projekte te befonds. Die Navorsingskantoor gee groter beurse aan kandidate wat d.m.v. hulle nagraadse studie bereid is om as kontrak-navorsers deel te vorm van 'n span wat ontwerpgerigte navorsing doen om die kerk te help.

Ons het die afgelope twee jaar veral op twee dinge gefokus. Die eerste was om 'n werkswyse of navorsingstrategie te ontwikkel waarmee ons gemeentes kan help en die koninkryk van Christus prakties kan dien. Die tweede was om netwerke te bou tussen verskillende rolspelers in die akademie en die kerk.

Ons fokus in die volgende twee jaar behoort te wees om sisteme te bou sodat hierdie werk kan uitkring. Daar is baie groot potensiaal. Een van die mooiste ontdekkings wat ons gemaak het die afgelope tyd is dat navorsing ons regtig help om nuwe verbeelding te ontwikkel sodat ons uit vasgelooptheid kan kom.

Ons het baie meer hiervan nodig. Daarom wil die Kantoor vir Teologiese Navorsing groei na 'n liggaam wat meer energie ontsluit vir die ontwikkeling van getroue geloofsonderskeiding en roepingsgetroue leierskap. Ons wil 'n struktuur ontwikkel en beleid, sisteme en protokol bou om te kan groei.

### 3.3 Dagbestuur

- Voorsitter: ds. Marié Britz
- Ondervoorsitter: ds. Heerden van Niekerk
- Skriba: ds. Anton Roux
- Diensgroepkoördineerder: dr. Frederick Marais
- Diensgroepfinansies: dr. Pieter van der Walt

### 3.4 Voorsitters en verteenwoordigers van taakspanne

- VBO/Dissipelvorming: ds. Peet Bester
- Kuratorium: ds. Hannes Theron
- Dosenteraad: prof. Louis Jonker
- Seminarium: ds. Hannes Theron
- Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit: prof. Elna Mouton
- Seisoen van Menswaardigheid: me. Analeh Fourie
- Gender: me. Melani Thirion
- Versoening: ds. Louis van der Riet
- STLAS: ds. Heerden van Niekerk
- Hugenote Kollege: dr. Willie van der Merwe (rektor)
- PSD's van die diensgroep is ook lid van die Diensgroepraad.

## 4. VERGADERINGS

Die diensgroep het 'n uitgebreide aantal taakspanne wat uiteenlopende opdrag het. Die diensgroep kom een keer per jaar vir 'n indaba byeen om sinergie tussen die taakspanne se werk te bewerkstellig. In die proses gee taakspanne aan mekaar raad en ondersteuning. In sommige gevalle sal taakspanne nouer met mekaar saamwerk soos byvoorbeeld in die geval van STLAS, die Seisoen van Menswaardigheid, Gender en gelykheid en Versoening en Ras.

Die taakspanne vergader meer gereeld soos benodig in die uitvoering van hulle opdrag en doen dan jaarliks verslag aan die diensgroep en via die diensgroep aan die moderamen.

# 4.1 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR TEOLOGIESE OPLEIDING (KURATORIUM)

## 1. INLEIDING

### 1.1 Raamwerk vir Missionale bedieningsontwikkeling

In die afgelope termyn is die Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling goedgekeur deur die Algemene Kuratorium en die ASM. Die raamwerk het teologiese opleiding vir die NG Kerk missionaal verbreed van 'n een-baan beleid na vyf bane van opleiding en uiteindelike legitimasie en bevestiging in die kerk. Die bane is so ontwerp dat studente van een baan na 'n volgende kan artikuleer volgens die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk van Hoër Onderwys (NKR).




Die vyf bane behels die volgende:

- **Bedienaars:** Ouderlinge en diakens wat goedgekeurde bedieningsopleiding ontvang in 'n spesifieke area van bediening. Bedienaars word deur die ring bevestig en deur gemeenteleraars gementor (ooreenkomstig KO Art 4,10 en 16.1). Bedienaarskursusse is 'n kerklike diploma van Hugenote Kollege (HBI) wat aanlyn en olv 'n geakkrediteerde opleier predikant van HK verwerf kan word. (NKR vlak 5)

- **Standplaasleraars:** Leraars wat opleiding ontvang vir 'n spesifieke missionale konteks en gelegitimeer is om daardie spesifieke konteks te kan bedien. Hierdie leraars is nie beroepbaar vir ander kontekste nie (bv. leraars vir die dowe- of Boesmanbediening). Die opleidingsvereistes van hierdie leraars word aangepas ooreenkomstig die missionale konteks waarin hulle bedien. (NKR vlak 5)

- **Diensleraars:** Gelegitimeerde leraars met 'n spesifieke opdrag ooreenkomstig die terrein van opleiding. Bedieningsterreine sluit in Jeug en Familie, kerkplanters en evangelisasie, berading en gemeenskapswerkers. Diensleraars is soos gemeenteleraars beroepbaar in die verband. Kerkorde wysigings word in 2019 aan die Algemene Sinode voorgelê om voorsiening te maak vir hierdie baan. Die minimum teologiese opleiding vir hierdie baan in 'n drie-jaar graad in teologie, of 'n Honneursgraad in teologie, aan geakkrediteerde sentra van die NG Kerk. (NKR vlak 7 of 8)
- **Gemeenteleraars: Tweedeloopbaan studente** is studente wat in 'n beroep staan en oor 'n B-

graad beskik. Dit is persone wat tot die oortuiging gekom het dat die Here hulle roep vir die bediening as leraars. Hulle ontvang deeltydse of verlengde opleidingsprogramme aan die geakkrediteerde sentra op dieselfde vlak as leraars. Na afloop van hulle opleiding sou hulle as voltydse leraars of as tentmakers kon diens lewer. (NKR vlak 9)

- **Gemeenteleraars: Eersteloopbaan studente** is studente wat na skool aanmeld vir teologiese opleiding. Dit is persone wat oortuig is dat die Here hulle geroep het vir die bediening van gemeenteleraars. Hulle ontvang opleiding aan die geakkrediteerde sentra van die NG Kerk waarna hulle gelegitimeer word. (NKR vlak 9)

Die Algemene Kuratorium en die ASM het hierdie beleidstuk goedgekeur en die kuratoria opdrag gegee om die beleid te implementeer. Die kuratorium is tans met die Fakulteit Teologie en Hugenote Kollege in gesprek tov die ontwikkeling van kursusse wat belyn is met bogenoemde raamwerk.

### 1.2 Studente in Teologiese Opleiding (akademies en kerklik)

Die kuratorium keur studente vir die onderskeie bane soos hierbo uiteengesit op grond van hulle roeping. Gekeurde studente word dan geadviseer en begelei ten opsigte van die toepaslike akademiese program van opleiding en die toepaslike Seminarium program in bedieningsvorming. Die kuratorium ontvang ŉ groeiende aantal aansoeke van tweedeloopbaan studente vir die onderskeie bane. Daar is tans ongeveer eweveel residensiële en nie-residensiële (tweedeloopbaan) studente wat gekeur is by die kuratorium.

Gemeentes moet daarop let dat alle studente wat teologie studeer met die oog daarop om in die kerk gelegitimeer of bevestig te word, by die kuratorium moet aanmeld vir ŉ proses van kerklike of roepingskeuring. Die kuratorium sal gekeurde studente adviseer ten opsigte van toepaslike opleidingsmoontlikhede aan geakkrediteerde opleidingsentra van die NG Kerk. Studente wat teologie studeer aan nie-geakkrediteerde sentra loop die gevaar dat hulle aanvullende studies sal moet doen. Die kuratorium is deurlopend besig om teologiese opleiding bekend te stel aan skoliere en gemeentelede. In die termyn is die #bemorebechange veldtog onder skoliere geloods. Gemeentes word aangemoedig om voort te gaan om met lidmate gesprek te voer oor hulle moontlike roeping vir die bediening.

### 1.3 Verteenwoordiging van Dosente by meerdere vergaderings

Dosente speel ŉ integrale rol in die kerk, maar het nie amptelike toegang tot die verskillende meerdere vergaderings (ring, sinode en algemene sinodes) nie. Hulle het slegs waarnemerstatus. Die kuratorium is tans met die Algemene Kuratorium en die Taakspan vir Regte in gesprek oor die moontlikheid om dit moontlik te maak dat dosente van die NG Kerk direkte verteenwoordiging kan kry by meerdere vergaderings. In die voortgaande gesprek oor ampsbeskouing is daar onder andere kennis geneem van Calvyn se voorstel dat daar ŉ "doktore amp" behoort te wees.

### 1.4 Verhouding met die Fakulteit Teologie

#### 1.4.1 Verslag van NG Dosenteraad

Die dosenteraad het weer in die afgelope jaar gepoog om die samewerking tussen dosenteraad en Kuratorium dagbestuur, tesame met die PSD's wat op Stellenbosch gesetel is, te verbeter. Ons kan getuig van baie goeie en sinvolle samewerking. Dis weer eens ons behoefte om die werk van dr. Pieter van der Walt uit te lig in hierdie verband. Hy doen uiters waardevolle werk om die brug te slaan tussen die navorsingstaak van die NG Kerk en die projekte wat binne die fakulteit geloods word.

Verskeie lede van die NG dosenteraad het in 2018 deelgeneem aan kerklik-georganiseerde gespreksgeleenthede, VBO-kursusse, of konferensies. Die dosenteraad is oortuig daarvan dat groter deelname aan hierdie geleenthede beslis help om die vooroordele wat daar soms in kerklike geledere bestaan oor teologiese opleiding en spesifiek die Fakulteit op Stellenbosch, konstruktief uit die weg geruim kan word. Die dosenteraad is steeds bekommerd oor 'n soort "anti-teologiese" etos wat in sommige gemeentes of in sommige dele van die NG Kerk bespeur kan word, en ons wil graag daaraan meewerk om dit in die kerk teen te werk deur positiewe deelname aan gespreksgeleenthede ens. Die dosenteraad bevestig hiermee ook nogeens ons beskikbaarheid om op te tree by ringsbyeenkomste, streekskonferensie, of soortgelyk. Waar sulke geleenthede geskep is (byvoorbeeld rondom die tema van selfdegeslagverhoudings, die Goeie Nuus van die evangelie, die interpretasie van die Bybel ensovoorts), het dit tot baie positiewe resultate aanleiding gegee.

Met dankbaarheid berig ons dat die NG dosenteraad, met finansiële ondersteuning van die Kuratorium, 'n boek in Afrikaans kon saamstel wat in Mei 2019 vir elke sinodeganger by die Sinode van Wes-Kaapland beskikbaar gemaak word. Die boek sal 'n aantal opstelle van NG dosente en kollegas by die Departement Antieke Studie bevat waarin predikante op 'n bondige wyse op hoogte gebring sal word van die nuutste tendense wat in elkeen van die vakgebiede (of vertakkings daarvan) waargeneem kan word. Op hierdie wyse hoop die Dosenteraad om 'n diens aan die predikantekorps te lewer wat hulleself en hul bediening sal verryk.

Ons is verder dankbaar dat die dosenteraad vanaf 2019 – ook met befondsing van die Kuratorium – sal begin om 'n jaarlikse navorsingsprojek aan te pak. Dit gaan op sikliese basis plaasvind: In jaar een word een van die dissiplinegroepe aangewys (wat op rotasiebasis sal gebeur) om 'n geskikte navorsingstema te benoem vir die projek; in jaar twee word dan 'n kongres rondom die tema gereël (waarby predikante se navorsing betrek sal word, en wat waarskynlik by die Andrew Murray-sentrum op Wellington sal plaasvind); en in jaar drie word 'n publikasie vanuit die kongres voorberei en gepubliseer. Die volgende siklus begin dan gelyktydig met jaar twee van die vorige projek. Hiermee hoop die dosenteraad om in die toekoms jaarliks 'n stimulerende kongres oor een of ander tema wat relevant vir kerk en teologie is, aan te bied, en om 'n reeks publikasies algaande hieroor te laat verskyn. Die dissiplinegroep Sistematiese Teologie en Kerkgeskiedenis neem die eerste siklus waar. Die tema van die kongres van 2019 is "Die Nagmaal."

#### 1.4.2 Ekumeniese Fakulteit

Die geboue van die Fakulteit Teologie behoort aan die sinode en die fakulteit gebruik die geboue volgens 'n gebruiksooreenkoms tussen die NG Kerk en die Universiteit van Stellenbosch. Die Fakulteit Teologie is 'n ekumeniese fakulteit met vyf kerke wat die fakulteit akkrediteer vir teologiese opleiding. Die kerke is die NG Kerk, VG Kerk, Presbiteriaanse Kerk, Volks Kerk en Anglikaanse Kerk. Die Calvynse Protestantse Kerk is ook in gesprek met die fakulteit. Hierdie kerke vorm 'n ekumeniese raad aan die fakulteit. Die samewerking tussen die kerke en die fakulteit is só konstruktief dat daar by 'n afgelope eksterne evaluering melding gemaak is van die gesonde inspraak en samewerking van kerke by die fakulteit. Die studente van die NG Kerk aan die fakulteit kry as gevolg van die ekumeniese aard van die fakulteit blootstelling wat in hulle vorming as missionale teoloë baie belangrik is.

#### 1.4.3 Ontwikkeling van kurrikula

Die kuratorium kon daarom die vyf bane van teologiese opleiding met die fakulteit bespreek en saam met ander lidkerke versoeke aan die fakulteit rig ten opsigte van die moontlikheid van nuwe programme, of die aanpassing van bestaande programme. Die moderamen het in hierdie lig die kuratorium versoek om met die fakulteit gesprek te voer oor die moontlikheid van 'n module in evangelisasie op grond van die navorsing en ontwikkeling wat STLAS en die diensgroep vir getuienis hieroor gedoen het.

Ontwikkeling van 'n verlengde M Div. of soortgelyke program is 'n verdere program waaroor die kuratorium met die fakulteit in gesprek is. Die kuratorium is tans saam met die VG Kerk hieroor in gesprek met die fakulteit. Daar word goeie vordering gemaak en daar word gekyk na die moontlikheid om die M Th. in bedieningspraktyk te benut in hierdie verband as 'n ekwivalent tot die eenjarige voltydse M Div. Die hoop is om in 2020 hiermee te kan begin.

#### 1.4.4 Vennootskap met die Fakulteit

Die kuratorium het via die ekumeniese raadsitting op aanstellingskomitees vir dosente. Daar is tans 10 dosente van die NG Kerk by die fakulteit. Die kuratorium het in 2017 'n strategiese besluit geneem om teologiese opleiding vir die NG Kerk aan die Fakulteit Teologie Stellenbosch te versterk deur fondse te oormerk vir die moontlike befondsing van programme aan die fakulteit. Die doel hiervan is om proaktief te wees ten opsigte van die befondsing van teologiese opleiding vir die NG Kerk aan die fakulteit in die toekoms. Hierdie fonds het ten doel om die kuratorium te bemagtig om in die toekoms in die vermoë te wees om akademiese programme wat vir die kerk belangrik is, aan die fakulteit te help befonds. Hierdie gesprek is nou ook opgeneem deur die Algemene Kuratorium en daar word in die tweede semester 'n werkswinkel beplan tussen die kuratoria om oor 'n moontlike tien jaar scenario vir al die opleidingsentra te praat.

### 3.2 Vennootskap met Hugenote Kollege

(Nota: sien ook 'n meer volledige verslag van Hugenote Kollege onder 3.6 van hierdie verslag.)

#### 3.2.1 Akkreditasie as Sentrum vir Teologiese Opleiding vir die NG Kerk

Die kollege is voorwaardelik geakkrediteer gemeet aan die volgende kriteria van die Algemene Kuratorium:

- Wat is die sentrum se algemene oriëntasie, geskiedenis ens ten opsigte van gereformeerde teologie en die Belydenis grondslag van die NG Kerk?
- Wat is die sentrum se kapasiteit ten opsigte van bestuur en personeel om kurrikula te ontwikkel, kursusse te doseer en te assesseer?
- Is die sentrum geakkrediteer by die Departement van Hoër Onderwys - met ander woorde het hulle die lisensie om onderrig te kan gee en wettige kwalifikasies aan te bied?
- Is daar ruimte vir die kerk se program vir bedieningsvorming soortgelyk aan dié van die Seminarium?
- Is die sentrum in kompetisie met enige ander sentra van teologiese opleiding wat by die Kuratorium geakkrediteer is?

Met die finalisering van die Hoër Onderwys akkreditasie sal die proses afgehandel wees

#### 3.2.2 Opleidingsfokus

Die kollege sal dienste lewer aan die kerk ten opsigte van die opleiding van bedienaars, standplaasleraars en diensleraars. Die kollege is tans met die kurrikulumkomitee in gesprek oor die

standaardisering en ontwikkeling van kursusse vir bedienaars.

#### 3.2.3 Finansiële volhoubaarheid

Die kollege was gereeld met moderatuur, die Kuratorium en STFA in gesprek oor die finansiële volhoubaarheid van die kollege. Uit die gesprek is daar uitklaring gegee dat Hugenote Kollege ŉ verantwoordelikheid van die Sinode van Wes-Kaapland is, en nie die Algemene Sinode alleen nie. Hugenote Kollege doen aan die Algemene Kuratorium verslag via die Wes-Kaap Kuratorium. Daar is ŉ opdrag dat die kuratorium se reglemente herskryf moet word met die oog op bogenoemde.

## 4.2 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR VERDERE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO) EN DISSIPELVORMING

*Lewenslange leer en groei*
*as geroepte dissipels binne veilige ruimtes*

### 1. INLEIDING

VBO gaan oor die verdieping van ons verstaan van die evangelie, ons ingesteldheid teenoor ons roeping en oor die slyping van ons bedienings-vaardighede. Dit gaan veral ook oor konstante leerbaarheid: oor die moed om in nuwe situasies in te gaan met die vertroue dat die Here ons kan leer en ŉ weg kan wys wat ons nie nou helder sien nie.
Ons is dankbaar dat ons die afgelope vier jaar kon sien hoe die kultuur van leerbaarheid onder die predikante nuwe veld gewen het. Daar is ŉ groter waardering vir formasie en groei. Die verantwoordelikheid hiervoor word persoonlik en in ringe beter aanvaar. Predikante is effe gemakliker met hul broosheid en vind troos in hul medereisigers. Baie van die VBO geleenthede is ook veilige ruimtes van waardering. Die rol van mentors groei al meer as ŉ vorm van verantwoordbaarheid. Ons dankbaar oor hierdie deurbraak. Dis veral die jonger leraars wat baie gemaklik is hiermee en met energie ook die vorm van VBO vernuwe.

Die prosesse by kursusse en aanbiedings skuif ook van enkelaanbieders na fasiliterende gesprekke. Daar is groot verskeidenheid produkte in die VBO mandjie en ons is dankbaar hiervoor. Die styl, tema en plek waar byeenkomste plaasvind is en bly belangrik. Die behoefte aan vaardighede vir huidige kontekste in plaas van koue feite bly ŉ groot behoefte. Die rol wat die Sentrum van Bedienings-vaardighede (Predikantebegeleiding) speel as ŉ platform vanwaar groei geïdentifiseer word, is merkwaardig. Dit word opgevolg met deelname aan geloofsreise waar groepe predikante ŉ nuwe waardering vir Spiritualiteit aanleer.

Uitdagings waarmee ons tans te doen het, sluit die volgende in: Die verstaan en lees van die konteks is vir ŉ missionale kerk ŉ deurlopende uitdaging. Hieronder word al die moontlike kontekste ingesluit – van die praktyk in die verskillende gemeentes tot die rol en funksie van teologiese opleiding in die breë. Die land en wêreld se konteks raak almal. Die landskap verander al vinniger en die vermoë om voortdurend te herinterpreteer (Skrif) bly uitdagend. Ons ervaar ook dat die verskille in generasies beide ŉ geskenk en ŉ uitdaging is.

Dit is die doelwit van VBO om ŉ waarde en kultuur van leer te bly vestig. Die taakspan bestaan uit energieke mense wat streef om geleenthede te ontsluit waar groei kan plaasvind. Die samewerking met ander taakspanne en die fakulteit is werklik ŉ plesier. Ons streef om saam die tyd wat die Vader vir ons gekies het om te leef aan te gryp as ŉ gawe. Die taakspanne van Voortgesette Bedienings-ontwikkeling en Dissipelvorming het in hierdie termyn een taakspan geword.

### 2. VBO EN DIE RAAMWERK VIR MISSIONALE BEDIENINGS-ONTWIKKELING

#### 2.1 Lewenslange kultuur van leerbaarheid binne veilige ruimte van groei

Die Raamwerk vir Bedieningsontwikkeling is uiteengesit binne ŉ retoriese struktuur ter ondersteuning van voortgesette leer. Volgens hierdie raamwerk word daar in voortgesette bedieningsontwikkeling klem geplaas word op drie fasette:

- **Etos:** *Die karakter van die dissipel of bedienaar – die voortgaande vorming van die persoon van die bedienaar.*
- **Logos:** *Die karakter van die boodskap – ŉ verdiepte verstaan van die Goeie nuus van die Evangelie.*
- **Patos:** *Die karakter van die konteks of die "gehoor" – ŉ verdiepte verstaan van en empatie met die konteks waarin die evangelie verkondig en geleef word.*

VBO/dissipelvorming se programme belyn met hierdie retoriese raamwerk. Ons leergeleenthede

poog om karaktervormend te wees; die kennisinhoud van die Evangelie te verhoog en te verdiep en om met praktyk inoefening ons vaardighede te verhoog om die Evangelie te kan "leef en bring" aan die gemeenskap.

Die taakspan sien dit as ons fokus om ŉ kultuur van leerbaarheid in die sinodale sisteem te bevorder onder predikante, diensleraars en bedienaars. Die aanbod van die taakspan is dus om leergeleenthede of ruimtes te ontwikkel waar volwassenes kan leer en groei.

Om dié rede het ons as taakspan nou met Predikante-begeleiding saamgewerk om vanuit die Predikante-begeleidingsentrum prosesse te ontsluit waar leraars op ŉ voortgaande proses van leer en groei begelei kan word.

Elke predikant wat die Predikante Begeleidingsentrum bywoon, kry insig in hulle groeiareas en ontvang dan ŉ mentor wat hulle in die opvolgfase begelei om te bly groei in hierdie areas. Die integrasie van groei vind op die beste plaas wanneer daar ŉ mentor is wat die proses begelei en die kerkraad inkoop in die proses en die proses ondersteun. Die proses is daarom so ontwikkel dat die kerkrade van die leraars betrek word om as borg te dien vir die proses van leer.

Om ons kennis van hierdie proses van lewenslange leer in integrasie te bevorder werk die Taakspan saam met Marié Britz wat in haar PhD. studies navorsing doen oor die integrasie van spiritualiteit in die lewe van predikante deur die benutting van die praktyke (geloofsgewoontes) van Ignasius van Liola. Die studie betrek ŉ tiental predikante in ons streek wat predikante begelei in die praktyk van die aanleer van hierdie geloofsgewoontes. Die resultate van die studie sal die taakspan bemagtig om prosesse te ontwerp wat die integrasie van spiritualiteit in die lewe van predikante bevorder.

## 3 RAAMWERK VIR VBO PUNTETOEKENNING

In die vestiging van ŉ lewenslange kultuur van leerbaarheid en die fokus op vorming, het die VBO-forum ŉ meer holistiese vorm van puntetoekenning vir VBO ontwikkel. Die onderstaande raamwerk gee volledige inligting oor hoe predikante VBO punte kan verwerf. VBO is dus lank nie meer net ŉ lys kursusse waaruit ek kies nie, maar ŉ holistiese aantal geleenthede wat ek kan benut om te bly groei in my persoon, my kennisvlakke en bedieningsvaardighede.

### 3.1 Databasis met toeganklikheid tot my persoonlike profiel

Die VBO forum het saam met die Algemene Taakspan vir Predikantesake ŉ databasis ontwikkel wat alle predikante van die NG Kerk volgens hulle ABR nommer insluit. In hierdie databasis word elke leraar se profiel aan bogenoemde nommer gekoppel vir die volle loopbaan van die leraar. Leraars het ook self toegang tot hulle profiel om sodoende op hoogte te kan bly van die stand van hulle VBO-punte. Die vaslegging van die punte op die profiel van die predikant sal deur die administratiewe beampte van die VBO kantoor gedoen word.

### 3.2 VBO oudit

Die taakspan doen jaarliks ŉ volledige oudit van die stand van VBO punte van die predikante in die sinode. Hierdie inligting word aan die onderskeie predikante en Ringe beskikbaar gestel ter wille van verantwoordbaarheid. Daar word volgens die A-Z beleid van leraars verwag om jaarliks 50 VBO punte te verdien.

### 3.3 Jongleraars VBO

Die A-Z beleid bepaal dat leraars in die eerste drie jaar na hulle legitimasie 100 VBO punte moet verwerf, dubbeld soveel as dié normale. Om hieraan te voldoen moet jongleraars jaarliks:

- ŉ Retreat by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit bywoon
- ŉ VBO kursus deurloop
- Die Jongleraars VBO week bywoon – hierdie groep van meer as dertig jongleraars kom een keer ŉ jaar vir ŉ week VBO byeenkoms bymekaar.

### 3.4 Lidmaatbemagtiging

Die raamwerk vir missionale bedieningsontwikkeling maak dit nou vir die eerste keer moontlik dat lidmate in die NG Kerk opleiding kan deurloop en dan in bedieninge bevestig kan word as bedienaars.

In samewerking met die kuratorium, sal die taakspan die kursusse vir bedienaars (ouderlinge en diakens met bedieningsbevoegdheid) bevorder en help aanbied. Die volledige lys van bedienaarskursusse word in die verslag van Hugenote Kollege behandel. Op hierdie stadium is daar reeds twee van hierdie kursusse wat aangebied word:

- **Erediens en Preekvaardigheid** – Hierdie is ŉ aanlyn kursus van die HBI wat onder leiding van ŉ geakkrediteerde leraar-aanbieder in streke en ringe aangebied kan word.
- **Geestelike begeleiding –** hierdie is ŉ tweejaar kursus wat aangebied word deur geestelike begeleiers van die Centre for Christian Spirituality en die Andrew Murray Sentrum vir

Spiritualiteit. Marié Britz; Breda Ludick en Mags Blackie is van die aanbieders.

Binne die volgende twee jaar sal die volle lys van bedienaarskursusse ontwikkel word. (Sien weer die verslag van Hugenote Kollege.)

## 4. DISSIPELVORMING

As missionale kerk is gemeentes ingestel op die vormingsproses van lidmate as dissipels. Hierdie vorming geskied primêr in gemeentes en daarom het die taakspan verskeie gemeentes besoek om vas te stel wat die mees suksesvolle prosesse van dissipelvorming is. Dit het vir die taakspan duidelik geword dat ons meer as net kursusse vir gemeentes moet ontwikkel, maar prosesse moet ontsluit waarin gemeentes lidmate kan begelei om hulle dissipelskap in die gemeenskap te kan uitleef. In samewerking met die navorsingkantoor het ŉ aantal gemeentes deelgeneem aan ŉ proses van dissipelvorming onder leiding van Tom Smith van Rhythm of Life. Sien http://www.rhythmoflife.co.za/dissipelvorming-navorsing/. Tom is besig met ŉ PhD. oor missionale dissipelvorming en was gewillig om met die taakspan kragte saam te snoer in dié verband. Die navorsing is daarop gemik om beter begrip te ontwikkel van die proses van dissipelvorming in gemeentes en prosesse te ontwikkel wat dissipelvorming in gemeentes verbeter. Wanneer hierdie navorsing voltooi is, sal die Taakspan die proses uitrol in die hele streek.

**Peet Bester en Frederick Marais**

# 4.3 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR LEERSTELLIGE- EN AKTUELE SAKE (STLAS)

Die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake doen teologiese navorsing ten einde die kerk met advies te bedien. Die taakspan wil nadenke en gesprek stimuleer. Daarom berei ons studiestukke en gespreksdokumente voor vir sake wat verband hou met die belydenis en lewe van die kerk.

In die afgelope termyn het STLAS hoofsaaklik twee opdragte gehad. Die eerste was ten opsigte van die vraag wat die evangelie is en hoe ons dit kommunikeer. Die tweede was die gesprek oor selfdegeslagverbintenisse. Daar was ook ander vrae op STLAS se tafel. So, byvoorbeeld, die kwessie van godsdiensbeoefening in skole. STLAS het hieroor, in samewerking met die Ring van Bellville, met Fedsas gesprek gevoer en inligting na gemeentes gestuur.

Die saak van hidrobreking, ’n baie ernstige ekologiese kwessie, is ook steeds aktueel. Die Algemene Sinode se Taakspan Ekologie is hiermee besig, en ons ondervoorsitter, Nadia Marais, is daarmee behulpsaam.

Ons is tans besig om op versoek van die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing die Taakspan vir Menswaardigheid in te sluit by ons werk. Ons reik ook uit na die Taakspanne vir Gender en vir Versoening. Ons vertrou dat ons ’n forum kan wees wat die werk van hierdie spanne kan koördineer en in navorsing- en ontwikkelingsprojekte kan fokus tot heil van gemeentes.

STLAS is ook besig met ’n gesprek oor genadedood. Ons het ’n mediese dokter betrek, wat besig is om haar, via die Nagraadse Diploma in Teologie, te bekwaam om uiteindelik ’n doktorale studie oor die etiese probleem van genadedood te onderneem. Hierdie gesprek, wat verband hou met die wyer gesprek van bio- en mediese etiek, sal toenemend ons aandag vereis en ons werk daaraan om gespreksdokumente hieroor vir gemeentes beskikbaar te maak.

Ons is ook besig met die gesprek rondom aborsie, wat eintlik deel vorm van die wyer gesprek oor reproduktiewe gesondheid. Hierdie tema is op die Algemene Sinode se tafel. Ons beplan om ’n inset tot daardie gesprek te lewer. ’n Mens kan maklik verval in ’n simplistiese pro life – pro choice tweestryd. Die kwessie is egter, juis in ’n konteks soos Suid-Afrika, baie kompleks en verdien ons intense aandag, asook ’n opregte luister na mense wie se liggame direk deur die kwessie geraak word. Wat die evangelisasieprojek betref, kan ons rapporteer dat die vennootskap tussen teoloë en kerkleiers tot dusver ’n mooi uitkoms gehad het. Daar was baie verskillende visies op wat die goeie nuus van die evangelie is en hoe ons dit behoort te kommunikeer. Die projek is nie oorhaastig aangepak nie, baie gemeentes – ook van ander sinodale gebiede – is betrek. Daar het ’n mate van konsensus gegroei en tans word die prototipe van ’n evangelisasie toerustingsprogram in Welgemoed gemeente uitgetoets. Ander gemeentes skop ook binnekort daarmee af. Die klem is op die wye rykdom van beelde in die Bybel wat die goeie nuus verduidelik, en op ’n eenvoudige gespreksmodel om dit aan mense oor te dra.

Wat die gesprek om selfdegeslagverbintenis betref, kan ons rapporteer dat ons die dokumente vir

gesprek oor selfdegeslagverbintenisse op die sinode se webwerf geplaas het, en dat ons die terugvoer van kerkrade daarop verwerk om te bespreek by die ringsaamgestelde STLAS. Daarna sal STLAS die terugvoer neem na die moderatuur, met die doel om dit op ’n sinvolle wyse via die moderamen na die sinode te neem.

In lyn met die pad wat die Algemene Sinode se Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS) volg, het ons by STLAS gekies vir die benadering van ’n gespreksmatige interpretasie en geloofsonderskeiding. Ons aanvaar ’n organiese inspirasieteorie as dit kom by die gesag van die Bybel. Die Bybel is die produk van veranderinge wat oor eeue heen in die omstandighede van gelowige mense plaasgevind het. Daarmee bely ons dat die Bybelskrywers, wat volledig ingebed was in hul menslike omstandighede, deur God se Gees gelei is om dinge op ’n bepaalde manier uit te druk en om op ’n bepaalde manier oor God te praat. So ’n organiese verstaan van die inspirasie deur die Gees laat dus ruimte dat die nadenke oor God altyd weer ontwikkel, omdat God telkens weer nuut in nuwe omstandighede is. Die Bybel het algaande op ’n gespreksmatige manier tot stand gekom: in gesprek met die oorgelewerde en gesaghebbende tradisies, maar terselfdertyd in gesprek met die nuwe lewensomstandighede in veranderende en veranderde kontekste. Ons sou dus kon sê dat interpretasie nie eers begin toe die Bybel volledig klaar geskryf was nie, maar interpretasie vind reeds binne-in die Bybel plaas. Jonger tekste interpreteer ouer tekste vir nuwe omstandighede. Die Bybel is dus gespreksmatig opgebou.

Dit is opwindend dat ons as moderne lesers ingetrek word in die gesprek van die Bybel. Die waarheid lê in die pad wat ons met die Bybel stap, en die oortuiging dat ons op pad is saam met ander gelowiges. Ander help ons verstaan. Nét soos die Bybelskrywers van ouds, luister ons na die insigte wat die natuurwetenskappe, literatuur en kuns van ons tyd bied. ’n Verantwoordelike hermeneutiek sal dus in gesprek tree met die gesaghebbende Skrif wat aan ons oorgelewer is, maar ook vanuit daardie gesprek in gesprek tree met ons eie kontekste waarin ons smag na helderheid, wysheid en insig voor die aangesig van God.

**Dr. Pieter van der Walt (PSD Teologiese Navorsing)**

## 4.4 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR DIE SEISOEN VIR MENSWAARDIGHEID

SEISOEN VAN MENSWAARDIGHEID
botho • human dignity • isidima
human dignity • isidima menswaardigheid • botho
’n Gesamentlike proses van die vier susterskerke: VGKSA, NGKA, NGK en die RCA

### 1. OORSIGTELIK

Soos reeds voorheen gerapporteer is, het die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 die moraal en die integriteit van die taakspan ’n ernstige knou toegedien. Na Elize Morkel se bedanking as voorsitter van die taakspan in September 2017 het Julie Claassens vir ’n paar maande die leiding geneem en ook bedank.

Die taakspan het ’n leierskrisis beleef en terwyl gesprekke gevoer is met ander diensgroepe, het die taakspan dormant geraak. Daar is gevolglik geen aktiwiteite waaroor die taakspan verslag kan doen vir 2018 nie.

Intussen het een van die taakspanlede, Aneleh Fourie, haarself beskikbaar gemaak om die leiding te neem, waarna gesprekke met STLAS gevolg het.

### 2. LEDE VAN DIE TAAKSPAN

Daar sal opgevolg word met vorige taakspanlede om te bepaal wie nog beskikbaar sal wees:
Julie Claassens, Hannes Theron, Niel Steyn en Michelle Boonzaaier.

### 3. WERKSAAMHEDE

Die voorstel tydens die Diensgroep Toerusting se indaba is dat ’n uitnodiging aan ringe gerig sal word om nog belangstellendes vir die taakspan te werf.

Tydens ’n ontmoeting met die SKS in 2018 is daar ook voorgestel dat elke diensgroep ’n NG Kerk en VG Kerk verteenwoordiger sou identifiseer om op die taakspan te dien. Hierdie voorstel kan ook herbesoek word.

### 3.1 Betekenisvolle deurbrake in afgelope vier jaar

Na meer as ’n jaar waarin die taakspan nie aktief was nie, is dit moeilik om terug te kyk en betekenisvolle deurbrake te onthou, want dit is oorskadu deur die groter bestaanskrisis waardeur die taakspan is. Enkele hoogtepunte sou wel insluit dat:

#### 3.1.1 ’n Bewussyn rondom menswaardigheid word al duideliker

Dit is bemoedigend om te sien hoeveel van die beginsels waarvoor menswaardigheid staan en voor voorbrand maak, al meer sigbaar word in ’n verskeidnheid van diensgroepe, ondermeer Diaconia en STLAS, waar daar meer onlangs nuwe taakgroepe tot stand gekom het om op spesifieke sake soos ondermeer gender, reproduktiewe gesondheid en versoening te fokus.

#### 3.1.2 Pamflette oor fokus temas

Die pamflette wat tydens ’n werksessie onder leiding van Nico Simpson oor die temas Armoede, Ras, Ekologie, Geslag, Siekte en Gestremdheid geskryf is en deur CLF gedruk is, is by die moderamenvergadering van Maart 2017 bekend gestel. Tinus van Zyl het intussen ook ’n pamflet geskryf oor die vraag of Menswaardigheid Bybels en Gereformeerd is.
Streeksbyeenkomste in Mei 2017

Die werk van die Seisoen vir Menswaardigheid is tydens die ses streeksbyeenkomste in die Wes-Kaapse sinode bekend gestel en die pamflette is uitgedeel. Goeie reaksie is ontvang en CLF rapporteer dat baie gemeentes van die pamflette bestel het.

#### 3.1.3 Winterskool 2017

Die taakspan het vir die derde jaar ’n parallelle sessie by die winterskool aangebied.

- 13 June: Black Christmas film with discussion facilitated by dr Deon Snyman and survivors of the Worcester bombing
- 14 June: Worcester Peace and Reconciliation Process facilitated by ds GP Kellerman and members of the Worcester community
- 15 June: Echo Houses in the Western Cape by ds Niel Steyn and inhabitants of Echo Houses

## 4. UITDAGINGS

Die grootste uitdaging vir die Taakspan is om net eers weer op ons voete te kom en dan ons voete te vind binne ons streeksinode waar dinge nie stilgestaan het in die afwesigheid van die taakspan nie. Dit opsigself is verblydend en vra daarom dat daar met versigtigheid gekyk moet word na wat presies die rol van die Taakspan behoort te wees in die nuwe termyn.
Dit is duidelik dat die taak van die menswaardigheid taakspan strek oor die verskillende diensgroepe heen. Ook is dit duidelik dat STLAS en Navorsing reeds besig is om in diepte te begin kyk na kritiese onderwerpe wat ten diepste te make het menswaardigheid. Skakeling en verhoudings met hierdie taakgroepe is dus geïdentifiseer as ’n prioriteit en STLAS sal dit fasiliteer.

## 5. DOELWITTE EN FOKUS AREAS

Doelwitte en fokusareas sal geïdentifiseer word in oorleg met die nuwe taakspanlede, ander relevante taakspanne onder leiding van STLAS, asook deur die Sinodale/Nasionale Taakspan vir Menswaardigheid wat in April die jaar vergader.

**Aneleh Fourie**
**Voorsitter Taakspan Menswaardigheid**

# 4.5 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR TEOLOGIESE OPLEIDING (SEMINARIUM)

## 1. TAAKOMSKRYWING OF VISIE VAN DIE TAAKSPAN

Die beheerkomitee van die Seminarium funksioneer as ’n sub-komitee van die kuratoria van die NG en VG Kerke en funksioneer derhalwe as ’n eenheidstruktuur.

### 1.1 Mandaat en Funksie

Die beheerkomitee koördineer en bestuur die Seminarium se begeleiding van teologie studente van VG Kerk en NG Kerk in die Bedieningsontwikkelingsprogram.

### 1.2 Verslag

Die beheerkomitee van die Seminarium doen jaarliks verslag aan die kuratoria ten opsigte van die vordering van studente in die bedieningsontwikkelingsprogram. Die beheerkomitee van die Seminarium doen ’n aanbeveling ten opsigte van die suksesvolle voltooiing van die gestelde mylpale met die oog op legitimasie.

### 1.3 Befondsing en begroting

Die kuratoria befonds die werk van die Seminariumprogram. Die beheerkomitee van die Seminarium lê ’n begroting aan die kuratoria voor en doen aan die kuratoria verslag oor die bestuur van die begroting.
Fasiliteite: Die NG Kerk verskaf die fasiliteite vir die Seminarium.

## 2. BETEKENISVOLLE DEURBRAKE VAN DIE AFGELOPE VIER JAAR

Die Seminarium gaan haar agste jaar binne in 2019. Die Lutherse Kerk is besig om as kerklike vennoot met die Fakulteit Teologie te kontrakteer vir die opleiding van studente met die oog op bediening in die Lutherse Kerk. Hulle beplan om in te skakel by die Seminarium se bedienings- en vormingprogram. Daar het drie studente van hierdie denominasie in 2019 by die FT ingeskryf. Al drie was by die Seminariumkamp oor die naweek van 8-10 Februarie en het uitstekend ingeskakel.

Die Seminarium se program is goed gevestig. Daar het reeds twee jaargroepe (2017 & 2018) hul opleiding voltooi wat die program vanaf jaar 1 tot 6 deurloop het. Tot met 2016 was die jaargroepe wat afstudeer het nog deel van die ontwikkeling van die program, onderhewig aan eksperimentering met implementering-uitdagings. Die program is nou op ’n punt vir evaluering en vernuwing waar nodig. Met die oog hierop bespreek die Seminarium dagbestuur binnekort ’n voorstel vir navorsing en ontwikkeling rondom die aspek van die opleiding van teologie studente wat fokus op spiritualiteit, bedieningskapasiteite en vorming, naas die akademiese fokus van die Fakulteit Teologie.

Die samewerking tussen die NG Kerk en die VG Kerk het oor die afgelope sewe jaar goed gevorder. Met die aanstelling van ds. Eugéne Beukes as bestuurder van die Seminarium vir die VG Kerkprogram (2014), het daar stabiliteit en kontinuïteit gekom. Daarmee het goeie gesamentlike beplanning, evaluering en verslagdoening ontwikkel. Die ideaal van ’n eenheidstruktuur vir die Seminarium se program word met integriteit nagestreef. Die openheid van die gesprekke hieroor maak vordering moontlik. Eerlike erkenning van verskille ten opsigte van bediening, beleid en organisasie, maak dit moontlik om die Seminarium-program genuanseerd te implementeer.

Daar word stelselmatig gewerk aan die familiekarakter van die Seminarium studente en funksionarisse. Die tema van familie en tafelgemeenskap begin wortelskiet en die samehorigheid kom veral tydens die Februarie kamp en met die MDiv. studente se week vir spiritualiteit (Januarie) en die ekumeniese toer (September) sterker na vore.

## 3. UITDAGINGS

Daar is nog enkele stemme by VG Kerk predikante (en selfs studente) dat die Seminariumprogram grootliks ’n NG Kerk inisiatief is. Hierdie soort negatiwiteit het soms invloed op deelname van studente aan aktiwiteite, asook volle inkoop in die Seminariumprogram.

- Die verskil in bedieningsfokus en uitdagings van gemeentes van die VG Kerk en NG Kerk maak dit noodsaaklik dat daar met sensitiwiteit omgegaan moet word wat implementering van die program betref. Die onderskeie kerke se kontekste en bedieningskapasiteite verskil in groot mate. Alle predikante wat as mentors optree, is ook nie presies op hoogte van die Seminarium program nie.
- Die beskikbaarheid van fondse by die twee deelnemende kerke stel ook uitdagings. Dit het betrekking op sielkundige toetse, asook beursgelde vir studies. Die finansiële vermoë van die studente uit die onderskeie kerke het ’n wesenlike invloed op hul deelname.

- Daar is ook uitdagings vanuit die breër konteks van die Fakulteit Teologie en Universiteit van Stellenbosch. Studente word blootgestel aan uitsonderlike geleenthede buite die Seminarium se vormingsprogram, wat dikwels botsings meebring rondom aktiwiteite en datums. In hierdie verband moet aandag gegee word aan individualisering van die vormingsprogram deur elke student afsonderlik te beoordeel. Dit vra meer persoonlike aandag en kommunikasie.

## 4. DOELWITTE / FOKUSAREAS VIR VOLGENDE TERMYN

Verfyning van die Seminariumprogram en al die elemente wat deel daarvan vorm in die begeleiding van studente met die oog op die bediening. Dit behels onder andere die identifisering en werwing van opleidingsgemeentes, mentors en fasiliteerders vir die mylpale. Dit vra ook vir verantwoordelike strukturering van die program ten opsigte van ŉ kern kurrikulum wat geld vir al drie die deelnemende kerke, naas aspekte wat verskil vanweë die konteks en aard van bediening.

Navorsing oor opleiding vir bediening en spiritualiteit vorming, asook ontwikkeling van die program en begeleiding van studente na aanleiding van navorsingsbydraes uit die breër sisteem van kerklike begeleiding van predikante. Die NG Kerk het oor die jare ŉ sisteem ontwikkel van voortgesette bedieningsontwikkeling en predikante begeleiding. Die integrasie en belyning van die Seminarium-program met hierdie sisteem is noodsaaklik.

Die verhouding en samewerking tussen die NG Kerk, VG Kerk en Lutherse Kerk vennote met die oog op die implementering van die Seminarium program, moet toegespitste aandag kry.

**Eddie Orsmond**

# 4.6 – VERSLAG VAN DIE HUGENOTE KOLLEGE WAT DIE HUGENOTE BYBELINSTITUUT INSLUIT

## 1. FOKUS VAN HUGENOTE KOLLEGE

*Hugenote Kollege is ’n privaat opleidingsinstansie wat mense oplei en toerus om vanuit die Christelike geloof en waardestelsel maatskaplike en kerklike dienswerk te beoefen en sodoende mee te werk aan die koms van God se Koninkryk en die heling van die gemeenskap.*

Hierdie opleiding geskied deur geakkrediteerde en nie-geakkrediteerde kursusse, asook deur navorsing en konsultasiedienste. Ten einde hierdie fokus te kan realiseer, is die kollege by die Departement Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer as ’n privaat kollege vir Hoër Onderwys asook ’n privaat kollege wat beroepsopleiding (TVET opleiding) aanbied. Verder is die werksaamhede van die kollege is in twee skole georganiseer naamlik die Skool vir Maatskaplike Hervorming en die Skool vir Teologie en Bediening.

## 2. MISSIE VAN DIE KOLLEGE

In navolging van Jesus Christus en met die oog op die omvattende heling en ontwikkeling van die samelewing strewe die Hugenote Kollege daarna om:

- bekostigbare en relevante residensiële, afstands- en telematiese onderrig aan te bied;
- kerklike verbintenisse uit te brei;
- met vennote en in netwerke saam te werk;
- ’n Christelike etos van menswaardigheid, inklusiwiteit en deursigtigheid, gelyke en harmoniese verhoudings te handhaaf;
- studente by te staan om hulle geloof, kennis en vaardighede te integreer;
- die geestelike vorming, roepingsbewustheid en diensvaardigheid van studente en personeel te koester en bevorder.

## 3. VORDERING IN DIE SKOOL VIR MAATSKAPLIKE HERVORMING

Die fokus van hierdie skool is om mense op te lei om ’n professionele loopbaan in die maatskaplike welsynsektor te volg.
In die afgelope vier jaar het hierdie skool die volgende bereik:

- Die BSW graad (Maatskaplike Werk) is ontwikkeling en geregistreer in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Hierdie graad is uniek daarin dat daar verpligte modules in missionale diakonaat in die eerste twee jaar van die kursus ingeskryf is.
- Vier beroepskwalifikasies is geakkrediteer en suksesvol aangebied, naamlik in Maatskaplike Hulpwerk, Gemeenskapsontwikkeling, Vroeëkindontwikkeling en Kinder- en Jeugsorgwerk.

Die Skool het ook twee navorsingsprojekte vir die Algemene Sinode van die NG Kerk gedoen.

## 4. VORDERING IN DIE SKOOL VIR TEOLOGIE EN BEDIENING

Hierdie skool is ’n nuwe ontwikkeling by Hugenote Kollege aangesien teologie as ’n vakgebied aan die begin van die jare 2000 uit die kollege verdwyn het nadat teologie as ’n vak uit die Maatskaplike Werkkursus geskryf is en Jeugwerkopleiding na die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch oorgeplaas is. Die spesifieke fokus van die Skool vir Teologie en Bediening is om studente in te lei in die (missionale) teologie en hulle toe te rus met vaardighede wat nodig is vir ’n verskeidenheid bedieninge.

In die afgelope vier jaar het die Skool vir Teologie en Bediening die volgende kursusse ontwikkel:

- ’n BTh. graad in Missionale Bediening is ontwikkel en hierdie program is reeds voorwaardelik deur die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer.
- ’n Geakkrediteerde sertifikaat in Teologie en Bediening is ontwikkel en aangebied.
- ’n Beroepskwalifikasie vir Gevorderde Godsdienspraktisyn is ontwikkel en vir akkreditasie by die Quality Council for Trade and Occupations (QCTO) aangebied.

Die kursusse van die voormalige Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers (TIW) is by die skool geïntegreer. Hierdie kursusse fokus op die toerusting van mense wat geroep is om in ander lande en kulture te gaan werk. ’n Kursus vir pioniers wat nuwe geloofsgemeenskappe wil vestig, is ontwikkel en getoets met ’n groep studente. Hierdie Skool het ook die administrasie en bestuur van die Hugenote Bybelsinstituut (HBI) van Bybel-Media oorgeneem. Tans bied die HBI via afstandsonderrig kursusse in Bybel- en Godsdienskunde, Jeugwerk, Sending, Etiek en Christelike Nood-en-Trauma-berading aan.

Die Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling van die NG Kerk bied die moontlikheid vir die verbreding van Teologiese Opleiding na vier bane van opleiding waarvan die eerste vlak die opleiding van ouderlinge/diakens/lidmate met bedieningsvaardighede behels. Hugenote Kollege is besig om opleidingsmateriaal vir hierdie baan te ontwikkel en dit sal as deel van die HBI bedryf word. Gedurende 2018 is die kurrikulum van die eerste stel vaardighede, naamlik Preek- en Erediensleiding in ooreenstemming met die geïdentifiseerde kapasiteite ontwerp. Die opleidingsmodel is gefinaliseer en die implementering daarvan word tans getoets. ’n Internet-gebaseerde opleidings-platform is in same-werking met NetACT ontwikkel en word tans getoets.

## 5. UITDAGINGS

### 5.1 Graadprogramme

’n Belangrike uitdaging vir die volgende termyn is om die nuwe graadprogramme, asook die beroepsgerigte kwalifikasies ten volle te implementeer. Dit behels die bekendstelling van die programme, die werwing van die studente, die aanstelling van nog personeel en die vestiging van beleid en stelsels.

### 5.2 Befondsing

Hugenote Kollege is ’n privaat opleidingsinstelling wat geen staatsubsidie ontvang nie. Die fokus die afgelope vier jaar was grootliks op die ontwikkeling en akkreditering van kursusse wat heelwat kapitaal geverg het. Die finansiële uitdaging vir die volgende vier jaar is om die kollege so koste-doeltreffend moontlik te bedryf en die finansiële volhoubaarheid van die kollege te probeer verseker.

### 5.3 Infrastruktuur

’n Verdere uitdaging is om die infrastruktuur van die kollege op te knap en waar nodig te moderniseer. Die bestaande biblioteek en rekenaarsentrum raak nou onvoldoende vir die getal studente en sal binnekort vervang moet word. Die bestaande klaskamerruimte is slegs tot 2021 voldoende. Die restourasie en herontwikkeling van die Cummingsgebou sal gedeeltelik in hierdie behoeftes kan voorsien en daarom is dit nou ’n baie hoë prioriteit. Die bestaande studentebehuising is ook oud en onvoldoende en dit is ’n groot uitdaging om so gou moontlik die bestaande studentebehuising te begin vervang en uit te brei.

### 5.4 Relevansie

Nog ’n uitdaging is om te verseker dat die opleidingsprogramme relevant bly en dat die kerke, die maatskaplike welsynsektor en ander instansies die opleidingsprogramme sal ondersteun. Die aangaan van vennootskappe en samewerkingsooreenkomste is derhalwe ’n belangrike saak vir die volgende termyn.

### 5.5 Desentralisering

Die desentralisering van opleiding bly ’n hoë prioriteit, maar ook ’n groot uitdaging vir die kollege. Om hierdie uitdaging te kan realiseer is gemeentes, welsynsorganisasies en ander werkplekke nodig vir werkplekopleiding en gekwalifiseerde mense is nodig as opleiers en mentors.

## 6. DOELWITTE VIR DIE VOLGENDE TERMYN

### 6.1 Verdere ontwikkeling

Bedienaarskursus word verder ontwikkel deur die volgende vaardigheidsmodules by te voeg:

- Musiek- en Aanbiddingsleiding
- Diakonaat
- Jeug- en Familiebediening
- Berading
- Evangelisasie en Nuwe Geloofsgemeenskapsvorming
- Geestelike begeleiding
- Gemeenteleierskap
- Kategese

### 6.2 Akkreditasie van die BTh graad

Die Skool vir Teologie en Bediening finaliseer die akkreditasie van die BTh. graad in Missionale Bediening en implementeer die graad in die tweede semester van 2019 as 'n afstandsonderrig-kwalifikasie.

### 6.3 Skool vir maatskaplike ontwikkeling

Die Skool vir Maatskaplike Ontwikkeling voltooi die ontwikkeling en akkreditasie van 'n driejaardiploma in Graad R-onderwys wat VKO insluit. Hierdie kwalifikasie sal as 'n afstandsonderrigkwalifikasie geakkrediteer word.

### 6.4 Skool vir Sosiale Innovasie

Hugenote Kollege begin 'n Skool vir Sosiale Innovasie wat gemeentes en kerklike maatskaplike-diensorganisasies kan bystaan om innoverend na hulle bediening en programme te kyk, asook om sosiale entrepeneurskapsprojekte te ontwerp en te implementeer.

### 6.5 Desentralisering van kursus aanbod

Hugenote Kollege vind maniere om sy kursusaanbod so ver moontlik te desentraliseer.

### 6.6 Opknap van fasiliteite

Hugenote Kollege begin 'n program om die bestaande infrastruktuur wat insluit fasiliteite, toerusting en voertuie, op te knap en te moderniseer.

**Opgestel deur:**
**Dr. Willie van der Merwe en dr. André du Toit**

# 4.7 – SINODALE TAAKSPAN VIR GENDER

## 1. AGTERGROND

Die taakspan se wortels is diep gegrond in die voorgangers wat dit moontlik gemaak het om oor gendersake te kan praat en werk in die sinodale sisteem. Die taakspan het in Mei 2018 tot stand gekom vanuit 'n vrouegespreksgroep in die streek. Vroue vanuit verskillende bedieningskontekste (voltydse leraars, akademici asook lidmate) het oor uitdagings rakende gendersake in die kerk besin.

Aangesien die vrouegespreksgroep geen mandaat gehad het om enige werk te verrig nie, is die taakspan, met die instemming van die moderatuur, in die lewe geroep en het begin werk. Die taakspan resorteer tans onder die diensgroep Toerusting.

## 2. WERKSAAMHEDE

Die taakspan gee aandag aan verskeie genderaangeleenthede in die sinodale streek, en is voortdurend op die uitkyk vir die Gees se leiding na plekke waar verandering moet plaasvind. Sedert die taakspan se ontstaan word daar gereeld in 'n konsultasiehoedanigheid saam met ander taakspanne/strukture gewerk. Tog is daar sekere werksaamhede wat vanuit die taakspan geïnisieer word:

### 2.1 Sinodale strukture en leierskap

Die taakspan gee veral aandag aan strukturele veranderinge wat moet plaasvind om gendergeregtigheid in die sinodale sisteem te bevorder. Die taakspan het in die afgelope jaar saam met die Taakspan Regte gewerk, veral rakende die regstelling van Kerkorde reglemente rakende die samestelling van rings- en sinodale kommissies en taakspanne.

Die taakspan staan deurgaans die sinodale sisteem by met die integrering van vroueleierskap deur bewusmaking te kweek van vroulike leraars en kerkraadslede wat beskikbaar is om die sisteem te dien.

### 2.2 Hulpmiddels, navorsing en toerusting

Die taakspan, in oorleg met die Vrouebediening, ontwikkel hulpmiddels vir gemeentegebruik, en beoog om VBO-kursusse te ontwikkel rakende

gendersake, geskoei op deurgaanse navorsing. Die *Thursdays in Black* veldtog word aktief bemark.

### 2.3 Gespreksfasilitering

Die taakspan het 'n gesprek in Oktober 2018 gefasiliteer oor hoe 'n kerk sonder patriargie sou lyk. Verskeie leraars en kerkraadslede vanuit verskillende kontekste, asook vanuit die VG Kerk is na die gesprek genooi. Hierdie gesprek het die voorkoms en kompleksiteit van patriargie in ons samelewing en kerk bevestig, en die eerste tree begin gee om saam te droom oor 'n alternatief. Vanuit die gesprek het dit duidelik geword dat die beroepingsproses van leraars 'n proses is waar leraars dikwels diskriminasie beleef ten opsigte van hul geslag en seksuele oriëntasie.

Die taakspan is in gesprek met die Algemene Sinode Gendertaakspan oor die opstel van beleid vir beroepingsprosesse.

- Spiritualiteit en liturgie – die taakspan ontwikkel liturgieë vir geleenthede soos Nasionale Vrouedag, 16 dae van Aktivisme teen Geweld teen Vroue en Kinders, wat deur VrydagNuus versprei word.
- Mentorskap en pastoraat – die taakspan skep geleentheid vir mentorskap en skep veilige ruimtes vir die aanmelding van misbruik.
- Die Vrouebediening is 'n onmisbare vennoot hiermee, en hanteer tans sulke aanmeldings. Die taakspan is ook in gesprek met die Algemene Sinode Gendertaakspan oor die ontwikkeling van beleid vir aanmelding van misbruik in die kerk.

## 3. SAMEVATTING

Die Gendertaakspan sal bly fokus om die kerk te dien en by te staan om 'n veilige ruimte vir almal te wees. Die taakspan se werk oorvleuel met dié van die Taakspan Menswaardigheid en toekomstige samewerking is belangrik vir die daarstel van veilige ruimtes.

Die taakspan sal daarop bly fokus om saam met die Algemene Sinode se Gendertaakspan te werk om te verseker dat belangrike beleid geformuleer word rakende die aanstellingsproses van leraars, asook beleid rakende die aanmelding van veral seksuele misbruik. Veral die laasgenoemde is 'n dringende saak wat wetlike implikasies vir die kerk en haar leraars inhou.

**Melani Thirion**

# 4.8 – SINODALE TAAKSPAN VIR VERSOENING

## 1. INLEIDING

Teen die einde van 2017 het 'n groep jonger leraars 'n begeerte uitgespreek om verder toegerus te word in hul rol as leiers en vredemakers en om die versoening oor rasse grense heen te bevorder. Ons algemene oproep was 'n begeerte vir (ware, diep, duursame, radikale) versoening, asook 'n ernstige bewustheid dat ons nie die vaardighede gehad het om mede-wit lidmate op so 'n reis te neem nie. Ons was diep onder die indruk dat rassisme steeds in ons midde voortleef en aangespreek moet word, maar het totaal onbevoeg gevoel om dit te doen. Nadat ons intern in die NG Kerk nie leiding kon kry nie, het ons mentors genader, wat ons kan inspireer, bemagtig en toerus.

In 'n inleidende ontmoeting met ds. Allan Storey en dr. Wilhelm Verwoerd is ons uitgedaag deur volgende woorde: "Jy kan mense net na plekke lei waarheen jy bereid is om self te gaan." Met ander woorde, kerkleiers kan nie verwag dat lidmate deur prosesse van konfrontering van hul eie rassisme gaan indien hulle nie self bereid is om die weg van eerlike, berouvolle en belydende selfondersoek en intrapersoonlike transformasie te reis nie.

Deur middel van kort skriftelike voorleggings en 'n voorbereidingsbyeenkoms is die volgende doelwitte geïdentifiseer:

- Ondersteuning: kweek van verhoudinge tussen groeplede gegewe ervaring van "alleenwees" in die werk van kruis-kulturele versoening.
- "Witwerk": verdieping van (oorgelewerde) bewussyn van "witwees" in Suid-Afrika, as deel van 'n histories sensitiewe verbintenis tot ware versoening binne en buite die NG Kerk.
- Toerusting: aanleer van prosesse, aktiwiteite, vaardighede wat elkeen se vermoëns ontwikkel om leiding in gemeentes te verskaf met betrekking tot oorgrensversoening.
- Kontemplatiewe spiritualiteit: ervaringgebaseerde blootstelling aan die geestelike praktyke wat die fasiliteerders se versoenings-werk inspireer en volhoubaar maak.

Die noodsaaklikheid vir iets wat as voorheen 'wit-werk' beskryf kan word was duidelik. Kortom beteken dit die ontwikkeling van 'n selfkritiese

historiese bewussyn wat doelbewus restitusie en versoening bymekaarhou en bereid is om die mag en bevoorregting wat in Suid-Afrika met "witheid" verband hou aan te spreek. Anders verwoord, reis ons dieper oor die vraag: Wat sou dit beteken om ’n postkoloniale Christen in ’n Afrikaner-kultuur te wees. Die gevolg hiervan was ’n residensiële retraite in Noordhoek, Kaapstad (van 26 Februarie tot 1 Maart 2018) waaraan 12 jong leraars deelgeneem het.

Buiten gereelde periodes van kontemplatiewe geestelike praktyke was die fokus van bogenoemde Noordhoek byeenkoms op storievertelling, met die klem op belangrike ervarings en mense wat tot die rasdimensie van elke deelnemer se identiteit en selfbewussyn bygedra het.

Van die begin af was die doel van hierdie "enkelidentiteit" proses om voorbereiding te doen, asook die begeleiding van eerlike intergroep verhoudings, veral oor ras. Die Noordhoek-retraite het ons gehelp om die volharding van ongelyke magsverhoudinge in ons bestaande verhoudings en ’n neiging om in beheer te bly te erken. In die lig van hierdie erkenning het ons ingestem om versigtig om te gaan met ’n volgende fase van diverse ontmoetings. Ons het onder ons ’n nuwe gewilligheid gevoel om broos te wees en ’n toenemende begeerte om die rol van gas, eerder as gasheer in te neem.

Die uitdaging is dus ingestel om eerder betrokke te raak in ruimtes en prosesse wat nie deur ons of die NG Kerk bestuur word nie; waarin deelnemers – as deel van ’n wit minderheid – ingesluit kan word in byvoorbeeld die werk wat in plaaslike organisasies gedoen word.

In die jaar sedert die Noordhoek-retraite het ’n aantal onverwagte geleenthede uit ons gedeelde netwerke ontstaan waarbinne sommige van ons as ’n wit Afrikaner minderheid kan deelneem aan gefasiliteerde diverse prosesse, soortgelyk aan wat ons in Noordhoek ervaar het.

Verdere ontwikkelings van die Noordhoek-retraite om van kennis te neem sluit in:
1) die vestiging van kleiner ondersteuningsgroepe wat meer gereeld ontmoet. Die doel hiervan is ruimtes van volgehoue ondersteuning, belydenis en bemoediging;
2) ’n gefasiliteerde, intergenerasionele ontmoeting tussen die Noordhoek-retraite deelnemers en ’n ouer generasie leiers in die NG Kerk. Dit het ’n proses begin om te ondersoek hoe die NG Kerk se institusionele benadering tot versoening verdiep kan word om intensioneel uitdagings en hindernisse aan te spreek.
3) ’n tweede residensiële ontmoeting is in November 2018 in Noordhoek gehou, waartydens ons oor die afgelope jaar se proses reflekteer het. Daarby het ons ook begin verwoord hoe ons verder toegerus wil word vir prosesse van versoening en verwante temas;
4) die organisering en implementering van ’n "Noordhoek 2019-inisiatief" wat ’n nuwe groep NG Kerk leraars in 2019 in ’n soortgelyke proses as VBO sou aanbied. Hierdie nuwe groep het vroeg in Maart 2019 vergader waar 15 leraars oor twee sinodale grense deelgeneem het.

## 2. TAAKSPANLEDE

Die taakspan bestaan uit:
- Ds. Louis van der Riet (voorsitter) (Kraaifontein Parke)
- Ds. Bianca Botha (ondervoorsitter) (Groote Kerk)
- Ds. Jaco Botha (ondervoorsitter) (Bredasdorp)
- Ds. Helgard Pretorius (Pinelands)
- Ds. Tilana Meyer-Morkel (Paarlvallei)
- Ds. Riaan de Villiers (Groote Kerk)
- Dr. Wilhelm Verwoerd (Beyers Naude Sentrum vir Publieke Teologie)
- Ds. Wynand Breytenbach (Durbanville Moedergemeente)
- Ds. Scherlize Heyes (Ysterplaat Gemeenskapskerk)
- Prop. Gerhard Meyer

# 4.9 – ANDREW MURRAY SENTRUM VIR SPIRITUALITEIT

## 1. INLEIDING

Die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit is ŉ gemeenskap van stilte, afsondering en gebed waar ons mekaar nooi om tot rus te kom en ons wortels in Christus ontdek.

Ons vorm ŉ gemeenskap sonder voorwaarde, waar ons mekaar in ons broosheid ontmoet en aanmoedig om daagliks ŉ ritme van gebed, nadenke oor ons roeping en diens, te volg. Binne hierdie gemeenskap bemoedig ons mekaar om te groei in ons verhouding met Christus en ons roeping in Afrika en verder te onderskei.
**www.andrewmurraysentrum.co.za**

## 2. OPENING

Die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit het op 24 Februarie 2019 deure oopgemaak na ŉ driejaar periode van beplanning en bouwerk op die terrein. Tydens die geleentheid is daar ŉ tweedag konferensie gehou met die tema: Gewortel in Christus.

### 2.1 Kapelmeester

Prof. Elna Mouton is aangestel as die Kapelmeester wat besoekers aan die sentrum begelei in die gebedsritme van die sentrum. Elna woon op die terrein in Huis Louise.

### 2.2 Geboue

Die Sentrum is geleë by die Samuel kampus waar die Sendinginstituut in 1877 deur Andrew Murray gevestig is. Die geboue van die sentrum is almal historiese gedenkwaardighede. Samuel is die statige koshuis van die sentrum wat in 1883 gebou is.


Die woonhuis van Andrew Murray, Clairvaux dateer uit 1892, en word nou benut as ŉ "writers house" waar die navorsers ontvang word. Die konferensiesaal, die Jubileumsaal, dateer uit 1905, en word nou benut vir konferensies. Die ou stalle van Andrew Murray is ombou in ŉ kapel met ŉ uitsig oor die Hawekwa berge.

Die geskiedenis van die geboue en lewe en nalatenskap van Dr. Murray en die sendelinge wat daar opgelei is, inspireer ons om vandag na te dink oor ons missionale roeping in Afrika en spesifiek die rol wat spiritualiteit speel in die uitleef van ons missionale roeping.


## 3 DOEL

Die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit het ŉ drieledige doel:

### 3.1 Begeleiding




Begelei persone in daaglikse gebedsritmes wat gerugsteun word drie gebedsdienste in die kapel – voor ontbyt; voor middagete en voor aandete. Hierdie ritme sal onder leiding van die kapelmeester aangevul word met ander geloofsgewoontes wat tydens die verblyf by die sentrum ingeoefen word.
Die sentrum ontvang besoekers vir driedag, vyfdag en sewedag retreats wat bogenoemde ritme volg.




### 3.2 Gebedswandeling

Die sentrum het ook groot tuine waar besoekers op gebedswandelinge kan gaan.

### 3.3 Retreats

In samewerking met die Communitas se predikantebegeleiding, ontvang ons predikante vir week retreats en moedig predikante aan om een keer ŉ jaar hulleself af te sonder vir ŉ week- of

vyfdag retreat. Ons ontvang ook gemeentegroepe, dikwels oor naweke, wat vir 'n driedag retreat kom. Individue uit die publiek is ook welkom om oor 'n tydperk hulle te kom afsonder.

## 4. ADMINISTRASIE

### 4.1 Verblyf in die Samuel Herberg

Die sentrum het 'n herberg wat 40 persone in enkel- en dubbelkamers kan huisves. Al die kamers het en-suite badkamers en is ingerig om aan besoekers 'n ruimte van stilte en afsondering te bied. Etes word ook voorsien.

### 4.2 Kursusse en konferensies

Die sentrum beskik oor fasiliteite om kursusse en konferensies te kan aanbied.

### 4.3 Navorsing

Die Sentrum het 'n navorsingsentrum wat in Clairvaux, die woonhuis van Andrew Murray, gehuisves word. Die navorsingskantoor van die diensgroep en NetACT werk saam om groepe van navorsers te ontvang wat fokus om missionale uitdagings van die kerk in Afrika.

### 4.4 Besprekings

Die administratiewe bestuurder is me. Derine Piek. Sy kan tydens kantoorure gekontak word vir navrae en besprekings by: 021-8732151 of admin@andrewmurraysentrum.co.za

**Elna Mouton (Kapelmeester)**
**Frederick Marais (Voorsitter van die Bestuursraad)**

---

# VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE NG KERK IN SUID-AFRIKA (WES-KAAPLAND) – TYDENS DIE SINODE VAN MEI 2019

---

## 1. MISSIONALE VENNOOT

Die Bybelgenootskap van SA beskou die vennootskap met verskillende kerke en organisasies as onontbeerlik. Die NG Kerk het 'n besonderse verhouding met die Bybelgenootskap. Die Bybelgenootskap is 'n verlengstuk van die kerk se missionale taak. Die Bybelgenootskap is 'n missionale organisasie wat werk doen wat gemeentes nie op hul eie kan doen nie, naamlik Bybelvertaling en Bybelverspreiding op 'n breë front.

Die NG Kerk het sitting op die Algemene Jaarvergadering van die Bybelgenootskap en hou ook toesig oor die werk van die Bybelgenootskap. Die Bybelgenootskap doen dan ook verslag aan die Algemene Sinode van die NG Kerk, asook aan die deelnemende sinodes. Op die oomblik is die NG Kerk die grootste deelnemende kerk (van 38 deelnemende kerke) by die Bybelgenootskap in Suid-Afrika. Vertalings word op versoek van kerke onderneem, en die verspreiding geskied met die kerke as medewerkers. Hierdie verslag is slegs 'n breë oorsig.

## 2. OORSIG

### 2.1 Die Bybelgenootskap is 200 jaar oud

Die Bybelgenootskap is op 23 Augustus 1820 in Tuynhuys in Kaapstad gestig. Die doel was om aan alle mense in Suid-Afrika, in hul eie taal bekostigbare Bybels te verskaf. Al elf Suid-Afrika se amptelike tale het 'n volledige Bybel van die Bybelgenootskap ontvang. In 2020 vier die Bybelgenootskap sy 200-jarige viering. Dit is 'n dankbare jaar waarin ons terugkyk op die Here se genade en voorsienigheid in die vertaling en verspreiding van die Bybel in Suid-Afrika. Die vennote van die Bybelgenootskap word uitgenooi om dit saam in dankbaarheid en lof aan God te vier.

### 2.2 Die jaar van die Bybel 2020

Meeste van die Christelike kerke in Suid-Afrika vier in 2020 die jaar van die Bybel. Dit is om ons dankbaarheid aan die Here te betoon vir sy Woord en om Christene weer aan te moedig om die Bybel te lees. Statistieke toon dat minder as die helfte van Christene in Suid Afrika, die Bybel elke dag lees. Met die jaar van die Bybel wil die Bybelgenootskap vir Christene aanmoedig om die Bybel te lees en oor die werking van die Woord van die Here te getuig.

### 2.3 Twee Miljoen Bybels in 2020

Met die viering van die Bybelgenootskap se eerste 200 jaar in Suid-Afrika wil die Bybelgenootskap twee miljoen Bybels in Suid-Afrika versprei. Ipsos het vir ons aangedui dat daar 'n groot tekort in Suid-Afrika aan Bybels is. Daarmee saam is daar 'n groot behoefte om ongeletterdheid teen te werk. Die Bybelgenootskap gaan dus in 2020 aan twee miljoen Suid-Afrikaners, Bybels en geletterdheid-boekies versprei. Christene en gemeentes kan hiermee help. Vir elke R100 word een volledige Bybel en twee geletterdheidboekies in Suid-Afrika versprei. Dit behoort 'n groot inpak op Suid-Afrika te hê.

## 3. VERTALING VAN DIE BYBEL

Daar is verskeie vertalingsprojekte afgehandel en daar word ook nuwe vertalingsprojekte aangepak:

### 3.1 Die Nuwe Afrikaanse Vertaling word 2020 bekendgestel

Die langverwagte Nuwe Afrikaanse vertaling is feitlik voltooi en word in 2020 bekendgestel

Om meer hieroor te lees gaan na: www.bybeldirektevertaling.co.za. Prof. Bernard Combrink is die projekleier.

### 3.2 'n Engelse Bybel vir Dowes

Hierdie projek, met dr. RP Hough as projekleier, het in 2011 begin. Die vertaling word in 2019 bekendgestel. Om meet daaroor te lees kan by www.englishbibleforthedeaf.co.za gelees word.

### 3.3 'n Nuwe isiZulu-Bybel

Die nuwe vertaling van die IsiZulu Bybel word in 2020 bekendgestel Ons het die volle ondersteuning van die IsiZulu sprekende Christelike kerke.

### 3.4 !Xun vertaling

In samewerking met Botswana en Namibië Bybelgenootskappe is begin met die Bybelvertaling in !Xun, een van die San tale.

## 4. BYBELVERSPREIDING

### 4.1 Gedrukte Bybels

Meer as 4 268 707 gedrukte Bybels is die afgelope vier jaar versprei. Die **Uitreikbybels** in Afrikaans, Engels, Zulu, Xhosa en Pedi (Noord-Sotho) maak ongeveer 25% van die verspreiding uit. Die Bybelgenootskap het die afgelope vier jaar 142 287 **gratis Bybels**, aan **Graad 7-leerders** in skole in arm gebiede voorsien. Elke jaar kom 'n ander streek in die Wes-Kaap aan die beurt vir Bybelverspreiding. Gemeentes is baie betrokke in die verspreiding hiervan. Daar is 74 969 gratis Bybels aan **mense in gevangenisse** voorsien.

### 4.2 Digitale Bybels

Die Bybelgenootskap het 'n eie slimfoon toepassing naamlik **BibleSa** wat afgelaai kan word. Hierop kan die vertalings van die Bybelgenootskap van SA gelees word. Daar is ook ander Bybelstudie funksies.

Oor die afgelope tydperk het die BSA sowat 57 637 Bybels en Bybelgedeeltes in verskeie digitale formate en op verskeie digitale platforms bekendgestel. Die meeste van ons Bybels is suksesvol via *Kindle Direct Publishing* in Amazon se e-winkels bekendgestel. Verskeie e-Bybels is geskep wat onder andere kruisverwysings en addisionele navigasie bevat wat dit aansienlik meer lesersvriendelik maak.

Meer as 1 426 635 **Selfoonbybels** in al 11 landstale is die afgelope vier jaar gratis by m.bibles.co.za of www.youversion.com afgelaai. Ander **digitale formate** sluit in **Bybels aanlyn op Internet** (www.bybel.co.za en www.bibles.co.za) en **eBybels** vir elektroniese lesers. Op die Facebook-bladsy, op Twitter, asook per e-pos by vers@versndag.co.za, word ook gereeld Bybelgedeeltes gedeel, en dit blyk in 'n groot behoefte te voorsien. 'n Wye verskeidenheid gratis Bybelhulpmiddels wat interaksie met die Bybel bevorder, is beskikbaar by www.bybelgenootskap.co.za en kan afgelaai word. Verskillende formate, onder andere pdf-, ePub-, mobi- en MP3-formaat, is beskikbaar vir aflaai.

### 4.3 OudioBybels

Die **Bybelluisterprogram** (BLP) is in volle swang. Die program maak gebruik van enkelstem-voorlesings van die volledige Bybel en is handig vir mense wat sukkel om te lees. Dit werk met sonkrag, sowel as elektrisiteit.

## 5. BYBELGEBASEERDE GELETTERDHEIDSPROGRAM

*My Bybel Doen en Leer Boek* is in al 11 tale in Suid-Afrika beskikbaar en het ten doel om mense te leer lees en skryf. Dit is 'n gemeenskapsprojek van die Bybelgenootskap en word gratis aan gemeentes en skole voorsien om die oorlog teen ongeletterdheid in Suid-Afrika te beveg.

## 6. DIE NG KERK SE UNIEKE ROL

Daar bestaan 'n **noue verbintenis en vennootskap** tussen die **NG Kerk en die BSA**. Dit blyk onder andere uit baie Algemene Sinodale en ander sinodale besluite van die verlede met betrekking tot die Bybelgenootskap, die finansiële bydraes van gemeentes en lidmate, die betrokkenheid van kundige teoloë en lidmate by die vertaling van die Bybel. NG Kerklidmate wat dien in die verskillende streekkomitees, die Algemene Jaarvergadering en die Raad van Direkteure.

Die afgelope vier jaar het ds. Smuts Janse van Rensburg (Oudtshoorn) en Danie Theart (Wellington) die NG Kerk by die Wes-Kaap streekkomitee (nou genoem -Westelike Streek) van die Bybelgenootskap verteenwoordig. Ds. Smuts Janse van Rensburg is in 2018 verkies as voorsitter vir die volgende paar jaar.

Predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word beroep deur die Algemene

Taakspan vir Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding. In die Wes-Kaap is Dr Quintus Heine (Streekhoof van die Bybelgenootskap in die Wes Kaap), die Bybelgenootskap se kontakpersoon. Hy kan gekontak word by heine@biblesociety.co.za of 021 9108781.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spreek sy groot en opregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en akademici van die NG Kerk in SA (Wes-Kaapland) vir hul besondere en volgehoue ondersteuning van die Bybelgenootskap in gebede, in bydraes, in Bybelvertaling en in die verspreiding van die Bybel.

**Dr. Quintus Heine**
**Streekhoof: Westelike Streek**

## 7. AANBEVELINGS

**7.1 Die Sinode van die Wes-Kaapland versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoue gebed- en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te wees. Die sinode moedig gemeentes aan om tydens Pinkster en op Bybelsondag spesiale kollektes vir Bybelverspreiding op te neem.**

**7.2 Die Sinode van die Wes-Kaapland versoek gemeentes om 2020 as "Jaar van die Bybel" uit te sonder en moedig lidmate aan die Bybel gereeld te lees.**

# B5 – VERSLAG VAN DIE DIENSGROEP VIR ONDERSTEUNINGSDIENSTE

**Bestaande uit die taakspanne:**
**Argief (STA), Diensverhoudinge (STD), Eiendomme (STE),**
**Finansies en Administrasie (STFA), Kommunikasie (STK), en Regte (Regskommissie)**

# 5.1 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR DIE ARGIEF (STA)

## 1. INLEIDING

1.1 Die NG Kerk in SA Argief op Stellenbosch is ’n funksionele argief waar die kringloop van rekordbestuur op ’n praktiese wyse uitgeleef word. Die insameling, ordening, ontsluiting, bewaring, verspreiding en vernietiging word op ’n wetenskaplike wyse bedryf deur ’n span professionele en kundige personeellede.

1.2 Die Argief het sedert die 2015 sinodesitting groot veranderinge ondergaan ten opsigte van personeel. Dit het nou grootliks ’n nuwe personeelkorps, waar elkeen ’n kundige op sy verantwoordelikheidsterrein is. Goeie werksverhoudinge word gehandhaaf met kerkkantore en onderlinge samewerking dra by tot die sukses van die Argief. Kerkkantore en hulle personeel word gesien as ’n belangrike vennoot in die proses van bewaring.

1.3 ’n Grootse poging is ook aangewend om die Argief, sy versameling en dienste bekend te stel en dit het bygedra tot die verhoging van navorsingsaktiwiteite by die Argief.

## 2. OPDRAG

### 2.1 Beginsels

2.1.1 Die Argief verrig sy taak om die kollektiewe teologiese geheue van die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk te bewaar – primêr op ’n teologiese grondslag, maar ook op ’n sekulêr-wetenskaplike wyse. Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op ’n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die kerk se argief huisves gevolglik ook die skriftelike en ander getuienisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm.

2.1.2 Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God drie-enig in en deur Sy kerk op ’n bepaalde gebied. As dienaar van die kerk het die Argief die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk.

## 3. WERKSAAMHEDE

### 3.1 Ordening en ontsluiting

Een van die grootste uitdagings van die Argief is om op datum te bly met die ontsluiting van argivalia. Die grootste probleemarea lê egter in mikro-ontsluiting. ’n Groot aantal navrae is moeilik beantwoordbaar omdat spesifieke dokumente nie opgespoor kan word nie, aangesien dit deel is van ’n groter groep dokumente. Die Argief onderneem egter ad hoc-projekte waarin gepoog word om materiaal fyner te ontsluit en digitaal beskikbaar te maak. Die volgende projekte is reeds onderneem:

#### 3.1.1 Bybelfotoprojek

In 2016 is ’n donasie van dr. Keith Meintjes van Michigan, VSA, ontvang vir die digitisering van die Bybelversameling in die Argief. ’n Studente-assistent, mnr. Ruan van Nieuwenhuys, is aangestel en sowat 400 Bybels se titelblaaie, titel-verso en enige ander notas en genealogiese inligting is gefotografeer. Sestig van hierdie Bybels het notas gehad wat van genealogiese waarde kan wees. Hierdie digitale beelde vorm nou deel van die Argief se digitale versameling. Dr. Meintjes het dit ook op die eGGSA se webblad laat plaas as deel van hulle Bybelversameling.

#### 3.1.2 Willie Jonker Digitale Argief

Dr. Gert Duursema het begin om wyle prof. Willie Jonker se werk te versamel. Die gedagte het reeds in 2000 ontstaan om ’n digitale argief daar te stel. In 2011 het die weduwee van prof. Willie Jonker, mev. Bettie Jonker, die hele argief van haar man – uitgesonderd die persoonlike korrespondensie oor die Rustenburg-verklaring – aan dr. Duursema beskikbaar gestel. Talle ander pennevrugte is in tydskrifte, koerante, argiewe, ensovoorts – hier en in die buiteland – deur dr. Duursema opgespoor. In die proses het hy ’n magdom van prof. Jonker se gepubliseerde en ongepubliseerde werk versamel – sommige waarvan geheel en al onbekend was in Suid-Afrika. Dr. Duursema het begin om die dokumente te skandeer en mev. Karen Minnaar (een van die argivarisse) het met die reuse werk begin om dit op ’n webwerf te laai. Die Willie Jonker Digitale Argief is amptelik in 2016 in gebruik geneem (https://williejonker.co.za).

Die oorspronklike dokumente is aan die Argief gegee. Daar is reeds meer as 950 dokumente geplaas waarvan 583 Geestelike Waardes, die weeklikse rubriek in Die Burger. Mev. Chrisna van der Merwe werk tans op kontrakbasis (befonds uit die Het Jan Marais Nationale Fonds en die Sinodale Diensgroep vir Toerusting en Navorsing) aan die laaste klompie dokumente.

**3.1.3 Sendingfotoprojek**

Dr. Keith Meintjes het vir die 2019 finansiële jaar verdere fondse bewillig vir die digitisering van foto's in die Argief. Die eerste projek uit hierdie befondsing is die benoeming en digitisering van foto's wat vanaf die verskillende sendingstasies kom. Aangesien die meeste van hierdie foto's onbenoem is, moes die benoeming daarvan eers aangepak word. Die projek is dus verdeel in vier fases: benoeming deur oud-sendelinge; datavaslegging (datum, watter stasie, wie, geleentheid, enige ander opmerking); digitisering van die foto's; en beskikbaarmaking op die webblad. Daar was vyf geleenthede waarheen oud-sendelinge genooi is om te help met die benoeming van foto's van onder andere Morgenster, Malawi, Transkei en Makhathini. Dit het goeie vrugte afgewerp en was ook 'n goeie geleentheid om die diens van die Argief te bemark. Daar is in totaal reeds 384 klein "A" foto's benoem en ingevoer en 22 groot "B" foto's is benoem en ingevoer. 665 foto's is ook reeds gedigitiseer.

**3.1.4 Gemeentegeskiedenisprojek**

Die tweede projek uit die Keith Meintjes befondsing is die behoefte om foto's van kerkgeboue en NG predikante te digitiseer. 'n Ooreenkoms is bereik met mnr. Morne van Rooyen om sy groot versameling van kort opsommings van die geskiedenis van gemeentes op 'n digitale platform van die Argief te huisves. Daar is ook met ds. Dawie Scheepers van Kimberley ooreengekom om sy versameling van biografieë van NG predikante op dieselfde platform te huisves. Met behulp van student-assistente word daar nou uit die argiefversameling foto's van kerkgeboue en predikante gedigitiseer en dit word by hierdie artikels geplaas.
Sien http://www.gemeentegeskiedenis.co.za

**3.1.5 Andrew Murray Privaatversameling**

Met die beplanning rondom die inrigting van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit het daar ook 'n behoefte by die Sinodale Diensgroep vir Toerusting en Navorsing ontstaan om die nalatenskap en invloed van dr. Andrew Murray op die vorming van 'n eiesoortige gereformeerde spiritualiteit in die NG Kerk te ondersoek. Ten einde hiertoe by te dra en ook om van hulp te wees vir navorsing vir die konferensie hieroor in 2019 is die Argief versoek om die Andrew Murray privaatversameling fyner te ontsluit. Dit is moontlik gemaak deur befondsing deur hierdie diensgroep.

**3.2 Beskikbaarmaking**

Die Argief word druk besoek deur navorsers vanuit die akademiese omgewing, genealogie en ook 'n groot aantal buitelanders. Net in die 2018 verslagperiode was daar 224 besoekers aan die leeskamer en is 2 757 navrae hanteer. Internasionale navrae en besoekers het onder andere vanaf die VSA, Nederland, Skotland, Italië, Duitsland, Malawi en Zimbabwe gekom

**3.3 Algemene Taakspan Argief**

Die Wes-Kaap was in 2018 die gasheer vir die vergadering van die Algemene Taakspan Argief (ATA). Dit is op 13 Junie 2018 by die Argief gehou. Soos versoek in 2017 het die Argief ook 'n konferensie aangebied op 12 Junie 2018. Die konferensietitel was: *Digitizing the Church Archives*. Tien sprekers en sowat 60 afgevaardigdes het die konferensie bygewoon.

**3.4 Kommunikasie**

3.4.1 Daar is voortdurend pogings aangewend om die Argief, sy versameling en dienste aan die breër publiek bekend te stel. Daar is onder andere 'n genealogie ope dag gehou, lesings is by verskeie geleenthede aangebied (waaronder die Woordfees), berigte is op Sondagjoernaal (RSG) en in die sosiale media (Facebook, Twitter en e-Nuusbriewe) geplaas. Daar is ook begin met Die Eekhoring, die nuusbrief van die Argief.

## 4. FINANSIES

4.1 Die Algemene Sinode, sewe van die tien sinodes, die VGK en enkele ander instansies koop sedert 1 September 2011 'n argiefdiens by die NG Kerk in SA. Alhoewel hierdie sinodes nie meer vir die bestuur van die Argief verantwoordelik is nie, het hulle as "kliënte" direkte inspraak in die diens wat aan die betrokke sinode of instansie gelewer word.
4.2 Die sinodes se rekeninge word bepaal deur die aantal rakke wat elke sinode in die kluis benut. Daar is 'n totaal van 5,1 kilometer rakke waarvan daar tans 3,5 kilometer benut word vir argivalia.
4.3 Die Sinode van Wes-Kaapland benut tans 1 001 meter rakspasie. Die statistiek vir die afgelope 5 jaar lyk soos volg:

| Jaartal | Rakspasie benut | Rakfooi p/meter p/jaar | Totale uitgawe begroting |
|---|---|---|---|
| 2016 | 3 313,5 | R635 | R2 102 884 |
| 2017 | 3 313,0 | R670 | R2 220 020 |
| 2018 | 3 382,0 | R695 | R2 350 486 |
| 2019 | 3 417,5 | R728 | R2 487 934 |
| 2020 | 3 505,0 | R775 | R2 716 269 |

## 5. PERSONEEL

5.1 Die hoofbeampte van die Argief, mev. Marlene Schoeman, het op 28 Februarie 2016 afgetree en mev. Liesl Rabie het haar dienste op 30 Junie 2017 beëindig. Die moderamen het in Augustus 2017 besluit om die pos van die hoofargivaris te omskep in die pos van 'n bestuurder vir die Argief. Dit het meegebring dat die saakgelastigde van sy 10% plig by die Argief onthef kon word. Dr. Andrew Kok is vanaf 1 Desember 2017 bestuurder by die Argief. Die res van die personeel is: mev. Karen Minnaar (senior argivaris); mev. Collette de Wet (argivaris), dr. Isabel Murray en mej. Susan Marais (argief-beamptes). mev. Julia Daniels (assistent) is in 2017 na die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing oorgeplaas, maar lewer steeds 40% diens aan die Argief.

**Voorsitter STA: ds. Albé Theunissen**

# 5.2 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR DIENSVERHOUDINGE (STD)

## 1. INLEIDING

1.1 In die tydperk voor 1998 is diensverhoudinge volgens die Kerkorde en sinodale besluite gereël. Toesig oor die beroeping van predikante, tug en vergoeding is deur die ringe en sinodale kommissies hanteer. Sake is dikwels op reaktiewe wyse bedryf en het tot baie dispute en vertroebelde verhoudings gelei. Gemeentes se inspraak was beperk en kundigheid met betrekking tot kerkreg was dun gesaai.

1.2 Sedert 1994 het die Suid-Afrikaanse arbeidsomgewing ook drasties verander. Veral die wysiging van belangrike wetgewing, soos die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (1997) en die Wet op Diens-gelykheid (1998) was groot invloede in die arbeids-omgewing. Die veranderde arbeidsomgewing, nuwe wetgewing en belangrike rigtinggewende hofsake waarby die kerk betrokke was, was inderdaad belangrike invloede wat gelei het tot die sinode se besluite rondom diensverhoudinge.

1.3 Die totstandkoming van diensverhoudinge kommissies (DVK's) op sinodale vlak en in gemeentes het ook aanvanklik 'n sterk kerkreg en arbeidsreg onderbou gehad. Beide die samestelling van kommissies (mense uit regsprofessie) en sake op die agendas van diensverhoudinge kommissies het 'n regsoriëntasie beklemtoon. Daar is ten tye van die vestiging van DVK's veral klem gelê op sake soos aanstellingsooreenkomste, posbeskrywings en personeelbeleid.

1.4 As 'n nuwe saak op die agenda van die kerk het diensverhoudinge aanvanklik baie aandag gekry. Sekere gemeentes het ook 'n belangrike rol gespeel om ander gemeentes op 'n praktiese vlak te help. Verskeie oriëntasie- en opleidingsgeleenthede is deur sinodale kommissies gereël. Die daarstelling van 'n handleiding (bestuursgids – 1999) deur die AIDE op inisiatief van die Wes-Kaap het ook 'n groot bydrae gelewer. Die handleiding is in 2010 hersien en weer beskikbaar gestel.

1.5 Op gemeentevlak het die DVK's verskillende gestaltes aangeneem. In sommige gemeentes is die DVK gesien as 'n tipe regskommissie, by ander weer as 'n tipe dagbestuur aan wie alle personeellede rapporteer. Daar is vermoedelik ook 'n groot aantal kommissies wat onaktief is of glad nie funksioneer nie.

1.6 Vanuit 'n werknemersoogpunt beskou, is daar baie predikante wat bedreig en blootgestel gevoel het. Die ring en die sinode is in die verlede as 'n beskermingsmeganisme beskou. Vir baie ander het DVK's 'n bron van ondersteuning geword en 'n omgeegroep met wie oop gesprekke gevoer kan word oor sake wat in die verlede dikwels nagelaat is. Met die wysiging van die Kerkorde in 2002 het die ring weereens die verantwoordelikheid gekry om beroepe goed te keur en om 'n toesighoudende rol te vervul by die uitdiensstelling van predikante.

1.7 Daarmee is 'n beter balans gevind tussen die noodsaaklike verwikkelinge op die diensverhoudinge terrein en die unieke roepingsverhouding tussen 'n leraar en 'n bepaalde kerklike werkkring.

## 2. OPDRAG

### 2.1 Die STD

2.1.1 Bestuur die diensverhoudinge van die sinode en sy werknemers;
2.1.2 lewer strategiese insette rondom die vul van poste van amptenare;
2.1.3 besluit in samewerking met die SKS oor vakatures van amptenare;
2.1.4 ontwikkel en implementeer 'n personeelbeleid ooreenkomstig die sinode se roeping, beleid en strategie;
2.1.5 ontwikkel en implementeer alle dienskontrakte van werknemers in diens van die sinode;

2.1.6 verseker dat daar vir alle personeel duidelike en opgedateerde taakomskrywings en ontwikkelingsplanne is;
2.1.7 gee uitvoering aan alle diensooreenkomste van werknemers in diens van die sinode;
2.1.8 evalueer deurlopend die personeelbeleid en die implikasies van die arbeidsreg en die Kerkorde op diensverhoudinge;
2.1.9 doen aanbevelings oor vergoeding;
2.1.10 skakel met die Algemene Sinode se Taakspan: Diensverhoudinge;
2.1.11 is verantwoordelik aan die moderamen; en
2.1.12 verleen advies ten opsigte van diensverhouding aangeleenthede aan gemeentes.

## 3. TAAK VAN DIENSVERHOUDINGE KOMMISSIES (DVK'S)

Daar is beslis diegene wat sou wou terugbeweeg na hoe sake voor 1998 bedryf is. Die moontlikheid dat DVK's maar net in onbruik kan verval, is ook sterk. Daar is egter geen twyfel nie dat indien diensverhoudinge verantwoordelik bestuur word dit 'n enorme bydrae kan maak tot die doeltreffende bestuur van gemeentes waarbinne personeellede geborge voel en hulle volle potensiaal kan verwesenlik. Dit is egter baie belangrik dat DVK's verstaan dat hulle funksie 'n ondersteuningsarm is vir die kerkraad (dagbestuur) wat 'n direkte bestuursverantwoordelikheid het. DVK's is dus 'n staffunksie en nie 'n lynfunksie nie. Die kerkraad, deur sy kommissies, bestuur die programme en aktiwiteite van die gemeente.

### 3.1 Kritiese fokusareas van DVK's

Binne hierdie konteks sou DVK's se funksies en take soos volg gesien kan word (onthou dat besluitneming steeds by die kerkraad gesetel is):

#### 3.1.1 Personeelvoorsiening

3.1.1.1 Die bepaling van personeelbehoeftes (taakontleding) en aanbeveling aan kerkraad.
3.1.1.2 Die werwing en keuring van personeel (voorlegging van kortlys met aanbeveling).
3.1.1.3 Kommunikasie met aansoekers en onderhandeling van diensooreenkomste.
3.1.1.4 Toesien dat kerkordelike bepalings volledig en korrek nagekom word.
3.1.1.5 Met betrekking tot predikante tree die DVK op as deel van die pre-advies kommissie.

#### 3.1.2 Organisasiestruktuur

3.1.2.1 Deurlopende evaluering van verdeling en koördinering van werk en verseker dat op datum posbeskrywings bygehou word. Die kommissie sien toe dat alle prosesse doeltreffend funksioneer en dat voldoende infrastruktuur bestaan.

#### 3.1.3 Personeelvergoeding

3.1.3.1 Die kommissie kom vergoeding met personeellede ooreen binne die raamwerk van sinodale riglyne en sien toe dat alle voordele binne beleid bestuur word (die kerkraad en finansiële kommissie keur egter steeds aanbevelings goed).

#### 3.1.4 Personeeladministrasie

3.1.4.1 Verseker dat alle personeellede se sake professioneel geadministreer word (aanstellingsooreenkomste, verlofrekords, pensioen, mediese fonds administrasie, ens.).

3.1.4.2 Die hantering van salarisse word gewoonlik met hulp van finansiële kundiges gedoen. Die burodiens wat deur die Bestuurder: Menslike Hulpbronne by die sinodale kantoor gelewer word, kan ook met groot vrug gebruik word aangesien die jongste marksyfers daar beskikbaar is.

#### 3.1.5 Personeelbeleid

3.1.5.1 Daarstelling van personeelbeleid (goedkeuring deur kerkraad) en toesig oor korrekte en billike toepassing.
3.1.5.2 Verseker dat Kerkorde en toepaslike wetgewing korrek nagevolg word.
3.1.5.3 Interpretasie van beleid en besluite ten opsigte van toepassing.

#### 3.1.6 Personeelopleiding en -Ontwikkeling

3.1.6.1 Bepaal kritiese behoeftes, strukturering van programme en opvolg met betrekking tot implementering.
3.1.6.2 Ten opsigte van predikante se voortgesette bedienings opleiding (VBO) sien die DVK toe dat sinodale riglyne uitgevoer word.

#### 3.1.7 Personeel Ondersteuning

3.1.7.1 Aanvullend tot die kerkraad se toesig word omgesien na die welsyn van personeel deur middel van gereelde roetine besoeke/gesprekke. Indien nood bestaan, doen die DVK die nodige aanbevelings of verwys die aangeleentheid na spesialis-kundiges.

3.1.7.2 Met betrekking tot die versorging van predikante, word 'n belangrike bydrae en diens deur die Taakspan vir Predikantebegeleiding (STP) by Communitas gelewer. Hierdie taakspan stel dit ten doel om na die emosionele en geestelike gesondheid (unieke behoeftes) van die predikante (beroep) om te sien ten einde veerkragtigheid te verseker.

#### 3.1.8 Dissiplinêre en Griewe aangeleenthede

3.1.8.1 Hantering van alle dissiplinêre aangeleenthede en griewe binne die raamwerk van die Kerkorde en personeelbeleid (fasiliteer die proses – dissiplinêre optrede word deur die ring / kerkraad gedoen).

3.1.8.2 Die DVK tree nie as werkgewer op nie en poog om enige geskille op die vroegste moontlike stadium op te los. Die DVK tree dus nie as besluitnemer op nie, maar begelei beide die kerkraad en werknemer tydens die dissiplinêre proses. Kerkrade behoort die nodige strukture (byvoorbeeld dagbestuur, kundiges en sinodale struktuur) vooraf in plek te stel om met gesag namens die kerkraad dissiplinêre sake af te handel.

### 3.1.9 Doeltreffende bestuursprosesse

3.1.9.1 Sien toe dat alle bestuursprosesse en -stelsels doeltreffend funksioneer.
3.1.9.2 Tree as fasiliteerders op vir prestasiebestuur (uitsetkontraktering, terugvoergesprekke, ens.).
3.1.9.3 Verseker doeltreffende kommunikasie (deelnemende bestuur), spanfunksionering en uitlewing van gemeenskaplike waardes.

### 3.1.10 Menslike Hulpbronbestuur Strategie

3.1.10.1 Lewer strategies insette tot die funksionering van die gemeente en toekomstige beplanning met fokus op Menslike Hulpbronbestuur aangeleenthede.

### 3.2 Samestelling en funksionering

3.2.1 Gegewe die taak van DVK's is dit belangrik om te besef dat die kommissie 'n deurlopende rol het om te vervul. Gereelde vergaderings (minstens een keer per kwartaal) behoort gehou te word en spoedeisende sake moet so gou moontlik afgehandel word.

3.2.2 Die samestelling van die kommissie vereis beslis persone met goeie kommunikasie- en mensvaardighede. Persoon(e) met praktiese kennis en ervaring van personeelbestuur (of ten minste algemene bestuur) is noodsaaklik. Spesialis kennis (byvoorbeeld opleiding, arbeidsreg, ensovoorts.) sou as aanbeveling dien. Hierdie kennis kan egter van konsultante, opleidingsinrigtings en sinodale kantore (buro-diens) bekom word, soos en wanneer nodig. Persone met wysheid, met die gawe om verhoudings te bou en om met liefde om te sien na die personeel is nodig.

3.2.3 Predikante en ander personeellede kan in DVK dien maar moet onttrek wanneer sake van persoonlike aard van personeel, bespreek word.

### 3.3 Die toekoms van DVK's

3.3.1 Indien daar aanvaar word dat gemeentes meer verantwoordelikheid neem vir hul eie funksionering, sal die professionele bedryf van diensverhoudinge 'n al hoe belangriker element van gemeentebestuur word.

3.3.2 Die rol van ringe en sinodes as adviseurs en diensverskaffers aan gemeentes, sal ook waarskynlik 'n realiteit word. Sinodale strukture (sinode/ring) sal al hoe belangriker dienssentrums word wat kundigheid (spesialisdienste) voorsien aan gemeentelike kommissies wat nie altyd toegang het tot kundigheid nie. Sodoende sal STD se droom (visie) om ondersteuning aan die breër kerk en gemeentes te gee, meer tot sy reg kom en dienste ooreenkomstig lewer.

## 4. PRIORITEITE VAN DIE STD

Die STD het in dié termyn baie sterk gefokus om hulp en advies aan diensgroepe/taakspanne, ringe en veral gemeentes ten opsigte van diensverhoudinge te verskaf. Enkele aspekte teen die agtergrond van die Sinode se roeping, word kortliks uitgelig.

### 4.1 Menslike Hulpbron Diensburo

4.1.1 In die kantoor van die saakgelastigde is 'n adviesburo ten opsigte van diensverhoudinge gevestig. Die funksie van die diensburo is om gemeentes en ringe van advies te voorsien, hetsy dit oor posbeskrywings, dienskontrakte, personeelbeleid, diensbeëindigings handel of enige aspek van menslike hulpbronbestuur en al die kritiese prestasie areas soos in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge uiteengesit.

4.1.2 Die diensburo lewer 'n omvattende diens aan gemeentes en veral aan die plaaslike DVK's. Die fokus is en bly om by meer gemeentes betrokke te raak en nog meer ondersteunend (pro-aktief) by gemeentes op te tree.

4.1.3 Die STD het onlangs 'n skrywe aan STR gerig met die versoek dat die Reglement van Kerkrade aangepas word om voorsiening te maak dat elke kerkraad 'n personeelbeleid opstel vir implementering in gemeente.

### 4.2 Bestuursgids vir Diensverhoudinge

4.2.1 Die Bestuursgids vir Diensverhoudinge is in April 2010 op die Kerk se webwerf gepubliseer.
4.2.2 Kerkrade word daagliks gekonfronteer met allerlei praktiese en statutêre reëlings wat uit die diensverhoudinge spruit. Met die bestuursgids vir diensverhoudinge word gepoog om hulp aan te bied om die diensverhoudings meer effektief te maak.
4.2.3 Die bestuursgids is beskikbaar by: https://www.kaapkerkadmin.co.za/

### 4.3 Riglyn vergoedingskaal vir personeel in diens by kerkkantore

4.3.1 Daar word jaarliks 'n vergoedingskaal vir kerkkantoor personeel by gemeentes beskikbaar gestel. Heelwat navrae hiervoor is ook van ander sinodes ontvang. Die Oos-Kaap Sinode is nou ook belanghebber sowel as 'n bydraer hierby, wat

minstens die kostes van die markondersoeke meer bekostigbaar maak.

### 4.4 Toerusting en Begeleiding van Gemeente DVK's

4.4.1 Inligting oor samestelling, taak en opdrag van DVK's is aan gemeentes beskikbaar gestel en is op verdere aanvraag beskikbaar. Besoeke aan gemeentes en ringe is op hul versoek uitgevoer. Dit bied die geleentheid om goeie toeligting oor diensverhoudinge te doen. Die belangrikheid van pro-aktiewe hulp/ondersteuning en toeligting aan gemeentes/ringe word beklemtoon.

### 4.5 Personeelbeleid

4.5.1 'n Personeelbeleid van die sinode is in 1999 goedgekeur en word van tyd tot tyd hersien na gelang van omstandighede en wysigings in die Kerkorde en Arbeidswetgewing.

### 4.6 Eksterne Kundige Lede

4.6.1 Die STD is dankbaar en bevoorreg om die kundigheid en tyd van eksterne kundige lede, as vrywilligers binne die sinode gebied te gebruik.

4.6.2 Die volgende lidmate van ons kerk met spesialiskennis op die menslike hulpbronterrein, het hul kundigheid beskikbaar gestel om die kerk te ondersteun in toepaslike dissiplines:
4.6.2.1 mnr. Jurie Swart
4.6.2.2 mnr. Johan Benade

4.6.3 Al die persone speel 'n belangrike rol om die diensburo saam met die restant van die lede van die taakspan ook meer toeganklik te maak.

### 4.7 Bestuur van verlof

4.7.1 Die diensburo het kennis geneem dat daar verskeie gemeentes is wat toelaat dat hul leraars en amptenare se verlof akkumuleer tot meer as die maksimum toelaatbaar. Hierdie praktyk kan groot finansiële uitgawes vir die kerkraad inhou. Die aspek moet deurlopend aangespreek word deur kerkrade en ander kerklike werkgewers. Die wysigings in die Kerkorde (2011 en 2015) het die aspek ook aangespreek.

### 4.8 Bestuur van Personeeluitgawes

4.8.1 Elke moontlike geleentheid wat by wyse van natuurlike bedankings ontstaan, word benut om die personeelstrukture van die betrokke taakspan te ondersoek. Waar poste weer gevul is, is dit gedoen dienooreenkomstig die strategie van die betrokke taakspan. Herstrukturering van werksaamhede vind deurlopend plaas wat aanpas by die veranderde operasionele vereistes. Aansienlike besparings is bewerkstellig.

### 4.9 In-Fonds Lewende Annuïteitsopsie – PPF lede

4.9.1 In 2017 het ons berig oor die ondersoek om die moontlikheid te ondersoek om PPF lede die keuse te gee om binne diefFonds af te tree. Dit beteken dat PPF lede se pensioengeld binne die fonds bly en na aftrede bestuur word deur dieselfde kundigheid wat hul geld tot en met aftrede bestuur het.

4.9.2 Die destydse Raad op Finansiële Dienste (FSB) het die Predikante Pensioenfonds van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (PPF) se gewysigde reëls op 9 Oktober 2017 goedgekeur. Die implikasie is dat die PPF sedertdien 'n in-fonds lewende annuïteit (IFLA) by aftrede vir die lede kan aanbied.

4.9.3 Tot en met September 2017 kon lede van die PPF by aftrede kies tussen:
4.9.3.1 "Uitstel" (as die lid nie dadelik 'n inkomste wil ontvang nie);
4.9.3.2 of 'n pensioen wat by versekeraars buite die PPF aangekoop moes word om 'n maandelikse inkomste te ontvang. Wat die pensioen betref, kon die lid gekies het tussen:
4.9.3.2.1 'n gewaarborgde pensioen of
4.9.3.2.2 'n lewende annuïteit.

4.9.4 Die IFLA (in-fonds lewende annuïteit) bied nou aan lede die opsie om by aftrede 'n lewende annuïteit binne die Predikante Pensioenfonds te kies.

4.9.5 Indien 'n lid kies om aan die in-fonds lewende annuïteite deel te neem, hoef die lid nie die fonds by aftrede te verlaat nie. Die bedrag wat die lid oor jare vir aftrede as lid van die PPF gespaar het, en wat nie as 'n kontant enkelbedrag geneem gaan word nie, word gebruik om vir die lid 'n maandelikse pensioen te koop.

4.9.6 Aktiewe lede, veral diegene wat aftrede nader, word sterk aangemoedig om die verskillende opsies vir oorweging by aftrede met 'n finansiële adviseur te bespreek, en waar van toepassing, die lid se beleggingsportefeulje tydig met die lid se beoogde aftreekeuse te belyn.

4.9.7 Hoekom is 'n lewende annuïteit binne die fonds as 'n verdere opsie by aftrede aan PPF-lede beskikbaar gestel?

4.9.7.1 Die antwoord is eenvoudig. Dit beteken dat lede kan kies om as 'n lid van die PPF aan te bly en 'n maandelikse pensioen uit die fonds te kry. Die belangrikste voordeel daarvan om 'n pensioen uit die fonds te kry is die lae beleggingsfooie weens die kostebesparings op grond van ekonomie van skaal. In pensioenfondse is beleggingsfooie gewoonlik heelwat laer as in die individuele mark. Hierdie soort

pensioen laat lede verder toe om hulle geld aan hulle begunstigdes, soos hulle gesinslede, na te laat, met inagneming van die bepalings van die fondsreëls en betrokke wetgewing. Lede word weereens aangemoedig om advies te kry by 'n geakkrediteerde finansiële adviseur om hulle oor die regte pensioen vir hulle bepaalde omstandighede te help besluit.

4.9.7.2 'n Verdere voordeel van die in-fonds lewende annuïteit is dat die PPF nou met spesifieke adviseurs 'n ooreenkoms gesluit het om finansiële advies teen 'n vasgestelde prys te voorsien. Die PPF se beheerliggaam het hierdie finansiële adviseurs gekeur en 'n diensvlakooreenkoms met hulle maatskappye gesluit. Die voordeel is dat hierdie fooi nie in kontant deur die lid betaal hoef te word nie – dit word van die lid se fondskrediet verhaal.

4.9.7.3 Aktiewe lede word baie sterk aangemoedig om minstens twee keer voor aftrede met die finansiële adviseur te vergader:

4.9.7.3.1 Die eerste keer reeds so agt jaar voor aftrede (dus gewoonlik vanaf ouderdom 56). Dit is wanneer lede moet besluit oor die lewensfase beleggingsmodel (verstekkeuse, beleggingsmodel vir lewende annuïteit of eie keuse beleggingsmodel).

4.9.7.3.2 Die tweede keer is dan net voor aftrede (dus gewoonlik iewers na ouderdom 64). Teen hierdie tyd behoort die lid reeds vir of teen 'n lewende annuïteit te besluit het. Die keuse is nou, indien 'n lewende annuïteit gekies sou word, vir binne of buite die PPF. Jonger lede word ook aangemoedig om van vroeg in hulle loopbane 'n verhouding met 'n finansiële adviseur te begin bou.

4.9.7.4 Lede het die vryheid om hul eie finansiële adviseurs te kies en aan te stel. Die betrokke lede sal egter self die adviesfooi moet beding (en betaal) vir finansiële adviseurs wat nie uit die PPF se goedgekeurde paneel van adviesfirmas kom nie.

4.9.7.5 Die volledige inligtingspak wat in Oktober 2017 aan lede beskikbaar gestel is, is op die webwerf by https://www.ppfkaapkerk.co.za/ifla/ beskikbaar. Let veral op bylaag PPF4 (IFLA – Vrae en Antwoorde), wat 31 geselekteerde vrae met antwoorde stel wat lede se onsekerhede aanspreek.

4.9.7.6 Terloops, met die skryf van dié verslag het 22 lede reeds die IFLA-opsie gekies, wat maandeliks hul pensioen dienooreenkomstig ontvang.

4.9.7.7 Indien daar enige navrae oor IFLA is, is lede welkom om vir Kenny Raats of Bossie Minnaar by 021 957 7104 te skakel.

**4.10 Uitdagings**

4.10.1 Die uitdaging vir die STD is om plaaslike DVK's verder te bemagtig om hul rol te verstaan en sodanig uit te leef. Dit is en bly belangrik dat DVK's verstaan dat hulle funksie 'n ondersteuningsarm is vir die kerkraad en dat slegs laasgenoemde 'n direkte bestuursverantwoordelikheid het.

**4.11 Navrae**

4.11.1 Bestuurder: Menslike Hulpbronne – **Kenny Raats** | kraats@kaapkerk.co.za | 021-957-7104

**Voorsitter STD: ds. Derick Lambrechts**

## 5.3 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR EIENDOMME (STE)

### 1. TAAK

1.1 Die Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE) se taak is om as betroubare rentmeester uitvoering te gee aan die sinode se roeping en besluite met betrekking tot al die eiendomme wat in die naam van die NG Kerk in SA geregistreer is.

### 2. WERKSAAMHEDE

2.1 Die sinode besit 78 eiendomme met 'n versekerde waarde van meer as R3 miljard (R3 263 850 642 op 28 Februarie 2019).

2.2 Die hofsaak tussen Hugenote Kollege en Octofin is nog steeds nie afgehandel nie. Huis Cummings staan sedert dit in 2008 afgebrand het leeg en onbenut.

2.3 Die moderamen het op 18 September 2015 die kerk en kerksaal en 31 ander erwe by De Hoop (15 kilometer buite Oudtshoorn) aangekoop. Die erwe is gemiddeld 1 000 vierkante meter groot. Die restant van Erf 229 (die gedeelte wat nog nie in erwe opgesny is nie) is 30,8967 vierkante meter. Die Ring van Oudtshoorn het gepoog om 'n nuwe gemeente daar te ontwikkel. Die Gemeenteondersteuningsfonds help elke jaar met die befondsing van die bediening.

2.4 Die moderamen het op 17 Augustus 2016 'n plaas te Yzerfontein vir R2,4 miljoen verkoop (Gedeelte 37 van die plaas Jacobuskraal 554, Yzerfontein). Ramot was die inkomste en kapitaalbegunstigde. Die geld is dus aan hulle oorbetaal.

2.5 Die NG Gemeente Riversdal het op 30 November 2016 'n huurooreenkoms geteken vir die Hartenbos Jeugsentrum.

2.6 Die STE was in 2017 en 2018 betrokke by die opknapping van die Biedouw-kampterrein in die Sederberge. Die Ring van Clanwilliam het R1 120 000 van die sinode ontvang vir die omskepping van die ou slaapsale in doelmatige chalets.

2.7 Die moderamen het Erf 579 in Franschhoek in Desember 2018 vir R15 miljoen verkoop. Die Diensgroep vir Getuienis was aanvanklik die inkomste en kapitaalbegunstigde, maar hulle het die eiendom teen betaling van R6 miljoen aan die STFA geoormerk. Die R9 miljoen (minus die bedryfskoste van die eiendom) is dus deel van die STFA se inkomstegroei op bates.

2.8 Die NG Kerksentrum in De Langestraat 5, Bellville, is vanaf die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy na die NG Kerk in SA oorgedra vir R1 (een rand). Registrasie het op 13 November 2014 plaasgevind. Die gebou is uiteindelik vroeg in 2019 doelmatig opgeknap en ingerig.

2.9 Die STE was behulpsaam met die opgradering en herstelwerk van die Kweekskool (dak) en die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit.

2.10 Eiendom van die voormalige Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (nou Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika) is destyds op die naam van die NG Kerk in SA geregistreer. Met die afstigting van Oos-Kaapland se sinode van Wes-Kaapland, is van die eiendomme aan Oos-Kaapland se sinode oorgedra. Dit gebeur egter steeds dat eiendomme deur die VGK in Oos-Kaapland verhandel word en dat die akteskantoor dan daarop wys dat die NG Kerk in SA die eienaar is. Eiendom by Lady Frere en Engcobo is tans ter sprake. Hierdie eiendomme is nie eens in die bateregister van die NG Kerk in SA aangeteken nie. Aangesien die VGK-gemeentes die inkomste en kapitaalbegunstigdes is, kom die geld by die verkoop van die eiendom die VGK toe.

2.11 Die Nederduitse Gereformeerde Indiër Kerk (nou die Reformed Church in Africa) het ook eiendom op die naam van die NG Kerk in SA. Die RCA Sunthosham (nou RCA Living Waters) se eiendom is op die naam van die "Saakgelastigde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die Voorsitter van die Kommissie vir Toesig en Kontrole van genoemde Kerk" geregistreer. Hulle het ook versoek dat die eiendom na hulle oorgedra word.

## 3. ADVIES

3.1 Die STE dien die STFA met advies wanneer 'n gemeente vir 'n verband aansoek doen. Slegs twee verbande is in die afgelope vier jaar toegeken. Ses gemeentes betaal nog aan verbande met 'n gesamentlike waarde van R2,2 miljoen. Twee gemeentes het gewone lenings ontvang vir bouwerk.

3.2 Die STE het ook heelwat navrae ontvang oor die verhuur van eiendom met die oog op die oprig van 'n selfoonmas. Die STE besef dat gemeentes finansieel swaar kry en na addisionele inkomstebronne kyk. Die STE het (na regsadvies ingewin is) gemeentes egter herinner aan 'n paar risikofaktore:
a. Huurinkomste bokant die SAID se vrystellingsperk is aan inkomstebelasting onderworpe. Enkele gemeentes sit met groot rekeninge (boetes inkluis) van die SAID, juis as gevolg van huurinkomste.
b. Kerkpersele (plek van aanbidding) is volgens Wet van eiendomsbelasting vrygestel. Wanneer 'n kerkperseel egter verhuur word vir 'n selfoonmas (al is dit net gedeeltelik), kan die plaaslike munisipaliteit redeneer dat die eiendom net gedeeltelik vrygestel word van eiendomsbelasting. Met die prima ligging van baie kerkpersele kan eiendomsbelasting 'n aardige bedrag beloop.
c. Die STE maan ook gemeentes om die ooreenkoms fyn te lees. 'n Huurkontrak van 40 jaar (4 x 9 jaar en 11 maande) is 'n uiters lang tydperk en kan die gemeente in die toekoms berou. Maak seker dat die kontrak na 9 jaar en 11 maande gekanselleer kan word of minstens weer hersien kan word.
d. 'n Selfoonmas is 'n onooglike ding en sommige mense is besorg oor die gesondheidsrisiko verbonde aan woonhuise in die onmiddellike omgewing van die toring. Die STE kon nie werklik oortuigende bewyse vind vir die gesondheidsrisiko nie, maar pleit by gemeentes om nie die omliggende gemeenskappe te vervreem met onsensitiewe optrede nie. Plakkaatbetogings op 'n Sondagoggend voor 'n erediens is nie waar 'n gemeente behoort te wees nie.

## 4. INSTANDHOUDING

4.1 Die meeste van die NG Kerk in SA se eiendomme word via 'n gebruiksooreenkoms deur verskillende instansies gebruik: Nasionale Instituut vir Dowes, Innovation for the Blind, Universiteit van Stellenbosch (Kweekskool), Jan Kriel Instituut, Hugenote Kollege en Ramot is van die instansies met van die waardevolste geboue.

4.2 Deel van die gebruiksooreenkoms is dat die betrokke instansies hierdie geboue in stand moet hou. Wanneer 'n instansie finansieel swaarkry, is dit maklik om die instandhouding te laat oorstaan. Dit skep 'n al groter probleem en 'n moontlike risiko vir die NG Kerk in SA.

## 5. WAARDEONTSLUITING

5.1 Van die instansies (by name Hugenote Kollege en Innovation for the Blind) het waardevolle grond en geboue wat nie op die oomblik direk in diens staan van die kernaktiwiteit van die instansie nie.

5.2 Die moderamen het in Maart 2019 goedkeuring verleen dat Innovation for the Blind van hulle eiendomme (op die naam van die NG Kerk in SA geregistreer) kan verkoop. Die opbrengs kan dan aangewend word om noodsaaklike instandhouding te doen aan die plekke waar onder andere blindes, bejaardes en multi-gestremdes versorging ontvang.

**Voorsitter: Dirk van Niekerk**

## 5.4 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR FINANSIES EN ADMINISTRASIE (STFA)

### 1. INLEIDING

#### 1.1 Opdragte van die STFA

Volgens Reglement 41 het die STFA onder andere die volgende verantwoordelikhede:
4.2 die administrasie en bestuur van fondse, finansies, goedere en eiendomme van die sinode wat behartig word deur die kerkkantoor onder leiding van die saakgelastigde;
4.7 die finansiële beplanning en strategie van die sinode;
4.8 die bestuur van die sinode se fondse sodat die roeping van die sinode prioriteit geniet;
4.9 die bestuur van die sinode se fondse sodat gemeentes, diensgroepe en taakspanne in staat gestel word om hulle roeping uit te leef;
4.10 verslag aan die sinode/moderamen van bogenoemde take.

Die reglement het dit beide moeilik én maklik gemaak om die taakspan se werk te doen. Met 'n veel groter aanvraag vir fondse as waaroor die sinode beskik, moet die STFA elke aansoek oorweeg in die lig van die sinode se prioriteite en roeping. Gemeentes met projekte met 'n duidelike missionale fokus, is maklik ondersteun. Met die reuse finansiële behoefte van Badisa, Hugenote Kollege en Innovation for the Blind (om enkele voorbeelde te noem) is dit egter nie so maklik om hulle gewoon "in staat te stel om hulle roeping uit te leef" nie. Talle gemeentes en instansies het gróót uitdagings om hulle geboue in stand te hou.

Onlangse tragedies (soos by Hoërskool Driehoek en brande by Maitland en die De la Bat-skool vir Dowes in Worcester) onderstreep die noodsaak van 'n behoorlike onderhoudstrategie. Uitgawes aan onderhoud word nie altyd as missionaal of roepingsgedrewe beleef nie. Dit bly egter van kritieke belang om eiendom so te onderhou dat dit veilig en doelmatig is.

### 2. INLIGTING

#### 2.1 Personeel in die Kerkkantoor

Die STFA se personeel het nie in die afgelope vier jaar verander nie. Trouens, hierdie nege personeellede sal op 30 April 2019 reeds 144 diensjare by die sinodale kantoor deurgebring het – 'n gemiddeld van 16 jaar per lid! Kenny en Christine het saam 60 diensjare in die sinodale kantoor!

| Naam | Verantwoordelikheid | Telefoon | E-pos |
|---|---|---|---|
| Bossie Minnaar | Saakgelastigde (50%) en Hoofbeampte van die Predikante Pensioenfonds (50%) | 021 957 7104 | bossie@kaapkerk.co.za |
| Kenny Raats | Bestuurder: Menslike Hulpbronne en Hoofbeampte van die Amptenare Pensioen- en Voorsorgfondse | 021 957 7104 | kraats@kaapkerk.co.za |
| Annerina Viljoen | Bestuurder: Finansies | 021 957 7108 | aviljoen@kaapkerk.co.za |
| Elmien Theron | Persoonlike assistent | 021 957 7104 | ngkadmin@kaapkerk.co.za |
| Ingrid van Eck | Rekenmeester: Salarisse en studiebeurse | 021 957 7107 | ivaneck@kaapkerk.co.za |
| Hannelie Strydom | Rekenkundige Beampte: Sinodale aandeel en verbandlenings | 021 957 7111 | hstrydom@kaapkerk.co.za |
| Christine Lombard | Administratiewe Beampte: Medies | 021 957 7106 | medies@kaapkerk.co.za |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stephanie van der Merwe | Rekenmeester: Predikante Pensioenfonds (6/8 pos) | 021 957 7116 | svdmerwe@kaapkerk.co.za |
| Elodie van der Walt | Administratiewe Beampte: Predikante Pensioenfonds (4/8 pos) | 021 957 7115 | pensioen@kaapkerk.co.za |

## 2.2 SINODALE AANDEEL

### 2.2.1 ’n Reglementêre verpligting

Elke gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gebind aan die Kerkorde van die NG Kerk. Reglement 20A: 4.3.1.1 magtig die gebruik om ’n formule te bepaal waarvolgens elke gemeente ’n bydrae tot die Sinode se fondse maak. Reglement 20A: 2.6 stel dit duidelik dat dit nie opsioneel is nie. "Alle sinodale bydraes (soos sinodale aandeel en gemeentelike deuroffers wat vir instansies ingesamel word) en bydraes wat verband hou met die personeel van die gemeente (soos pensioen- en mediesefondspremies) is ’n verpligting wat elke kerkraad as deel van die kerkverband moet nakom. Die kerkraad sorg dat hierdie gelde maandeliks aan die kantoor van die Saakgelastigde oorbetaal word." Die sinode in sitting (dit wil sê afgevaardigdes van gemeentes – Artikel 33) besluit van tyd tot tyd oor die formule. Die besluit van die sinode is bindend (Artikel 23). Gemeentes het nie ’n opsie om te besluit of hulle ’n bydrae wil maak of nie. Kragtens die feit dat die gemeente ’n "Nederduitse Gereformeerde Gemeente" is, is die gemeente gebind aan die besluit van die sinode.

### 2.2.2 Die sinodale aandeel formule

Die huidige formule van die NG Kerk in SA is by 2007 se sinodesitting aanvaar. Die voordeel van die formule is dat dit konsekwent vir alle gemeentes toegepas word en oorwegend as ’n billike formule aanvaar word. Hiervolgens betaal gemeentes tussen ’n minimum van 1% en ’n maksimum van 8% van hulle bruto inkomste (minus ’n aantal spesifieke toegelate aftrekkings). Sinodale aandeel word op ’n gemeente se inkomste (soos gereflekteer in die geouditeerde finansiële state) bereken. Die sinode verhoog nie ’n gemeente se sinodale aandeel nie. ’n Gemeente se sinodale aandeel styg omdat die gemeente se inkomste styg. Gemeentes se werklike inkomste in Jaar A (byvoorbeeld van 1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018) word gebruik om hulle sinodale aandeel te bereken vir Jaar C (volgens die voorbeeld dus vir 2020 (1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020). Die somtotaal van die 226 gemeentes in die sinodale gebied se sinodale aandeel kan dus iewers in Jaar B (volgens die voorbeeld dus ongeveer in Oktober 2019) bereken word. Dit kan gedoen word sodra al die gemeentes se finansiële state ontvang is. Hierdie somtotaal (van die berekende sinodale aandeel) is die begroting vir die sinode vir 1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020. Gemeentes sowel as die sinode kan dus vanaf ongeveer Oktober 2019 vir die finansiële jaar van 2020 (1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020) begin begroot.

Die formule vir sinodale aandeel is soos volg: Van die gemeente se totale inkomste (soos in die geouditeerde finansiële state se inkomstestaat aangetoon) word die volgende bedrae afgetrek ten einde die sinodale aandeel inkomste te bereken waarop sinodale aandeel aangeslaan word:

a. Spesiale en sinodale offergawes (met ander woorde: geld vir ander opgeneem en oorbetaal).
b. Testamentêre bemakings.
c. Wins met die verkoop van bates.
d. Versekeringseise wat uitbetaal is.
e. Hulp ontvang (van ander gemeentes, die ring of die sinode).
f. Die totale uitgawes ten opsigte van gemeentelike dienswerk (tans die totale uitgawes soos aangetoon by bylaag 4.17 in die geouditeerde finansiële state). Deur die volle uitgawes ten opsigte van gemeentelike dienswerk as ’n aftrekking toe te laat, bevestig die sinode sy verbintenis tot missionaliteit.

Hierdie aftrekking word maklik verstaan (deur beide die gemeentes én die ouditeure). Dit maak die berekening van die sinodale aandeel heelwat makliker. Sinodale aandeel word volgens hierdie sinodale aandeel inkomste met behulp van ’n skaal bereken. Sinodale aandeel vir 2020 (1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020) word bereken op 2018 (1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018) se geouditeerde finansiële state met die volgende tabel:

| Sinodale aandeel inkomste | | % van die bedrag |
|---|---|---|
| R0 tot R630 000 | R0 | 1 % van die bedrag |
| R630 001 tot R945 000 | R6 300,00 | plus 6% van dit wat meer as R630 000 is |
| R945 001 tot R1 574 000 | R25 200,00 | plus 9% van dit wat meer as R945 000 is |
| Meer as R1 574 000 | R81 810,00 | plus 10% van dit wat meer as R1 574 000 is |

Die STFA (met die moderamen se goedkeuring) het vanaf 2011 die tabel telkens aangepas om voorsiening te maak vir blokkruiping. Dit beteken dat ’n gemeente met ’n inkomste van presies R1 miljoen se sinodale aandeel vanaf R52 000 in 2013 tot R30 150 in 2020 gedaal het. Die rasionaal is dat die klein gemeentes (met ’n inkomste van minder as R630 000) slegs 1% van hulle inkomste aan sinodale aandeel verskuldig is. Hierdie syfer is jaarliks verhoog vanaf die R400 000 in 2013 tot die R630 000 in 2018.

### 2.2.3 ’n Volhoubare formule

Die formule vir sinodale aandeel is debatteerbaar. Nuwe voorstelle is dus ontvangbaar mits dit vir al 226 gemeentes billik en haalbaar is en die sinode steeds ’n realistiese inkomste het. Die STFA en die Sinodale Koördineringspan het gedurende 2018 konsensus bereik dat ’n sinodale aandeel wat op ongeveer 5% van gemeentes se sinodale aandeel inkomste bereken word, billik en finansieel volhoubaar is. Gemeentes gee tans gemiddeld net minder as 5% van hulle sinodale aandeel inkomste aan sinodale aandeel. In 1991 was dit 8,8%. Dit bly steeds aan die daal: 6,4% (1999) en 5,8% (2011). Onderstaande tabel gee die berekeninge vanaf 2014.

| Jaar | Sinodale aandeel Inkomste | SA vir Jaar | % |
|---|---|---|---|
| **2014** | 442 482 548 | 22 441 472 | 5,1% |
| **2015** | 490 583 931 | 22 350 627 | 4,6% |
| **2016** | 499 809 592 | 23 944 855 | 4,8% |
| **2017** | 510 992 968 | 25 136 980 | 4,9% |
| **2018** | 534 025 769 | 26 170 422 | 4,9% |
| **Gemiddeld** | | | **4,9%** |

Gemeentes met uitstaande geouditeerde finansiële state beïnvloed uiteraard die korrektheid van die tabel. Waar ’n gemeente se finansiële state uitstaande is, word die gemeente se syfers uit die vorige finansiële jaar gebruik. Dit beteken egter wel dat syfers vir die ouer finansiële jare aangepas word, soos wat uitstaande finansiële state ontvang word.

## 2.3 Gemeentes se geouditeerde finansiële state

Dit is uiters noodsaaklik dat gemeentes se finansiële state jaarliks geoudit word. Sinodale aandeel word bereken vanaf die geouditeerde finansiële state. Hierdie state dien egter ook as ’n getuienis aan die gemeente dat die gemeente die nodige getroue rentmeesterskap aan die dag lê.

### 2.3.1 Uitstaande geouditeerde finansiële state

Die volgende gemeentes se geouditeerde finansiële state, soos op 28 Februarie 2018, is steeds uitstaande: Aggeneys, Aurora, Bellville-Wes, Graafwater, Houtbaai, Koringberg en St. Stephens.

Van die redes vir die nie-indiening is rekenaars wat die data verloor het, probleme met die SAID en ondersoeke na die moontlike misbruik van die finansies. Die STFA moedig kerkrade aan om seker te maak dat data behoorlik gerugsteun word en dat daar ’n behoorlike finansiële beleid is én dat dit nougeset toegepas word. Gereelde verslagdoening aan die kerkraad is van kritieke belang. Dit gee onmiddellike kontrole dat die finansies op datum is en wys tendense betyds uit. Toon die inkomste van afsonderlike wyke of die verskillende tafels by die basaar. Die pannekoektafel se konvenor sal gou genoeg reageer as dit blyk dat die wins wat getoon word, nie korrek is nie.

### 2.3.2 Inkomstebelasting

Gemeentes word daarop gewys dat hulle veronderstel is om by die Belastingvrystellingseenheid van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens as ’n Openbare Weldaadsorganisasie te registreer. Dit beteken dat elke gemeente veronderstel is om ’n PBO-nommer te hê.
Volledige besonderhede is op die kaapkerkadmin webwerf beskikbaar (https://www.kaapkerkadmin.co.za).

Gemeentes moet jaarliks ’n belastingopgawe (IT12EI) indien. Die pro forma geouditeerde finansiële state se Bylaag 5 bevat die besonderhede vir die voltooiing van die IT12EI. Sien ook Reglement 20. Gemeentes wat nie belastingopgawes indien nie, gaan probleme met die SAID optel.

Gemeentes moet ook daarop let dat die Belastingvrystellingseenheid beperkinge op gemeentes se handelsinkomste plaas. Sien Reglement 20: 6.3.16 of lees die nuutste handleiding van die SAID op hulle webwerf. Dit is ook by kaapkerkadmin te vind. Gemeentes wat groot inkomste uit verhuring (byvoorbeeld selfoontorings of

wonings) kry, moet seker maak dat hulle dit korrek aanteken in hulle finansiële state en die korrekte belasting betaal. Let egter ook mooi op die vrystelling wat wel verkry word:

*"Van die normale belasting word vrygestel – die ontvangste en toevallings van enige OWO ingevolge Artikel 30(3) van die Wet deur die Kommissaris goedgekeur, in die mate wat die ontvangste en toevallings verkry is, anders as uit enige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit; of uit enige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (1) indien die onderneming of aktiwiteit*
*(1.1) integraal en direk verwant is tot die enigste of vernaamste oogmerk van daardie OWO soos in paragraaf (b) van die omskrywing van "openbare weldaadsorganisasie" in Artikel 30 van die Wet beoog;*
*(1.2) beoefen of uitgevoer word op 'n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste; en*
*(1.3) wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg het nie:*
*(2) indien die onderneming of aktiwiteit van 'n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding; ...*
*(4) behalwe 'n onderneming of aktiwiteit ten opsigte waarvan item (1), (2) of (3) van toepassing is en nie meer is nie as die grootste van 5 persent van die totale ontvangste en toevallings van daardie OWO gedurende die betrokke jaar van aanslag; of R200 000."*

Dit beteken dat gemeentes wat woonstelle aan verswakte senior burgers beskikbaar stel teen 'n prys wat "op 'n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste" moontlik nie op daardie inkomste belasting sal hoef te betaal nie. Net so is inkomste uit die jaarlikse basaar "aktiwiteit van 'n toevallige aard en (wat) wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding" gewoonlik van belasting vrygestel. Dit bly egter van kritieke belang dat 'n belastingkundige (soos die ouditeur) gemeentes hiermee behulpsaam moet wees.

### 2.4 Begroting

Die sinode se begroting is in 2007 verander van 'n uitgawe-bepaalde begroting na 'n inkomste-bepaalde begroting. Met die uitgawe-bepaalde begroting het elke diensgroep hulle behoeftes gestel en die Sinode het die begroting daarvoor goedgekeur. Die geldwaarde is dan eweredig volgens die eweredige bydrae formule tussen gemeentes verdeel. Nou werk dit anders om. Sinodale aandeel word bereken op gemeentes se werklike inkomste. Hierdie berekende sinodale aandeel word afgerond (na onder!) en dan aan diensgroepe toegesê volgens die verhouding (persentasie) soos deur die sinode bepaal. Diensgroepe se uitgawes moet binne die beskikbare bedrag hanteer word.

| | % | 2018 | 2019 | 2020 |
|---|---|---|---|---|
| **Diaconia** | 19,0% | 4 845 000 | 5 087 250 | 5 225 000 |
| **Gemeentes** | 18,0% | 4 590 000 | 4 819 500 | 4 950 000 |
| **Getuienis** | 29,0% | 7 395 000 | 7 764 750 | 7 975 000 |
| **Toerusting** | 8,0% | 2 040 000 | 2 142 000 | 2 200 000 |
| **Ondersteuning** | 12,5% | 3 187 500 | 3 346 875 | 3 437 500 |
| **Verband** | 13,5% | 3 442 500 | 3 614 625 | 3 712 500 |
| **TOTAAL** | **100%** | **25 500 000** | **26 775 000** | **27 500 000** |

Verband sluit die NG Kerk in SA se bydrae aan die VGK (3% of dan R825 000) in. Verband sluit ook die vergoeding in wat die moderatuurslede betaal word en sluit ook die aandeel in wat die NG Kerk in SA in die Algemene Sinode se rekening het (R1 244 761). Dit beteken dat 4,5% van gemeentes se sinodale aandeel na die Algemene Sinode gaan. Diaconia se begroting sluit die 9,5% (R2 612 500) in wat na Badisa gaan (50% van Diaconia se toekenning).

### 2.5 Finansiële State

2.5.1 Die volle finansiële state van alle sinodale fondse word nie in die agenda opgeneem nie. Die state is deur die STFA goedgekeur en is beskikbaar vir enige afgevaardigde wat daarin insae wil hê. Die volgende word wel aangeheg as Bylaag 1.
Bylaag 1.1: Gekonsolideerde Staat van Finansiële Stand
Bylaag 1.2: Gekonsolideerde Inkomstestaat
Bylaag 1.3: Inkomstestaat vir Diensgroepe se Bedryfsrekeninge: Inkomste
Bylaag 1.4: Inkomstestaat vir Diensgroepe se Bedryfsrekeninge: Uitgawes
Bylaag 1.5: Reserwes

2.5.2 Die ouditeure (PricewaterhouseCoopers) kon in die reses elke jaar 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitreik oor die finansiële toestand en die bestuur van die onderskeie fondse onder beheer van die saakgelastigde se kantoor. Samewerking met die ouditeure is goed en ouditkoste word beperk deurdat die finansiële state deur die finansiële bestuurder (mev. Annerina Viljoen) opgestel word.

### 2.6 Sinodesitting

2.6.1 Die koste van 'n sinodesitting word befonds uit sinodale aandeel (ongeveer 1,8%). Hierdie heffing word in 'n sinodale reserwe geplaas sodat daar in die jaar van 'n sinodesitting genoeg fondse in die reserwe is om die sinodesitting te befonds. Gemeentes betaal dus nie 'n spesiale heffing vir die sinodesitting nie.
2.6.2 Meegaande tabel toon die styging in koste van 'n sinodesitting. Die persentasie toename is die toename oor vier jaar. Die 25% styging van 2011 na 2015 is inflasieverwant (6%) as dit per jaar bereken word. Die styging van 49% vanaf 2015 na 2019 is bietjie meer as inflasie. Een van die groot kostedrywers is die verskerpte regulasies waaraan konferensiefasiliteite moet voldoen. Dit sluit regulasies vir die kostent, die ekstra ablusiegeriewe en die brand- en noodroetes in.

| Jaar | Koste (R) | % |
|---|---|---|
| 1999 | 1 013 180 | |
| 2003 | 1 181 820 | 17% |
| 2007 | 1 198 595 | 1% |
| 2011 | 1 763 736 | 47% |
| 2015 | 2 212 466 | 25% |
| 2019 | ± 3 300 000 | 49% |

2.6.3 Die betaling van daggeld is reeds in 2003 gestaak, aangesien verblyf en maaltye verskaf word. Reiskoste word vir een heen- en terugreis per gemeente bereken volgens die standaard reiskoste toelae (R2,50 per kilometer). Waar daar vier of meer afgevaardigdes per gemeente is, word reiskoste vir een motor per vier afgevaardigdes betaal.
2.6.4 Daar was op 28 Februarie 2018 (volgens die Vorm vir Kerklike Statistiek) 182 384 belydende lidmate in Wes-Kaapland. Dit beteken dat 2019 se sinodesitting R4,50 per lidmaat per jaar kos. Dit is nie baie nie. Wat wel kommer wek, is dat dit heelwat meer is (61%) as 2015 se syfer van R2,81 per lidmaat. Al minder lidmate moet dus 'n al duurder sinodesitting bekostig.
2.6.5 Die sinode sal nie weer so kan vergader nie – tensy gemeentes direk vir die koste aangeslaan word. Vir 2023 sal dit dan R14 000 per gemeente (met een predikant) wees.
2.6.6 Donasies vir die sinodesitting vanaf die volgende instansies word met dank erken: ABSA (R25 000,00), Alexander Forbes (R25 000,00) en Protektum Makelaars (R50 000,00).
2.6.7 Oxbow borg en voorsien die fotostaatmasjiene vir gebruik tydens die sinodesitting.

### 2.7 Algemene Sinode

Die Algemene Sinode se begroting is ook inkomste-bepaald. Elke sinode se deel beloop 0,28% (voorheen 0,30%) van die totaal van die gemeentes se lopende inkomste. Die Algemene Sinode definieer lopende inkomste net soos Wes-Kaapland sinodale aandeel bereken op die bruto inkomste minus 'n aantal aftrekkings (sien 2.2.2 hier bo). Wes-Kaapland se vennootskap met die Algemene Sinode (ons kerkverband) beloop vir hierdie jaar (Maart 2019 tot Februarie 2020) R1 244 761. Dit is 25,1% van die bydraes van die sinodes. Die Algemene Sinode se totale begroting word uit die opbrengs van reserwes aangevul. Daar is 'n gesprek aan die gang om die Algemene Sinode se aanslag geleidelik met 0,02% per jaar vanaf 0,28% na 0,20% te verlaag.

| Sinode | Lopende Inkomste 2018 | Aanslag 2020 | % |
|---|---|---|---|
| Wes-Kaapland | 444 557 628 | 1 244 761 | 25,1% |
| Oos-Kaapland | 113 547 357 | 317 933 | 6,4% |
| Noord-Kaapland | 91 811 972 | 257 074 | 5,2% |
| KwaZulu-Natal | 59 831 116 | 167 527 | 3,4% |
| Vrystaat | 211 633 310 | 592 573 | 12,0% |
| Goudland | 157 318 400 | 440 492 | 8,9% |
| Noordelike Sinode | 206 746 364 | 578 890 | 11,7% |
| Hoëveld Sinode | 188 547 912 | 527 934 | 10,7% |
| Oostelike Sinode | 232 387 467 | 650 685 | 13,1% |
| Namibië | 63 426 587 | 177 594 | 3,6% |
| **Totaal** | **1 769 808 113** | **4 955 463** | |

### 2.8 Beleggings

#### 2.8.1 Beleggingskonsultant

Die NG Kerk in SA se beleggings word deur 'n Beleggingskomitee van die STFA bestuur. Novare Konsultante en Aktuarisse het vanaf 1 Maart 2002 'n bestuurs- en konsultasiediens aan die Beleggingskomitee gebied. Soos die gebruik is, het die beleggingskomitee in 2018 'n omvattende evaluering van die konsultant gedoen en kwotasies van ander aangevra. Die STFA het uiteindelik besluit om Willis Towers Watson as die NG Kerk in SA se Beleggingskonsultant aan te stel. Die aanstelling geld vanaf 1 Februarie 2019.

### 2.8.2 Beleggingskomitee

Nadat verskeie lede van die Beleggingskomitee verhuis het of afgetree het, is daar 'n intensiewe soektog na nuwe kundige lede geloods. Die Beleggingskomitee bestaan tans uit lede van die STFA: mnr. Christo Meyer, mnr. Hendri Niehaus en ds. Monty Sahd. Die bykomende lede is: mnr. Johan de Villiers (WealthGro Financial Services), ds. Riaan de Villiers (Kaapstad), mnr. Jaco du Plessis (Inteligro), ds. Francois Herselman (Parow-Panorama), mnr. Berté le Roux (Ou Mutual), ds. Louis Minnaar (Bellville-Uitsig), ds. NJ van As (Wellington-Oos), ds. Karlien van Wyk (Welgemoed). Die Saakgelastigde (ds Bossie Minnaar) en die finansiële bestuurder (mev. Annerina Viljoen) is ex officio-lede van die Beleggingskomitee.

### 2.8.3 Beleggingsportefeuljes en waardes

Die beleggingsportefeulje bestaan grootliks uit testamentêre nalatenskappe van lidmate waarvan die opbrengs vir 'n spesifieke doel aangewend moet word; die opbrengs van die balans van die kerksentrum nadat die koste van die nuwe argief te Stellenbosch betaal is en algemene reserwes wat deur al die jare opgebou is.

| Beleggingsportefeulje | 28 Feb. 2015 | 29 Feb. 2016 | 28 Feb. 2017 | 28 Feb. 2018 |
|---|---|---|---|---|
| Groei beleggings | 22 325 638 | 23 679 392 | 25 373 878 | 27 347 114 |
| Algemene belegging | 219 808 573 | 223 407 807 | 236 989 697 | 251 901 773 |
| Verbande | 4 180 453 | 4 767 634 | 3 474 166 | 6 554 699 |
| JJ en CGP Cloetefonds | 36 429 013 | 37 646 246 | 39 339 854 | 42 283 115 |
| **TOTAAL** | **282 743 677** | **289 501 079** | **305 177 595** | **328 086 701** |

### 2.8.4 Algemene Portefeulje

Die algemene portefeulje is gestruktureer om 'n opbrengs van die verbruikersprysindeks (VPI) plus 3% oor 'n rollende periode van drie jaar op te lewer. Die beleggingskomitee se goedgekeurde beleggingstrategie plaas 45% van die fonds is Suid-Afrikaanse aandele en 15% in internasionale aandele. Die beleggingskomitee het egter 'n mandaat om die bate allokasie van tyd tot tyd te wysig aan die hand van heersende marktendense. 2018 was 'n uiters slegte jaar vir aandele. Die aandelemark (CAPI) het 7,7% verloor. Genoteerde eiendom het 25,0% verloor. Die aandelemark het vir die afgelope vyf jaar (tot 31 Desember 2018) 'n baie konserwatiewe opbrengs gelewer: Aandele (CAPI): 5,8% per jaar en Genoteerde Eiendom: 4,2% per jaar.

### 2.8.5 Groei Portefeulje

Die groeiportefeulje is gestruktureer om 'n opbrengs van die verbruikersprysindeks (VPI) plus 4,25% oor 'n rollende periode van ses jaar op te lewer. Die STFA het in 2018 besluit om die portefeuljes weer saam te voeg.

### 2.9 Vergoeding van predikante

2.9.1 Die Algemene Sinode se Taakspan vir Fondse en Bates (ATFB) doen jaarliks navorsing oor die ekonomiese gegewens, marktendense, asook finansiële gegewens en vermoë van al die gemeentes in die NG Kerk. Op grond hiervan word 'n persentasie verhoging as riglyn aan die Sinodes aanbeveel waarmee predikante se vergoedingspakket aangepas kan word.
2.9.2 Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA) besorg die riglyne jaarliks in November aan gemeentes vir implementering in die daaropvolgende finansiële jaar.
2.9.3 Die Ring is verantwoordelik om jaarliks enige afwykings te kontroleer en met die betrokke kerkrade uit te klaar.
2.9.4 Gemeentes by wie daar onsekerheid bestaan oor die toepassing van die riglyne is welkom om met Bestuurder: Menslike Hulpbronne (mnr. Kenny Raats) te skakel.
2.9.5 Die jaarlikse verhoging in die salaris op die topkerf word in die meegaande tabel getoon. 2020 beteken die finansiële jaar van 1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020. Hierdie verhogings is heelwat hoër as die gemiddelde verhoging in die inkomste van gemeentes. Gemeentes vind dit dus al moeiliker om 'n meerdere bediening (meer as een predikant) in stand te hou. Neem ook in ag dat belydende lidmate in die Wes-Kaap teen gemiddeld 0,9% per jaar verminder (19% oor 20 jaar).

| Jaar | Topskaal | % |
|---|---|---|
| **2007** | 13 500,00 | 6,1% |
| **2008** | 14 380,00 | 6,5% |
| **2009** | 15 360,00 | 6,8% |
| **2010** | 16 670,00 | 8,5% |
| **2011** | 18 090,00 | 8,5% |
| **2012** | 18 800,00 | 3,9% |
| **2013** | 20 090,00 | 6,9% |
| **2014** | 21 496,00 | 7,0% |
| **2015** | 23 000,00 | 7,0% |
| **2016** | 24 840,00 | 8,0% |
| **2017** | 26 100,00 | 5,1% |
| **2018** | 27 800,00 | 6,5% |
| **2019** | 29 610,00 | 6,5% |
| **2020** | 31 400,00 | 6,0% |

### 2.10 Mediese Fonds

#### 2.10.1 Mediese Komitee

’n Mediese komitee bestaan uit ds. Monty Sahd (voorsitter), die saakgelastigde (ds. Bossie Minnaar), ds. Jan Grobbelaar, mnr. Jurie Swart, mnr. Kenny Raats en mev. C Lombard.

#### 2.10.2 Lidmaatskap

Die NG Kerk in SA se mediese fonds lidmaatskap is sedert 1 Januarie 2000 by die Discovery Mediese Skema. Die NG Kerk het tans 582 lede wat aan Discovery Mediese Skema deelneem, waarvan 304 indiens- en 278 voorgesette lede (pensioentrekkers) is. In die voordeelplanne is daar 23 opsies aan lede beskikbaar. Hiervan behoort 276 lede aan die Kusstreek Spaarder Plan, 102 lede aan die Kusstreek Kern Plan en 31 lede aan die Klassiek Omvattende Plan en die res is versprei tussen die ander 20 planne. Die gemiddelde ouderdom van die groep se lede is 62,4 jaar, wat heelwat hoër as die Discovery Health gemiddelde van 45,4 jaar is. Boonop is 60,3% van die NG Kerk se lede vir ’n chroniese toestand geregistreer.

#### 2.10.3 Bydrae wysigings

Die Discovery Mediese Skema slaag daarin om die gemiddelde premieverhoging, danksy die benutting van bestuurde gesondheidsorg tot onder die mediese inflasiekoers asook die gemiddeld vir die mark te beperk. Die gemiddelde verhogings word in meegaande tabel uiteengesit. 2019 beteken hier die kalenderjaar van 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019.

| Jaar | % |
|---|---|
| 2011 | 7,9% |
| 2012 | 8,9% |
| 2013 | 10,9% |
| 2014 | 8,9% |
| 2015 | 9,7% |
| 2016 | 8,6% |
| 2017 | 10,2% |
| 2018 | 7,9% |
| 2019 | 9,2% |

#### 2.10.4 Status C onderskrywing

Die NG Kerk in SA as werkgewergroep het ’n Status C onderskrywingskorting by die Discovery Mediese Skema. Die voordele van ’n Status C korting is dat werknemers van die groep nie met wagperiodes (geen dekking binne drie maande of alternatiewelik uitsluiting van dekking vir ’n spesifieke siektetoestand/tipe behandeling vir twaalf maande) of laat-aansluitingsboetes belas sal word nie. Die korting is alleen geldig as ’n werknemer binne drie maande van sy datum van indiensname vir lidmaatskap aansoek doen. Gemeentes word versoek om veral by die bevestiging van ’n leraar hiervan kennis te neem, veral as die leraar vanaf ’n ander sinode beroep word.

#### 2.10.5 AdmedGap: Gapingsdekking versekering

Die AdmedGap produk is met ingang 1 Januarie 2010 ingefaseer. AdmedGap is ’n korttermyn versekeringsplan wat die verskil tussen die bedrag wat die mediese praktisyns (bv. narkotiseurs, chirurge, ander spesialiste en algemene praktisyns) tydens hospitalisasie hef en die medies se vergoedingstariewe vir gelewerde dienste dek. Dit befonds ook die tekorte wat by sommige buite-pasiënt prosedures mag ontstaan.

## 3. HULP AAN GEMEENTES

Die STFA help gemeentes finansieel met bydraes uit die Gemeenteondersteuningsfonds, Bybelverspreidingsfonds en die Internskapprogram. In die vier finansiële jare van 2016 tot 2019 is R17 918 009,21 se hulp aan gemeentes gegee: R12 570 721,30 uit die Gemeenteondersteuningsfonds, R895 614,80 vir die aankoop van Bybels en R4 451 673,11 vir die Internskapprogram.

| **Gemeenteondersteuning** | | |
|---|---|---|
| **Jaar** | **Aantal** | **Bedrag** |
| **2016** | 18 | 1 699 337,04 |
| **2017** | 29 | 3 061 709,66 |
| **2018** | 26 | 2 900 477,15 |
| **2019** | 38 | 4 909 197,45 |
| | | **12 570 721,30** |

| **Bybelverspreiding** | |
|---|---|
| **Aantal** | **Bedrag** |
| 14 | 280 765,80 |
| 14 | 339 884,00 |
| 7 | 58 645,00 |
| 9 | 216 320,00 |
| | **895 614,80** |

| **Internskappe** | |
|---|---|
| **Aantal** | **Bedrag** |
| - | - |
| 8 | 910 000,98 |
| 16 | 2 285 000,98 |
| 19 | 1 256 671,15 |
| | **4 451 673,11** |

Die aantal kolom moet nie kumulatief opgetel word nie. Sommige gemeentes het elke jaar hulp ontvang. ’n Spesifieke intern se ondersteuning kan oor drie finansiële jare loop. Die aantal verwys dus na die getal gemeentes of interns wat in spesifieke jaar ondersteuning ontvang het.

### 3.1 Gemeenteondersteuningsfonds

Hulp uit die Gemeenteondersteuningsfonds het vanaf R1,7 miljoen in 2016 tot net minder as R5 miljoen in 2019 toegeneem. Die STFA is dankbaar dat die hulp minder gefokus is op hulp met sinodale aandeel. Hulp is in 2019 veral gegee vir die ontwikkeling van nuwe gemeentes (R1,5 miljoen) soos by Graanendal (Durbanville-Bergsig) en Sitari (Helderberg) en hulp aan marginale gemeentes soos Maitland en Ruyterwacht. ’n Verdere R1 miljoen was om gemeentes te help om skeidingspakkette te bekostig. ’n Tiental gemeentes moes oor die afgelope termyn hulle getal predikante verminder vanweë die gemeente se bedryfsvereistes. Omdat predikante dikwels vir langer as twintig jaar in ’n betrokke gemeente was, was die skeidingspakket (vir ’n gemeente wat reeds finansieel swaar trek) onbekostigbaar. Die Gemeenteondersteuningsfonds het dan gehelp.

### 3.2 Bybelverspreidingsfonds

Die sinode het danksy bepaalde bemakings, skenkings en jaarlikse deuroffers ’n fonds vir Bybelverspreiding. Die volgende riglyn geld vir die Bybelverspreidingsfonds:
a. Gemeentes kan vir ’n maksimum van R20 000 per gemeente per finansiële jaar aansoek doen.
b. Gemeentes kan net een keer elke tweede jaar aansoek doen. Dit gee meer gemeentes die geleentheid om die subsidie te kan ontvang.
c. Gemeentes kan net een keer per jaar aansoek doen (dus: nie vir klein projekte elke paar maande nie).
d. Slegs gemeentes kan aansoek doen – nie individue nie.
e. Die Bybelfonds is vir Bybels – nie vir ander boeke nie – ongelukkig ook nie vir Bybelstudieboeke, kommentare of Christelike dagboeke nie. Die Bybelfonds subsidieer ook slegs standaard Bybels (nie luukse leergebonde Bybels met goudsnee nie).
f. Die bedoeling van die Bybelverspreidingsfonds is om gemeentes te help (te subsidieer) – nie om ’n gemeente se projek in totaal te befonds nie. Geen ander koste van ’n uitreik kan deur die Bybelverspreidingsfonds gedra word nie. Die fonds subsidieer die Bybels. Die verwagting is dat die gemeente self ook ’n deel van die uitreik en die Bybels se koste betaal.
g. Die Bybels is nie bedoel vir die gemeente se eie gebruik nie (geskenke aan dopelinge). Die Bybelverspreidingsfonds wil ook nie dat Bybels sommer net uitgedeel word nie. Die gemeente se uitreik moet deel van ’n program wees waar daar kontrole is dat die ontvanger werklik die Bybel wil hê en kan lees.

### 3.3 Internskapprogram

Gemeentes kon vanaf Maart 2016 (2017 finansiële jaar) aansoek doen om ’n proponent te beroep in ’n twee jaar vaste termynpos. Die sinode skenk dan R400 000 aan die gemeente. Die gemeente dra die res van die predikant se koste. Die sinode wou hiermee keer dat goed en duur opgeleide predikante nie vir maande of jare werkloos sit en wag op ’n beroep nie. Dit is egter ook ’n wonderlike uitkoms vir gemeentes wat ’n nuwe bediening wou begin maar gewoon net nie oor die kapasiteit (fondse of personeel) beskik het nie. Die sinode het R8 873 334 toegeken vir die Internskapprogram. Die helfte kom vanaf die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing en die ander helfte uit reserwefondse (Kerklike projekte). Hiervan is R4 451 673,11 reeds bestee. Die res (R4 421 660,89) is reeds kontraktueel verbind aan 2020 en 2021 se interns. Hiermee kon 22 interns geplaas word. Sommige interns het reeds tydens hulle internskap ’n beroep na ’n ander gemeente aanvaar. Die pro rata internskaphulp is dan weer teruggegee. Ander was van die begin af net in ’n 75% of 80% program. Die Sinode kan nie met so ’n ruim program volhoubaar voortgaan nie. Ander modelle word ondersoek (korter termyn, kleiner subsidie).

## 4. TAAK VAN DIE STFA

4.1 Die STFA se droom (visie) is dat Bybelse rentmeesterskap en offervaardigheid meer tot sy reg sal kom in alle fasette van die kerklike lewe, lidmate, gemeentes en in die kerkverband. Die STFA onderstreep weer die volgende riglyne:
1. Dankoffertyd in die Erediens het ’n belangrike geloofsbetekenis.
2. Gereelde dankoffers volgens elkeen se vermoë, is ’n toonbeeld van ons verhouding met die Here.
3. Gemeentes se administrasie moet so sinvol wees dat alle lidmate getrou "aan die Here" kan gee.
4. Elke gelowige moet in biddende afhanklikheid begroot vir dankoffer en jaarliks daarna streef om ’n groter persentasie van inkomste vir die Here se werk te gee.
5. Elke gemeente behoort ’n program te volg waarin lidmate jaarliks hulle dankofferverbintenis biddend voor die Here kan heroorweeg.
6. Testamentêre bemakings vir die Here se werk kan goedskiks weer ’n reël vir gelowiges word – soos dit in vroeër dae was.

4.2 Meer inligting oor rentmeesterskap kan op die webwerf van Bybelse vrygewigheid gevind word. (http://bybelsevrygewigheid.co.za). Dit bevat waardevolle materiaal (preke, teksverse, aanhalings, beginsels en

nog baie meer) oor rentmeesterskap. Die skakel na Bybelse vrygewigheid is ook op die STFA se webblad beskikbaar (https://www.kaapkerkadmin.co.za/)

4.3 Die saakgelastigde het in die afgelope jare verskeie gemeentes besoek om oor rentmeesterskap te gesels. Enkele ringe is ook op uitnodiging besoek.

## 5. STRATEGIESE BEPLANNING

Die STFA het in 2018 baie tyd spandeer aan ’n strategiese proses. Hierdie strategiese proses is veral gedryf deur tendense waargeneem by beleggings, sinodale aandeel, diensgroepe en hulp aan gemeentes.

## 5.1 BELEGGINGS

Die persepsie bestaan soms dat beleggings net groei en groei en dit ten koste van gemeentes wat finansieel swaarkry. Die vraag is of dit getuig van verantwoordelike Bybelse rentmeesterskap?

### 5.1.1 Groei in fondse

Die NG Kerk in SA se geouditeerde finansiële state (Bylaag 1.1 tot 1.5) wys dat reserwefondse vanaf 2014 tot 2018 met 5,8% per jaar toegeneem het. Dit het van R285 284 919 op 28 Februarie 2014 tot R357 916 664 op 28 Februarie 2018 gegroei. Die 5,8% is net bietjie meer as die gemiddelde inflasie (VPI) van 5,5% oor dieselfde periode. In reële terme het die reserwes dus eintlik stilgestaan. Die bietjie groei, meer as inflasie, is veral te danke aan addisionele bemakings wat ontvang is.

### 5.1.2 Reserwefondse, testamentêre bemakings en trustfondse (Bylaag 1.5)

Die STFA het in 2018 ’n omvattende dokument opgestel wat meer duidelikheid gee oor die 233 fondse wat die STFA namens die NG Kerk in SA bestuur. Die gesamentlike waarde van die reserwefondse, testamentêre bemakings en trustfondse was op 28 Februarie 2018 net minder as R360 miljoen (R357 916 664).

Die grootste deel van hierdie fondse is geld wat vir ’n baie spesifieke doel gegee is en moet dus so aangewend word. Die Kuratorium se beursfonds het byvoorbeeld van R43 miljoen in 2013 gegroei tot R110 miljoen in 2018. Die fonds het in 2014 ’n reuse hupstoot ontvang toe die Cloete-boedel afgehandel is en die Sanddrif-plaas verkoop is (saam R33 miljoen). Die bemaking is baie spesifiek vir die opleiding van predikante. Intussen het die getal studente aan die kweekskool baie afgeneem. Saam met goeie opbrengs op die belegging en nog ’n paar bemakings, kon die fonds dus van R76 miljoen (R43 miljoen plus R33 miljoen) teen 12% per jaar groei tot R110 miljoen in 2018.

Enkele voorbeelde van testamentêre bemakings en die beperkings daaraan verbonde mag verhelderend wees:

*a. HH Wicht skenk in 1861 ’n bedrag van £2 500. In ’n lywige donasie akte, gedateer 13 Desember 1861 te Stellenbosch, kom die volgende voor: "Ek HH Wicht, verklaar by dezen, een kapitaal, groot twee duizend vyf honderd pond, te besteden tot het daarstellen van beurzen voor arme en godvruchtige studente, aan de Theologische Kweekschool der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Suid Africa, ten behoove van genoemde kerk, en wel onder do volgende bepalingen..."*

*Dan volg daar 18 paragrawe met detail oor die bestuur van die fonds. Paragraaf 13 dien vermeld te word: "Het Bestuur zal by de toekenning der beurzen acht geven, niet minder op de wetenschappelyke bekwaamheden, dan op de armoede en de godsvrucht van den applicant, zoo dat dit fonds tevens diene als een middel ter verhooging van den wetenschappelyken stand der toekomstige leeraren der Ned. Geref. Kerk. De applicanten zullen zich aan een examen moeten onderwerpen Jaarlyks tracht het Bestuur langs den besten weg te weten te komen of de beurshouders by voortduring de ondersteuning waardig blyven. In geval daartoe grond bestaat, zal de ondersteuning worden ingetrokken."*

*b. Maria Magdalena Louw, gebore Smuts se testament (gedateer 30 Junie 1908) stel dit soos volg: "To the Theological Seminary Stellenbosch the sum of Fifteen Thousand Pounds Sterling, this endowment to be known as the Thomas Louw Fund, and the annual interest accruing therefrom to be devoted first towards the study of poor and needy students of South African birth who desire to be trained for the clergy of the Dutch Reformed Church in South Africa, any balance of the annual receipts after provision has been made for the students, can be devoted by the Seminary Authorities only towards matters concerned with the Theological Seminary."*

*c. Die DR Snyman-fonds bepaal (aanhaling onveranderd uit die oorspronklike): "Die rente-opbrengs van al ons ander kontante bates beleggings, volgens aangehegte lys, moet slegs na die dood van Die Man en*

*Die Vrou, elke ses maande oorbetaal word aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika wat sendingwerk onder die Boesmans in Suidwes-Afrika doen, tot bevordering van sendingwerk onder die Boesmans met dien verstande dat telkens een tiende van die opbrengs uit ons kontante beleggings, bestee moet word vir voedsel en kleding vir die Boesmans deur die sending-personeel wat namens die Ned. Geref. Kerk die Boesmans geestelik bearbei. Indien in die toekoms die Verenigde Volke Organisasie (V.V.O.) Suidwes-Afrika in besit neem en dit administreer, en ons Nederduitse Kerk verbied word om hul sendingwerk onder die Boesmans in Suidwes-Afrika voort te sit, sal die rente-opbrengs bestee word aan sendingwerk onder die Indiërs, wat in die R.S.A. woonagtig is, en wat deur die Ned. Geref. Kerk in Kaapland behartig word."*

Let op hoe die bemakings stipuleer dat slegs die rente gebruik mag word. ’n Groot deel van die NG Kerk in SA se beleggings is soortgelyke fondse waarvan die kapitaal bewaar moet word. Slegs die opbrengs mag gebruik word. Die STFA poog gedurig om, in samewerking met die onderskeie diensgroepe, fondse (waar enigsins moontlik) te konsolideer of selfs te ontsluit.

**5.1.3 Beskikbaar**

Van die R357 916 664 se reserwefondse, testamentêre bemakings en trustfondse is net R70 142 510 sogenaamde "algemene reserwes". Dit is reserwefondse waaroor die vyf diensgroepe volle diskresie het en waarvan die volle bedrag gebruik mag word. Die diskresie is egter tot die diensgroep beperk. Toerusting kan byvoorbeeld nie op Getuienis se fondse aanspraak maak nie. Meegaande tabel gee die verskillende diensgroepe se algemene reserwes. Alhoewel die diensgroepe redelike diskresie met diskresionêre reserwes het, is dit steeds geoormerk vir spesifieke taakspanne. Gemeentebegeleiding se reserwes is byvoorbeeld verdeel tussen onder andere vroue, jeug en predikante.

| Diensgroep | Reserwes |
|---|---:|
| Diaconia | 16 915 030 |
| Gemeentebegeleiding | 3 764 737 |
| Getuienis | 1 571 745 |
| Toerusting | 9 991 341 |
| Ondersteuning | 37 899 657 |
| **TOTAAL** | **70 142 510** |

Die net minder as R38 miljoen by Ondersteuning is die NG Kerk in SA se gebeurlikheidsfonds. Hierdie fonds is die minimum verantwoordelike voorsiening wat gemaak behoort te word vir die verskansing van die voortgesette likiditeit van die NG Kerk in SA. Dit verteenwoordig net meer as 50% van die NG Kerk in SA se jaarlikse uitgawebegroting.

## 5.2 SINODALE AANDEEL

Gemeentes betaal gemiddeld net minder as 5% van hulle "sinodale aandeel inkomste" aan sinodale aandeel (Sien 2.2 hier bo). Die STFA het nie haalbare voorstelle vir ’n nuwe sinodale aandeel formule ontvang nie en wil self ook nie onnodig aan die huidige formule verander nie. Veranderinge wat voorgestel word, moet billik teenoor alle gemeentes wees en steeds die ooreengekome begroting van die Sinode kan diens. Die STFA het wel ’n aantal verskillende opsies oorweeg:

a. Een opsie sou wees om die sinodale aandeel tabel so te wysig dat die gemiddelde sinodale aandeel geleidelik na 4% (in plaas van 5%) van sinodale inkomste (inkomste soos in berekening gebring vir sinodale aandeel) verminder. Die verskil tussen 5% (R26 701 288,45) en 4% (R21 361 030,76) is R5 340 257,69. Dit is meer as ’n miljoen rand per diensgroep. Diensgroepe sal nie net moet inkort nie – hulle sal sekere werksaamhede gewoon moet staak en sommige poste moet afskaf as die sinodale aandeel van 5% na 4% verminder. Die STFA het geoordeel dat hierdie opsie ’n nadelige effek op die begroting en funksionering van die Sinode sal hê.
b. Nog ’n opsie wat ondersoek is, is die moontlikheid dat diensgroepe van hulle reserwes gebruik om hulle bedryfskoste te befonds. Die gedagte was dan dat sinodale aandeel verlaag kan word ten einde gemeentes te kan help. Die slotsom van die STFA is dat ’n sinodale aandeel van 5% van gemeentes se inkomste deur die diensgroepe verdiskonteer moet word in die aanwending van hulle reserwefondse vir bedryfsuitgawes.

## 5.3 DIENSGROEPE

5.3.1 Die mening word soms uitgespreek dat sekere diensgroepe te veel geld het en dus redelik oordadig met die geld werk. Die verdeling van sinodale aandeel vir die huidige finansiële jaar (2020) en die vorige twee finansiële jare word hier bo in paragraaf 2.4 gegee.

5.3.2 Die sinode sou, vanuit hulle prioriteite, kon besluit om die toedeling aan die diensgroepe te verander. Die STFA het nie ’n mening oor die toedeling uitgespreek nie. Die sinode sou aan die moderamen of die Sinodale Koördineringspan ’n mandaat kon gee om die toekenning aan diensgroepe te wysig – mits die totaal by 100% bly.

## 5.4 HULP AAN GEMEENTES

5.4.1 Die STFA help gemeentes finansieel met bydraes uit die Gemeenteondersteuningsfonds, die Bybelverspreidingsfonds en die Internskapprogram. In die vier finansiële jare van 2016 tot 2019 is R17 918 009,21 se hulp aan gemeentes gegee: R12 570 721,30 vir gemeenteondersteuning, R895 614,80 vir die aankoop van Bybels en R4 451 673,11 vir die internskapprogram. Sien paragraaf 3 hier bo.

5.4.2 Hulp aan gemeentes uit die Gemeenteondersteuningsfonds het met 42% per jaar gegroei van R1 699 337,04 in 2016 tot R4 909 197,45 in 2019. Die volgende faktore is uitgewys as die redes waarom gemeentes finansiële hulp nodig het:
a. Personeelrasionalisering.
b. Droogte en ander rampe.
c. Weerhouding van dankoffers.
d. Krities noodsaaklike herstelwerk aan die gemeente se geboue.
e. Afname in lidmaatgetalle wat tot minder predikantsposte lei.
(Die Gemeenteondersteuningsfonds betaal nie outomaties enige van bostaande rekeninge nie. Gemeentes moet aansoek doen by die Gemeenteondersteuningsfonds. Na ’n proses waarby die betrokke ring en die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding betrokke is, én die gemeente se finansiële state deeglik nagegaan is, besluit die STFA oor die omvang van die finansiële hulp uit die Gemeenteondersteuningsfonds.)

5.4.3 Al meer gemeentes klop by die Gemeenteondersteuningsfonds aan om finansiële hulp. Die goeie nuus is dat die grootste deel van die hulp aan gemeentes verband hou met bedieningsbehoeftes wat ontstaan met uitbreiding in nuwe woongebiede (Sitari, Graanendal, Bottelary, Parklands, Burgundy, Somerset-Wes). Die uitgerekte droogte het ook ’n aantal gemeentes finansieel geraak.

5.4.4 ’n Hele paar gemeentes is ook gehelp om skeidingspakkette aan predikante te bied. Die Wes-Kaap het 50 134 belydende lidmate oor die afgelope tien jaar verloor. Dit het implikasies vir die aantal predikantsposte in gemeentes gehad.

### 5.5 Projeksie

5.5.1 Die STFA het ook na die begroting van die Sinode vir die volgende tien jaar gekyk. Die volgende aannames is gemaak:
a. styging in sinodale aandeel: 2% per jaar;
b. toename in bydraes en rente: 5% per jaar;
c. toename in die sinode se salarisrekening: 6% per jaar;
d. styging in uitgawes: 6%, maar in enkele gevalle, soos by elektrisiteit tot 10%;
e. inflasie: 4,5% per jaar.

5.5.2 Die projeksie wys dat die sinode teen 2023 ’n addisionele R6,6 miljoen per jaar uit die reserwefondse moet trek om met die bestaande aanbod van dienste te kan voortgaan. Teen 2028 sal daar R17,3 miljoen per jaar uit die beleggingsportefeulje onttrek moet word. Kumulatief sal daar dus in die volgende tien jaar R83 miljoen uit die beleggingsportefeulje onttrek moet word om die huidige begrotingspatroon te kan bly diens. Dit beteken dan ook dat daar R83 miljoen minder beskikbaar is om te belê. Die beleggingsinkomste word dus ook drasties minder.

5.5.3 Die verdere probleem is dat die sinode nie al die geld in die beleggingsportefeulje kan gebruik nie. Paragraaf 2.1 hier bo het reeds verduidelik dat daar net R70 142 510 in "algemene reserwes" is. Die res is spesifieke trustgeld vir spesifieke behoeftes.

5.5.4 Die STFA het verskillende opsies oorweeg: Die eerste opsie is om sinodale aandeel te verhoog om tred te hou met die stygende uitgawes van die sinode. Die STFA het geoordeel dat dit nie ’n haalbare oplossing is nie. Daar moet gebly word by ’n gemiddelde sinodale aandeel van 5% van ’n gemeente se sinodale aandeel inkomste. Die tweede opsie is om die sinodale uitgawes tydig en stelselmatig in te kort. Die STFA sien dit tans as die enigste haalbare opsie. Die STFA ondersoek hiermee saam die moontlikheid om van die reserwefondse te ontsluit.

**Voorsitter STFA: ds. Monty Sahd**

## 6. AANBEVELINGS

**6.1 Die sinode bevestig dat ’n gemiddelde sinodale aandeel koers van ongeveer 5% billik is en versoek die STFA om die sinodale aandeel tabel jaarliks so aan te pas dat die totale berekende sinodale aandeel nie meer is as 5% van die totaal van gemeentes se sinodale aandeel inkomste nie. [Individuele gemeente se sinodale aandeel sal steeds tussen 1% en maksimum 8% wissel].**

**6.2.1 Die sinode neem kennis van gemeentes se dalende inkomste en die implikasies wat dit vir die sinode se begroting inhou.**

**6.2.2 Die sinode versoek die moderamen, diensgroepe en taakspanne om daadwerklike pogings aan te wend om hulle begrotings af te skaal en streng finansiële dissipline toe te pas ten einde ’n volhoubare bedieningsplan te kan handhaaf in die lig van ’n verwagte dalende inkomste uit sinodale aandeel.**

**6.3 Die sinode versoek die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie om in samewerking met die Sinodale Koördineringspan jaarliks (desverkiesend in Augustus) ’n voorlegging aan die moderamen te maak oor die moontlike herverdeling van sinodale aandeel (vanaf Maart in die daaropvolgende jaar) in die lig van die sinode se prioriteite en diensgroepe se reserwes en bestedingspatrone.**

**6.4 Die sinode versoek die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie om in samewerking met die onderskeie diensgroepe die ontsluiting en aanwending van reserwefondse te ondersoek.**

**6.5 Die sinode besluit**

**6.5.1 om maandeliks ’n honorarium per verkose lid per maand aan die agt verkose lede van die moderatuur te betaal;**

**6.5.2 om ’n jaarliks ’n honorarium aan ringskribas te betaal mits die ringskriba nie reeds deur die betrokke ring vergoed word nie en die ring ’n verklaring hiertoe ingedien het en die honorarium aanvra en**

**6.5.3 om die honorarium vas te stel op 2,5% van die NG Kerk in SA se maandelikse topskaal vir predikante. Topskaal (per maand) is vanaf 1 Maart 2019 R31 400. Moderatuurslede kry dus R785,00 per maand en ringskribas R785,00 per jaar.**

---

# BYLAAG 1

## GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA SOOS OP 28 FEBRUARIE 2018

## BYLAAG 1.1

## GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

| | 2018<br>R | 2017<br>R |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| ***Nie-bedryfsbates*** | 382 109 825 | 366 039 390 |
| Eiendom, Toerusting en Voertuie | 39 312 034 | 39 383 286 |
| Beleggings | 339 267 882 | 323 652 336 |
| Beurslenings | 3 529 909 | 3 003 768 |
| ***Bedryfsbates*** | 12 607 597 | 12 435 101 |
| Debiteure | 1 199 189 | 1 311 173 |
| Voorraad | | 31 235 |
| Bank en Kontant | 11 408 408 | 11 092 693 |
| **Totale Bates** | **394 717 422** | **378 474 491** |
| **Kapitaal, Fondse en Aanspreeklikhede** | | |
| ***Kapitaal en fondse*** | 383 342 078 | 367 740 575 |
| Kapitaal van Algemene Fondse | 25 425 415 | 23 848 227 |
| Reserwes | 305 861 696 | 292 825 254 |
| Trustfondse | 2 273 454 | 2 294 339 |
| Testamentêre bepalings | 49 781 513 | 48 772 755 |
| ***Bedryfslaste*** | 11 375 344 | 10 733 916 |
| Krediteure | 10 725 228 | 10 120 346 |
| Fondse vir versending | 650 116 | 613 570 |
| **Totale Kapitaal, Fondse en Aanspreeklikhede** | **394 717 422** | **378 474 491** |

## BYLAAG 1.2

## GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018

| | | 2018<br>R | 2017<br>R |
|---|---|---|---|
| **Direkte Inkomstes** | | **55 240 595** | **54 828 186** |
| Algemene Fondse | - Totale bydraes en kollektes | 32 553 413 | 31 061 429 |
| | - Ander inkomste | 5 916 921 | 5 810 850 |
| Reserwes | | 13 113 852 | 13 522 980 |
| Testamentêre bepalings | | 3 656 409 | 4 432 927 |
| **Rente/beleggingsinkomste ontvang** | | **25 312 825** | **22 059 707** |
| Algemene Fondse | | 583 029 | 399 707 |
| Reserwes | | 21 176 631 | 18 419 049 |
| Trustfondse | | 161 259 | 158 205 |
| Testamentêre bepalings | | 3 391 906 | 3 082 746 |
| **Totale Inkomste** | | **80 553 420** | **76 887 893** |
| **Algemene Fonds Uitgawes** | | **(38 289 538)** | **(38 558 112)** |
| Personeeluitgawes | | (20 026 022) | (20 385 356) |
| Administrasie-uitgawes | | (9 103 158) | (8 665 864) |
| Toelaes en oorbetalings | | (9 160 358) | (9 506 892) |
| **Ander Uitgawes** | | **(26 754 468)** | **(22 930 329)** |
| Totale uitgawes | | (21 609 524) | (19 605 880) |
| Trustfondse | | (182 144) | (256 041) |
| Testamentêre fondse | | (4 962 800) | (3 068 408) |
| **Totale Uitgawes** | | **(65 044 006)** | **(61 488 441)** |
| **Netto oorskot vir die jaar** | | **15 509 414** | **15 399 452** |

## BYLAAG 1.3

## INKOMSTESTAAT VIR TAAKSPANNE SE BEDRYFSREKENINGE

| | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | **38 706 570** | **37 541 301** |
| **Bydraes en kollektes** | **32 664 779** | **31 061 429** |
| Sinodale aandeelbydraes | 26 170 422 | 25 136 980 |
| Bydraes en kollektes | 4 805 872 | 4 409 539 |
| Bydraes - Nie-kwota | 423 | 1 154 |
| Bydraes - Vrouediens | 156 703 | 170 289 |
| Bydraes - Argief | 1 531 359 | 1 343 467 |
| **Ander inkomste** | **6 122 757** | **5 810 850** |
| Administrasiegelde ontvang | 1 874 327 | 1 853 054 |
| Hanteringsfooie en makelaarskommissie | 223 933 | 242 081 |
| Communitas - Kursusgelde | 222 281 | 179 217 |
| Diverse inkomste | 407 105 | 95 374 |
| Huur - Woonstelle, strandwoonstelle, pastorieë, argief | 2 365 954 | 2 599 451 |
| Resepteboeke en handleidings | 24 669 | 13 668 |
| Wins/(verlies) met verkoop van bate | - | 26 602 |
| Verkope - boeke | 219 380 | 58 140 |
| F Kirsten Trust | 785 108 | 743 263 |
| **Rente ontvang** | **583 029** | **399 707** |
| **Oorplasings van Testamentêre bepaling** | **319 139** | **325 215** |
| Dr J C Coetzee Trust | 319 139 | 325 215 |
| Getuieniskommissie | - | - |
| **Oorplasings vanaf/(na) Reserwes** | **(983 134)** | **(55 900)** |
| Sinodale Aandeel Hulpfonds Reserwe | (670 422) | (881 980) |
| Vervanging van bate reserwe | - | 17 734 |
| Gemeentehulpreserwe | (231 178) | (208 193) |
| Hospitaalbearbeidingsreserwe | - | 531 631 |
| Sinode Vergadering Reserwe | (360 000) | (360 000) |
| VBO | 300 000 | 300 000 |
| Weskus Sending Reserwe | - | 45 000 |
| Arbeidsbediening | (21 534) | (348 696) |
| Getuienis na Indiërsending | - | 277 312 |
| Vrouelidmate | - | 10 305 |
| Diens van Barmhartigheid | - | 946 202 |
| Getuieniskommissie | - | (385 215) |

# BYLAAG 1.4

## INKOMSTESTAAT VIR TAAKSPANNE SE BEDRYFSREKENINGE

| | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **UITGAWES** | **38 144 195** | **38 558 112** |
| **Personeeluitgawes** | **20 026 022** | **20 385 356** |
| Vergoeding en honoraria | 20 026 022 | 20 385 356 |
| **Administrasie-uitgawes** | **8 957 815** | **8 665 864** |
| Versekering | 160 877 | 155 057 |
| Advertensie- en bemarkingskoste | 2 281 | 24 541 |
| Bankkoste | 143 897 | 138 419 |
| Belasting en munisipale gelde | 119 838 | 104 354 |
| Boeke, tydskrifte, bindery en oudiovisuele hulpmiddels | 48 993 | 34 940 |
| Boeke – koste van verkope | 31 235 | 316 498 |
| Communitas – Kantooruitgawes | 28 793 | 47 111 |
| Ledegelde, jaargelde en subskripsies | 93 493 | 54 366 |
| Diverse uitgawes | 210 006 | 212 219 |
| Interaksie koste | 72 584 | 35 540 |
| Huur betaal | 28 215 | 176 121 |
| Kantoorhuur | 981 185 | 947 804 |
| Motorvoertuigonkostes | 80 079 | 50 502 |
| Kantooruitgawes | 96 227 | 76 990 |
| Slegte skuld | 692 609 | 340 856 |
| Onthaalkoste | 136 774 | 101 767 |
| Ouditeursgelde | 274 327 | 287 462 |
| Instandhouding van geboue en uitrusting | 845 282 | 652 037 |
| Reis, verblyf en vergaderingskostes | 2 219 258 | 2 369 889 |
| Rekenaarprogrammatuur, -lisensies en -onderhoud | 185 522 | 203 476 |
| Menslike hulpbrondienste en personeelopleiding | 252 209 | 171 191 |
| Konvent, ringsuitgawes, streekkonferensies | 831 069 | 645 476 |
| Skryfbehoeftes en drukwerk | 351 600 | 414 551 |
| Telefoon en posgeld | 479 994 | 505 298 |
| Water en elektrisiteit | 379 892 | 361 035 |
| Depresiasie | 211 576 | 238 364 |
| **Toelaes en oorbetalings** | **9 160 358** | **9 506 892** |
| Malawi | 1 459 142 | 1 418 725 |
| Msinga | 779 318 | 790 593 |
| Mosambiek | 603 271 | 745 571 |
| Toelaes Studentebearbeiding | 870 351 | 830 878 |
| Algemene Sinode | 1 173 775 | 1 123 510 |
| Vrouelidmate – ABC Projek | (410) | (374) |
| Spesiale werkswinkels en projekte | 1 126 958 | 1 511 431 |
| BADISA – Bydrae | 2 550 000 | 2 525 500 |
| Zimbabwe | 597 953 | 561 058 |
| **Netto oorskot/(tekort) vir die jaar** | **562 375** | **(1 016 811)** |

# BYLAAG 1.5
# STAAT VAN VERANDERING IN RESERWES

| | **Saldo op 28/02/17** | **Rente beleggings dividende** | **Direkte inkomste** | **Oorplasings (na)/van Fondse** | **Oorplasings (na)/van Algemene Fonds** | **Direkte uitgawes en bate aankope** | **Saldo op 28/02/18** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Administrasie | 50 732 695 | 4 058 984 | 1 541 862 | 7 500 000 | 360 000 | (2 872 288) | 61 321 253 |
| Vrouediens | 2 519 450 | 174 181 | - | - | (916) | (173 398) | 2 519 317 |
| Navorsing | 582 942 | 40 374 | - | - | (18 515) | - | 604 801 |
| Argief | 159 325 | 10 797 | - | - | - | (60 550) | 109 572 |
| Leer en Aktuele Sake | 1 035 644 | 92 182 | - | - | 279 880 | - | 1 407 706 |
| Hospitaalbearbeiding | 763 588 | 51 846 | 2 000 | - | - | (52 180) | 765 254 |
| Gemeente Ondersteunings-fonds | 41 204 835 | 2 942 501 | 1 292 489 | - | 901 600 | (3 113 220) | 43 228 205 |
| Getuieniskommissie | 29 658 508 | 2 091 493 | 5 511 393 | (101 336) | 282 244 | (6 382 139) | 31 060 163 |
| Inrigtings | 92 957 | 6 602 | - | - | - | (535) | 99 024 |
| Diens van Barmhartigheid | 24 235 600 | 1 717 477 | 3 303 281 | 8 002 | (451 444) | (3 063 132) | 25 749 784 |
| Gemeentebediening | 24 196 | - | - | - | - | (24 196) | - |
| Zikomo Woonstelle | 2 299 111 | 180 381 | - | - | 250 359 | - | 2 729 851 |
| RCA Sunthosham | 2 067 410 | 142 011 | - | - | - | (155 000) | 2 054 421 |
| Gemeentebediening | 199 457 | 14 602 | 8 815 | - | - | (10 817) | 212 057 |
| Bediening aan die Jode | 367 096 | 26 188 | - | - | - | - | 393 284 |
| Moderamen | 16 215 | 10 625 | - | - | 144 792 | - | 171 632 |
| Kuratorium: Administrasie | 125 643 375 | 8 817 833 | 402 745 | (7 915 380) | (1 062 361) | (4 668 094) | 121 218 118 |
| Gemeente-ontwikkeling | 500 141 | 38 901 | 102 266 | - | - | - | 641 308 |
| Kweekskool Fondse Algemeen | 1 528 470 | 106 035 | 65 000 | - | - | (188 537) | 1 510 968 |
| Communitas Fondse | 2 603 880 | 212 318 | 212 673 | 451 701 | 75 780 | (102 429) | 3 453 923 |
| Jeug en studente | 1 521 857 | 109 742 | 300 873 | - | - | (182 106) | 1 750 366 |
| Transnet | 1 782 478 | 127 155 | - | - | 11 583 | - | 1 921 216 |
| VBO | 404 164 | 28 831 | - | - | - | - | 432 995 |
| Handel- en Nywerheid | 2 063 954 | 147 235 | - | - | - | - | 2 211 189 |
| Evangelie aan Seelui | 817 906 | 28 337 | - | - | 9 950 | (560 903) | 295 290 |
| **Totaal: Reserwes** | **292 825 254** | **21 176 631** | **12 743 397** | **(57 013)** | **782 952** | **(21 609 524)** | **305 861 697** |

## Staat van Verandering in Testamentêre Bepalings

| | **Saldo op 28/02/17** | **Rente beleggings dividende** | **Direkte inkomste** | **Oorplasings (na)/van Fondse** | **Oorplasings (na)/van Algemene Fonds** | **Direkte uitgawes en bate aankope** | **Saldo op 28/02/18** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Algemene Fondse | 25 345 972 | 1 741 195 | 1 810 164 | (141 201) | (883 770) | (3 038 329) | 24 834 031 |
| Diens van Barmhartigheid | 2 636 521 | 186 746 | - | 124 861 | - | (165 996) | 2 782 132 |
| Kuratorium Administrasie | 249 213 | 16 936 | - | (8 474) | - | (7 241) | 250 434 |
| Kweekskool Algemene Fonds | 11 367 116 | 836 514 | 646 488 | (20 765) | (250 000) | (104 000) | 12 475 353 |
| Getuieniskommissie | 9 173 933 | 610 515 | 1 199 757 | 102 592 | - | (1 647 234) | 9 439 563 |
| **Totaal: Testamente** | **48 772 755** | **3 391 906** | **3 656 409** | **57 013** | **(1 133 770)** | **(4 962 800)** | **49 781 513** |

## Staat van Verandering in Trusts

| | **Saldo op 28/02/17** | **Rente beleggings dividende** | **Direkte inkomste** | **Oorplasings (na)/van Fondse** | **Oorplasings (na)/van Algemene Fonds** | **Direkte uitgawes en bate aankope** | **Saldo op 28/02/18** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Algemene Trustfondse | 1 880 018 | 131 703 | | | | (182 144) | 1 829 577 |
| Getuieniskommissie | 414 321 | 29 556 | | | | - | 443 877 |
| **Totaal: Trustfondse** | **2 294 339** | **161 259** | | | | **(182 144)** | **2 273 454** |
| **GROOT TOTAAL** | **343 892 348** | **24 729 795** | **16 399 806** | | **(350 818)** | **(26 754 468)** | **357 916 663** |

# BYLAAG 2

# TRUSTEEVERSLAG VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2018

---

Die doel van hierdie trusteeverslag is om lede in te lig oor die stand van die fonds en verwikkelinge wat ŉ invloed gehad het op die fonds en sy lede gedurende 2018.

## 1. VOORSITTER SE OORSIG

### 1.1 Bestuur

Die fonds word op ŉ gesonde wyse deur die raad van trustees bestuur. Die trustees word bygestaan deur verskillende professionele adviseurs en word op die hoogte gehou van die jongste tendense en verwikkelinge in die aftreefondsbedryf.

Nasionale Tesourie het op 25 Augustus 2017 finale verstek regulasies uitgereik. Hierdie regulasies moet met ingang 1 Maart 2019 in plek wees by alle geregistreerde aftreefondse. Die verstek regulasies dek beleggings, die bewaring van fondsvoordele op onttrekking uit die fonds en ŉ raamwerk vir die daarstel van ŉ annuïteitstrategie. Die fonds se beleggingskomitee het gedurende 2018 die nodige stappe geneem om te verseker dat die fonds se beleggings voldoen aan die verstek regulasies. Die fonds se reëls is gedurende 2018 gewysig om voorsiening te maak vir lede wie diens verlaat voor aftrede se voordele om as verstek binne die fonds bewaar te word. Lede sal dus vanaf 1 Maart 2019 ’n doelbewuste keuse moet uitoefen indien hulle sou verkies om hul onttrekkingsvoordele na ’n ander fonds oor te dra of in kontant wil neem. Die trustees het reeds gedurende 2017 die nodige stappe geneem om ’n annuïteitstrategie te formuleer. Na die voltooiing van hierdie ondersoek is die in-fonds lewende annuïteitsopsie (IFLA) amptelik in die fonds se reëls vervat met ingang van 1 Oktober 2017.

Lede word weereens daarop gewys dat hul belastingverligting op totale bydraes van tot 27,5% van die hoogste van belasbare inkomste of vergoeding, tot en met ŉ maksimum van R350 000 ŉ jaar kan ontvang. Hierdie bedeling geld vir totale bydraes na pensioenfondse, voorsorgfondse en uittree-annuïteite. Die fonds is ŉ baie koste effektiewe spaarvoertuig vir addisionele bydrae. Lede wat ’n ekstra bydrae ten opsigte van hulle aftreebesparing wil maak, word aangemoedig om die fonds hiervoor te oorweeg. Kontak gerus die pensioenkantoor vir meer inligting oor hierdie opsie.

Die fonds het ook gedurende die jaar ŉ projeksiestaat uitgestuur om lede ŉ idee te gee van watter aftreevoordele hulle redelikerwys kan verwag gegewe sekere beleggingsgroei aannames en hulle huidige aftreefondsbydraes en fondswaardes. Indien daar ŉ leemte in u voorsiening blyk te wees, oorweeg gerus die addisionele bydrae roete.

Vir goeie bestuur, het die trustees weereens gedurende 2018 die fonds se risikobestuursbeleid en beleggingsbeleid hersien. Die King IV Kode vir Korporatiewe Bestuurstoesig is op 1 November 2016 gepubliseer. Hierdie weergawe van die King Kode bevat ŉ aanhangsel spesifiek tot aftreefondse. Die fonds se formele voldoening aan die King IV beginsels is amptelik gedokumenteer gedurende Mei 2018. Hierdie dokument is op versoek beskikbaar aan enige van die fonds se belanghebbende partye. Die inhoud van die dokument word op ’n gereelde basis deur die trustees hersien. Lede kan gerus wees dat die fonds op ŉ deursigtige en professionele basis bestuur word.

Lede word herinner om die fonds se webwerf by http://www.ppfkaapkerk.co.za/ te besoek vir meer inligting oor die fonds.

### 1.2 Beleggings

2018 was ’n baie uitdagende jaar vir plaaslike, asook internasionale markte. Bykans alle risikodraende bateklasse het swak presteer. As gevolg hiervan het veral die fonds se hoër risiko / langertermyn portefeuljes oor die afgelope jaar teleurgestel. Die opbrengste van die fonds se onderskeie portefeuljes was tussen 9,1% en minus 3,5% vir die jaar (afhangend van die lid se portefeuljekeuse). Net die Inkomstebeskerming Portefeulje het die amptelike inflasiekoers van 4,5% oor die kalenderjaar uitpresteer.

Tydens die Februarie 2018 begrotingsrede het die Minister van Finansies aangekondig dat pensioenfondse toegelaat sal word om hulle buitelandse blootstelling (uitsluitend Afrika) vanaf 25% tot 30% te verhoog. Die

trustees het besluit om die Langtermyn Portefeulje se buitelandse blootstelling vanaf 23% na 28% te verhoog om sodoende blootstelling tot meer beleggingsgeleenthede te verkry, veral omdat Suid-Afrika as 'n baie gekonsentreerde mark gesien word. Nadat die trustees gedurende 2017 'n hele paar veranderinge aan die fonds se onderliggende batebestuurders gemaak het, was die fokus gedurende die jaar op die vaslegging van die strategie en is geen verdere veranderinge aan die fonds se onderliggende batebestuurders gemaak nie.
Die pensioentrekkers het 'n verhoging van 3% op 1 Maart 2018 ontvang, wat goed vergelyk met die fonds se langtermyn pensioenverhogingsdoelwit van 55% van VPI, wat 4,7% tot einde Desember 2017 was.

### 1.3 Administrasie en risikovoordele

Versekeringspremies ten opsigte van risikodekking vir die fonds se lede word maandeliks van die totale bedrag van die werkgewerbydraes afgetrek en aan Sanlam oorbetaal. Die balans van die werkgewerbydraes, na verrekening van administrasiekostes, tesame met die lidbydraes, word dan aan die fonds betaal as fondsbydraes en aangewend vir die opbou van aftreevoordele.

Sanlam het die randwaarde van die risikopremies vir 2019/2020 met sowat 10% verhoog, terwyl die vlak van dekking met sowat 6% verhoog het ooreenkomstig die aanpassing van die risikosalaris. Die verhoogde premie het die effek dat die bydrae tot die lid se pensioenfonds effens minder is.

Buigsame risikovoordele (sterftedekking) word sedert 1 Maart 2015 gebied en lede word weer op 1 Maart 2019 die geleentheid gegun om hul keuses te hersien.

Die trustees het die 72/28 verdeling van koste tussen aktiewe en pensioentrekkerlede ten opsigte van gedeelde dienste onveranderd gelaat vir die 2018/2019 jaar. Verder het die trustees besluit om vanaf 1 Junie 2018 die maandelikse aftrekking ten opsigte van koste by aktiewe lede, IFLA-lede en pensioentrekkers tydelik te staak en hierdie koste te verhaal uit die fonds se kostegebeurlikheidsreserwe tot tyd en wyl die balans in hierdie reserwe ongeveer R2 000 000 bereik.

### 1.4 Lidadvies

Lede word sterk aangemoedig om tydig 'n professionele finansiële adviseur se advies te vra. Een van die voordele van die in-fonds lewende annuïteit is dat die fonds nou met spesifieke finansiële adviseurs 'n ooreenkoms gesluit het om finansiële advies teen 'n vasgestelde prys te voorsien. Die trustees het hierdie finansiële adviseurs gekeur en 'n diensvlakooreenkoms met hulle maatskappye gesluit. Die verdere voordeel is dat hierdie fooi nie in kontant deur die lid betaal hoef te word nie – dit word van die lid se fondskrediet verhaal. 'n Lid mag kies om 'n eie finansiële adviseur aan te stel. Die lid sal egter self die adviesfooi moet beding (en betaal) vir finansiële adviseurs wat nie uit die fonds se goedgekeurde paneel van adviesfirmas kom nie.

Bekendstellingsbrosjures van die goedgekeurde adviseurs, Estian Visagie van Alexander Forbes Finansiële Beplanningsdienste en George de Kock van Sanlam BlouSter, is beskikbaar by die pensioenkantoor.

Lede word inligting gebied in onder andere nuusbriewe, inligtingstukke wat beskikbaar is by diensverlating en aftrede, die fonds se webwerf (www.ppfkaapkerk.co.za), Alexander Forbes Online (www.afonline.co.za) en inligtingseminare.

Die volgende stukke is beskikbaar op die fonds se webwerf vir lede se gebruik:
a. Opsies vir wanneer u u aftreefonds verlaat.
b. Opsies wanneer u aftree by u werkgewer.
c. Die IFLA-opsie brosjure.
d. Vrae en antwoorde oor die IFLA-opsie.

## 2. RAAD VAN TRUSTEES, AMPSDRAERS EN DIENSVERSKAFFERS

Die fonds word bestuur deur 'n raad van trustees. Drie formele trusteevergaderings is gedurende die fondsjaar gehou. Ds. HJ Steyn het op 31 Maart 2018 finaal afgetree en is as trusteelid vervang deur sy sekundus, ds. MH le Roux. Verder het ds. FJ Klopper op 30 Junie 2018 afgetree en is as trusteelid vervang deur sy sekundus, ds. PJ Botha. Mnr. S Pretorius het op 8 Januarie 2018 as trustee bedank en me. A Grobler is aangewys as vervangende trustee. Die verkiesing van die verkose trustee uit die Sinode van die NG Kerk in Noord-Kaapland het gedurende Augustus en September 2018 plaasgevind. Ds. TE Smit is herverkies, met ds. MvdS Loubser as sy sekundus. Die sinodale kommissie vir hulpdienste het vir ds. JPL Mostert as aangewese trustee aangewys en dr. JS Henning as sy sekundus. Ons verwelkom die nuwe trustees en sien uit na hul bydraes in hierdie rol. Die volgende trustees dien tans in die raad:

### 2.1 Ledeverteenwoordigers

Ds. MP Sahd (voorsitter), ds. TE Smit, dr. T Swart, ds. JS Bruwer, ds. CT Visagie, ds. CJ Stander, ds. EH Steyn, ds. MH le Roux en ds. PJ Botha

### 2.2 Pensioentrekkerverteenwoordigers

Ds. CW Alheit en dr. WA Fourie

### 2.3 Werkgewerverteenwoordigers

Mnr. L Hanekom, mnr. EC Meyer, ds. JPL Mostert, ds. BJ van Dyk, mnr. CG van Schalkwyk, ds. DW Mouton, mev. A Viljoen en me. A Grobler. [Mnr. SJK Pretorius het op 9 Januarie 2018, as gevolg van 'n konflik van belange (aanstelling by Deloitte) en sy verhuising na Gauteng bedank as trustee. Me. A Grobler is op 16 Mei 2018 in sy plek aangestel.]

### 2.4 Hoofbeampte

Ds. AH Minnaar

### 2.5 Subkomitees

Die trustees delegeer die oorweging van sekere gespesialiseerde funksies na twee subkomitees op wie se rapportering en aanbevelings die trustees besluite neem. Die beleggingskomitee hanteer alle aspekte van die fonds se beleggingstrategie en die implementering daarvan. Die ouditkomitee beoordeel finansiële verslagdoeningsprosesse, stelsels van interne kontrole en bestuur van finansiële risiko's, ouditeringsprosesse, prosedures van voldoening aan wette, regulasies en gedragskodes, en die finansiële state. Hierdie subkomitees is soos volg saamgestel:

#### 2.5.1 Beleggingskomitee

Ds. CJ Stander (voorsitter), ds. CT Visagie, mnr. J Henn, mnr. C Meyer, mev. A Viljoen, mnr. L Hanekom, mnr. J de Villiers, mnr. F Knoetze, mnr. H Niehaus, prof. N Krige en die hoofbeampte: ds. AH Minnaar.

#### 2.5.2 Ouditkomitee

Mnr. J de Kock (voorsitter), ds. MP Sahd, mnr. C Meyer, mev. A Viljoen, ds. CJ Stander, me. A Grobler en die hoofbeampte: ds. AH Minnaar.

### 2.6 Trustees se plig

Dit is die trustees se plig om:

a. die fonds te bestuur ingevolge die reëls van die fonds asook die pensioenfonds- en belastingwette;
b. alle redelike stappe te neem om seker te maak dat lede se belange altyd beskerm word;
c. met sorg, ywer en goeie trou op te tree;
d. belangebotsings te vermy;
e. regverdig op te tree teenoor alle lede en begunstigdes;
f. seker te maak dat die fonds behoorlike beheerstelsels het;
g. seker te maak dat die fonds genoegsaam en toepaslik met lede kommunikeer;
h. redelike stappe te neem om seker te maak dat bydraes betyds inbetaal word;
i. kundiges te raadpleeg, waar nodig;
j. seker te maak dat die bestuur en administrasie van die fonds aan alle toepaslike wette voldoen.

### 2.7 Diensverskaffers

Die fonds maak gebruik van 'n aantal diensverskaffers om bepaalde funksies te verrig. Die aanstelling van die diensverskaffers word van tyd tot tyd heroorweeg. Geen veranderinge is gedurende die periode gemaak nie.

Die hooffunksies van die onderskeie diensverskaffers is soos volg:

2.7.1 Aktuariële advies – Alexander Forbes Finansiële Dienste en die NG Kerk in SA

Die aktuaris of waardeerder is 'n wiskundige en finansiële kenner wat sekere berekeninge en aanbevelings, vir byvoorbeeld pensioenverhogings, maak en volgens wet moet rapporteer oor die fonds se finansiële posisie.

2.7.2 Konsultante – Alexander Forbes Finansiële Dienste

Konsultante adviseer die trustees oor die bestuur van die fonds.

2.7.3 Administrateurs – Alexander Forbes Finansiële Dienste

Die administrateurs hanteer al die dag-tot-dag administratiewe pligte van die fonds. Hulle maak onder meer seker dat bydraes betyds ontvang word, voordele uitbetaal word en nuwe lede aangeteken word.

2.7.4 Ouditeure – Deloitte

Die ouditeure ondersoek een maal ŉ jaar die fonds se finansiële state om seker te maak dat daar niks met die fonds se finansiële rapportering skort nie en om te verseker dat die inligting in die finansiële state waar en akkuraat is.
2.7.5 Beleggingskonsultante – Willis Towers Watson Aktuarisse en Konsultante
Die spesialiste bepaal in samewerking met die trustees en die beleggingskomitee, die fonds se beleggingstrategie en voer dit dan prakties uit.
2.7.6 Bank – Nedbank en Standard Bank
Dit is die bank waar die fonds sy rekeninge hou waarin geld gedeponeer en waaruit fondse betaal word.
2.7.7 Batebestuurders
Die batebestuurders is die kenners wat die bates van die fonds bestuur om goeie opbrengste teen aanvaarbare risikovlakke te genereer.

Die verskillende bateklasse word deur verskillende batebestuurders bestuur:
**Aandele**: Abax, Allan Gray en Coronation
**Eiendom**: Metope en Sesfikile Capital
**Effekte, Geldmark en Krediet**: Futuregrowth, Investec en Old Mutual LDI
**Multibates**: Sanlam
**Buitelandse aandele (Passief)**: State Street
**Buitelandse aandele in ontwikkelde lande**: Sygnia Life (Ardevora, Global Quality Growth Partners (GQG), Hosking Partners, Lansdowne Partners, Lindsell Train, Polaris Capital en Veritas Asset Management)
**Buitelandse aandele in ontwikkelende lande**: Sygnia Life (Coronation, Global Thematic Partners (GTP), Global Quality Growth Partners (GQG), Pzena en Sands Capital)
**Buitelandse effekte**: PIMCO
**Buitelandse eiendom**: Resolution Capital
**Gestruktureerde deposito's**: Absa en Standard Bank

## 3. REËLWYSIGINGS

Die reëls van ŉ fonds bepaal hoe die fonds bestuur moet word. Die reëls moet geregistreer word deur die Registrateur van Pensioenfondse (Registrateur) en goedgekeur word deur die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens (SAID). Nadat die reëls geregistreer is, moet alle daaropvolgende reëlwysigings ook geregistreer word deur die Registrateur en goedgekeur word deur die SAID.

Twee reëlwysigings is gedurende 2018 goedgekeur. Reëlwysiging 7 is op 15 Mei 2018 deur die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor goedgekeur. Die redes vir hierdie wysiging was soos volg:
a. om die bewaring van aftreevoordele te bevorder deur voorsiening te maak vir in-fonds bewaring as verstekopsie by verlating van diens voor aftrede, maar om ŉ lid toe te laat om te kies dat die voordeel na ŉ ander aftreefonds oorgedra word of om betaling van die voordeel as ŉ enkelbedrag te ontvang;
b. om voorsiening in die reëls vir oordragte vanaf die data-reserwerekening na die kostegebeurlikheidsreserwerekening te maak;
c. om ŉ lid toe te laat om ŉ voordeel vanaf ŉ ander aftreefonds na die fonds oor te dra, ongeag wanneer hy ŉ lid van sodanige fonds geword het;
d. om die verhouding tussen die fonds en die sinode duideliker in die reëls uiteen te sit; en
e. om ter wille van konsekwentheid, die oorblywende verwysings in die reëls na 'om te sit' en 'omgesit' met die meer gepaste woorde 'om te skakel' en 'omgeskakel' te vervang.

Reëlwysiging 8 is op 20 Junie 2018 deur die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor goedgekeur. Die rede vir hierdie wysiging is om 'n lid wat uit diens afgetree het en nog nie die keuse uitgeoefen het om betaling van sy aftreevoordeel te ontvang nie, toe te laat om sy voordeel na 'n goedgekeurde uittredingsannuïteitsfonds oor te dra. Al die reëls van die fonds, sowel as die redes vir die onlangse wysigings, kan by die pensioenkantoor bestudeer word te De Langestraat 5, Bellville, 7530. Dit is ook op die webwerf beskikbaar.

## 4. LIDMAATSKAPBESONDERHEDE

Die lidmaatskap van die fonds het soos volg verander gedurende 2018:

| | |
|---|---|
| **Aktiewe lede** op 1 Januarie 2018 | 616 |
| Plus: Nuwe lede | **53** |
| Minus: | |
| Uitdienstredes | **(4)** |
| Oordragte na ander fondse | **(5)** |

| | |
|---|---|
| Sterftes | **(0)** |
| Aftredes | **(34)** |
| Aktiewe lede op 31 Desember 2018 | **626** |
| | |
| **Pensioentrekkers** op 1 Januarie 2018 | 328 |
| Nuwe pensioene* | 8 |
| Beëindiging van pensioene | (28) |
| Pensioentrekkers op 31 Desember 2018 | 308 |
| * Weduwees van afgetrede pensioentrekkers wat gesterf het | |
| | |
| **Annuïtante** op 1 Januarie 2018 | 4 |
| Nuwe annuïtante | 14 |
| Annuïtante op 31 Desember 2018 | 18 |

## 5. FONDSBELEGGINGS

### 5.1 Beleggingsportefeuljes en -prestasie

Die tabel hieronder toon die waarde van die fonds se beleggingsportefeuljes (ook beleggingskanale genoem) soos op 31 Desember 2018 en die netto (na beleggingsgelde) beleggingsopbrengste wat op die onderskeie portefeuljes verdien is oor die periodes tot 31 Desember 2018.

** Die syfers in die gryskolom toon die maatstaf opbrengste wat die fonds sou verdien het indien die fonds nie van aktiewe batebestuurders gebruik gemaak het nie, maar die fonds se beleggings in beleggingsindekse belê het, gegewe 'n begripmatige (veronderstelde) bate-allokasie. Geen aanpassing is gemaak om batebestuurderfooie in ag te neem nie.*
*** Die syfer toon die prestasiedoelwit van die Pensioentrekker Portefeulje aan.*
*# Die Reserwe Portefeulje bevat die beleggings ten opsigte van die fonds se gebeurlikheidsreserwes en ander voorsienings.*

| Portefeuljes | Waarde | 1 jaar * | | 3 jaar (p.j.) * | |
|---|---|---|---|---|---|
| Langtermyn Portefeulje | R1 054,8m | (3,5%) | (2,3%) | 4,5% | 5,2% |
| Konserwatiewe Portefeulje | R397,8m | 2,2% | 1,5% | 6,1% | 5,7% |
| Inkomstebeskerming Portefeulje | R90,2m | 9,1% | 7,2% | 8,9% | 7,4% |
| Pensioentrekker Portefeulje ** | R318,5m | 1,9% | 8,0% | 5,0% | 9,0% |
| Reserwe Portefeulje **#** | R7,5m | 8,6% | 7,5% | 8,7% | 7,1% |
| **Totale fondswaarde/-opbrengs** | **R1 868,8m** | **(0,8%)** | **0,0%** | **5,1%** | **5,8%** |
| Inflasie | | 4,5% | | 5,3% | |

'n Markaanwyser is 'n indeks wat 'n aanduiding gee van die algemene rigting en sterkte van 'n mark. Die volgende tabel wys hoe die sleutelmarkaanwysers (Suid-Afrikaanse en buitelandse aandele, effekte en kontant) oor verskillende tydperke gevaar het.

| Bateklas | 1 Jaar tot 31 Desember 2018 | 3 Jaar tot 31 Desember 2018 |
|---|---|---|
| Plaaslike aandele | (7,7%) | 4,3% |
| Plaaslike eiendom | (25,0%) | (5,0%) |
| Plaaslike effekte | 7,7% | 11,1% |
| Plaaslike kontant | 7,2% | 7,4% |
| Buitelandse aandele | 6,7% | 4,3% |
| Buitelandse effekte | 14,8 | 0,2% |

Die tabel hierbo toon aan dat die sleutel risikodraende Suid-Afrikaanse bateklasse (aandele en eiendom) negatiewe opbrengste oor 2018 gelewer het. In ag genome dat die rand oor die afgelope jaar met 16,2% teenoor die Amerikaanse dollar verswak het, is dit duidelik dat buitelandse aandele ook swak gevaar het en in dollarterme negatiewe opbrengste oor die jaar tot einde Desember gelewer het. Die markaanwysers in die tabel hierbo toon

die wisselvalligheid van veral risikodraende bateklasse duidelik aan. Teenstrydig met langertermyn opbrengssyfers, was plaaslike kontant en effekte die bateklasse wat oor die afgelope drie jaar die beste presteer het.

Die Langtermyn Portefeulje, wat ŉ aansienlike blootstelling aan aandele (beide plaaslik en internasionaal) het, het ŉ teleurstellende nominale opbrengs van 4,5% oor die drie jaar periode gelewer, 0,8% per jaar laer as inflasie oor dieselfde periode. Hierdie Portefeulje het dus oor die drie jaar tydperk nie met inflasie tred gehou nie. Dit is egter belangrik om te onthou dat berekende beleggingsrisiko in die algemeen oor die langtermyn beloon word. Die Langtermyn Portefeulje het, soos die naam aandui, ŉ langtermyn beleggingshorison en lede moet eerder fokus op sy prestasie oor ŉ periode van minstens sewe jaar en langer. Lede kan ook daarop let dat die Konserwatiewe en Inkomstebeskerming Portefeuljes, wat onwerp is om wisselvalligheid van opbrengste te beperk, goed daarin geslaag het en positiewe opbrengste oor die afgelope jaar gelewer het.

### 5.2 Die fonds se beleggingskeuses

Lede word daaraan herinner dat die fonds van ŉ lewensfasemodel (ook die fonds se verstek beleggingsportefeulje) gebruik maak waar die beleggingstrategie al hoe meer konserwatief word nader aan aftrede. Volgens die lewensfasemodel sal ŉ lid dus teen aftree-ouderdom ten volle in ŉ kontantportefeulje belê wees. ŉ Lid kan egter enige tyd kies om van die lewensfasemodel af te wyk, in welke geval daar dan twee moontlike opsies is. In die eerste plek kan ŉ lid kies om in die beleggingsmodel vir lewende annuïteite te belê. Soos die naam aandui, is dit van toepassing op lede wat beplan om ŉ lewende annuïteit by aftrede aan te koop. Dit is belangrik om die fonds vroegtydig hiervan in te lig (ten minste sewe jaar voor aftrede) sodat die nodige reëlings getref kan word.

Tweedens kan die fondswaarde en toekomstige bydraes volgens die lid se eie keuse tussen die beskikbare beleggingsportefeuljes versprei word. Dit moet egter nie spekulatief gedoen word nie en moet met die nodige advies gepaard gaan. Lede met ŉ lang beleggingshorison behoort daarteen te waak om nie hul fondswaarde te konserwatief te belê nie. ŉ Langtermynbelegging in die Inkomstebeskerming Portefeulje sal byvoorbeeld waarskynlik nie inflasie met 2% of meer per jaar klop nie.

### 5.3 Die fonds se batebestuurders

Die meerderheid van die fonds se huidige batebestuurders het oor die langtermyn waarde toegevoeg deur die bates aktief te bestuur. Lede kan egter verseker wees dat die trustees deurlopend indringende vrae stel oor die vermoëns van die fonds se batebestuurders en, saam met die beleggingskonsultante, baie tyd spandeer om die regte besluite in hierdie verband te neem.

Die fonds se struktuur het gedurende die jaar grootliks onveranderd gebly. Die trustees het gedurende die jaar in ŉ gediversifiseerde portefeulje van ontwikkelende markte aandele via Sygnia Life belê. Hierdie portefeulje maak 10% van die fonds se internasionale aandele bates uit. Die gedeelte van die fonds se hoof-bateklasse wat deur elk van die batebestuurders bestuur word, was soos volg op 31 Desember 2018:

| Batebestuurders | SA aandele R'm | SA eiendom R'm | SA effekte R'm | SA krediet R'm | SA geldmark R'm | SA deposito's gestruktureerd R'm | Internasionale absolute opbrengs R'm |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Abax | 208,4 | | | | | | |
| Allan Gray | 209,9 | | | | | | |
| Coronation | 207,4 | | | | | | |
| Metope | | 41,7 | | | | | |
| Sesfikile | | 41,4 | | | | | |
| Futuregrowth | | | 76,6 | | | | |
| Investec | | | 76,2 | 200,5 | 156,0 | | |
| Old Mutual | | | 191,5 | | | | |
| Sanlam | | | | | | | 30,5 |
| ABSA | | | | | | 4,6 | |
| Standard Bank | | | | | | 1,0 | |
| **Totale waarde** | **625,7** | **83,1** | **344,3** | **200,5** | **156,0** | **5,5** | **30,5** |

| Bate-bestuurders | Buitelandse ontwikkelde markte aandele R'm | Buitelandse ontwikkelende markte aandele R'm | Buitelandse eiendom R'm | Buitelandse effekte R'm |
|---|---|---|---|---|
| State Street | 89,2 | | | |
| Sygnia | 213,8 | 36,5 | | |
| Resolution Capital | | | 51,1 | |
| PIMCO | | | | 32,7 |
| **Totale waarde** | **302,9** | **36,5** | **51,1** | **32,7** |

## 6. BELANGRIKE DOKUMENTE EN INLIGTING

### 6.1 Voordeelstate

Aktiewe lede se voordeelstate met fondsvoordele soos op 31 Desember 2018 word saam met die trusteeverslag versprei. Maak asseblief seker dat u persoonlike besonderhede korrek is en verwittig die pensioenkantoor of die hoofbeampte van enige wysigings. Dit is belangrik dat u die notas op die keersy van die voordeelstaat noukeurig bestudeer.

### 6.2 Projeksiestate

Projeksiestate word tesame met die voordeelstate aan lede gestuur, en bevat vooruitskattings van lede se verwagte pensioenvlak gebaseer op sekere ekonomiese aannames. Lede wat binne twee jaar van hul normale aftreedatum is, sal 'n meer spesifieke projeksiestaat ontvang, wat die finansiële impak van verskillende tipes pensioene uiteensit. Dit is belangrik dat lede vroegtydig finansiële advies kry om hulle persoonlike finansiële sake en beplande aftrede verantwoordelik te bestuur.

### 6.3 Begunstigde benoemingsvorm [hierdie deel is nie van toepassing op die pensioentrekkers nie]

Artikel 37C van die pensioenfondswet stipuleer hoe sterftevoordele in 'n aftreefonds aan die lid se begunstigdes verdeel moet word. Alhoewel die trustees u wense ten opsigte van u sterftevoordeel in ag moet neem, kan hulle daarvan afwyk indien hulle van mening is dat daar 'n meer gepaste verdeling is. Indien u te sterwe kom terwyl u 'n lid van die fonds is, is dit kragtens artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse, die trustees se verantwoordelikheid om te besluit oor hoe die sterftevoordele aan u afhanklikes en begunstigdes uitbetaal word. 'n Afhanklike is iemand wat finansieel afhanklik van u is. 'n Begunstigde is 'n nie-afhanklike persoon wat u nomineer om 'n deel van die sterftevoordeel te ontvang.

Om die trustees met hierdie proses te help, is dit belangrik dat u 'n begunstigde benoemingsvorm voltooi waarin u afhanklikes en/of genomineerde begunstigdes aangetoon word. Die voltooide vorm moet by die pensioenkantoor ingedien word en sal op u persoonlike lêer geplaas word. Die inhoud van die vorm word as streng vertroulik hanteer en sal slegs aan die trustees verklaar word indien 'n sterfte-eis sou ontstaan.

Die belangrikste stap is om die vorm te voltooi en in te dien as u dit nog nie gedoen het nie, of as u persoonlike omstandighede verander het. Die pensioenkantoor kan ook geskakel word om die status van u huidige benoemingsvorm te bevestig.

Die beskikbaarheid van 'n bygewerkte begunstigde benoemingsvorm sal grootliks bydra tot die spoedige afhandeling van die eis. As u dit nie doen nie, kan uitbetaling van die voordeel vir maande vertraag word. En dit op 'n tyd wat u geliefdes finansiële sekuriteit broodnodig het. Dit is veral belangrik om u begunstigde benoemingsvorm te hersien wanneer u persoonlike omstandighede verander, byvoorbeeld by die geboorte van 'n kind, huwelik of egskeiding. 'n Blanko benoemingsvorm word by hierdie trusteeverslag aangeheg vir u gebruik.

## 7. WETLIKE ASPEKTE

### 7.1 Wysigingswet op Belastingwette van 2017

Die Wysigingswet op Belastingwette, 2017 is op 18 Desember 2017 deur die President goedgekeur. In terme van hierdie wysiging kan uitgestelde afgetredenes met ingang 1 Maart 2018 hul fondswaarde na 'n uitreeannuïteit oordra. Die fonds se reëls is gevolglik gewysig gedurende 2018 om hierdie opsie aan uitgestelde afgetredenes te bied.

### 7.2 Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA)

Die Raad op Finansiële Dienste (FSB) is op 1 April 2018 omgeskakel na die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA). Die FSCA dien as die reguleerder van die Suid-Afrikaanse finansiële dienste sektor insluitende aftreefondse.

### 7.3 Pensioenberegter

Lede van aftreefondse kan die Pensioenberegter skakel met enige klagtes oor fondssake wat nie tot hul bevrediging deur die fonds hanteer word nie. Die kontakbesonderhede van die Pensioenberegter is soos volg:
Die Pensioenberegter, Posbus 580, Menlyn 0063. Telefoon: 012 346 1738. Webwerf: www.pfa.org.za

Geen klagtes is gedurende die rapporteringsperiode teen die fonds by die Pensioenberegter of die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor aanhangig gemaak nie.

### 7.4 Pensioenfondskantoor

Indien u enige vrae of kommentaar rakende die fonds, die fonds se voordele, beleggings of enige ander fondsaangeleenthede het, kan u die hoofbeampte of die Pensioenkantoor kontak.

Die kontakbesonderhede is soos volg:
**E-pos:** pensioen@kaapkerk.co.za
**Telefoon:** 021 957 7115
**Geregistreerde Fondsnaam:** Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika
**Geregistreerde adres:** De Langestraat 5, Bellville 7530
**Raad op Finansiële Dienste Registrasienommer:** 12/8/3615/1
**SAID Registrasienommer:** 18/20/4/4825

In die geval van enige verskille tussen die inligting wat in hierdie dokument verskaf word en die reëls van die fonds, sal die reëls van die fonds geld.

---

## 5.5 – SINODALE TAAKSPAN VIR KOMMUNIKASIE (STK)

---

### 1. INLEIDING

Die taakspan doen graag verslag oor die kommunikasie van die sinode – hoofsaaklik deur middel van die weeklikse sinodale nuusbrief VrydagNuus, die webwerf www.kaapkerk.co.za en ons sosiale media platforms soos Facebook, Twitter, Instagram en You Tube.

### 2. OPDRAG

Die STK se opdrag is om uitvoering te gee aan die sinode se kommunikasiebehoeftes, onder andere die gereelde opgradering en evaluering van ’n kommunikasiestrategie, kommunikasieplan en -beleid, die daarstelling van beleid, etos en protokol rakende die hantering van inligting en die plaas van berigte in die sinodale nuusbrief en benutting van ander kommunikasiekanale asook die vertaling (soos en wanneer dit benodig word) van amptelike kommunikasie.

### 3. WERKSAAMHEDE

Daar word voortdurend krities gekyk na hoe die kommunikasie en getuienis van ’n missionale kerk moet lyk. Terselfdertyd is die kommunikasie-taakspan bedag daarop om gemeentes in hulle taak te ondersteun sonder om op hul terrein te oortree of binne/namens gemeentes te probeer kommunikeer. Artikels met wenke vir gemeentes se kommunikasie word onder andere gereeld in die nuusbrief gedeel, terwyl twee werkswinkels, een oor Facebook en die ander oor MS Word vir grafiese dokumente, ook baie goed ontvang is.

Met die 16 fokusareas van die sinode as basis, word VrydagNuus deurgaans gebruik om verhale en nuus wat in die kerk afspeel so te verpak dat dit geloofsvormend en inspirerend is. Ons bly egter van gemeentes, diensgroepe en taakspanne afhanklik om met hierdie nuus en inligting gevoer te word en verwelkom die sinode se hulp hiermee.

Die aanbod inligting en artikels wat deur ons nuusbrief en die webwerf versprei word, poog om ruimte te laat vir die verskeidenheid behoeftes en spiritua-

liteite van ons groeiende leserskorps. "Meer" is egter nie noodwendig "beter" nie – prioriteite word geïdentifiseer en na gelang van die kapasiteit van die kommunikasiekantoor fokus ons daarop om telkens ’n uitstekende en inspirerende produk aan te bied. Nuwe byvoegings tot VrydagNuus in 2018 was onder andere die maandelikse "Padpredikant"-rubriek, sowel as Gebedsversoeke. Daar word ook tans gekyk na die toevoeging van videogrepe in lyn met huidige mediatendense, waar visuele/interaktiewe media voortdurende groei toon.

VrydagNuus ervaar organiese en volhoubare groei en staan tans op 3 400 intekenare. Ons raak toenemend bewus van vele gemeentes wat die nuusbrief weekliks in hul gemeentes aan kerkraadslede (en in sommige gevalle aan die hele gemeente) versprei. Baie gemeentes deel die nuusbrief ook op hul webwerwe. Hierdie lesers word uiteraard nie in ons syfers weerspieël nie, maar speel ’n spesiale rol om ons getuienis tot by die gewone lidmaat te bring. In Augustus 2017 was die getal intekenare 3 030. Weekliks word VrydagNuus gemiddeld deur ongeveer 37% ontvangers oopgemaak, met ’n 47% klik-persentasie – uitstekende syfers, as in ag geneem word dat die standaard vir nuusbriewe met godsdienstige inhoud tans op gemiddeld 25% oopmaak- en 5% klik-persentasies gereken word.

Op Facebook het die sinode tans 2 203 volgelinge in vergelyking met 1 302 in Augustus 2017 met ’n reik van 9 301 per week. Op Twitter is daar 862 volgelinge (teenoor 663 in Augustus 2017). Hierdie steun verteenwoordig dikwels ’n ander en breër ontvanger as die gewone betrokke lidmaat/ VrydagNuus-leser en groei ook voortdurend.
Die kommunikasiekantoor se hulp met taal- en dokumentversorging, sowel as vertalings, voeg beslis waarde tot die sinodale sisteem toe en word meer en meer deur kollegas benut. Die sinode se kommunikasie word ook gedien met die saamstel van ’n taal- en stylgids met aktuele voorbeelde uit die kerkomgewing, sowel as ’n gedragskode vir sosiale media gebruikers. In die kerklike omgewing bestaan daar min, indien enige, dokumente van hierdie aard in Afrikaans.

Salomi Steenkamp is in April 2017 as kommunikasiebeampte aangestel om die Bestuurder: Kommunikasie, Marieta Visagie by te staan. Marieta het op 31 Desember 2018 na meer as tien jaar uit diens van die sinode getree. Ronelda Visser is as Bestuurder: Kommunikasie aangestel vanaf 1 Januarie 2019.

## 4. PRIORITEITE

Vanuit ’n kommunikasie-oogpunt probeer ons ingestel bly op die veranderende behoeftes van ons primêre teikengroep: ons gemeentes en lidmate. Die ondersteuning van hierdie groep deur ons sinodale kommunikasie moet op ’n nugtere wyse gebalanseer word met die visie van ’n missionale kerk. Terselfdertyd streef ons daarna om voortdurend deur ons kommunikasie te getuig oor vele geleenthede vir (publieke) getuienis in die NG/VG-kerkfamilie.

Soos met die byvoeging van Instagram as deel van ons sosiale media teenwoordigheid, word nuwe en moderne kommunikasie met die inagneming van die kommunikasiekantoor se kapasiteit deurgaans ondersoek in soverre dit bydra tot ons fokus op ondersteuning aan gemeentes. Ons ontvang graag voorstelle om meer lidmate met ons kommunikasie te bereik.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1. Die sinode beveel aan dat daar ’n kommunikasie indaba gereël moet word en potensiële rolspelers uitgenooi moet word om te besin oor voorstelle vir moderne kommunikasie in kerkverband.**

**5.2 Die sinode versoek dat daar gekyk word na die volhoubaarheid en beskikbare kapasiteit om tweetaligheid by noukeurig geïdentifiseerde sinodale kommunikasie aan te spreek.**

## KONTAKBESONDERHEDE

Voorsitter – Francois Herselman | 021 911 0970 | fherselman1@telkomsa.net
Kommunikasiebestuurder – Ronelda Visser | 021 957 7195 | kommunikasie@kaapkerk.co.za
Kommunikasiebeampte – Salomi Steenkamp | 021 957 7118 | media@kaapkerk.co.za
Webwerf – https://kaapkerk.co.za
Facebook – https://www.facebook.com/NGWesSuidKaap
Twitter – https://twitter.com/WSKaap
Instagram – https://www.instagram.com/ngweskaap

# 5.6 – VERSLAG VAN DIE SINODALE TAAKSPAN VIR REGTE (REGSKOMMISSIE)

## 1. INLEIDING

Die NG Kerk is 'n geloofsgemeenskap wat deur Christus as die Hoof van die kerk saamgebind word tot 'n familie. Goeie orde, integriteit en gesonde verhoudings is van die wesenskenmerke van hierdie geloofsfamilie. Hierdie verhoudings word nie met wette gereël nie, maar is gebaseer op die waardes van die evangelie soos dit neerslag vind in onderlinge ooreenkomste of reëls. Die sinode is die plek waar ons as kerk met mekaar hieroor ooreenkom.

## 2. SINODALE TAAKSPAN REGTE (STR)

Die STR staan, saam met ander taakspanne en diensgroepe, in diens van gemeentes, ringe en die sinode. Die STR het die afgelope termyn met toewyding gewerk om vir gemeentes, ringe en die sinodale struktuur in Wes-Kaapland leiding te gee oor die interpretasie en toepassing van die Kerkorde en reglemente. Dit geskied meestal by monde van die aktuarius, maar die kundige paneel van die taakspan bied 'n kosbare dinktenk. Die STR het ook belangrike rugsteun verskaf aan ringstugliggame en ringsondersoekliggame. Die hoogste waardering word uitgespreek vir die erns waarmee lede hierdie taak verrig het. Dit het ongetwyfeld bygedra tot konsekwentheid en eenvormigheid in die hantering van hierdie sake. Verder het die STR deurlopend leemtes in die reglemente geïdentifiseer en pro-aktief gewerk om dit te verbeter en op datum te bring vir die sinode van 2019.

Dr. Quintus Heine, wat tydens die 2015 sinode as aktuarius verkies is, het in 2018 bedank. Groot waardering word uitgespreek vir sy betekenisvolle bydrae as kerkregkundige in die sinode. Ds. Charl Stander is in sy plek deur die moderamen as aktuarius aangewys. Die moderamen het verder goedkeuring verleen dat die posisies van aktuarius en voorsitter van die STR voortaan saamgevoeg word. Hierdie reëling word dan ook vir goedkeuring van die sinode as aanbeveling in die nuwe reglemente vervat.

## 3. DIE KERKORDE

Die Kerkorde is die eiendom van die Algemene Sinode en word deur die Algemene Taakspan Regte (ATR) versorg. Die Kerkorde word soos volg saamgestel:

Artikels: Artikels van die Kerkorde word vasgestel op grond van die Woord en belydenisskrifte.

Reglemente: Reglemente dien as 'n praktykgerigte uitbreiding tot die artikels en reël verskeie werksaamhede in die kerk.

Funksionele besluite: Funksionele besluite staan ook in aanvulling tot die artikels en reglemente.
*Artikels, reglemente en funksionele besluite is bindend en afdwingbaar.*

## 4. REGLEMENTE VAN DIE SINODE VAN WES-KAAPLAND (SIEN BYLAAG 2)

Elke sinode het die bevoegdheid om die Kerkorde uit te brei en toepaslik te maak vir sy eie plaaslike konteks. Hierdie uitbreiding mag nie in stryd met die Kerkorde wees nie.

Die reglemente van die Sinode van Wes-Kaapland word, soos die Kerkorde, begrond op die Woord van die Here, die belydenisskrifte, sinodebesluite en operasionele praktyk, soos dit deur die jare ontwikkel het en verfyn is. Dit is daarop gerig om die kerk operasioneel te dien en te ondersteun. Die ontwikkeling en aanpassing van reglemente is 'n dinamiese proses wat deurlopend geskied deur die behoeftes wat uit die operasionele praktyk ontstaan, kerkordelik te verpak.

Verder is reglemente bedoel om sekerheid en eenvormigheid te bring ten opsigte van die interpretasie en etiese toepassing van verskeie bestuurs- en administratiewe kwessies. Dit wil ook billike en konsekwente prosedure en besluitneming binne die sinode, ringe en gemeentes verseker. Daarom kan die reglemente beskou word as 'n rigtinggewende beleidsdokument en moet dit met die nodige integriteit, noukeurigheid en konsekwentheid toegepas word. Die reglemente is besluite van die sinode en daarom bindend en afdwingbaar.

Die reglemente wat in hierdie verslag aan die sinode voorgelê word, is na 'n deeglike proses, met die insette van verskeie rolspelers bygewerk om aan die huidige behoefte in die kerk te voldoen. In die algemeen is daar nie baie of groot veranderings aan die reglemente aangebring nie. Die veranderings is alreeds aangebring aan die voorgestelde reglemente soos dit in bylaag 1 van die STR verslag verskyn. Afgevaardigdes na die sinode moet die reglemente deeglik deurwerk en vergelyk met die ou reglemente. Indien daar voorstelle vir wysiging is, moet die aktuarius daarvan verwittig word.

Stuur opmerkings en versoeke ten opsigte van die reglemente per e-pos word aan charl@parke.co.za. Die STR vergader ook voor die aanvang van die sinode op Maandag 13 Mei 2019 vanaf 10:00 tot

12:00 op Goudini sodat afgevaardigdes kommentaar kan lewer, versoeke vir wysigings kan rig en verbeterings kan voorstel. Tydens verslag van die STR aan die sinode sal daar nie tyd wees om die reglemente in detail te bespreek nie. Daarom word sinodegangers versoek om enige voorgestelde wysiginge vooraf met die STR te bespreek.

## 5. ’N KERKORDE VIR ’N MISSIONALE KERK (SIEN BYLAAG 1)

Nadat die Algemene Sinode en ’n aantal streeksinodes sedert 2004 baie sterk besluite oor die missionale karakter van die NG Kerk geneem het, is dit ’n noodwendigheid dat die kerk moet besin oor sy toekomstige funksionering, naamlik – hoe om die missionale karakter van die kerk in praktyk te laat neerslag vind. Talle sinodes en taakspanne voer gesprek hieroor. Die moderamen van die Algemene Sinode het die Taakspan vir Missionale Transformasie en Kerkwees in die lewe geroep.

Die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland het in September 2016 besluit om inisiatief te neem en die volgende vergadering van die Algemene Sinode te bedien met ’n konsep kerkorde vir ’n missionale kerk.

Die vorige aktuarius, dr. Quintus Heine, en die regskommissie het hiermee leiding geneem. As deel van ’n uitgebreide konsultasieproses is die menings en kundigheid van al tien sinodes se kerkregkundiges betrek. Die resultaat hiervan is dat ’n konsepraamwerk vir ’n missionale kerkorde ontwikkel is waaroor daar algemene konsensus bestaan.

Die skryf van ’n missionale kerkorde is ’n omvattende en langsame proses wat baie deeglik en konsulterend gedoen moet word en waarvoor kundigheid benodig word. Die proses het sodanig gevorder dat ’n konsepdokument aan die einde van 2018 aan die ATR voorgelê is vir kommentaar. Intussen is dit ’n dinamiese dokument waaraan steeds gewerk word en is verskeie teoloë genader om dit te evalueer en verdere insette te lewer. Die korrekte kerkordelike weg waarlangs ’n kerkorde vir ’n missionale kerk nou verder moet ontwikkel, is vanuit die ATR, vanwaar dit op die agenda van die Algemene Sinode geplaas kan word.

## 6. DIE INTEGRASIE VAN VROUE IN DIE LEIERSKAP VAN DIE SINODALE STRUKTUUR

Die STR is deur die moderamen versoek om riglyne op te stel en die reglemente aan te pas om die integrasie van vroue in die leierskap van die sinodale strukture te bevorder. Dit sal meewerk tot ’n verandering van die kultuur in die kerklike strukture ten einde inklusiwiteit en verteenwoordigende deelname van alle persone te bevorder. Reglement 25 en enkele ander reglemente is dienooreenkomstig aangepas.

**Charl Stander**
**Aktuarius en voorsitter van die STR**

## 7. AANBEVELINGS

**7.1 Die sinode keur die reglemente, met wysigings, soos aangeheg in die bylaag en laat verslae, goed.**

**7.2 Die sinode besluit dat die Regskommissie die taalkundige en redaksionele versorging van die reglemente na afloop van die sinode afhandel.**

**7.3 Die sinode versoek die Regskommissie om ná die Algemene Sinode in Oktober 2019 die reglemente aan te pas sodat dit ooreenstem met besluite van die Algemene Sinode. Die reglementebundel kan hierna gepubliseer word.**

**7.4 Die sinode besluit dat elke predikant en kerkkantoor ’n kopie van die reglementebundel gratis ontvang sodra dit gereed is. Die koste hiervan vorm deel van die uitgawes van die sinodesitting.**

**7.5 Die sinode neem kennis dat die STR se amptelike naam verander na Regskommissie.**

**7.6 Die sinode besluit om die kerkorde vir ’n missionale kerk op die agenda van die ATR te plaas vir voorlegging aan die Algemene Sinode.**

## BYLAAG 1

## KERKORDE VIR MISSIONALE KERK

**KONSEP**
**Hierdie dokument is ’n konsep van ’n kerkorde vir ’n missionale kerk. Dit is die voorlopige vrug van ’n klompie kerkregtelikes en teoloë wat aan die hand van verskeie gesprekke, werkswinkels en dokumente die eerste lyne getrek het en begin inhoud gee het. Die verdere ontwikkeling hiervan verg nog baie nadenke en insette van kundiges. Die uitkoms van die kerkverbandgesprek wat op Algemene Sinodale-vlak gevoer word, gaan uiteraard ’n invloed op hierdie dokument hê. Dit wil dus allermins daarop aanspraak maak dat dit alle aspekte aanspreek of finaal geformuleer is.**

## KERKORDE VIR ’N MISSIONALE KERK

### HOOFSTUK 1: GOD ROEP SY KERK

**God Drie-enig en die kerk (art. 1-6)**

**Artikel 1 – God se missie**

Die goeie nuus is dat die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees, alle dinge en alle mense skep, verlos, onderhou, regeer en vernuwe. God het, so staan geskryf in die Heilige Skrif, die volk van Israel bevry en Hom verbind om hulle God te wees. Deur die Gees het die lewende God vlees geword in Jesus Christus. Hy het onder ons kom woon, vir die wêreld gesterf en is opgewek tot ’n nuwe lewe. Jesus Christus kondig die nabyheid van God se koninkryk aan, bring goeie nuus aan almal wat verkneg is onder die mag en die gevolge van die sonde die Here se welbehae in die ganse skepping.
Die missie van God in Christus bepaal die vorm en inhoud van die lewe en werk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die kerk word geroep om in Christus deel te word van God se missie in die wêreld vir die vernuwing van die skepping en die mensdom deur aan alle mense die evangelie van God se liefde te verkondig, deur aan alle mense God se guns mee te deel in die doop en by die nagmaal en alle mense te roep om Jesus as dissipels te volg.

Die hoogste doel van die kerk is om deel te neem aan God se missie in die wêreld, in verbondenheid met Hom te leef, Hom te aanbid en te verheerlik tot aan die voleinding van alle dinge.

**Artikel 2 – Jesus Christus is Here en hoof van die kerk**

Jesus Christus is die Here en hoof van die kerk, sy liggaam. God het Christus bo alle mag en gesag gestel en alle dinge in hierdie en in die toekomstige bedeling onder sy heerskappy geplaas. Christus is teenwoordig in die kerk deur sy Woord en sy Gees. Christus regeer, roep, onderrig en stuur die kerk om deur ’n lewe van diensbaarheid nuwe hoop na die wêreld te bring, totdat Hy weer kom.

**Artikel 3 – Christus lei sy kerk deur sy Woord en Gees**

Deur die Woord en die Heilige Gees is Christus lewend teenwoordig by die kerk. Die Woord en die Gees is die middels waardeur Christus die kerk leer en lei. Die Heilige Gees lei die kerk in onderskeiding van God se wil deur die verligting van die Woord. Die Heilige Gees bind die gelowiges saam en rus hulle toe met ’n verskeidenheid van gawes om dienswerk te verrig. Die kerk is ’n geesvervulde gemeenskap in wie se karakter, leefwyse, waardes, dienswerk en strukture die vrug van die Gees neerslag vind. Die Gees en die Woord roep, inspireer, rig en stuur die kerk in sy dienswerk.

**Artikel 4 – Woord en belydenis**

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk word vir sy bestaan, funksionering, lewe en missie enkel en alleen gerig deur die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die Bybel is die enigste bron en norm van kerklike verkondiging en diens.

Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die

Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk gee in verbondenheid met ander kerke in die gereformeerde tradisie ook uitdrukking aan sy geloof en belydenis in die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius.

Die kerk en al sy lidmate is daartoe verbind en geroep om voortdurend sy leer, bestaan, lewe aktiwiteite te toets aan die Woord en die belydenisskrifte. Die kerk wil alles bevorder wat in ooreenstemming met die Woord en sy belydenis is, en staan afwysend teen alles wat daarmee in stryd is.

**Artikel 5 – Die kerk**

Die kerk word in sy wese gerig en gedring deur die selfopofferende lewe en werk van sy hoof, Jesus Christus. In navolging van Jesus Christus, ontledig die kerk homself van enige voorwendsel van mag en dien die wêreld ten koste van homself. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deel van die een, heilige, apostoliese en algemene kerk – die ware kerk. Waar die Woord van God in waarheid bedien en gehoor word, die sakramente bedien word en die kerklike dissipline tot eer van God toegepas word, is die ware kerk.

**Wesensfunksies van die kerk**

Opgeneem in God se missie in die wêreld, is die kerk verantwoordelik vir verkondiging, erediens, lering, vermaning, gemeenskap, dienswerk, getuienis en bestuur.

**Die grondgestalte van die kerk**

Die kerk vind gestalte in die plaaslike gemeente. Die plaaslike gemeente is volledig kerk. Die plaaslike gemeente is selfstandig, maar nie onafhanklik nie en staan in ’n verband met ander gemeentes van dieselfde belydenis. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk bring hierdie verband ook ander gestaltes is van kerkwees tot stand soos die ring, sinode en Algemene Sinode. Hierdie gestaltes bestaan nie net ter vergadering nie, maar word eweneens deur God geroep tot diens. Elkeen van hierdie gestaltes is ’n regspersoon.

**Artikel 6 – Die grondwet (grondreëls ) van die kerk**

Die Kerkorde is die grondwet van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die eie aard van die kerk word bepaal deur ’n waardesisteem wat geskoei is op die Woord van God en die belydenisskrifte alleen. Kerklike vergaderings neem besluite in navolging en gehoorsaamheid aan die hoof van die kerk, Jesus Christus, en doen dit deur biddende en geloofsonderskeidende bestudering van die Woord onder leiding van die Heilige Gees. Die kerk is nie ’n vrye vereniging nie. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël sy orde op grond van sy onvervreembare roeping en identiteit as kerk van Jesus Christus en daarna op grond van die reg tot vryheid van godsdiens.

## HOOFSTUK 2: GOD VERSAMEL SY GEMEENTE

**Die kerk as plaaslike gemeente (art. 7-10)**

**Artikel 7 – Lidmate van die gemeente**

Christus roep mense om sy volgelinge te wees en versamel hulle om as gemeente te vergader rondom die Woord en die sakramente. Lidmate se inlywing in die gemeenskap van die gemeente word bekragtig deur die heilige doop. As gedoopte volgelinge van Christus is lidmate die operasionele basis van die gemeente wat deur God gebruik word as tekens van sy liefde in die vestiging van sy koninkryk. Die *Missio Dei* funksioneer primêr deur die amp van die gelowige. Alle gelowiges het gawes ontvang met die oog op dienswerk in en buite die gemeente. Hierdie dienswerk neem baie vorme aan. Die primêre bediening van die kerk is nie die bediening van die ampte aan die lidmate nie, maar die bediening van gelowige lidmate aan en in die wêreld.

Bewus van verskille oor sekere sake binne die ware kerk van Christus reken die gemeente ook tot sy gemeenskap diegene wat in breë trekke die kerk se belydenis deel, hulle volkome vereenselwig met die roeping van die gemeente en met die inrigting van die erediens en die opsig van die kerkraad aanvaar. Hulle word as assosiaatlidmate gereken. Die kerk het dus belydende lidmate, dooplidmate en assosiaatlidmate.

**Artikel 8 – Gawes aan die gemeente**

Lidmate is God se geskenk aan die gemeente. Christus dien die wêreld primêr deur gebruik te maak van die dienswerk van al die gelowiges. Alle gelowiges word deur God geroep en toegerus met gawes vir dienswerk binne en buite die gemeente. Elke gelowige ontvang van die Gees spesifieke gawes en is verplig en het die reg om dit tot voordeel van almal, tot opbou van die gemeente en uitbreiding van God se koninkryk te gebruik.

Saam met die amp van gelowige roep God ook gelowiges tot die besonder ampte van leraar, ouderling en diaken om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en die wêreld. Al die ampte dien mekaar en die wêreld onder die heerskappy van die koning van die kerk, Jesus Christus. Die primêre bediening van die kerk is nie die bediening van die besondere ampte aan die lidmate nie, maar die bediening van die lidmate aan mekaar asook aan en in die wêreld.

Aangesien Christus die enigste hoof van sy kerk is, is al die ampte in die kerk gelykwaardig, maar word wat roeping en opdrag betref onderskei. In die uitleef van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander gelowiges of ampsdraers heerskappy voer nie.

**Artikel 9 – Roeping van die gemeente tot diens aan die Koninkryk**

Die gemeente is geroep tot die diens aan die Koninkryk van God. Dit geskied deur:
- die prediking van die Evangelie
- die erediens
- die viering van doop en nagmaal
- die diens van die gebede
- die opbou van die gemeente
- leiding en organisering van die gemeente
- onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk
- die missionale arbeid
- die diakonaat
- die pastorale versorging
- die geestelike vorming (kategese)
- alle ander arbeid tot opbou van die liggaam van Christus
- die uitoefening van kerklike dissipline en tug
- kerkplanting.

Alle lidmate van die gemeente is geroep en geregtig om hulle gawes aan te wend om Christus se opdrag aan die gemeente uit te voer. Die kerkraad skep ruimte, inisieer geleenthede, voorsien middele en gee toerusting aan die lidmate om uitvoering te gee aan hulle roeping.

**Artikel 10 – Die kerkraad**

Christus self roep mense om in die amp van gelowige, sowel as in die besondere amp van leraar, ouderling en diaken te dien. Dit geskied wanneer die gemeente lidmate met inagneming van hulle besondere gawes, op 'n wettige en ordelike wyse deur die kerkraad tot die amp van leraar, ouderling of diaken beroep of verkies word, die nodige approbasie van die gemeente verkry is, en hulle in die amp bevestig is. Alle ampsdraers is gesamentlik verantwoordelik dat die gemeente sy roeping uitleef en dat die lidmate funksioneel en in staat is om hierdie roeping te vervul.

Die kerkraad is saamgestel is uit die leraar(s), ouderlinge en diakens en gee deur geestelike onderskeiding leiding aan die gemeente om sy roeping uit te leef deur dienswerk in die gemeente en aan die gemeenskap en die wêreld. Die ouderlinge is in die besonder geroep om die gemeente geestelik te versorg deur bediening van die Woord en die sakramente, herderlike sorg, opsig en toerusting om sy pastorale en missionêre roeping te vervul.

Die diakens is in die besonder geroep om die diens by die nagmaal te verrig, om liefdegawes in te samel en uit te deel, om die diens van barmhartigheid in die gemeente en wêreld te verrig en om die gemeente toe te rus om sy diakonale roeping te vervul.

Die predikante is in die besonder geroep om die Woord in al sy gestaltes en dus ook die sakramente te bedien, om die Woord in die gemeente en in die wêreld te verkondig, om die herderlike sorg en opsig te verrig en om lering en toerusting te gee.

Die kerkraad is as rentmeesters verantwoordelik vir die gemeente se eiendoms- en finansiële sake.

## DIE LEWE EN WERK VAN DIE GEMEENTE

**Artikel 11 – Die erediens (kerugma en leitourgia)**

Die roeping van die kerk vind op 'n holistiese wyse neerslag in die erediens en wel in die volgende gestaltes: aanbidding (leitourgia), verkondiging (kerugma), gemeenskap van die heiliges (koinonia), diens (diaconia) en die bediening van die sakramente. Die erediens is gerig daarop om God se goeie skepping te vier, God se heilsdade

te onthou, vir die koms van God se koninkryk te bid, die sakramente as voorskot op die nuwe skepping te deel en om God vir alles te dank en te loof.

Die gemeente kom saam op die roepstem van die Here vir die lees van die Heilige Skrif en die prediking van die evangelie, die bediening en viering van die doop en nagmaal, die diens van die gebed en lofsang, en die diens van barmhartigheid en geregtigheid. Die erediens word gelei deur diegene wat deur die kerkraad in ooreenstemming met reëlings van die kerkverband hieroor aangewys is.

**Artikel 12 – Die heilige doop**

Die heilige doop word in ’n erediens bedien. Dit word deur ’n predikant bedien met water en gaan gepaard met gepaste verkondiging van die Woord. Die doop word eenmalig bedien aan hulle vir wie of deur wie die doop begeer word nadat die geloof deur en saam met die gemeente bely is. Die doop word bedien onder verantwoordelikheid van die kerkraad met inagneming van die riglyne van die kerkverband hiervoor.

**Artikel 13 – Die heilige nagmaal**

Die heilige nagmaal word gereeld deur die gemeente gevier. Dit word deur ’n ampsdraer bedien aan wie die kerkraad bevoegdheid daartoe verleen. Die bediening van die nagmaal gaan gepaard met gepaste verkondiging van die Woord in die vorm van of ’n goedgekeurde liturgiese formulier of ’n preek. Die nagmaal word bedien aan diegene wat Jesus Christus bely en ingelei is in die geheimenis van die nagmaal. Die nagmaal word gevier onder verantwoordelikheid van die kerkraad met inagneming van die riglyne van die kerkverband hiervoor.

**Artikel 14 – Die missionêre, diakonale en pastorale werk (marturia, diakonia en paraklese)**

Die gemeente is vanweë sy missionêre opdrag in sy hele bestaan gerig op getuienis en diens aan hulle wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is om hulle ook te laat deel in die heil in Jesus Christus.

Die gemeente vervul sy diakonale roeping in die gemeenskap en die wêreld deur in die diens van barmhartigheid en geregtigheid die gawes wat hy het, te deel en te help waar niemand anders help nie, te getuig van God se geregtigheid waar onreg plaasvind en hom te beywer vir die versorging van God se skepping.
Die gemeente gee uitvoering aan sy pastorale taak deur die herderlike sorg aan lidmate (in besonder behoeftiges, siekes en vereensaamdes) en ander wat dit nodig het, sodat hulle mekaar kan opbou in geloof, hoop en liefde.

Die gemeente soek in die uitvoering van sy roeping samewerking met ander gemeenskappe en organisasies en maak dankbaar gebruik van die insigte en ervarings van sodanige gemeenskappe.

**Artikel 15 – Die geestelike vorming (didachè)**

Die gemeente is geroep tot volgelingskap van Jesus en as sodanig is hy blywend ’n leerbare gemeenskap. Die geloofsvorming en toerusting van lidmate kry gestalte in onderrig en nadenke, in meditasie en gebed, in beraadslaging en daadwerklike optrede. Geloofsvorming en toerusting geskied aan die hand van die Heilige Skrif en die belydenisskrifte en is gerig op die vorming van dissipels. Die geloofsvorming en toerusting van die jong lidmate vind plaas in die ouerhuis, in die gemeente, asook in die dienswerk.

Die gemeente het die opdrag om mee te werk aan die geestelike vorming van die jeug op skool en by ander instellings waar hulle onderrig ontvang en gevorm word en soek na geleenthede om die geloof tot uitdrukking te bring in die sosiale en kulturele verbande waaraan die jeug hulle oriënteer. Die kerklike onderrig word deur belydende lidmate aan jong lidmate oorgedra. Die doel van hierdie geloofsvorming is om te leer leef uit God se beloftes en na sy riglyne vir die lewe, asook die gawes wat die Gees gee tot opbou van die gemeente van Christus te ontdek en te leer aanwend.

Die openbare belydenis van geloof geskied om die doop te beaam of te ontvang, as uitdrukking van die bereidheid om van die Here te getuig, medeverantwoordelikheid te dra in die gemeente van Christus en te deel in die gemeenskap van Woord en sakramente. Dit vind plaas in die erediens van die gemeente deur gebruik te maak van ’n gepaste formulier in ooreenstemming met die reëlings van die kerkverband hieroor. Die kerkraad of sy gevolmagtigde voer met elkeen wat van voornemens is om belydenis van geloof af te lê ’n gesprek oor haar beweegrede(s) en die inhoud van haar geloof. Die kerkraad is verantwoordelikheid vir die vorming, toerusting en kategese.

**Artikel 16 – Die opsig (as waak oor en vermaan, paraklese)**

- Die gemeente is geroep om te bly op die weg van die belydenis van die kerk. Die opsig, gegrond in die barmhartigheid van Jesus Christus, vind plaas tot eer van God, tot die bewaring van die gemeente by die waarheid en tot behoud van die wat dwaal.
- Lidmate van die gemeente is geroep om wedersyds pastoraal en liefdevol na mekaar om te sien en mekaar in geloof, hoop en liefde op te bou.
- Die kerkraad is verantwoordelik om toe te sien dat die opsigfunksie van en in die gemeente vervul word.
- Die gemeente vra die hulp van die kerkverband vir die opsig oor homself en sy ampsdraers. Hierdie opsig handel oor die geestelike lewe van die gemeente, gehoorsaamheid aan sy roeping en die uitvoer van sy dienswerk asook die belydenis en lewenswandel van die ampsdraers en die voortgesette bedieningsopleiding van predikante.
- Die opsig deur die kerkverband vind plaas in die visitasie en deur middel van beraadslaging en vermaning.
- Wanneer nodig gaan die kerkraad en die kerkverband oor tot die toepassing van middele wat met die kerklike tug saamhang. Dit geskied in ooreenstemming met die riglyne van die kerkverband hieroor.

Vgl. Kerkorde PKN art. 12

**Artikel 17 – Die sorg vir die finansiële sake en eiendom van die gemeente**

1. Elke gemeente is ’n selfstandige regspersoon en as sodanig beskik die gemeente oor die eiendomme en fondse wat aan hom behoort.
2. Die sorg vir die stoflike aangeleenthede wat saamhang met die gemeente se wesensfunksies in die wêreld berus by die kerkraad.
3. Die bestuur en aanwending van die gemeente se eiendomme en fondse berus by die kerkraad.
4. Diensverhoudinge tussen die gemeente en werknemers word per diensooreenkoms gereël. In die geval van predikante word die reëlings van die kerkverband in hierdie verband in die diensooreenkoms opgeneem.

Vgl. Kerkorde PKN art. 13

## DIE KERKVERBAND

**Artikel 18 – Die plaaslike gemeente en kerkverband**

1. Die plaaslike gemeente, gedagtig aan die enigheid van God en die hoëpriesterlike gebed van Christus, gehoorsaam aan die Woord en in die kragveld van die gemeenskapskeppende Gees, beliggaam die eenheid van die kerk deur kerkverband te soek, te vestig en in stand te hou.
2. Die plaaslike gemeente kan met behoud van alle regte as gemeente van Christus en besittings uit die kerkverband tree wanneer
    - hy so ’n stap voor die Here in die lig van sy Woord kan regverdig
    - genoeg geleentheid aan die verband gegee is vir inspraak
    - die kerkraad die besluit met ’n twee-derde meerderheid geneem het en
    - die nodige gemeentelike approbasie verkry is.
3. Die kerkverband kom tot uitdrukking in die ring en in streeks- en algemene sinodaleverband.
4. As sodanig is die ring, sinode en algemene sinode noodsaaklike bykomende gestaltes van die eenheid van die liggaam van Christus, asook van die wesenlike kerk wat opkom uit die gemeente, die grondgestalte.
5. Die gemeentes wat hulle so in gehoorsaamheid aan die Here van die kerk aan mekaar verbind het, gee aan hierdie ander gestaltes (die ring, sinode en algemene sinode) bepaalde funksies. Die doel hiervan is nie verminderde plaaslike verantwoordelikheid nie, maar duideliker onderskeiding en groter funksionaliteit ten opsigte van die roeping van die gemeente in die wêreld. Die gemeente is oortuig dat bepaalde sake waaroor ooreengekom is, beter hanteer kan word in verband as opsigself.
6. Hierdie ander gestaltes het ’n besluitnemingsfunksies in vergadering.
7. Hierdie ander gestaltes in samewerking met die gemeente het ook deurlopend ’n uitvoerende funksie.

**Artikel 19 – Die ring**

1. As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op onderlinge steun ten opsigte van die vervulling van die roeping van elke gemeente word naburige gemeentes onderling gegroepeer tot ringe. Hierdie groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinode gedoen in oorleg met gemeentes en ringe.
2. Die ring vergader wanneer nodig, maar minstens een maal per jaar of soos deur die sinode bepaal.
3. Die vergadering van die ring word saamgestel uit een predikant en een ouderling/diaken deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied aangewys. As ’n gemeente meer as een predikant het, het die kerkraad die reg om meer predikante en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikant af te vaardig,

indien die sinode so besluit. Waar in ’n gemeente ’n pos of poste vir predikant(e) vakant is, kan ’n ouderling/diaken in die plek van die predikant(e) aangewys word.

Vir elke aangewese predikant en ouderling/diaken word ’n sekundus aangewys. ’n Ouderling/diaken mag as sekundus vir ’n predikant optree. Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.

4. Tot die werksaamhede van die ring hoort:
   - kerkvisitasie,
   - die opsig oor- en onderlinge ondersteuning van die gemeentes van die ring, om toe te sien dat gemeentes en kerkrade hulle roeping nakom,
   - advies en hulp aan kerkrade,
   - die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense,
   - die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word,
   - die koördinering van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal,
   - die opsig oor alle ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit ,
   - die aanwys van konsulente en
   - die toekenning van beperkte bevoegdheid aan ouderlinge vir die lei van eredienste op versoek van kerkrade.

**Artikel 20 – Die sinode (streeksinode)**

1. Die sinode as uitdrukking van kerkverband sluit gemeentes in wat geografies ’n eenheid vorm.
2. Die groepering kan gewysig word (deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen) op versoek en met goedkeuring van die sinodes wat betrokke is of hulle gevolmagtigdes.
3. Die sinode word op een van die volgende twee maniere, waaroor elke sinode self besluit, saamgestel:
   a. Uit een predikant en een ouderling/diaken aangewys deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. (Waar ’n gemeente meer as een pos vir predikant het, het die kerkraad die reg om meer predikante en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikant aan te wys, indien die sinode daartoe besluit.) Waar die pos(te) vir predikant(e) vakant is, kan ’n ouderling/diaken in die plek van die predikant(e) aangewys word.
   b. ’n Gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens uit elke ring in die sinodale gebied. Die sinode besluit op die manier van aanwysing en die getal per ring.

Vir elke predikant en ouderling/diaken word ’n sekundus aangewys. ’n Ouderling/diaken mag as sekundus vir ’n predikant optree.
Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.
Die teologiese fakulteite word op al die streeksinodes in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur ’n NG dosent van die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en/of die Teologiese Fakulteit Pretoria en/of die Teologiese Fakulteit Bloemfontein.

> *Teologiese fakulteite het sittingsreg (deur* ’n *NG-dosent) op die vergadering van sinode waarbinne dit ressorteer.*

4. Die sinode vergader ten minste elke vier jaar (sover moontlik in die jaar na die gewone vergadering van die Algemene Sinode.)
5. Tot die taak en bevoegdhede van die sinode hoort:
   - die opstel en wysiging van reglemente vir die werksaamhede van die sinode, ringe en gemeentes, mits dit nie met die *Kerkorde* in stryd is nie,
   - die koördinering van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, sonder om die bevoegdheid en selfstandigheid van gemeentes, kerkrade en ringe te benadeel. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode bepaal.
   - die ondersteuning van en diens aan gemeentes in die uitvoering van hulle roeping.
   - die opleiding van predikante soos deur Artikel ...van die *Kerkorde* bepaal,
   - die verkryging van die nodige finansiële middele vir eie werksaamhede (en die finansiering van die Algemene Sinode volgens ’n aanvaarde formule)
   - die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;
   - die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode en
   - die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:

- die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;
- minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;
- minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;
- dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en
- dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.

**Artikel 21 - Die Algemene Sinode**

1. Die Algemene Sinode bestaan uit 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens soos deur die onderskeie sinodes aangewys volgens 'n formule wat deur die Algemene Sinode self bepaal is. Vir elke aangewese predikant en ouderling/diaken word 'n sekundus aangewys. Elke sinode se ouderlinge/diakens en predikante moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.
2. Die onderskeie fakulteite vir teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein. *Elke teologiese fakulteite het volwaardige sittingsreg (deur* 'n *NG-dosent) op die vergadering van Algemene Sinode.*
3. Die Algemene Sinode besluit self wanneer die Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat dit nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.
4. Die Algemene Sinodale Moderamen roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien dit nodig geag word, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.
5. Tot die taak van die Algemene Sinode hoort:
   - dit wat uitdrukking gee aan die kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, belydenis, kerkregering, roeping en beleid,
   - dit wat die kerk se nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak,
   - dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak,
   - (die viering van die kerk se onderlinge verbondenheid,)
   - die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik word,
   - die vasstelling van
     - die belydenisskrifte ooreenkomstig Artikel 44,
     - die *Kerkorde*,
     - die liturgiese formuliere en gebruike,
     - die liederebundel(s) en
     - die liturgiese grondlyne vir eredienste,
   - die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die predikante,
   - die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode,
   - die beheer oor algemene kerklike media en
   - die hantering van appèlsake wat voor die Algemene Sinode gebring word.
6. Die wysiging van die belydenis kan slegs plaasvind nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid (én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid) ten gunste daarvan besluit het.
7. Die vorige subartikel van die *Kerkorde* kan net gewysig word nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit.
8. Die Algemene Sinode mag met uitsondering van die vorige twee subartikels die *Kerkorde* wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheid.
9. Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word 'n tweederdemeerderheidsbesluit vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis (vergelyk Artikel 65.2 van die *Kerkorde*). Indien 'n tweederdemeerderheid nie verkry word nie, mag enige van die partye 'n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.
10. Die Algemene Sinode mag artikels van die *Kerkorde*, met die uitsondering van bogenoemde subartikels 5 en 6, met 'n tweederdemeerderheidstem óf opskort óf daarvan vrystelling verleen.
11. Die Algemene Sinode organiseer sy werksaamhede na behoefte.
12. Die Algemene Sinode mag reglemente opstel met die oog hierop.

**Artikel 22 – Kerkvergaderings** (daarmee word bedoel die kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode in vergadering)

1. Kerkvergaderings het elkeen 'n gesag deur Christus aan hulle toevertrou met betrekking tot hulle funksie soos dit in verband staan met die roeping van die kerk.

2. Kerkvergaderings vind plaas in biddende afhanklikheid van die Here in die verwagting dat Hy die kerk soos hier vergader deur sy Woord en Gees sal lei.
3. Kerkvergaderings is gevolglik vergaderings waar deurlopend geloofsonderskeidend na die wil van die Here gesoek word deur veral te luister na die Woord, maar ook na die kerk, na mekaar en na die wêreld.
4. Kerkvergaderings dra sorg dat die volgende waardes: leerbaarheid, vertroue, deernis, respek en openheid deurlopend die etos van die vergadering bepaal.
5. Kerkvergaderings het elkeen ’n eie funksie en in samehang daarmee ’n sakelys wat hanteer word vanuit ’n koninkryksperspektief en op ’n kerklike wyse in gehoorsaamheid aan die Woord.
6. Hierdie funksie hou verband met die roeping van die kerk en word toegeken by wyse van onderlinge ooreenkoms tussen die deelnemende vennote van die verband.
7. ’n Kerkvergadering het slegs bevoegdheid om ’n saak wat by ’n ander kerkvergadering tuishoort, te hanteer, in gevalle van onvermoë of wanbestuur by laasgenoemde kerkvergadering of waar hierdie kerkvergadering opgehou om te bestaan of in die geval van ’n appèl.
8. Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigdes is bindend, maar daaroor kan in appèl na ’n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevolmagtigde gegaan word.
9. Besware teen besluite van die Algemene Sinode word afhangend van die aard van die beswaar op een van die volgende wyses hanteer:
   - In geval van besware teen die wyse waarop tot ’n besluit gekom is, word die besware deur ’n appèlliggaam hanteer. Hierdie appèlliggaam word deur die ATR aangewys in ooreenstemming met al die regsreëls wat geld vir ’n appèlkommissie.
   - In geval van besware teen die inhoudelike van ’n besluit
     - word revisie gegee volgens die geldende reëls van revisie, vir oorweging tydens dieselfde vergadering of by ’n volgende vergadering of
     - word ’n beswaarskrif (gravamen) ingedien vir hantering by ’n volgende vergadering.
10. Lidmate en ampsdraers (ingesluit predikante in diens van die kerkverband) van die NG Kerk mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen ’n kerkvergadering se besluit(e) voordat hulle nie eers die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie.
11. Elke kerkvergadering het ’n voorsitter wat in oorleg met die ondervoorsitter (en waar van toepassing die aktuarius) verantwoordelik is vir die leiding en ordelike verloop van die vergadering en ’n skriba wat verantwoordelik is vir die notulering van die vergadering.

Opmerking:
Ek gebruik die term "meerdere vergadering" teësinnig, maar gebruik dit wel omdat dit so diep ingeburger is en kortweg kommunikeer. Ek verstaan dit in die betekenis dat die ring ’n meerdere vergadering is, net omdat daar meer as een gemeente betrokke is, die sinode ’n meerdere vergadering is , net omdat daar meer as een ring of gemeente betrokke is en die algemene sinode ’n meerdere vergadering is, net omdat daar meer as een sinode betrokke is.

**Artikel 23 – Besware en geskille**

Waar besware en geskille sou ontstaan vir die hantering waarvan nie in die Kerkorde voorsiening gemaak is nie, met ander woorde ’n liggaam en prosedure vir hantering aangewys is nie, word dit na die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde verwys en die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde besluit in oorleg met die ATR op ’n hanteringswyse.

**Artikel 24 – Die opleiding, vorming en bevoegdheid van predikante**

1. Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis
   - geskiktheid vir die amp,
   - deeglike teologiese opleiding, en
   - ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.
2. Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied op aanbeveling van die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding.
3. Die Algemene Kuratorium word saamgestel deur die Algemene Sinode volgens die *Reglement vir die Algemene Taakspan Teologiese Opleiding.*
4. Wanneer meer as een sinode om historiese of ander redes by ’n plaaslike kuratorium betrokke is, reël die betrokke sinodes onderling die wyse waarop die kuratorium saamgestel word. Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratorium te benoem.
5. Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars word deur ’n plaaslike kuratorium behartig.

6. Die plaaslike kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die kuratorium deur (’n) kommissie(s) van die kuratorium behartig word.
7. Die NG Kerkdosenteraad is meer bepaald vir die akademiese opleiding van die studente verantwoordelik.
8. Een lid van die NG Kerkdosenteraad het met adviserende stem sitting in die plaaslike kuratorium.
9. Die kuratorium benoem ’n proponentskommissie uit bevoegde persone wat aan die kuratorium aanbeveel word deur die onderskeie sinodes en wat nie lede van die kuratorium hoef te wees nie. Die kuratorium bepaal die aantal lede van die kommissie. Die kommissie is verantwoordelik vir die keuring en aanbeveling by die kuratorium van kandidate ná voltooiing van hul teologiese studies en die afneem van *colloquium doctum*.
10. Die verlening van bevoegdheid om as predikant (bedienaar van die Woord) beroep te word, die behoud daarvan en die beëindiging daarvan, geskied deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde.

## ANDER VERBINTENISSE EN VERHOUDINGS VAN DIE KERK

### Artikel 25 – Assosiaatverbintenis van kerke, kerkgemeenskappe en gemeentes aan die kerkverband

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deel van die werklike kerk wat algaande gestalte gee aan die een, heilige, apostoliese en algemene kerk, die ware kerk. Daarom is die kerk geroep om eenheid, gemeenskap en samewerking met ander kerke van Jesus Christus te soek en te bevorder en om te oorweeg om ander kerke of gemeentes van ander kerke of gemeentes sonder ’n erkende kerkverband wat nouer bande begeer as net ekumeniese samewerking op formele wyse in ’n assosiaatverbintenis te betrek.
2. Hierdie verbintenis beteken dat die betrokke kerk of gemeente wat daarom aansoek doen, sy huidige identiteit en selfstandigheid behou, maar ten nouste met die ander kerk of gemeente saamwerk en saam met daardie kerk of gemeente besluite neem oor gemeenskaplike sake.
3. Hierdie verbintenis word vervat in ’n assosiasie-ooreenkoms.
4. Die aard, omvang en wyse van die assosiasie word bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkregering, erediens, die siening van die Christelike lewenswandel, diens en getuienis tussen die NG Kerk en die betrokke kerk of kerkgemeenskap.
5. Die aard, omvang en wyse van die assosiasie word deur die assosiasie-ooreenkoms gereël. In hierdie ooreenkoms word wedersydse voorregte en verpligtinge uitgespel, waaronder die wyse waarop daar oor-en-weer in die kerkvergaderinge sitting geneem word (waarnemend, adviserend of stemhebbend) en aan die vergaderinge deelgeneem word. Ander reëlings kan insluit: wedersydse erkenning van opleiding en legitimasie, oor-en-weer aanvaarding van lidmaatskap, kanselruiling met die bevoegdheid om sakramente te bedien, gesamentlike werksaamhede, finansiële verpligtinge, die wyse waarop die assosiasie kan oorgaan tot inlywing by die NG Kerk en die wyse waarop die assosiasie beëindig kan word.
6. ’n Kerk of kerkgemeenskap doen met so ’n assosiasie-ooreenkoms by die Algemene Sinode aansoek om in assosiasie met die NG Kerk te tree. Dit word vergesel van ’n aanbeveling deur die gemeente, ring of sinode met wie die assosiasieverbintenis aangegaan word.
7. Nadat ’n formele aansoek ontvang is en beoordeel is, kan die Algemene Sinode met ’n meerderheidstem goedkeuring verleen dat die kerk of kerkgemeenskap in assosiasie met die NG Kerk tree.

Opmerkings by artikel:

Vgl. Studiestuk van JH Ernst oor Assosiasie : geassosieerde kerke en gemeentes

### Artikel 26 – Lewe en werk van die kerk in ekumeniese verhoudings

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deel van die werklike kerk wat algaande gestalte gee aan die een, heilige, apostoliese en algemene kerk, die ware kerk. Daarom is die kerk geroep om eenheid, gemeenskap en samewerking met ander kerke van Jesus Christus te soek en te bevorder.
2. Die kerk in al sy gestaltes neem deel aan en stimuleer die ekumeniese werk in Suid-Afrika, Afrika en in die res van die wêreld.
3. Die Algemene Sinode bepaal die aard en graad van die samewerking met ander kerke of kerkgemeenskappe deur middel van ’n gewone meerderheidstem.
4. Die besluit oor ’n aansoek of beëindiging van lidmaatskap van ’n ekumeniese organisasie word geneem met ’n tweederdemeerderheidstem van die Algemene Sinode.
5. Die kerk soek en onderhou nouer betrekkinge met kerke waarmee hy besondere bande van belydenis en geskiedenis het.
6. Die kerk soek vereniging met kerke waarmee eenheid of verwantskap bestaan in geloof en kerkorde.

**Artikel 27 – 'n Tussen-orde**

1. Met die oog op enige proses van kerkhereniging van die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie onderling, of kerkvereniging met ander gereformeerde kerke, stel die Algemene Sinode vir sodanige samewerking en/of samevoeging van werksaamhede reëlings vas.
2. Sodanige reëlings word in 'n Tussen-orde omskryf, wat na die goedkeuring van die Algemene Sinode in die *Kerkorde* opgeneem word.
3. Waar 'n Tussen-orde in stryd is met die *Kerkorde* of waar 'n Tussen-orde nie vir 'n bepaalde saak voorsiening maak nie, geld die *Kerkorde*.
4. Waar 'n Tussen-orde in stryd is met die bepalings en reglemente van die samestellende sinodes of waar 'n Tussen-orde nie vir 'n bepaalde saak voorsiening maak nie, kan 'n Tussen-orde eers in 'n sinode gebruik word nadat die goedkeuring van die betrokke sinode verkry is.
5. 'n Tussen-orde is nie bepalend of bindend vir die vorm en inhoud van 'n nuwe kerkorde wat later in 'n verenigde kerk saamgestel mag word nie.
6. 'n Tussen-orde word gesamentlik opgestel en moet die goedkeuring dra van die gevolmagtigde verteenwoordigers van al die betrokke kerke wat in die proses van vereniging of hereniging met die Nederduitse Gereformeerde Kerk is.
7. 'n Tussen-orde sal alleen van toepassing wees waar twee of meer regspersone van verskillende kerkverbande daartoe ooreenkom.

**Artikel 28 – Die kerk en nie-kerklike instansies en verenigings**

**1.** Die NG Kerk gee waar moontlik steun aan nie-kerklike Christelike instansies (verenigings) wat daarop gemik is om die koninkryk van God te bevorder. Hierdie steun geskied vanuit 'n kerklike perspektief en op 'n kerklike wyse.
**2.** Die kerk sal ook telkens steun oorweeg aan enige instansie wat optrede beoog wat koninkrykswaardes bevorder.

**Artikel 29 – Die kerk en ander godsdienste**

1. Die kerk vervul sy onvervreembare roeping tot getuienis en diens in respekvolle omgang met ander godsdienste.
2. Die kerk sal telkens samewerking met ander godsdienste oorweeg vir gesprek met die staat oor godsdiensregte en vir ander sake van gemeenskaplike belang.

**Artikel 30 - Kerk en staat**

1. In die lig van Romeine 13 erken die NG Kerk die roeping van die staat om as 'n dienaar van God tot beswil van alle burgers op te tree. Dit is God wat aan die staat die opdrag gegee het om die reg te handhaaf en die kwaaddoeners te straf. Die kerk erken dus dat die staatsowerheid wat deur sy fisiese swaardmag in beheer van 'n bepaalde staatsgebied is, deur God beskik is en as sodanig eerbiedig moet word .
2. In die lig van Openbaring 13 erken die kerk egter ook die gevaar van goddelose magsoorskreiding deur die staatsowerheid en die kerk is geroep om voortdurend daarteen te waak en waarsku.
3. Die norm vir die kerk se deelname aan die publieke regsverkeer en uitoefening van burgerlike regte is die Woord van God.
4. Christus is die Hoof van die kerk. Daarom beskou die kerk haar reg op vryheid van godsdiens, wat haar bybels-profetiese getuienis teenoor die staatsowerheid en die wêreld waarin sy staan, insluit, as onvervreembaar. In die uitoefening hiervan maak sy aanspraak op die regsbepaalde beskerming van die owerheid.
5. Die kerk in al sy gestaltes nader staatsowerhede op alle vlakke op 'n ordelike wyse.
6. Hierdie skakeling word gedoen deur die erkende gestaltes van die kerk of gevolmagtigdes daarvoor aangewys. Skakeling oor sake wat die kerk in haar algemene sinodale verband raak, geskied deur die Algemene Sinode se gevolmagtigde. Skakeling sonder 'n opdrag van die Algemene Sinode geskied deur die Algemene Sinodale Moderamen met verslag aan die Algemene Sinode.

# BYLAAG 2 – REGLEMENTE

## Reglement 1

## REGLEMENT VIR DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Hierdie reglement moet in samehang met artikel 32 tot 37 van die Kerkorde gelees word.

**1. NAAM**

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NG Kerk in SA)

**2. KONSTITUSIE**

Die konstitusie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (ook genoem die NG Kerk van Wes-Kaapland, asook die Sinode van Wes-Kaapland).[1]

**3. ROEPING**

3.1 Die Sinode van Wes-Kaapland bestaan uit gemeentes wat gesamentlik deur God Drie-enig geroep en gestuur is.
3.2 Gemeentes en ringe van die sinode leef hulle roeping ook uit binne netwerke en vennootskappe in die sinodale gebied.
3.3 Die sinode skep ruimtes waarbinne vennootskappe en netwerke tot stand kan kom en ondersteun gemeentes met hulle dienswerk.
3.4 Die sinode se prioriteite word deur sy roeping gerig.

**4. KERKVERBAND EN BELYDENIS**

4.1 Die gemeentes en ringe in die Sinode van Wes-Kaapland vorm die Nederduitse Gereformeerde kerkverband op grondslag van die:
4.1.1 Woord van God;
4.1.2 die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely soos uitgedruk in die Drie Formuliere van Eenheid naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls;[2]
4.1.3 die Kerkorde van die NG Kerk; en
4.1.4 die reglemente van die NG Kerk in SA.
4.2 Die NG Kerk in SA maak ruimte vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat die Belydenis van Belhar wil aanvaar of nie wil aanvaar nie.

**5. GEOGRAFIESE GEBIED**

5.1 Die Sinode van Wes-Kaapland word saamgestel uit al die gemeentes binne die grense van die sinodale gebied soos goedgekeur deur die vergadering van die sinode van 1979, asook gemeentes wat sedertdien binne die grense gestig is of nog gestig sal word.
5.2 Die gemeentes word saamgegroepeer in ringe soos goedgekeur deur die vergadering van die sinode van 2015 asook ringe wat daarna gevorm sal word.
5.3 Die vergadering van die sinode bestaan uit die afvaardiging van al die gemeentes in die kerkverband van die Sinode van Wes-Kaapland.

**6. FUNKSIE EN BEVOEGDHEID VAN DIE SINODE**

Sien die Kerkorde artikel 35

Die funksionering van die sinode en die vergadering van die sinode, asook die diensgroepe en taakspanne van die sinode word behandel by die Reglement vir die Funksionering van die Sinode van NG Kerk in SA (reglement 25).

---

1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NG Kerk in SA) dui op die NG Kerk in Wes-Kaapland en nie op die NG Kerk in die hele Suid-Afrika nie.

2 Die ekumeniese belydenisse: Apostoliese Geloofsbelydenis , Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius is reeds voor 1962 deur die NG Kerk in SA onderskryf en is kragtens artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis deel van die NG Kerk se belydenis.

**Kerkorde Artikel 35**

Tot die taak en bevoegdhede van die sinode hoort:

35.1 die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie;
35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van artikel 22 en daarom ook artikel 26, 31 en 43 van die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;
35.3 die opleiding van predikante soos deur artikel 6 van die *Kerkorde* bepaal;
35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;
35.5 die behandeling van alle sake wat in die eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;
35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode; en
35.7 die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode[3], op voorwaarde dat:
35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;
35.7.2 minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;
35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;
35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en
35.7.5 dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenis-grondslag beskou word nie.

## 7. REGLEMENTE EN BESLISSINGS

7.1 Sinodale reglemente is bindend.
7.2 Sinodale reglemente word deur die vergadering van die sinode goedgekeur, tensy die sinode die moderamen spesifiek opdrag gee om sekere reglemente af te handel.
7.3 Alle reglemente word in die Sinode van die NG Kerk in SA se reglementebundel opgeneem. Die reglementebundel verskyn so spoedig moontlik na afloop van die sinode (sien die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Sinodale Regskommissie en Reglement vir die Aktuarius).
7.4 Elke gemeente in die sinodale streek dra sorg dat elke predikant, voorsitter van die kerkraad en kerkkantoor die nuutste reglementebundel op koste van die gemeente ontvang.
7.5 Besluite wat deur die sinode geneem word, ingesluit die wysiging van die reglemente, tree in werking op die datum van die publikasie van die gedrukte of die verskyning van die elektroniese weergawe van die goedgekeurde notule, welke een ook al eerste is.
7.6 Die sinode mag besluit dat sekere besluite of reglemente op 'n ander datum in werking tree.
7.7 Die sinode mag met 'n tweederde meerderheid die reglemente opskort (suspendeer) of daarvan vrystelling verleen.
7.8 Die besluite, beslissings en uitsprake van die sinode met betrekking tot sake wat deur mindere vergaderinge hanteer is en waarna in beroep op die sinode gegaan is, is finaal wat die kerklike remedies betref (sien ook die Kerkorde artikel 65.3).
7.9 Enige voorstelle tot wysiginge/afwyking van reglemente kan nie by die vergadering van die sinode hanteer word, alvorens dit nie na die Regskommissie verwys is en kerkordelik gekontroleer is nie.

---

3 Appèl/beswaar is ingedien teen die Algemene Sinode 2015 se goedkeuring van Artikel 35.7. Op grond hiervan is die inwerkingtreding van die AS 2015-besluite oor die uitbreiding van die belydenisgrondslag opgeskort tot na die afhandeling van die appèlle. Die opskorting beteken nie die nietigverklaring van genoemde besluite nie.

## REGLEMENT 2

## REGLEMENT VAN ORDE

**1. DIE AARD VAN ’n KERKVERGADERING**

1.1 Kerkraadsvergaderings is geslote vergaderings tensy die kerkraad anders besluit.

1.2 Meerdere vergaderings (rings -en sinodevergaderings) is nie ’n geslote vergadering nie, tensy die vergadering anders besluit.

**2. WAARDES VIR ’n KERKVERGADERING**

2.1 ’n Kerkvergadering geskied

2.1.1 in biddende afhanklikheid van God die Vader;

2.1.2 in erkenning van Jesus Christus as die hoof van die kerk;

2.1.3 onder leiding van die Heilige Gees; en

2.1.4 aan die hand van die Bybel as Woord van God.

2.2 Kerkvergaderings is vergaderings waar deurlopend geloofsonderskeidend na die wil van God gesoek word deur te luister na:

2.2.1 die Woord

2.2.2 die kerk (belydenisskrifte en kerkpraktyk)

2.2.3 mekaar en

2.2.4 die wêreld.

2.3 Kerkvergaderings word deurlopend gekenmerk deur die volgende waardes:

2.3.1 leerbaarheid

2.3.2 vertroue

2.3.3 deernis en

2.3.4 openheid.

2.4 Daar moet altyd in die kerk gewaak word teen botsing van belange. Botsende belange sluit onder andere die volgende in:

2.4.1 waar familiebande in die eerste of tweede graad bestaan;

2.4.2 hegte vriendskapsbande;

2.4.3 waar finansiële voordeel of persoonlike belang ter sprake is;

2.4.4 waar ’n bewys, of die persoonlike oortuiging by ’n persoon bestaan dat hy nie ’n objektiewe of saaklike besluit kan neem nie;

2.4.5 waar persone, voordat ’n verhoor/ondersoek/appèlsaak plaasvind, die beslissing/bevinding van die saak vooruitloop;

2.4.6 dat werknemers nie oor hul eie werk kan toesig hou/besluite neem nie.

**3. KENNISGEWING VIR ’n KERKVERGADERING**

Behoorlike kennisgewing van vergaderings moet gegee word.

**3.1 Kerkraad**

3.1.1 Gewone vergaderings word op gemeentekalenders geskeduleer, andersins moet daar twee weke voor die datum aan alle lede kennis gegee word.

3.1.2 Kennisgewing van gewone kerkraadsvergaderings geskied by die erediens, asook deur skriftelike of elektroniese kennisgewing aan al die kerkraadslede.

3.1.3 ’n Buitengewone vergadering is ’n dringende vergadering met ’n geslote agenda. Vir buitengewone kerkraadsvergaderings moet seker gemaak word dat al die lede vooraf kennis kry van die vergadering en die agenda ontvang.

**3.2 Ring**

3.2.1 Gewone ringsvergaderings word saamgeroep deur ’n kennisgewing van die skriba van die ringskommissie, minstens vier weke voor die tyd.

3.2.2 ’n Buitengewone vergadering is ’n dringende vergadering met ’n geslote agenda. ’n Buitengewone ringsvergadering vind plaas na behoorlike kennisgewing deur die skriba van die ringskommissie.

3.2.3 Buitengewone ringsvergaderings word met die afgevaardigdes na die vorige ringsitting gehou sonder nuwe geloofsbriewe. Nuwe lede wat nie by vorige ringsitting teenwoordig was nie, moet ’n geloofsbrief inhandig.

**3.3 Sinode**

3.3.1 Kennisgewing van ’n gewone sinodevergadering word deur die skriba van die moderamen minstens twaalf maande voor die bepaalde datum aan kerkrade gegee.

3.3.2 'n Buitengewone vergadering is 'n dringende vergadering met 'n geslote agenda. Kennisgewing van 'n buitengewone vergadering van die sinode moet binne redelike tyd, soos deur die moderamen bepaal, vooraf gegee word.

**4. VOORGANGER TYDENS 'N KERKVERGADERING**

'n Voorganger neem leiding totdat 'n voorsitter verkies is (sien punt 8 van hierdie reglement).

**4.1 Kerkraad**

4.1.1 By die jaarlikse verkiesing van 'n voorsitter wys die dagbestuur 'n voorganger aan totdat die vergadering konstitueer het en 'n voorsitter verkies is.

**4.2 Ring**

4.2.1 By 'n ringsvergadering wys die ringskommissie 'n voorganger aan totdat die vergadering konstitueer en 'n voorsitter verkies is.

4.2.2 By 'n buitengewone ringsvergadering tree die voorsitter van die ringskommissie as voorsitter op.

**4.3 Sinode**

4.3.1 By 'n sinodevergadering wys die moderatuur 'n voorganger aan wat leiding neem totdat die vergadering gekonstitueer het en 'n voorsitter verkies is.

4.3.2 By 'n buitengewone sinode tree die voorsitter van die moderamen as voorsitter op.

**5. TEENWOORDIGHEID**

5.1 Al die lede/afgevaardigdes is verplig om kerkvergaderings by te woon of om betyds aan die skriba kennis te gee as hulle nie teenwoordig kan wees nie.

5.2 Lede mag nie die vergadering sonder verlof van die voorsitter verlaat nie.

**6. KONSTITUERING VAN KERKVERGADERINGS**

**6.1 Kworum**

6.1.1 'n Kworum is die aantal lede van 'n vergadering wat teenwoordig moet wees om te konstitueer en om wettige besluite te neem.

6.1.2 As algemene reël vir kerkvergaderings geld dat vir konstituering meer as die helfte van die lede van die vergadering teenwoordig moet wees.

6.1.3 Vir wettige besluitneming oor alle sake deur kerkrade en ringe moet meer as die helfte van die lede van die vergadering teenwoordig wees.

6.1.4 Vir wettige besluite deur die sinode oor alle sake (tugsake en reglemente ingesluit) moet meer as die helfte van die lede teenwoordig wees.

6.1.5 Vir al bogenoemde besluite is meer as die helfte van die stemme 'n volstrekte meerderheid.

**6.2 Kerkraad**

6.2.1 Vir 'n kerkraadsvergadering is die kworum meer as die helfte van die getal dienende kerkraadslede.

**6.3 Ring**

6.3.1 Die geloofsbriewe van die afgevaardigdes moet vooraf by die skriba van die ringskommissie ingelewer word (sien Reglement vir die Ring (reglement 7) punt 4.5.1 vir ringsittings tydens die sinodesitting).

6.3.2 'n Kworum (meer as die helfte) van die afgevaardigdes moet teenwoordig wees om te konstitueer vir werksaamhede.

**6.4 Sinode**

6.4.1 Die geloofsbriewe van alle afgevaardigdes moet minstens drie maande voor die aanvang van die vergadering deur die skriba van die moderamen ontvang word.

6.4.2 Meer as die helfte van die afgevaardigdes wie se geloofsbriewe ingelewer is, moet teenwoordig wees vir konstituering.

6.4.3 Vir tugsake moet weer gekontroleer word of 'n kworum teenwoordig is.

**7. OPENING VAN KERKVERGADERINGS**

**7.1 Kerkraad**

'n Kerkraadsvergadering word, met inagneming van punt 2 van hierdie reglement, deur die gemeentepredikant of konsulent geopen. (Hierdie kan ook 'n geleentheid wees waar die predikant 'n geestelike en geloofsonderskeidende gesprek met die kerkraad kan voer).

**7.2 Ring**
Die ringskommissie besluit, met inagneming van punt 2 van hierdie reglement, oor die wyse waarop die opening van die vergadering plaasvind.

**7.3 Sinode**
Die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode besluit, met inagneming van punt 2 van hierdie reglement, oor die wyse waarop die opening van die vergadering plaasvind.

**8. VERKIESING VAN VOORSITTER**

**8.1 Kerkraad**

8.1.1 Die kerkraad verkies jaarliks ’n voorsitter en ’n ondervoorsitter uit die predikante en ouderlinge van die vergadering. *(Gegewe die gereformeerde kerkbegrip en die rol wat ’n predikant in ’n gemeente behoort te speel in sake die teologiese en kerkregtelike leiding van die kerkraad en gemeente, is dit prinsipieel nie verkeerd as ’n predikant van ’n gemeente as voorsitter van ’n kerkraad optree nie. Maatreëls moet getref word om ’n botsing van belange te voorkom. Die ring het ’n belangrike toesigfunksie in hierdie verband.)*

8.1.2 Die verkiesing geskied volgens punt 9.2 van hierdie reglement.

**8.2 Ring**

8.2.1 Na konstituering en opening van die ringsvergadering word ’n voorsitter uit al die predikant- en ouderlingafgevaardigdes op ’n geslote stemwyse gekies. *(Die voorsitter van die ringskommissie is nie ex officio voorsitter van die ringsvergadering nie. Elke vergadering kies sy eie voorsitter. Die ring mag wel besluit om die voorsitter van die ringskommissie te kies as voorsitter van die ringsvergadering.)*

8.2.2 Die verkiesing vind plaas volgens punt 9.2 van hierdie reglement.

8.2.3 Die tel van stemme word aan ’n taakspan opgedra wat vooraf deur die ringskommissie benoem is.

**8.3. Ringskommissie**

8.3.1 Die verkiesing van die voorsitter van die ringkommissie geskied tydens die ringsitting wat tydens die gewone vergadering van die sinode gehou word. Die voorsitter dien vir die volle termyn tussen die gewone vergaderings van die sinode.

**8.4 Sinode**

8.4.1 Na konstituering en opening word die voorsitter op geslote stemwyse verkies.

8.4.2 ’n PSD of ander amptenaar wat as betaalde amptenaar in diens van die sinode staan is vanweë die moontlikheid van ’n botsing van belange nie verkiesbaar as moderator/voorsitter van die moderatuur/moderamen nie.

8.4.3 ’n Persoon mag nie vir meer as twee opeenvolgende termyne as voorsitter verkies word nie.

8.4.4 Die verkiesing vind plaas volgens punt 9.2 van hierdie reglement.

8.4.5 Die opneem en tel van die stemme word aan ’n taakspan opgedra wat vooraf deur die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode benoem is.

**8.5 Diensgroepe**
*’n PSD of ander amptenaar wat as betaalde amptenaar in diens van die Sinode staan, is vanweë die moontlikheid van ’n botsing van belange nie as voorsitter van ’n sinodale diensgroep of taakspan waartoe hy/sy vir spesialisdiens toegewys is, verkiesbaar nie.*

**9. STEMMING**

**9.1 Stemming oor sake**

9.1.1 Elke stemming geskied deur die aanwesige lede. Vir gewone werksaamhede moet meer as die helfte van die aanwesige lede (mits dit ’n kworum is) ten gunste van ’n voorstel stem om dit aanvaar te kry.

9.1.2 Oor alle sake wat nie algemene instemming ontvang nie, word daar gestem óf deur die opsteek van hande, óf ingeval van kontensieuse sake op geslote stemwyse, indien die voorsitter so reël.

9.1.3 In die geval van ’n voorstel met amendemente, word die amendemente eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste een wat ingedien is, en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendemente gewysig. Slegs indien al die amendemente verwerp word, stem die vergadering oor die oorspronklike voorstel. Na elke stemming word die uitslag bekend gemaak. Die voorsitter kan, met instemming van die vergadering, ’n ordereëling tref om in die stemming oor die amendemente af te wyk van die volgorde waarin die amendement ingedien is. Die voorsitter kan

ook versoek dat voorstellers van amendemente die geleentheid kry om die amendemente te konsolideer.

9.1.4 Wanneer die stemming oor 'n saak gelykop is, moet die saak as onbeslis beskou word, maar dit kan by 'n later geleentheid weer voor die vergadering gebring word.

9.1.5 Indien die vergadering se dagbestuur oordeel dat die situasie dit vereis kan 'n stemming oor 'n saak ook elektronies geskied.

**9.2 Stemming oor persone**

9.2.1 Indien die stemming op persone betrekking het, geskied dit op geslote stemwyse en wel op die volgende manier:

9.2.1.1 <u>By die verkiesing van ampsdraers van vergaderings:</u>

9.2.1.1.1 'n Nominasielys word gevorm. Daarvoor word nie meer name op 'n nominasiebrief geplaas as die getal persone wat gekies moet word nie.

9.2.1.1.2 Slegs die name van persone wat nie onder amptelike kerklike tug is nie, mag op 'n nominasielys geplaas word.

9.2.1.1.3 Daar mag geen ooreenkoms of afspraak in stryd met die kerklike orde gemaak word nie.

9.2.1.1.4 Nadat die nominasielys opgestel is en voordat daar tot stemming oorgegaan word, mag die voorsitter of die taakspan wat die verkiesing hanteer, inligting verstrek in verband met die genomineerdes, met dien verstande dat hierdie mededelinge positief, saaklik en nie propagandisties van aard is nie.

9.2.1.2 <u>By die verkiesing van kerkraadslede</u>:

9.2.1.2.1 'n Nominasielys word gevorm. Daarvoor word nie meer name op 'n nominasiebrief geplaas as die getal persone wat gekies moet word nie.

9.2.1.2.2 'n Kerkraad het die reg om 'n taakspan vir pre-advies te benoem. Die name van lidmate wat deur die taakspan vir pre-advies voorgelê word, word op die groslys geplaas, met dien verstande dat enige lid van die vergadering, die konsulent uitgesonderd, die reg behou om 'n verdere nominasie op die groslys te plaas. Die taakspan vir pre-advies moet uit minstens vyf lede bestaan waarvan ten minste drie lede kerkraadslede moet wees. Lidmate kan ook benoem word.

9.2.1.2.3 Vir die verkiesing van ouderlinge en diakens, het belydende lidmate van die gemeente die reg om name by die skriba van die kerkraad/taakspan vir pre-advies in te dien.

**9.3 Adviserende teenwoordigheid**

Persone wat 'n vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag aan die besprekings deelneem, maar het nie stemreg nie. Hulle mag ook nie voorstelle maak of sekondeer nie.

**10. VERKIESING**

**10.1 Verkiesing van persone volgens geslote stemwyse**

10.1.1 Nadat die nominasielys gesuiwer is, word daar vir soveel persone as wat verkies moet word, gestem.

10.1.2 Die persoon op wie die meeste stemme uitgebring is, is verkies, mits die getal stemme op die persoon uitgebring 'n volstrekte meerderheid (meer as die helfte van die aanwesiges) is.

10.1.3 Indien niemand 'n volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede op hom/haar verenig het nie, vind daar 'n verdere
stemming plaas en wel uit die name wat die hoogste getal stemme verkry het en saam 'n volstrekte meerderheid verkry het.

10.1.4 Indien daar by herhaling 'n staking van stemme is, word die lot gewerp. Die lot word gewerp deur 'n trekking van 'n naam na gebed.

10.1.5 Indien die aantal genomineerdes minder of gelyk aan die getal vakatures is, moet steeds gestem word. Al die aanwesiges stem vir (ja) en teen (nee) elke genomineerde.

10.1.6 Indien die vergadering se dagbestuur oordeel dat die situasie dit vereis, kan die verkiesing van persone of die aanwysing van kommissies/taakspanne/projekspanne en afgevaardigdes ook elektronies geskied.

**10.2 Verkiesing van persone volgens elektroniese stemwyse of omsend-brief**

10.2.1 Indien elektronies gestem word, is die werkswyse soos volg:

10.2.1.1 Die tersaaklike inligting, stemprosedure en keerdatum word duidelik in die korrespondensie aan die lede van die vergadering/kieskollege vermeld.

10.2.1.2 Stemgeregtigdes bring hul stemme volgens die voorgeskrewe
prosedure uit.

10.2.1.3 Uitgebragte stemme moet teen die voorgeskrewe keerdatum ontvang word. Stemme wat laat

ontvang word, word as bedorwe stemme geag.

10.2.1.4 Na afloop van die keerdatum en -tyd word bepaal of ’n volstrekte meerderheid deelgeneem het aan die stemming. Indien wel word die stemme getel.

**11. VOORBEREIDING, VERLOOP EN BESTUUR VAN KERK-VERGADERINGS**

**11.1 Agenda**

11.1.1 Die agenda vir ’n kerkraadsvergadering word deur die voorsitter en al die predikante van die kerkraad opgestel.

11.1.2 Die agenda vir ’n ringsvergadering word deur die skriba en die ringskommissie opgestel en moet, indien enigsins moontlik, twee weke voor die tyd aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel word.

11.1.3 Die agenda vir die sinodevergadering word deur die moderatuur in samewerking met die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode en moderamen opgestel en moet minstens drie weke voor die vergadering elektronies aan die afgevaardigdes en sinodale amptenare beskikbaar gestel word. Dit kan ook in harde kopie aan afgevaardigdes beskikbaar gestel word, indien so versoek.

11.1.4 Die agenda vir die moderamenvergadering word deur die skriba van die sinode in samewerking met die moderatuur opgestel en moet minstens een week voor die vergadering elektronies aan die afgevaardigdes en sinodale amptenare beskikbaar gestel word. Dit kan ook in harde kopie aan afgevaardigdes beskikbaar gestel word, indien so versoek.

11.1.5 Indien die dagbestuur so besluit kan buitengewone kerkvergaderings ook elektronies geskied. Dit moet met behoorlike kennisgewing geskied (sien punt 3 van die reglement) en op die wyse soos in punt 11.2 van hierdie reglement uiteengesit. Tugsake kan nie elektronies afgehandel word nie.

**11.2 Voorsitter**

11.2.1 Die voorsitter handel volgens die Reglement van Orde (reglement 2). Wanneer ’n situasie ontstaan waarvoor hierdie reglement nie voorsiening maak nie, handel die voorsitter eties, volgens gebruik en goeie oordeel. In die geval van beswaar teen die handelswyse van die voorsitter beslis die vergadering.

11.2.2 Die voorsitter stel die sake op die agenda aan die orde en reël dat die agendapunte toegelig word. Die voorsitter sien toe dat die vergadering nie onbehoorlik beïnvloed word nie.

11.2.3 Wanneer die voorsitter ’n persoonlike mening wil gee of aan die bespreking wil deelneem, reël hy dat die ondervoorsitter as voorsitter optree.

11.2.4 By ’n kerkraadsvergadering moet die voorsitter toesien dat die predikant sy ampsfunksie doelgerig vervul ten opsigte van die Bybel, die belydenisskrifte en die Kerkorde. (Sien punt 8.1.1 van hierdie reglement.)

**11.3 Spreekbeurte**

11.3.1 By die behandeling van sake is elke lid van die vergadering op ’n spreekbeurt geregtig.

11.3.2 As twee of meer lede gelyktydig opstaan, beslis die voorsitter wie die eerste spreekbeurt kry.

11.3.3 Elke lid van die vergadering is geregtig op slegs een spreekbeurt oor dieselfde saak, behalwe in geval van ’n verduideliking, óf as die vergadering daartoe verlof gee, óf as daar van die reg tot repliek gebruik gemaak word, óf as ’n amendement ingedien word.

11.3.4 Die voorsteller het reg tot repliek, maar nie die indiener van ’n amendement nie.

**11.4 Voorstelle, amendemente, beskrywingspunte, mosies van orde en versoekskrifte**

11.4.1 <u>Kerkraad- ring- en sinodevergaderings</u>

11.4.1.1 Voorstelle en amendemente van lede van die vergadering moet skriftelik ingedien word en deur die voorsteller en sekondant onderteken wees. Beide die voorsteller en sekondant moet lid van die vergadering wees.

11.4.1.2 Aanbevelings van diensgroepe en taakspanne of tydelike taakspanne word as voorstelle aan die vergadering hanteer.

11.4.1.3 Behalwe in die geval van ’n voorstel deur ’n taakspan of van ’n indiener van ’n beskrywingspunt, het die lid van die vergadering wat eerste opstaan nadat die voorsitter ’n saak aan die orde gestel het die reg om die vergadering met ’n voorstel te dien.

11.4.1.4 Geen voorstel of amendement mag deur die voorsitter ontvang word voordat hy die saak of agendapunt aan die orde stel nie.

11.4.1.5 ’n Voorstel of amendement wat reeds ter tafel is, mag nie sonder die verlof van die vergadering teruggetrek word nie.

11.4.1.6 ’n Ordemosie is ’n voorstel wat betrekking het op die volgorde waarin sake ter tafel moet kom, of dat die bespreking van ’n bepaalde saak opgeskort of beëindig word, of dat van ’n bepaalde saak afgestap word. ’n Ordemosie kan op enige tydstip gedurende die bespreking ingedien word en daaroor word dadelik sonder bespreking gestem. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter

oorgelaat om die mosie terug te hou as hy van mening is dat dit aangewend word om ’n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom. ’n Ordemosie word met ’n gewone meerderheid goedgekeur.

11.4.1.7 Persone wat ’n kerkvergadering in adviserende hoedanigheid bywoon mag nie voorstelle maak of sekondeer of stem nie.

11.4.1.8 Ongesensureerde lidmate het die reg om ’n versoekskrif by kerkvergaderings in te dien.

11.4.2 Sinodevergaderings

11.4.2.1 Voorstelle aan die sinode word ingedien deur sinodale diensgroepe en taakspanne, ringe, kerkrade en afgevaardigdes na die sinode-vergadering.

11.4.2.2 Beskrywingspunte moet minstens drie maande voor die vergadering aan die skriba van die moderamen gestuur word. Beskrywingspunte wat nie drie maande voor die tyd die skriba bereik het nie, is nie ontvanklik vir die sinode nie.

11.4.2.3 Voorstelle of amendemente ten opsigte van aanbevelings en beskrywingspunte in die agenda van die sinode moet die skriba van die moderamen voor die aanvang van die sinode bereik. Dit word daarna soos volg hanteer:

11.4.2.3.1 Die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode verwys dit na die Tydelike Taakspan vir Algemene Sake.

11.4.2.3.2 Indieners van beskrywingspunte, voorstelle en amendemente kry die geleentheid om hulle saak voor die Tydelike Taakspan vir Algemene Sake te stel.

11.4.2.3.3 Die aanbevelings van die tydelike taakspan dien as voorstelle voor die sinode.

11.4.2.3.4 Indien ’n tydelike taakspan ’n aanbeveling maak wat ’n aanbeveling van ’n sinodale diensgroep of taakspan raak, word die tydelike taakspan se voorstel die amendement op die diensgroep of taakspan se oorspronklike voorstel.

11.4.2.3.5 Indien meer as een sinodale diensgroep of taakspan ’n voorstel oor dieselfde saak voor die vergadering het, reël die voorsitter watter een die voorstel is en watter een die amendement is.

11.4.2.3.6 Lede van die vergadering behou die reg om amendemente tydens die vergadering in te dien. Dit moet skriftelik by die skriba van die sinode ingedien word.

11.4.2.4 Beskrywingspunte, voorstelle of amendemente wat veranderinge aan die reglemente ten doel het, moet in sodanige vorm wees as waarin die voorstellers meen dat dit in die reglemente opgeneem moet word. Sulke voorstelle moet eers na die tydelike taakspan vir regte verwys word, voordat dit ter tafel geneem word.

11.4.2.4.1 Beskrywingspunte moet, na die skriba van die sinode gestuur word.

11.4.2.5 Spoedeisende sake van besondere en algemene belang mag deur die vergadering in behandeling geneem word, indien die vergadering daartoe besluit na besinning en aanbeveling deur die moderatuur.

11.4.2.6 Die inleier van ’n beskrywingspunt of ’n voorstel word beperk tot ’n spreekbeurt van ’n maksimum van tien minute, behalwe met spesiale toestemming van die vergadering.

11.4.2.7 Ander sprekers word beperk tot ’n spreekbeurt van nie meer as vyf minute nie, behalwe met spesiale toestemming van die vergadering.

**11.5 Elektroniese kerkvergaderings (kerkrade, ringe en moderamen)**

11.5.1 Elektroniese kerkvergaderings

11.5.1.1 is buitengewone vergaderings wat ten doel het om spoedeisende besluite oor nie-kontroversiële sake te neem;

11.5.1.2 word deur ’n dagbestuur van ’n kerkvergadering belê slegs vir ’n enkele dringende besluit wat geneem moet word (’n Dagbestuur kan advies van die aktuarius van die sinode inwin indien hulle twyfel oor die meriete van die saak.);

11.5.1.3 is nie bedoel vir sake vir revisie nie; en

11.5.1.4 behoort die uitsondering te wees.

11.5.2 Die prosedure vir ’n elektroniese vergadering moet ooreenstem met die prosedure van ’n gewone kerkvergadering. Daar moet behoorlik kennis gegee word, gekonstitueer word en besluite wat geneem word, moet genotuleer word.

11.5.3 Die lede van die vergadering moet ’n redelike tyd vooraf elektronies (per e-pos of teksboodskap) kennis ontvang dat hulle op ’n spesifieke datum moet besluit oor ’n saak. Hulle moet antwoord of hulle die kennisgewing ontvang het. Met hierdie antwoord gee hulle terselfdertyd toestemming dat hulle gereed is vir stemming. Daar moet seker gemaak word dat alle lede kennis gekry het van die vergadering.

11.5.4 Met die eerste kennisgewing kan al die tersaaklike inligting, motivering en aanbevelings reeds gestuur word.

11.5.5 Op die tyd (datum) van die vergadering word die e-pos aan almal uitgestuur (dit kan moontlik

opgevolg word deur ’n selfoon boodskapdiens) met die versoek dat hulle op ’n bepaalde datum binne ’n sekere tydgleuf moet stem. Daar moet ’n redelike tyd (dae) toegelaat word.

11.5.6 Die vergadering konstitueer as meer as die helfte van die lede elektronies aanmeld (kworum).

11.5.7 Die voorstel voor die elektroniese vergadering word ’n besluit as meer as helfte van die gekonstitueerde vergadering ten gunste daarvan stem.

11.5.8 Geen stem kan ontvang word na die vasgestelde keertyd nie. Dit sou "buite" die vergadering wees. Die e-posse sal deur skriba van vergadering geverifieer moet word.

11.5.9 Indien geen besluit geneem kan word nie (vanweë te min wat elektronies aanmeld of stem) kan ’n volgende vergadering belê word.

11.5.10 Die notule van die elektroniese vergadering word op die volgende gewone vergadering goedgekeur.

**11.6 Elektroniese vergaderings vir kommissies, taakspanne en diens-groepe**

Dit staan kommissies, taakspanne en diensgroepe vry om elektroniese vergaderings te hou met toestemming van en soos ooreengekom deur die lede van die betrokke groep.

**11.7 Revisie (hersiening van besluite)**

(Sien die Algemene Sinode se Reglement vir Appèl of Beswaar.)

11.7.1 <u>Algemeen</u>

11.7.1.1 Revisie behels die hersiening van ’n besluit tydens dieselfde of ’n volgende gewone vergadering op versoek van ’n lid van die vergadering.

11.7.1.2 Revisie van besluite kan toegestaan word, indien oortuigend aangevoer word dat:

11.7.1.2.1 sekere aspekte van die saak waarom dit gaan in die bespreking tydens die vergadering glad nie of onvoldoende aandag gekry het en

11.7.1.2.2 daar inligting na vore gekom het wat die hersiening van die besluit noodsaak.

11.7.2 <u>Kerkraadsvergaderings</u>

11.7.2.1 Besluite wat eenmaal geneem is, mag met vermelding van die spesifieke saak na voorafgaande kennisgewing (byvoorbeeld deur die agenda) en met toestemming van die vergadering in revisie gebring word.

11.7.2.2 Die toestaan van die revisie en die bespreking van die saak waaroor die besluit gaan, kan by dieselfde vergadering plaasvind.

11.7.2.3 ’n Besluit kan ook by dieselfde vergadering waartydens dit geneem is in revisie kom, indien die vergadering eenparig toestemming verleen. Indien hierdie eenparige toestemming nie verkry word nie, kan kennis van revisie vir die volgende kerkraadsvergadering gegee word ten einde die toestemming van daardie vergadering met ’n meerderheid van stemme te verkry.

11.7.3 <u>Meerdere vergaderinge</u>

11.7.3.1 Elke kennisgewing van revisie word na die Tydelike Taakspan vir Regte (by sinode) of die ringskommissie (by ring) verwys.

11.7.3.2 Die aansoeker kry geleentheid om redes vir die versoek tot revisie persoonlik aan die taakspan/kommissie voor te lê.

11.7.3.3 Die taakspan/kommissie maak na oorweging ’n aanbeveling ten opsigte van elke kennisgewing van revisie aan die kerkvergadering.

11.7.3.4 Indien revisie deur die kerkvergadering toegestaan word, dien die saak voor die vergadering by ’n geleentheid en tyd soos deur die moderatuur of ringskommissie bepaal.

11.7.3.5 ’n Saak kan ook vir oorweging aan ’n volgende vergadering voorgelê word d.m.v. die agenda of ’n beskrywingspunt.

11.7.3.6 Revisie kan ook deur ’n appèl voor ’n vergadering kom. (Vergelyk artikel 23 van die Kerkorde.)

**11.8 Besluitneming**

Kerkvergaderings soek geloofsonderskeidend na die wil van die Here en poog om langs hierdie weg konsensus te bereik en gaan slegs tot stemming oor as dit onafwendbaar is. Besluitneming geskied volgens die bevoegdheid aan die betrokke vergadering toegeken.

**12. VOORLEGGINGS OF VERSLAE**

**12.1 Kerkraad**

Voorleggings of verslae van taakspanne en diensgroepe kan voor ’n kerkraadsvergadering aan die lede beskikbaar gestel word. Dit moet egter as vertroulik hanteer word.

**12.2 Ring**

Voorleggings of verslae van die ringskommissie, diensgroepe, taakspanne en ander persone wat opdragte van die ring moet uitvoer, moet volgens die reëling van die ringskommissie voor die ringsvergadering by die skriba van die ringskommissie wees wat dit saam met ander toepaslike stukke minstens twee weke voor die ringsvergadering aan afgevaardigdes beskikbaar stel.

**12.3 Sinode**

Voorleggings van alle sinodale diensgroepe en verslae van taakspanne/diensgroepe en ander persone wat opdragte van die sinode moes uitvoer, moet die skriba van die moderamen minstens twee maande voor die sinode bereik en moet minstens vier weke voor die aanvang van die sinode aan die afgevaardigdes van kerkrade beskikbaar gestel word.

**13. PERMANENTE DIENSGROEPE EN TAAKSPANNE VAN KERKVERGADERINGS**

**13.1 Aanwysing**

13.1.1 Diensgroepe en taakspanne van die kerkraad word deur die kerkraad goedgekeur.

13.1.2. Diensgroepe en taakspanne van die ring word deur die ringsvergadering goedgekeur. Diensgroepe en taakspanne word per geslote stemwyse verkies.

13.1.3 Diensgroepe en taakspanne van die sinode word deur die vergadering goedgekeur nadat ’n voorlegging van die Tydelike Taakspan vir Kommissies (wat bestaan uit die voorsitters van vorige diensgroepe en taakspanne asook die skriba van elke ring) ontvang is. Die assessor van die sinode neem hier leiding.

**14. TYDELIKE TAAKSPANNE VAN KERKVERGADERING**

**14.1 Aanwysing**

14.1.1 Tydelike taakspanne van die kerkraad word deur die vergadering goedgekeur.

14.1.2 Tydelike taakspanne van die ring word deur die ringskommissie benoem en deur die ringsvergadering goedgekeur.

14.1.3 Tydelike sinodale taakspanne word deur die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode aangewys en moet sover moontlik uit die lede van die ooreenstemmende permanente diensgroepe en taakspanne bestaan.

14.1.4 Tydelike sinodale taakspanne kan deur die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode opgeroep word om voor die aanvang van die sinode te vergader.

14.1.5 ’n Kerkvergadering kan benewens sy lede van enige lidmaat gebruik maak om op ’n tydelike taakspan te dien.

**14.2 Funksionering**

Tydelike taakspanne behandel beskrywingspunte en ander sake wat na hulle verwys word en dien die vergadering met aanbevelings.

**15. NOTULE**

**15.1 Kerkraad**

15.1.1 Die skriba teken aan wat in die vergadering behandel word en voer die opdragte uit. Die volledige verslag wat voor die kerkraad gedien het, sowel as die finale besluit word in die notule opgeneem. Ander belangrike sake word ook genotuleer.

15.1.2 Die voorstelle en amendemente wat deur lede ingedien word, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem. Alle besluite moet volledig met opgaaf van redes, gedokumenteer word. Verder behoort die implementeringsdatum, asook enige voorwaardes wat mag geld, gedokumenteer word.

15.1.3 Die besluite van die vergadering kan onmiddellik uitgevoer word.

15.1.4 Die notule van die kerkraadsvergadering word verkieslik een week na die vergadering (elektronies of anders) aan die lede beskikbaar gestel. Indien lede hieroor kommentaar wil lewer, kan dit by die skriba van die kerkraad ingedien word. Normaalweg word die notule van die kerkraadsvergadering van die vorige sitting aan die vergadering voorgelê en deur die voorsitter geteken nadat dit goedgekeur is. ’n Voorstel om die notule goed te keur, moet gesekondeer word. (Indien die notule volledig beskikbaar is, kan dit by dieselfde vergadering goedgekeur word.)

**15.2 Ring**

15.2.1 Die skriba teken aan wat in die vergadering behandel word en voer die opdragte van die vergadering uit. Die besluite van die vergadering en ander belangrike sake word genotuleer.

15.2.2 Die voorstelle en amendemente wat deur lede ingedien word, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem. Alle besluite moet volledig met opgaaf van redes, gedokumenteer

word. Verder behoort die implementeringsdatum, asook enige voorwaardes wat mag geld, gedokumenteer word.

15.2.3 Die besluite van die vergadering kan uitgevoer word nadat die notule goedgekeur is.

15.2.4 Die notule van die ringsitting word deur die ringskommissie goedgekeur. Die notule, sowel as besluiteregister word verkieslik binne twee weke na die ringsitting elektronies aan al die lede wat teenwoordig was, asook aan al die gemeentes in die ring, beskikbaar gestel.

**15.3 Sinode**

15.3.1 Die skriba, met behulp van die tydelike Taakspan vir die Notule (deur die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode aangewys) teken aan wat op die vergadering behandel word en voer die besluite uit. Die besluite van die vergadering en ander sake waarop die vergadering besluit, word genotuleer.

15.3.2 Die voorstelle en amendemente wat deur lede ingedien word, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem.

15.3.3 Die daaglikse notule van die sinodesitting word die volgende dag deur die vergadering goedgekeur. Die laaste dag se notule word deur die moderatuur goedgekeur.

15.3.4 Besluite wat deur die sinode geneem word (soos vervat in die handelinge) kan uitgevoer word nadat die notule goedkeur is. Wysiging van die reglemente tree in werking met die verskyning van die gedrukte of elektroniese publikasie van die handelinge van die sinode, tensy die sinode anders besluit het.

15.3.5 Binne een maand na afloop van die sinode, stuur die skriba van die sinode die handelinge van die vergadering (notule) en besluiteregister elektronies na al die afgevaardigdes asook na elke gemeente. Lede wat ’n skriftelike kopie van die handelinge wil ontvang, rig ’n versoek aan die skriba van die sinode.

**15.4 Moderamen**

15.4.1 Die besluite van die moderamenvergadering kan uitgevoer word nadat die notule goedgekeur is.

15.4.2 Die notule van moderamenvergaderings word deur die moderatuur op sy eersvolgende vergadering goedgekeur.

---

## REGLEMENT 3

## REGLEMENT VIR DIE KERKRAAD

Hierdie reglement moet in samehang met artikels 26-28 van die Kerkorde gelees word.

### 1. SAMESTELLING VAN KERKRAAD

1.1 ’n Kerkraad (gemeentekerkraad) word saamgestel uit al die predikante wat in die gemeente bevestig is (ongeag die tipe predikantspos waarin aangestel), asook ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede verkies is (die Kerkorde artikel 26.2).

1.2 Die minimum aantal lede vir ’n kerkraad is ’n predikant, twee ouderlinge en twee diakens.

1.3 Elke gemeente het ten minste een voltyds onbepaalde of een deeltyds onbepaalde predikantspos of ’n tentmakerpos. (’n Afwyking hiervan is die uitsondering en moet deur die ring goedgekeur word).

1.4 Vir elke predikantspos moet daar ten minste twee ouderlingsposte en twee diakensposte wees.

1.5 Elke kerkraad het die reg om, met inagneming van punt 1.2, na die eis van omstandighede sy ledetal vas te stel. Ouderlinge en diakens hoef nie ’n gelyke aantal te wees nie.

1.6 Ouderlinge en diakens hoef nie almal in die gemeentekerkraad te dien nie, maar moet minstens lid wees van ’n gedesentraliseerde kerkraad (die Kerkorde artikel 27) van die gemeente.

1.7 Afgevaardigdes na meerdere vergaderings word aangewys uit die lede van die gemeentekerkraad of uit die gedesentraliseerde kerkrade.

### 2. VERKIESING VAN KERKRAAD

2.1 ’n Kerkraad word verkies uit kundige lidmate wat voldoen aan die Bybelse eise vir gemeenteleiers soos onder andere in 1 Tim. 3:1-13 beskryf.

2.2 Alle vakatures op die kerkraad moet so spoedig moontlik gevul word.

2.3 ’n Kerkraad het die reg om vir die verkiesing van ampsdraers ’n taakspan van pre-advies te benoem. Die taakspan moet uit minstens vyf lede saamgestel word, waarvan drie lede kerkraadslede is. Lidmate kan ook op die taakspan dien (sien die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement van Orde punt 9.2.1.2.2).

2.4 Kerkraadslede word op ’n kerkraadsvergadering verkies.

2.5 Verkose kerkraadslede word so spoedig moontlik skriftelik (elektronies geld as skriftelik) van hulle verkiesing in kennis gestel.

2.6 Verkose en herverkose kerkraadslede se name word op twee agtereenvolgende Sondae na die verkiesing aan die gemeente vir approbasie (stilswyende goedkeuring) bekend gemaak.

2.7 Indien 'n beswaar teen enige verkose kerkraadslid ontvang word, belê die voorsitter sonder versuim 'n kerkraadsvergadering (nie gedesentraliseerde kerkraadsvergadering nie) om die beswaar te oorweeg.

2.7.1 Tydens die oorweging kan die beswaarmaker en die persoon oor wie die beswaar gaan, aangehoor word.

2.7.2 Indien nodig, word 'n tugondersoek in terme van artikel 59-66 van die Kerkorde gedoen.

2.7.3 Indien 'n beswaar grondig bevind word, word die verkiesing nietig verklaar en word 'n ander persoon as kerkraadslid verkies.

2.8 Ouderlinge of diakens kan nie in die amp bevestig word alvorens hulle bewys van lidmaatskap ontvang en in die lidmaatregister aangeteken is nie.

2.8.1 Die bevestiging van nuutverkose kerkraadslede aan wie approbasie verleen is, vind so spoedig moontlik plaas. Kerkraadslede wat in dieselfde amp herkies is en aan wie approbasie verleen is, word nie weer bevestig nie.

2.8.2 Die bevestiging word waargeneem deur enige van:

2.8.2.1 'n plaaslike predikant;

2.8.2.2 die konsulent; of

2.8.2.3 'n ander predikant op versoek van die kerkraad.

## 3. DIENSTERMYN VAN KERKRAADSLEDE

3.1 Elke kerkraad bepaal die dienstermyn van kerkraadslede.

3.2 Kerkrade moet toesien dat daar sover moontlik gereelde wisseling van kerkraadslede plaasvind.

## 4. VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD

4.1 'n Kerkraad verkies jaarliks 'n voorsitter aan die hand van die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement van Orde (sien ook punt 8.1 van hierdie reglement).

4.2 Take van die voorsitter

4.2.1 Die voorsitter van die vergadering

4.2.1.1 is verantwoordelik vir die leiding en ordelike verloop van die vergadering;

4.2.1.2 is saam met al die predikante verantwoordelik vir die opstel van 'n agenda vir die kerkraadsvergadering;

4.2.1.3 stel agendapunte tydens die vergadering aan die orde;

4.2.1.4 sien toe dat die verlangde toeligting by die behandeling van agendapunte gegee word;

4.2.1.5 onderteken saam met die skriba die notule van die vergadering;

4.2.1.6 roep in samewerking met die dagbestuur van die kerkraad buiten-gewone vergaderings van die kerkraad byeen (sien 7.11 van hierdie reglement); en

4.2.1.7 is sameroeper van die dagbestuur.

4.2.2 Indien die aangeleentheid dit vereis, mag die voorsitter wenke/toeligting aan die hand doen om die vergadering te help om tot 'n besluit te kom.

4.2.3 Die voorsitter handel volgens die Reglement van Orde (reglement 2). Wanneer 'n situasie ontstaan waarvoor hierdie reglement nie voorsiening maak nie, handel die voorsitter eties, volgens gebruik en goeie oordeel. In die geval van beswaar teen die handelswyse van die voorsitter beslis die vergadering.

*Gegewe die gereformeerde kerkbegrip en die rol wat 'n predikant in 'n gemeente behoort te speel met betrekking tot die teologiese en kerkregtelike leiding van die kerkraad en gemeente, is dit prinsipieel nie verkeerd as 'n predikant van 'n gemeente as voorsitter van 'n kerkraad optree nie. Maatreëls moet egter getref word om 'n botsing van belange te voorkom. Die ring het 'n belangrike toesighoudende funksie in hierdie verband.*

## 5. SKRIBA VAN DIE KERKRAADSVERGADERING

5.1 'n Kerkraadsvergadering het 'n skriba wat die kennisgewing en notulering van die vergadering behartig.

5.2 Die skriba word deur die vergadering aangewys.

5.3 Indien die skriba nie lid van die vergadering is nie (byvoorbeeld saakgelastigde, administratiewe beampte, ens.), het hy nie stemreg nie en moet die kerkraad toestemming gee dat hy die vergadering mag bywoon. Sodanige toestemming kan eenmalig geskied.

5.4 Die skriba voer opdragte van die voorsitter uit wat verband hou met die vergadering.

5.5 Die skriba behartig alle korrespondensie van die kerkraadsvergadering (tensy anders besluit deur die kerkraad) in ooreenstemming met die besluite van die vergadering.
5.6 Die notule van ’n kerkraadsvergadering word deur die skriba saam met die voorsitter onderteken nadat dit deur die vergadering goedgekeur is.
5.7 Die skriba mag vanweë die beginsel van botsende belange nie ’n direkte familielid van die voorsitter van die kerkraad wees nie.

**6. FINANSIËLE BEAMPTE/SAAKGELASTIGDE VAN DIE GEMEENTE**
6.1 Die kerkraad stel ’n finansiële beampte/saakgelastigde aan. (Sien die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir Kerklike Goedere).
6.2 Die finansiële beampte/saakgelastigde mag vanweë die beginsel van botsende belange nie ’n direkte familielid van die voorsitter van die kerkraad of voorsitter van enige diensgroep of taakspan van die kerkraad wees nie.

**7. VERGADERING VAN KERKRAAD**
7.1 ’n Kerkraad vergader minstens vier keer per jaar.
7.2 Gewone kerkraadsvergaderings geskied na bekendmaking by die erediens en skriftelike (elektroniese) kennisgewing aan die lede.
7.3 ’n Kerkraadsvergadering is ’n geslote vergadering tensy die kerkraad anders besluit.
7.4 Vir ’n kerkraadsvergadering is ’n kworum meer as die helfte van die getal dienende kerkraadslede.
7.5 Christus regeer die kerk deur sy Woord en Gees, daarom moet ’n predikant kragtens sy diens in die gemeente as predikant altyd saam met die kerkraad vergader. Wanneer sake bespreek word wat enige lid van die vergadering direk raak (voorsitter en predikante ingesluit), moet hy die vergadering tydelik verlaat indien die vergadering so besluit.
7.6 Indien geen plaaslike predikant by ’n kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie, moet die konsulent of ’n ander predikant deur die ringskommissie daartoe gemagtig, die vergadering adviserend namens die ring bywoon, met verslag aan die ringskommissie. Die persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.
7.7 Die opening van kerkraadsvergaderings geskied deur ’n predikant.
7.8 Die predikant is saam met die voorsitter van die vergadering verantwoordelik dat die geestelike aard en waardes tydens kerkraadsvergaderings gehandhaaf word.
7.9 Kerkraadsvergaderings geskied in biddende afhanklikheid van God die Vader, in erkenning van Jesus Christus as die hoof van die kerk, onder leiding van die Heilige Gees en aan die hand van die Bybel as Woord van God.
7.10 Kerkraadsvergaderings is luisterende vergaderings waar deurlopend na die wil van God gesoek word deur te luister na die Woord, na die kerk (belydenisskrifte en kerkpraktyk), na mekaar en na die wêreld.
7.11 Kerkraadsvergaderings word deurlopend gekenmerk deur onder andere die volgende waardes: vertroulikheid, eerbaarheid, respek, vertroue, deernis, openheid, inskiklikheid en verantwoordbaarheid.
7.12 Buitengewone vergaderings van die kerkraad is ’n dringende vergadering met ’n geslote agenda en geskied op die volgende voorwaardes:
7.12.1 Die dagbestuur is verplig om oor die moontlikheid van ’n buitengewone vergadering te beslis sodra een of meer lede van die kerkraad, met opgaaf van redes, so ’n versoek rig.
7.12.2 Die byeenroep van ’n buitengewone vergadering geskied met opgaaf van redes en met skriftelike/elektroniese kennisgewing aan al die kerkraadslede.
7.12.3 ’n Buitengewone vergadering mag slegs dié sake bespreek waarvoor dit belê is.
7.12.4 Revisiebesluite kan nie by buitengewone vergaderings geneem word nie.

**8. ROEPING VAN DIE KERKRAAD**
Die kerkraad se primêre roeping is leierskap met betrekking tot:
8.1 die missionale aard van die gemeente;
8.2 die toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk;
8.3 die opbou van die gemeente as liggaam van Christus (Efesiërs 4:12);
8.4 rentmeesterskap deur die etiese bestuur en administrasie van hulpbronne.

## 9. TAAK VAN DIE KERKRAAD

Die kerkraad se taak behels

**9.1 Bediening**

9.1.1 die reël van eredienste (waaronder doop en nagmaal) asook ander geestelike byeenkomste (die Kerkorde artikel 48 en 49). Kragtens Artikel 9 van die Kerkorde neem predikante hier die leiding;

9.1.2 die toesig (opsig) oor die leer en lewe van lidmate en die besondere ampte van die gemeente asook die handhawing van kerklike orde en tug (die Kerkorde artikel 59-66). Hierdie take kan nie na ’n gedesentraliseerde kerkraad afgewentel word nie;

9.1.3 die bemagtiging, begeleiding en toerusting van lidmate vir hulle kerklike dienswerk;

9.1.4 die toerusting en toelating van nuwe lidmate wat belydenis van geloof aflê; en

9.1.5 die bestudering van die kerk se leer en ander aktuele sake vir voorligting aan die gemeente;

**9 .2 Lidmate en registers**

9.2.1 die hantering van alle lidmaatskap-aangeleenthede volgens kerklike besluite (die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir Kerklike Lidmaatskap);

9.2.2 die stiptelike voorsiening van die jaarlikse registerafskrifte aan die Argief voor 31 Mei (sien die Reglement vir die Hantering van Registers, Reglement 45: 6).

**9.3 Ekumene**

9.3.1 die behartiging van skakeling met gemeentes van die familie van NG Kerke en ander Christelike kerke om uitdrukking te gee aan die soeke na groter eenheid (die Kerkorde artikel 70);

**9.4 Huwelike**

9.4.1 die reëling en bevordering van die kerklike bevestiging van huwelike en die bepaling van gelde vir huwelike wat in die plaaslike gemeente bevestig word;

**9.5 Hulpbronbestuur**

9.5.1 die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die nakoming van alle statutêre vereistes. (sien reglement 20 en 20A)

**9.6 Eiendom en fondse**

9.6.1 die beheer oor en bestuur van die eiendom en fondse van die gemeente volgens kerklike reglemente (Die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir Kerklike Goedere);

9.6.2 die insameling van dankoffers en ander fondse soos deur die kerkraad besluit; en

9.6.3 verslag aan die ring en die sinode (volgens riglyne deur die saak-gelastigde van die sinode verskaf);

**9.7 Menslike hulpbronne**

9.7.1 die samestelling van ’n taakspan vir diensverhouding wat volgens kerklike reglemente na die belange, vergoeding asook die effektiewe dienslewering van die predikante en ander werknemers in diens van die gemeente, omsien;

9.7.2 die opstel van ’n personeelbeleid vir implementering in die gemeente. *(Die aktuarius kan gekontak word vir hulp aangaande predikante in dié verband. Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne van die sinode kan genader word vir hulp aangaande personeel van gemeentes in dié verband.)*

**9.8 Argief**

die instandhouding van die gemeentelike argief (die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Hantering van Argief- en Museummateriaal);

**9.9 Ring en sinode**

9.9.1 die voorsiening van geloofsbriewe van afgevaardigdes en sekundi vir vergaderings van die ring of sinode;

9.9.2 die jaarlikse voorsiening (voor 31 Mei) van een oorspronklik getekende eksemplaar en een afskrif van die gemeente se geouditeerde finansiële state aan die saakgelastigde van die sinode (die saakgelastigde besorg die oorspronklik getekende eksemplaar aan die argief);

9.9.3 die jaarlikse voorsiening (voor 31 Mei) van die "Vorm vir Kerklike Statistiek" in die formaat soos deur die Saakgelastigde van die sinode versoek; en

9.9.4 die beskikbaarstelling van enige ander gemeente-informasie wat deur die ring of sinode aangevra mag word;

**9.10 Predikant**
die hantering van alle sake rakende die predikantspos volgens kerklike reglemente.

**10 DIE TAAK VAN DIE KERKRAAD TEN OPSIGTE VAN DIE SKEP, VUL VAN ’N PREDIKANTSPOS.**

Hierdie punt van die reglement moet in samehang met die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Bedienaars van die Woord gelees word.

10.1 Enige predikantspos (voltyds of deeltyds) kan slegs geskep/gevul word, indien die ring/ringskommissie dit goedgekeur het.

10.2 By die ontstaan van ’n vakature gee ’n kerkraad deur die voorsitter of konsulent dadelik aan die skriba van die ringskommissie en die saakgelastigde van die sinode kennis.

10.3 By die ontstaan van ’n vakature moet die kerkraad so spoedig moontlik ’n beroep uitbring. Dit geskied in samewerking met die ring of ringskommissie (Kerkorde artikel 8.1). *(Sien Kerkorde artikel 31.3 en die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Bedienaars van die Woord – reglement 11.) Die ring/ringskommissie het* ’n *verantwoordelikheid om in samewerking met* ’n *kerkraad toe te sien dat die vakature so spoedig moontlik gevul word (Kerkorde artikel 7; reglement 13 - Reglement vir Voltyds-onbepaalde Termynposte).*

10.4 By die bevestiging en uitdienstreding van ’n predikant moet die kerkraad in samewerking met die ringskommissie toesien dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen word (Kerkorde artikel 8.3, 11 en 12).

10.5 Die kerkraad gaan ’n diensooreenkoms met die predikant aan volgens kerklike reglemente en riglyne.

10.6 Die vergoeding van die predikant geskied volgens die riglyne van die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir Voltyds-onbepaalde Termynposte (reglement 13.6) asook die jongste vergoedingskale van die Algemene Sinode.

10.7 Die kerkraad neem verantwoordelikheid vir die beroepte predikant vanaf die datum van demissie by sy vorige gemeente. Wanneer ’n predikant voor sy bevestiging in die nuwe gemeente siek word, medies ongeskik verklaar word of te sterwe kom, neem die beroepende kerkraad steeds verantwoordelikheid vir hom. In die geval van proponente, begin die verantwoordelikheid vanaf die datum van bevestiging.

10.8 Die kerkraad wat beroep sorg vir die vervoer en verhuising van die beroepte en sy afhanklikes en hulle roerende besittings, binne redelike perke.

10.9 Die bevestiging vind so spoedig moontlik plaas nadat aan die kerkordelike vereistes voldoen is.

10.10 Na die bevestiging gee die kerkraad kennis aan:

10.10.1 die skriba van die ringskommissie;

10.10.2 die skriba van die Algemene Taakspan Predikantesake

10.10.3 die kerklike media;

10.10.4 die saakgelastigde van die sinode; en

10.10.5 die aktuarius (ingeval van ’n proponent).

**11. DIE TAAK VAN DIE KERKRAAD BY DEMISSIE VAN ’N PREDIKANT**

11.1 Demissie geskied tydens ’n erediens of by ’n kerkraadsvergadering waar die konsulent of ’n ander predikant uit die ring teenwoordig is (sien die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikante punt 11, asook vorm 10 en 11 van die Sinode van Wes-Kaapland).

11.2 Die ringskommissie, die saakgelastigde van die sinode, die Algemene Taakspan Predikantesake en die Kerkbode word in kennis gestel van die demissie.

11.3 Die kerkraad sien toe dat ’n predikant na bereiking van die ouderdom van 65 emeriteer. In buitengewone omstandighede waar dit die gemeente se funksionering gaan bevoordeel, mag ’n leraar op versoek van die kerkraad vir tot maksimum ses maande langer in diens van die kerkraad aanbly. Uitdienstreding geskied volgens kerklike reglemente (die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Bedienaars van die Woord; sien punt 12).

11.4 Die kerkraad het die verantwoordelikheid om behulpsaam te wees met die hervestigingskoste van ’n predikant wat aftree.

**12. TAKE VAN DIE KERKRAAD BY DIE AFSTERWE VAN ’N PREDIKANT**

12.1 Wanneer ’n predikant wat in diens van ’n gemeente staan te sterwe kom, is die huweliksmaat of ander afhanklike geregtig op ’n volle daaropvolgende maand se vergoedingspakket (toelaes ingesluit) asook drie maande se behuisingsvoordele, in beide gevalle soos voor afsterwe. Salaris, pensioen- en mediese premies word vir die maand waarin die sterwe plaasvind ten volle betaal. Die

volgende volle maand se vergoedingspakket is sonder die pensioenpremies (dit het gestaak) en die nuwe mediesefonds premie (met een lid minder) geld.

12.2 Die kerkraad het die verantwoordelikheid om behulpsaam te wees met die hervestiging van die predikant se huweliksmaat en afhanklike kinders soos hierbo genoem.
*Bogenoemde reëling is ook van toepassing in geval van die afsterwe van predikante in diens van die kerkverband.*

**13. FUNKSIONERING VAN KERKRAAD**

13.1 ’n Kerkraad het die reg om huishoudelike reglemente op te stel mits dit nie in stryd met die Kerkorde, reglemente en besluite van die sinode is nie.

13.2 Die kerkraad kan na die eis van omstandighede verskillende take met of sonder volmag toewys aan taakspanne / diensgroepe / kommissies.

13.3 ’n Kerkraad moet kommissies, diensgroepe, taakspanne en dagbestuur se opdrag en bevoegdheid duidelik omskryf en moet toesien dat daar binne hierdie mandaat opgetree word.

**Dagbestuur**

13.4 Kerkrade word aangemoedig om van ’n dagbestuur[4] gebruik te maak, en dit geskied op die volgende wyse:

13.4.1 Die dagbestuur word deur die vergadering uit lede van die kerkraad saamgestel.

13.4.2 Die voorsitter van die kerkraad sowel as die predikante van die gemeente is ex officio lede van die dagbestuur.

13.4.3 Die ledetal van die dagbestuur word deur die vergadering bepaal met dien verstande dat die predikante nie in die meerderheid nie..

13.4.4 Die dagbestuur vergader wanneer nodig en hanteer alle spoedeisende sake sover moontlik in ooreenstemming met kerkraadsbesluite en met volledige verslag aan die kerkraad.

**14. KERKRAAD WAT BEDANK OF DISFUNKSIONEEL GERAAK HET**

14.1 Wanneer ’n hele kerkraad bedank of nie langer kan funksioneer nie (sien Kerkorde artikel 22.2), moet die voorsitter/skriba van die kerkraad, met opgaaf van redes, onmiddellik die skriba van die ringskommissie skriftelik in kennis stel.

14.2 Die ringskommissie moet sonder versuim ’n vergadering van die kerkraad belê waarop gepoog moet word om die redes vir die toedrag van sake uit die weg te ruim.

14.3 Indien die ringskommissie nie daarin slaag om die kerkraad te oorreed om hul bedanking terug te trek nie, of die ringskommissie bevind na ’n ondersoek dat die kerkraad disfunksioneel[5] geraak het, word aan die voorsitter van die ringskommissie opdrag gegee om so spoedig moontlik ’n vergadering van die gemeente te belê om ’n ander kerkraad te verkies. So ’n verkiesing vind plaas volgens die metode uiteengesit in die Algemene Sinode se Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van gemeentes. (Reglement 23:1.1.5 – 23:1.1.10).

14.4 Intussen tree die ringskommissie in die plek van die kerkraad op (die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Ring).

14.5 Die koste van die ringskommissie in verband met die aangeleentheid, word deur die betrokke gemeente gedra.

**15. GEDESENTRALISEERDE KERKRAAD (WYKSKERKRAAD)**

15.1 Die term gedesentraliseerde kerkrade verwys na groeperinge in die gemeente wat met beperkte bevoegdhede in opdrag van die kerkraad, gedelegeerde take van die gemeentekerkraad verrig.

15.2 Gedesentraliseerde kerkrade het beperkte bevoegdhede. Die finale opsig- en tugfunksie berus by die gemeentekerkraad.

15.3 Gedesentraliseerde kerkrade moet duidelik omskrewe bevoegdhede hê, met goedkeuring van die ring (die Kerkorde artikel 27.1). Gedesentraliseerde kerkrade is verantwoordbaar vir hulle aksie of versuim aan die gemeentekerkraad.

15.4 Gedesentraliseerde kerkrade word saamgestel uit predikante, ouderlinge en diakens. Alle ouderlinge en diakens van die gedesentraliseerde kerkraad hoef nie op die gemeentekerkraad te dien nie. Wykskerkrade is een voorbeeld hiervan.

---

4 Daar is gemeentes wat die dagbestuur ’n Bestuurspan noem.

5 Disfunksionele kerkraad is ’n kerkraad wat nie meer die beste belang van die gemeente of die NG Kerk met hulle besluite of optrede dien nie of as gevolg van onvermoë/wanbestuur nie die gemeente of NG Kerk se belange beskerm nie.

**16. WYKSKERKRADE**

16.1 ’n Kerkraad mag besluit om die gemeente in twee of meer wyks-gemeentes te organiseer. ’n Wyksgemeente bestaan uit lidmate wat deur een of meer predikante bedien word en het ’n eie wykskerkraad (gedesentraliseerde kerkraad).

16.2 ’n Kerkraad gee aan ’n wykskerkraad (gedesentraliseerde kerkraad) ’n duidelik omskrewe bevoegdheid. Hierdie reëlings word in ’n huishoudelike reglement opgeneem. Gedesentraliseerde kerkrade is verantwoordbaar vir hulle aksie of versuim aan die gemeentekerkraad.

16.3 Wykskerkrade kan kerkraadslede vir die betrokke wyksgemeente kies. Vir die verkiesing geld die gewone verkiesingsprosedures (sien die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement van Orde).

16.4 Tugondersoeke van lidmate, die beroeping van predikante en diensverhoudinge van menslike hulpbronne, asook sake wat die regspersoon van die gemeente raak (byvoorbeeld eiendomme en finansies), kan nie aan wykskerkrade gedelegeer word nie.

**17. KONSULENT**

17.1 Die ring benoem vir elke gemeente ’n konsulent om tydens die vakature of langdurige afwesigheid van ’n predikant die noodsaaklike ampspligte (die Kerkorde artikel 9) in oorleg met die kerkraad waar te neem. Konsulente kan ook oor ander sake betrokke raak in ’n gemeente indien die ring hom/haar so versoek. Kerkrade word van die benoeming van die konsulent in kennis gestel.

17.2 Kostes

17.2.1 Reis- en verblyfkostes (volgens sinodale riglyne) en ander noodsaaklike onkoste van die konsulent word deur die kerkraad van die vakante gemeente gedra.

17.2.2 Die konsulent oorhandig aan die vakante kerkraad maandeliks ’n gedetailleerde kostestaat. Dit sluit in: kilometers afgelê, verblyfkostes en ander noodsaaklike kostes.

17.2.3 Vir meer besonderhede oor die konsulent sien die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Ring.

---

## REGLEMENT 4

## REGLEMENT VIR KERKLIKE LIDMAATSKAP

**Inleiding**

Ons glo dat elkeen van ons ’n lewende lid is van die gemeente van die Here wat Hy vir Hom uitverkies, vergader en onderhou. Ons glo dat ons gelowiges almal saam en elkeen afsonderlik met die Here gemeenskap het en aan al sy gawes deel het en dat elkeen verplig is om sy/haar gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (uit Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus).

**1. UITGANGSPUNT RAKENDE LIDMAATSKAP**

1.1 Die term kerklidmaat of lidmaat is

1.1.1 ’n aanduiding van die band tussen ’n gemeente en ’n individu waarvolgens die gemeente die individu as deel van die gemeente se verbondsverhouding met God aanvaar en

1.1.2 waarvolgens die individu deelneem aan die diens van die gemeente aan God, medemens en skepping.

1.2 ’n **Dooplidmaat** is ’n lidmaat wat gedoop is maar nog nie belydenis van geloof afgelê het nie.

1.3 ’n **Belydende lidmaat** is ’n lidmaat wat belydenis van geloof volgens die reëling van die kerk afgelê het.

1.4 Dooplidmate en belydende lidmate is op grond van die verbond volledig lidmate van die kerk.

1.5 Die onderskeid tussen doop- en belydende lidmaatskap dui nie op dubbele lidmaatskap nie. Dit is slegs ’n manier om uitdrukking te gee aan die verskil in verantwoordelikhede rondom lidmaatskap en dui ’n onderskeid aan in die proses van lidmaatskapontwikkeling.

1.6 Lidmaatskap van ’n gemeente (nie noodwendig die een binne wie se geografiese grense gewoon word nie) is verpligtend. Niemand kan lid van die NG Kerk wees sonder om aan ’n plaaslike gemeente te behoort nie. Daarom kom dit op afskeiding van die kerk neer as ’n lidmaat weier om sy/haar attestaat by ’n gemeente in te dien.

1.7 Die verantwoordelikheid om by ’n gemeente in te skakel lê in die eerste plek by lidmate self.

**2. LIDMAATSKAPVOORREGTE EN -REGTE**

2.1 Die voorreg en reg van lidmaatskap behels onder andere:

2.1.1 om in die gemeente diensbaar te wees;

2.1.2 om belydenis van geloof af te lê;

2.1.3 toegang tot die sakramente (slegs ongesensureerde lidmate);

2.1.3 om tot die besondere amp verkies te word; (Omdat die ontwikkeling na belydende lidmaatskap gepaard gaan met die gereedheid om meerdere verantwoordelikheid tot diens en leiding in die gemeente te aanvaar, kan slegs belydende lidmate tot die ampte [diens, leierskap] gekies word.);
2.1.4 om 'n attestaat te ontvang;
2.1.5 om onderrig te ontvang in die gemeente;
2.1.6 pastorale versorging; en
2.1.7 om na 'n meerdere vergadering te appelleer teen die bindende besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigde taakspanne met inagneming van artikel 23.2 van die Kerkorde.
2.2 Die uitoefening van hierdie regte is onderworpe aan artikel 64 van die Kerkorde.

**3. DOOPLIDMATE**
3.1 'n Dooplidmaat se naam word saam met dié van die ouers op die attestaat vermeld.
3.2 Alternatiewelik word 'n doop attestaat uitgereik.

**4. BELYDENISAFLEGGING DEUR DOOPLIDMATE**
4.1 Die ondersoek met die oog op die belydenisaflegging:
4.1.1 handel oor die geloofslewe en lewenswandel van die katkisant;
4.1.2 vind plaas namens die kerkraad deur die predikant, die konsulent of 'n ander predikant deur die kerkraad gevra, saam met een of meer ouderlinge;
4.1.3 vind plaas nadat die bewys van doop in die register van die gemeente aangeteken is;
4.1.4 vind plaas nadat die kategetiese leerplan soos deur die kerkraad voorgeskryf ten volle deurloop is (met uitsonderlike gevalle – byvoorbeeld in geval van verstandelike gestremdheid – mag die kerkraad hiervan vrystelling verleen.);
4.1.5 vind plaas na die ouderdom van sestien jaar, tensy die kerkraad kwytskelding van die reëling verleen.

4.2 Die openbare aflegging van geloofsbelydenis behels:
4.2.1 'n getuienis van persoonlike geloof in Jesus Christus;
4.2.2 onderskrywing van die Bybel as die Woord van God;
4.2.3 onderskrywing van die gereformeerde leer soos vervat in die belydenisskrifte van die Christelike geloof;
4.2.4 'n verklaring van gereedheid en bereidheid om in die gemeente te dien.

4.3 Die openbare aflegging van geloofsbelydenis vind plaas
4.3.1 aan die hand van die voorgeskrewe formulier;
4.3.2 in die openbare erediens; of
4.3.3 by hoë uitsondering, bv. in geval van verstandelike gestremdheid, met die toestemming van die kerkraad in die teenwoordigheid van 'n kommissie uit die kerkraad, met bekendmaking aan die gemeente.
4.4 Dooplidmate wat in 'n ander gemeente as dié waartoe hulle behoort, wil katkiseer en/of belydenis aflê, moet verlof verkry van beide kerkrade.

**5. BELYDENISAFLEGGING DEUR ONGEDOOPTES OUER AS SESTIEN JAAR**
5.1 Die ondersoek van ongedooptes ouer as 16 jaar met die oog op belydenisaflegging
5.1.1 handel oor die geloofslewe en lewenswandel van die ongedoopte;
5.1.2 vind plaas namens die kerkraad deur die predikant, die konsulent of 'n ander predikant deur die kerkraad gevra, saam met een of meer ouderlinge;
5.1.3 vind plaas nadat die kategetiese leerplan ten volle deurloop is.

5.2 Die openbare aflegging van geloofsbelydenis behels
5.2.1 'n getuienis van persoonlike geloof in Jesus Christus;
5.2.2 onderskrywing van die Bybel as die Woord van God;
5.2.3 onderskrywing van die gereformeerde leer soos vervat in die belydenisskrifte van die Christelike geloof;
5.2.4 'n verklaring van gereedheid en bereidheid om in die gemeente te dien.

5.3 Die openbare aflegging van geloofsbelydenis vind plaas
5.3.1 aan die hand van die voorgeskrewe formulier;
5.3.2 in die openbare erediens.

5.4 Die ongedooptes word tydens dieselfde erediens waar belydenis-aflegging plaasvind, gedoop. Die doop vind plaas na belydenisaflegging.

**6. RIGLYNE VIR PRAKTIESE HANTERING VAN LIDMAATSKAP**

6.1 ’n Lidmaat het die keuse om by ’n ander gemeente as die een waarbinne hy geografies woon, in te skakel.

6.2 ’n Lidmaat versoek die gemeente waar hy inskakel om sy bewys van lidmaatskap vanaf die vorige gemeente aan te vra.

6.3 ’n Kerkraad behoort nie sonder meer ’n lidmaat te verwelkom as die motivering vir sy keuse om in te skakel verband hou met slegte verhoudings tussen dié persoon en iemand anders in die gemeente vanwaar hy kom nie. In so ’n geval moet die kerkraad deur pastorale begeleiding die saak hanteer.

**7. OORDRAG VAN LIDMAATSKAP TUSSEN NG GEMEENTES**

**7.1 Belydende lidmate**

7.1.1 Die oordrag van lidmaatskap van een gemeente na ’n ander geskied deur ’n bewys van lidmaatskap of ’n attestaat.

7.1.2 ’n Lidmaat is verantwoordelik om met die nuwe gemeente se kerkraad of saakgelastigde (administratiewe beampte) te reël vir die oordrag van lidmaatskap.

7.1.3 Sodra die bewys van lidmaatskap/attestaat deur die nuwe gemeente ontvang is, word die lidmaat die pastorale verantwoordelikheid van daardie gemeente.

7.1.4 ’n Persoon bly lidmaat van die gemeente waarby hy ingeskakel het totdat ’n bewys van lidmaatskap of attestaat na die nuwe gemeente oorgeplaas is.

7.1.5 Indien ’n bewys van lidmaatskap nie opgespoor kan word nie, verklaar die lidmaat aan die hand van vorm 6 dat hy wel belydenis van geloof in ’n NG-gemeente afgelê het. Indien die kerkraad dit aanvaar, word die besonderhede in die lidmaatregister ingeskryf. In die opmerkingskolom word aangeteken dat ’n verklaring ingelewer is, asook die datum van die kerkraadsbesluit (voorbeeld: Verklaring ingelewer. KR 10.06.2019).

**7.2 Lidmate wat onder tug is**

By die uitreiking van bewys van lidmaatskap in gevalle waar ’n lidmaat onder tug is, moet ’n begeleidende brief direk aan die betrokke kerkraad gestuur word.

**8. OORKOMS VAN LIDMATE UIT ANDER KERKE NA ’N NGK GEMEENTE**

Vir reëlings in verband met die oorkoms van lidmate van ander kerke na ’n NG Kerk gemeente, sien die Algemene Sinode se Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerk en Groepe.

**9. KERKLIKE LIDMAATSKAP EN TUG**

9.1 Alle doop- en belydende lidmate van die gemeente staan onder die opsig en tug van die kerkraad. (Ouderlinge, diakens, predikante, emeriti en proponente staan onder opsig en tug van die ring, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit.)

9.2 Die kerklike opsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van lidmate.

9.3 Lidmaatskap kan as uiterste stap van tug beëindig word.

9.4 ’n Persoon wie se lidmaatskap deur ’n tughandeling beëindig is, kan slegs deur belydenis van geloof weer ’n belydende lidmaat word.

9.5 Vir reëlings in verband met kerklike opsig en tug, sien artikels 59-66 van die Kerkorde.

**10. VERLIES VAN LIDMAATSKAP**

10.1 Lidmate verloor lidmaatskap deur bedanking:

10.1.1 deur skriftelike/elektroniese kennisgewing aan die kerkraad; of

10.1.2 deur mondelinge mededeling voor die kerkraad of ’n kommissie van die kerkraad.

10.2 Die kerkraad verklaar vervolgens hulle lidmaatskap nietig, notuleer dit, teken dit in die registers aan en maak dit aan die gemeente bekend.

10.3 Waar iemand hom/haar nie formeel van die gemeente afskei nie, maar tog skuldig is aan godsdienstige bedrywighede of ander gedrag wat volgens die oordeel van die kerkraad ’n verbreking van die lidmaatbelofte is, word volgens die voorskrifte van die kerklike tug gehandel.

---

## REGLEMENT 5

## REGLEMENT VIR DIE DOOP

**1. DIE DOOP**

1.1 van verbondskinders moet so gou as moontlik aangevra en bedien word;
1.2 word bedien aan kinders van belydende lidmate van die gemeente;
1.3 word bedien aan kinders van belydende lidmate van ander NG gemeentes, mits skriftelike/elektroniese toestemming van die predikant of ’n ouderling van daardie gemeente verkry is waarin bevestig word dat ’n dooponderhoud gevoer is;
1.4 mag bedien word aan die kinders van lidmate van erkende Protestantse kerke, mits skriftelike/elektroniese toestemming ontvang is van die predikant of verantwoordelike verteenwoordiger van hul eie gemeente;
1.5 mag alleen aan aangenome kinders bedien word wanneer hul opvoeding waargeneem word deur belydende lidmate wat in staat is om die doopbelofte na te kom;
1.6 word bedien aan ongedooptes ouer as sestien jaar nadat hulle openbare belydenis van geloof afgelê het;
1.7 mag nie bedien word aan kinders wat aangeneem word voordat die aanneming wetlik afgehandel is nie;
1.8 mag nie geweier word aan ongesensureerde lidmate se kinders nie;
1.9 word deur ’n predikant bedien;
1.10 word in die openbare erediens bedien (word slegs by hoë uitsondering buite die openbare erediens bedien); en
1.11 word met die gebruikmaking van ’n goedgekeurde liturgiese formulier bedien.

**2. AANSOEK OM TE DOOP**

2.1 Ouers wat wil laat doop moet volgens hulle eie gemeente se reëlings aanmeld.
2.2 ’n Predikant van die gemeente moet met voornemende doopouers ’n gesprek voer oor die betekenis van die doop asook die voorregte en verantwoordelikhede wat dit meebring.
2.3 Waar ouers hul kind in ’n ander gemeente wil laat doop, moet skriftelike/ elektroniese toestemming van ’n eie gemeentepredikant, of by sy afwesigheid, van ’n ouderling van die gemeente verkry word.
2.4 Skriftelike/elektroniese toestemming om in ’n ander gemeente te doop, kan alleen verleen word nadat die doopgesprek met ouers deur ’n eie gemeentepredikant gevoer is.
2.5 Hierdie toestemming moet vermeld dat die onderhoud met die doopouers gevoer is.
2.6 Hierdie toestemming kan slegs gegee word ten opsigte van ander gemeentes van die NG Kerk of erkende Protestantse kerke.
2.7 Waar die predikant of ouderling toestemming weier dat die kind elders gedoop kan word, mag die ouers hulle tot die kerkraad wend.
2.8 Waar die predikant of ’n ouderling toestemming tot die doop in ’n ander gemeente verleen, moet daarvan aan die kerkraad verslag gedoen word.
2.9 Let op die volgende:
2.9.1 Lidmate wat na herhaalde vermanings versuim om hul kinders te laat doop, stel hulle bloot aan die tug.
2.9.2 Alhoewel lidmate aangemoedig word om hul huwelik nie alleen burgerlik te laat bevestig nie, maar ook met kerklike inseëning, is ’n huwelik wat nie kerklik ingeseën is nie geen beletsel vir die bediening van die doop aan kinders nie.
2.9.3 Aanneemouers is verplig om die doopbelofte na te kom wanneer kinders wat reeds gedoop is, aangeneem word.

**3. DOOP VAN KINDERS OUER AS SEWE JAAR**

3.1 Die doop van ’n kind ouer as sewe jaar (voor belydenisaflegging):
3.1.1 Die kerkraad moet daarvan oortuig wees dat die ouers/doopgetuies se gesindheid en meelewing na wense is; en
3.1.2 die kind wat gedoop word, moet in staat wees om, na gelang van bevatlikheid, ’n eenvoudige belydenis af te lê.
3.1.3 Die eenvoudige belydenis wat deur die kind by die dooponderhoud afgelê word, kan geskied deur slegs "ja" te antwoord op die volgende vrae:
Glo jy dat die Bybel die Woord van God is?
Glo jy dat God, die Vader, die Skepper van hemel en aarde is?
Glo jy dat die Here Jesus Christus vir jou sondes gesterf het en dat Hy uit die dood opgestaan het, en het jy Hom lief?

Glo jy dat die Heilige Gees in jou woon en jou lewe nuut maak?

3.2 Hierdie doopbediening geskied in die erediens en die ouers antwoord op die doopvrae.

3.3 Wanneer ’n predikant beswaar mag hê om die doop te bedien, moet dit aan die doopouers meegedeel word en moet die kerkraad so spoedig moontlik hieroor ’n besluit neem.

3.4 Die kerkraad doen verslag aan die ring van hierdie doopbediening(s) met opgaaf van redes.

**4. DOOP BY BELYDENISAFLEGGING DEUR ONGEDOOPTES OUER AS SESTIEN JAAR**

4.1 Die ongedooptes word by dieselfde erediens waar belydenisaflegging plaasvind, gedoop. Die doop vind plaas na belydenisaflegging.

4.2 Sien die Sinode van die Wes-Kaapland se Reglement vir Kerklike Lidmaatskap punt 5 vir reëlings in verband met belydenisaflegging en doop van ongedooptes ouer as sestien jaar.

**5. DOOP VAN KINDERS IN PLEEGSORG**

5.1 Kinders in pleegsorg kan gedoop word mits:

5.1.1 die pleegouers en die pleegsorginstansie hulleself daarvan vergewis het dat die plasing na alle waarskynlikheid langdurig is; en

5.1.2 die betrokke kerkraad daartoe toestemming verleen.

5.2 Pleegouers wat die kind ten doop bring, word as pleegouers in die doopregister aangedui.

**6. DOOP VAN KINDERHUISKINDERS**

6.1 ’n Kinderhuiskind van sewe jaar en ouer, wie se plasing in die kinderhuis na alle waarskynlikheid permanent sal wees, kan gedoop word.

6.2 ’n Kerkraad kan toestemming tot die doop verleen nadat:

6.2.1 die biologiese ouers, waar moontlik, daaroor geraadpleeg is; en

6.2.2 lidmate hulleself bereid verklaar het om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsopvoeding en as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier antwoord by die bediening van die doop.

6.3 Vir doeleindes van die doopgelofte kan ’n kinderhuis of ’n gemeente nie verantwoordelikheid vir die verbondsopvoeding aanvaar nie.

**7. DOOP VAN KINDERS UIT BUITELAND**

7.1 As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon hul kind in ’n ander gemeente as hul tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike/elektroniese toestemming van hul tuisgemeente verkry.

7.2 As lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by ’n gemeente inskakel hul kind in Suid-Afrika wil laat doop, is die prosedure soos volg:

7.2.1 Die doopgesprek word deur die predikant waar die kind gedoop word gevoer.

7.2.2 Hulle moet skriftelike/elektroniese toestemming van hul gemeente in die buiteland verkry.

7.3 As lidmate wat permanent in die buiteland woon nie daar by ’n gemeente inskakel nie, maar in Suid-Afrika wil laat doop, word die volgende prosedure gevolg:

7.3.1 Die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, vra hulle bewys van lidmaatskap aan van die gemeente waar hulle lidmate was voordat hulle geëmigreer het.

7.3.2 Die doopgesprek word met hulle gevoer deur die gemeente wat die doop gaan bedien.

7.3.3 Tydens die doopgesprek word hulle gevra na die redes waarom hulle nie by ’n gemeente inskakel nie en word hulle aangespoor om wel by ’n gemeente in die buiteland in te skakel.

**8. DOOP VAN KINDERS VAN LIDMATE VAN ANDER KERKE**

Vir reëlings in verband met die bediening van die doop van kinders van lidmate van ander kerke, sien die Algemene Sinode se Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe.

**9. BYSTAAN VAN LIDMATE VAN ANDER KERKE BY DOOP-BEDIENING**

9.1 Lidmate van ander kerke met ’n gereformeerde belydenis kan saam met hulle eggenote (wat lidmate van ’n gemeente van die NG Kerk is) staan en op die vrae antwoord wanneer hulle kinders gedoop word, mits:

9.1.1 hulle skriftelike/elektroniese toestemming van hulle eie kerkraad het;

9.1.2 hulle eie kerkraad die dooponderhoud gedoen het; of

9.1.3 die NG Kerk gemeente die dooponderhoud gedoen het.

9.2 Lidmate van ander Christelike kerke en sektes, asook mense wat Christus bely, maar nie formeel aan ’n kerk behoort nie, kan saam met hulle eggenote wat lidmate van ’n gemeente van die NG Kerk is, staan wanneer hulle kinders gedoop word, mits:

9.2.1 die NG Kerk gemeente die dooponderhoud gedoen het, en

9.2.2 sodanige lidmate bewus is daarvan dat hulle nie hoef te antwoord op die vrae wat aan hulle gestel

word nie.

9.3 Wanneer geeneen van die ouers geregtig is om op die doopvrae te antwoord nie, kan die kerkraad in oorleg met die ouers ’n doopgetuie(s) vind wat genoegsame waarborg kan bied vir die verbondsopvoeding van die dopeling.

**10. ERKENNING/AANVAARDING VAN ANDER KERKE SE DOOP DEUR DIE NG KERK**

10.1 **Beginsel**
10.1.1 Die doop van persone uit ander kerke word erken/aanvaar mits
10.1.1.1 die doop bedien is in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees;
10.1.1.2 die doop met water bedien is; en
10.1.1.3 die doop bedien is deur ’n persoon wat deur die betrokke kerk afgesonder is vir die bediening van die Woord en die sakramente.

10.2 **Doop van die Apostelkerke**
10.2.1 Die doop van persone wat in een van die Apostelkerke gedoop is, word nie aanvaar nie.
10.2.2 Apostelkerke wie se doop nie aanvaar word nie is onder andere
10.2.2.1 Ou Apostel Kerk;
10.2.2.2 Nuwe Apostel Kerk;
10.2.2.3 Apostel Eenheid; en
10.2.2.4 Twaalf Apostels.
10.2.3 Hierdie reëling geld onder meer vanweë die volgende redes:
10.2.3.1 By die apostelkerke word God nie erken as die Drie-enige God van die Bybel nie. Die persoon en werk van God Drie-enig is van kardinale belang by die inhoud van die doop.
10.2.3.2 Die doop as teken en seël van die verlossing in Christus en van die nuwe verbond word misken, omdat Christus se verlossing verdring word deur ’n leer en praktyk van selfverlossing.
10.2.3.3 Die posisie van Christus as Here en hoof van sy kerk word verdring deur die sogenaamde apostelamp.
10.2.3.4 Die Bybel as die Woord van God, die enigste grond van ons geloof, word ondergeskik gestel aan die lewende woord van die sogenaamde apostelamp.

**11. OORDOOP/HERDOOP**
11.1 Beginsel:
11.1.1 Die NG Kerk bely die doop as ’n eenmalige gebeurtenis wat:
11.1.1.1 in die vorm van die kinderdoop kinders van gelowige ouers in die genadeverbond inlyf;
11.1.1.2 in die vorm van die volwassedoop mense wat van buite die kerk tot geloof kom in die genadeverbond inlyf.
11.2 Standpunt
11.2.1 Die NG Kerk is oortuig dat die herdoop van lidmate die blywende betekenis van die eenmalige handeling van God in die doop geweld aandoen. In beginsel moet herdoop as ’n dwaling gesien word.
11.3 Hantering:
11.3.1 Lidmate wat hulle laat oordoop/herdoop het moet soos alle ander lidmate wat probleme het met een of ander aspek van die leer of praktyk van die kerk, pastoraal en respekvol hanteer word.
11.3.2 Lidmate wat hulle laat oordoop het, moet onder die besef gebring word dat die kerk nie hulle optrede goedkeur nie en sy bes sal doen om hulle tot insigte te bring wat in lyn is met die gereformeerde verstaan van die doop.
11.3.3 Wanneer dit tydens enige fase van die persoonlike pastoraat duidelik word dat die oorgedoopte, en trouens enige ander lidmaat, oortuigings het wat die wese van die evangelie aantas, behoort verder met die kerklike tug teen so iemand opgetree te word, wat uiteindelik ook op die uiterste stap van afsnyding kan uitloop. Dit beteken dat persone wat hulle laat oordoop, soos enige ander lidmaat, wel aan verdere kerklike tug onderworpe is, alhoewel nie sondermeer omdat hulle hulle laat oordoop het nie.
11.3.4 Teenoor ampsdraers wat in hierdie opsig dwaal, moet strenger opgetree word as teenoor gemeentelede. Ampsdraers moet in die amp gestuit word totdat die saak ondersoek is.

**12. DOOPHERINNERING/HERDENKING**

*Vir meer agtergrond inligting, sien Besluite in verband met die doop van die Algemene Sinode 2011, 2013 en 2015*

12.1. Die verbondsdoop gee uitdrukking aan die grondwaarheid van die evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.
Kerkrade moet toesien dat die regsinnige gereformeerde teologie van die sakramente ondubbelsinnig geleer en gepraktiseer word.

12.2 Doopherinnering hang direk met die verbondsdoop/Christelike doop saam en mag nie as ’n herdoop of weerdoop bedien, geïnterpreteer of beleef word nie. **Die liturg se handelinge by** ’n **doopherinnering moet nooit die indruk van** ’n **doopritueel laat nie.** Doopherinnering is nie ’n sakrament nie en vervang nie die verbondsdoop nie. Doopherinnering is ’n simboliese handeling waar verbondskinders uitdrukking gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus en kan by herhaling geskied.

12.3 Doopherinnering behoort deel uit te maak van ’n normale doopgeleentheid omdat elke doopgeleentheid in wese ook ’n doopherinnering is. Doopherinnering kan tydens enige erediens geskied, maar aparte dienste vir doopherinnering behoort nie gehou te word nie.

12.4 Kerkrade behoort, met inagneming van die besluite van die Algemene Sinode waarna by 12 verwys word én die beginsels in 12.1–12.4 genoem, huishoudelike reëlings te hê waarvolgens doopherinnering kan geskied.

---

## FUNKSIONERING VAN DIE RING

## REGLEMENT 7

## REGLEMENT VIR DIE RING

Hierdie reglement is aanvullend tot die Kerkorde (artikel 29-31), met die spesifieke doel om die kerkordelike artikels in die ringe van die NG Kerk van Wes-Kaapland toe te pas.

### 1. DIE RING

Die ring is ’n uitdrukking van die kerkverband wat gemeentes onderling groepeer met die oog op onderlinge samewerking en ondersteuning asook behoorlike kerklike dissipline.

### 2. SAMESTELLING VAN DIE RING

2.1 Die ring word saamgestel uit gemeentes wat geografies gegroepeer is. Die groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinode gedoen.

### 3. WERKSAAMHEDE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE RING

*(Sien ook artikel 31 van die Kerkorde.)*

Die ring is verantwoordelik vir:

**3.1 Amptelike ringsbesoek (visitasie)**

3.1.1 Die ring bring minstens eenmaal in die termyn tussen gewone sinodesittings ’n amptelike ringsbesoek (visitasie) aan elke gemeente.

3.1.2 Die taakspan van die ring wat die amptelike ringsbesoek uitvoer bestaan uit minstens twee lede van die ringskommissie.

**3.2 Pastorale Ondersteuning**

Tot die pastorale taak van die ring behoort:

3.2.1 Geestelike en materiële ondersteuning aan elke gemeente.

3.2.2 Advies en hulp om elke gemeente in staat te stel om sy roeping uit te leef.

**3.3 Toerusting**

Tot die toerustingstaak van die ring behoort:

3.3.1 Die ontwikkeling van ’n gesamentlike missionale roeping vir die ringsgebied.

3.3.2 Die ondersteuning aan gemeentes met die aktiewe uitleef van hierdie roeping.

**3.4 Begeleiding**

Tot die begeleidingstaak van die ring behoort die ontwikkeling en begeleiding van ampsdraers met die oog op diensbaarheid, leierskap en verantwoordbaarheid.

**3.5 Opsig en tug**

Opsig en tug deur die ring behels die volgende:

3.5.1 Om toe te sien dat alles in die ringsgemeentes volgens kerklike reëlings geskied (die Kerkorde

artikel 31).

3.5.2 Die opsig, tug en dissipline oor alle ouderlinge, diakens, predikante, emeriti en proponente (dit word onder andere gedoen volgens Artikel 31.7 van die Kerkorde; Reglement 17 en 18 van die Algemene Sinode, asook punt 6 van hierdie reglement).

3.5.3 Die bevoegdheid om ’n saak wat ’n mindere vergadering moes afhandel, onder die volgende omstandighede te hanteer:

3.5.3.1 Waar ’n mindere vergadering nie bestaan nie.

3.5.3.2 In geval van onvermoë of wanbestuur by die mindere vergadering. (Sien die Kerkorde artikel 22.2; sien ook Reglement vir die Kerkraad, punt 14)

**3.6 Vakature vir predikant in ’n ringsgemeente**

*(Sien die Kerkorde artikel 31.3 en die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Bedienaars van die Woord – reglement 11).*

Die ring/ringskommissie het ’n verantwoordelikheid om in samewerking met ’n kerkraad toe te sien dat ’n vakature so spoedig moontlik gevul word (die Kerkorde artikel 7; reglement 13 – Reglement vir Voltyds-onbepaalde Termynposte, asook die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Kerkraad – reglement 3).

**3.7 Beroeping en bevestiging van ’n predikant**

*(Sien Kerkorde artikel 31.2)*

3.7.1 By die beroeping en bevestiging van ’n predikant, sien die ring toe dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen word (sien die Kerkorde artikel 7 en 8, asook die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti – reglement 11 en 12).

3.7.2 Die ring sien toe dat ’n behoorlike induksie (oriënteringsprogram) van die predikant in die gemeente gedoen word. Die dienste van die Sinodale Taakspan vir Predikante-begeleiding (STP) kan hiervoor gebruik word.

3.7.3 Verantwoordelikhede van die ring tydens die beroepingsproses van ’n predikant.

<u>Konsulent</u>

3.7.3.1 Die konsulent het die volgende verantwoordelikhede in die beroepingsproses van ’n predikant na ’n ringsgemeente:

3.7.3.1.1 Adviseer en ondersteun die kerkraad om toestemming van die ring te verkry dat voortgegaan kan word met die beroepingsproses. *(Die ring verleen toestemming dat* ’n *beroep uitgebring mag word nadat hy oortuig is van die finansiële volhoubaarheid van die pos.)*

3.7.3.1.2 ’n Verteenwoordiger van die ring (verkieslik die konsulent) woon die beroepingsvergadering by.

3.7.3.1.3 ’n Verteenwoordiger van die ring (verkieslik die konsulent), adviseer die kerkraad in die opstel van die beroepsbrief.

<u>Ringskriba</u>

3.7.3.2 Wanneer ’n beroep uitgebring is, moet die ringskriba die ondergenoemde dokumente wat deur die beroepende kerkraad aan hom voorgelê word, kontroleer en dan skriftelik bevestig dat daar aan al die kerkordelike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is.

Hierdie dokumente (kerklike vereiste) behels die volgende:

3.7.3.2.1 ’n Skriftelike bevestiging van die Algemene Taakspan Predikantesake dat die beroepene beroepbaar is.

3.7.3.2.2 ’n Skriftelike bevestiging van die beroepene se huidige gemeente dat hy/sy lidmaat is.

3.7.3.2.3 ’n Skriftelike bevestiging van die ring onder wie se opsig die beroepene tans staan, dat daar geen tug en/of dissiplinêre ondersoek teen die persoon hangende is nie en/of dat die persoon beroepbaar is.

3.7.3.2.4 ’n Skriftelike bevestiging van die konsulent of ander verteenwoordiger van die ring (wat die beroepingsvergadering bygewoon het) dat die korrekte kerkordelike prosedures gevolg is met die uitbring van die beroep.

3.7.3.2.5 ’n Skriftelike bevestiging deur die beroepende kerkraad dat approbasie verleen is, dit wil sê dat daar geen wettige beswaar teen die beroep ontvang is nie.

3.7.3.2.6 Die voltooide beroepsbrief wat behoorlik onderteken is deur die gevolmagtigdes van die kerkraad.

3.7.3.3 Voordat die bevestiging van die beroepene plaasvind, moet die ringskriba die volgende ontvang/kontroleer:

3.7.3.3.1 ’n Afskrif van getekende dienskontrak.

3.7.3.3.2 ’n Afskrif van die beroepene se Akte van Demissie of Akte van Legitimasie en attestaat in geval van ’n proponent.

3.7.3.3.3 ’n Afskrif van die beroepene se attestaat.
3.7.3.3.4 ’n Skriftelike bevestiging van die pensioenkantoor dat die beroepene se pensioen in orde is.

3.7.3.4 Hierna bevestig die ring/ringskriba skriftelik dat aan al die kerkordelike vereistes voldoen is en dat daar met die bevestiging van die predikant voortgegaan kan word.

3.7.3.5 Die ringskriba nooi die ringspredikante na die bevestigingsgeleentheid.
3.7.3.6 Die ringskriba kontroleer dat die skriba van die kerkraad die ABR in kennis gestel het van die bevestigingsdatum en van die naam van die predikant wat die bevestiging behartig het.

**3.8 Uitdienstreding van ’n predikant**
*(Sien Kerkorde artikel 11, 12 en 31.2, asook die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti – reglement 11)*
3.8.1 By uitdienstreding sien die ringskommissie toe dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is (Kerkorde artikel 11 en 12).
3.8.2 Die ringskommissie sien toe dat kerkrade die reëling nakom dat predikante met die bereiking van die amptelike aftree-ouderdom (65) emeriteer. In buitengewone omstandighede waar dit die gemeente se funksionering gaan bevoordeel, mag ’n predikant op versoek van die kerkraad vir maksimum ses maande langer in diens van die kerkraad aanbly. (Sien reglement 3.11 van die Sinode van Wes-Kaapland.)

**3.9 Herstel van bevoegdheid van ’n predikant of proponent**
*(Kerkorde artikel 31.2 asook die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti – reglement 11.)*
Die ring se rol in die hantering van ’n aansoek om herstel van bevoegdheid van predikante en proponente is uiteengesit in die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente en Emeriti – reglement 11.

**3.10 Nuwegeloofsgemeenskapsontwikkeling, samesmelting van gemeentes, stigting van nuwe gemeentes, verandering van gemeentegrense, asook naamsverandering van gemeentes**
*(Kerkorde artikel 31.4)*
3.10.1 Die ontwikkeling van ’n nuwe gemeente in die ringsgebied word deur die ring begelei in samewerking met die Gesamentlike Taakspan: Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO). Die stigting van ’n nuwe gemeente in die ringsgebied kan ook deur die ring geïnisieer word.
3.10.2 Die ring het ’n verantwoordelikheid ten opsigte van die stigting, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes in die ring. Sien die Algemene Sinode se Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes en die Reglement vir die Vorming van ’n Nuwe Kerkverband.
3.10.3 Die verandering van grenslyne van bestaande gemeentes is die verantwoordelikheid van die ring. Kostes hieraan verbonde word deur die betrokke gemeentes gedra.
3.10.4 Die naamsverandering van ’n bestaande gemeente geskied met goedkeuring van die ring, waarna dit deur die moderamen goedgekeur moet word en in die Kerkbode bekend gemaak word. Alle koste in dié verband is vir die rekening van die betrokke gemeente.
3.10.5 By ’n naamsverandering moet Reglement 20: 4 steeds nagekom word. ’n Gemeente mag ’n noemnaam hê, maar die amptelike naam (by die SAID, finansiële instellings en die akteskantoor) moet aan Reglement 20: 4 voldoen.

**3.11 Verskillende kerkverbande – kombinasie van werksaamhede** *(Kerkorde artikel 31.4)*
Die rol van die ring in die kombinasie van werksaamhede van gemeentes en ringe uit verskillende kerkverbande, word volledig uiteengesit in die Algemene Sinode se Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes asook in die Reglement vir die Vorming van ’n nuwe Kerkverband.

**3.12 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake**
*(Kerkorde artikel 31.7, asook reglemente 17 en 18 wat handel oor die bestuur van diensverhoudinge by wangedrag, ongeskiktheid en onvermoë, asook tug en dissipline.)*
3.12.1 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake word deur die ring volgens kerkordelike riglyne hanteer (die Kerkorde artikel 59-66, die Algemene Sinode se Reglement vir Tug en Dissipline).
3.12.2 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake word deur die ringstugliggaam as gevolmagtigde ondersoekliggaam van die ring volgens kerkordelike riglyne hanteer (sien punt 6 van hierdie reglement).

3.12.3 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake kan ook deur die ring/ringskommissie verwys word na ’n ander ring vir hantering.

**3.13 Kerklike appèlle (die Kerkorde artikel 23.1 en 31.5)**

Die ringstugliggaam tree as gevolmagtigde appèlliggaam op om appèlle volgens kerkordelike riglyne te hanteer (sien punt 7.1 en 7.2 van hierdie reglement).

**3.14 Beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade**

*(Kerkorde artikels 16.1.8, 31.9, 48.3.5)*

3.14.1 Die ring kan, op versoek van kerkrade, beperkte bevoegdheid toeken, bv. aan ouderlinge vir die lei van eredienste. (Sien die riglyne hieronder soos deur Algemene sinode 2015 goedgekeur.)

3.14.2 Riglyne vir die lei van eredienste deur ouderlinge

(vergelyk Artikel 48.3.5 en Artikel 4, 10 en 16.1.8)

3.14.2.1 Indien die ring die behoefte, om op grond van plaaslike omstandighede aan ’n ouderling(e) preekvergunning te gee met die oog op die leiding van openbare eredienste, goedkeur, nomineer kerkrade dienende ouderling(e) wat oor die gawes beskik om ’n openbare erediens te lei en sien die ring toe dat hulle die opleidingsprogram van die sinode suksesvol voltooi.

3.14.2.2 Ná goedkeuring deur die ring of sy gevolmagtigde, skryf die kerkraad die ouderling in vir opleiding en toerusting van die goedgekeurde opleidingsprogram. Die kerkraad/ring behoort in te staan vir die aansoeker se opleidingskoste.

3.14.2.3 Ná die suksesvolle voltooiing van die opleiding word die ouderling se taakomskrywing uitgebrei om die lei van openbare eredienste in die ringsgebied ooreenkomstig artikel 16.1.8 van die Kerkorde in te sluit.

3.14.2.4 Die ring/ringskommissie wys ’n predikant uit sy geledere aan om deurlopend aan sodanige ouderling(e) begeleiding te gee. Die begeleier doen jaarliks skriftelik verslag aan die ring ten opsigte van die geskiktheid van die ouderling.

3.14.2.5 Die ouderling word aangewend soos en waar die bedieningsnood deur die ring geïdentifiseer is. By elke erediens wat die ouderling lei, tree hy op onder die toesig van die betrokke kerkraad.

3.14.2.6 ’n Ouderling behou die preekvergunning vir solank hy in die amp staan en op voorwaarde dat die ring dit jaarliks goedkeur.

3.14.2.7 Daar word van ouderlinge met preekvergunning verwag om voortgesette opleidingsprogramme by te woon.

**4. VERGADERING VAN DIE RING (RINGSITTING)**

Die ring vergader een maal per jaar of soos deur die sinode bepaal. ’n Buitengewone ringsitting word byeengeroep wanneer die ringskommissie so besluit. Oor die samestelling, konstituering en ordereëlings van die ringsvergadering sien die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement van Orde – reglement 2.

**4.1 Samestelling van die ringsvergadering**

4.1.1 Die ringsvergadering word saamgestel uit afgevaardigdes van die ringsgemeentes.

4.1.2 Die samestelling van die afvaardiging geskied soos volg:

4.1.2.1 Al die predikante van ’n gemeente. Waar ’n predikantspos vakant is, kan ’n ouderling of diaken vir die pos afgevaardig word.

4.1.2.2 Een ouderling of diaken vir elke bestaande predikantspos. ’n Afgevaardigde of sekundus kan uit alle ouderlinge en diakens in die gemeente gekies word.

4.1.3 Vir elke afgevaardigde (predikant sowel as kerkraadslid) word ’n ouderling of diaken as sekundus aangewys.

4.1.4 Die primarius- en die sekundus kerkraadslid kan mekaar tydens die ringsitting vervang, behalwe wanneer ’n amptelike ondersoek aan die gang is. Waar vervanging plaasvind, moet die afvaardigende kerkraad self vir die addisionele koste instaan.

**4.2 Geloofsbriewe vir ringsvergadering**

*(Sien ook die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement van Orde.)*

4.2.1 Kerkrade voorsien die ringsvergadering by alle gewone vergaderings van die geloofsbriewe van die afvaardiging met hul sekundi.[6]

4.2.2 Geloofsbriewe van afgevaardigdes moet voor die aanvang van die vergadering by die skriba van

6 Met ringsittings tydens die sinodesitting is dieselfde geloofsbrief wat vir sinode gebruik word ook vir die ringsitting geldig –sien 4.5

die ringskommissie ingelewer word.

**4.3 Konstituering van die ringsvergadering**
*(Sien ook die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement van Orde.)*

4.3.1 Om te konstitueer moet meer as die helfte van die vereiste aantal afgevaardigdes (sien punt 4.1 van hierdie reglement) teenwoordig wees. Dieselfde geld wanneer tugsake hanteer word.

**4.4 Die werksaamhede van die jaarlikse ringsvergadering**

4.4.1 Elke ringsvergadering kies sy eie voorsitter wat, vir die duur van die vergadering, saam met die skriba leiding van die vergadering neem.

4.4.2 Ringsvergaderings se werksaamhede is die volgende:

4.4.2.1 Soek na die wil van die Here m.b.t. roeping en gesamentlike werksaamhede van die ring.

4.4.2.2 Neem verslae van die ringskommissie oor die werksaamhede van gemeentes wat tydens ringsvisitasie besoek is in behandeling.

4.4.2.3 Neem sake wat van belang is vir die ringsgemeentes in behandeling.

**4.5 Konstituering van ringsvergadering tydens** ’n **sinodesitting**

4.5.1 Afgevaardigdes na die sinode dien as personeel van die ringsvergadering wat tydens die sinode konstitueer om sake af te handel.

4.5.2 Indien ’n nuwe ring deur die sinode saamgestel word, konstitueer hierdie ring met die afgevaardigdes van die betrokke gemeentes tydens die sinode.

**4.6 Ordereëlings en prosedures vir vergaderings van die ring**
*Sien die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement van Orde.*

**5. RINGSKOMMISSIE**

Die ringskommissie word op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting vir die termyn tussen die sinodevergaderings verkies en neem leiding om toe te sien dat die onderskeie take en verantwoordelikhede van die ring (punt 3 van hierdie reglement) na behore nagekom word.

**5.1 Samestelling**

5.1.1 Die ringskommissie bestaan uit ten minste **vier** permanente lede waarvan minstens **een lid uit elke geslag** moet wees. (Indien dit nie kan realiseer nie, staan dit die ring vry om iemand na die sinode op ’n jaarlikse basis te **koöpteer** ten einde aan hierdie beginsel te voldoen.)
Die ringskommissie word soos volg saamgestel:

5.1.1.1 ’n <u>Voorsitter</u> (’n gemeentepredikant) wat ook namens die ring op die moderamen vir die termyn tussen sinodes dien.

5.1.1.2 ’n <u>Ondervoorsitter</u> (’n gemeentepredikant) wat ook as sekundus optree vir die voorsitter van die ringskommissie op die moderamen vir die termyn tussen sinodes.

5.1.1.3 ’n <u>Skriba</u> wat as skriba van die ring sowel as skriba van die ringskommissie dien vir die termyn tussen sinodes.

5.1.1.4 ’n <u>Kerkraadslid</u> wat namens die ring op die moderamen vir die termyn tussen sinodes dien. (Ter wille van **kontinuïteit** word kerkrade versoek om reëlings te tref sodat hierdie moderamenlid deel bly van ’n kerkraad.)

5.1.2 ’n Sekunduslid vir elke lid van die ringskommissie word op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting vir die termyn tussen die sinodevergaderings verkies.

5.1.3 Die ringskommissie kan in geval van vakatures, sekundi in volgorde oproep.

5.1.4 Die ringskommissie word per geslote stemwyse verkies.

5.1.5 Lede van die ringskommissie verdien jaarliks 30 VBO punte.

**5.2 Pligte en verantwoordelikhede van die ringskommissie**

Die ringskommissie neem verantwoordelikheid vir die volgende:

5.2.1 Verskaf kontinuïteit aan die werksaamhede van die ring wanneer die ring nie in sitting is nie en vergader so dikwels as wat nodig mag wees.

5.2.2 Gee uitvoering aan alle opdragte, take en funksies soos deur die Kerkorde en reglemente voorgeskryf.

5.2.3 Neem alle spoedeisende sake in behandeling.

5.2.4 Sien toe dat kerklike geskille, opsig en tug volgens kerkordelike riglyne hanteer word.

5.2.5 Dra sorg dat die werksaamhede en verantwoordelikhede van die ring (sien punt 3 van hierdie reglement) uitgevoer word.

5.2.6 Sien toe dat daar namens die ring, minstens een keer in die termyn tussen sinodes, ’n amptelike

ringsbesoek (ringsvisitasie) aan elke ringsgemeente gebring word (sien ook 3.1 van hierdie reglement).

5.2.7. Sien toe dat 'n induksie van elke predikant wat in ringsgemeente bevestig word, gedoen word (sien 3.7.2 van hierdie reglement).

5.2.8 Hou noukeurig notule van sy vergaderings en lewer tydens 'n ringsvergadering verslag van al sy werksaamhede.

5.2.9 Het die bevoegdheid en verantwoordelikheid om ringsvergaderings byeen te roep.

5.2.10 Stel die agenda van 'n ringsvergadering saam en tref alle reëlings met die oog op die vergadering.

5.2.11 Sien toe dat die notules van die ringsvergadering deur die voorsitter van die ringskommissie en skriba onderteken word nadat die ring of die ringskommissie dit goedgekeur het.

5.3 **Voorsitter van die ringskommissie**

Die voorsitter van die ringskommissie se verantwoordelikhede is die volgende:

5.3.1 Neem verantwoordelikheid vir alle take wat normaalweg aan 'n voorsitter toegedeel word.

5.3.2 Neem leiding en verantwoordelikheid om toe te sien dat die werksaamhede en verantwoordelikhede van die ring (sien punt 3 van hierdie reglement) na behore nagekom word.

5.3.3 Verteenwoordig die ring op die moderamen sowel as op die ringsleiers-forum vir die termyn tussen sinodes.

5.4 **Skriba van die ringskommissie**

Die skriba van die ringskommissie se verantwoordelikhede is die volgende:

5.4.1 Die getroue nakoming van wat in die Kerkorde artikels 7, 8 en 25 asook in die Sinode van Wes-Kaapland se Reglement vir die Ring aan hom opgedra word.

5.4.2 Die hou en bewaring van notules van die vergaderinge van die ring en die ringskommissie.

5.4.3 Die voorsiening van die ringstatistieke aan Jaarboek van die NG Kerk.

5.4.4 Die opstel van 'n besluiteregister van elke ringsvergadering en die spoedige stuur daarvan aan alle betrokke kerkrade en taakspanne.

5.4.5 Die stuur van die volledige ringsagenda met bylaes asook die notules van die rings- en ringskommissievergaderings, binne een maand na afloop van die ringsitting, aan die kerkargief.

5.4.6 Die opstel en instuur van die beskrywingspunte van die ring aan die skriba van die moderamen.

5.4.7 Die administrasie van alle fondse van die ring en die voorlegging van 'n gekontroleerde staat (deur die ringskommissie) van die ringsfonds by elke gewone vergadering van die ring.

5.4.8 Die indien van 'n skriftelike verslag van al sy werksaamhede by elke gewone vergadering van die ring.

**6. RINGSREGSKOMMISSIE**

6.1 Die ringsregskommissie word op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting vir die termyn tussen die sinodevergaderings verkies.

**6.1 Samestelling**

6.1.1 Die ringsregskommissie bestaan uit **drie** primariuslede.

6.1.2 'n Sekunduslid word vir elke lid van die ringsregskommissie op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting aangewys.

6.1.3 Primarius- sowel as sekunduslede van die ringsregskommissie kan aangewys word uit persone wat nie op die ringsvergadering tydens die sinodesitting teenwoordig is nie.

6.1.4 Minstens **een lid uit elke geslag** moet lid wees van die ses primarius- en sekunduslede.

**6.2 Pligte en verantwoordelikhede van die ringsregskommissie**

Die ringsregskommissie neem verantwoordelikheid vir die volgende:

6.2.1 Neem leiding in die hantering van tugsake wat na die ring verwys word. Die ringsregskommissie vorm die ringstugliggaam saam met kundige lede wat deur die aktuarius aangewys word.

6.2.2 Tree op as ringsappèlliggaam en hanteer alle appèlle teen kerkrade of hulle gevolmagtigde taakspanne (die Kerkorde reglement 19.11).

6.2.3 Gee ondersteuning en advies aan gemeentes oor diensverhoudinge en diensooreenkomste.

**7. RINGSTUGLIGGAAM**

7.1 In geval van die hantering van amptelike tugsake, hanteer die ringsvergadering dit nie self nie,

maar maak die ring gebruik van ’n gevolmagtigde ringstugliggaam met afhandelingsbevoegdheid.[7] Die ses lede van die ringsregskommissie (primarii en sekundi) vorm die lys van goedgekeurde ringslede waaruit die ringstugliggaam aangewys word en waarna die Kerkorde in reglement 18.2.4 verwys.

**7.2 Samestelling**

7.2.1 Die ringstugliggaam word saamgestel uit lede van die ringsregskommissie, sowel as lede wat deur die aktuarius/sinodale regskommissie aangewys is. Minstens **een lid uit elke geslag** moet op die ringstugliggaam dien.

7.2.2 Die ringstugliggaam bestaan uit ’n minimum van vyf lede (Kerkorde reglement 18.2.4), en word soos volg saamgestel:

7.2.2.1 Die drie lede van die ringsregskommissie. Indien ’n vakature bestaan of lid nie beskikbaar is nie, word sy plek ingeneem deur ’n sekunduslid. (Die ses lede van die ringsregskommissie (primarii en sekundi) vorm die lys van goedgekeurde ringslede wat tydens die sinode aangewys is.

7.2.2.2 Minstens twee lede van die sinode (kerkverband) word op die ringstugliggaam benoem. Die benoeming geskied deur die aktuarius.

7.2.2.3 Ander kundige lidmate van binne of buite die ring kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ringstugliggaam. Al die lede moet die goedkeuring van die betrokke partye wegdra.

7.2.2.4 Die ringskommissie keur die uitgebreide gevolmagtigde ringstugliggaam goed.

**7.3 Pligte en verantwoordelikhede van die ringstugliggaam**

7.3.1 Die ringstugliggaam is ’n gevolmagtigde kommissie van die ring en beskik oor afhandelingsbevoegdheid.

7.3.2 Die aktuarius moet van alle tug- en dissiplinêre verhore of appèlsake in kennis gestel word. Na afhandeling van ’n tugverhoor moet die bevinding van die ringstugliggaam binne een week vir kennisname aan die aktuarius van die sinode gestuur word.

7.3.3 Die ringstugliggaam doen verslag aan die ring.

7.3.4 Indien die ringstugliggaam regsadvies met koste-implikasies wil inwin, is toestemming van die ring of ringskommissie nodig.

**8. RINGSAPPÈLLIGGAAM**

8.1 In geval van die hantering van amptelike appèlsake, hanteer die ringsvergadering dit nie self nie, maar maak die ring van ’n gevolmagtigde appèlliggaam gebruik met afhandelings-bevoegdheid.

8.2 Die ringsappèlliggaam hanteer alle appèlle teen kerkrade of hulle gevolmagtigde taakspanne (Kerkorde reglement 19.11).

8.3 Die ringsregskommissie tree as gevolmagtigde appèlliggaam op (sien 6.2.2 van hierdie reglement). Indien nodig kan twee deskundige lede op aanbeveling van die aktuarius met volle stemreg deur die ringsappèlliggaam gekoöpteer word.

8.4 Indien die ringsappèlliggaam regsadvies met koste-implikasies wil inwin, is toestemming van die ring of ringskommissie nodig (sien die Algemene Sinode se Reglement vir Appèl of Beswaar vir volledige uiteensetting insake die hantering van ’n appèl).

**9. RINGSFONDS**

9.1 ’n Ring kan ’n ringsfonds skep deur bydraes van elke gemeente in sy gebied te vorder.

9.2 Die ring begroot tydens die ringsitting vir die onkostes en vorder dit van gemeentes in.

9.3 Die ringsfonds word aangewend vir die koste van administrasie of enige onderneming in ringsbelang.

9.4 Slegs koste wat vooraf deur die ring of ringskommissie vir taakspanne van die ring goedgekeur is, sal betaal word

9.4.1 uit die ringsfonds, of

9.4.2 deur die saakgelastigde van die sinode, indien die ring nie oor sodanige fonds beskik nie.

9.5 Die skriba van die ring beheer en administreer die fonds volgens opdrag van en met verslag aan die ringsvergadering.

9.6 Die skriba van die ring moet jaarliks ’n finansiële staat van die fonds opstel en dit deur die ringskommissie laat nagaan, met verslag aan die ring.

9.7 Die ring betaal jaarliks aan die ringskommissie ’n gepaste honorarium.

---

7 *Ringe in die Sinode van Wes-Kaapland hanteer nie tug- en -appèlsake tydens ’n ringsvergadering nie. Die ringsregskommissie of ringsappèlliggaam is ’n gevolmagtigde liggaam wat alle tug- en -appèlsake namens die ring hanteer en afhandelingsbevoegdheid het.*

**10. KONSULENT**

10.1 Die ring benoem vir elke gemeente 'n konsulent om tydens vakatures of langdurige afwesigheid van predikante die noodsaaklike ampspligte (sien die Kerkorde artikel 9) in oorleg met die kerkraad waar te neem.

10.2 Die benoeming van konsulente geskied op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting vir die termyn tussen die sinodevergaderings. Wanneer die konsulent die ring verlaat, wys die ringskommissie 'n plaasvervanger aan.

10.3 Kerkrade word van die benoeming in kennis gestel.

10.4 Die ampspligte van die konsulent behels die volgende:

10.4.1 Die bywoon van alle kerkraadsvergaderings (indien so versoek kan hy/sy ook as voorsitter optree) en dagbestuursvergaderings.

10.4.2 Die verkondiging van die Woord (waar nodig).

10.4.3 Die bevestiging van ampsdraers.

10.4.4 Die bediening van die sakramente.

10.4.5 Die bevestiging van lidmate.

10.4.6 Die bywoning of leiding van beroepingsvergaderings.

10.4.7 Ander geleenthede waar 'n predikant se teenwoordigheid noodsaaklik is.

10.5 Die reis en verblyfkostes van die konsulent word deur die vakante gemeente gedra, soos uiteengesit in die Sinode van die Wes-Kaapland se Reglement vir die Kerkraad.

10.6 Die konsulent doen aan die ring verslag van sy/haar werksaamhede in 'n gemeente.

10.7 'n Predikant mag nie konsulent wees van die gemeente waar hy/sy in diens staan nie.

10.8 Die konsulent het die stemreg op die kerkraadsvergadering waarvan hy konsulent is nie.

**11. VERTEENWOORDIGING OP DIE MODERAMEN**

11.1 Die voorsitter van die ringskommissie en kerkraadslid wat op die ringsvergadering tydens die sinode aangewys is, dien op die moderamen vir die termyn tussen sinodes.

11.2 Indien so 'n verteenwoordiger op die moderamen nie teenwoordig kan wees nie, word die persoon vervang deur die sekunduslid wat op die ringsvergadering tydens die sinode aangewys is.

**12. DIE RINGSLEIERSFORUM**

Die ringsleiersforum funksioneer op die volgende wyse:

12.1 Bestaan uit al die voorsitters van die ringskommissies wat op die moderamen dien.

12.2 Vergader twee keer 'n jaar voor elke moderamenvergadering.

12.3 Kies 'n voorsitter en skriba uit eie geledere.

12.4 Bespreek sake wat die bediening van gemeentes en ringe raak.

12.5 Plaas sake van belang op die agenda van die moderamen.

**13. DIE KERKRAADSLEDEFORUM**

Die kerkraadsledeforum funksioneer op die volgende wyse:

13.1 Bestaan uit al die kerkraadslede wat deur die ringe aangewys is om op die moderamen te dien.

13.2 Vergader twee keer 'n jaar voor elke moderamenvergadering.

13.3 Kies 'n voorsitter en skriba uit eie geledere.

13.4 Bespreek sake wat die bediening van gemeentes en ringe raak.

13.5 Plaas sake van belang op die agenda van die moderamen.

14. **DIE RING AS REGSPERSOON**

14.1 Elke ring is as outonome regspersoon onafhanklik van die gemeentes waaruit die ring saamgestel is.

14.2 Sien die Sinode van die Wes-Kaapland se Reglement vir Kerklike Goedere vir meer besonderhede oor die ring as regspersoon.

---

**REGLEMENT 8**

**REGLEMENT VIR KERKLIKE MEDIASIE**

**1. NAAM**

Sinodale Mediasiespan (SMS)

**2. TAAK**

Die Sinodale Mediasiespan fasiliteer gevalle van konflik/dispute binne die sinodale gebied tot versoening, deur middel van 'n formele gestruktureerde mediasieproses.

**3. OMSKRYWING VAN MEDIASIE**

Mediasie is 'n vrywillige proses om geskille deur middel van 'n wedersydse ooreenkoms te besleg. Dit is 'n onafhanklike en vertroulike proses waar die onderskeie partye met hulp van 'n onpartydige fasiliterende mediator na 'n oplossing vir die konflik soek. Dit geskied sonder benadeling van regte, waar slegs die getekende ooreenkoms bekendgemaak word. Die partye kom onder leiding van die mediator self tot 'n ooreenkoms wat in belang van beide partye is.

**4. SAMESTELLING**

Die Sinodale Mediasiespan is 'n taakspan wat onder leiding van die Sinodale Taakspan vir Regte (STR) funksioneer. Belydende lidmate van die NG Kerk wat volgens die staat se riglyne by 'n geakkrediteerde instansie opgelei is, kan deur die Regskommissie aanbeveel word om as lede van die Sinodale Mediasiespan te dien. Die sinode/moderamen wys die mediasiespan op aanbeveling van die Regskommissie aan. Die aktuarius tree as koördineerder van die span op.

**5. FUNKSIONERING**

5.1 Mediasie word deur 'n geakkrediteerde mediator gedoen.

5.2 Mediasie in die kerklike omgewing kan soms 'n eiesoortige karakter aanneem.

5.3 Versoeke vir mediasie kan deur gemeentes, ringe asook sinodale diensgroepe en taakspanne by die Regskommissie of aktuarius aangemeld word.

5.4 Ringe en kerkrade meld eers sake van konflik/dispuut vir mediasie aan voordat daar met 'n amptelike ondersoek begin word.

5.5 Mediasie is nie van toepassing in geval van ergerlike wangedrag (sien Kerkorde reglement 18.7.1 Reglement vir Tug en Dissipline Reglement) wat tot 'n tug- of -dissiplinêre handeling kan lei nie. Indien daar onsekerheid hieroor is, kan die aktuarius of STR gekontak word.

5.6 Die betrokke partye kies self 'n mediator uit die lede van die SMS. Indien nie, sal 'n geskikte mediator deur die aktuarius aangewys word. Na afloop van die mediasie word slegs inligting wat noodsaaklik is om die ooreenkoms in werking te stel aan die kerkvergadering openbaar. Die volle ooreenkoms sal slegs met toestemming van die betrokke partye aan die betrokke kerkvergadering bekend gemaak kan word.

5.7 Indien die mediasie onsuksesvol is, word slegs die uitkoms sonder bykomende inligting gerapporteer.

---

## REGLEMENT 9

## RIGLYNE VIR DIE BESLEGTING VAN KERKLIKE GESKILLE

1. **Ampsdraers en lidmate** poog allereers om onderlinge konflik op 'n persoonlike en pastorale wyse op te los.

2. 'n **Kerkvergadering kan,** waar konflik onder sy aandag kom, persone benoem om die oplossing daarvan te begelei.

**3. Oplossing word bereik wanneer:**

3.1 'n Alternatief as oplossing vir die probleem gevind is wat vir al die betrokkenes aanvaarbaar is.

3.2 Die betrokkenes ooreenkom om ruimte vir mekaar te maak sodat hulle met mekaar kan versoen ten spyte van onderlinge verskille.

**4. In die hantering van konflik geld onder meer die volgende:**

4.1 Die aard van die konflik moet bevestig en afgebaken/begrens word.

4.2 Partye tot die konflik moet die verlangde uitkoms bevestig en instem om in goedertrou deel te neem aan die proses op 'n sonder benadeling van regte basis.

4.3 Die begeleiers rapporteer die uitkoms van die konflikbeslegting aan die kerkvergadering wat hulle benoem het.

4.4 'n Kerkvergadering kan ook 'n ander kerkvergadering vra om die hantering van die konflik oor te neem (Algemene Sinode handelinge 1998, 462, 2.10).

**5. Kerklike Mediasie**

5.1 Indien die gesprek vir beslegting van 'n geskil nie die gewenste uitwerking het nie, moet die kerkvergadering dit ernstig oorweeg om die betrokke saak vir kerklike mediasie te verwys.

5.2 Kerklike mediasie geskied volgens die Sinode van die Wes-Kaapland se Reglement vir Kerklike Mediasie – reglement 8.

**Funksionering van die Sinode van Wes-Kaapland**

## REGLEMENT 25

## REGLEMENT VIR DIE VERGADERING EN FUNKSIONERING VAN DIE SINODE VAN WES-KAAPLAND

Hierdie reglement moet in samehang met artikels 32 tot 37 van die Kerkorde en met die reglement 1 van die Sinode van Wes-Kaapland – Reglement vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gelees word.

**1. VERGADERINGS VAN DIE SINODE**

1.1 Die sinode vergader ten minste elke vier jaar, sover moontlik in die jaar na ’n gewone vergadering van die Algemene Sinode (sien die Kerkorde artikel 34).

1.2 ’n Gewone sinodevergadering word ten minste ’n jaar tevore deur ’n kennisgewing van die skriba van die moderamen aan die kerkrade, byeengeroep.

1.3 Die sinodevergadering funksioneer volgens die Sinode van die Wes-Kaapland se Reglement van Orde.

**2. AFVAARDIGING NA DIE SINODE**

2.1 Die kerkraad van elke gemeente vaardig die predikante in sy diens af, saam met ’n gelyke aantal kerkraadslede.

2.2 Indien geen kerkraadslid as afgevaardigde beskikbaar is nie, kan ’n kerkraad een amptelike waarnemer van die gemeente op koste van die sinode stuur. So ’n amptelike waarnemer het wel spreekreg, maar nie stemreg nie.

2.3 Die sinode dra die koste van die afgevaardigdes.

2.4 Vir elke afgevaardigde word ’n sekundus aangewys. Die primarius- en sekundusafgevaardigdes mag mekaar tydens die sinode afwisselend vervang, behalwe waar ’n tugsaak aan die orde is. Waar een afgevaardigde deur ’n ander vervang word, moet die betrokke kerkraad self vir die addisionele koste instaan.

2.5 Indien ’n afgevaardigde sonder geldige verskoning die sitting van ’n sinode nie bywoon nie, sal die betrokke kerkraad verantwoordelik gehou word vir die volle koste van die afgevaardigde (dit sluit verblyf, etes en administrasiekoste in).

2.6 Indien die voorsitters van sinodale diensgroepe en taakspanne nie deur gemeentes afgevaardig word nie, het hulle adviserende sittingsreg, op koste van die sinode.

2.7 Predikante in sinodale diens (PSD’s) wat nie afgevaardigdes is nie, het adviserende sittingsreg op koste van die sinode.

2.8 Dosente van die teologiese kweekskool wat nie afgevaardigdes is nie, kan die sinode adviserend bywoon.

**3. BUITENGEWONE SINODE**

3.1 ’n Buitengewone vergadering van die sinode kan deur die moderamen belê word wanneer die belange van die kerk in die algemeen of sake van groot belang na die oordeel van die moderamen dit vereis.

3.2 Kennisgewing van so ’n vergadering moet binne redelike tyd vooraf geskied.

3.3 Die buitengewone sinode het ’n beperkte sakelys wat deur die moderamen bepaal word.

3.3 Die vergadering van die buitengewone sinode word saamgestel volgens punt 2 van hierdie reglement.

3.4 Die voorsitter van die moderamen tree as voorsitter van die vergadering op.

3.5 Die moderatuur vervul die funksies waarvoor hulle aangewys is.

3.6 Sinodale diensgroepe en taakspanne word nie nuut aangewys nie.

3.7 Waar van toepassing adviseer bestaande sinodale diensgroepe en taakspanne die sinode oor die sake op die beperkte sakelys.

**4. TAAKSPAN VIR DIE BEPLANNING VAN DIE SINODE**

4.1 Die moderamen wys twee jaar voor die sinode, op aanbeveling van die moderatuur, ’n taakspan aan wat die beplanning en organisering van die sinode onder leiding van die saakgelastigde of die skriba van die sinode behartig met verslag aan die moderatuur en moderamen.

4.2 Die moderatuur dien op die taakspan.

4.3 Die taakspan doen aanbevelings met betrekking tot die volgende:

4.3.1 Die formaat waarin die vergadering geskied.

4.3.2 Die wyse waarop die opening van die sinode geskied.
4.3.3 Die orde en program waarin die agenda behandel word.
4.3.4 Die tydsindeling en program waarvolgens die vergadering sal verloop.
4.3.5 Alle logistieke en praktiese reëlings om die werksaamhede van die sinode te bespoedig en te vergemaklik.
4.3.6 Die stemproses waarvolgens die verkiesing van ampsdraers sal geskied.
4.4 In die uitvoering hiervan neem die taakspan verantwoordelikheid vir die volgende:
4.4.1 Dat die roeping van die sinode in die beplanning verreken word.
4.4.2 Die aanwysing van tydelike taakspanne vir agenda, spiritualiteit, multimedia, administrasie en logistiek vir die voorbereiding van die sinodesitting.
4.4.3 Handel met vertoë en laatstukke wat die aandag van die sinode verdien.
4.4.4 Benoem tydelike kommissies/taakspanne vir die duur van die sinode soos byvoorbeeld tydelike taakspan vir spiritualiteit, regte, notule, algemene sake, stemtellers, aanwysing van kommissies en aankondiginge.
4.5 Die taakspan doen verslag aan die moderatuur en moderamen.

**5. DIE AGENDA VIR DIE SINODE:**
5.1 Die agenda vir die sinode word, in samewerking met gemeentes, ringe, diensgroepe en taakspanne deur die moderatuur en moderamen gefinaliseer.
5.2 Gemeentes en ringe stuur ten minste drie maande voor die sinode sake vir bespreking aan die skriba van die moderamen.
5.3 Diensgroepe, taakspanne en die moderamen se voorleggings moet minstens twee maande voor die sinode deur die skriba van die moderamen ontvang word.
5.4 Tydens die sinodesitting bepaal die vergadering self die prioriteite en roeping van die sinode.

**6. SINODALE DIENSGROEPE, TAAK- EN PROJEKSPANNE**
Die roeping van die sinode word deur diensgroepe, taakspanne en projekspanne uitgedra.

**6.1 Diensgroepe**
Die sinode het vyf diensgroepe:
6.1.1 Sinodale Diensgroep vir Barmhartigheid (Diaconia)
6.1.2 Sinodale Diensgroep vir Gemeentebegeleiding (Communitas)
6.1.3 Sinodale Diensgroep vir Getuienisaksie (Getuienis)
6.1.4 Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste
6.1.5 Sinodale Diensgroep vir Toerusting en Navorsing

**6.2 Samestelling van diensgroepe**
6.2.1 Diensgroepe (behalwe die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuning) word ringsgewys saamgestel tydens die sinode. Elke ring benoem ’n primarius- en sekundusverteenwoordiger vir elke diensgroep.
6.2.2 Die Diensgroep vir Ondersteuningsdienste bestaan slegs uit die voorsitters van die taakspanne van die diensgroep.
6.2.3 Diensgroepe konstitueer tydens die sinodevergadering om ’n voorsitter, ondervoorsitter en skriba te verkies.
6.2.4 Leiers van die taakspanne dien ampshalwe in die diensgroep waaronder die taakspan ressorteer.
6.2.5 PSD’s word deur die moderamen aan diensgroepe toegewys.
6.2.6 Verteenwoordigers van beide geslagte moet sover moontlik op diensgroepe dien.
6.2.7 Die termyn van alle diensgroepe van die sinode duur van gewone sinodesitting tot gewone sinodesitting.

**6.3 Take van sinodale diensgroepe**
Die take en verantwoordelikheid van diensgroepe is die volgende:
6.3.1 Fokus op spesialisgebiede en funksioneer volgens die opdragte, roeping en beleid van die sinode.
6.3.2 Lewer ’n diens aan gemeentes en ringe deur die skep en koördinering van netwerke en vennootskappe in die sinodale gebied.
6.3.3 Rus gemeentes, taakspanne en projekspanne toe vir hulle dienswerk.
6.3.4 Ondersteun taak- en projekspanne in hulle werksaamhede.
6.3.5 Koördineer die werksaamhede van taak- en projekspanne.
6.3.6 Bestuur die begroting van die diensgroep.
6.3.7 Vergader minstens een keer per jaar.
6.3.8 Doen verslag aan die moderamen.

**6.4 Samestelling van dagbestuur van diensgroepe**

6.4.1 Voorsitter, ondervoorsitter en skriba

6.4.2 Voorsitters van permanente taakspanne

6.4.3 PSD's aan die diensgroep toegewys

6.4.4 Kundige lede kan na die sinode deur die diensgroep op die dagbestuur gekoöpteer word.

6.4.5 Geslagsgelykheid. Dagbesture van sinodale diensgroepe word aangemoedig om geslagsgelykheid in hulle samestelling na te streef. Dagbesture van diensgroepe word tydens die sinode verkies. Verkieslik 50%, maar minstens een persoon van elke geslag moet op die dagbestuur dien. Binne die huidige struktuur van vyf diensgroepe, waaronder 'n aantal taakspanne by elk ressorteer, word klem gelê daarop dat diensgroepe na afloop van 'n sinodesitting geleentheid het om kundige lede te koöpteer. Sodanige koöptering maak dit vir diensgroepe sowel as taakspanne moontlik om gelyke verteenwoordiging tussen vroue en mans na te streef, indien verkiesings tydens 'n sinodesitting nie daaraan gestand kon doen nie. Hierdie geld vir primarii sowel as sekundi.

**6.5 Take van dagbestuur van diensgroepe**

6.5.1 Funksioneer as dagbestuur van die diensgroep, met verslag aan die diensgroep.

6.5.2 Wys een van die PSD's aan om as koördineerder van die diensgroep en sy PSD's te funksioneer.

**7. TAAKSPANNE**

*Taakspanne word saamgestel uit kundige lidmate en predikante wat* 'n *spesifieke roeping, gawe en passie vir* 'n *saak het. Taakspanne fokus op die roeping en opdrag wat aan hulle opgedra is.*

**7.1 Samestelling van taakspanne van diensgroepe**

7.1.1 Taakspanne van die onderskeie diensgroepe word deur die diensgroepe self aangewys.

7.1.2 Taakspanne bestaan uit 'n minimum van ses lede.

7.1.3 Kundige lede kan deur ringsgemeentes genomineer word of deur die dagbestuur van die betrokke diensgroep op die taakspanne gekoöpteer word.

7.1.4 Geslagsgelykheid. Taakspanne word aangemoedig om geslagsgelykheid in hulle samestelling na te streef. Verkieslik 50%, maar minstens een persoon van elke geslag moet op die dagbestuur dien. Taakspanne beskik oor die bevoegdheid om kundige lede te koöpteer. Sodanige koöptering maak dit vir taakspanne moontlik om gelyke verteenwoordiging tussen vroue en mans na te streef. Hierdie geld vir primarii sowel as sekundi.

**7.2 Samestelling van permanente sinodale taakspanne**

*Die permanente taakspanne van die sinode nl.*
*Regskommissie*
*Sinodale Taakspan vir die Argief (STA)*
*Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD)*
*Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE)*
*Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA)*
*Sinodale Taakspan vir Kommunikasie (STK)*
*Hierdie taakspanne vorm die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste (SDO).*

7.2.1 Die sinodale taakspanne van SDO word deur die sinodevergadering aangewys.

7.2.2 Die sinodale taakspanne konstitueer na afloop van die sinode en wys 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba aan.

7.2.3 Geslagsgelykheid. Taakspanne word aangemoedig om geslagsgelykheid in hulle samestelling na te streef. Verkieslik 50%, maar minstens een persoon van elke geslag moet op die dagbestuur dien. Taakspanne beskik oor die bevoegdheid om kundige lede te koöpteer. Sodanige koöptering maak dit vir taakspanne moontlik om gelyke verteenwoordiging tussen vroue en mans na te streef. Hierdie geld vir primarii sowel as sekundi.

7.2.4 Die voorsitters van die taakspanne dien op die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste.

**7.3 Funksionering van permanente sinodale taakspanne**

Die permanente taakspanne van die sinode funksioneer soos volg:

7.3.1. Verrig hul werksaamhede volgens die roeping, beleid en besluite van die sinode.

7.3.2 Is nie verantwoordelik vir administrasie of algemene bestuur van diensgroepe nie.

7.3.3 Die werkswyse hang af van hulle spesifieke taak en opdrag

7.3.4 Lewer verslag aan die diensgroep, maar behou ook die reg om direk aan die moderamen en die sinode verslag te doen.

7.3.5 Die termyn van die taakspanne duur van gewone sinodevergadering tot gewone sinodevergadering.

## 8. PROJEKSPANNE

*Projekspanne word deur die sinode/moderamen aangewys om uitvoering te gee aan* 'n *spesifieke opdrag of besluit. Hierdie projekte kan normaalweg nie deur* 'n *diensgroep gedoen word nie.*

### 8.1 Funksionering van projekspanne

Projekspanne funksioneer soos volg:

8.1.1 Word saamgestel wanneer 'n behoefte geïdentifiseer word en 'n opdrag uitgereik word.

8.1.2 Word saamgestel uit persone wat 'n gawe, passie, kundigheid en roeping het vir die saak van die projekspan.

8.1.3 Word aangemoedig om geslagsgelykheid in hulle samestelling na te streef.

8.1.4 Projekspanne het 'n keerdatum om die projek af te handel en ontbind nadat die projek afgehandel is.

8.1.5 Projekspanne doen verslag aan hulle opdraggewer.

## 9 SINODALE VERTEENWOORDIGERS

9.1 Die sinode (of die moderamen as sy gevolmagtigde) benoem verteenwoordigers vir verskeie verenigings, trusts, maatskappye en fondse. Elkeen van hierdie instansies se konstitusie, trustakte, statute, akte van oprigting of reëls bepaal die getal verteenwoordigers, die frekwensie van aanwysing en die wyse waarop dit moet geskied. Waar die gebruiklike vervanging van lede, trustees of direkteure nie met 'n sinodesitting of moderamenvergadering saamval nie, of waar 'n vakature ontstaan, wys die moderatuur (in ooreenstemming met die betrokke instansie se konstitusie, trustakte, statuut of akte van oprigting) 'n verteenwoordiger aan – met verslag aan die moderamen.

9.2 Die sinode benoem die volgende verteenwoordigers:

**Maatskappye**

9.2.1 Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM)
Die direkteure word volgens die statute van die maatskappy aangewys.

9.2.2 Direksie van Hugenote Kollege
Die sinode wys 'n primarius en sekunduslid vir die direksie aan.

9.2.3 Nasionale Instituut vir Dowes
Die sinode wys 'n primarius en sekunduslid vir die direksie aan.

**Trusts**

9.2.4 André Brand Gedenkfonds (IT 27/78)
Die trustees word volgens die trustakte van die trust aangewys.

9.2.5 Groenewald Trust
Die trustees word volgens die trustakte van die trust aangewys.

9.2.6 Hoffman Trust
Die Sinodale Diensgroep vir Getuienis is die trustees.

9.2.7 Hoop en Versoening Trust
Die sinode wys die trustees volgens die trustakte aan.

**Verenigings en genootskappe**

9.2.8 Badisa
Die aanwysing van die lede van die ledevergadering van Badisa geskied volgens die konstitusie van Badisa.

9.2.9 Bybelgenootskap
Die sinode benoem twee primariuslede waarvan slegs een 'n predikant moet wees en twee sekundi.

9.2.10 VCSV
Die sinode benoem een primariuslid en een sekundus.

**Pensioenfondse**

9.2.11 Predikante Pensioenfonds (PPF)
Trustees word aangewys volgens die reëls van die pensioenfonds.

9.2.12 Amptenare Vaste Bydrae Pensioenfonds
Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie wys die werkgewersverteenwoordigers vir die beheerliggaam aan.

9.2.13 Amptenare Voorsorgfonds
Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie wys die werkgewersverteenwoordigers vir die Beheerliggaam aan.

**10. SAMESTELLING VAN DIE AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE**

10.1 Die Algemene Sinode bepaal die getal afgevaardigdes n.a.v. ’n goedgekeurde formule.

10.2 Die Sinode van Wes-Kaapland se afvaardiging word soos volg saamgestel:

10.2.1 die moderatuur;

10.2.2 voorsitters van diensgroepe;

10.2.3 voorsitters van die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie, die Regskommissie en die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele sake;

10.2.4 persone volgens die diskresie van die moderamen/moderatuur;

10.2.5 ringsverteenwoordigers uit die moderamen (om bogenoemde aan te vul).

10.3 Daar moet sover moontlik minstens een verteenwoordiger van elke ring in die afvaardiging wees.

10.4 Die moderamen/moderatuur finaliseer die sinode se afvaardiging na die Algemene Sinode.

---

## REGLEMENT 26

## REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN

**1. NAAM**

Moderamen van die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika.

**2. SAMESTELLING**

Die moderamen word soos volg saamgestel:

2.1 die moderatuur;

2.2 een predikant (die voorsitter van die ringskommissie) uit elke ring in die sinodale gebied;

2.3 een kerkraadslid uit elke ring in die sinodale gebied;

2.4 die voorsitters van die vyf sinodale diensgroepe;

2.5 die voorsitters van die volgende sinodale taakspanne:

2.5.1 Regskommissie

2.5.2 Sinodale Taakspan vir die Argief

2.5.3 Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge

2.5.4 Sinodale Taakspan vir Eiendomme

2.5.5 Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie

2.5.6 Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele sake

2.6 Die volgende persone dien adviserend op die moderamen:

2.6.1 al die PSD’s wat vir die sinode werk;

2.6.2 die voorsitter van die Kuratorium;

2.6.3 die kommunikasiebeampte.

2.7 Leiers van taakspanne kan deur die voorsitters van die diensgroep genooi word wanneer ’n betrokke taakspan se verslag dien.

**3. OPDRAG**

Die moderamen het tussen sinodevergaderings die volgende opdrag:

**3.1 Leidinggewend**

Die moderamen:

3.1.1 Verskaf leiding en kontinuïteit ten opsigte van alle sinodale werksaamhede.

3.1.2 Gee leiding om alle sinodale werksaamhede te belyn met die roeping en beleid van die sinode.

3.1.3 Stel, in samewerking met gemeentes, die agenda van die volgende sinodevergadering saam.

3.1.4 Wys die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode aan.

3.1.5 Belê ’n buitengewone sinode na die eis van omstandighede.

3.1.6 Gee leiding ten opsigte van die sinode se verhouding met maatskappye, trusts, verenigings of aftreefondse met wie die NG Kerk in SA ’n ooreenkoms het of lede vir die instansies se beheerliggame moet aanwys (Sien Reglement 25: 9).

**3.2 Bestuur en koördinering**

Die moderamen:

3.2.1 Neem verantwoordelikheid vir die bestuur, beplanning en koördinering van die werksaamhede van die sinode en sien toe dat die diensgroepe en taakspanne volgens netwerkbeginsels funksioneer. (Vir hierdie taak wys die moderamen ’n taakspan soos die Sinodale Koördineringspan/SKS aan.)

3.2.2 Wys na afloop van die sinode twee lede aan wat die moderamen vir die termyn tussen sinodevergaderings in die Sinodale Koördineringspan verteenwoordig.

3.2.3 Sorg dat die roeping en beleid van die sinode op alle vlakke van die kerkverband uitgevoer word.

3.2.4 Hou toesig oor en ondersteun die sinodale diensgroepe. Hierdie diensgroepe doen aan die moderamen verslag.
3.2.5 Handel alle dringende sake en besluite in algemene belang van die sinode af.
3.2.6 Behartig die aanstelling en bestuur van die predikante in sinodale diens en senior amptenare in diens van die sinode.
3.2.7 Besluit in samewerking met die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie oor die koop, verkoop, ruil, oordrag of skenking van vaste bates (eiendom) van die NG Kerk in SA (vir werkswyse sien die Sinode van die Wes-Kaapland Reglement vir die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie, punt 6).
3.2.8 Hanteer aansoeke om bevoegdheid van predikante en proponente.
3.2.9 Finaliseer die afvaardiging na die Algemene Sinode volgens besluite van die sinode.

**3.3 Skakeling**

Die moderamen:
3.3.1 Behartig ekumeniese skakeling namens die sinode.
3.3.2 Behartig skakeling met owerhede namens die sinode.
3.3.3 Verteenwoordig die kerkverband in alle gevalle waarvoor geen voorsiening gemaak is nie.
3.3.4 Kommunikeer met ringe en gemeentes.

**3.4 Verantwoordbaarheid**

Die moderamen se opdrag eindig by die eersvolgende gewone sinodevergadering en doen daar volledig verslag van sy werksaamhede.

**4. VERGADERINGS**

4.1 Die moderamen vergader een of twee keer per jaar.
4.2 Die notule van die moderamenvergadering word deur die moderatuur op sy eersvolgende vergadering goedgekeur.
4.3 Na afloop van elke vergadering word die besluite van die vergadering deur die skriba van die sinode aan die gemeentes gestuur.

**5. AANVUL VAN VAKATURES**

5.1 ’n Vakature in die moderamen ontstaan wanneer ’n lid nie meer dien in die hoedanigheid (bv. ringsverteenwoordiger as predikant of kerkraadslid, diensgroepvoorsitter of taakspanvoorsitter) waarin hy tot die moderamen verkies is nie, of indien hy uit die sinodale gebied vertrek het.
5.2 In geval van ringsverteenwoordigers op die moderamen word vakatures deur die moderamen uit die sekundi aangevul. Indien sekundi nie beskikbaar is nie, verkies die moderamen ’n plaasvervanger op aanbeveling van die ring.
5.3 In geval van ander verteenwoordigers op die moderamen word vakatures deur die moderamen aangevul uit die sekundi of op aanbeveling van die betrokke sinodale diensgroep of-taakspan.
5.4 Wat vakatures op die moderatuur betref, sien die reglement van die moderatuur.

---

## REGLEMENT 27

## REGLEMENT VIR DIE MODERATUUR

**1. NAAM**

Moderatuur van die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika.

**2. SAMESTELLING**

Die moderatuur word saamgestel uit agt verkose lede, waarvan minstens drie lede uit elke geslag moet wees.

Die moderatuur word soos volg saamgestel:
2.1 Ses persone wat aan die begin van die sinode verkies word.
2.2 Twee nie-predikante wat aan die einde van die sinode verkies word.
2.3 Die voorsitter van die Sinodale Koördineringspan (adviserend).
2.4 Die saakgelastigde van die sinode (adviserend).

**Die ses verkose lede is:**

Die moderator (voorsitter)
Die assessor (ondervoorsitter)
Die aktuarius (kerkregkundige)

Die skriba (sekretaris)
Twee addisionele lede.
Hierdie ses lede word **aan die begin** van die sinode verkies en gee leiding tydens die vergadering. Die verkiesing van die **twee nie-predikante aan die einde** van die sinode, geskied vanaf ’n kortlys van minstens vier persone wat deur die taakspan vir die samestelling van kommissies benoem is, na konsultasie met die voorsitters/skribas van die ringe.

’n *PSD of ander amptenaar wat as betaalde amptenaar in diens van die sinode staan is vanweë die moontlikheid van* ’n *botsing van belange nie as voorsitter van die moderatuur verkiesbaar nie.*

**3. OPDRAG**
Die moderatuur is verantwoordelik vir die volgende:
3.1 Gee leiding tydens die sinodevergadering.
3.2 Tree na die sinodevergadering as dagbestuur van die moderamen op.
3.3 Gee leiding in die sinodale gebied en by moderamenvergaderings.
3.4 Bedien die moderamen met strategiese voorstelle oor die roeping (visie) van die sinode/moderamen en die uitvoering daarvan.
3.5 Bedien die moderamen met ’n strategie oor die voortsetting en plasing van PSD poste.
3.6 Neem verantwoordelikheid vir die kommunikasie van die sinode.
3.7 Doen verantwoording aan die moderamen.

**4. VAKATURES**
4.1 ’n Vakature op die moderatuur ontstaan een van op die volgende wyses:
4.1.1 Wanneer ’n lid bedank as lid van die moderatuur.
4.1.2 Wanneer ’n lid nie meer in die hoedanigheid waartoe hy ingevolge punt 2 van hierdie reglement verkies is, dien nie.
4.1.3 Wanneer ’n lid of as lidmaat van die kerk bedank of die kerkverband opsê.
4.1.4 Wanneer ’n lid sterf.
4.1.5 Wanneer ’n lid uit die sinodale gebied vertrek.
4.2 ’n Predikantvakature op die moderatuur ontstaan ook wanneer ’n predikant bevoegdheid verloor.
4.3 Wanneer ’n lid van die moderatuur ingevolge punt 2 verkies is en na ’n ander gemeente binne die sinodale gebied verhuis, bly hy lid van die moderatuur.
4.4 Die moderamen vul ’n vakature op die moderatuur aan deur ’n lid te verkies uit die geledere van al die afgevaardigdes na die vorige sinode.
4.5 Wanneer ’n lid van die moderatuur aftree-ouderdom bereik, kan hy sy termyn voltooi.

**5. LOGISTIEKE ONDERSTEUNING VAN MODERATUUR**
5.1 Die sinode voorsien aan die moderator, aktuarius en skriba en ander lede van die moderatuur die nodige logistieke ondersteuning om hulle taak na behore te kan uitvoer. Enige toerusting bly die eiendom van die sinode.
5.2 Die sinode voorsien aan die lede van die moderatuur ’n kantoor.
5.3 Die sinode voorsien sekretariële hulp aan die moderatuur.

---

## REGLEMENT 28

## REGLEMENT VIR DIE AKTUARIUS

Die aktuarius word as lid van die moderatuur deur die sinode verkies.

**1. DIE AMP VAN DIE AKTUARIUS**
Die aktuarius is uit hoofde van sy amp:
1.1 lid van die moderamen;
1.2 lid van die moderatuur;
1.3 voorsitter van die Regskommissie;
1.4 lid van die Algemene Taakspan Regte van die Algemene Sinode;
1.5 lid van die Kuratorium en die eksamenkommissie van die teologiese kweekskool;
1.6 lid van die Sinodale Taakspan Diensverhoudinge.

**2. DIE PLIGTE VAN DIE AKTUARIUS**
Die aktuarius het die volgende pligte en verantwoordelikhede:
2.1 Gee amptelik advies oor die Kerkorde, reglemente en besluite van die sinode aan alle persone,

kerkrade, ringe, taakspanne, diensgroepe en vergaderinge in die sinodale struktuur.

2.2 Maak, in samewerking met die Regskommissie, die sinodale reglemente, vorms en tersaaklike besluite van die sinode so gou as moontlik gereed vir publikasie.

2.3 Doen verslag van sy werksaamhede aan die moderamen.

2.4 Gee uitvoering aan al die opdragte wat in die Kerkorde, reglemente en besluite van die sinode aan hom opgedra is.

---

## REGLEMENT 29

## REGLEMENT VIR DIE SKRIBA VAN DIE SINODE

Die skriba van die sinode word as lid van die moderatuur deur die sinode verkies. Die skriba tree as sekretaris van die sinode op.

**1. DIE AMP VAN DIE SKRIBA**

Die skriba is uit hoofde van sy amp:

1.1 lid van die moderatuur;

1.2 lid van die moderamen.

**2. DIE PLIGTE VAN DIE SKRIBA**

Die skriba het die volgende pligte en verantwoordelikhede:

2.1 Die getroue nakoming van wat in die Sinode van die Wes-Kaapland se Reglement van Orde, asook ander reglemente aan hom opgedra word.

2.2 Voorbereidende reëlings en organisering van vergaderings waarby hy ampshalwe betrokke is.

2.3 Notulering, organisering en afhandeling van sake by vergaderings waarby hy ampshalwe betrokke is

2.4 Hantering van amptelike korrespondensie van vergaderings waarby hy ampshalwe betrokke is.

2.5 Die besorging van die notule van die sinode aan afgevaardigdes ’n maand na afloop van die sinode.

2.6 Die besorging van die notules aan lede van ander vergaderings waarby hy ampshalwe betrokke is – so gou moontlik na afloop van vergaderings.

2.7 Die besorging van die notule van die sinode/moderamen aan die argivaris binne drie maande na afloop van die vergadering.

2.8 Verslagdoening van sy werksaamhede aan die moderamen.

---

## REGLEMENT 30

## REGLEMENT VIR PREDIKANTE IN SINODALE DIENS

’n Predikant in sinodale diens (PSD) is ’n predikant wat, voltyds of deeltyds, volgens ’n ooreenkoms met die persoon of sy werkgewer in diens van die sinode is en deur die sinode vir die diens vergoed word.

**1 AANSTELLING**

1.1 Die aanstelling van ’n PSD word deur die moderamen gedoen.

1.2 Indien ’n PSD-pos vakant raak, besluit die moderamen op aanbeveling van die moderatuur, of die pos weer gevul moet word en op welke wyse. Indien ’n pos weer gevul word, handel die moderamen volgens die voorgeskrewe riglyne in die hierdie reglement. In die geval van die aanstelling van senior amptenare van die sinode, word dieselfde prosedure gevolg.

1.3 Die moderamen bepaal die opdrag van ’n PSD op aanbeveling van die moderatuur en kan die opdrag van ’n PSD na gelang van omstandighede wysig.

1.4 Vanweë die moontlikheid van botsing van belange kan ’n PSD nie voorsitter wees van enige vergadering/diensgroep of taakspan aan wie hy verslag moet lewer nie.

**2. WYSE VAN BENOEMING**

Die benoeming van ’n PSD geskied op die volgende wyse:

2.1 <u>Die benoemingsvergadering</u>

Die moderamen maak van ’n gevolmagtigde taakspan gebruik om die vakature te vul. Die gevolmagtigde taakspan tree op as benoemingsvergadering.

2.1.1 Die gevolmagtigde taakspan/benoemingsvergadering bestaan uit:

2.1.1.1 die dagbestuur van die diensgroep by wie die vakature bestaan;

2.1.1.2 die Sinodale Koördineringspan;
2.1.1.3 die moderatuur;
2.1.1.4 in geval van 'n vakature waar 'n beheerraad/taakspan betrokke is, vorm die dagbestuur van die beheerraad/taakspan deel van die benoemingsvergadering.
2.1.2 Die moderatuur wys die voorsitter van die gevolmagtigde taakspan uit eie geledere aan en aktiveer die benoemingsproses.

2.2 <u>Die taakspan vir pre-advies</u>
Waar gebruik gemaak word van 'n taakspan vir pre-advies, roep die aangewese voorsitter hierdie taakspan byeen en tree op as voorsitter.
2.2.1 Die taakspan vir pre-advies, word saamgestel deur twee lede elk van die volgende groepe:
2.2.1.1 die dagbestuur van die diensgroep by wie die vakature bestaan;
2.2.1.2 die Sinodale Koördineringspan;
2.2.1.3 die moderatuur;
2.2.1.4 In geval van 'n vakature waar 'n beheerraad/taakspan betrokke is, vorm die dagbestuur van die beheerraad/taakspan deel van die taakspan vir pre-advies.
2.2.2 Een lid kan nie twee groepe gelyktydig verteenwoordig nie. Elke groep wys sy eie twee lede aan.
2.2.3 Die taakspan vir pre-advies volg die volgende prosedure:
2.2.3.1 Die taakspan stel die vakature so wyd moontlik in die kerklike media bekend, met 'n volledige uiteensetting van die besondere vereistes wat ten opsigte van die pos gestel word.
2.2.3.2 Die taakspan ontvang die aansoeke en nominasies en verwerk dit volgens die vereistes van die pos, (lede van die moderamen kan ook nominasies by die taakspan indien).
2.2.3.3 Die taakspan het die reg om, nadat aansoeke ontvang is, die groslys nog verder aan te vul.
2.2.3.4 Die taakspan kan verdere inligting oor die persone wie se name op die groslys verskyn, inwin.
2.2.3.5 Die taakspan berei 'n verslag voor en lê dit voor aan die benoemingsvergadering.
2.2.3.6 Die voorsitter van die taakspan vir pre-advies tree as voorsitter van die benoemingsvergadering op.

2.3 <u>Goedkeuring van die benoeming – Approbasie</u>
2.3.1 Waar 'n benoeming van 'n PSD gemaak word, (vergelyk Artikel 8.2 van die Kerkorde), verkry die vergadering wat die benoeming maak die goedkeuring van die kerkverband deur:
2.3.1.1 approbasie van die moderamen;
2.3.1.2 bekendmaking van die benoeming in die Kerkbode.
2.3.2 Sodra die benoeming deur die Sinodale Regskommissie of sy gevolmagtigde goedgekeur is, word die benoemingsbrief aan die benoemde gestuur vir oorweging van die benoeming.
7.7 Die benoemde het na ontvangs van die beroepsbrief 'n maksimum van veertien (14) dae om die beroep te aanvaar of te bedank, tensy uitstel daartoe verleen word.

**2 TOESIG EN VERSORGING**
2.1 Die toesig oor en die versorging van die PSD's en alle ander aangeleenthede rakende die diensverhoudinge van PSD's word namens die moderamen en in samewerking met die diensgroep aan wie 'n PSD toegewys is deur die Taakspan vir Diensverhoudinge behartig.
2.2 Wanneer 'n PSD wat in diens van die sinode staan te sterwe kom, is sy huweliksmaat en afhanklike kinders geregtig op 'n volle maand se vergoedingspakket (toelaes ingesluit) asook drie maande se behuisingsvoordele, in beide gevalle soos voor afsterwe.
2.3 Die moderamen het, in samewerking met die Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge, die verantwoordelikheid om behulpsaam te wees met die hervestiging van die huweliksmaat en afhanklike kinders. (Sien reglement 3.12.2)

---

**REGLEMENT 31**

**REGLEMENT VIR DIE SINODALE KOÖRDINERINGSPAN**

**1. NAAM**
Die Sinodale Koördineringspan (SKS)

**2. SAMESTELLING**
2.1 Die SKS (12 lede) word soos volg saamgestel:
2.1.1 die vyf diensgroepkoördineerders (PSD's) met sekundi;
2.1.2. die vyf voorsitters van die diensgroepe met sekundi;
2.1.3 twee lede van die moderamen wat vir die termyn tussen sinodevergaderings deur die moderamen aangewys word.

2.2 Diensgroepe sien toe dat hulle verteenwoordigers by elke vergadering van die SKS teenwoordig is.

**3. OPDRAG VAN DIE SKS**

3.1 Die SKS het opdrag van die moderamen om die koördinering van die sinodale netwerk van diensgroepe en menslike hulpbronne te bestuur ten einde sinergie en optimale funksionering van diensgroepe te bevorder. Die SKS koördineer die werksaamhede van die diensgroepe in soverre dit nie die bestuursfunksies van diensgroepe en taakspanne dupliseer of daarmee in konflik is nie.

**4. TAKE**

Die SKS ontwikkel sinergie tussen die vyf diensgroepe deur die volgende te doen:

4.1 Bevorder die bemagtiging en funksionering van elke diensgroep.
4.2 Verseker samewerking tussen diensgroepe.
4.3 Sien toe dat die aanwending van diensgroepe, menslike hulpbronne, finansies en kapasiteit van die sinode die roeping en besluite van die sinode ten beste dien.
4.4 Sien toe dat die besluite en prioriteite van die sinode en die moderamen, wat betrekking het op die werksaamhede van die sinode, deur die onderskeie diensgroepe uitgevoer word.
4.5 Sien toe dat daar sinergie tussen diensgroepe bestaan.
4.6 Sien toe dat inligting oor die sinodale werksaamhede aan die hele sinodale sisteem, ringe en gemeentes gekommunikeer word.
4.7 Keur die skep en die kontinuering van enige pos (poste van PSD's en senior amptenare uitgesluit) binne die onderskeie diensgroepe goed.
4.8 Waar 'n vakature vir 'n PSD of 'n senior amptenaar ontstaan, vorm die SKS, saam met die moderatuur en die dagbestuur van die betrokke diensgroep, in opdrag van die moderamen deel van die benoemingsproses en die benoemingsvergadering.
4.9 Sien toe dat daar doeltreffende aanwending van sinodale personeel plaasvind.
4.10 Doen by elke gewone moderamenvergadering verslag van die SKS se werksaamhede.

**5. FUNKSIONERING**

5.1 Met die eerste vergadering na afloop van die sinode roep die saakgelastigde die SKS saam.
5.2 Die SKS verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba vir die termyn tussen die sinodes.
5.3 Die voorsitter dien adviserend op die moderatuur.
5.4 Die sekretaresse van die moderatuur is verantwoordelik vir die SKS se kantooradministrasie en tree as notulerende skriba van die vergadering op.
5.5 Die SKS vergader volgens eie skedule, maar minstens een keer per kwartaal.

---

## REGLEMENT 32

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSGROEP VIR ONDERSTEUNINGSDIENSTE (SDO)

**1. NAAM**

Die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste (SDO).

**2. SAMESTELLING**

2.1 Die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste (SDO) word saamgestel uit die Saakgelastigde (diensgroepkoördineerder) en die voorsitters van die volgende taakspanne:
2.1.1 Sinodale Taakspan vir die Argief (STA)
2.1.2 Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD)
2.1.3 Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE)
2.1.4 Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA)
2.1.5 Sinodale Taakspan vir Kommunikasie (STK)
2.1.6 Die Regskommissie
2.2 Die SDO verkies tydens die konstitueringsvergadering na die sinodesitting 'n voorsitter en ondervoorsitter. Die saakgelastigde tree as skriba op.
2.3 Die voorsitter dien op die Sinodale Koördineringspan (SKS).
2.4 Die ondervoorsitter is die SDO se sekundus op die SKS.

**3. ROEPING**

3.1 Die SDO se taakspanne se besondere taak is om aan die sinode ondersteuning te bied vir die verwesenliking van die sinode se roeping.

**4. VERGADERINGS**

4.1 Die Sinodale Diensgroep Ondersteuningsdienste (SDO) vergader slegs wanneer nodig.

**5. VERANTWOORDBAARHEID**

5.1. Die SDO se ses taakspanne doen van hulle spesifieke werksaamhede direk verslag aan die moderamen/sinode.

---

## REGLEMENT 33

## REGLEMENT VIR DIE DIENSGROEP GEMEENTEBEGELEIDING

**1. NAAM**

Die Diensgroep Gemeentebegeleiding van die NG Kerk van Wes-Kaapland (SDG)

**2. SAMESTELLING**

Die diensgroep word soos volg saamgestel:

2.1 Een verteenwoordiger uit elke ring.

2.2 Al die PSD's aan die diensgroep toegewys.

2.3 Die diensgroep konstitueer tydens die sinode en verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en twee addisionele lede as diensgroepbestuur (met vyf sekundi).

2.4 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.4).

**3. ROEPING**

*Die SDG bely dat die drie-enige God gemeentes roep, versamel, vernuwe en stuur. Daarom is sy roeping om:*

3.1 gemeentes en gemeenteleiers te begelei om geloofsonderskeidend te ontdek waar die drie-enige God werksaam is;

3.2 saam met gemeentes en gemeenteleiers te ontdek hoe God se nuwe wêreld deurbreek in die transformasie van mense en gemeenskappe; en

3.3 saam met gemeentes en gemeenteleiers te leer hoe om geïntegreerd by God se werk aan te sluit.

**4. TAAK**

Die SDG is verantwoordelik vir die volgende:

4.1 Rus gemeenteleiers toe vir die uitvoering van hul pligte en verskaf begeleiding daarin.

4.2 Skep netwerke tussen gemeentes en ander diensgroepe.

4.3 Ontwikkel vennootskappe.

4.4 Doen toegespitste navorsing oor gemeentes.

4.5 Ontwikkel nuwe materiaal en prosesse wat gemeenteleiers in gemeentes kan benut.

4.6 Ontwikkel geestelike leierskap.

**5. FUNKSIONERING**

5.1 Die diensgroep vergader wanneer nodig.

5.2 Die voorsitter dien op die SKS.

5.3 Die diensgroepbestuur dien namens die diensgroep op die Communitasraad.

5.4 SDG funksioneer in 'n netwerk saam met verteenwoordigers van die VGK Kaapland as die Gesamentlike Diensgroep vir Gemeente-begeleiding naamlik Communitas.

5.5 Die gesamentlike SDG funksioneer volgens die Reglement vir die Gesamentlike Diensgroep vir Gemeentebegeleiding (Communitas) wat deur beide kerke van tyd tot tyd goedgekeur word.

5.6 Indien die ander kerk onttrek, funksioneer die SDG onder die bestuur van die NG Kerk diensgroepbestuur (sien punt 2.3).

**6. SAMESTELLING VAN DIE NG KERK VERTEENWOORDIGING OP DIE COMMUNITASRAAD**

6.1 Vyf verkose lede soos in punt 2.3.

6.2 Voorsitters van die volgende taakspanne:

6.2.1 Gemeentebegeleiding

6.2.2 Predikantebegeleiding

6.2.3 Kinder-, Jeug- en Familiebediening

6.2.4 Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO)

6.2.5 Vrouebediening (NG Kerk).

6.3 Al die PSD's aan Communitas toegewys.

6.4 Die raad vergader minstens een keer per jaar, as gesamentlike SDG (Communitas).

**7. TAAK VAN DIE COMMUNITASRAAD**

Die Communitasraad is verantwoordelik vir die volgende:

7.1 Die oorhoofse strategie, doelwitte en toesig van die diensgroep.
7.2 Die bestuur van die take van die diensgroep en bepaling van eie funksionering.
7.3 Die aanwys van taakspanne om die roeping van die diensgroep te dien.
7.4 Die bestuur en versorging van die PSD's aan die diensgroep toegewys in samewerking met die STD.

**8. DIE DAGBESTUUR VAN DIE COMMUNITASRAAD**

8.1 Die voorsitters en ondervoorsitters van die Communitasraad, asook
8.2 al die PSD's aan die diensgroep toegewys.

**9. VERANTWOORDBAARHEID**

Die diensgroep doen verslag aan die moderamen/sinode.

---

**REGLEMENT 33b**

**REGLEMENT VIR DIE GESAMENTLIKE DIENSGROEP VIR GEMEENTEBEGELEIDING (COMMUNITAS)**

**1. NAAM**

Die gesamentlike Diensgroep Gemeentebegeleiding van die NG Kerk Wes-Kaap en VGK Kaapland is 'n bediening van die twee kerke en funksioneer onder die naam Communitas.

**2. SAMESTELLING VAN COMMUNITASRAAD**

Die diensgroep word soos volg saamgestel:

2.1 Vyf lede elk van die deelnemende kerke wat op die volgende wyse bepaal word:
Die diensgroep/bediening van elke deelnemende kerk wys 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en twee addisionele lede met sekundi aan. Hierdie vyf persone dien namens die onderskeie kerke op die gesamentlike Communitasraad.

2.2 Voorsitters van die volgende taakspanne:
2.2.1 Gemeentebegeleiding
2.2.2 Predikantebegeleiding
2.2.3 Kinder-, Jeug- en Familiebediening
2.2.4 Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO)
2.2.5 Vrouebediening (NG Kerk)
2.2.6 Vrouebediening (VG Kerk)
2.2.7 Mannebediening (VG Kerk)
2.2.8 Christian Youth Movement (VG Kerk)

2.3 Al die PSD's aan Communitas toegewys.
2.4 Die raad het die reg op koöpsie.
2.5 Die Communitasraad verkies twee voorsitters, een uit elk van die twee kerke en 'n skriba.
2.6 Indien enige van die lede gedurende die termyn bedank, word hy deur 'n sekundus vervang.
2.7 Die raad vergader minstens een keer per jaar.

**3. ROEPING**

Communitas bely dat die drie-enige God gemeentes roep, versamel, vernuwe en stuur.
Communitas se roeping is om:

3.1 Gemeentes en gemeenteleiers te begelei om geloofsonderskeidend te ontdek waar die drie-enige God werksaam is.
3.2 Saam met gemeentes en gemeenteleiers te ontdek hoe God se nuwe wêreld deurbreek in die transformasie van mense en gemeenskappe.
3.3 Saam met gemeentes en gemeenteleiers te leer hoe om met integriteit by God se werk aan te sluit.

**4. TAAK VAN DIE COMMUNITASRAAD**

4.1 Communitasraad is verantwoordelik vir die oorhoofse strategie, doelwitte en uitvoering van die diensgroep/bediening en bestuur die volgende take van die diensgroep/bediening in lyn met die roeping van die sinodes en is verantwoordelik vir:
4.1.1 Die toerusting en begeleiding van gemeenteleiers in die uitvoering van hul pligte.

4.1.2 Die skep van netwerke tussen gemeentes en ander diensgroepe.
4.1.3 Die ontwikkeling van vennootskappe.
4.1.4 Die toegespitste navorsing oor gemeentes.
4.1.5 Die ontwikkeling van nuwe materiaal en prosesse wat gemeenteleiers in gemeentes toerus.
4.1.6 Die ontwikkeling van geestelike leierskap

**4.2 Funksionering:**
Die Communitasraad funksioneer op die volgende wyse:
4.2.1 Bestuur die take van die diensgroep/bediening en bepaal eie funksionering
4.2.2 Wys taakspanne aan om die roeping van die diensgroep/bediening te dien
4.2.3 Bestuur en versorg die PSD's aan die diensgroep/bediening toegewys in samewerking met die Sinodale Taakspan Diensverhoudinge.

**5. DIE DAGBESTUUR VAN DIE COMMUNITASRAAD**
5.1 Die dagbestuur word soos volg saamgestel:
5.1.1 Die voorsitters van die Communitasraad. (Hulle is ook om die beurt sameroepers van die dagbestuur.)
5.1.2 Die twee ondervoorsitters van die onderskeie kerke.
5.1.3 Die koördinerende PSD's aan die diensgroep toegewys.
5.2 Die dagbestuur hanteer alle bestuursaangeleenthede van Communitas soos deur die Communitasraad opgedra en vergader wanneer nodig.

**6. FUNKSIONERING**
Vir die funksionering van Communitas word 'n diensspan saamgestel wat funksioneer soos deur die Communitasraad goedgekeur.

**7. VERANTWOORDBAARHEID**
Communitas doen verslag aan die Sinodale Kommissie van die VGK en die moderamen van die NG Kerk asook aan beide sinodes.

---

## REGLEMENT 34

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSGROEP TOERUSTING EN NAVORSING

**1. NAAM**
Die Sinodale Diensgroep Toerusting en Navorsing (SDTN).

**2. SAMESTELLING**
Die diensgroep word soos volg saamgestel:
2.1 Die diensgroep word ringsgewys saamgestel tydens die sinode. Elke ring benoem 'n primarius- en sekundusverteenwoordiger.
2.2 Al die PSD's wat aan die diensgroep toegewys is.
2.3 Voorsitters van die taakspanne binne die diensgroep, sodra hulle aangewys is.
2.4 Die diensgroep konstitueer tydens die sinode en verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba.
2.5 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.6.4).

**3. DAGBESTUUR**
3.1 Die dagbestuur word soos volg saamgestel:
3.1.1 die voorsitter, ondervoorsitter en skriba van die diensgroep;
3.1.2 die PSD vir Kerklike Opleiding;
3.1.3 die voorsitters van die volgende taakspanne:
3.1.3.1 Sinodale Taakspan Kuratorium (STK)
3.1.3.2 Sinodale Taakspan Leer en Aktuele Sake (STLAS)
3.1.3.3 Sinodale Taakspan Lidmaatbemagtiging (STL)
3.1.3.4 Sinodale Taakspan Voortgesette Bedieningopleiding (VBO).
3.2 Die dagbestuur doen verslag aan die diensgroep.

**4. TAAK**
Die SDTN se taak is om in ooreenstemming met die roeping van die sinode:
4.1 gemeentes en predikante die toe te rus en op te lei;
4.2 taakspanne te koördineer en netwerke te vestig sodat die roeping van die sinode uitgeleef word.

**5. VERGADERINGS**

Die SDTN vergader wanneer nodig.

**6. VERANTWOORDBAARHEID**

6.1 Die SDTN doen verslag van sy algemene werksaamhede aan die moderamen/sinode.

6.2. Die SDTN se taakspanne doen van hulle spesifieke werksaamhede direk verslag aan die moderamen en die sinode.

---

**REGLEMENT 35**

**REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSGROEP VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID (SKDB)**

**1. NAAM**

Die Sinodale Diensgroep vir Diens van Barmhartigheid (SKDB).

**2. SAMESTELLING**

Die SKDB word soos volg saamgestel:

2.1 Die diensgroepe word ringsgewys saamgestel tydens die sinode. Elke ring benoem ’n primarius- en sekundusverteenwoordiger.

2.2 Die PSD’s wat aan die diensgroep toegewys is.

2.3 Kundige lede soos deur die sinode benoem.

2.4 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.6.4).

**3. ROEPING**

SKDB voer die roeping van die sinode op die gebied van armoede en sorg uit deur gemeentes en ringe by te staan om hul missionêre roeping ten volle uit te leef.

**4. FUNKSIONERING**

4.1 Die diensgroep konstitueer tydens die sinodevergadering waar ’n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en addisionele lid aangewys word. Hierdie vier verkose lede dien namens die diensgroep op die Gesamentlike Bestuursraad van Diaconia (Diensgroep vir Barmhartigheid).

4.2 Die voorsitter en ondervoorsitter is die primarius- en sekunduslede vir die moderamen en die SKS.

4.3 SKDB funksioneer as ’n netwerk van ringe, sowel as in ’n eenheidsbediening saam met verteenwoordigers van die VGK Kaapland as die Gesamentlike Diensgroep Diaconia.

4.4 Diaconia funksioneer volgens die Reglement vir die Gesamentlike Diensgroep Diaconia wat deur beide kerke van tyd tot tyd goedgekeur word.

4.5 ’n Tweede bediening wat tussen die kerke gevestig is, is Badisa. Dit is die gesamentlike barmhartigheidsaksie van die twee kerke wat as nie-regeringsorganisasie en openbare weldaadorganisasie geregistreer is. Die NG Kerk in SA word op die ledevergadering van Badisa verteenwoordig deur verteenwoordigers wat op aanbeveling van die SKDB deur die moderamen, aangewys word.

**5. VERANTWOORDBAARHEID**

Die diensgroep lewer verslag van die werksaamhede van Diaconia en Badisa aan die moderamen en die sinode.

---

**REGLEMENT 35b**

**REGLEMENT VIR DIE GESAMENTLIKE DIENSGROEP VIR BARMHARTIGHEID – DIACONIA**

**UITGANGSPUNT**

Die diensgroep word as ’n eenheidsbediening gestruktureer as uitdrukking van die belydenis van die eenheid van die twee kerke en die ideaal van een kerkverband. Die reglement maak voorsiening vir die realiteit dat daar nog verskillende kerke bestaan. Die diensgroep tree op as ’n eenheid om gemeentediakonaat te bevorder. Badisa is ’n integrale deel van die kerk se diakonaat en dit is Diaconia se verantwoordelikheid om dit te bevorder.

**1. NAAM EN GRONDSLAG**

1.1 Die Gesamentlike Diensgroep vir Barmhartigheid (Algemeen bekend as Diaconia)

1.2 Dit is ’n diensgroep van die NG Kerk in SA en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika: Kaapland.

1.3 Diaconia vind sy grondslag in die Bybelse opdrag tot barmhartigheid, Drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar.

1.4 Diaconia werk vanuit die teologiese beginsel *Missio Dei* en is verbind daartoe om missionale diakonaat in gemeentes te bevorder.

**2. SAMESTELLING**

2.1 Die diensgroep is saamgestel uit al die ringsverteenwoordigers van Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste (SKDD) van die VGKSA (Kaapland) en dié van die Sinodale Diensgroep vir Diens van Barmhartigheid (SKDB) van die NG Kerk.

2.2 Die SKDB en SKDD konstitueer na onderskeie sinodes volgens hulle eie reglement en funksioneer dan gesamentlik deur Diaconia.

2.3 In gevalle waar afsonderlike besluite deur die samewerkende kerke statutêr vereis word, sal slegs daardie kerk se lede aan die besluitneming deelneem in die onderskeie vergaderinge.

**3. DOEL EN FUNKSIE VAN DIACONIA**

Die doel van Diaconia is:

**3.1 Barmhartigheid**

3.1.1 Ontwikkel ’n visie en strategie vir gemeentediakonaat.

3.1.2 Ontwikkel die verhoudings tussen die NG en VG kerk, gemeentes en Badisa, en bevorder die ondersteuning van Badisa.

3.1.3 Koördineer nood- en ramphulp.

**3.2 Pastoraat**

3.2.1 Ontwikkel netwerk vir hospitaal pastoraat.

3.2.2 Ontwikkel netwerk vir pastorale terapie.

**3.3 Bestuur van eiendomme**

3.3.1 GHBM

3.3.2 SKDB- en SKDD- eiendomme

**3.4 Bestuur testamentêre bemakings aan SKDB en SKDD**

**3.5 Bestuur fondse: rampfonds en ander**

**4. BESTUUR**

4.1 Diaconia funksioneer deur ’n bestuursraad, dagbestuur, bestuurspan (PSD’s) en taakgroepe.

**4.2 Bestuursraad: Diaconia**

4.2.1 <u>Samestelling</u>

Die bestuursraad word as volg saamgestel:

4.2.1.1 die ringsverteenwoordigers op SKDD en SKDB (SKDD en SKDB konstitueer na hul kerke se onderskeie sinodes volgens hulle onderskeie reglemente).);

4.2.1.2 predikante in sinodale diens;

4.2.1.3 deskundiges soos gekoöpteer deur die bestuursraad (adviserend);

4.2.1.4 persone uit ander kommissies/taakspanne van die kerke soos gekoöpteer deur die bestuursraad (adviserend);

4.2.1.5 dosent(e) in diakoniologie binne die bedieningsgebied van die partye (adviserend); en

4.2.1.6 die Bestuurspan van Badisa (adviserend).

4.2.1.7 Vir elkeen van die lede in 4.2.1.1 en 4.2.1.4 word ’n sekundus benoem.

4.2.1.8 Vakatures in die bestuursraad word deur die betrokke lidkerk gevul.

4.2.2 <u>Vergaderings van die bestuursraad</u>:

Die bestuursraad vergader minstens een maal per jaar. Meer as die helfte van die lede is ’n kworum.

4.2.3 <u>Taak</u>

4.2.3.1 Verantwoordelik vir bepaling van strategie en beleid vir die uitvoering van die werksaamheid van die diensgroep en die diakonaat van die onderskeie kerke.

4.2.3.2 Verantwoordelik vir die goedkeuring van die begroting vir diensgroep.

4.2.3.3 Die bestuursraad kan na behoefte taakgroepe aanwys.

4.2.3.4 Vakatures in die dagbestuur word uit die lede van die bestuursraad gevul.

4.2.3.5 Beplan navorsing en deurgee van inligting en voorligting oor die diakonale opdrag van die kerk aan gemeentes en kerkvergaderinge.

4.2.3.6 Adviseer die onderskeie sinodes, ringe en gemeentes in verband met beleid en praktiese uitvoering van diakonaat.

4.2.3.7 Voer enige opdrag van of deur een of albei van die kerke uit.

4.2.3.8 Doen verslag aan die betrokke kerkvergaderinge van die diensgroep se werksaamhede.

4.2.3.9 Benoem verteenwoordigers van Diaconia op ander sinodale taakspanne.

4.2.3.10 Ontwikkel voorstelle vir kerkordelike bepalinge ten opsigte van die funksionering van kommissies vir diakonaat van ringe en kerkrade.

4.2.3.11 Keur reglemente vir taakgroepe en funksionering van Badisa goed.

4.2.3.12 Ontvang verslae van Badisa en GHBM oor hulle werksaamhede en lê dit voor aan die moderamen en sinodes.

4.2.3.13 Sien toe dat SKDD en SKDB persone benoem in ooreenstemming met hul kerke se eie beleid.

4.2.4 Funksionarisse

4.2.4.1 Voorsitter en ondervoorsitter. Die bestuursraad wys 'n voorsitter en ondervoorsitter aan vir 'n termyn van vier jaar. Verkieslik moet hulle nie uit dieselfde kerk kom nie. Hulle is verantwoordelik om die bestuursraad- en dagbestuurvergaderings te lei.

4.2.4.2 Sekretaresse. Die sekretaresse van Diaconia dien as sekretariaat vir die administratiewe pligte.

**4.3 Dagbestuur**

4.3.1 Samestelling

4.3.1.1 Die dagbestuur word saamgestel met 'n gelyke aantal verteenwoordigers van die twee kerke uit die bestuursraad:

4.3.1.2 Die voorsitter en ondervoorsitter van die bestuursraad.

4.3.1.3 Al die PSD's in diens van Diaconia.

4.3.1.4 Vier verteenwoordigers van beide die VGK en die NG Kerk uit die bestuursraad. (Indien beide die voorsitter en ondervoorsitter uit dieselfde kerk kom, word die getal verteenwoordigers aangepas, sodat uitvoering gegee kan word aan 4.3.1.1.)

4.3.1.5 'n Verteenwoordiger van Badisa se bestuurspan (adviserend).

4.3.2 Vergaderings

Die dagbestuur vergader so dikwels soos nodig, maar minstens drie maal per jaar. Meer as die helfte van die lede van die dagbestuur is 'n kworum.

4.3.3 Taak

Die dagbestuur:

4.3.3.1 Is verantwoordbaar aan die bestuursraad en hanteer alle sake wat deur die bestuursraad verwys word.

4.3.3.2 Hanteer alle sake wat op die agenda kom en wat binne die bevoegdheid val wat aan dagbestuur toegeken is.

4.3.3.3 Rapporteer alle handelinge, optrede en aanbevelings aan die bestuursraad.

4.3.3.4 Beplan die bestuursraadvergadering.

4.3.3.5 Hanteer spoedeisende sake en sake wat deur die bestuursraad en taakgroepe opgedra word.

4.3.3.6 Adviseer die bestuursraad oor die wyse waarop Diaconia die proses van eenwording in die NG Kerk familie kan bevorder.

4.3.3.7 Doen finansiële beplanning en -bestuur in ooreenstemming met die mandaat van die goedgekeurde bestuursraadbegroting, asook binne die raamwerk van die onderskeie kerke se finansiële beleide en lewer verslag hieroor aan die bestuursraad.

4.3.3.8 Bou netwerke en skakel met interkerklike groepe, ander kerke, ekumeniese liggame en owerheidsinstansies.

4.3.3.9 Doen aan die bestuursraad van alle werksaamhede verslag.

4.3.3.10 Sien toe dat die strategie en beleid van die bestuursraad ten opsigte van die hooftake van die diensgroep uitgevoer word en maak voorstelle om die strategie en uitvoering te verbeter.

4.3.3.11 Hou toesig oor, bestuur en evalueer die personeel van Diaconia binne die vereistes van die Taakspan Diensverhoudinge.

4.3.4 Funksionarisse van die dagbestuur

4.3.4.1 Die voorsitter en ondervoorsitter van die bestuursraad tree op as voorsitter en ondervoorsitter van die dagbestuur.

4.3.4.2 Die sekretaresse van die diensgroep funksioneer as skriba van die dagbestuur.

**5. FINANSIES EN BATES**

**5.1 Finansies**

5.1.1 Die lidkerke dra by tot die begroting van Diaconia op 'n wyse en volgens 'n formule soos dit van tyd tot tyd bepaal word deur die lidkerke se kommissies wat fondse administreer.

5.1.2 Die dagbestuur stel 'n begroting vir al die werksaamhede, projekte en vergaderinge kragtens hierdie reglement op met die oog op voorlegging aan en goedkeuring deur bestuursraad.

5.1.3 Die dagbestuur besit die bevoegdheid om binne die riglyne van die goedgekeurde begroting, fondse aan te wend volgens die prioriteite wat die bestuursraad vir 'n betrokke finansiële jaar bepaal het.

**5.2 Beheer en beskikking van bates**

5.2.1 Bates van die lidkerke is in die naam van die betrokke kerk geregistreer en die beheer en beskikking daaroor geskied volgens die bepalinge en reglemente van die betrokke kerke.

5.2.2 Diaconia is geen regspersoon nie en kan geen eiendom besit nie.

5.2.3 Indien daar die nodigheid van nuwe bates ontstaan, bring Diaconia sodanige versoek na een van die lidkerke, wat dan daaroor sal besluit. Indien die lidkerk sodanige bate aanskaf, bly dit eiendom van die lidkerk en word ook volgens die lidkerk se reglemente bestuur en beheer.

5.2.4 Diaconia kan nie lenings aangaan nie. Alle finansiële ondersteuning en begroting geskied altyd deur een van die lidkerke en wel volgens die betrokke lidkerk se finansiële beleid.

5.2.5 Alleen die lidkerk in wie se naam bates geregistreer is, kan besluit oor die koop en verkoop van bates. Die bestuursraad kan aan so lidkerk 'n versoek rig.

**6. NOTULERING EN ELEKTRONIESE VERGADERINGS**

6.1 Alle besluite en aksies van die bestuurspan, dagbestuur, taakgroepe en PSD's moet duidelik genotuleer word.

6.2 Elektroniese vergaderings van die bestuursraad en dagbestuur mag in uitsonderlike gevalle gehou word ooreenkomstig die Sinode van die Wes-Kaapland se Reglement van Orde punt 12.6.

**7. PERSONEEL**

7.1. Die vul van vakatures, indiensstelling, werkopdragte en vergoeding van personeel word hanteer ooreenkomstig die personeelbeleid van die onderskeie kerke.

7.2 Vakatures in die sinodale- en administratiewe poste van die lidkerke word deur die betrokke lidkerk onder wie die pos sorteer, gevul. Dit word in samewerking met Diaconia gedoen volgens die ordereëls van die betrokke lidkerk.

**8. VERSLAGGEWING**

Een verslag word opgestel wat aan albei kerke se kerkvergaderinge voorgelê word.

**9. ONTBINDING**

Indien Diaconia ontbind of indien een van die deelnemende kerke onttrek, neem die kerke weer afsonderlik verantwoordelikheid vir die werksaamhede volgens eie reglemente.

---

## REGLEMENT 37

## REGLEMENT VIR DIE GESAMENTLIKE TAAKSPAN VIR PUBLIEKE GETUIENIS EN EKUMENE

**1. NAAM**

Die Gesamentlike Taakspan vir Publieke Getuienis en Ekumene (GTPG). Die taakspan is 'n gesamentlike taakspan tussen die NG Kerk in Suid Afrika en die VGKSA (Kaapland). Indien een van die deelnemende kerke onttrek, funksioneer elke kerk volgens sy eie reglement.

**2. TAAK**

Die taakspan is verantwoordelik vir:

2.1 die skep van platforms vir openbare dialoog;

2.2 openbare netwerkvorming;

2.3 openbare skakeling met NRO's, sakelui, regeringslui om kerke se standpunte te stel;

2.4 begeleiding van gemeentes met die oog op getuienis in die openbare domein;

2.5 interkerklike ekumene;

2.6 kommunikasie na buite oor openbare aangeleenthede op versoek van die twee moderature;

2.7 kommunikasie en skakeling met die media, veral oor sake wat nie direk op die moderature se tafel is nie. Dit sluit radio, televisie en gedrukte media in;
2.8 die skep van kerklike ruimte waarbinne die Hoop en Versoening Trust kan funksioneer. Die Hoop en Versoenings Trust rapporteer naas die sinode ook aan die taakspan;
2.8 verteenwoordiging van die NG Kerk en VGKSA (Kaapland) by parlementêre prosesse waar moontlik en nodig;
2.9 toesig oor die werk van die PSD: Publieke Getuienis.

**3. SAMESTELLING**

Die taakspan word soos volg saamgestel:

3.1 PSD: Publieke Getuienis;
3.2 moderators van die twee samewerkende kerke;
3.3 ten minste drie genomineerde lede uit elk van die twee deelnemende kerke. Verkieslik uit die KGA. Die taakspan kan kundige lede (wat gewone lidmate insluit) koöpteer;
3.4 PSD van die KGA (diensgroepkoördineerder);
3.5 PSD: Teologiese Navorsing; (adviserend);
3.6 PSD Diaconia (adviserend)
3.7 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.7.1).

**4. FUNKSIONERING**

Die taakspan

4.1 vergader minstens drie keer per jaar;
4.2 wys tweejaarliks ’n voorsitter en dagbestuur aan;
4.3 is deel van die Sinodale Diensgroep vir Getuienis (KGA); en
4.4 mag elektroniese vergaderings hou.

5. Verantwoordbaarheid

Die taakspan doen verslag aan die moderamen/sinodale kommissie en sinodes.

---

**REGLEMENT 37**

**REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN VIR PUBLIEKE GETUIENIS EN EKUMENE**

**1. NAAM**

Die Sinodale Taakspan vir Publieke Getuienis en Ekumene (STPE)

**2. TAAK**

Die taakspan is verantwoordelik vir:

2.1 die skep van platforms vir openbare dialoog;
2.2 openbare netwerkvorming;
2.3 openbare skakeling met NRO’s, sakelui, regeringslui om kerk se standpunte te stel;
2.4 begeleiding van gemeentes met die oog op getuienis in die openbare domein;
2.5 interkerklike ekumene;
2.6 die bemarking van die werksaamhede van die kerk;
2.7 kommunikasie na buite oor openbare aangeleenthede op versoek van die moderatuur;
2.8 verteenwoordiging van die NG Kerk by parlementêre en wetgewende prosesse; en
2.9 toesig oor die PSD: Publieke Getuienis.

**3. SAMESTELLING**

Die taakspan word soos volg saamgestel

3.1 PSD: Publieke Getuienis;
3.2 moderator en assessor van die sinode;
3.3 voorsitter van Sinodale Taakspan Leer- en Aktuele Sake;
3.4 twee lede deur die Sinodale Diensgroep Getuienisaksie benoem;
3.5 PSD van die Sinodale Diensgroep Getuienisaksie en KGA (diensgroepkoördineerder);
3.6 PSD: Teologiese Navorsing;
3.7 een verteenwoordiger van Diaconia of Badisa; en
3.8 een verteenwoordiger van die Algemene Sinode van die NG Kerk (volgens ooreenkoms)
3.9 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.7.1).

**4. FUNKSIONERING**

Die taakspan

4.1 vergader minstens drie keer per jaar;

4.2 konstitueer na elke sinodesitting en wys ’n voorsitter en ondervoorsitter aan vir die termyn tussen sinodesittings;

4.3 is deel van die Sinodale Diensgroep vir Getuienisaksie (en dus KGA);

4.4 mag elektroniese vergaderings hou; en

4.5 doen sy werk in koördinering met die Gesamentlike Taakspan vir Publieke Getuienis.

5. **VERANTWOORDBAARHEID**

Die taakspan doen verslag aan die moderamen en sinode.

---

## REGLEMENT 38

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN DIENSVERHOUDINGE

**1. NAAM**

Die Sinodale Taakspan Diensverhoudinge van die NG Kerk in SA (STD).

**2. ROEPING**

Om uitvoering te gee aan die sinode se roeping en strategie in soverre dit die doeltreffende benutting, bestuur en versorging van sinodale personeel aangaan.

**3. SAMESTELLING**

Die STD word soos volg saamgestel:

3.1 Vier lede met sekundi deur die sinode aangewys;

3.2 hoogstens drie kundige lede deur taakspan self aangewys;

3.3 een verteenwoordiger van die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie;

3.4 die aktuarius;

3.5 die saakgelastigde;

3.6 die Bestuurder: Menslike Hulpbronne;

(3.1 en 3.3 mag nie ’n personeellid in diens van die sinode wees nie).

3.7 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.7.1).

**4. FUNKSIONERING**

4.1 Die STD konstitueer binne drie weke na die sinode en wys ’n voorsitter en ondervoorsitter vir ’n termyn van vier jaar aan. Indien die voorsitter en/of ondervoorsitter bedank, word ’n plaasvervanger verkies.

4.2 Indien enige van die aangewese lede in die termyn bedank, word hulle deur ’n sekunduslid vervang.

4.3 Die voorsitter, ondervoorsitter en nog ’n lid (wat deur die vergadering aangewys word) vorm saam met die saakgelastigde en Bestuurder: Menslike Hulpbronne die dagbestuur.

4.4 Die STD kan in die uitvoering van sy opdrag onafhanklike professionele advies inwin.

4.5 Die STD handhaaf die beginsel dat daar nooit gedurende besluite oor salarisse, voordele en enige personeelhandeling botsing van belange mag wees nie.

4.6 Die STD ressorteer onder die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste.

**5. TAAK**

Die STD is verantwoordelik vir die volgende:

5.1 Bestuur die diensverhoudinge van die sinode en sy werknemers.

5.2 Lewer strategiese insette rondom die vul van poste van personeel.

5.3 Besluit in samewerking met die SKS oor vakatures van personeel.

5.4 Ontwikkel en implementeer ’n personeelbeleid ooreenkomstig die sinode se roeping, beleid en strategie.

5.5 Ontwikkel en implementeer alle dienskontrakte van personeel in diens van die sinode.

5.6 Verseker dat daar vir alle personeel duidelike en opgedateerde taakomskrywings en ontwikkelingsplanne is.

5.7 Gee uitvoering aan alle diensooreenkomste van werknemers in diens van die sinode.

5.8 Evalueer deurlopend die personeelbeleid en die implikasies van die arbeidsreg en die Kerkorde op diensverhoudinge.

5.9 Doen aanbevelings oor vergoeding van sinodale personeel.

5.10 Skakel met die Algemene Sinode se Taakspan: Diensverhoudinge.

5.11 Doen verantwoording aan die moderamen.
5.12 Verleen advies ten opsigte van diensverhouding-aangeleenthede aan gemeentes.
5.13 Koördineer met Communitas in die ontwikkeling van ’n diensleweringplan aan gemeentes.

**6. VERGADERINGS**

6.1 Die STD vergader kwartaalliks indien nodig, maar minstens drie keer per jaar.
6.2 ’n Kworum is meer as die helfte van die lede van die taakspan.
6.3 Elektroniese vergaderings kan in spoedeisende gevalle gehou word. Dieselfde vereistes as vir ’n gewone vergadering is van toepassing.
6.4 Behoorlike kennisgewing van elke vergadering moet aan al die lede gegee word.
6.5 Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne is verantwoordelik vir die skribaat van die vergadering.

---

## REGLEMENT 39

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN VIR EIENDOMME

**1. NAAM**

Die Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE).

**2. SAMESTELLING**

Die taakspan word soos volg saamgestel:

2.1 Drie lede met sekundi deur die sinode aangewys;
2.2 Minstens twee kundige lede deur die STE aangewys;
2.3 Een lid van die Regskommissie;
2.4 Die saakgelastigde;
2.5 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.7.1)

**3. FUNKSIONERING**

3.1 Die STE konstitueer na die sinodesitting en verkies ’n voorsitter en ondervoorsitter.
3.2 Die voorsitter van die STE is *ex officio*-lid van die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA).
3.3 Die saakgelastigde tree as skriba van die STE op.
3.4 Die STE vergader wanneer nodig, maar minstens een maal per jaar.

**4. OPDRAG**

Die STE se opdrag is om uitvoering te gee aan die sinode se roeping as verantwoordelike rentmeester met betrekking tot al die eiendomme wat geregistreer is in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

**5. TAAK**

Die STE is verantwoordelik vir die volgende:

5.1 Sien toe dat die instandhouding van alle eiendomme van die sinode na behore geskied.
5.2 Sien toe dat alle eiendomme na behore verseker is en kontroleer jaarliks dat sodanige versekering markverwant aangepas word.
5.3 Dra sorg dat gebruik- en huurooreenkomste behoorlik opgestel, bekragtig en uitgevoer word en tydig hernu word.
5.4 Doen aanbevelings aan die STFA en die moderamen/sinode oor die koop en verkoop van eiendomme.
5.5 Ondersteun diensgroepe en instansies van die sinode om toegewysde eiendomme optimaal te benut.
5.6 Bepaal riglyne vir en maak aanbevelings aan die moderamen/sinode oor ontwikkeling en strukturele veranderings met betrekking tot alle eiendomme van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. *(Daar is verskeie eiendomme van ander instansies en kerke (soos die Verenigende Gereformeerde Kerk) waarvan die titelakte om historiese redes op die naam van die NG Kerk in SA geregistreer is. Hierdie eiendomme het* ’n *nul waarde in die NG Kerk in SA se finansiële state. Die NG Kerk in SA erken dat hierdie instansies die kapitale- en inkomstebegunstigde ten opsigte van hierdie eiendom is. Punte 5.1 tot 5.3 en 6.5 van hierdie reglement is nie op hierdie eiendomme van toepassing nie.)*

**6. WERKSWYSE**

Die Sinodale Taakspan Eiendomme voer sy opdrag op die volgende wyse uit:

6.1 Het volmag om, in oorleg met die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie kontrakteurs, regsgeleerdes, bestuursagente en konsultante aan te stel vir die uitvoering van sy taak.
6.2 Handhaaf die beginsel dat daar, in die uitvoering van sy taak, nooit 'n botsing van belange mag wees nie.
6.3 Ontvang jaarliks verslag oor instandhouding, bestuur en verhuring t.o.v. die verskillende eiendomme.
6.4 Diensgroepe en taakspanne wat op een of ander wyse met 'n eiendom wil handel, hetsy deur 'n transaksie (koop, verkoop, verhuring, skenking), strukturele verbetering of alternatiewe aanwending, maak 'n voorlegging aan die STE wat daarmee handel ooreenkomstig punt 5 van hierdie reglement.
6.5 Indien 'n instansie, wie se eiendom in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geregistreer is, die eiendom wil verkoop, ruil, oordra of skenk, word 'n voorlegging aan die Sinodale Taakspan vir Eiendomme gemaak, om daarmee te handel ooreenkomstig punt 6.7 van hierdie reglement, met inagneming van:
6.5.1 die titelvoorwaardes op die betrokke transportakte;
6.5.2 die historiese agtergrond van die betrokke eiendom;
6.5.3 wie die kapitale- en inkomstebegunstigde ten opsigte van die eiendom is;
6.5.4 beperkings wat deur die NG Kerk in SA op die instansie se handelinge geplaas is, en
6.5.5 die instansie se rekord van vaste bate transaksies.
6.6 Die Sinodale Taakspan Eiendomme het volmag om besluite te neem oor die onderhoud, bedryf en verbetering van eiendom. Waar so 'n besluit 'n finansiële implikasie vir die NG Kerk in Suid-Afrika het, moet die goedkeuring van die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie verkry word.
6.7 Die moderamen/sinode besluit oor die koop of verkoop van vaste eiendom (reglemente 41.5 en 26.3.2.7). Die Sinodale Taakspan Eiendomme maak in oorleg met die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie 'n voorlegging oor die koop- en verkoop van eiendom aan die moderamen/sinode.

**7. VERANTWOORDBAARHEID**

Die STE doen verslag aan die moderamen en sinode.

---

## REGLEMENT 40

## REGLEMENT VIR DIE REGSKOMMISSIE

**1. NAAM**

Regskommissie

**2. ROEPING**

Christus regeer sy kerk deur sy Woord en Gees. Dit is die roeping van die Regskommissie om dit kerkregtelik te bevestig.

**3. SAMESTELLING**

Die Regskommissie se samestelling geskied soos volg:
3.1 agt lede met sekundi deur die sinode aangewys;
3.2 die aktuarius van die sinode;
3.3 drie kerkregkundiges deur die Regskommissie aangewys;
3.4 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.7.1)

**4. FUNKSIONERING**

Die Regskommissie funksioneer soos volg:
4.1 Die aktuarius is *ex officio* die voorsitter.
4.2 Kies 'n ondervoorsitter en 'n skriba uit eie geledere.
4.3 Die dagbestuur bestaan uit die aktuarius, ondervoorsitter en skriba.
4.4 Vergader vier keer per jaar.

**5. TAAK**

Die volgende take en verantwoordelikhede word aan die Regskommissie opgedra:
5.1 Na afloop van elke Algemene Sinode, verwerk die Regskommissie die besluite wat verandering aan die reglemente mag vereis, en lê dit aan die sinode/moderamen voor vir goedkeuring en publikasie.
5.2 Na afloop van elke gewone sinode is die Regskommissie saam met die aktuarius verantwoordelik vir die voorbereiding, samestelling en publikasie van 'n bundel wat die Kerkorde aanvul met reglemente, vorms en ander funksionele besluite.

5.3 Die Regskommissie bedien ander kerkvergaderinge, waar dit verlang word, met advies in sake en navrae van kerkregtelike aard.
5.4 Alle beskrywingspunte wat betrekking het op die reglemente, moet nagegaan word om die sinode hieroor met advies te bedien.
5.5 Die Regskommissie maak ’n studie van sake wat deur die sinode/moderamen na hom verwys is.
5.6 Hersien die reglemente van die sinode en berei dit voor vir voorlegging aan die sinodevergadering.
5.7 Alle bevoegdheidsaansoeke wat voor die moderamen dien, word nagegaan en die moderamen word met kerkregtelike advies daaroor bedien.
5.8 Staan ringe en gemeentes by met hulp en advies oor kerklike ondersoeke.
5.9 Skakel oor kerkregtelike sake met ringe en gemeentes en hou toerustingsgeleenthede van kerkregtelike aard, indien nodig.
5.10 Maak deurlopend ’n studie te maak van die Kerkorde en reglemente in die lig van gereformeerde kerkreg en kerkregering en bedien die sinode met aanbevelings hieroor.
5.11 Hanteer regsake namens die sinode, in samewerking met die Sinodale Taakspan Fondse en Administrasie.
5.12 Werk met die Algemene Taakspan Regte saam in die deurlopende aanpassing en ontwikkeling van die Kerkorde en reglemente.
5.13 Dien as die sinode se skakel met die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR).
5.14 Die Regskommissie win, indien nodig, regsadvies in op koste van die sinode.

---

## REGLEMENT 41

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN FINANSIES EN ADMINISTRASIE

Hierdie reglement is ondergeskik aan en moet in samehang met reglement 20 (Reglement vir Kerklike Goedere) gelees word.

**1. NAAM**

Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA).

**2. ROEPING**

Die taakspan se roeping is om die kerk op ’n pad van verantwoordelike Bybelse rentmeesterskap te dien en te lei.

**3. SAMESTELLING**

Die taakspan word soos volg saamgestel:
3.1 Vier kundige lede deur die sinode aangewys.
3.2 Vyf lede (predikante/kerkraadslede) deur die sinode aangewys.
3.3 Die voorsitter van die Sinodale Taakspan Eiendomme.
3.4 Die saakgelastigde.
3.5 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.7.1).

**4. FUNKSIONERING**

4.1 Die STFA konstitueer na die sinodesitting en verkies ’n voorsitter en ondervoorsitter.
4.2 Die saakgelastigde tree as skriba van die STFA op.
4.3 Die STFA vergader minstens vier keer per jaar.
4.4 ’n Kworum is meer as die helfte van die taakspan.
4.5 Elektroniese vergaderings kan in spoedeisende gevalle gehou word. Dieselfde vereistes as vir ’n gewone vergadering is van toepassing.
4.6 Behoorlike kennisgewing van elke vergadering moet aan al die lede gegee word.

**5. TAAK**

Die taakspan is vir die volgende verantwoordelik:
5.1 Die bestuur en beplanning van die administrasie van die sinode.
5.2 Die administrasie en bestuur van fondse, finansies, goedere en eiendomme van die sinode wat behartig word deur die kerkkantoor onder leiding van die saakgelastigde.
5.3 Die uitvoering van die bepalinge van reglement 20 (Reglement vir Kerklike Goedere).
5.4 Die gee van advies oor die bestuur van kerklike goedere van kerkrade en ringe volgens reglement 20 (Reglement vir Kerklike Goedere).
5.5 Die hantering van alle regsgedinge, of prosesse van geregtelike aard, in samewerking met die Regskommissie, namens die sinode en diensgroepe/taakspanne van die sinode.

5.6 Die skakeling met ringe en kerkrade asook met ander sinodes en die Algemene Sinode.
5.7 Die finansiële beplanning en strategie van die sinode.
5.8 Die bestuur van die sinode se fondse sodat die roeping van die sinode prioriteit geniet.
5.9 Die bestuur van die sinode se fondse sodat gemeentes, diensgroepe en taakspanne in staat gestel word om hulle roeping uit te leef.
5.10 Doen verslag aan die sinode/moderamen van bogenoemde take.

**6. BEVOEGDHEID**

6.1 Die taakspan bestuur (verhuring ingesluit) namens die moderamen die roerende bates van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
6.2 In die geval van beskikkingsbevoegdheid (koop, verkoop, ruil, oordrag of skenking) van vaste eiendom word die aanbeveling deur die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie gedoen en die besluit deur die moderamen/sinode geneem. Dit kan ter vergadering of elektronies gedoen word. Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie doen die aanbeveling in oorleg met die Sinodale Taakspan vir Eiendomme.
6.3 Die STFA het die bevoegdheid om namens die NG Kerk in SA:
6.3.1 vaste bates (eiendom) in oorleg met die betrokke diensgroep of instansie (waar van toepassing) en die Sinodale Taakspan vir Eiendomme en met goedkeuring van die moderamen te koop, te verkoop, te ruil, oor te dra of te skenk;
6.3.2 vaste bates (eiendom) in oorleg met die betrokke diensgroep of instansie (waar van toepassing) te huur of te verhuur.
6.3.3 roerende bates te koop, te verkoop, te huur, te verhuur as geskenk te ontvang of te skenk;
6.3.4 verbande oor onroerende goed en notariële verbande oor roerende goed te verleen en om roerende goed in pand te gee;
6.3.5 serwitute oor onroerende goedere te verleen;
6.3.6 lenings aan te gaan teen sodanige rentekoers op sodanige terme en teen die verskaffing van sodanige sekuriteite soos tussen die STFA en die geldskieter ooreengekom word;
6.3.7 die verpligtinge van derde partye te waarborg;
6.3.8 geld teen rente of vry van rente uit te leen op sodanige terme soos tussen die STFA en die geldopnemer ooreengekom word en teen die verskaffing van sodanige sekuriteit of sonder die verskaffing van sekuriteit soos die STFA mag bepaal;
6.3.9 geld te belê teen sodanige sekuriteit en op sodanige terme soos die STFA mag goed ag en in die besonder ook in aandele, effekte of regte in groeifondse of maatskappye, hetsy op die effektebeurs genoteer al dan nie en die oordeel oor die veiligheid van die sekuriteit berus uitsluitlik by die STFA of sy gemagtigdes;
6.3.10 ooreenkomste van enige ander aard wat nie deur die voorgaande gedek word nie, te sluit;
6.3.11 die aanstelling te aanvaar en op te tree as trustee ten opsigte van enige fonds of goed wat vir ’n bepaalde doel of vir enige besondere werksaamheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in trust aan die kerk bemaak of geskenk is of wat die kerk andersins toeval.
6.4. Die STFA doen oor bogenoemde aan die sinode/moderamen verslag.

**7. DIE SAAKGELASTIGDE**

7.1 Die saakgelastigde is ex officio lid en skriba van die STFA.
7.2 Die saakgelastigde teken alle amptelike dokumente en kontrakte namens die sinode, die moderamen en die STFA.
7.3 Vir die funksie en take van die saakgelastigde sien reglement 42 (Reglement vir die Saakgelastigde).

**8. REGSGEDINGE**

8.1 Die STFA voer alle regsgedinge, of prosesse van geregtelike aard, namens die NG Kerk in SA, hetsy as eiser of verweerder, hetsy as applikant of respondent.
8.2 Die saakgelastigde teken alle stukke wat nodig is om regsgedinge of prosesse van geregtelike aard in te stel of te verdedig. Prosesstukke word aan die saakgelastigde bestel.
8.3 Die STFA vra die advies van die aktuarius in alle regsgedinge. Die aktuarius besluit in oorleg met die volle Regskommissie oor die nodige advies aan die STFA.
8.4 Die aktuarius stel, die moderatuur in kennis van ’n regsgeding. Die moderatuur kan besluit om die hantering van ’n regsgeding na die moderamen te verwys.
8.5 Wanneer ’n kerkraad of ring in ’n regsgeding betrokke raak, word die geding in naam van die betrokke kerkraad/gemeente of ring gevoer en is hulle verantwoordelik vir alle koste daaraan verbonde. Die betrokke kerkvergadering behoort met die aktuarius en die ringsregskommissie oorleg te pleeg.

8.6 In geval van 'n regsgeding kan 'n ring of 'n kerkraad, via die ring waartoe die kerkraad behoort, by die STFA aansoek doen om finansiële ondersteuning deur die kerkverband, mits die ring in die aansoek kan aantoon dat die nodige advies ingewin is en dat daar afdoende gehou is by die betrokke artikels van die Kerkorde en reglemente.
8.7 Regsentiteite wat een of ander verbintenis met die NG Kerk in SA het, voer alle regsgedinge of prosesse van geregtelike aard in hulle eie naam.
8.8 Die STFA en die Regskommissie kan op koste van die sinode regsadvies inwin soos benodig.

**9. ADMINISTRASIE**

9.1 Die STFA bestuur die administrasie van die NG Kerk in SA.
9.2 Vir die administrasie van die verskillende fondse moet elke fonds wat in die sinodale kantore geadministreer word, jaarliks 'n bedrag as administratiewe fooi bydra volgens 'n persentasie soos deur die STFA bepaal.
9.3 Vir buitengewone uitgawes van diensgroepe en taakspanne, soos bonusse, geskenke, voorskotte en lenings uit enige sinodale fondse, moet die toestemming van STFA vooraf verkry word.
9.4 In gevalle waar daar onduidelikheid heers of verskille is oor die regsgeldigheid van enige eise of rekeninge van die sinodale administrasie en/of taakspanne en diensgroepe, beslis die STFA.
9.5 Vir die behoorlike verantwoording van alle gelde moet minstens die saakgelastigde en soveel ander lede van die personeel as wat die saakgelastigde mag aanbeveel, deur veilige waarborgpolisse gedek word.
9.6 Die STFA ontvang jaarliks 'n volledige verslag van die kerk se ouditeure, wat ondersoek doen na alle fondse, asook die bestuur daarvan.

---

## REGLEMENT 42

## REGLEMENT VIR DIE SAAKGELASTIGDE VAN DIE SINODE

**1. VERANTWOORDING**

1.1 Die saakgelastigde is aan die STFA en die moderamen/sinode verantwoordelik en doen verslag.

**2. TAAK EN FUNKSIE**

Die saakgelastigde het die volgende take en funksies:

2.1 Behartig, in oorleg met die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA), die administratiewe bestuur van die sinodale kantoor en personeel.
2.2 Tree op as diensgroepkoördineerder van die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste.
2.3 Is ex officio lid en uitvoerende amptenaar van die STFA.
2.4 Behartig die skribaat van die STFA.
2.5 Is ex officio adviserende lid van die moderatuur en die moderamen.
2.6 Neem verantwoordelikheid vir die organisering van moderamen- en sinodevergaderings en ander kerklike konferensies soos deur die moderamen aan hom opgedra.
2.7 Neem verantwoordelikheid vir die logistieke ondersteuning van moderamen- en sinodevergaderings en dien uit hoofde van die amp as sameroeper van die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode.
2.8 Sien toe dat met alle kerklike fondse, goedere en eiendomme gehandel word ooreenkomstig die NG Kerk in SA se reglemente.
2.9 Sien toe, in oorleg met die Sinodale Taakspan Eiendomme, dat alle eiendomme van die sinode behoorlik in stand gehou word en verseker is.
2.10 Behartig die skakeling met die Departement van Binnelandse Sake ten opsigte van kerklike huweliksbevestigers.
2.11 Is verantwoordelik vir die ontvangs en besteding van alle fondse en geld wat in die kerkkantoor hanteer word, in ooreenstemming met opdrag van bevoegde en gevolmagtigde persone deur hul taakspanne/diensgroepe daartoe gelas, en wat voldoen aan die Kerkorde en reglemente van die NG Kerk in SA.
2.12 Neem verantwoordelikheid om alle geld wat ontvang word, sonder versuim te deponeer in 'n bank soos goedgekeur deur die STFA en dra sorg dat daar ten alle tye 'n genoegsame bedrag in die lopende rekeninge beskikbaar is voordat fondse belê word.
2.13 Behartig die vereffening van reiskoste en ander uitgawes van persone wat werk verrig in opdrag van die sinode of ringe.
2.14 Behartig die vereffening van onvoorsiene uitgawes uit die sinodale kas, nadat die geldigheid en regmatigheid van die eis of skuld bepaal is, met verslag aan die STFA.

2.15 Hanteer, in opdrag van- en namens die STFA, die belegging van fondse, die opvraging van beleggings, die ondertekening van relevante dokumente en kom alle ander pligte in verband daarmee na.
2.16 Maak seker dat hy, asook die personeel van die kerkkantoor gedek is onder 'n waarborgpolis vir 'n bedrag soos deur die STFA bepaal.
2.17 Dien ex officio op die Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge, die Sinodale Taakspan vir Eiendomme, die Sinodale Taakspan vir die Argief, die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie, die Sinodale Koördineringspan en die Kuratorium.
2.18 Dra sorg, in oorleg met die STFA, vir die berekening van gemeentes se sinodale aandeel, en sorg vir die invordering van die sinodale aandeel, asook alle sinodale- en spesiale offers en alle ander verpligte sinodale fondse en erken ontvangs daarvan.
2.19 Hanteer, in oorleg met die STFA en ringe, hulpverlening aan gemeentes uit die gemeenteondersteuningsfonds.
2.20 Sorg dat die kerk se boeke en rekeninge jaarliks deur 'n geregistreerde rekenmeester en ouditeur, wat deur die STFA aangestel is, nagegaan en goedgekeur word.
2.21 Voer onderhandelinge en onderhoude namens die STFA.
2.22 Gee advies oor finansiële sake aan taakspanne en gemeentes.
2.23 Besoek ringe, kerkrade en gemeentes wanneer nodig of wanneer daartoe versoek deur die STFA.
2.24 Tree op as fidusiêre amptenaar van die sinode.
2.25 Dien in die volgende organe namens die NG Kerk in SA:
2.25.1 Fondse taakspanne van die Algemene Sinode
2.25.2 direksies van verwante maatskappye (soos byvoorbeeld GHBM)
2.25.3 beheerrade (soos byvoorbeeld Innovation for the Blind)
2.25.4 trusts (soos byvoorbeeld Hoop en Versoening Trust)
2.25.5 ad hoc bestuursliggame, werk- en projekspanne.

**3. TEKENMAGTE**
3.1 Die saakgelastigde teken alle amptelike dokumente en kontrakte namens die sinode, die moderamen en die STFA.
3.2 Die saakgelastigde teken alle stukke wat nodig is om regsgedinge of prosesse van geregtelike aard in te stel of te verdedig. Prosesstukke word aan die saakgelastigde bestel.
3.3 Die moderamen kan in buitengewone omstandighede iemand anders aanwys om spesifieke amptelike dokumente of kontrakte namens die sinode of die moderamen te onderteken.
3.4 Die Sinodale Taakspan vir Regte kan in bepaalde omstandighede by die STFA aanbeveel dat iemand anders as die saakgelastigde stukke wat nodig is om regsgedinge of prosesse van geregtelike aard in te stel of te verdedig mag teken.

---

## REGLEMENT 43

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN VIR DIE ARGIEF

1. Naam
Die Sinodale Taakspan vir die Argief (STA)

2. Samestelling
2.1 Die STA word soos volg saamgestel:
2.1.1 drie lede met sekundi deur die sinode aangewys;
2.1.2 die Bestuurder: Argief;
2.1.3 'n senior argivaris van die argief;
2.1.4 hoogstens drie kundiges soos aangewys deur die STA ;
2.1.5 die saakgelastigde.
2.2 Die taakspan mag addisionele kundiges op 'n ad hoc basis in sy werksaamhede betrek sonder dat hulle formeel deel van die taakspan word.
2.3 Vakatures wat ontstaan, word deur die STA uit die sekundi aangevul. Indien daar nie 'n sekundus beskikbaar is nie, kan die STA 'n nuwe lid aanwys.
2.4 Geslagsgelykheid – sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.7.1).

3. Roeping
Die STA se primêre roeping is om met behulp van die argief die geheue van die kerk uit te bou deur die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal as die getuienisse oor die handelinge van God drie-enig in en deur sy kerk in 'n bepaalde gebied. Saam met Dawid (soos in

Psalm 143:5) wil die STA gelowiges oproep om te dink aan die "verre verlede", te "peins oor alles" wat God gedoen het en om oor die werk van God se hande na te dink.

4. Funksionering
4.1 Die STA vergader minstens een maal per jaar.
4.2 Die STA konstitueer na die sinodesitting en verkies ’n voorsitter en ondervoorsitter.
4.3 Die Bestuurder: Argief tree as skriba op.
4.4 Elektroniese vergaderings kan in spoedeisende gevalle gehou word. Dieselfde vereistes as vir ’n gewone vergadering is van toepassing.
4.5 Behoorlike kennisgewing van elke vergadering moet aan al die lede gegee word.
4.6 ’n Kworum is meer as die helfte van die lede.
4.7 Die dagbestuur bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, die saakgelastigde en die Bestuurder: Argief.

5. Taak
5.1 As dienaar van die kerk, het die argief die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk, sodat die kerk sy funksies op ’n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse kan voortsit.
5.2 Die STA is in die besonder geroep om die argief as ’n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die kerk en sy verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die ekklesiologie, in stand te hou en uit te bou.
5.3 Die STA sien toe dat die argief ook die skriftelike en ander getuienisse, wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm, huisves.
5.4 Die STA sien toe dat die argief die statutêre verpligtinge namens die kerk nakom in die bewaring van inligting en argivalia. Die STA sorg vir ’n bygewerkte beleid en riglyn vir die bewaring van argivalia en inligting vir gebruik deur sowel die sinodale strukture, as deur ringe en gemeentes.
5.5 Die STA
5.5.1 bestuur die sinode se argief in Stellenbosch volgens bogenoemde roeping;
5.5.2 stel die argief tot beskikking van ander sinodes en instansies en is dus verantwoordelik vir die opstel van ’n begroting en besigheidsplan ten einde ’n argiefdiens aan ander sinodes te lewer;
5.5.3 sien toe dat die argief in Stellenbosch die volgende riglyne nakom:
5.5.3.1 beleid vir ’n argiefbewaarplek;
5.5.3.2 beleid vir die bewaring van argivalia; en
5.5.3.3 beleid vir die hantering van registers.
5.5.4 tref die nodige reëlings:
5.5.4.1 om argief- en museummateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike strukture en inrigtings vir bewaring in die argief te versamel, bewaar, ontsluit en
5.5.4.2 om belangrike teologiese (veral kerkhistoriese) geskrifte/publikasies vir die argief te verkry, indien nodig by wyse van afskrifte daarvan;
5.5.5 beslis finaal oor die moontlike vernietiging van wegdoenbare stukke;
5.5.6 oorweeg en publiseer belangrike kerkhistoriese en ander materiaal;
5.5.7 bestuur in samewerking met die STD die personeel van die argief deur:
5.5.7.1 behoeftes ten opsigte van die personeel te bepaal;
5.5.7.2 die STD met posbeskrywings en -evaluering, behulpsaam te wees;
5.5.7.3 in samewerking met die STD personeel in bestaande poste aan te stel en
5.5.7.4 die werksaamhede van die personeel te bepaal en toesig te hou oor hulle funksionering en
5.5.8 stel jaarliks ’n begroting vir sy werksaamhede op.

6. Verantwoordbaarheid
Die STA doen verslag aan die moderamen.

---

## REGLEMENT 44

## REGLEMENT VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL

**1. BEGINSELS**
1.1 In ooreenstemming met die karakter van die kerk, het sy argief- en museumarbeid primêr ’n skriftuurlik-teologiese grondslag. Eerstens is dit dus op teologies-wetenskaplike en daarna op sekulêr-wetenskaplike diens ingestel.
1.2 Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op ’n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die kerk se argief huisves gevolglik ook die

skriftelike en ander getuienisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm.

1.3 Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie-enig in en deur sy kerk in ’n bepaalde gebied.

1.4 As dienaar van die kerk, het die argief die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk.

1.5 Die argiefbewaarplek en museum is ’n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die kerk en sy verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die ekklesiologie.

1.6 Dit dien vanweë sy ryke inligting, ook ander wetenskappe, beantwoord as akademiese instansie akademiese navrae en gee aan navorsers voorligting in die metodiek van navorsing en geskiedskrywing.

**2. TERMINOLOGIE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

2.1 Argief- en museummateriaal beteken die dokumente of alle ander materiaal wat inligting oor gemeentes, ringe, sinodes en hulle diensgroepe en taakspanne, sowel as moontlike kerklike inrigtings binne hulle grense, bevat. Dit behels alle inligting deur alle middele oor die kerklike lewe in sy nouste en breedste verband binne ’n bepaalde gebied.

2.2 Vir doelmatige argief- en museumdienste het kerkrade, ringe, sinodes en ander argief- en museumlewerende instansies die volgende verantwoordelikhede ten opsigte van kopieë vir bewaring:

2.2.1 die voorsiening van verstaanbare, noukeurige en taalkundig goed versorgde en gedokumenteerde inligting, sowel as die gevraagde museummateriaal;

2.2.2 duidelike rekenaaruitdrukke met hoë letterkwaliteit;

2.2.3 netjiese en leesbare skrif in ’n ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie;

2.2.4 korrigeerlak (Tipp-Ex) mag onder geen omstandighede gebruik word nie;

2.2.5 die gebruik van duursame argiefpapier van A4-formaat van 100 gram per vierkante meter;

2.2.6 tik- of skryfwerk of druk- of kopieerwerk verkieslik op albei kante van die papier met ’n oop ruimte van minstens 2,5 cm aan die binnekant van die teks met die oog op inbinding en 1,5 cm aan die oop kant;

2.2.7 die volledige datering, ondertekening en/of parafering en stempel van alle dokumente soos wanneer en waar wetenskaplike en gemeenregtelike argiefbeginsels dit vereis;

2.2.8 die inagneming van die noodsaaklikheid van ruimtebesparing in die argief deur die stelselmatige vernietiging van wegdoenbare materiaal soos deur die Algemene Sinode in sy beleid vir rekordbeheer beskryf; en

2.2.9 die inlewering van argief- en museummateriaal by die betrokke sinodale bewaarplek onder die dekking van ’n behoorlike inventaris.

**3. DIE KERKRAAD**

3.1 Elke kerkraad benoem ’n argieftaakspan waarvan die skriba of administratiewe beampte lid is.

3.2 Hierdie taakspan sien toe dat:

3.2.1 die gemeente oor ’n doeltreffende en wetenskaplike argiefstelsel beskik, waarby ingesluit is ’n doeltreffende lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor in ’n brandbestande kluis of -vertrek;

3.2.2 die kerkraad aan al die kerklike, juridiese, argivaliese en museumkundige vereistes vir die betrokke materiaal en dienste voldoen:

3.2.2.1 deur ’n inventaris wat voldoen aan die vereistes van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) op te stel en jaarliks by te hou vir deursending aan die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch;

3.2.2.2 deur te voldoen aan die vereistes gestel in die Nasionale Erfeniswet (Wet 25 van 1999 en aangevul in Goewermentskennisgewing Nr. 1313 van 25.10.2002);

3.2.2.2.1 wat alle strukture – of gedeelte daarvan – wat ouer is as 60 jaar, beheer en

3.2.2.2.2 wat bepaal dat geen "erfenisobjek" (boeke, manuskripte, dokumente, argivalia, kaarte, afdrukke, foto’s, films, klankmateriaal en enige materiaal wat uniek is en wat die mondelinge geskiedenis van Suid-Afrika aanvul) sonder toestemming of ’n permit vervreem, vernietig, beskadig, bekrap, verander, gerestoureer of herstel mag word nie;

3.2.2.3 deur in samewerking aan die kerkraad leiding te gee met betrekking tot die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief, die vernietiging van wegdoenbare stukke, die inlewering van gemeentelike argivalia by die argief en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die Kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer soos van tyd tot tyd aangepas en by die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch beskikbaar is;

3.2.3 die getekende en geparafeerde handelinge van die kerkraad, sy taakspanne, diensaksies en ander gemeentelike vergaderings in ’n behoorlike, goed versorgde en argivalies aanvaarbare notuleboek

of notulelêer aangeteken en die betrokke bylaes daarby gevoeg word;

3.2.4 lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate op datum gehou en versorg word;

3.2.5 regstellings, wysigings of versuimde inskrywings in die registers korrek aangebring word nadat die aansoeke, met die nodige bewysstukke, deur die kerkraad en die argivaris goedgekeur is;

3.2.6 alle ander belangrike argivalia soos konsistorieboeke, afkondigingsboeke, duplikate van uitgaande briewe en die oorspronklike inkomende briewe, behoorlik versorg word;

3.2.7 gemeentelike verslae volgens die kerklike bepalings opgestel en op die bestemde tyd aan die ring besorg word;

3.2.8 jaarliks sorgvuldig gekontroleerde, gekorrigeerde, geparafeerde en ondertekende afskrifte van die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate op voorgeskrewe wyse aangebring en na die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch gestuur word;

3.2.9 alle stukke wat deur die argief vir verbetering/aanvulling/vervanging na gemeentes terugverwys is, binne vier weke na die vergadering in die verlangde toestand aan die argief besorg word;

3.2.10 alle argief- en museummateriaal waartoe ooreengekom is, vir veilige bewaring, versorging en oordeelkundige gebruik deur navorsers aan die argief toevertrou word volgens besluit van die sinode;

3.2.11 skriftelike en mondelinge oorkondes wat ’n bydrae kan lewer tot die getuienis van die handelinge van God in Sy kerk, bewaar en aan die argief besorg word;

3.2.12 museummateriaal versamel en versorg word en

3.2.13 die nodige besonderhede oor die gemeente jaarliks aan die Sinodale Kerkkantoor deurgegee word vir versending aan die hoofredakteur van die Jaarboek van die NG Kerke.

**4. DIE RING**

4.1 Die ring benoem ’n argieftaakspan.

4.1.1 Die argieftaakspan sien toe dat die ring oor ’n doeltreffende en wetenskaplike argiefstelsel beskik waarby ingesluit is afskrifte van die ring se behoorlik ondertekende notules, stukke in verband met die ring se administrasiefonds, ringskommissienotules en ’n doelmatige lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor in ’n brandbestande kluis of vertrek.

4.1.2 Die argieftaakspan sien toe dat die ring aan al die kerklike, juridiese en argivaliese vereistes vir dokumentêre materiaal en dienste voldoen (sien 3.2 hierbo).

4.1.3 Die argieftaakspan sien toe dat die ringskriba behoorlik ingelig is oor sy/haar verpligtinge soos beliggaam in die Argief- en Museumreglement, naamlik:

4.1.3.1 Agenda:

4.1.3.1.1 alle verslae word voorsien van duidelike en volledige opskrifte met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring, gemeente, taakspan, diensaksie en dergelike meer en datum van vergadering en/of verslag;

4.1.3.1.2 oorspronklike verslae word behoorlik onderteken en in volgorde gebind;

4.1.3.1.3 volledige verduidelikings word verstrek waar verslae en ander dokumente nie volledig onderteken kon word nie;

4.1.3.1.4 alle oorspronklike verslae en bylaes by die ringskriba ingelewer, word vir bewaring na die argiefbewaarplek gestuur;

4.1.3.2 Ringsnotules:

4.1.3.2.1 word korrek en deurlopend genumereer;

4.1.3.2.2 elke bladsy van notules word geparafeer, die laaste bladsy behoorlik onderteken deur die voorsitter en skriba en in volgorde gebind;

4.1.3.2.3 alle notules word voorsien van duidelike en volledige opskrifte met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring en datum van vergadering.

4.1.4 Die argieftaakspan sien toe dat die ring die volgende argief- en museummateriaal van die gasheergemeente by ringsittings nagaan:

4.1.4.1 notules (kerkraad, kerkraadstaakspanne en gemeentelike aksies);

4.1.4.2 verslae van kerkraadstaakspanne;

4.1.4.3 dooplidmate- en lidmateregisters;

4.1.4.4 attestate en lidmaatbewyse;

4.1.4.5 teenblaaie of rekenaarinskrywings van attestate/lidmaatbewyse en doopseels uitgereik;

4.1.4.6 doopaansoekvorms;

4.1.4.7 huweliksregisters;

4.1.4.8 konsistorieboeke en kerkraadsregisters;

4.1.4.9 aankondigingsboeke of -blaaie;

4.1.4.10 personeellêers: dienskontrakte en verlofregisters;
4.1.4.11 korrespondensie, liassering en liasseerstelsel;
4.1.4.12 foto's, foto-albums en plakboeke; en
4.1.4.13 museumuitstallings.

4.1.5 Die argieftaakspan sien toe dat die ring argivalia by die argiefbewaarplek inlewer.
4.1.6 Inlewer van ringstukke: die volgorde van die inventaris word gebruik.
4.1.7 Binne twee maande na elke ringsitting word die oorspronklike handelinge van die vergadering, asook alle bylaes en alle verslae en gemeentelike stukke wat voor die ring gedien het, onder dekking van die voorgeskrewe inventarisvorm aan die betrokke argief gestuur.
4.1.8 Die notule en korrespondensie van alle ringstaakspanne, wat nie meer vir onmiddellike naslaan benodig word nie, moet aan die argief gestuur word.
4.1.9 Alle argiefmateriaal, insluitend korrespondensie, moet van tyd tot tyd aan die argief gestuur word.
4.1.10 Alle stukke wat vir verbetering/aanvulling/vervanging terugverwys is, moet so gou moontlik na ontvangs en noukeurige kontrole deur die ringskommissie, aan die betrokke argiefbewaarplek gestuur word.

4.1.11 Die argieftaakspan verleen hulp aan gemeentes. Kerkrade word begelei met die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief; die vernietiging van wegdoenbare stukke; die inlewering van gemeentelike argivalia by die argief; en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer (sien 6.2.7 hier onder).
4.1.12 Die argieftaakspan sien toe dat die nodige besonderhede oor die ring jaarliks aan die Sinodale Kerkkantoor deurgegee word vir versending aan die hoofredakteur van die Jaarboek van die NG Kerke.
4.1.13 Die argieftaakspan sien toe dat 'n besluiteregister tydens die ringsvergadering opgestel word en dat 'n indeks van ringsbesluite, waar moontlik, bygehou word.

**5. DIE SINODE**

5.1 Die sinode wys 'n argieftaakspan aan om:
5.1.1 die nodige advies aan die sinode vir die voorsiening van 'n doelmatige sinodale argief en moontlike museumdiens en toereikende personeel te gee en/of 'n toepaslike en doelmatige argiefdiens by 'n erkende argief aan te koop;
5.1.2 die nodige leiding aan die sinode in sake die versameling, versorging, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal en implementering en benutting van die rekenaar in die verband, te gee;
5.1.3 reëlings te tref vir die versameling van argief- en museummateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike taakspanne en -inrigtings met die oog op die bewaring daarvan in die sinodale argief;
5.1.4 belangrike teologiese (veral kerkhistoriese) geskrifte of publikasies vir die sinodale argief, ook by wyse van afskrifte, afdrukke of kopieë daarvan, te verkry;
5.1.5 toesig te hou oor die werk van die argiefpersoneel;
5.1.6 'n verslag oor die werk in die argief, saam met 'n begroting van inkomstes en uitgawes, aan elke vergadering van die sinode op te stel;
5.1.7 finaal te beslis oor die moontlike vernietiging van efemere stukke;
5.1.8 belangrike kerkhistoriese en ander materiaal te oorweeg en te publiseer en
5.1.9 'n in memoriam-verslag op te stel indien die sinode dit verlang.

**6. INLEWERING VAN ARGIVALE BRONNE**

**6.1 Moderature, sinodale diensgroepe en taakspanne, ringskommissies, kerkrade en ander kerklike instansies**

6.1.1 Moderatuurslede, skribas van alle sinodale diensgroepe en taakspanne , sinodale amptenare wat verantwoordelikheid beklee by diensaksies, verenigings, inrigtings, institute, byeenkomste, maatskappye, trusts, pensioenfondse, skemas, kerkkantore, rade, ensovoorts – en alle ander kerklike ampsdraers – moet van tyd tot tyd ingevolge beskikkingsmagtiging, en met eerbiediging van alle argiefvereistes soos in hierdie reglement gestel, alle argivalia en gevraagde museummateriaal by die Argief van die NG Kerk in SA te Stellenbosch inlewer of daarmee handel soos skriftelik met die argief te Stellenbosch ooreengekom. Dit behels behoorlik ondertekende, geparafeerde, gedateerde en genumereerde agendas, notules en bylaes, stelselmatig en argivalies korrek geliasseerde korrespondensie, aktes, registers, finansiële stukke, alle stukke wat betrekking het op die interne funksionering en kronologie van werksaamhede, statistiek en gegewens,

manuskripte en aantekeninge.

6.1.2 Die skriba van die sinode het die verantwoordelikheid om so gou moontlik na elke sinodale vergadering die gepubliseerde agenda, notule en kerkorde aan die Argief van die NG Kerk in SA te Stellenbosch vir bewaring en navorsing te besorg.

**6.2 Rekordbeheer**

6.2.1 Gemeentes beskik oor hulle eie argivalia en lewer dit in by die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch vir bewaring, volgens die riglyne in die Agenda van die Algemene Sinode 1998, p 142, naamlik tien jaar (of vroeër) nadat ’n register of boek afgesluit (of vol) is.

6.2.2 Diensgroepe en taakspanne van die kerk in breër verband lewer gereeld hulle argivalia (alle stukke ouer as tien jaar) by die betrokke argief in.

6.2.3 Waar ’n gemeente met ’n ander gemeente verenig, word alle gemeentestukke van die gemeente wat sluit, behalwe dokumente van die laaste vyf jaar en die gemeenteregisters, by die argief ingehandig vir bewaring voor datum van eenwording.

6.2.4 Gemeentes wat ophou bestaan, lewer voor datum van ontbinding alle argivalia by die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch in.

6.2.5 Argiefskeppende instansies en amptenare moet by die inlewering van argivalia, die argief adviseer met betrekking tot stukke wat gesluit behoort te word. Sulke stukke is vir navorsers gesluit en word alleen beskikbaar gestel met goedkeuring van die argiefskeppende instansie of indien die argief deur ’n hof daartoe gelas word.

6.2.6 Argiefskeppende instansies moet behulpsaam wees met die versameling en bewaring van ongepubliseerde verhandelinge (teologiese/historiese navorsing), gemeenteblaaie, fotomateriaal en akoestiese materiaal.

6.2.7 Vir doeltreffende rekordbeheer word die riglyne vir die Bewaring en Vernietiging van Dokumente (Agenda van die Algemene Sinode 1998, p 142 tot 147) aanvaar as beleid wat van tyd tot tyd aangepas word in ooreenstemming met wetgewing. Die nuutste inligting hieroor is in Stellenbosch by die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika beskikbaar.

*Die wette en regulasies, die vorms ten opsigte van die Inligtingswet, die voorgeskrewe bewaringstydperke, riglyne vir* ’n *liasseerstelsel en notuleboeke kan alles by die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch aangevra word of meestal op die Argief se webblad gevind word.*
E-pos: *argief@kaapkerk.co.za*

---

## REGLEMENT 45

## REGLEMENT VIR DIE HANTERING VAN REGISTERS

### 1. ALGEMEEN

**1.1 Noodsaak van ’n lidmaatregister**

Elke gemeente moet ’n lidmaatregister vir doop- en belydende lidmate hê, óf ’n handgeskrewe- of getikte register óf ’n gerekenariseerde register óf albei.

**1.2 Kontrolering**

1.2.1 Kontroleer gegewens deeglik voor elke inskrywing in ’n register om te verseker dat name, vanne, gemeentename en datums korrek is. Die voorletters en vanne van leraars; die name en vanne van alle ander persone; die name van gemeentes; en alle datums moet volledig en korrek verstrek word.

1.2.2 Ten einde die juiste geboortedatum en die spelling van name vir inskrywing in die register te verseker, moet die ouer(s) by die aanmelding vir die doop die dokument toon wat by die registrasie van die kind se geboorte uitgereik is. Ongeregistreerde dooplidmate moet vóór belydenisaflegging ’n doopseel inlewer.

**1.3 Afkortings**

Die name en vanne van persone en die name van gemeentes moet volledig en korrek verstrek word. Afkortings soos BFN vir Bloemfontein en PE vir Port Elizabeth, en populêr-gebruikte maar nie-amptelike name soos "Groote Kerk" vir Kaapstad en "Bosmanstraat-kerk" vir Pretoria is ontoelaatbaar. Die korrekte name verskyn in die Jaarboek van die NG Kerke.

**1.4 Skryfwyse van datums**

Datums word volgens die agtsyferstelsel, in die orde van dag, maand, jaar geskryf en met punte verdeel (voorbeeld: 3 April 1992 word as 03.04.1992 geskryf).

**1.5 Geen herhalingstekens**

Geen herhalingstekens of woorde soos "do" of "ditto" is toelaatbaar nie.

**1.6 Alfabetiese inskrywings**

Inskrywings geskied in alfabetiese orde. Vanne soos Van der Merwe en Van Rensburg kom onder die letter V. ’n Van soos Janse van Rensburg, waar die Janse ’n deel van die van uitmaak en die betrokke persoon dit self so gebruik, kom onder J.

**1.7 Ooplaat van reëls**

Ter wille van ruimte besparing word daar normaalweg geen reël tussen twee inskrywings in die lidmaatregisters vir doop- en belydende lidmate oopgelaat nie. Om dieselfde rede begin die inskrywings van elke volgende nuwe jaar of termyn nie telkens op ’n nuwe bladsy nie. Waar dit nodig geag word om ’n nuwe jaar of termyn aan te dui, kan ’n reël oopgelaat word, met toevoeging van die jaartal.

**1.8 Opmerkingskolom**

1.8.1 As algemene reël geld dat niks vermeld mag word wat lasterlik is of ’n stigma dra nie. Opmerkings soos "buite-egtelik", "vader onbekend" of "enkelouer" is heeltemal ontoelaatbaar.

1.8.2 Inligting wat in die opmerkingskolom van die dooplidmaatregister verstrek word, moet verklarend wees ten opsigte van buitengewone omstandighede wat die kerkregtelike posisie van die doopouers, dopeling of bedienaar van die doop raak, of wat op die wese en implikasie van die sakrament betrekking het.

1.8.2.1 Waar die vader of moeder byvoorbeeld nie ’n belydende lidmaat van ’n gemeente is nie, of om ’n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die dooplidmaatregister aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie. In so ’n geval word met die opmerking "Vader/Moeder lê belofte alleen af" volstaan. Waar by ’n register-inskrywing addisionele inligting van nut kan wees, mag dit – met eerbiediging van die gestelde riglyn – in die opmerkingskolom aangeteken word, selfs al maak die reglement nie spesifiek daarvoor voorsiening nie.

1.8.2.2 In die geval waar iemand na belydenis gedoop, deur doopouers aangeneem, óf na ouderdom van 7 jaar gedoop word, word dit in die opmerkingskolom aangeteken met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit (voorbeelde: "Na oud 7 gedoop. KR 10.02.2019" of "Gedoop na belydenis. KR 10.02.2019").

## 2. WYSIGINGS EN/OF AANVULLINGS

**2.1 Begripsomskrywing**

2.1.1 **Rektifikasie** [regstelling] beteken om ’n fout in die register, byvoorbeeld "Johannis" tot "Johannes" of "20.04.1967" tot "21.04.1967", reg te stel.

2.1.2 **Naamsverandering** beteken om ’n bepaalde voornaam of van, byvoorbeeld "Petrus" deur "Hermanus" of "Conradie" deur "Nienaber", soos dikwels by aanneming gebeur, te vervang.

2.1.3 **Versuimde registrasie** is die aanvulling van inligting in die register vir doop- of belydende lidmate wat deur versuim direk na die gebeurtenis agterweë gebly het.

**2.2 Vorms en adres**

2.2.1 Aansoeke vir wysiging/aanvulling word in tweevoud (sien 2.4 hier onder) op die voorgeskrewe vorm of in die voorgeskrewe formaat en met die nodige bewysstukke/stawende dokumente ingedien.

2.2.1.1 by die kerkraad van die gemeente waar die doop plaasgevind het.

2.2.1.2 of in die geval van ’n belydende lidmaat, by die kerkraad van die gemeente waar die inskrywing versuim of foutief is.

2.2.1.3 of, wanneer die oorspronklike inskrywing nie opgespoor kan word nie, waar die belydende lidmaat tans aangeteken is.

**2.3 Bewysstukke**

2.3.1 Ten opsigte van ’n rektifikasie en naamsverandering is die vereiste bewysstukke/stawende dokumente soos volg:

2.3.1.1 In die lidmaatregister: ’n identiteitsdokument of ’n geboortesertifikaat.

2.3.1.2 In die dooplidmaatregister: ’n identiteitsdokument of ’n geboortesertifikaat.

2.3.1.3 In die dooplidmaatregister vir ’n wettige aanneming: die aannemingsorder en ’n identiteitsdokument of ’n geboortesertifikaat. Die nommer en datum van die aannemingsorder moet agter die name van die aanneemouers geskryf word. Aangesien die moeder se nooiensvan nie op dié order verskyn nie, moet dit verkry en duidelik op die aansoekvorm ingevul word.

2.3.2 Vereiste bewysstukke/stawende dokumente vir 'n versuimde inskrywing van 'n doop:

2.3.2.1 Skriftelike verklarings van twee betroubare en ongesensureerde lidmate, doopouers uitgesluit, dat die betrokke persoon wel gedoop is

2.3.2.2 of 'n skriftelike verklaring deur die leraar wat die doop waargeneem het, vergesel van 'n afdruk van die betrokke bladsy in die doopkladboek en, indien beskikbaar, 'n doop- of lidmaatskapkaart/boekie of 'n foto van die geleentheid.

2.3.3 Vereiste bewysstukke/stawende dokumente vir 'n versuimde inskrywing van 'n belydenisaflegging:

2.3.3.1 skriftelike verklarings verkry van twee betroubare en ongesensureerde lidmate dat die betrokke persoon wel belydenis van geloof afgelê het

2.3.3.2 of 'n verklaring deur die betrokke leraar vergesel van 'n afdruk van die betrokke bladsy in die lidmaatskapkaart/boekie.

**2.4 Prosedure**

2.4.1 Tydens 'n kerkraadsvergadering gaan die kerkraad die aansoek na en keur dit goed.

2.4.2 Hierna word albei die voltooide aansoekvorms saam met die bewysstukke by die argivaris ingedien. (Die aansoek kan ook per e-pos in PDF-formaat ingedien word in welke geval die duplikaat nie nodig is nie. Die nodige bewysstukke moet steeds aangeheg word.)

2.4.3 Die argivaris kontroleer of die aansoek aan al die vereistes voldoen, teken die wysiging/aanvulling in die betrokke registerafskrif aan en stel die kerkraad daarvan in kennis.

2.4.4 Die skriba van die kerkraad bring nou die goedgekeurde wysiging in die oorspronklike register aan.

**2.5 Aantekening in registers**

2.5.1Geen skrappings in die registers is toelaatbaar nie. Die korrekte besonderhede word met rooi ink bo die foutiewe gegewens, wat in alle gevalle met rooi ink onderstreep word, ingeskryf. In die opmerkingskolom word daar, ook met rooi ink, aangeteken dat die argivaris dit goedgekeur het, met verwysing na die datum. Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit met vermelding van sy/haar amp (voorbeeld: Arg 10.02.2019 *KM* Skriba).

2.5.2 By versuimde registrasie word die inskrywing in rooi ink gedoen in die register van die jaar waarin en so naby moontlik aan die plek waar dit versuim is, met, indien nodig, 'n verwysingsnota.

2.5.2.1 In die opmerkingskolom word daar, ook in rooi ink, die nodige aantekening gemaak. Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit met vermelding van sy/haar amp (voorbeeld: Vers reg. Arg. 11.09.2019. *ARB* Skriba).

2.5.2.2 Indien die inskrywing nie by die spesifieke jaar waar dit versuim is, gedoen kon word nie, moet 'n verwysingsnota by die jaar waar die inskrywing moes plaasgevind het (byvoorbeeld 1983), aangebring word (voorbeeld: Jooste, Pieter N – sien 2012).

2.5.3 'n Skryffout wat in die lopende jaar begaan is, moet dadelik (sonder aansoek om rektifikasie) reggestel word deur die fout met rooi ink te onderstreep en die regstelling in rooi ink daarbo in te skryf. Die skriba parafeer dit.

2.5.3.1 In die registerafskrifte word die korrekte besonderhede dan sonder meer oorgeskryf.

2.5.3.2 'n Skryffout word gemaak wanneer die skriba wel die korrekte besonderhede ontvang het, maar 'n fout maak met die inskryf daarvan in die register en dit dadelik opmerk.

2.5.4 'n Naamsverandering in die lopende jaar word hanteer soos in 2.5.1 hierbo.

2.5.5 Waar die persoon se van verander is, moet 'n verwysing in rooi ink gemaak word by die relevante plek. (Byvoorbeeld: "Van der Merwe, Pieter N – Sien by Jooste, Pieter N" moet by die V's ingevoeg word as die persoon se van van "Jooste" na "Van der Merwe" verander is.)

2.6 Waar 'n gemeente slegs 'n gerekenariseerde register het, moet daar steeds jaarliks 'n doop- en lidmaatregisterafskrif gedruk en bewaar word, benewens die stel wat na die Argief versend moet word (sien 6 hier onder). Wysigings (soos bedoel in hierdie paragraaf 2) word op hierdie afskrifte (in die gemeente se besit) gedoen én in die gemeente-administrasieprogram. Die alternatief is dat 'n nuwe stel registerafskrifte vir die betrokke jaar gedruk word, nadat die data op die gemeente-administrasieprogram gewysig is. Dit nuwe stel word saam met die verouderde stel en die goedkeuringsbrief van die Argief bewaar.

**3. DOOPLIDMAATREGISTER**

**3.1 Van en voornaam**

3.1.1 Die dopeling

3.1.1.1 Die dopeling word geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument verskyn met die name van die biologiese ouers voluit geskryf.

3.1.2 Die ouers

3.1.2.1 Slegs die nooiensvan van die moeder word saam met haar volle voorname ingeskryf en nie haar getroude van nie, maar as haar nooiensvan en haar getroude van dieselfde is, word "geb." duidelikheidshalwe voor haar nooiensvan geskryf (byvoorbeeld: Louise geb. Dippenaar).

3.1.2.2 Alle voorname van ouers en dopelinge word voluit geskrywe.

3.1.2.3 Waar die vader of moeder nie 'n belydende lidmaat van 'n gemeente is nie, of om 'n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die lidmaatregister vir dooplidmate dit aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie (sien 1.8.2.1 hierbo).

**3.2 Buite-egtelike kind**

3.2.1 Die dopeling word langs die gewone weg geregistreer.

3.2.2 Slegs die nooiensvan en voornaam van die moeder word ingeskryf. Indien dit 'n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring (byvoorbeeld: "Susan Spies [nou Nel]"). Die reël vir die vader se naam word oopgelaat. In die opmerkingskolom word aangebring: "Moeder lê belofte alleen af" (sien ook 1.8.2.1 hierbo).

**3.3 Aangenome kind**

3.3.1 Waar 'n dopeling voor die doopbediening aangeneem is, word die dopeling onder die van, van die aannemende ouers ingeskryf en word die name van die aannemende ouers voluit in die ouerkolom ingeskryf.

3.3.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy 'n ander van kry, word die voorgeskrewe weg vir naamsverandering gevolg (sien 2 hier bo). Onder geen omstandighede mag die naam van die oorspronklike ouers geskrap word nie. Ter wille van die alfabetiese orde moet 'n verwysing in rooi ink van die nuwe van na die ou van in die betrokke register gemaak word (sien 2.5.5 hierbo).

3.3.3 Indien slegs die van van die kind verander is, sonder dat die kind wettiglik aangeneem is, kan die name van die ouers nie verander word nie.

3.3.4 By die uitreiking van 'n doopseel of 'n dooplidmaatskapsertifikaat word die volle name van die aannemende ouers sonder meer ingevul.

**3.4 Kind in pleegsorg**

3.4.1 Waar die dopeling voor die doopbediening in pleegsorg geneem is, word die dopeling onder sy/haar eie van ingeskryf, terwyl die naam van die pleegsorgouers voluit in die ouerkolom verskyn. In die opmerkingskolom word die datum van die kerkraadsbesluit aangeteken (voorbeeld: KR 26.02.2019).

3.4.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy 'n ander van kry, word die voorgeskrewe weg vir naamsverandering gevolg (sien 2 en veral 2.5.5 hierbo). Onder geen omstandighede mag die naam van die oorspronklike ouers geskrap word nie.

**3.5 Doop van kinders ouer as sewe jaar**

In die opmerkingskolom moet van die doop van 'n kind van sewe jaar en ouer rekenskap gegee word met vermelding van die datum van die kerkraadsbesluit (voorbeeld: KR 26.02.2019).

**3.6 Doop van kinderhuiskinders ouer as sewe jaar**

3.6.1 'n Ongedoopte kinderhuiskind van sewe jaar en ouer wie se kinderhuisplasing min of meer 'n permanente vorm aangeneem het, en wat dit begeer, kan gedoop word. Die implikasie is dat 'n persoon of persone naas die eie, pleeg- of aanneemouer by die doop op die formulier kan antwoord en vir die geestelike opvoeding van 'n kinderhuiskind verantwoordelikheid kan neem.

3.6.2 Die kinderhuis of gemeente kan nie korporatief as pleegouer optree vir doeleindes van die aflê van en die uitvoering van die doopbelofte nie (Reglement vir die doop – reglement 5.6.3). Kerkrade kan wel, nadat die biologiese ouers, waar moontlik, daaroor geraadpleeg is, lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsopvoeding, aanwys om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan 'n kinderhuiskind van sewe jaar of ouer.

3.6.3. Die dopeling word in die Dooplidmaatregister geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument/geboortesertifikaat verskyn met die name van die biologiese ouers voluit geskryf.

3.6.3.1 Indien die naam van een of albei van die biologiese ouers nie bekend is nie, word daar in die betrokke ouerkolom aangeteken dat dit nie beskikbaar is nie [voorbeeld: Vader se naam nie

beskikbaar nie].

3.6.3.2 Indien die kinderhuiskind ’n buite-egtelike kind is, word slegs die voornaam en nooiensvan van die moeder ingeskryf. Indien die moeder ’n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring (byvoorbeeld: "Susan Spies [nou Nel]"). Die reël vir die vader se naam word in hierdie geval dus oopgelaat (sien ook 1.8 en 3.2.2 hier bo).

3.6.4 Die volle voorname en van van die doopgetuies wat as doopouers optree, kom voluit in die volgende twee reëls in die kolom vir die ouers. Die nooiensvan van ’n vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

3.6.5 In die opmerkingskolom moet van die doop van ’n kinderhuiskind ouer as sewe jaar rekenskap gegee word met vermelding van die datum van die kerkraadsbesluit (voorbeeld: KR 26.02.2019).

**3.7 Onopspoorbare bewys van dooplidmaatskap**

Waar geen dooplidmaatinskrywing opgespoor kan word nie, maar die dooplidmaat (of die dooplidmaat se ouers/voogde) ’n verklaring ingedien het dat hy of sy wel gedoop is en die kerkraad met die verklaring tevrede is (gebruik 2.3.2 hier bo as riglyn), word die persoon in die lidmaatregister ingeskryf. In die opmerkingskolom word aangeteken dat ’n verklaring ingelewer is, asook die datum van die kerkraadsbesluit (voorbeeld: Verklaring ingel. KR 10.06.2019).

**3.8 Doop in ’n ander gemeente**

3.8.1 In die geval waar met toestemming van die plaaslike kerkraad die doop in ’n ander gemeente bedien word, registreer die skriba van die gemeente waar die doop bedien is, die doop in die dooplidmaatregister, maar reik gelyktydig ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie in dié gemeente se dooplidmaatregister.

3.8.2 Die skriba wat die dooplidmaatskap oorplaas, teken in die opmerkingskolom aan van watter gemeente toestemming vir die doop ontvang is (voorbeeld: Toest. Maitland).

**3.9 Doop van kinders uit ander kerke**

In die opmerkingskolom moet van die doop van kinders uit ander erkende kerke rekenskap gegee word deur die kerk te vermeld in die opmerkingskolom [voorbeeld: Van RKK Kaapstad].

**3.10 Doop van kinders uit buiteland**

3.10.1 As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hulle kind in ’n ander gemeente as hulle tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle tuisgemeente verkry. Sien verder 3.8 hier bo.

3.10.2 Waar lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by ’n gemeente inskakel, hulle kind in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle gemeente in die buiteland verkry. Die doopgesprek word deur die leraar waar die kind gedoop gaan word (Reglement vir die doop – reglement 5.7.), gevoer en na die doop registreer die skriba die doop in die dooplidmaatregister, maar reik gelyktydig ’n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie. Die opmerkingskolom word voltooi soos in 3.8.2 of 3.9.1.

3.10.3 Waar lidmate wat permanent in die buiteland woon en nie daar by ’n gemeente kan inskakel nie, hulle kind in Suid-Afrika wil laat doop, vra die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, hulle attestate aan vanaf die gemeente waar hulle lidmate was voordat hulle geëmigreer het. Die doopgesprek word deur die leraar waar die kind gedoop gaan word, gevoer en na die doop registreer die skriba die doop in die dooplidmaatregister.

**3.11 Volwasse doop**

3.11.1 Waar ’n volwassene na belydenis gedoop word, word die inskrywing in beide die dooplidmaatregister en die belydendelidmaatregister gedoen en word dit in die opmerkingskolom aangeteken met ’n verwysing na die datum van kerkraadsbesluit (voorbeeld: Gedoop na belydenis. KR 12.03.2019).

3.11.2 Die name van die ouers word steeds voluit in die dooplidmaatregister geskryf. Indien die name van die ouers onbekend is, word in die ouerkolom aangeteken: "Name nie beskikbaar nie". Sien ook 1.8.2.2 hier bo.

3.11.3 Die doopinskrywing van ’n getroude vrou geskied onder haar nooiensvan met die huidige van tussen hakies (voorbeeld: Rossouw [nou Nel]).

**3.12 Doop na moeder se hertroue**

3.12.1 In die geval waar ’n weduwee of ’n geskeide vrou weer trou en die kinders uit die vorige huwelik nog gedoop moet word, word die kinders geregistreer onder die van van die natuurlike (biologiese)

vader. Albei die natuurlike ouers se name moet steeds in die ouerkolom aangeteken word. In die opmerkingskolom word aangeteken dat die moeder die belofte alleen afgelê het en dat die vader oorlede is of dat die egpaar geskei is (voorbeelde: Vader oorlede op 12.12.1981. Moeder lê belofte alleen af / Geskei op 12.12.1981. Moeder lê belofte alleen af).

3.12.2 Alleen indien die kind se van langs geregtelike weë verander is, kan die kind by die doop onder die nuwe van geregistreer word en slegs indien bogenoemde ouer se nuwe man of vrou die kind wettiglik aangeneem het, kan sy/haar naam, in plaas van die biologiese ouer s'n, in die ouerkolom aangeteken word. In so 'n geval moet die dokumentêre bewys (aannemingsorder in geval van wettige aanneming) aan die betrokke kerkraad voorgelê word. Verder word presies gehandel soos in 3.3.1 uiteengesit.

3.12.3 Indien so 'n aanneming eers na die doop plaasvind, moet langs die voorgeskrewe weg aansoek om naamsverandering in die dooplidmate-register gedoen word (sien 2.3.1.3, asook 2.4 en 2.5).

**3.13 Doopgetuies**

3.13.1 Die inskrywing van die name van doopgetuies by 'n "normale doop" word ontmoedig omdat dit eintlik geen kerklike doel dien nie.

3.13.2 Die name van getuies wat as doopouers optree, kom in die ouerkolom en wel onder die ruimte vir die ouers se name. Dit gebeur egter slegs wanneer die ouers nie self die dopeling ten doop kan bring nie. Sulke gevalle moet hoogs uitsonderlik wees en deur die kerkraad goedgekeur word en so in die opmerkingskolom aangeteken word (voorbeeld: Doopgetuies lê belofte af. KR 26.02.2019). Die naam van die wettige ouers word normaalweg in die ouerkolom geskryf.

3.13.3 Die voorname en van van die doopgetuies word voluit geskryf. Die nooiensvan van die vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

**3.14 Oorgekom van en vertrek na 'n ander gemeente**

3.14.1 Wanneer 'n dooplidmaat met of sonder sy/haar ouers na 'n ander gemeente vertrek, reik die skriba 'n bewys van dooplidmaatskap uit wat in die nuwe gemeente ontvang, afgelees en in die dooplidmaatregister ingeskryf word. Die geboortedatum en datum van doop en die naam van die leraar wat die doop bedien het, moet ook op die uitgereikte bewys van dooplidmaatskap verskyn.

3.14.2 Die dooplidmaatregister word verder net soos die lidmaatregister voltooi. Sien 4.2.1 tot 4.2.5 hier onder.

**3.15 Lidmaatskap oor gemeentegrense heen**

Sien 4.5.1 hier onder.

**4. DIE BELYDENDELIDMATE-REGISTER**

**4.1 Aflegging van geloofsbelydenis**

4.1.1 Die datum van belydenisaflegging en die geboortedatum van die belydende lidmaat word in die betrokke kolom ingeskryf. Wanneer die belydende lidmaat na 'n ander gemeente vertrek, moet die geboortedatum op die uitgereikte attestaat/bewys van lidmaatskap verskyn.

4.1.2 Wanneer 'n vrou belydenis aflê, word dit onder haar nooiensvan in die register aangeteken en die van behou sy deurgaans in lidmaatregisters vir belydende lidmate aan hoeveel gemeentes sy daarna ook al mag behoort en hoeveel male sy ook al mag trou. Dit kan alleen verander word as sy haar nooiensvan wettig laat verander en dan ook aansoek doen om naamsverandering in die lidmaatregister vir belydende lidmate. Waar 'n vrou uit 'n ander gemeente of kerk kom en haar getroude van verskyn op die attestaat/bewys van lidmaatskap/verklaring, moet sy nogtans onder haar nooiensvan aangeteken word. Telkens word haar geldende getroude van in hakies bygevoeg (voorbeeld: Dippenaar [nou Odendaal]).

4.1.3 Sien 3.11.1 hier bo vir iemand wat na belydenis gedoop is.

**4.2 Oorgekom van en vertrek na 'n ander gemeente**

4.2.1 In die geval van 'n lidmaat wat by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap uit 'n ander gemeente kom, word die naam van die betrokke gemeente in die regte kolom ingeskryf. Die datum van inskrywing in die register geld as datum van aankoms in die gemeente.

4.2.2 In die geval van 'n vertrekkende lidmaat word die datum wanneer en die gemeente waarheen hy/sy vertrek, in die betrokke kolom ingeskryf op die plek waar die naam oorspronklik in die register ingeskryf is.

4.2.3 Waar 'n getroude vrou by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap van 'n ander gemeente (sien 4.2.1) oorkom, word haar naam en nooiensvan soos dit op die attestaat of bewys van lidmaatskap

voorkom, in die register ingeskryf. Die huidige van word tussen hakies geskryf (sien ook 4.1.2).

4.2.4 Aangesien 'n predikant se akte van demissie ook sy/haar attestaat is, word sy/haar bevestigingsdatum as die datum van sy/haar oorkoms aangeteken.

4.2.5 Wanneer 'n persoon te sterwe kom, moet dit teen sy/haar naam in die opmerkingskolom aangeteken word (byvoorbeeld: Oorl. 10.02.2018).

**4.3 Oorkoms van 'n ander kerk of Christelike groep**

4.3.1 Waar 'n persoon uit 'n ander kerk wil oorkom, doen hy/sy self die nodige om te bedank/bewys van lidmaatskap van die vorige kerk te verkry.

4.3.2 Waar 'n persoon uit 'n ander kerk wil oorkom en – na die voorgeskrewe prosedure – lidmaat van die gemeente word, word die korrekte naam van die vorige kerk in die kolom "VAN WAAR" geskryf en in die opmerkingskolom die datum van die kerkraadsbesluit aangeteken.

4.3.2.1 Lidmate uit kerke wat die Drie Formuliere van Enigheid onderskryf:

4.3.2.1.1 Die kerkraad besluit oor die aansoek om lidmaatskap.

4.3.2.1.2 In die opmerkingskolom van die register word verwys na die datum van die kerkraadsbesluit (voorbeeld: KR 10.06.2019).

4.3.2.2 Lidmate uit ander kerke:

4.3.2.2.1 Die aansoeker voltooi Vorm 6 (Verklaring vir ondertekening deur lidmate van ander kerkgenootskappe). Nadat daar aan die vereistes voldoen is wat vir die betrokke persoon geld of bepaal is, besluit die kerkraad oor die aansoek om lidmaatskap. In die opmerkingskolom van die register word verwys na die betrokke vorm en datum van die kerkraadsbesluit (voorbeeld: Vorm 6; KR 10.06.2019).

**4.4 Vertrek na 'n ander kerk**

Waar 'n persoon na 'n ander kerk wil oorgaan, bedank hy/sy self en beteken dit die beëindiging van lidmaatskap van die NG Kerk. Die prosedure van 4.6 hier onder word gevolg.

**4.5 Lidmaatskap oor gemeentegrense heen**

In alle gevalle waar die kerkraad 'n besluit moes neem, moet die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom aangeteken word (voorbeeld: KR 10.02.2019).

**4.6 Verlies van lidmaatskap en herregistrasie**

4.6.1 Aangesien die NG Kerk geen interkerklike attestaat of bewys van lidmaatskap het nie en die oorgaan van lidmate by wyse van 'n "Verklaring insake lidmaatskap" (Vorm 7) moet geskied, moet verlies van lidmaatskap (byvoorbeeld: oorgaan na 'n nie-erkende kerk of afsnyding) en oorgaan na 'n erkende kerk (byvoorbeeld: om huweliksredes na 'n kerk met 'n gereformeerde belydenis) op presies dieselfde wyse hanteer word deur die uitreiking van 'n Vorm 7 ná besluit deur die kerkraad.

4.6.1.1 Indien verlies van lidmaatskap gedurende die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het. Die datum van die kerkraadsbesluit word ook vermeld (voorbeeld: Lm verval. KR 10.02.2019).

4.6.1.2 Indien verlies van lidmaatskap buite die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit by die oorspronklike inskrywing in die opmerkingskolom, met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit, aangeteken. Met vermelding van die naam, jaar van inskrywing en datum van die kerkraadsbesluit, word die saak per brief aan die argief oorgedra vir aantekening in die betrokke registerafskrif.

4.6.1.3 Indien die naam van die kerk waarheen die persoon oorgegaan het, bekend is, moet dit ook in die opmerkingskolom aangeteken word (voorbeeld: Lm verval. Oor na RKK. KR 10.02.2019).

4.6.1.4 Wanneer 'n persoon by wyse van belydenisaflegging of oorkoms weer lidmaat word, word dit so in die register aangeteken met verwysing na die kerk en die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom.

4.6.1.5 Waar 'n persoon 'n gemeente verlaat sonder om by 'n ander kerk aan te sluit en dan weer na berou na die kerk terugkeer, moet hy/sy weer belydenis van geloof aflê en dit moet so in die register aangeteken word. By verlating word in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het.

**4.7 Onopspoorbare bewys van lidmaatskap**

Waar geen lidmaatinskrywing opgespoor kan word nie, maar die lidmaat 'n verklaring ingedien het dat hy of sy wel belydenis van geloof afgelê het in 'n NG gemeente en die kerkraad daarmee tevrede is, word die persoon in die lidmaatregister ingeskryf. In die opmerkingskolom word aangeteken dat 'n verklaring ingelewer is, asook die datum van die kerkraadsbesluit (voorbeeld: Verklaring ingelewer. KR 10.06.2019).

**5. HUWELIKSREGISTER (OPSIONEEL)**

5.1 In elke gemeente word die huwelike wat daar bevestig word in ’n huweliksregister aangeteken (gebruik die "Kerklike Huweliksaantekeningboek", beskikbaar by Bybel-Media). Hierdie huweliksregister is nie die huweliksbevestiger se huweliksregister nie, maar ’n register van huwelike wat in die betrokke kerkgebou of gemeente bevestig is.

5.2 Hierdie registers word sover moontlik ook deur die kerkraad se argiefkommissie gekontroleer en moet, net soos in die geval van ander registers, na die argief gestuur word wanneer dit nie meer deur die gemeente benodig word nie.

**6. REGISTERAFSKRIFTE**

6.1 Alle afskrifte moet ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike registerinskrywings wees. Vertrekkende lidmate word nie aangeteken nie, behalwe as hulle vertrek het in dieselfde kerkjaar as wat hulle aangekom het.

6.1.1 As ’n register egter gebrekkig aangelê is, beteken dit nie dat die gebreke in die afskrifte herhaal moet word nie. Die gegewens in die register moet met ander woorde in hul korrekte vorm oorgeskryf of getik word. Die kerkraad moet die afskrifte nagaan:

6.1.1.1 deur al die besonderhede in die lidmaatregister vir dooplidmate met dié in die doopkladboek te vergelyk;

6.1.1.2 deur die name in die lidmaatregister vir belydende lidmate met die attestate/bewyse van lidmaatskap en die lys van name van persone wat belydenis afgelê het, te vergelyk;

6.1.1.3 deur die teenblaaie van die lidmaatsertifikaat- en attestaatboek met die lidmaatregisters vir belydende lidmate te vergelyk en

6.1.1.4 deur die besonderhede in die afskrifte noukeurig met dié in die lidmaatregisters vir doop- en belydende lidmate te vergelyk.

6.1.2 Die parafering en handtekening van die kommissie/persone deur die kerkraad aangewys, beteken dat die afskrifte nagegaan, waar nodig gekorrigeer en uiteindelik as korrek gesertifiseer is. Alle wysigings moet ook geparafeer word.

**6.2 Voltooiing van die registerafskrifte**

6.2.1 Op die voorblad verskyn slegs die naam van die gemeente en die tydperk waaroor die afskrifte strek. Die naam van die gemeente en die jaartal word verder op elke bladsy aangedui.

6.2.2 Lê die binneblaaie soos ’n boek oop. Begin met die inskrywings op die agterkant van die eerste blad en gaan dan voort soos dit in die register voorkom. Nommer die bladsy sodat wanneer die "boek" ooplê, die registrasieruimte op elkeen van die twee velle dieselfde nommer kry.

6.2.3 Daar mag geen bladsye tussenin oopgelaat word nie. Moet dus nie elke letter van die alfabet op ’n nuwe bladsy begin nie. Hoogstens mag daar tussen die name wat met verskillende letters van die alfabet begin, ’n reël oopgelaat word.

6.2.4 Geen gewone regstelling mag bo-oor ’n skryffout van die registerhouer aangebring word nie. Die fout moet met rooi ink onderstreep en die regstelling in rooi ink daarbo ingeskryf word. Alle regstellings word geparafeer. Let wel: ’n gewone regstelling of korreksie is geen wysiging of rektifikasie nie.

6.2.5 Op die laaste bladsy van die afskrifte en net onder die laaste inskrywing sertifiseer die kerkraad dat die afskrifte ’n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike register is. Elke binnebladsy word ook regs onder klein en netjies geparafeer.

6.2.6 Voltooide afskrifte moet nie opgerol of gevou word nie.

**6.3 Gebrekkige registerafskrifte**

Die kerkraad moet toesien dat alle stukke wat deur die argief vir verbetering, aanvulling of vervanging na hulle kerkraad terugverwys is, binne vier weke aan die Argivaris terugbesorg word.

**6.4 Registersrekenaar**

6.4.1 Waar gemeentes hulle registers en/of registerafskrifte op rekenaar doen, geld al die voorskrifte soos reeds genoem. Sien veral 1.2 tot 1.6 hierbo.

6.4.2 Let ook op die volgende vereistes

6.4.2.1 Die papier wat gebruik word, moet duursame A4-papier wees wat 100 gram per vierkante meter weeg. Argiefpapier is beskikbaar by Bybel-Media.

6.4.2.2 Drukwerk moet met netjiese en leesbare lettertipes gedoen word met ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie.

6.4.2.3 Die spasiëring tussen lyne mag nie kleiner as die huidige spasiëring wees nie. Indien ongelinieerde papier gebruik word, moet lyne daarop aangebring word. Inskrywings moet steeds genommer word.

6.4.2.4 Daar moet voorsiening gemaak word vir presies dieselfde kolomme in dieselfde volgorde as in die oorspronklike registers (dit hoef nie noodwendig dieselfde wydte te wees nie). Indien ongelinieerde papier gebruik word, moet kolomlyne daarop aangebring word.

6.4.2.5 Drukwerk moet op beide kante van die papier wees, met genoeg spasie vir inbinding (lê die binneblaaie soos ’n boek oop – die regterkantlyn van die linkerbladsy en die linkerkantlyn van die regterbladsy moet ten minste twee sentimeter wees).

6.4.2.6 Sommige van die rekenaarsagtewareprogramme wat gebruik word om afskrifte van lidmaatregisters te druk, kan nie aan al die vereistes van 6.4.2 hierbo voldoen nie. Dit word egter wel onder bepaalde omstandighede deur die argief aanvaar. Skakel asseblief vooraf met die argief om te verneem of ’n bepaalde pakket se drukstukke vir die argief aanvaarbaar is.

6.4.3 Waar gemeentes gebruikmaak van ’n aanlyn gerekenariseerde lidmaatregisterprogram wat spesifiek deur die Argief goedgekeur is, hoef registerafskrifte nie volgens punt 6.1 tot 6.4 van hierdie reglement aan die Argief gelewer te word nie. Hierdie vergunning geld slegs vir solank as wat ’n gemeente van die aanlyn program gebruikmaak.

6.4.4 Alle verwysings na doop- of lidmaatregisters in die res van die reglemente sluit ook die betekenis van ’n aanlyn gerekenariseerde lidmaatregisterprogram, soos deur die Argief goedgekeur, in.

*Vir inligting oor argiefpapier, sagteware vir gemeente-administrasie, die goedgekeurde lys van afkortings, rektifikasievorms en enige navrae oor die hantering van die registers, kan die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika te Stellenbosch gekontak word. Inligting (en vorms) kan ook op die argief se webblad gevind word.*
***Telefoon**: 021 882 9923 – **Epos**: argief@kaapkerk.co.za*

---

## REGLEMENT 46

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN VIR LEER EN AKTUELE SAKE (STLAS)

**1. NAAM**

Die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (STLAS).

**2. SAMESTELLING**

Die taakspan word soos volg saamgestel:

2.1 Die diensgroepe word ringsgewys saamgestel tydens die sinode. Elke ring benoem ’n primarius- en sekundusverteenwoordiger.

2.2. Die PSD: Teologiese Navorsing is ex officio lid van STLAS.

2.3 Geslagsgelykheid: sien Reglement oor Funksionering van die Sinode (reglement 25.7.1)

**3. FUNKSIONERING**

3.1. Die taakspan konstitueer so spoedig moontlik na die sinode en verkies ’n voorsitter en ondervoorsitter.

3.2 Die PSD: Teologiese Navorsing tree as skriba en logistieke ondersteuningspunt van die taakspan op.

3.3 Die dagbestuur bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter en die PSD: Teologiese Navorsing.

3.4 Kundige lede kan na gelang van behoeftes betrek word soos deur die dagbestuur bepaal.

3.5 Die taakspan vergader wanneer nodig, maar ten minste een maal per jaar.

3.6 Die dagbestuur stel die agenda van STLAS-vergaderings op.

3.7 STLAS volg ’n gespreksmatige model van geloofsonderskeiding op soek na konsensus en stem slegs in gevalle waar dit onafwendbaar is.

**4. ROEPING**

STLAS se roeping is om teologies navorsing te doen ten einde die kerk met advies te bedien, nadenke en gesprek te stimuleer, studiestukke en gespreksdokumente voor te berei vir sake wat verband hou met die belydenis en lewe van die kerk en dit te kommunikeer deur die toepaslike strukture.

**5. VERANTWOORDBAARHEID**

Verslae word aan die vergaderinge van die moderamen en sinode voorgelê soos wat hierdie kerkvergaderinge dit vereis.

## REGLEMENT 46b

## REGLEMENT VIR GELOOF EN LEWE. OOREENKOMS EN GESAMENTLIKE REGLEMENT VAN STLAS (DIE NG KERK VAN WES-KAAPLAND) EN SKLAS (VGK KAAPLAND)

**Ooreenkoms tussen die NG Kerk van Wes-Kaapland en die VGKSA (Kaapland).**

Hiermee kom die NG Kerk van Wes-Kaapland en die VG Kerk Kaapland ooreen om die sinodale werksaamhede ten opsigte van leer en aktuele sake gesamentlik te doen.

*Geloof en Lewe* word as ’n gesamentlike taakspan/bediening gestruktureer as uitdrukking van die belydenis van die eenheid van die gemelde kerke en die ideaal van een kerkverband wat reeds deur al die deelnemende kerke aanvaar is.

Die drie algemene geloofsbelydenisse, die Drie Formuliere van Eenheid en Belydenis van Belhar is die belydenisgrondslag waarvolgens die taakspan/bediening handel. Om uitdrukking te gee aan hierdie ooreenkoms word ’n gesamentlike reglement opgestel. Die reglement maak wel voorsiening vir die realiteit dat daar nog verskillende kerke bestaan. In die uitvoering van die roeping tot getuienis, tree Geloof en Lewe egter as ’n eenheid op en word daar ’n gesamentlike getuienis gelewer, gesamentlike aksies onderneem en met een stem na die lidkerke, ander kerke en die wêreld gekommunikeer.

**1. NAAM**

Geloof en Lewe (Faith and Life) Gesamentlike Taakspan/Bediening vir Leer en Aktuele Sake.

**2. STATUS**

2.1 Geloof en Lewe is ’n gesamentlike aksie van die NG Kerk van Wes-Kaapland en die VG Kerk Kaapland en lewer verslag aan die onderskeie kerkvergaderinge.

2.2 Die verteenwoordigers van die lidkerke van Geloof en Lewe is steeds gebonde aan die besluite van hulle eie kerke.

2.3 Indien een van die deelnemende kerke onttrek, funksioneer elke kerk volgens sy eie reglement.

**3. ROEPING**

Om ’n gesamentlike diens te lewer deur advies te verskaf, nadenke en gesprek te stimuleer en studiestukke voor te berei vir sake wat verband hou met die belydenis en lewe van die kerke, aktuele sake, kwessies wat op die terrein van publieke getuienis lê en die kommunikasie daarvan deur die toepaslike strukture.

**4. SAMESTELLING**

4.1 Geloof en Lewe word saamgestel uit die lede soos deur die onderskeie kerke aangewys.

4.2 Algemene vergadering:
Die algemene vergadering is ’n gesamentlike vergadering van verteenwoordigers van die twee kerke.

4.3 Dagbestuur:
Die dagbestuur bestaan uit vier lede uit elke kerk. Die dagbestuur stel die agenda van die algemene vergadering op.

4.4 Geloof en Lewe bestuur die pos van PSD: Teologiese Navorsing, wat in terme van normale aanstellingsprosedures ’n lidmaat van óf die NG Kerk óf VG Kerk kan wees.

4.5 Die PSD : Teologiese Navorsing is ex officio lid van Geloof en Lewe en dien ook adviserend in die dagbestuur.

4.6 Die PSD: Publieke Getuienis is ex officio lid van Geloof en Lewe.

**5. FUNKSIONERING**

5.1 Geloof en Lewe funksioneer kragtens hierdie reglement.

5.2 Die onderskeie vergaderings (NGK/VGK) vergader wanneer nodig. Daar kan ook elektronies/per korrespondensie vergader word.

5.3 Kundige lede kan met enige vergadering betrek word.

5.4 Voorsitters soos deur die kerke aangewys, tree op rotasiebasis op, of soos versoek deur die vergadering.

5.5 Die sekretariaat/skribaat van Geloof en Lewe word hanteer deur die PSD: Teologiese Navorsing en sy kantoor, wat ook as die logistieke ondersteuningspunt vir Geloof en Lewe sal funksioneer.
5.6 Vakatures word deur die onderskeie kerke gevul (VGK en NGK). Vakatures in die dagbestuur word deur die dagbestuur uit lede van die afgevaardigdes aangevul.

**6. TAAK**
6.1 Geloof en Lewe verrig die take met betrekking tot leerstellige- en belydenisaangeleenthede, soos deur die kerke aan hulle opgedra. Hierdie take kan voortspruit uit besluite of opdragte van kerkvergaderings of uit versoeke wat aan die taakspan opgedra word. Die wyse van afhandeling word deur die dagbestuur in samewerking met die betrokke partye bepaal.
6.2 Geloof en Lewe is in 'n dienende hoedanigheid tot beskikking van die kerk(e) tot opbou van die geloof en lewe van lidmate.

**7. FONDSE**
Bestaande fondse bly die besit van die onderskeie kerke. Daar word by elke lidkerk vir fondse begroot en die fondse beskikbaar, word volgens die finansiële beleide van die onderskeie kerke gebruik. Vir spesifieke doeleindes kan fondse na ooreenkoms gesamentlik gebruik word.

**8. VERANTWOORDBAARHEID**
'n Gesamentlike verslag word aan die onderskeie kerkvergaderinge voorgelê soos wat die kerkvergaderinge dit vereis. Die onderskeie kerke se taakspan/bediening het egter die reg om ook oor 'n kerk-eie saak aan sy eie kerkvergadering verslag te lewer.

**9. WYSIGINGSKLOUSULE**
Die reglement kan op aanbeveling van die gesamentlike taakspan/bediening deur die betrokke kerkvergaderinge van die lidkerke gewysig word.

---

## REGLEMENT 47

## REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN VIR KOMMUNIKASIE (STK)

**1. NAAM**
1.1 Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie (STK).

**2. TAAK**
2.1 Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie is verantwoordelik vir:
2.1.1 die opstel van 'n kommunikasiebeleid (in samewerking met die moderatuur);
2.1.2 die kommunikasie van die sinode deur middel van die kommunikasiemedia van die sinode;
2.1.3 die ontwikkeling van 'n kommunikasiestrategie asook gereelde evaluering en -aanpassing daarvan;
2.1.4 die uitvoering van die kommunikasiebeleid en -strategie;
2.1.5 die toesig oor die werk van die taakspan se personeel.

**3. SAMESTELLING**
3.1 Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie word soos volg saamgestel:
3.1.1 die kommunikasiebestuurder;
3.1.2 die saakgelastigde;
3.1.3 een verteenwoordiger (met 'n sekundus) uit elk van die vyf diensgroepe se dagbestuur;
3.1.4 die skriba van die sinode of 'n ander verteenwoordiger van die moderatuur;
3.1.5 die taakspan kan kundiges vir spesifieke take koöpteer. Hierdie kundiges het nie stemreg nie.
3.1.6 personeel van die kommunikasiekantoor woon die vergaderings adviserend by.
3.2 Indien enige van die aangewese lede in die termyn bedank, word hulle deur 'n sekunduslid vervang.
3.3 Geslagsgelykheid – sien Reglement vir Funksionering van die Sinode (reglement 25.7.1).

**4. FUNKSIONERING**
4.1 Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie:
4.1.1 verkies tydens die konstitueringsvergadering na die sinodesitting 'n voorsitter en ondervoorsitter;
4.1.2 wys iemand uit die kommunikasiekantoor aan om die skribaat te behartig;
4.1.3 vergader minstens drie keer per jaar;
4.1.4 het volmag om binne die begroting konsultante en diensverskaffers aan stel;
4.1.5 kan in spoedeisende gevalle elektroniese vergaderings hou en besluite neem;

4.1.6 is deel van die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste;
4.2 Die voorsitter en ondervoorsitter vorm saam met die saakgelastigde en kommunikasiebestuurder die dagbestuur.
4.3 Besluitneming: Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie werk geloofsonderskeidend en poog om konsensusbesluite te neem.

**5. KOMMUNIKASIEKANTOOR**

5.1 Die kommunikasiekantoor se taak:
5.1.1 Skakeling met diensgroepe, taakspanne en ander sinodale werksaamhede met die oog op die insameling en verspreiding van inligting in die sinode.
5.1.2 Woon sinode- en moderamenvergaderings by asook vergaderings van diensgroepe en taakspanne (waar nodig) met die oog op die insameling en verspreiding van nuus en inligting.
5.1.3 Vestig ’n netwerk van medewerkers met die oog op die insameling en verspreiding van inligting.
5.1.4 Neem as redaksie verantwoordelikheid vir die opstel en verspreiding van die sinodale nuus.
5.1.5 Skakel met ander media soos en wanneer nodig, en gebruik dit met die oog op die insameling en verspreiding van inligting.
5.1.6 Ondersteun die moderatuur met die taalkundige afronding en vertaling van verklarings en mediavrystellings.
5.1.7 Adviseer die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie oor nuwe kommunikasiegeleenthede in die elektroniese media.
5.1.8 Verleen hulp met die taalversorging en vertaling van dokumente en kommunikasiestukke van die sinode.
5.1.9 Behartig die deurlopende instandhouding en aanpassing van die stylgids van die sinode.
5.1.10 Bestuur die begroting van die taakspan.
5.1.11 Behartig die opbou en instandhouding van ’n databasis met kontakbesonderhede van persone, instansies en diensverskaffers waarmee die sinodale struktuur skakel.
5.1.11 Behartig die opstel en gereelde opdatering van inligtingspamflette.
5.1.12 Hou die sinodale almanak op die sinode se webwerf waarop die datums van die sinode- en moderamenvergaderings en jaarvergaderings van diensgroepe en taakspanne aangedui word, by.
5.1.13 Die kommunikasiebestuurder is adviserend lid van die moderamen.
5.1.14 Die kommunikasiebestuurder is lid van die taakspan wat die sinodesitting beplan.

**6. VERANTWOORDBAARHEID**

6.1 Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie doen verslag aan die moderamen en sinode.

# C – BESKRYWINGSPUNTE

## 1. BEDIENING VAN DIE SAKRAMENTE – RING VAN SOMERSET-WES

Soos in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Artikel 27) verwoord, glo ons as Ring van Somerset-Wes dat die kerk van die Here Jesus Christus erns maak met die volgende:
- Verkondiging van die evangelie
- Die bediening van die sakramente
- Begeleiding en vermaning van gelowiges.

Ons vereenselwing ons heelhartig met die volgende besluite van die Algemene Sinode soos verwoord in die Kerkorde 2015:
- die riglyn van 'n weeklikse viering van die nagmaal (Besluit 20.2.2);
- dat die viering van die nagmaal binne die gereformeerde tradisie nooit voorskriftelik was nie. (Besluit 20.2.4). "Die Algemene Sinode handhaaf die beginsel van vryheid en versoek gemeentes om hulle in hul besluite hieroor te laat lei deur die beginsels van die Skrif en die wens dat gemeente opgebou en gestig sal word deur die viering van die nagmaal".
- dat daar nie meer waarde aan die bediening van die sakramente bo die bediening van die Woord toegeken mag word nie (Besluit 22.2).

Verder is die mobilisering van lidmate ook vir ons uiters belangrik en wil ons graag lidmate wat 'n gawe ontvang het vir die verkondiging van die Woord, daarvoor toerus. Die Ring is ook dankbaar vir die kursus wat deur die NG Kerk aangebied word om lidmate toe te rus om die Woord te mag bedien. Ons is ook baie dankbaar vir die verbreding van teologiese opleiding om die volgende kategorieë van opleiding moontlik te maak:
- opleiding van ouderlinge en diakens met bevoegdheid
- leraars met spesifieke bevoegdheid (Dowes wat opgelei is om Dowes te bedien ensovoorts)
- opleiding van kerklike werkers (hulpleraars of diensleraars)
- deeltydse opleiding van leraars (tweede loopbaan studente)
- voltydse opleiding van leraars.

Die mobilisering van lidmate om op 'n geloofsonderskeidende en verantwoordelike manier betrokke te raak in die bediening van die Woord is vir die Ring belangrik. Dit is vir ons goed om te sien hoe lidmate alreeds in gemeentes rondom dit benut word en om te sien wat dit vir die betrokke lidmate en gemeente beteken.

Vir 'n kerk wat glo dat daar nie meer waarde aan die bediening van die sakramente geheg moet word as aan die verkondiging van die evangelie nie, terselfdertyd ook lidmate toerus en toe laat om te die Woord te bedien, maak dit eenvoudig nie sin nie dat lidmate wat toegerus is om die Woord te bedien nie die sakramente mag bedien of die seën mag uitspreek nie. (Reglement 22:5)

In die lig van bogenoemde vra die Ring van Somerset-Wes toestemming om lidmate wat toegerus is om die Woord te mag bedien en vertrou word om kleingroepe te mag lei, ook toestemming deur die kerkraad kry om die sakramente met mentorbegeleiding deur 'n leraar te mag bedien.

**Carel Smith**
**Ringskriba: Ring van Somerset-Wes**

## 2. AANBEVELING

**2.1 Die sinode stuur die beskrywingspunt van die Ring van Somerset-Wes na die skriba van die Algemene Sinode vir behandeling tydens die volgende Algemene Sinodevergadering.**

## 2. VERENIGING MET DIE VG KERK – DS JOHAN THERON

### 1. AANBEVELING

**1.1 Die sinode besluit om, getrou aan ons Hoof, Jesus Christus – die Woord van God en ons belydenis, uit die Algemene Sinodale band te tree soos deur Artikel 37 (hieronder) van die Kerkorde toegelaat en te verenig met die Verenigende Gereformeerde Kerk. Algemene Sinode 2015 Kerkorde Artikel 37: Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.**

### 2. MOTIVERING

Christus Jesus is die enigste hoof van die kerk. Ons is aan mekaar verbind deur sý bloed, nie deur ons eie bloed nie. Indien ons bely dat ons deur Christus alleen verlos word, moet ons ook aan Christus alleen getrou bly. Jesus Christus is die Woord van God wat vlees geword het. Om sy Woord te misken is om Jesus Christus self teen te gaan. Die Woord alleen het dus die hoogste gesag in die kerk van Christus soos ons dit bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 7: *Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles.* Hierdie Woord van Christus wys met gesag hoe Sy kerk lyk: "Hier is dit nie van belang of iemand Jood of Griek is nie, besny of nie besny nie, anderstalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal" (Kol. 3:11).

Die vereiste tweederdemeerderheid van gemeentes in die Sinode van Wes-Kaapland het reeds die Skriftuurlikheid van die Belydenis van Belhar aanvaar. Die Skriftuurlike besware wat by wyse van approbasie ingedien is tydens die stemproses moes reeds op Skriftuurlike gronde oorweeg word. Die Sinode van Wes-Kaapland het die Belydenis van Belhar self reeds twee maal as Skriftuurlik aanvaar (2011, 2015) en die Algemene Sinode het geen Skriftuurlike besware daarteen ingebring nie en die Sinode van Wes-Kaapland se aanvaarding van die Belydenis van Belhar reeds bekragtig (2015).

As daar dus geen Skriftuurlike besware teen Belhar ingebring is wat standhou nie, is die weerstand teen eenwording met die Verenigende Gereformeerde Kerk dus 'n onskriftuurlike weerstand. Indien die sinode nie handel volgens die Woord en belydenis nie, word die onskriftuurlike gronde, wat sondige verset teen God se Woord insluit, stilswyend aanvaar en goedgepraat.

Ons as sinode word dus op onskriftuurlike gronde, teen God se wil, deur die sinodes wat teen Belhar gestem het, daarvan weerhou om te handel volgens Christus se Woord en ons belydenis. Ons as sinode besluit ons gaan nie langer swyg terwyl die skare bly skreeu: "Kruisig Hom!" nie, maar gaan getrou bly en opstaan vir die Gekruisigde se Woord. Dit bly voortdurend ons bede en verlange dat ons broers en susters uit die ander sinodes ons sal volg in getrouheid aan die opdrag van God se Woord wat ons leer hoe Sy kerk lyk: "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één" (Gal 3:28).

Daar is gemeenregtelike probleme wat deur hierdie voorstel opgeroep word, wat ondervang kan word deur die handhawing van die Woord en ons Gereformeerde belydenis. In die hofsaak tussen die VGK en die deel van die NG Kerk in Afrika het die hooggeregshof uitspraak gelewer dat die kerk 'n "universitas" is en dit wil sê bestaan as 'n "vrye assosiasie". Hiervolgens is die vrye demokratiese wil van die mens die gesag gegee om besluite in die kerk te neem. Verder is minderheidsregte verskans sodat mense nie "gedwing" kan word om 'n belydenis te aanvaar of om te verenig met 'n ander kerk as hulle nie wil nie. Hoeveel ruimte laat dit vir die opdragte van die Woord? – geen! Hiermee het die hooggeregshof, soos Pilatus, die lidmate die reg gegee om op sondige, onbybelse oorwegings te handel en die kerk magteloos gelaat om hulle daaroor aan te spreek. Die lidmate wat op Skriftuurlik gronde eenheid nastreef moet maar toekyk hoe Jesus Christus se liggaam deur die katse oopgevlek word, want die hooggeregshof sê dis reg so. Sonde is hiermee gewettig.

Verder sou die implikasies wees dat, indien die kerk sou wou verenig, slegs enkele lidmate wat nie wil verenig nie – al die bates van die kerk sou verkry, want die bates behoort aan die vrye assosiasie waaraan hulle hulleself vrylik verbind het. Indien die minderheid dan onbybelse of sondige oorwegings sou hê om kerkhereniging teen te staan, sal die meerderheid wat op Skriftuurlike gronde wil verenig hulle by die minderheid moet skik – of al die kerk se bates verloor. Die wat op Skriftuurlike gronde wil een word, word afgepers om nie die Woord te gehoorsaam nie. Dit is niks anders nie as geestelike bedrog en is veel vernietigender as die Zuptas se bedrog waarteen almal so te velde trek, want dit is sonde teen die liggaam van Christus.

Die hofsaak het ook van die voorveronderstelling uitgegaan dat die kerkorde die "grondwet" van die kerk is. Die kerkorde is egter nie die "grondwet" van ons Gereformeerde belydende kerk nie. Die kerkorde bly ondergeskik aan die Woord en belydenisskrifte. Die belydenisskrifte beklemtoon, soos reeds aangetoon, dat die Woord van God is die enigste en hoogste maatstaf is van die waarheid, soos blyk uit die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 7: "... ook mag ons nie die gewoonte of getalle, of oudheid of opvolging van tye of persone, of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid [van die Skrif] gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles".

Na aanleiding van die hofuitspraak, het die NG Kerk sy kerkorde aangepas om ’n tweederde meerheidstem van elke kerkraad en sinode as vereiste te stel vir belydenisverandering en vir kerkvereniging. Selfs hierdie tweederdemeerderheid sou egter nie verseker dat aan die hof se voorskrifte voldoen sou kon word nie as gevolg van die beginsel dat die kerk ’n vrye assosiasie is waarin minderheidsregte verskans is. Die NG Kerk het na die aanpassing van die kerkorde ’n stemming gehou wat daartoe gelei het dat die Belydenis van Belhar nie aanvaar is deur die lidmate nie. Die sinode het nie op Skriftuurlike oorwegings hierdie stemming gehou nie, maar omdat die hof so voorskryf. Om in die kerk ’n demokratiese stemming te hou oor ’n Belydenisskrif sonder enige vereiste dat Skriftuurlike gronde vir aanvaarding of verwerping aangevoer word, is soortgelyk aan die stemming wat Pilatus uitgeroep het oor of hy Jesus of Barabbas moet kruisig.

’n Gereformeerde kerk is nie ’n vrye assosiasie nie. Die lidmate se vrye wil kan nie die gesag in ons gereformeerde kerke dra nie, omdat elke lidmaat met die belydenisaflegging hulle onderwerp aan die Woord en artikels van die geloof en die kerklike tug. Verder wys die belydenisskrifte (die drie formuliere van éénheid ) daarop dat die mens nie voor God ’n vrye wil het om goeie besluite te neem nie. Daar staan in die Heidelbergse Kategismus die mens is "van nature geneig is om God en sy naaste te haat" (Sondag 2, Vraag 5). In die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons die mense is "uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self" (Art 7). Nie net is die mens van nature geneig tot die kwaad nie, maar sy wil is ook nie vry nie. Dit is ook nie net aangetas nie. In die Dordtse Leerreëls lees ons van die Sinode se verwerping van die vrye wil: *Die sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Hierdie geestelike gawes is in die geestelike dood nie van die mens se wil geskei nie, aangesien die wil op sigself nooit verdorwe was nie. Dit is slegs deur die verduistering van die verstand en wisselvalligheid van die neigings verhinder. Wanneer hierdie hindernis uit die weg geruim is, kan die wil dan weer sy vrye aangebore krag uitoefen. Dit wil sê, dit kan allerhande goeie dinge wat hom voorgehou word, self wil en self kies of nie wil en nie kies nie.* Die sinode leer: Dit is ´n nuwigheid en ´n dwaling waardeur die kragte van die vrye wil verhef word, en dit teen die uitspraak van die profeet: "Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik…" (Jer. 17:9); en van die apostel: "So het ons (naamlik die kinders van die ongehoorsaamheid) trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het" (Ef. 2:3)." (Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3,4 dwaling 3).

Die voorgestelde tussenorde is ’n poging om die kerk organies "van onder" een te laat word en inkorporeer daarmee die hofuitspraak. Vanuit ’n Bybelse mensbeskouing soos hierbo uiteengesit sou die mens nie die wil van God, uit vrye wil, wil doen nie. Om God se wil aan die mens se vrye wil oor te laat – dit eindig op ’n stemming dat Jesus gekruisig moet word. Die enigste weg om God se wil uit te voer is om jou kruis op te neem en Hom te volg. Dit is presies wat Judas nie wou doen nie, hy wou eerder sy kerk (en sy salaris) behou. Om jou kruis op te neem en Hom te volg is nie iets wat enigeen wil doen nie, maar wat nodig is om hierdie gebreekte liggaam van Christus te herenig. Dit sal van die kerkleiding vereis geloofsbesluite, waar ons alles op die spel sal moet plaas. Wat het ons egter ook as kerk wat nie vir ons gegee is deur Jesus Christus se verdienste aan die kruis nie? "Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red". (Luk.9:24).

Ons as kerk bevind onsself nie net by ’n kruispad nie – ons bevind onsself voor die kruis van Christus. Óf ons staan apart en kyk hoe sy liggaam verniel word óf ons staan saam by die Woord – teen die afgodediens van rasgevormde kerke, teen die geestelike afpersing van die lidmate, teen die onskriftuurlike kerkorde, teen die hooggeregshofuitsprake – om die gebroke liggaam van Christus te herenig. Die sonde en vergrype teen Sy liggaam het in die openbaar gebeur in ons land. Ons getuienistaak het geen krag indien ons hierdie sonde nie in die openbaar teengaan nie. Dit is ons kerk se Goddelike roeping in dié verband en ons mag nie talm daarmee nie, want Jesus se gebroke liggaam bloei steeds voor ons oë.

**Voorsteller: Ds. Johann Theron**
**Sekondant: Oudl. Wayne Young**
**NG Kraaifontein-Noord**

---

# D – AFGEVAARDIGDES

**S** = Sekundus (volle stemreg) – **W** = Waarnemer (mag nie stem nie)

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 1. | Aggeneys | Ds. Sarizé Retief | Me. Charmaine Engelbrecht |
| 2. | Agter-Paarl | Ds. Johannes Nortier<br>Ds. Toit Wessels | Mnr. Rudi Barnard<br>Mnr. Pieter Hendrik Greyling |
| 3. | Albertinia | Ds. Marius le Roux<br>Ds. Frik Smith | Mnr. Boy Janse van Rensburg<br>Me. Wilma Swarts |
| 4. | Alexanderbaai | Ds. Nadine Maletzki | Mnr. Len Schreuder |
| 5. | Ashton | Ds. Willem Immelman | Mnr. Loure van Zyl |
| 6. | Aurora | Ds. Bossie Muller | Mnr. Jan Brink |
| 7. | Barrydale | Ds. Olivier Muller | Mnr. Andries Truter |
| 8. | Beaufort-Wes | Mnr. Gawie Goussard (S) | Mnr. Jan Stadler |
| 9. | Bellville | Ds. Herman Burger | Me. Mariaan Burger |
| 10. | Bellville-Noord | Ds. Kobus van Rooyen | Mnr. Andries Steenkamp |
| 11. | Bellville-Oos | Ds. Leon Durie | Mnr. Johann Strauss |
| 12. | Bellville-Riebeeck | Ds. Johan Botha | |
| 13. | Bellville-Uitsig | Ds. Louis Minnaar | Mnr. Arend Louw<br>Me. Gloudina Louw |
| 14. | Bellville-Vallei | Ds. Kobus Swarts | Mnr. Henry Botha |
| 15. | Bellville-Wes | Ds. Willie Badenhorst | Mnr. Charlie Cooper |
| 16. | Blanco | Ds. Ferdi Boll<br>Ds. Francois Mulder<br>Ds. Cornie Pretorius | Mnr. Donovan Gultig<br>Mnr. Reinier Schuin<br>Mnr. Johan van Greunen |
| 17. | Bloubergstrand | Ds. Marietjie Steyn<br>Mnr. Francois Human (S)<br>Me. Anne Human (S) | Mnr. Roodt Griesel<br>Me. Lynette Cordier<br>Mnr. Stefan Jacobs |
| 18. | Boesmanland | Ds. Tallie van den Heever | Mnr. Hendri Niehaus |
| 19. | Bothasig | Ds. Gustav Meyer | Me. Ida van Dewenter |
| 20. | Brackenfell | Ds. Johan Mocke<br>Ds. Michelle Boonzaaier<br>Ds. Lou-Maré Denton | Me. Amy Buys<br>Me. Estelle Cloete<br>Dr. Johann Spies |
| 21. | Brackenfell-Proteahoogte | Ds. Christo Botha<br>Dr. Siegfried Louw<br>Ds. Danie Murray<br>Ds. Luané McLachlan | Mnr. Leon Myburgh<br>Mnr. Fanie Schoeman<br>Mnr. Joe Smit<br>Me. Janean Jeppe |
| 22. | Brackenfell-Wes | Ds. Ruan Nieuwenhuizen<br>Dr. Guillaume Smit | Me. Lenie Fourie |
| 23. | Brandwacht | Ds. Tertius Conradie | Mnr. PG Coetzee |
| 24. | Bredasdorp | Ds. Jaco Botha<br>Ds. Braam Coetzee<br>Ds. Arné Leuvennink (W) | Mnr. Johannes Uys<br>Mnr. Francois Potgieter<br>Mnr. Richard Mitchell (W) |
| 25. | Buffeljagsrivier | Ds. Nico van der Walt | Mnr. Sakkie Nel |
| 26. | Caledon | Ds. Dewald du Toit<br>Ds. Marinus Theron | Mnr. Chris Vermeulen<br>Mnr. Johan Visagie |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 27. | Caledon-Wes | Ds. Awie Brand<br>Ds. Pierre Burger | Me. Erin Neethling<br>Me. Felicity Philander |
| 28. | Calitzdorp | Me. Marina Murris (S) | Mnr. Deon Kriek |
| 29. | Calvinia | Ds. Maryke van Niekerk | Mnr. Stoffel Lombard |
| 30. | CPRC | Ds. Arion Naidoo | Me. Cecilia Burger |
| 31. | Ceres | Ds. Pierre Marais | Mnr. Nollie Lambrechts |
| 32. | Ceresvallei | Ds. Jandré Viljoen | Me. Susan Blomerus |
| 33. | Citrusdal | Ds. Martin Steyn<br>Ds. JB Wessels | Mnr. Robert Ellis<br>Mnr. Sarel Eloff |
| 34. | Clanwilliam | Ds. Jacques Greyling | Mnr. Philip Olivier |
| 35. | Constantia | Ds. Elsché Eygelaar | Dr. Danie Myburgh |
| 36. | Danabaai | Ds. Wehan Geldenhuys | Dr. Annetjie Blaauw |
| 37. | Darling | Ds. Lindi Claassen | Me. Karen van Jaarsveld |
| 38. | De la Bat | Dr. Jan Nieder-Heitmann | Mnr. Claude Swart |
| 39. | De Rust | Ds. Francois du Plooy | Me. Paula Schoeman |
| 40. | De Tyger | Ds. Johan van der Merwe | Mnr. Jannie Myburgh |
| 41. | Die Gemeenskapkerk | Ds. MC Engelbrecht | Me. Zelda Engelbrecht |
| 42. | Die Paarl | Ds. Fanie Kriel<br>Ds. Bekker Nieuwoudt | Mnr. Frik Bosman<br>Me. Aletia Grundling |
| 43. | Die Strand | Dr. Diek van der Zel (S)<br>Ds. Frikkie van Niekerk | Mnr. Cas Fourie<br>Mnr. Francois Möller |
| 44. | Die Vleie | Mnr. André Meyer (S) | Mnr. Pierre Ferreira (S) |
| 45. | Drakenstein | Ds. Christo van Wyk | Mnr. Pieter Theron |
| 46. | Drieankerbaai | Dr. Andries Cilliers<br>Ds. Fourie Truter | Me. Helena Gavera<br>Me. Jackie Krynauw |
| 47. | Durbanville | Ds. André Agenbag<br>Ds. Wynand Breytenbach<br>Dr. Tinus van Zyl<br>Ds. Rian Verster | Dr. Andrew Kok<br>Mnr. Jac Kriek |
| 48. | Durbanville-Bergsig | Dr. Kobus de Jager<br>Ds. Johan Els<br>Ds. Philip Scholtz<br>Ds. Eric Swanepoel<br>Mnr. Johan Swanepoel (S) | Mnr. Peter Montgomery<br>Me. Amelia Potgieter<br>Me. Junita de Swardt |
| 49. | Eendekuil | Ds. Gert Kok | Mnr. Willem Tolken |
| 50. | Franschhoek | Ds. Peet Bester | Mnr. Johan Janse van Vuuren (S) |
| 51. | Fraserburg | Ds. Fritz Kotzé | Mnr. Nelis Carr |
| 52. | Gamka-Oos | Ds. Albertus van Zyl | Me. Lourentia Jordaan |
| 53. | Gamkavallei | Me. Dalene Bailey (S) | Me. Kerlina Magalie |
| 54. | Gansbaai | Ds. Hanri Joubert<br>Ds. Willie Kotze<br>Dr. Lisel Joubert | Mnr. Hannes Cilliers<br>Mnr. Kris Jooste<br>Me. Ilse Klopper (S) |
| 55. | Garies | Ds. Piet Retief | Me. Hilda Coetzee |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 56. | George | Dr. André Pieterse<br>Dr. Steve van der Walt | Mnr. Kallie Haupt<br>Dr. Freddie van der Merwe |
| 57. | George-Bergsig | Ds. Charl du Plessis<br>Ds. Rudolph Grobler<br>Ds. Anton Louw<br>Ds. Hannes Pretorius | Mnr. Eugene French<br>Mnr. Ernest Lamprecht<br>Mnr. Johan Viljoen<br>Me. Mercia Ross |
| 58. | George-Denneoord | Ds. Gideon Volschenk | Mnr. Wiek Hattingh<br>Mnr. Jan Janse van Rensburg |
| 59. | George-Suid | Ds. Johann Winterbach | Dr. John Carstens |
| 60. | George-Tuinedal | Ds. Pieter van Santen | Mnr. Willie Fry |
| 61. | Goodwood | Ds. Talitha Conradie<br>Mnr. Theo Mostert (S) | Mnr. Freddie Hoffmann<br>Me. Louise Roberts |
| 62. | Goodwoodpark | Ds. Faani Engelbrecht<br>Ds. Cobus Swanepoel | Mnr. Michael Beukes<br>Mnr. Wessel Dreyer |
| 63. | Gordonsbaai | Dr. Jannie le Roux<br>Ds. Melissa Hoffmann | Mnr. Johan Botes<br>Mnr. Riaan van Niekerk |
| 64. | Goudini | Ds. WP du Plessis<br>Mnr. Joubert van der Merwe (S) | Mnr. Jacques Jacobs<br>Me. Sarie Meiring |
| 65. | Graafwater | Dr. Sam Eygelaar | Me. Madelief Eygelaar |
| 66. | Grabouw | Ds. Derick Lambrechts | Mnr. Johan Groenewald |
| 67. | Greyton | Ds. Marius Greeff | Me. Janie Greeff |
| 68. | Groot-Brakrivier | Ds. Danie Goosen<br>Ds. Paul Roodt | Mnr. Johan Schreuder<br>Mnr. Daan Stulting |
| 69. | Grootmist | | |
| 70. | Hartenbos | Ds. Dawid de Wet<br>Ds. Johan Engelbrecht<br>Ds. Willem Smit | Mnr. Muller Klopper<br>Mnr. Bok Myburgh<br>Mnr. Kobus Smit |
| 71. | Heidekoppie | Ds. Emile Kritzinger<br>Ds. Anton Roux<br>Ds. Willie Viljoen | Mnr. Quinton Bosch<br>Mnr. Marius Conradie<br>Mnr. Adam Barker |
| 72. | Heidelberg | Ds. Quintin Nel<br>Me. Milly Esau (S) | Me. Beverley Kruger<br>Me. Emma le Roux |
| 73. | Helderberg | Dr. Paul Barnard<br>Dr. Breda Ludik<br>Dr. Danie Möller<br>Dr. Danie O'Kennedy<br>Ds. Jurie Goosen<br>Ds. Hannes Theron | Mnr. Andre Westraat |
| 74. | Herbertsdale | Ds. Hennie Stander | Mnr. Willie Erasmus |
| 75. | Hermanus | Ds. Corné Kemp<br>Mnr. Pieter Stofberg (S) | Mnr. Kobus Theunissen<br>Mnr. Callie Westraat |
| 76. | Herold | Ds. Gert Nothnagel | Mnr. Hennie Zwiegelaar |
| 77. | Hopefield | Ds. Clifford James | Mnr. Leon Joubert |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 78. | Hottentots-Holland | Ds. Hennie Fouché<br>Ds. Ewald Jansen van Rensburg<br>Ds. Nicola Alberts | Mnr. Hannes Botha<br>Me. Lida Agenbag |
| 79. | Houtbaai | Ds. Hendrik Saayman | Me. Tasja White |
| 80. | Kaapstad | Ds. Riaan de Villiers<br>Ds. Bianca Botha | Mnr. Jaco Leeuwner<br>Me. Sandra Leeuwner |
| 81. | Kamieskroon | Me. Serene van Wyk (S) | Me. Marietjie Hanekom |
| 82. | Kangovalleie | Ds. Christo van Staden | Mnr. Deon van Dyk |
| 83. | Karatara | Ds. Alwyn Burger<br>Ds. Marius Coetzee | Mnr. Nico Basson<br>Mnr. Callie van Wyk |
| 84. | Kenridge | Ds. Willem Lötter<br>Ds. Johan Steenkamp<br>Ds. Christi Thirion | Mnr. Jako Visser<br>Me. Melanie Thirion<br>Me. Andene van den Berg |
| 85. | Klawer | Ds. Cornis Botha | Mnr. Van Zyl Vorster |
| 86. | Kleinmond | Dr. Chris Malan<br>Ds. Steven Sass | Mnr. Le Roux Burrows<br>Dr. Ria Burrows |
| 87. | Knysna | | |
| 88. | Koringberg | Ds. Jaco Nel | Ds. Roy Thorne |
| 89. | Kraaifontein | Dr. Banus Botha | Mnr. Oupa Matthee |
| 90. | Kraaifontein-Noord | Ds. Heinrich Götze<br>Dr. Johann Theron | Mnr. Wayne Young<br>Me. Elrika Wentzel |
| 91. | Kuilsrivier | Dr. Michiel Strauss<br>Ds. Helené Fouché | Mnr. Nico Burger<br>Me. Miemie Burger |
| 92. | Kuilsrivier-De Eike | Ds. Chris Barnardo<br>Ds. Hannes Burger<br>Ds. André van Wyk | Me. Sorina Greeff<br>Me. Daphne Jordaan<br>Me. Elmari Schwenke-Van der Walt |
| 93. | Kuilsrivier-Digtebij | Ds. Emile Blommaert (S) | Me. Sashja Mostert |
| 94. | Kuilsrivier-Suid | Ds. Hennie du Pisanie<br>Ds. Jannie du Plessis<br>Ds. John le Roux | Mnr. Johan Groenewald<br>Mnr. Neels van Tonder<br>Me. Suzette van der Merwe |
| 95. | La Belle | | Me. Suzelle Nigrini |
| 96. | La Rochelle | Ds. Wouter Olivier<br>Ds. Willem Venter<br>Ds. Jana Dickason | Mnr. Pieter Anker<br>Prop Annemarie de Kock-Malan |
| 97. | Laaiplek | Dr. Koos van der Vyver | Me. Veona Jansen van Vuuren |
| 98. | Ladismith | Ds. Francois Naudé | Mnr. Johann Venter |
| 99. | Laingsburg | Ds. Mias Nortier | Me. Helene Coetzee |
| 100. | Lambertsbaai | Ds. Adriaan Haasbroek | Mnr. Jaco Redelinghuys |
| 101. | Langebaan | Ds. Kobus de Kock<br>Ds. Gert Oosthuizen | Mnr. Schalk Joubert<br>Me. Jolene Prins |
| 102. | Leeu-Gamka | | |
| 103. | Leipoldtville | | Me. Anne Laubscher |
| 104. | Loeriesfontein | Dr. Nico van der Westhuizen | Me. Riana van der Westhuizen |
| 105. | Lourensrivier-Strand | Ds. Petrie de Villiers | |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 106. | Lutzville | Ds. Elmo Evert<br>Ds. Wikus Lambrechts | Me. Marlies Coetzee<br>Me. Marietjie Lambrechts |
| 107. | Maitland Gemeenskapskerk | Ds. Juanita Greyvenstein | Me. Marie Nappies |
| 108. | McGregor | Ds. Hennie Prins | Me. Geraldene van Deventer (W) |
| 109. | Melkbosstrand | Ds. Kotie Kritzinger<br>Me. Mariechen Erasmus (S) | Mnr. André Nel<br>Mnr. Ian van Wyk |
| 110. | Merweville | Ds. Herman Burger | Me. Ria Hattingh |
| 111. | Montagu | Dr. Hannes Ries<br>Ds. Charl van Rensburg | Mnr. Vikus Ellis<br>Me. Daniellia Joubert |
| 112. | Monte Vista | Ds. André Reyneke<br>Ds. Jako van Dyk | Mnr. Lukas Fourie<br>Me. Antoinette Mouton |
| 113. | Moorreesburg | Ds. Morné Bruwer<br>Ds. Gerhard Louw | Mnr. Braam Vermeulen<br>Me. Almarie Rautenbach |
| 114. | Mosselbaai | Ds. Pierrié Kies<br>Ds. Henri Meyer<br>Dr. Gerrie van Deventer | Dr. Johan Swart<br>Me. Elize Barnardt<br>Me. Lorinda Maritz |
| 115. | Mosselbaai-Suid | Ds. Robert Knobel<br>Ds. André Kritzinger<br>Ds. Danie Smit | Mnr. Flip van Staden (S)<br>Me. Engela van Staden (S)<br>Me. Anna van der Westhuizen |
| 116. | Murray | Ds. Miga Coetsee<br>Ds. Louis Smith | Mnr. Gerhard Joubert (S)<br>Mnr. Bernard Joubert<br>Me. Elmain Janse van Rensburg |
| 117. | Namakwaland | Ds. Nicol Smit | Mnr. James Stone |
| 118. | Napier | Ds. Frikkie Marais | Mnr. Garrett Marsh |
| 119. | Nieuwoudtville | Ds. Johan Janse van Rensburg | Mnr. Kobus Maass |
| 120. | Nuwerus | Ds. Karlien Becker | Me. Alida Truter |
| 121. | Observatory | | |
| 122. | Onrusrivier | Dr. Wilhelm Burger<br>Ds. Michiel de Kock<br>Ds. Anton Duvenhage | Mnr. Francois Theron<br>Mnr. Johan van der Westhuizen<br>Mnr. Piet Vorster |
| 123. | Oostersee | Prof. Marius Nel<br>Ds. Jampie Nel | Mnr. Jurie Hattingh<br>Mnr. Pieter Nel |
| 124. | Op-die-Berg | Ds. Alex Clark<br>Ds. Enoch Kibito | Mnr. WP van der Merwe<br>Me. Madeleine van der Westhuizen |
| 125. | Ottery | Ds. Jannie Engelbrecht | Me. Lydia Jephtha |
| 126. | Oudtshoorn | Ds. Smuts Janse van Rensburg | Me. Isma van Tonder |
| 127. | Oudtshoorn-Noord | Ds. Wilmar Matthee | |
| 128. | Oudtshoorn-Park | Ds. Jannie Fourie | Mnr. Kobus Nel |
| 129. | Oudtshoorn-Suid | Ds. Louis Uys | Mnr. Bart Vosloo |
| 130. | Oudtshoorn-Welgeluk | Ds. Andries Potgieter | Mnr. Louis Fourie |
| 131. | Oudtshoorn-Wes | Ds. Jan Marais<br>Ds. André Orffer | Mnr. René Gerber<br>Me. Magriet Jacobs |
| 132. | Outeniqualand | Ds. Jan Fourie | Mnr. Johann Richter |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 133. | Paarl-Vallei | Ds. Karel van der Westhuizen<br>Ds. Tilana Meyer-Morkel | Mnr. Kockie van der Merwe<br>Me. Elna Janse van Rensburg |
| 134. | Paarlberg | Ds. Hugo Biermann<br>Ds. Schalk Kotzé<br>Ds. Bernard Malherbe | Mnr. Fanus Mostert<br>Mnr. Mike van Vuuren |
| 135. | Parke | Dr. Quintus Heine<br>Ds. Charl Stander<br>Ds. Louis van der Riet<br>Me. Elsabé Burmeister (S) | Mnr. PW Hougaard<br>Mnr. Hannes Human<br>Dr. Nina Müller-Van Velden<br>Me. Vicky Stemmet |
| 136. | Parow | Ds. Stephan Bredenhann<br>Ds. Arrie van Eck | Mnr. Robbie Barnard<br>Mnr. Gert van Wyk |
| 137. | Parow-Noord | Ds. George Rauch | Mnr. Hein Vollgraaff |
| 138. | Parow-Panorama | Ds. Francois Herselman<br>Me. Louise Stevens (S) | Mnr. Stefan Fourie<br>Me. Mari Watson |
| 139. | Parow-Welgelegen | Ds. Alwyn Carstens<br>Ds. Divan Vrey | Mnr. Rudolf Visser<br>Me. Tania Olivier |
| 140. | Parowvallei | Ds. Riaan Britz | Me. Rosa Folscher |
| 141. | Parowvallei-Oos | Dr. Theo Swart | Mnr. John Mathys |
| 142. | Philadelphia | Ds. Philip Davids | Mnr. Jean Simonis |
| 143. | Piketberg | Ds. Martin Goosen<br>Ds. Johan Smit | Mnr. Driaan Pretorius<br>Me. Suzette Fouche |
| 144. | Pinelands | Ds. Helgard Pretorius | Dr. Murray Coetzee |
| 145. | Plettenbergbaai | Ds. Francois Cilliers<br>Ds. Chris du Preez | Prof. Corrie Nel<br>Me. Sonja Kantey |
| 146. | Plumstead | Ds. Hannes Koegelenberg | Me. Almaree Kline |
| 147. | Pofadder | Me. Alta Kruger (S) | Me. Joey Visser |
| 148. | Port Nolloth | Me. Elmarie Bothma (S) | Mnr. Carel Viljoen |
| 149. | Porterville | Ds. Albé Theunissen | Mnr. Leopold Human |
| 150. | Prince Alfred's Hamlet | Ds. Jan Grobbelaar | Me. Georgie Hewitt |
| 151. | Prins Albert | Ds. Chris Briers | Mnr. Johan Badenhorst |
| 152. | Redelinghuys | | Mnr. Theunis Smit |
| 153. | Reebok | Ds. Chris de Wet<br>Ds. Gerhard van Dyk<br>Dr. Kobus van Zyl | Mnr. Flippie Bezuidenhout<br>Mnr. Fanie Buys<br>Mnr. Bertie Venter |
| 154. | Richmond | Ds. Theo Badenhorst | Mnr. Hendrik Ackermann |
| 155. | Riebeek-Kasteel | Ds. André du Plessis | Me. Ona Breytenbach |
| 156. | Riebeek-Wes | Ds. Andre Duvenhage | Mnr. Ferdinand Janse van Rensburg |
| 157. | Riversdal | Ds. André Jordaan<br>Ds. Jasper van der Westhuizen | Mnr. Jan van Vreden<br>Mnr. Nelius van Vuuren |
| 158. | Riversdal-Wes | Ds. Deon Beyers | Mnr. Werner van Niekerk |
| 159. | Riviersonderend | Ds. Kobus Pretorius | Mnr. Johan Barnard |
| 160. | Robertson | Ds. Marius Joubert<br>Ds. Francois van Tonder | Dr. Stoffel Fourie<br>Dr. Nico Schutte |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 161. | Robertson-Oos | Ds. Johan Dorfling<br>Ds. Ken Pritchard | Mnr. Pieter Viljoen<br>Me. Katie Kaltwasser |
| 162. | Rondebosch | Dr. Johan van den Heever | Me. Riëtte van der Merwe |
| 163. | Ruyterwacht | Ds. Thinus Jansen van Vuuren | Mnr. Danie van der Berg |
| 164. | Saldanha | Ds. Jakes Barnard<br>Ds. Kotzé Olivier | Mnr. Louis Truter (S)<br>Me. Marileen Steyn |
| 165. | Simon van der Stel | Me. Johanna Beets (S) | Me. Stella Sterley (S) |
| 166. | Simondium | Ds. André Theron | Me. Elsabé Koch |
| 167. | Simonstad | | Me. Sanette Gibson |
| 168. | Somerset-Wes | Ds. Johan van Niekerk | Mnr. Chris Hollenbach |
| 169. | Sonnekus | Ds. Riaan Esterhuyse | Me. Hyla Tolmay |
| 170. | Sonstraal | Ds. Eugene Malan<br>Ds. Carika Hanekom<br>Ds. Nioma Venter<br>Ds. Johan Conradie | Mnr. Cornie Groenewald<br>Mnr. Leon Louw<br>Mnr. Anton Niemand |
| 171. | St Helenabaai | Ds. Richard Holloway | Mnr. Willem van Heerden |
| 172. | St Stephen's | Me. Ann Prins (W) | Me. Cynthia Rawcliff (W) |
| 173. | Stanford | | |
| 174. | Stellenberg | Ds. Hanno Ackerman<br>Ds. Marius Breytenbach<br>Ds. Why Duvenhage<br>Dr. Braam Hanekom<br>Ds. Callie Visagie<br>Ds. René Potgieter | Mnr. Blanco Barnard<br>Mnr. Dirk Brand<br>Mnr. Marius du Randt<br>Mnr. Kobus Otto<br>Mnr. Mike van Deventer<br>Me. Karen Visagie |
| 175. | Stellenbosch | Ds. Irénée Heyns<br>Dr. Frederick Marais<br>Ds. Ruben Scheepers<br>Dr. Richard van Wyk<br>Ds. Jan van Zyl<br>Ds. Marié Britz | Mnr. Marnus Havenga<br>Dr. Frans Krige<br>Mnr. Herman van der Merwe<br>Me. Annamari Booysens<br>Me. Angelique Havenga<br>Me. Elmarie van Huyssteen |
| 176. | Stellenbosch-Noord | Ds. Lambert Jacobs<br>Prof. Retief Müller<br>Ds. Liena Hoffman | Dr. Elsje Büchner<br>Me. Karin Stadler<br>Me. Christolene Welman |
| 177. | Stellenbosch-Sentraal | Ds. Dolf du Plooÿ | Me. Liesl Annandale |
| 178. | Stellenbosch-Welgelegen | Ds. Leon Cronje<br>Ds. Monty Sahd<br>Dr. Nadia Marais<br>Ds. Elzanne van der Westhuizen | Prof. Louis Jonker<br>Me. Herta de Villiers<br>Me. Marcia van Niekerk |
| 179. | Stellenbosch-Wes | Dr. Daniël de Wet<br>Dr. Almatine Leene | Mnr. Carel van der Merwe<br>Me. Linda Koetsier |
| 180. | Stilbaai | Ds. Vian Louw<br>Ds. Francois Taljaard | Mnr. Christo de Vos<br>Mnr. Matthys Streicher |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 181. | Strand-Noord | Ds. Leon Marais<br>Ds. Constant van der Merwe | Mnr. Steph du Toit<br>Mnr. Johan Smit |
| 182. | Suider-Paarl | Ds. Theo Hay<br>Dr. André Kilian<br>Ds. Lenois Stander | Ds. Nico Kriek<br>Mnr. Johan Pienaar<br>Mnr. Philip Venter |
| 183. | Suider-Strand | Dr. Christo Benadé<br>Ds. Carel Smith<br>Ds. Samantha Chamberlain | Me. Annelie Benadé<br>Me. Sulet Brümmer<br>Dr. Kobus Cilliers (S) |
| 184. | Suidpunt | Ds. Dirk Oosthuizen<br>Ds. Franziska Andrag-Meyer | Me. Riana Human<br>Me. Mariaan Jansen van Rensburg |
| 185. | Sutherland | Ds. Erik Botha | Me. Magda Jordaan (S) |
| 186. | Swartland | Ds. Friedrich Claassen<br>Ds. Jacobus Snyders | Mnr. Denzil Holloway<br>Me. Nileta Knoetzen |
| 187. | Swartland-Noord | Ds. George Prinsloo<br>Ds. Jan Steyn | Mnr. Koot Claassen<br>Mnr. Appie van der Merwe |
| 188. | Swellendam | Ds. Gawie Gouws<br>Ds. Lounette Engelbrecht | Me. Maryna Jansen van Rensburg<br>Me. Marlene Steyn |
| 189. | Table View | Ds. Johannes Mouton<br>Ds. Niel Steyn | |
| 190. | Tafelberg | Ds. Andre Lammertyn<br>Dr. Chris Saayman | Mnr. Kirstein Combrink<br>Me. Celeste Vorster |
| 191. | Tamboerskloof | Ds. Scotty Scott | Mnr. Luan Serfontein |
| 192. | Thornton | Ds. Koos Janse van Rensburg | Me. Sebasti Lawson |
| 193. | Toringkerk | Ds. Ryno Els<br>Ds. Jana van den Munckhof | Me. Janneke Marais<br>Mnr. Gert van Schalkwyk |
| 194. | Touwsrivier | Ds. Andrew Esterhuizen | Me. Beatie Cynkin |
| 195. | Tulbagh | Ds. Chris Eksteen | Me. Riana Furniss |
| 196. | Uniondale | Ds. Petrus Carstens | Mnr. Nicol Myburgh |
| 197. | Vandermerwe | Ds. Jakkie du Preez<br>Ds. Willem Liebenberg | Mnr. Jan du Preez<br>Mnr. Dirk van der Westhuizen |
| 198. | Vanrhynsdorp | Ds. Jan van Schoor | Mnr. Matt Kellerman |
| 199. | Vanwyksdorp | | |
| 200. | Vasco | Ds. Wynand Bezuidenhout | Mnr. Johann Vos |
| 201. | Velddrif | Ds. Erik van Heerden | Mnr. Wessel Vermeulen |
| 202. | Victoria-Wes | Ds. Manus Duminy | Mnr. Herman Hugo |
| 203. | Villiersdorp | Dr. Chris Franken | |
| 204. | Vishoek | Dr. Martin Barnard<br>Ds. Jan van Heerden | Mnr. Bokkie Durand<br>Mnr. Marc Zeeman |
| 205. | Volmoed | Ds. André Fourie | Mnr. Philip Olivier |
| 206. | Vredelust | Ds. Francois Lambrechts<br>Ds. Tertius van den Berg<br>Ds. Leon Venter<br>Ds. Enel Lambrechts | Mnr. Martin Coetzee<br>Mnr. Clement Martin<br>Mnr. Pieta Wolfaardt |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 207. | Vredenburg | Dr. Erik Basson<br>Ds. Thys du Toit<br>Dr. Hennie Smit (S) | Mnr. Pietie Loubser<br>Me. Suselna Theart |
| 208. | Vredenburg-Akkerdyk | Ds. Willie Greeff<br>Ds. Konette Louw | Mnr. Alkie Bester<br>Me. Ronéll Mouton |
| 209. | Vredendal | Ds. Anton Verwey<br>Dr. Nico Viljoen | Me. Petro Horn<br>Me. Katinka Voigt |
| 210. | Vrijzee | Dr. Johan Janse van Rensburg | Mnr. Pieter de Vos |
| 211. | Welgemoed | Ds. Nelis Janse van Rensburg<br>Ds. Heerden van Niekerk<br>Ds. Wouter van Velden<br>Mnr. Marcel van der Walt (S) | Dr. Sampie Lundie (S)<br>Mnr. Heinrich Niehaus<br>Mnr. Renier Schoeman<br>Me. Nicola Mostert |
| 212. | Wellington | Ds. Lourens Bester<br>Ds. Bennie Janse van Rensburg<br>Dr. Willie van der Merwe<br>Ds. Lettie Büchner | Mnr. Johan Cilliers<br>Mnr. Niel le Roux<br>Prof. Christo Thesnaar<br>Dr. Jeannine Franklin |
| 213. | Wellington-Noord | Ds. Francois Human | Mnr. Johan Crous |
| 214. | Wellington-Oos | Dr. Eddie Orsmond<br>Ds. NJ van As<br>Dr. Ryk van Velden<br>Ds. Annelet Slazus | Mnr. Du Toit Fourie<br>Mnr. Danie Theart<br>Me. Ronel van Wyk<br>Mnr. Jannie Fourie (S) |
| 215. | Wolseley | Ds. Wouter van Velden | Mnr. Leon Barnardt |
| 216. | Worcester | Ds. Jurie Wessels | Me. Sonja van Deventer |
| 217. | Worcester-Audenberg | Ds. GP Kellermann<br>Ds. Kobus Kriel | Mnr. Kalie Barnes<br>Mnr. Deon Hugo |
| 218. | Worcester-Brandwag | Ds. Danie le Roux | Mnr. Schalk von Solms |
| 219. | Worcester-De la Bat | Ds. Andri Eloff<br>Ds. Jan Oberholzer | Mnr. Hennie Burger<br>Me. Hanlie Visser |
| 220. | Worcester-Noord | Ds. Phanus Bester<br>Ds. Johan Nieuwenhuizen | Mnr. Hannes Britz<br>Me. Margaret Swart |
| 221. | Worcester-Oos | Ds. Chris Cronje<br>Ds. Dennis Douglas | Me. Rita Badenhorst |
| 222. | Worcester-Vallei | Ds. Stefaans Burden<br>Ds. Rousseau Malan<br>Ds. Hans Steyn | Mnr. André Rossouw<br>Me. Marié-Louise du Preez<br>Me. Debbie Minnie |
| 223. | Wynberg | Dr. Danie Nel | Mnr. Kenneth Williams |
| 224. | Ysterplaat | Ds. Hannes Steenkamp | Me. Ona van Niekerk |
| 225. | Ysterplaat-Suid | Ds. Scherlize Hayes | Mnr. Jurie Matthee |
| 226. | Zwaanswyk | | |

# ANDER VERTEENWOORDIGERS OF BESOEKERS

## Waarnemers

Afgevaardigdes gemerk met 'n **W**, is waarnemers en het nie stemreg en mag nie voorstelle indien nie.
Afgevaardigdes gemerk met 'n **S**, is sekunduslede en het stemreg en mag voorstelle indien.

**Algemene Sinode**: Dr. Gustav Claassen en me. Ester Steyn.
**Calvyns Protestantse Kerk**: Ds. Jan Cloete, ds. Darryl Mackriel en ds. Deon Jantjies.
**Diaconia**: Ds. Sean Esterhuizen.
**Dosente**: Prof. Reggie Nel, prof. Ian Nell, dr. Peter Nagel.
**Verenigende Gereformeerde Kerk**: Dr. Llewellyn MacMaster, ds. Lucas Plaatjie en ds. Janine Williams.
**Vrouebegeleiding**: Ds. Ankia du Plooÿ.

## Predikante in Sinodale Diens (PSD's)

Diensgroep vir Getuienis: Dr. Kobus Odendaal en ds. Stephen Pedro.
Diensgroep vir Gemeentebegeleiding: Ds. Gielie Loubser, ds. Theunis Botha en ds. Anriëtte de Ridder
Diensgroep vir Toerusting en Navorsing: Dr. Pieter van der Walt.
Diensgroep vir Ondersteuning: Ds. Bossie Minnaar.
(Sommige PSD's is gekoppel aan gemeentes en is afgevaardigdes van daardie gemeentes: Dr. Braam Hanekom, dr. Frederick Marais, dr. Eddie Orsmond en ds. Nioma Venter.)

## Gemeentejaarstudente en ander helpers

Stefan Engelbrecht, Dewald Hoffmann, Theo Nel, Jacques Strydom, Chris en Wilmi Wheeler, Nathania Hendricks, Marizanne Pfeil.

## Personeel en diverse ander persone

Kenny Raats, Salomi Steenkamp, Neels en Elmien Theron, Stephanie van der Merwe, Ronelda Visser, Mariëtte Odendaal, Sanet Gunter, Collette de Wet en Riana van Niekerk.


# JOERNAAL



# Joernaal



# Joernaal




# Joernaal

# JOERNAAL

· ONS VOLG JESUS MET WAAGMOED · ONS VOLG JESUS MET WAAG-

MOED · ONS VOLG JESUS MET WAAGMOED · ONS VOLG JESUS MET WAAGMOED · ONS VOLG JESUS

# F – GOUDINI – SPA UITLEG



# TAFELUITLEG

## MAANDAG EN DINSDAG

| BESOEKERS | C. Notule | | |
|---|---|---|---|
| | D. | 1 | 5 |
| | E. | 2 | 6 |
| | F. | 3 | 7 |
| | G. | 4 | 8 |

| B. Moderatuur | | | A. Orkes | | 29 |
|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 13 | 17 | 21 | 25 | 30 |
| 10 | 14 | 18 | 22 | 26 | 31 |
| 11 | 15 | 19 | 23 | 27 | 32 |
| 12 | 16 | 20 | 24 | 28 | 33 |

| | | |
|---|---|---|
| 34 | 39 | 44 |
| 35 | 40 | 45 |
| 36 | 41 | 46 |
| 37 | 42 | 47 |
| 38 | 43 | 48 |

| Klank | |
|---|---|
| 49 | 54 |
| 50 | 55 |
| 51 | 56 |
| 52 | 57 |
| 53 | 58 |

| | |
|---|---|
| 59 | 65 |
| 60 | 66 |
| 61 | 67 |
| 62 | 68 |
| 63 | 69 |
| 64 | 70 |

| | |
|---|---|
| 71 | 77 |
| 72 | 78 |
| 73 | 79 |
| 74 | 80 |
| 75 | 81 |
| 76 | 82 |

## WOENSDAG TOT VRYDAG

| BESOEKERS | C. Notule | | |
|---|---|---|---|
| | D. | 1 | 41 |
| | E. | 2 | 42 |
| | F. | 39 | 43 |
| | G. | 40 | 44 |

| B. Moderatuur | | | A. Orkes | | 29 |
|---|---|---|---|---|---|
| 45 | 13 | 52 | 56 | 60 | 64 |
| 46 | 49 | 53 | 57 | 61 | 65 |
| 47 | 50 | 54 | 58 | 62 | 66 |
| 48 | 51 | 55 | 59 | 63 | 67 |

| | | |
|---|---|---|
| 68 | 73 | 78 |
| 69 | 74 | 79 |
| 70 | 75 | 80 |
| 71 | 76 | 81 |
| 72 | 77 | 82 |

| Klank | |
|---|---|
| 3 | 8 |
| 4 | 9 |
| 5 | 10 |
| 6 | 11 |
| 7 | 12 |

| | |
|---|---|
| 14 | 20 |
| 15 | 21 |
| 16 | 22 |
| 17 | 23 |
| 18 | 24 |
| 19 | 25 |

| | |
|---|---|
| 26 | 33 |
| 27 | 34 |
| 28 | 35 |
| 30 | 36 |
| 31 | 37 |
| 32 | 38 |

## NOTAS:

# OXBOW BUSINESS SOLUTIONS

Xerox Office Automation
Telecommunications
Office Consumables
CCTV Solutions
Eco Energy Solutions



For more information:
email: mariette@oxbowomega.co.za
contact: 072 232 5533
visit: www.oxbowsa.co.za

oxbow

08610 OXBOW

200
1820 – 2020



VIER SAAM
MET ONS
**DIE JAAR VAN DIE BYBEL**
IN 2020!

021 910 8777
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika




Alexander Forbes Finansiële Dienste (Edms.) Bpk. is 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer (FDV 1177 en registrasienommer 1969/018487/07).

ALEXANDERFORBES
Securing your financial well-being